

**'n Bediening struktuurmodel as ondersteuningsmeganisme vir leierskap-identiteit voor die *limen* van herintegrasië in 'n gevorderde stadium van 'n *communitas*-fase: 'n prakties-teologiese ondersoek**

ADF van der Wart

Proefskrif ingelewer vir die graad PhD: Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Promotor: Professor C. J. A. Vos  
Medepromotor: Dr C.P.J. Niemandt

2007-08-17

## **Opedra aan**

*'n boeremeisie en haar lewensliefde, 'n ver-geswerfde Hollander...  
my ma en pa*

## Verklaring

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Handtekening

Datum

.....

.....

## Erkennings

My opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies:

Professor C.J.A. Vos, my promotor

As geesgenoot was gesprek met hom altyd 'n aanmoediging. Hieronder was handdoek ingooi my voorland. Sy geduld, opgewondenheid en instemming oor koersveranderinge in die navorsing was 'n bron van inspirasie. Sy hulp was die leiding van 'n *vriend*.

My vrou, Vallerie (DLitt), vir haar ondersteuning en taalversorging van hierdie proefskrif. Haar liefde en kennis van die Afrikaanse taal maak dat taalfoute haar nie maklik ontglip nie. Sy kon my *dotjies druk op papier* ontsyfer én regstel.

Die Universiteit van Pretoria vir 'n studiebeurs

Die NG Gemeente Valleisig vir studieverlof

Die Teologiese Fakulteit van Pretoria vir die voorreg om student van dié instelling te kon wees.

## Voorwoord

Die navorsing oor die onderwerp het my die afgelope vier jaar na nuwe horisonne gelei. In die proses het ek die voorreg gehad om 'n paar lande te besoek, leiers van groot en suksesvolle gemeentes te ontmoet en met hulle in gesprek te tree oor kerkleierskap.

Ek het besoeke afgelê by:

- *Spanish River Church*, 'n independentistiese Presbiteriaanse kerk met 'n lidmatetal van 3200 in Boca Raton, (Florida)
- *Coral Ridge Presbyterian Church*, met 9000 lidmate in Fort Lauderdale, Florida
- *The First Presbyterian Church* in Libertyville (Chicago), wat vergelyk met 'n gemiddelde randstedelike NG gemeente
- *Willow Creek Community Church* (Chicago), met 20,000 lidmate
- *Trinity Church* in Wall Street, New York, wat geen lidmaatregister het nie en alle mense wat die kerk binnekom, bedien.
- *Vineyard Community Church* in Coleraine, Noord-Ierland, met 250 lidmate.
- *Die Departement van Godsdienswetenskap*, Edinburgh Universiteit, Skotland.

Ek het ook die voorreg gehad om onderhoude met die volgende persone te voer:

- Professor Gerbin Heitink, Vrije Universiteit, Amsterdam
- Professor Will Storrer, Hoof van die Departement Godsdienswetenskap aan die Universiteit van Edinburgh, Skotland
- Dr. David Nicolas, die *Senior Pastor* van Spanish River Church, Boca Raton, Miami
- Rev. Gary Teichler, die *Executive Pastor* van Spanish River Church, Boca Raton, Miami
- Dr. Cynesio Lyra die *Hoof van Pastorale Sorg*, The Coral Ridge Presbyterian Church, Fort Lauderdale.
- Dr. Michael Barry, gewese *Senior Pastor* van The First Presbyterian Church, Libertyville, Chicago.

Verder het ek 'n *leierskapskonferensie* van drie dae by die Willow Creek Community Church bygewoon waartydens ek met verskeie aanbieders oor kerkleierskap in gesprek kon tree.

Vrae wat aan bovermelde professore en gemeente leiers gestel is het, onder andere, die volgende behels:

- Wat beteken die begrippe '*senior pastors*' en '*associate*' pastors?
- Hoe word senioriteit in 'n leraarspan bepaal en gehandhaaf?
- Wie bepaal die werksverdeling tussen leraars in dieselfde gemeente?
- Wat behels leraar-spesialisasie in makro-gemeente verband?
- Wie behartig die pastoraat in die gemeente in die lig van beskikbare professionele dienste?
- Wat laat kleingroepe groei?
- Wat laat die bywoningsgetalle van die eredienste groei?
- Wat beteken kerkplanting?

- Hoe is die kerk in die samelewing betrokke?
- Hoe word die dankofferbeleid (insameling) in die gemeente bepaal?
- Wie bestuur die finansies?
- Wie beplan die fasiliteite en wat word as essensieel gereken?
- Hoe lyk die bestuur van die gemeentes?
- Wat verstaan hulle onder die begrip ‘kerkvernuwing’?
- Is daar botsings tussen tradisionele en kontemporêre benaderings tot die erediens?
- Is daar kerkverband tussen die onafhanklike Presbiteriale gemeentes in Amerika?
- Is daar groei in die kerke van Amerika, Skotland en Ierland?
- Hoe word kerklidmaatskap hanteer?
- Hoe hanteer hulle die ‘charismata’ (gawes)?
- Wat is uniek aan die betrokke gemeentes wat besoek is?
- Hoe definieer hulle leierskap?
- Watter rol speel *Councils*, *Elders* en *Directors* in kerkleiding?
- Is leraars outomaties leiers in die gemeentes?
- Hoe bepaal hulle wie oor watter leierskapsgawes beskik?

Uiteraard was daar baie om te beny en leer van hierdie kerke in die buiteland.

Baie antwoorde wat ek op my vrae ontvang het, kan egter nie binne die tradisie van die NG Kerk implimenteer word nie. Die NG Kerk bestaan en bedien in ander omstandighede aan die suidelike punt van Afrika – van Wyk Louw se ‘wye en droewe land’ waar ‘hoë blydskap’, ‘magtige skoonheid’ en ‘suiwer glans’ aanwesig is. Die huidige bedieningstyd is vir die NG Kerk eiesoortig, uitdagend en anders as in die buiteland.

Attie van Niekerk se woorde in die boek, **Saam in Afrika**, (1992:8): *Dominee, are you listening to the drums?* ego die afgelope jare deur die kerk met die vraag of die NG Kerk die huidige tyd in Suid-Afrika *verstaan* en dáárom gaan oorleef. Die polsende ritme van die dromme herinner my aan wat met die NG Kerk se ‘moeder’ in Europa gebeur het: die hardnekkige vashou aan kerklike tradisies en verheffing daarvan tot evangelie deur groot en magtige gereformeerde kerke, het geleidelik gelei tot *verval in gegrendelde katedraal-besienswaardigheid*. Daar was geen ware insig in veranderende gebeure nie, doofheid vir die uitroepe van mense vanweë ’n ongekende bedrywigheid en ’n eksklusiewe handhawing van die historiese belydenis, ongeag daarvan of dit in die lig van die Skrif staande kan bly.

Die dromme van Afrika vertel ’n verhaal - ’n kerklike een. Die NG Kerk moet fyn luister. Tyd vir lang besinning is daar nie meer nie. Staatskundige en politieke veranderinge het te groot omwenteling gebring. Mense soek antwoorde en vra dat die kerk wéér moet dink oor baie sake. Die *kairos* is hier vir die leierskap en voortbestaan van die kerk.

Annesu de Vos sê:

*...Here  
nou staan ons hier voor u  
met geboeide hande  
want Here  
die toekoms*

*het toe gekom.  
(Gebed van 'n groen perske)*

Ek het 'n leeftyd aan die kerk gewy. Kerkstrukture wat in ander lande my aandag getrek het, het my my eie kerklike boeie laat sien. Die 'dromme' van Afrika het my geïnspireer om diep na te dink oor kerkleierskap in die NG Kerk as 'n kubernes-proses, 'n kompas die toekoms in.

Wanneer ek daaglik aan hierdie proefskrif geskryf het en by 'n venster oor die stilblou waterbane van die baai uitgekyk het, was die grootheid en genade van die *Gans Andere* naby, maar tog ook onbereikbaar vër. Aan Hom kom alle eer en heerlikheid in *elk* geval toe.

Die navorsing in hierdie studie is gedoen met die wete dat alles waaroor daar geskryf is, nie die finale (ant)woord oor die onderwerp is nie. Ná my sal talle navorsers ook daarvoor skryf, moontlik met ander bevindinge.

My 'storie' met hierdie navorsing word geskryf in die lig van André P. Brink se woorde in **Bidsprinkaan**:

*Maar nou is dit mos so dat daar vir elke mens 'n wind is wat net syne is. Dié wind loop met jou saam soos jou skaduwee. En wanneer jy die dag doodgaan, dan kom die wind en blaas saggies oor jou spore dat hulle toewaai. En al wat hy dan nog doen, is om jou storie deur die wêreld te waai dat ver mense dit kan hoor. Maar eendag se eendag, as die tyd self weggewaai het, dan sal niemand in daardie tydloosheid nog weet dat jy jou spore daar getrap het nie.*

*woorde, wolke*

*woorde is wolke  
wat woel en dring  
maal en stapel  
tot hulle vol en swaar  
van inhoud  
swig voor swaarder krag  
en terugkeer na die bron  
vanwaar hul kom*

*woorde is wolke  
vry in die ruimte  
van denke en gees  
vlugtig onbevange  
opgevang bly hul hang  
in die tyd en ruimte  
wat aan hulle vorm  
en gestalte gee*

**Spiraal:** Lucia Wels



## Sinopsis

Die navorsing is 'n hermeneutiese interpretasie in die praktiese teologie oor die *communitas*-fase waardeur die NG Kerk in Suid-Afrika ná 1994 beweeg. Die kerk staan tans waarskynlik vlak voor die *limen* van herintegrasie aan die einde van so 'n *communitas*-fase.

Daar is 'n kontekstuele analise gedoen van die gebeure voor en tydens die *communitas*-fase om die invloed daarvan op die samelewing wat die bedieningsterrein van die NG Kerk is, te bepaal. Die ondersoek het die hipotese gehandhaaf dat die oorgangsfase waarin Suid-Afrika ná 1994 inbeweeg het, die NG Kerk plaas in 'n laat *communitas*-fase voor die limen van integrasie, waarin leierskap-identiteit en- ontwikkeling duideliker deur 'n bediening struktuurmodel as ondersteuningsmeganisme beskryf word.

Die wisseling van 'n outoritêre ampstruktuur wat vóór 1994 polities verstrengel en sigbaar was tot een wat verkies om grotendeels onsigbaar en onhoorbaar te wees in die huidige bestel het die ampbeskouing en leierskap wat daaruit voortvloei, beïnvloed. Paulus het leierskap gekoppel aan die totale milieu waarbinne kerkleiers moet funksioneer. Dit beteken dat dit deur die *charismata* gedryf word, omdat dit nie slegs blote bestuurswese is nie. Dit het ook duidelik geword dat hoewel leierskap en bestuur verwant is, die gawe van leierskap iets anders is as 'n bestuursgawe.

Kerkleierskap is sterk aan visioenêre leiding verwant, omdat dit lidmate moet begelei om ingeligte keuses in 'n post-moderne lewe te maak. Onnadenkende en veroordelende antwoorde oor kontensieuse aangeleenthede skuif mense verder na die rand van die kerk en die Christelike godsdiens.

Leierskap-identiteit word binne spanverband (waarin verhoudinge ook belangrik is) gerugsteun deur spesialis leierskap-take wat predikante vertolk. Die navorsing sien hierdie gegewe as 'n verruiming van die *Primus inter pares* beginsel. 'n Bediening struktuurmodel identifiseer take binne gemeenteverband en maak leiers verantwoordelik vir hulle dienslewering. In die proses word leierskap identifiseer en bemagtig.

Die NG Kerk het by 'n strategiese infleksiepunt gekom waar daar ter wille van relevansie in die toekoms ernstig besin moet word oor paradigmaskuiwe ten opsigte van kerkleierskap. Die kerk kan nie anders as om in groter wordende randstad-gemeentes leierleraars aan te wys wat gespesialiseerde leierskap-bevoegdhede (gawes) het om bedieningschaos te orden nie. Goedbeplande bediening struktuurmodelle dien as ondersteuningsmeganismes en bemagtig die identiteit van die leraar.

## Abstract

The research is a hermeneutic interpretation in practical theology on the *communitas* phase through which the DR Church in South Africa has been moving since 1994. It would seem that the church is currently close to the *limen* of reintegration at the end of such a *communitas* phase.

A contextual analysis was made of the events before and during the *communitas* phase to gauge the influence thereof on the section of society that falls under the ministry of the DR Church. The study upheld the hypothesis that the transitional phase that was heralded for South Africa after 1994 has placed the DR Church in a late *communitas* phase, before the *limen* of integration. In this phase, leadership identity and development could be defined more clearly in terms of a structural model as support mechanism.

The shift from an authoritarian office structure that before 1994 was politically entwined with the government and clearly visible, to a structure that seems to prefer to be largely invisible and without voice in the current dispensation, has strongly influenced the way in which the various offices in the church are viewed, as well as church leadership. St Paul linked leadership to the broad milieu within which leaders were required to function in the early church. This means that leadership in the church should be driven by the *charismata*, because it does not depend exclusively on good management. The study makes it clear that although leadership and management are related, the gift of leadership differs from management skills.

As the church is responsible for assisting its members to make informed decisions in a post-modern world, strong church leadership comes with visionary leadership. With regard to contentious issues of our time, judgemental pronouncements that are made without thinking tend to push people further towards the edge of the church and the Christian faith.

Leadership identity within a team (in which relationships are also important) is supported by the specialised leadership tasks for which pastors are responsible. The research sees this premise as a broadening of the *Primus inter pares* principal. A structural model defines the various tasks within the parish and makes leaders responsible for their work. In the process, leadership can be confirmed and empowered.

The DR Church has reached a strategic inflection point in its history and to remain relevant in the future the church will have to give serious thought to paradigm shifts with regard to church leadership. Particularly in the growing number of peri-urban congregations, the church has no choice but to appoint senior pastors who have specialised leadership abilities (gifts) to lead the church in an attempt to bring order in the chaos that currently surrounds the ministry. Well-planned models for the ministry will serve as mechanisms of support and once again clearly define the identity of the pastor.

## Inhoudsopgawe

<b>Verklaring</b>	2
<b>Erkennings</b>	3
<b>Voorwoord</b>	4
<b>Sinopsis</b>	8
<b>Abstract</b>	9
<b>Inhoudsopgawe</b>	10
<b>Terreinverkenning</b>	15
<b>Probleemstelling</b>	20
<b>Titel van proefskrif</b>	20
<b>Navorsingsprobleem</b>	21
<b>Doelstelling en hipotese</b>	22
<b>Metodologie van navorsing</b>	23
<b>Navorsingsontwerp</b>	24

### Hoofstuk 1

#### *'n Kontekstuele analise van gebeure voor en tydens die *communitas*-fase wat na 1994 in die Suid-Afrikaanse samelewing tot stand gekom het*

	26
1.1 Inleiding	26
1.2 Anatomie van oorgangstye	28
1.2.1 Kenmerke van 'n oorgangsfase: Turner se model	30
1.2.2 Turner se beskrywing van fases	30
1.2.3 Arbuckle se model	32
1.3 Bevrydende post-moderne denke	34
1.4 'n Historiese oorsig van enkele hoofmomente in die Suid-Afrikaanse kerklike samelewingskonteks vóór en ná 1994	37
1.4.1 Voor 1994	38
1.4.1.1 Die koms van Jan van Riebeeck in 1652	38
1.4.1.2 Die Groot Trek van 1836	40
1.4.1.3 Die Anglo-Boereoorloë	41
1.4.1.4 Die opkoms van Afrikaner Nasionalisme	42
1.4.1.5 Vroeë leierskap in die NG Kerk	44
1.4.2 Die gebeure na 1994	46
1.4.2.1 Die Kommissie vir Waarheid en versoening	46
1.4.2.2 Die afskaffing van apartheid	49
1.4.2.3 Die Afrikaanse taal in 'n <i>communitas</i> -fase	55
1.4.2.4 Die invloed van die <i>communitas</i> -fase op die Afrikanervolk	61
1.4.2.5 Regstellende aksie	64
1.4.2.6 Geloftedag: 'n gevalle bastion	66
1.4.2.7 Verandering op die kerklike toneel	67
1.5 Samevatting	68

## Hoofstuk 2

<b><i>Die invloed van die <i>communitas</i>-fase op die NG Kerk ná 1994</i></b>	71
2.1 Inleiding	71
2.2 Bedieningskonteks van die NG Kerk in 'n <i>communitas</i> -fase	72
2.2.1 <i>Communitas</i> as fase van onsekerheid	72
2.2.2 <i>Communitas</i> en kerklike betrokkenheid	74
2.2.3 <i>Communitas</i> : Tyd van teologiese herbesinning	77
2.3 Kerklike omwenteling in 'n <i>communitas</i> -fase	81
2.3.1 Belhar 1986	83
2.3.2 Kerkhereniging in die Ring van Stellenbosch	87
2.3.3 Die NG Kerk en die gay kwessie	88
2.3.4 Gemeente bedieningsrenaissance	90
2.4 Die kerk en die verwerking van verandering	93
2.4.1 Afhanklikheid	93
2.4.2 Groepsvorming	93
2.4.3 Kritiese gesindheid	94
2.3.4 Akkommoderende fase	94
2.4.5 Opofferende ingesteldheid	94
2.5 Transformasie en kerklike leierskap	95
2.5.1 Stille diplomاسie	96
2.5.2 Identiteit van die predikant	96
2.5.3 Kerkleierskap	97
2.5.4 Leierskapstremminge in die kerk	100
2.5.5 Aanwysing van leiers in 'n gemeente	102
2.5.5.1 Verkiesing van leiers in die NG Kerk	103
2.5.5.2 Die Kerkordelike vulling van wyksvakatures	104
2.6 Leierskapsgawes	104
2.7 Leierskap op weg na 'n nuwe <i>societas</i> -fase	105
2.8 Samevatting	108

## Hoofstuk 3

<b><i>Hermeneutiese interpretasie van die ampstradisie in 'n <i>communitas</i>-fase</i></b>	112
3.1 Inleiding	112
3.2 Leierskap in die kerk van die eerste eeu n.C.	115
3.3 Gawebediening (charismata)	118
3.4 Gawe ampte: apostel, profeet, evangelis, herder en leraar	121
3.5 Leierskap vanuit die Sinagoge	124
3.6 Die kerk van die eerste eeu en apokaliptiek	125
3.7 Die amp van ouderling in die eerste eeu n.C.	128
3.8 Die amp van diaken in die eerste eeu n.C.	131
3.9 Die amp van die evangelis in die eerste eeu n.C.	135
3.10 Die amp van die herder in die eerste eeu n.C.	136
3.11 Ampsbeskouing vanuit die donker Middeleeue	136
3.12 Die evolusie tot die amp van die dominee	139
3.13 Ampsbeskrywing in die NG Kerk	144
3.14 Samevatting	146

## Hoofstuk 4

<b><i>Amp van die Predikant: Paradigmaskuiwe in 'n communitas-fase</i></b>	149
4.1 Inleiding	149
4.2 Definisie van leierskap	150
4.3 Doel van leierskap	151
4.4 Die amp en leierskap	153
4.5 Die predikant: 'n geroepe leier?	154
4.6 Tipes leierskap	156
4.6.1 Depressiewe leierskap	157
4.6.2 Dominerende leierskap	158
4.6.3 Onbetrokke leierskap	159
4.6.4 Wantrouige leierskap	159
4.6.5 Oor-reagerende leierskap	159
4.6.6 Die 'enabler'-leier	160
4.6.7 Dienskneg-leierskap	161
4.7 Roluitklaring van die predikant	166
4.8 Gemeenteleierskap: Slegs manlik?	169
4.9 Leierskap en Bestuur: Aanvullende komponente	172
4.10 Samevatting	176

## Hoofstuk 5

<b><i>Visioenêre leierskap: rigtinggewende strategie in 'n laat communitas-fase</i></b>	178
5.1 Inleiding	178
5.2 Visioenêre leierskap: Die gawe van 'n enkeling?	180
5.3 Bybels-teologiese wesenselemente van 'n visie	186
5.3.1 Begrip	186
5.3.2 Vertroue	186
5.3.3 Korporatiewe besluit	187
5.3.4 Binnekamer van die leiersgroep	187
5.3.5 Suksesvolle navolgelingskap	187
5.3.6 Entoesiasme	187
5.3.7 Duidelikheid	187
5.3.8 Gefokus	187
5.3.9 Verbintenis	188
5.3.10 Terminering van visies	188
5.4 Praxis: Die toetsterrein vir 'n visie	189
5.5 'Outoriteit' as basis vir 'n visie	193
5.6 Strategiese teologiese beplanning	194
5.6.1 Die opstel van doelwitte	196
5.6.2 Doelwitte en sleutelsuksesfaktore	197
5.6.3 Bedieningsdoelwit	198
5.7 Samevatting	199

## Hoofstuk 6

<b><i>Leierskap-identiteit binne spanverband gerugsteun deur die ontwerp van 'n Bediening Struktuurmodel as ondersteuningsmeganisme</i></b>	200
6.1 Inleiding	200
6.2 Leierskap-ontwikkeling binne spanverband	201
6.2.1 Definisie van 'n 'span'	201
6.2.2 Leierskap-opleiding	201
6.2.3 Die invloed van lewensontwikkelingsfases op leierskap ontwikkeling	202
6.3 Leierskap-eienskappe	203
6.3.1 Volgelingskap	204
6.4 Medeleraarskap in die NG Kerk: 'n Spanfunksie	205
6.4.1 Beroeping van medeleraars	205
6.4.2 Makro-gemeentes en medeleraarskap	206
6.4.3 Samestelling van spanne	207
6.4.4 Kriteria vir die aanstel van spanlede	208
6.4.5 Leierskap-differensiasie: Die aanwysing van 'n spanleier	208
6.4.6 Taak van die spanleier	210
6.5 Leierleraarskap en spanfunksionering	211
6.5.1 Besluitnemings bevoegdhede	212
6.5.2 Vergaderings prosedures	213
6.5.3 Evaluering van spanfunksionering	214
6.5.4 Begeleidings prosesse	214
6.5.5 Model vir medeleraar spanfunksionering	216
6.6 Tradisionele bedieningsmodel	218
6.6.1 Diagram: Tradisionele bestuurstelsel	219
6.7 Die Netwerkstelsel as gemeente bedieningsmodel	220
6.7.1 Diagram: Tradisionele netwerk bedieningsmodel	221
6.8 Die ontwerp van 'n Bediening struktuurmodel vir 'n herintegrasie periode voor 'n volgende <i>societas</i> -fase	221
6.8.1 Diagram: Bediening struktuurmodel	222
6.8.2 Kenmerke van 'n herintegrasie Bediening struktuurmodel	223
6.8.3 Gemeenteraad	224
6.8.3.1 Samestelling Gemeenteraad	224
6.8.3.2 Funksionering Gemeenteraad	224
6.8.4 Diagram: Gemeenteforum (A)	225
6.8.4.1 Samestelling Gemeenteforum	225
6.8.4.2 Funksionering van die Gemeenteforum	225
6.8.5 Diagram: Groepe Bediening(B)	226
6.8.5.1 Samestelling Groepe Bediening	226
6.8.5.2 Funksionering van die Groepe Bediening	226
6.8.6 Diagram: Leraarvergadering (C)	227
6.8.6.1 Funksie van die Leraarvergadering	227
6.8.7 Diagram: Barmhartigheidsbediening (D)	228
6.8.7.1 Samestelling Barmhartigheidsbediening	228
6.8.7.2 Funksionering van die Barmhartigheidsbediening	228
6.8.8 Diagram: Administrasie Bediening (E)	229
6.8.8.1 Samestelling Administrasie Bediening	229
6.8.8.2 Funksionering van die Administrasie Bediening	229

6.8.9	Diagram: Jong Lidmate Bediening (F)	230
6.8.9.1	Samestelling Jong Lidmate Bediening	230
6.8.9.2	Funksionering van die Jong Lidmate bediening	230
6.8.10	Diagram: Samekomste Bediening(G)	231
6.8.10.1	Samestelling Samekomste Bediening	231
6.8.10.2	Funksionering van die Samekomste Bediening	231
6.8.11	Diagram: Getuienis Bediening (H)	232
6.8.11.1	Samestelling Getuienis Bediening	232
6.8.11.2	Funksionering van die Getuienis Bediening	232
6.9	Vergaderingsprosedures vir die Bedieninge	232
6.10	Samevatting	233

## **Hoofstuk 7**

<b>Sintese</b>	236
7.1 Inleiding	236
7.2 Bevindinge	237
7.3 Gevolgtrekking	246

## **Bylae**

Bylaag 1 (Belhar)	249
Bylaag 2 (Valleisig)	251
Bylaag 3 (Constantiakruin)	264
Bylaag 4 (Fontainebleau)	265
Bylaag 5 (Mosselbaai)	266
Bylaag 6 Roodekrans	272
Bylaag 7 (Leierleraars)	278

<b>Bronnelys</b>	279
------------------	-----



## Terreinverkenning

### 1. Inleiding

In sy afsheidsrede as Professor aan die Vrije Universiteit van Amsterdam in 2004, wys Gerben Heitink daarop dat snelle verandering altyd met onsekerheid gepaard gaan, omdat dit die leefmilieu van 'n tradisionele gemeenskap ingrypend raak. Sy gevoel is dat Christene in die sestigerjare van die vorige eeu wêreldwyd op 'n 'eksodus'-pad geplaas is vanweë die talle ingrypende veranderinge op alle bekende menslike persepsievlakke. Ou geloofsvastighede in die kerk is geskud toe Bybelwetenskaplikes die tradisioneel-aanvaarde 'waarhede' as blote 'persepsies' begin afmaak. Reeds in 2001 het Heitink (2001:14) die volgende oor die predikantsamp voorspel: *Historisch gezien is het beroep dat predikanten uitoefenen een snel veranderend en gelet op de huidige situasie van kerk en cultuur misschien wel een voorbijgaande beroep.* (Vergelyk ook Heyns, 1993 en Carroll & Wilson, 1980).

Ter verduideliking van hierdie stelling sê hy dat die priesteramp, wat 'n nederige, dienende amp was en as 'n vroomheidstipe in die kerk getipeer is, binne die Protestantse kerke tot die amp van 'n sentrale figuur, dié van *dominee* (afgelei van *dominus* - heer; *domus* - huis) verander is. Uiteraard het dit nie net 'n rolverskuiwing tot gevolg gehad nie, maar ook 'n identiteitsverandering, omdat die dienende gestalte van die priester verander het in die statusfiguur van 'n dominante, *regerende ouderling* (heer van die huis), die 'dominee'. Heitink is van mening dat niesteenstaande die feit dat die amp van die leraar uit 'n ryk gereformeerde tradisie kom, daar geen sekerheid is dat dit in die toekoms behoue sal bly nie - juis omdat kerklidmaatgetalle in die tradisionele kerke, en belangstelling in die bediening van hierdie kerke, oor die afgelope jare beduidend verminder. Die predikant *heeft het moeilijk in een krimpende kerk* (2001:5). Daar word selfs van die kerk se voorgangers (dit is die dominees) as *verbygangers* gepraat (Beukes, HTS, 53/3). Die verskyning van die boek **Honest to God**, deur die Engelse biskop, JAT Robinson, het 'n waterskeiding gebring ten opsigte van die tradisionele denke oor die *sekerhede* van die geloof, en daarmee saam die funksionering van die kerk, insluitend die identiteit en rol van die predikant.

Hans Küng wys reeds in 1970 daarop dat veranderende tye die kerk dwing om haar posisie telkens te verdiskonteer. *Elke tijd heeft zijn eigen kerkbeeld, gegroeid uit een bepaalde historische situasie... het is noodzakelijk, vanaf het eerste begin rekening te houden met het tijdgebonden-veranderlijke in het kerkbeeld* (1970:12-13). Dit beteken dat die rol van die kerk en ampte vandag verreken moet word aan die omstandighede waarin sy funksioneer. Voeg hierby dat die veranderende tye 'n ongeprofileerde post-moderne en post-christelike geslag geproduseer het wat min vastigheid binne die kerk het en op soek is na God buite die kerk. Hierdie geslag dink anders oor die identiteit van die kerk. Denominasionele verskille het vir hulle min betekenis. Kerkgrense bestaan nie. Die predikant speel slegs 'n baie klein rol (soms glad nie) in hulle lewensmilieu. Hulle het 'n eie opinie oor die tradisionele 'dominee': hy is dikwels net daar om troues en doopgeleenthede waar te neem. Betrokkenheid by die kerk is nie deel van hulle dag-agenda nie.

Grootskaalse verandering het die Suid-Afrikaanse milieu binnegedring, veral na die vestiging van 'n nuwe demokratiese bestel in 1994. Dat die kerk en haar ampte toenemend as irrelevant beskou word, is nie slegs die emosie van buitekerklikes nie: dit in 'n al hoe groter mate ook die gevoel van gelowige kerkverlaters wat nie meer 'n geestelike tuiste in die kerk vind nie. Die kerk is bewus van hierdie verandering in



gesindheid en die afname in lidmaatbetrokkenheid. Verskeie redes word hiervoor aangevoer. Mittelberg (2000:48) gee 'n geldige verklaring vir bovermelde verskynsel as hy beweer die probleem lê daarin dat die leierskorps van die gereformeerde kerke nie altyd die vermoë het om aktuele sake in 'n tyd van verandering te kontekstualiseer nie. Dit beteken dat die beeld (identiteit) van die kerk mense laat voel dat die kerk (lees: *leierskap*) nie tred gehou het met veranderinge in die wêreld waarbinne hulle lewe nie. Gevolglik kom daar distansie tussen die lidmate en die gemeente se metodiek van kerk wees (dit is die bedienings metodiek): mense koester ander verwagtinge as hul voorgeslagte.

Kontekstualisering, volgens Mittelberg, beteken dat kerklidmate begelei word om ingeligte keuses te kan maak oor aktuele lewensaangeleenthede: hulle is nie tevrede met die onnadenkende afkeur of veroordeling wat kerkleiers soms oor kontensieuse sake uitspreek nie. Die post-moderne (ervaring-soekende) geslag wil ook op 'n intellektuele vlak antwoorde op aktuele vrae hê. Indien dit nie gegee word nie, word die kerk en predikant net verder na die rand van hulle lewens uitgeskuif. In die proses verloor die partye kontak met mekaar, omdat die kerk met haar boodskap met ou paradigmas volstaan. Dan gebeur die volgende: *Instead of becoming salt and light, we have been content to withdraw into our separate ecclesiastical ghettos, preoccupied with our internal affairs and unconcerned about the deepest needs of those around us. In the eyes of many, religion has lost its relevance* (Mittelberg, 2000:48).

Gereformeerde Afrikaanse kerke het in die nuwe regeringsbestel van die RSA hul gevestigde en gerespekteerde posisie verloor. Dit het uiteraard tot identiteitsverandering gelei. In die breë beleef die Afrikaner 'n verlies aan mag, status, morele vastigheid, taalreg en geleentheid. Afrikaanse skole, kerke, verenigings, kultuurorganisasies en die beroepsgemeenskap het hul stem verloor (De Klerk 2000:13). In terme van staatkundige invloed, het die rol van die NG Kerk drasties kleiner geword. Die proses waardeur die NG Kerk gegaan het tydens die aanhoor van getuienis wat voor die Kommissie vir Waarheid en Versoening gedien het, het 'n nadelige effek gehad. Lidmate is ontugter deur die skynbare meedoen van die kerk aan onreg op verskillende terreine waaroor daar voor die Kommissie getuig is. Kerkleierskap het veral in hierdie verband onder die loep gekom, omdat daar van kerkleiers verwag word om die waarheid te respekteer, geregtigheid na te jaag, die dinamika van vergiffenis te verstaan, en om 'n ferm verbintenis ten opsigte van die land se toekoms te hê.

Die veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing ná 27 April 1994, veral op politieke en sosio-ekonomiese vlak, het die Afrikanervolk intens geraak en 'n vakuum in leierskap gelaat wat ook in kerklike kringe reflekteer. Daar is reeds in 1990 gewaarsku dat die Afrikanerkultuur besig is om te verbrokkel. Aanvanklik het die oorgang na 'n regering van nasionale eenheid so goed verloop dat mense dit as 'n 'wittebrood' ervaar het. In 1995 skryf Coenie Burger egter dat die probleme van die oorgangstyd vir die NG Kerk nog lank nie verby is nie en dat hierdie sake in die jare wat kom, steeds verdiskonteer sal moet word. Hy voorspel dat die tradisionele reëls van die vorige gevestigde samelewing (*societas*) meestal verander of omver gewerp sal word en dat die rimpeleffek op een of ander wyse in die NG Kerk neerslag sal vind (1995:13-29).

Vóór 1994 het die teologiese isolasie van haar Europese ‘moeder’, as gevolg van die onaanvaarbare politieke bedeling in die land, veroorsaak dat die identiteit van leierskap en strukture in die NG Kerk in Suid-Afrika sterk onder die invloed van Amerikaanse independentistiese kerkstyl en teologiese denke gekom het. Talle leraars van die NG Kerk besoek van hierdie gemeentes jaarliks. Met hul tuis-koms word die invloed in die talle vernuwingsinisiatiewe, wat die styl van genoemde Amerikaanse independentistiese gemeentes navolg, in hulle eie gemeentes sigbaar. Dikwels is die vernuwing vreemd aan die tradisionele NG Kerk erediens- en liturgiese styl. Leierskapstyl, strategiese bestuur, strukture en die voorkoms van die bediening word aangepas en bring 'n drastiese paradigmaskuif mee wat sowel die identiteit van die kerk as die amp van die predikant as leier beïnvloed. (Vergelyk in hierdie verband Goldsmith, 2003.) Dit is 'n relevante vraag om te vra of ‘gepaardgaande ‘vernuwing’ nie beteken dat die NG Kerk haar tradisionele gereformeerde teologie en styl (lees: identiteit) verruil vir 'n Pinkster/charismatiese vorm van Amerikaanse kerklike independentisme nie.

Met inagneming van die veranderinge wat op staatkundige terrein in Suid-Afrika plaasgevind het, skryf Annes Nel (2003:18) in 'n kontensieuse publikasie dat die NG Kerk ‘terminaal siek’ is. Hy beweer dat die krisis wat met die politieke omwenteling sedert 1994 ontstaan het, veroorsaak het dat 'n identiteitloosheid binne die kerk posgevat het ten opsigte van die belydenis en gereformeerde karakter van die kerk. Hierdie situasie het daartoe gelei dat daar toenemend sowel 'n onverdraagsaamheid as rigiditeit, eksklusiwiteit en liefdeloosheid binne die kerk bespeur word. Die kerkleierskap het nie hieraan ontkom nie. 'n Ontleding van die vraelyste wat hy uitgestuur het, dui op 'n onvergenoegdheid by lidmate, veral oor die leraars van die kerk. Hierbenewens moet leierskap binne die kerklike kring ook die oorgang van tradisionele denke na dié van 'n post-moderne (Christelike) tyd hanteer. Nel skryf dat versoening en inkorporering van die oue (vóór 1994) in die nuwe (ná 1994) die grootste uitdaging vir die leierskap van die NG Kerk is. Uit sy navorsing blyk dit dat die kommerwekkende skaal van kerkverlating grootliks toegeskryf kan word aan die onvermoë van kerkleiers op plaaslike vlak om hierdie oorgang sinvol en binne die tradisie van die Christelike geloof te laat plaasvind. Talle mense glo eenvoudig nie meer die kerk se verhaal nie. Gewone lidmaat kan die onvermoë van kerkleiers om duidelike antwoorde oor delikate sake te gee nie begryp nie. In die pers word telkens net berig dat een of ander kommissie nog daarmee ‘besig’ is.

Die massamedia vra dikwels vrae namens die huidige geslag. Hierdie aktuele, brandende vrae word maar traag deur die kerk beantwoord. Hoe moet lidmate, byvoorbeeld, die ‘nuut-ontdekte’ Apokriewe geskrifte van Judas en die Evangelie van Maria interpreteer? (Vergelyk ook Van der Watt & Tolmie, 2005, oor die Apokriewe van die Ou en Nuwe Testament.) Die rolprent oor die **Da Vinci Kode** het felle kritiek uit fundamentalistiese kringe (dit is denke wat die fundamentele waarhede van die Bybeltekste letterlik handhaaf, vergelyk HAT, 1979) ontlok en die hele verhaal is summier as aanslag op die Christelike geloof verwerp, ten spyte van 'n kernbelangrike sin in die teks. Die hoofkarakter (Tom Hanks) getuig dat hy *Jesus se vertroostende, ondersteunende teenwoordigheid* aangevoel het toe hy as kind in 'n put geval en vir langer as 'n dag daar vasgekeer was. Hoe verstaan die deursnee lidmaat die opspraakwekkende boek **The Jesus Mysteries** (2005) van Timothy Freke en Peter Gandy, wat handel oor die vraag of Jesus werklik in die eerste-eeuse Israel bestaan het en of Hy nie eerder 'n simbool of argetipe is wat van die grondlegging van die

geskiedenis af bestaan nie. Nadat 'n onderhoud daaroor op 'Carte Blanche' uitgesaai is, word die boek, ironies genoeg, in Suid-Afrikaanse boekwinkels uitverkoop. Is soortgelyke werke, soos James D. Tabor; **The Jesus Dynasty** (2006), Michael Baigent; **The Jesus Papers** (2006), Litnet se **Die Omstrede God**; Acharya S; **The Christ Conspiracy** (2005); Simcha Jacobovici en Charles Pellegrino se **The Jesus Family Tomb** (2007), regtig uit en uit godslasterlik of word daar op nuwe maniere intens na die waarheid gesoek? Denkende lidmate wonder of kerkleiers hierdie werke inderdaad volledig en met aandag bestudeer voordat uitsprake daaroor gemaak word. Hulle hou by die gebrek aan kerklike leiding slegs asem op en voel vanweë eie oningeligtheid verloën in hulle geloof. Koos Kombuis sê in sy tipies uitgesproke styl: *Is dit dalk tyd vir alle kerke, en al die hoogheilige dominees en priesters van die sogenaamde almagtige Christelike geloof, om te erken: Ons is eintlik maar net mense, gewone mense, mense wat soek na die waarheid in boekwinkels en shopping malls?* (**Rapport**, 'Perspektief', 8 Oktober 2006).

'n Voorbeeld van die onmondigheid en irrelevansie van die kerk vir nie-kerkgangers in die huidige tydsgewrig, soos in die vorige paragraaf genoem, is die berig in **Die Burger** van 30 Januarie 2007 waarin sterk beswaar gemaak word teen die NG Kerk se webwerf 'Kletskerk'. Hierdie webwerf is deur die kommunikasiekantoor van die NG Kerk bedryf as 'n gespreksforum op die internet sodat daar vrylik oor kerklike en geloofskwessies gepraat kon word. Party mense het die forum gebruik om hulle ongelukkigheid (in eietydse taal!) oor godsdienstegebruik en die kerk te noem.

In 'n poging om relevant te bly, is byna elke NG Gemeente in die land besig met een of ander ondersoek, aanpassing of stylverandering ten opsigte van bedieningspatrone. Nuwe liturgie, tegnologiese aanbiedinge, lofprysing- en aanbiddingsgeleenthede en omgegroepte byeenkomste is enkele 'resepte' wat getoets word in 'n poging om ou lidmate te behou en nuwes te trek. (Vergelyk ook Elliot, 1982 en Morse, 1998). In die proses kom ernstige vrae na vore oor moontlike redes waarom independentistiese en charismatiese gemeentes so sterk groei. Het megagemeentes soos Willow Creek in Chicago, Coral Ridge Presbyterian Church in Fort Lauderdale en David Nicolas se makro-independentistiese Presbiteriaanse gemeente, Spanish River, in Boca Raton, iets ontdek wat die NG Kerk tot dusver misgekyk het?

Verskeie faktore dui daarop dat die NG Kerk in Suid-Afrika in die algemeen nie meer na wense groei nie. Die rede hiervoor lê op 'n breë terrein en kan nie net aan 'n afname in die getal dopelinge, minder jeugdiges onder die ouderdom van negentien jaar, of die geleidelike veroudering van die kerk toegeskryf word nie (**Kerkspieël** 2004). Daar gaan toenemend stemme op wat tradisionele leierskap- en kerkstrukture bevraagteken. Daar is ook 'n groeiende besef dat nie alle predikante bevoeg is (of die gawe het) om leiers te wees nie, (vergeelyk ook Sweet, 2004). Enkele gemeentes in die NG Kerk is besig met die herdefiniëring van die identiteit van die leraarsamp soos in hulle gemeentes vergestalt. Dié gemeentes lê klem op spesifieke gawes van individuele leraars en leraars word die geleentheid gebied om hulself op die terrein waarop hul talente lê, uit te leef. Daar is enkele stedelike mega- en makro-gemeentes wat na eie behoefte die leierskapfunksies van die kerk herdefinieer en nuwe waarde daaraan byvoeg ('n nuwe identiteit skep).

Volgens Victor Turner (1967:93) moet oorgangstye as 'n uitdagende leertyd gesien word: 'n tyd van herrangskikking. Die NG Kerk verkeer tans in 'n laat *communitas*-

fase. In hierdie fase tree nuwe bedieningsmodelle, wat veral op situasionele kerkleierskap konsentreer, oral na vore, omdat gemeentebestuur baie onseker is en drasties verander na gelang van omstandighede (Vos en Pieterse 1997:133). Die tydsgewrig vra veral na duidelikheid oor die leierskapsvermoëns wat in so 'n herintegrasie-fase van die kerk, nodig is. Die vraag wat hiermee saamgaan, is of daar bediening struktuurmodelle is wat die identiteit van die leraar kan verskans deur 'n duidelik gedefinieerde rol aan hom/haar binne die kerk van die toekoms toe te ken. Kan sulke modelle die taak en rol van die 'amp' op so 'n wyse omskryf dat die post-moderne mens weer waarde daaraan sal heg? Die kernvraag wat in die navorsing aangeraak word, is of die vasstelling van die identiteit van leierskap in 'n bediening struktuurmodel enigsins daartoe bydra dat die amp van die leraar as leier in 'n gemeente in die post-moderne tyd gevestig word.

Vir Bill Hybels is dit 'n uitgemaakte saak dat die verandering, ontwikkeling en onsekerheid van ons tyd sekere leierskapvereistes aan die kerk stel: *What flourishing churches have in common is that they are led by people who possess and deploy the spiritual gift of leadership* (2002:48). Hy lê veral klem op die feit dat kerkleierskap geïnspireerde leierskap moet wees om die verandering en onsekerhede van die huidige tyd te kan hanteer. Vir die NG Kerk beteken dit dat die kerk binne die Afrika-konteks waarlik kerk moet word. In die proses sal die vraag ook gevra moet word of tradisionele eerste-wêreldse leierskapsrolle (teologies-gefundeerd) die kerk in die RSA deur die een-en-twintigste eeu sal kan begelei. Is dit nie meer gepas om te vra of 'n eiesoortige *Afrika-leierskapsrol* vir die kerk ontwerp moet word nie?

In die navorsing oor kerkleierskap word die volgende in ag geneem:

- 'n Blik op die landsgebeure as historiese gegewe wat 'n totale ommekeer na die afbreekpunt van 1994 gebring het.
- Die verdiskontering van hierdie verandering as werklike bedieningsmilieu vir die NG Kerk.
- Omdat kerkleierskap binne kerkverband, (vanaf die plaaslike gemeente tot op Algemene Sinodale vlak), simbioties vervleg is bestaan die vraag of daar in die afgelope vyftien jaar 'n drastiese leierskap-identiteit verskuiwing plaasgevind het wat die funksionering van die kerk in die breë en op plaaslike vlak beïnvloed.
- Soos wat kerk-leierskap voor 1994 'n spesifieke karakter gehad het, het dit na 1994 verander en 'n tyd van hibernering binne gegaan. Leierskap vertoon tans 'n nuwe en ontwakende eie veranderende patroon.
- Die navorsing beweeg van inleidende opmerkinge oor leierskap in die breë kerkverband en fokus op besondere leierskapstrukture binne die plaaslike gemeente.
- Dit beteken dat die navorsing slegs inleidend na kerkleiding binne kerkverband verwys en in ag neem dat daar natuurlike raakpunte bestaan in die kerklike leierskap spektrum.
- Kan die ampte soos tradisioneel binne gereformeerde konteks aangetref, hoegenaamd effektief in die post-moderne samelewing voortbestaan?
- Het die herrangskikking wat in die huidige *communitas*-fase plaasvind, die bediening van die kerk en die identiteit van die predikant drasties verskuif?

- Die post-moderne konteks waarin geloofsgemeenskappe nou in Suid-Afrika verkeer, eis aktualiteit as voorwaarde vir relevansie. Hiervoor is visioenêre leierskap nodig.
- Die navorsing ondersoek ook die vraag of die kerk vir 'n eietydse bediening struktuurmodelle moet daarstel om 'n duideliker identiteitsomskrywing vir leierskap te bepaal in 'n tyd van herintegrasie. Hiermee word 'n belangrike saak aangeraak, naamlik of spanfunksionering binne medeleraarsverband sonder leierskap moontlik is. Is die *Primus inter pares* beginsel soos in die Gereformeerde Kerkreg omskryf, uitgedien?

Die metode en inhoud van die navorsing word as volg hanteer:

### **Probleemstelling**

Die politieke, sosiale en maatskaplike verandering in Suid-Afrika ná 27 April 1994 het 'n totale ommekeer in die Suid-Afrikaanse samelewing meegebring. Die NG Kerk se bedieningskonteks en relevansie is hierdeur intens geraak. Die kerk loop die gevaar om tred te verloor met die geestelike behoeftes van mense, gevolglik word die kloof tussen geloof en intellek, tussen immanensie en transendensie vir gelowiges dikwels onoorbrugbaar. Daar word intens gesoek na 'n wyse waarop die kerk haar lidmate kan lei/begelei sodat hulle nie moeg, uitasem en ontnugter agtergelaat word wanneer die samelewing 'n skuif vorentoe maak nie.

- Die navorsing vra of die gebeure van vóór en ná 1994 tot 'n leierskap-identiteitsverskuiwing *binne die plaaslike gemeente* gelei het en of die tradisionele leierskapsmodelle in gemeentelike bestuur nou in 'n herrangskikkingsfase inbeweeg.
- In die afbakening van die ondersoekveld word gekonsentreer op die vraag of die NG Kerk ná die oorgang van 27 April 1994 nuwe bediening struktuurmodelle vir nuwe vitaliteit in die een-en-twintigste eeu in *gemeentes* nodig het.
- Sowel die histories ekklesiologiese ontwikkeling van die amp, leierskap en bediening struktuurmodelle in die NG Kerk as hedendaagse invloede uit buitelandse geloofsgemeenskappe word in hierdie proses in ag geneem.
- In die navorsing word gevra of die NG Kerk 'n tyd betree het waarin spesifieke visioenêre kerkleierskap, ondersteun deur funksionele bediening struktuurmodelle, individuele gemeentes laat groei, terwyl die kerk in die breë, wat nie eiesoortige strukture het nie, stagneer.
- 'n Kwelvraag is of die kerk in die breë, bediening struktuurmodelle waarin kerkleierskap duidelik geïdentifiseer word, ondersteun en aanbeveel.
- Die vraag word ook gestel of bediening struktuurmodelle hoegenaamd in 'n herrangskikkings-fase kan funksioneer.
- Die *communitas*-fase duur nou al vyftien jaar en is waarskynlik naby aan die *limen* van die herintegrasieproses as aanloop tot die volgende *societas*-fase.

Die titel van hierdie proefskrif is:

**'n Bediening struktuurmodel as ondersteuningsmeganisme vir leierskap-identiteit voor die *limen* van herintegrasie in 'n gevorderde stadium van 'n *communitas*-fase: 'n prakties-teologiese ondersoek**

**Navorsingsprobleem**

*Die navorsingsprobleem van hierdie studie is die vraag of daar paradigmaterskuiwings plaasgevind het in die tradisionele denke binne die NG Kerk oor bediening struktuurmodelle as ondersteuningsmeganisme vir leierskap-identiteit in die huidige laat communitas-fase.*

Enkele verdere fasette van die navorsingsprobleem:

- ***Die bepaling van die invloed van die kontekstuele bedieningsmilieu vóór 1994 op oorgangsfase vir die NG Kerk in Suid-Afrika.***

Die navorsing verwys hier na sowel na die noue verbintenis wat daar tussen die NG Kerk en die politieke bestel van vóór 1994, as die afstand wat tans tussen die NG Kerk en die ANC regering bestaan.

- ***Hoe beïnvloed die samelewingskonteks van die huidige communitas-fase die kerk?***

Die navorsing ondersoek die vraag of kultureel-maatskaplike veranderinge en invloede die denke van blanke, Afrikaanssprekende lidmate van die NG Kerk beïnvloed.

- ***Het hierdie gebeure die kerk se leierskapstrukture beïnvloed?***

Die vraag is of die kerk haar leierskapstrukture tans herstruktureer om in die oorgangsfase steeds relevant te wees, of word 'n eb-gety van fundamentalisme ervaar? Daar is enkele verwysings na kerkleierskap in die breë, maar die fokus val op die plaaslike gemeente. Die navorsing beweeg vanuit 'n algemene beskrywing na die besondere binne gemeenteverband.

- ***Het die oorgangsfase 'n kentering in die ampsteologie van die NG Kerk aangewakker?***

Die navorsing konsentreer op tradisionele beskouinge oor ampsteologie en vergelyk dit met huidige ontwikkelinge ten opsigte van die indiensstelling en aanwending (status) van predikante.

- ***Hoe lyk kerkleier-identiteit in hierdie fase?***

Die vraag hier is of die predikant nog enigsins 'n professionele amp-identiteit het.

- ***Watter rol speel bediening struktuurmodelle as ondersteuningsmeganisme in die realisering van strategie binne die toekomsbeplanning van die kerk?***



Waarom is daar in die verlede nie genoegsaam aandag geskenk aan die ontwerp van struktuurmodelle as ondersteuningsmeganisme tot effektiewe bediening nie?

- ***Kan die huidige, kerkordelik voorgestelde strukture as instrument dien om die kerk die toekoms te help binnegaan?***

Wat moet in die plek van die ou bediening struktuurmodelle gestel word om leierskap te identifiseer sodat strategieë wat op die toekoms en die oorlewing van die NG Kerk gerig is, doelmatig geïmplementeer kan word?

- ***Probleme met die metodiek van herontwerp van bediening struktuurmodelle***

Kerkstrukture kan nie volgens 'n skaalmodel ontwerp word nie. Die vraag is of daar wel riglyne vir gemeentes neergelê kan word vir die ontwerp van 'n eiesoortige gemeente struktuurmodel waarin die identiteit van die NG Kerk steeds sigbaar is.

- ***Die voorstel van 'n bediening struktuurmodel as ondersteuningsmeganisme vir die kerkleierskap***

'n Getoetste bediening struktuurmodel word voorgestel.

- ***Beweeg die NG Kerk al oor die limen van herintegrasie na die volgende societas-fase?***

Dit is moeilik om die spesifieke grenslyne (soos byvoorbeeld die afbreekpunt, of herintegrasie) van die Turner-model vas te stel. Dit is egter 'n feit dat die huidige *communitas*-fase al ongeveer vyftien jaar duur. Daar kan dus met sekerheid gesê word dat daar in 'n laat *communitas*-fase inbeweeg word en dat die *limen* na die herintegrasie-fase voor die volgende *societas* naby is.

## **Doelstelling en hipotese**

Die navorsing stel die volgende kern-hipotese:

***Die oorgangsfase waarin Suid-Afrika na 1994 inbeweeg het, plaas die NG Kerk in 'n laat communitas-fase voor die limen van herintegrasie, waarin leierskap-identiteit en- ontwikkeling duideliker deur 'n bediening struktuurmodel as ondersteuningsmeganisme beskryf word.***

## **Definisies**

- ***Oorgangsfase***

'n Oorgangsfase tipeer reorganisasie en verandering wat in 'n spesifieke omgewing plaasvind. In so 'n fase kan interaksie tussen verskillende entiteite plaasvind.

- ***1994***

Dit is die afbreekpunt toe die Nasionale Party regering mag aan die ANC oorgedra het.

- ***Communitas-fase***

In 'n model wat Victor Turner saamgestel het, dui hy 'n *communitas*-fase aan as 'n fase van herrangskikking.

- *Herintegrasië*

Dit is die punt waar die *limen* van die *communitas*-fase oorgesteek word en die volgende *societas*-fase inbeweeg word.

- *Societas*-fase

'n Tydperk van geordende gestruktureerdheid.

- *Limen*

Die oorstek van die een drempel na die ander.

- *Leierskap*-identiteit

In die navorsing verwys leierskap-identiteit na die amp en rol van die predikant binne die NG Kerk. Die begrip gee aan hom/haar 'n spesifieke taakoms krywing en begrensing in 'n gemeente. Dan word slegs kursief na kerkleierskap binne die breë kerkverband verwys.

- *Bediening* struktuurmodel

'n Ondersteuningsmeganisme waardeur leierskap en bestuursbeginsels in die plaaslike gemeente op 'n ordelike wyse gestalte kry.

- *Ondersteuningsmeganisme*

'n Voertuig of middel wat tot 'n groter doel dien.

### 1.3.3 'n Aantal ander aspekte van die hipotese:

- Die NG Kerk word wesentlik beïnvloed deur die oorgangstyd omdat die volkskerkmodel wat deel van kerklike tradisie is, negatief ontbloot word.
- Kan ons vanuit die Bybel afleidings maak oor bediening struktuurmodelle in die eerste eeu n.C.?
- Ou kerkordelike bediening strukture (vóór 1994) beklemtoon slegs die *Primus inter pares* beginsel binne spanverband wat 'n kunsmatige plek vir individuele kerkleierskap binne medeleraarskappe veroorsaak het.
- Indien daar buite die tradisionele Presbiteriale Kerkregeringstrukture beweeg word, bestaan daar min riglyne om nuwe bediening struktuurmodelle te ontwerp.
- Die NG Kerk is soepel genoeg om gevestigde gereformeerde tradisies te reformeer in veranderde leierskap en bediening struktuurmodelle.

Die doel van die navorsing is om die hipotese en 'n aantal aspekte wat daardeur geraak word te ontleed en om 'n prakties-teologiese bydrae te lewer ten opsigte van teorievorming oor leierskap-identiteit, wat 'n kontekstueel-hermeneutiese funksie binne bediening struktuurmodelle van die NG Kerk het. Die navorsing ontwerp 'n



bediening struktuurmodel, wat as prakties-teologiese aktiwiteit 'n ondersteunings-meganisme vorm tot die relevansie en vitaliteit vir die kerkleierskap in die plaaslike gemeente van ons dag.

## **Metodologie van navorsing**

Die metodologie van die navorser (wat as Polisiekapelaan die Senior en Top bestuursopleiding kursusse in Strategiese Bestuur voltooi het en vir 'n aantal jare bestuursposisies in die Suid-Afrikaanse Polisie diens beklee het, en ook as leraar verantwoordelik was vir strategiese beplanning in 'n makro-gemeente (NG-gemeente Valleisig, Pretoria) neem die metode wat Heyns en Pieterse (1990:78-88 e.v. *die teorie praktyk interaksie*) voorstel vir navorsing in die Praktiese Teologie in ag, naamlik:

- Waarneming (ontdekking van die probleem).
- Induksie (waarin teorieë en praktyk in 'n voortdurende krities-hermeneutiese interaksie in die navorsing verloop).
- Evaluasie (interpretasie van die resultate van die ondersoek en die voorstel van 'n nuwe bediening struktuurmodel vir leierskap-identiteit in die gemeente).

Die aksent van die navorsing is induktief en deduktief en werk met teorieë wat in die kritiese hermeneutiese interaksie tussen teorie en praktyk voorkom, sowel as die toetsing en evaluasie van 'n spesifieke ontwerpte struktuurmodel wat operasioneel in 'n makro-gemeente aangewend is binne medeleraars spanverband. In die navorsingsproses sal bronnenuavorsing, kritiese analise van standpunte en eksegetiese ontleding van kardinale konsepte gedoen word.

### **1.2.1 Die navorsingsontwerp:**

Die navorsingsontwerp konsentreer op veral die volgende aspekte:

#### 1.2.1.1 Hoofstuk 1

Hierdie hoofstuk konsentreer op 'n kontekstuele analise van die gebeure voor en na die afbreekmoment wat tot die huidige *communitas*-fase gelei het. Gebeurtenisse wat 'n rol speel ten opsigte van leierskap in die NG Kerk word geselekteer om te bepaal tot watter mate dit die kerk beïnvloed het.

#### 1.2.1.2 Hoofstuk 2

Dié hoofstuk konsentreer op die bedieningskonteks van die NG Kerk in die *communitas*-fase. Hoofmomente wat ná 1994 'n beslissende invloed op die gang van die kerk uitoefen, word uitgelig.

#### 1.4.1.3 Hoofstuk 3

'n Hermeneutiese interpretasie van die ampsbeskouing vanuit die tradisie word gedoen binne die toepaslike raamwerk daarvan in 'n *communitas*-fase. Tradisionele bande met die ampstradisie word ondersoek om die invloed daarvan op die leierskap in die NG Kerk te bepaal.

#### 1.4.1.4 Hoofstuk 4

Onderzoek word ingestel daarna of daar paradigmaskuiwe plaasgevind het ten opsigte van die amp van die predikant in die huidige laat *communitas*-fase. Tydsgebonde karaktertrekke oor leierskap kom in samehang hiermee aan die orde.

#### 1.4.1.5 Hoofstuk 5

Hierdie hoofstuk vors visioenêre leierskap as rigtinggewende strategie in 'n laat *communitas*-fase in die NG Kerk na.

#### 1.4.1.6 Hoofstuk 6

In hierdie hoofstuk word 'n bediening struktuurmodel ontwerp wat as ondersteuningsmeganisme vir die identiteit en funksionering van kerkleiers moet dien. Die model is daarop ingestel om paternalistiese leierskapstrukture te vervang in 'n ontwerp met 'n demokratiese styl eie aan die unieke Suid-Afrikaanse kerklike situasie. Die getransformeerde omgewing waarin die NG Kerk funksioneer, word in ag geneem as daar in die ontwerp uitklaring kom oor die leierskap-identiteit van die predikant binne spanverband in die gemeente.

#### 1.4.1.8 Hoofstuk 7

Sintese

# Hoofstuk 1

## 'n Kontekstuele analise van gebeure voor en tydens die *communitas*-fase wat na 1994 in die Suid-Afrikaanse samelewing tot stand gekom het

### 1.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk definieer en ontleed enkele ekklesiologiese aspekte van die gebeure in Suid-Afrika vóór en ná die regeringsverandering in 1994 en die effek daarvan op die NG Kerk.

Die keuse van gebeure wat bespreek word, is kontekstueel funksioneel in die bedienings milieu van die NG Kerk. Uiteraard kan die ondersoek nie die hele spektrum van gebeure binne die kerk in die breë dek nie. Gegewens wat ondersoek is, is selektief, maar het 'n bepaalde invloed op die daaglikse lewens van kerklidmate. Die huidige *communitas*-fase duur al ongeveer vyftien jaar, wat daarop dui dat 'n nuwe *societas*-fase binnekort betree sal word. In die lig hiervan stel dié navorsing 'n bediening struktuurmodel voor wat as oorgang kan dien na die volgende *societas*-fase ten einde in die komende herintegrasie-fase aan kerkleiers 'n vaste identiteit en funksie te verleen.

Met die post-apartheidsera wat ná 27 April 1994 in Suid-Afrika aanbreek, bevind die NG Kerk haar te midde van die woelinge in 'n totaal nuwe politieke bedeling. Dié omwenteling stuur die Suid-Afrikaanse samelewing en die NG Kerk noodwendig in die rigting van snelle verandering omdat byna elke aspek van die samelewing ingrypend daardeur geraak word. Tekens hiervan is, onder andere, groter mobiliteit, migrasie uit die platteland, godsdiensgelykstelling, mondigheid, anonimiteit, gelykskakelende verhoudinge, nuwe kultuursituasies en 'n versnelde proses van sekularisasie, waarmee die kerk vandag rekening moet hou. Nelson Mandela word die eerste swart president van die land en vir die eerste keer het alle inwoners stemreg. Meerderheidsregering is ingestel en 'n Handves van Menseregte vorm die basis van die regstelsel. Die magsbasisse binne die land is ingrypend herskommel.

In die proses is die politieke mag onherroepelik uit die hand van die blanke Afrikaner geneem. Die toekoms van die Afrikanerkultuur en die Afrikaanse taal het onseker geword in die nuwe demokratiese, nie-rassige en nie-seksistiese staatsbestel. Die regeringstipe is liberaal. In die begrip *liberale demokrasie* lê daar 'n lewens- en wêreldbeskouing opgesluit waarin individuele vryheid die hoogste prioriteit geniet (Durand 2002: 9-15). Hierdie veranderinge het die blanke Afrikaner in volk- en gesinsverband diep geraak. (Vergelyk ook Du Toit, 1999.)

Die blanke Afrikaner moes afstand doen van 'n leidende rol in die landsregering en met al die ander voorheen benadeelde volksgroepe meeding om 'n plek in die gemeenskap. Regstellende aksie is ingestel met die gevolg dat mense in posisies aangestel is op grond van kleur en vorige *benadeling* of *struggle*-ervaring, al het hulle nie die opleiding of bevoegdheid vir die betrokke poste gehad nie. Ongelukkig het dit daartoe gelei dat infrastrukture vinnig begin verval het: paaie word nie na wense in stand gehou nie; watersuiwering is 'n probleem; munisipale dienste word nie

doeltreffend gelewer nie; daagliks word nuwe gevalle van korrupsie op groot skaal blootgelê; nepotisme is alledaags; mediese dienste en onderwys het in duie gestort; geweld en misdaad het handuit geruk. Uiteraard het dit tot groot ontnugtering gelei, met die gevolg dat daar tans ernstige tekens is van die ontwikkeling van 'n neoklassisme.

Op die politieke sosio-maatskaplike terrein het die rol en taak van die NG Kerk ingrypend verander. Baie politici in die vorige regering was lidmate van die NG Kerk. Dit het uiteraard aan die kerk 'n besondere status, invloed en mag verleen aangesien kerkleiers op baie regeringsvlakke direk en indirek inspraak gehad het. Binne die veranderde situasie moet die kerk nou 'n nuwe dialektiese houding van kritiese solidariteit met die politieke gang en owerheid van die dag vind, ten einde 'n morele rolspeler te bly. ('Politiek' moet hier verstaan word volgens die definisie van Heyns naamlik: '(n) *sistees van norme en handelinge waarvolgens die bestuur van die staat plaasvind, en die politieke party as die georganiseerde en vaste struktuur waarin met dié vorme omgegaan en dié handelinge voltrek word.* (Heyns 1977:220). Die politieke veranderinge in Suid-Afrika het die kerk diep in haar poging tot vernuwing ten einde relevant te bly, aangetas. Tekens van herskikking en aanpassing begin nou in enkele gemeentes sigbaar word.

Uiteraard kan die kerk binne 'n *communitas*-fase kies om lidmate bloot op neerdrukkende wyse te waarsku teen al die booshede van die dag en asketiese onttrekking aanbeveel. Boon se stelling (1970:185) moet egter ter harte geneem word: *Daarby zij onmiddellijk met nadruk gezegd, dat deze vreemdelingschap nooit mag worden verward met een zelfgekozen isolement, waarin kerken zich soms eigenmagtig terugtrekken uit de verbanden van de samenleving en zich al doende aan haar verantwoordelijkheid voor de samenleving onttrekken. Integendeel, vreemdelingschap in bijbelse zin betekent juist: leven in solidariteit met en verantwoordelijkheid dragen voor de samenleving.* Daar moet egter veel eerder gesoek word om deur die werksaamhede van die kerk die gevoel van vervreemding teë te werk en nuwe sin aan die lewe van gelowiges te gee binne die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing. Tot dusver het die kerk(leiding) in hierdie opsig teleurgestel.

Die boodskap van die Bybel moet nie buite die huidige samelewingskonteks interpreteer word nie. Karl Barth het tereg daarop gewys dat die Bybel en die koerant hand aan hand gelees behoort te word.

Die navorsing in hierdie hoofstuk fokus op die volgende kontekstuele aspekte:

- 'n *Communitas*-fase is 'n oorgangstydperk wat herrangskikking vra. Dit beteken dat daar van punt A na punt B beweeg word. Om B beter te verstaan, is dit nodig dat A ontleed word. Om dit te doen en uiteindelik in staat te wees om die kernhipotese te toets, word 'n oorsig gebied oor enkele geskiedkundige gebeure in die ontwikkeling en bestaan van die NG Kerk voor 1994.
- Die verandering van regering in 1994 is die waterskeidingsmoment wat punt A afsluit. Punt B begin hier. Met ander woorde, die NG Kerk verkeer tans in nuwe omstandighede waarin 'n sinvolle bediening moet realiseer: die kerk is in hierdie opsig steeds op weg.
- Die NG Kerk was vir 'n tyd lank nie aktief betrokke by verandering in Suid-Afrika nie. Inligting hieroor is grotendeels deur die media versprei.

*Kerklidmate het in koerante oor kerklike vraagstukke gelees wat hulle ten nouste raak. Omdat nie almal toegang tot Sinodale korrespondensie en studiestukke het nie en die Kerkbode 'n beperkte lesersgetal het, is die diskoers grootliks in die pers gevoer.*

- Die kerk het nie daarin geslaag om antwoorde op aktuele vrae te kontekstualiseer nie. Lidmate is verwar en oor baie kerklike aangeleenthede waaroor die media melding gemaak het, in die duister gelaat. Die Afrikanervolk het die *communitas*-fase leierloosheid inbeweeg, met ingrypende gevolge nie alleen vir die volk nie maar ook vir die NG Kerk.
- Die post-moderne (na-wetenskaplike, na-christelike) gemeenskap, het gaandeweg hulle inhibisies om hul standpunt oor kerklike sake in die openbaar te stel, afgeskud. Die korrespondensiekolomme van koerante wemel die afgelope tyd van briewe waarin lidmate hul frustrasie oor gemeentes en die kerk in die algemeen sterk uitspreek.
- Dit word beraam dat daar sedert 1994 een miljoen blanke Suid-Afrikaners die land verlaat het, meestal jong professionele persone. Dit het 'n beduidende invloed nie alleen op die land se ekonomie nie, maar ook op die kerklike gemeenskap (Vergelyk ook Le Roux 2001).
- Om te bepaal hoe die NG Kerk in só 'n tyd funksioneer en bedien moet daar indringend gekyk word na sommige van die basiese beginsels waarop die kerk rus.
- Hierdie studie het bevind dat die kerk op pad is na die volgende kerklike *societas*-fase.
- Daar moes dus nou reeds prosesmatig op strategiese vlak gesoek word na stabiliteit binne die kerklike kring na eiesoortige, gemeente-gerigte bediening struktuurmodelle met die doel om kerkleierskap in 'n herintegrasie periode te ondersteun.

## 1.2. Anatomie van oorgangstye

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat Suid-Afrika in 'n oorgangstadium, 'n *communitas*-fase verkeer en dat dit die NG Kerk ingrypend raak. Terselfdertyd word daar beweeg in die rigting van 'n nuwe *societas*-fase, waarvoor die kerk nou reeds strategies moet beplan.

In tye wanneer dit goed gaan, is dit moeilik om aan sekere dinge binne die kerk te verander. Mense is nie geneë tot verandering as daar nie een of ander dringende stimulus is om verandering teweeg te bring nie. Daar moet 'n behoefte aan verandering wees. In tye van voorspoed is veranderinge in 'n gemeenskap gewoonlik nie baie drasties nie, dit raak nie die bestaanwese van mense nie. In die organisasieteorie staan sulke gebeure bekend as *gevriesde tye*. Oorgangstye bevorder *ontvriësing* en laat dinge weer vloeibaar word, sodat verandering kan plaasvind.

Burger (1995:18) wys daarop dat die kerk in oorgangstye daarop ingestel moet wees om die stem van die Here te hoor sodat gelowiges verandering en krisisse nie beleef as buite God se handeling met hulle nie. Volgens Burger vind verandering makliker in sulke tye plaas omdat mense met groter erns na God se doel met hulle lewens soek en dikwels ervaar dat Hy herskeppend en vernuwend veranderend met Sy kerk besig is. In die Bybel is daar etlike voorbeelde van sulke oorgangstye.

Die Ou Testament beskryf die woestyntog juis as so 'n oorgangstyd in die lewe van die volk Israel. (Vergelyk Hosea 2:13-14.) Die optrede van die Israëliete was op God se handeling met hulle gerig. Tydens die uitmergelende tog het die Here hulle gevorm om hulle uiteindelik in die beloofde land te bring. Die tog deur die Sinaï was 'n sirkelroete met 'n moeilik verstaanbare doel: die volk moes aan God diensbaar word. Oorgangstye kan beskou word as die kraamsaal van die toekoms waartydens die Here sy volgelinge ryklik seën.

Wanneer dit met die kerk goed gaan, skyn dit dat leerstellinge, beskouings, gebruike en liturgieë in beton gegiet is – dus as onaantasbaar beleef word. Byvoorbeeld, dele van Belydenisskrifte wat nie meer volledig verstaanbaar (of van toepassing) is soos wat dit dekades gelede geformuleer is nie, word week na week in die erediens voorgelees. Die kerk (predikante) skyn antwoorde te hê op alles; sonde word maklik in 'n *kassie* geplaas; en die kerk in die breë is die *tugmeester* van die samelewing. Hierteenoor skud oorgangstye aan baie tradisionele sekerhede binne die kerk: in die lig van die nuwe omstandighede en getuienis gaan daar dikwels nuwe lig op oor baie sake. Daar word nuut gedink oor *waarheid*. Soos 'n straal wit lig wat in 'n reënboog van kleure versplinter wanneer dit deur 'n glasprisma gestuur word, kom gelowiges tot die verrassende en verrykende ontdekking dat die Lig (Waarheid) meer fasette het as wat aanvanklik gemeen is wanneer dit binne 'n nuwe konteks beskou word.

Teologie as vakwetenskap ervaar tydens 'n *communitas*-fase dikwels dat dit nooit volkome vry is om onbevange as wetenskap beoefen te kan word nie. Konvensies en onderdrukkende beheer van 'leerpuriste', (*in die sin van wat is die ware dogma vir die kerk?*) demp ontwikkeling en vertolk verruimde denke maklik as dwaling, skryf professor Julian Muller in **Die Kerkbode** (10 November 2006). Hy pleit dat die teologie ophou om vir mense vanuit reeds geformuleerde standpunte voor te skryf hoe hulle oor hulleself, oor die wêreld en oor God behoort te dink. Volgens die wet in die model van Victor Turner, word teologiese denke wel in oorgangsfases verruim sodat nuwe insigte oor Bybelwaarhede wel kan inslag vind in opvolgende *societas*-fases.

Daar moet kennis geneem word dat 'n gevestigde en sterk geïnstitusionele samelewing vinnig ontwig word en bedreig voel wanneer groot veranderinge aangebring word. Veiligheid lê in die gewone verloop van die *stelsel* met sy strukture waarbinne daar met sekerheid beweeg kan word. Wanneer hierdie strukture wankel, veroorsaak dit groot onsekerheid: mense soek na substitute. In sulke omstandighede is die kerk geneig om laer te trek.

Na die gebeure van 1994, is dié soort reaksie in die Suid-Afrikaanse samelewing te wagte. 'n Deel van die bevolking het die oorgangsfase as die afbreek van 'n vaste en veilige struktuur beleef. Ander groepe het egter met opwinding begin uitsien na 'n nuwe tydvak. Terugskouend, lyk dit asof die NG Kerk leierskap huiwerig was om nuwe spore te trap in die veranderde omstandighede - om verstaanbare redes. Die geskiedenis van die kerk is so diep in die kulturele en samelewingstendense verweef, dat 'n opheffing van die simbiose tussen kerk en staat op baie vlakke traumaties was.

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die verduideliking wat Victor Turner gee oor gebeure in 'n oorgangsfase. Omdat die NG Kerk onlosmaaklik verweef is aan die land en die Afrikaner, moet daar noodwendig gekyk word na enkele ingrypende samelewingsgebeure, met die vraag oor hoe dit die NG Kerk raak. Om die identiteit

van die kerk en die leiers van die kerk in die Suid-Afrika na 1994 te probeer begryp en te definieer, moet rekening gehou word met gebeure in die geskiedenis van die kerk wat die huidige stand van leierskap in die NG Kerk grootliks verklaar.

### 1.2.1. Kenmerke van 'n oorgangsfase: Turner se model

Die kulturele antropoloog, Victor Turner, het 'n model ontwerp waarvolgens hy oorgangsfases definieer. Hy onderskei tussen 'n *societas*- en 'n *communitas*-fase:

- 'n *Societas*-fase is 'n vaste en veilige gestruktureerde samelewingsvorm.
- 'n *Communitas*-fase, daarenteen, dui op 'n samelewingvorm/verskynsel wat informeel, onseker en minder gestruktureerd is.

Die *societas*-fase dui op 'n voorspoedtydperk van 'n samelewing of 'n groep. Groei, vooruitgang, geordendheid en goeie struktureer kenmerk so 'n tydperk. Groepslede het in hierdie fase positiewe toekomsverwagtinge en ervaar 'n gevoel van sekerheid en geborgenheid. Burger (1995:25) wys daarop dat die Ryk van Dawid in die Ou Testament so 'n *societas*-fase verteenwoordig. Wanneer 'n samelewing beheer oor homself het, ontwikkel struktuur en vaste orde in 'n netwerk van stelsels en funksies. Daar moet egter daarop gewys word dat die gevare van 'n burokrasie in so 'n tydperk 'n wesenlike gevaar is.

Die *communitas*-fase is die teenoorgestelde van 'n *societas*-fase. Dit is 'n tyd wat by uitstek gekenmerk word deur onsekerheid en oorgang. Turner (1967:93) praat van die *anti-structure* in so 'n tyd omdat gestruktureerdheid plek maak vir 'n gang-van-die-dag hantering van situasies. Dit is 'n tyd waarin nuwe waardes geformuleer word wat uiteindelik weer strukture word en lei tot die vorming van 'n nuwe *societas*-fase. Dekonstruksie en degenerasie is kenmerkend van hierdie fase. Ordeninge en geïnstitutionaliseerde gedragstelsels wat in 'n *societas*-fase redelik goed gewerk het, is moontlik in 'n *communitas*-fase glad nie doeltreffend nie. Die tipiese ervaring wanneer daar van die een fase na die ander toe oorbeweeg word, is dat alles wat bekend en goed voel, ineenstort. Burger (1995:27) is van mening dat die seën van die Here in *communitas*-tye soms baie meer sin het as in die gemaklike en gerieflike *societas*-tye.

### 1.2.2 Turner se beskrywing van fases:

#### (a) *Societas*-fase:

- Voorspoedtyd
- Gestruktureerde verbande
- Orde en reëls
- Fokus op rolle en funksies
- 'n Hiërargie van status
- Gevoel van geborgenheid

#### (b) *Communitas*- fase:

- Oorgangstyd
- Ongestruktureerd
- Min vaste reëls
- Fokus op mense en verhoudings
- Groter gelykheid tussen mense
- Gevoel van onsekerheid




Turner (1974:23-59) beskryf oorgang as 'n *social drama* wat plaasvind wanneer daar vanuit die *societas*-fase beweeg word:

- Daar kom 'n afbreekmoment waarin 'n onomkeerbare beweging na die *communitas*-fase begin (*breach*).
- Die werklike krisis wat die momentum inisieer vind plaas (*crisis*).
- Die lang herrangskikkingsfase begin (*redressive action*).
- Die herintegrasiefase begin (*reintegration*).
- 'n Nuwe *societas*-fase ontstaan

Hierdie momente is tydens die gebeure moeilik begrensbaar, maar kan ná die tyd duidelik ontleed word.

Turner bied die volgende skematiese voorstelling van gebeure tydens die verskillende fases:



In die Suid-Afrikaanse konteks dui hierdie fases op:

- Ekklesiologiese gebeure vóór 1994 wat met die onderhandelinge tussen die vorige regering en die ANC by die World Trade Centre in Kempton Park tot 'n hoogtepunt gevoer word
- Die verkiesing van 1994 en die realiteite van die regeringsverandering
- Die fase van sosiale en maatskaplike veranderinge na 1994
- Herintegrasie as 'n proses waaraan die NG Kerk deel het deur byvoorbeeld kerkhereniging, nuwe bedieningsmetodiek, bediening struktuur-modelle en gedefinieerde leierskapsidentiteit.


Arbuckle (1993:36) 'n katolieke teoloog wat ook 'n kulturele antropoloog is, het bovermelde model van Turner as volg vir Christelike gemeenskappe aangepas:

- Eerstens is daar 'n skeidingsfase waarin die gemeenskap van die ou situasie losgeskeur word.
- Tweedens vind die werklike *communitas*-fase plaas waarin dinge uit die *societas*-tyd gerelativeer word. Geordende strukture ontbreek, terwyl die gang van dinge redelik ongeorden is. Dit is die tyd van die *limen*, die *oorsteek van die drempel na die ander*. In hierdie tyd ontwikkel nuwe energie en stimuli.



- Die derde fase is die een van herintegrasie en hersamestelling. Die aanbreek van 'n nuwe *societas*-fase is nou voor die handliggend.

### 1.2.3 Arbuckle se model:



Dit is belangrik om daarop te let dat in 'n *communitas*-tydperk, waarin 'n klomp negatiewe ervarings en ontwrigting plaasvind, daar ook 'n aantal positiewe dinge gebeur. Die energiepunke is geskakel met die wegval van die vaste hiërargiese orde wat die geïnstansionaliseerde *societas*-tyd gekenmerk het (Burger 1995:31).

Arbuckle noem hierdie *communitas*-fase die *limenliteit*-periode, wat gekenmerk word deur die volgende faktore wat energiepunke is (ook grenservarings genoem):

- Daar is 'n nuwe soeke weg van strukture na verdiepte verhoudings.
- 'n Selfondersoekende inkeringsproses vind plaas, met 'n verdiepte spiritualiteit en Godsbesef.
- Die kreatiewe invloed van grens, of drempelervarings word beleef.
- Introspeksie vind plaas, wat lei tot 'n nuwe verstaan van die self, die wêreld en van die sin van die lewe (Burger 1995:31).

In die lig van die eerste punt wat Arbuckle noem, moet daar juis gesoek word na bediening struktuurmodelle wat tydens en na die limen as ondersteuningsmeganisme moet dien ten einde die identiteit van gemeenteleierskap en gemeentebestuur te reïntegreer. Sodoende kan daar beweeg word in die rigting van die volgende (nuwe) *societas*-fase. Die navorsing stel die hipotese dat eiesoortige strukture binne die bestuur van die kerk en die definiëring van haar taak tot meer stabiliteit sal lei binne die woelinge van 'n *communitas*-fase. Dit sal lei tot die oorsteek van die *limen*, wat herintegrasie aan die hand werk.

Arbuckle meen dat daar drie belangrike fases is wat tydens die *communitas* onderskei kan word (1993:46; vergelyk ook Arbuckle 1991).

- Die afskeid- of breukfase (*separation*),
- Die werklike oorgangsfase (*liminality*),
- Die herintegrasiefase (*reaggregation*).

Hy maak 'n aantal belangrike opmerkings oor 'n *communitas*-fase:

- Individue interpreteer 'n oorgangsfase gewoonlik beter as die massa.
- Nie almal word ewe veel deur 'n oorgangsfase beïnvloed nie.
- Daar is 'n verskil tussen die belewenis van ryk en arm mense.
- Die *limenliteit*- fase word gekenmerk deur angsk en vrees waarin talle mense verkies om hulle buite die bedreigende situasie te stel. Dit is ook algemeen bekend dat wanneer die vrees-emosie deurgewerk is, daar sowel nuwe moed en kreatiwiteit as 'n nuwe groeifase ontstaan.
- In die fase van herintegrasie word die positiewe belewenisse tydens in die *communitas*-fase geïnternaliseer en deel gemaak van die nuwe *societas*-fase wat aanbreek.
- *Communitas*-fases kan ten spyte van negatiewe reaksies aan die begin daarvan, baie positiewe resultate tot gevolg hê in die kreatiewe fase wat later aanbreek en lei tot die nuwe *societas*.
- Binne 'n *communitas*-fase is dit noodsaaklik dat die kerk haar lidmate nader trek en hulle onsekerhede binne die *koinonia* van die gemeente akkommodeer. Vertrouende en opbouende verhoudings is 'n faktor wat nuwe sekerhede help vestig. Oorgangstye laat status verval en mense ontmoet mekaar op 'n meer gelyke basis.
- Die inkeringsproses wat tot 'n verdiepte spiritualiteit lei, dwing mense soms om nader aan hulle self, die ware ek, te lewe. 'n Onseker toekoms lei mense ook om te soek na die ankers van hulle lewens.
- Die limenliteit van die derde fase dwing mense om grense oor te steek. Dit is 'n bevrydende en kreatiewe fase. Op hierdie weg, aan die ander kant van die gewone grense van bestaan, word alles nuut. In die Suid-Afrikaanse situasie beteken dit dat baie mense, veral uit die bevoorregte gemeenskap, in 'n nuwe fase inbeweeg waarin hulle nuwe ankers moet vind om sin aan hulle eie bestaan te gee.
- 'n Oorgangsfase hou uiters implikasies vir die bestaanstyl van 'n gemeente in. Die bediening en inhoud van die erediens word radikaal deur 'n *communitas*-fase geraak. Eredienste sal byvoorbeeld baie meer persoonsgereg moet wees: persoonlike verhoudings moet beklemtoon word om mense tuis te laat voel. Oorgangstye kan mense van die kerk vervreem indien hulle nie meer in die erediens tuis voel nie. Burger (1995:52) wys tereg daarop dat die styl van die liturgie van 'n strak en metodiese model na 'n meer ontspanne een moet verander om lidmate se deelname en aandag te behou. (Vergelyk Marcel Barnard 2006, Paul Oskamp en Niek Schurman 1998.) In 'n oorgangsfase het mense behoefte aan 'n meer gemaklike en informele styl, omdat dit hulle in staat stel om gemakliker met ander lidmate om te gaan en aan te pas by verandering in die kerk. 'n Belangrike aspek van die leraarsamp in 'n oorgangstyd, is die priesteramp: indien dit uitgeoefen word, bied dit aan lidmate 'n gevoel van geborgenheid. Kerke waarin daar in die verlede groter klem op die profete-amp gelê is as op die priesteramp, ervaar dat van hulle lidmate gemeentes gaan opsoek waar die priesteramp sterk figureer.

Binne die oorgangsfase in die Suid-Afrikaanse samelewing het baie van bogemelde gebeure gerealiseer. Ongeveer een miljoen Suid-Afrikaners het reeds tydens die *limen* die land verlaat omdat hulle na 'n meer stabiele toekoms soek. Tydens 'n *communitas*-

fase lyk dit asof daar oor 'n groot deel van die samelewing 'n skemerte, of selfs 'n donkerte, toesak. Die helder ligkol waarbinne gelowiges in 'n *societas*-fase gemaklik en ontspanne geleef het, krimp in 'n *communitas*-fase. Persone word uit die veilige sisteem gedruk en beland op plekke waar hulle nie wil wees nie (Burger 1995:102). Baie beleef erge traumatiese omstandighede deurdat vastighede en sekerhede (soos werk en inkomste) ontnem word. De Klerk (2000:13) beskryf hierdie oorgangsituasie in Suid-Afrika besonder treffend as hy verwys na die blanke Afrikaner se verlies van mag en status, en die belewenis van morele verval ná 1994. Hy wys op voedingsbronne wat krimp ten opsigte van onderwys, godsdiens, verenigingslewe en die beroepslewe. *Die Afrikaanse pottebakkers verdwyn, die kruike bars, die inhoud van Afrikaanse kultuur versand en die hele Afrikaner aksie word irrelevant* (De Klerk 2000:13).

### 1.3 Bevrydende post-moderne denke

Hierdie studie verwys na 'n post-moderne samelewing en nie 'n post-christelike samelewing soos Du Rand (2002:270) voorstel nie. Die post-moderne tyd word geassosieer met evolusionêre ontwikkeling waarin definisies moeilik formuleerbaar is en die denkstruktuur vele fasette insluit (Du Toit 2000:51). Dit is 'n tyd waarin daar groter waardering is vir emosie en intuïsie. Die mens van ons dag wil innerlik meer geïntegreerd lewe (Nicol 1996:14). Die huidige tydsfase is onseker en baie waarhede uit die tradisie word as relatief beleef. (Vergelyk ook Giddens 1994.) Dat vrae op 'n nuwe wyse gestel word, dui daarop dat die tyd nie slegs op ervaring, emosie en verhoudings fokus nie. 'n Voorbeeld hiervan is die teologiese nadenke van Adrio König in **God waarom lyk die wêreld só?** Ou waarhede word radikaal herinterpreteer wanneer hy die kernvraag vra: *Kan ons sê: God is in beheer en hoe is Hy betrokke?* (2002:18). Dit is die vraag waarmee die mens van ons dag worstel.

Die groot veranderinge in die land sedert 1994 het post-moderne denke versnel en 'n meer vrydenkende kerkgemeenskap tot stand laat kom. In die proses het daar 'n duidelike skeidslyn gekom tussen tradisionele en vernuwende denke. Van Niekerk, (2005:23) wys daarop dat een van die belangrike positiewe bydraes van die post-modernisme 'n groter vryheid van denke sonder die vrees vir sosiale verwerping is. Daar is groter vrymoedigheid om dialoog te voer. Een van die beklemmende dinge van die ou bedeling (apartheidstelsel), skryf hy, was dat die Afrikaner min gespreksgeleenthede gebied is. Mense was sku om uiting aan persoonlik opinie te gee. Apartheid was 'n outoritêre stelsel wat sterk op intimidasie en vrees staatgemaak het om mense *in die laer te hou*. Andersdenkendes is afgesonder, uitgeskuif en geëtiketteer. Dit was veral waar in die NG Kerk. Die kerk is afgesonder en moes dekades lank na binne leef en put uit eie en oorgelewerde tradisie vanuit haar wordingsgeskiedenis.

Binne die NG Kerk het die *communitas*-fase, verskerp deur die post-modernisme, 'n veel groter ruimte vir vrye spraak gebring. Dit is vandag moontlik om vernuwend te dink en praat oor oorgelewerde geloofstradisies en leerstellinge van die gereformeerde teologie. Terselfdertyd raak die Suid-Afrikaanse samelewing egter ook toenemend gesekulariseer. Die impak hiervan moet nie onderskat word nie: dit dra waarskynlik ook by tot die vrye en liberale denke van ons dag (Burger 1995:15). Hierdie studie lê klem op die positiewe aspekte van die post-modernisme, met inagneming van die negatiewe. Voorbeelde van die negatiewe is, byvoorbeeld, die relatiewiteit van

waarheid en die onsekerheid wat post-modernisme tot gevolg het. (Vergelyk Adam, 1995, se skrywe oor Post-moderne kritiek oor die Bybel.) Daar moet egter onthou word dat fundamentaliste geneig is om hulle in 'n oorgangstyd as die *polisie van die suiwere leer* aan te stel (Muller, **Die Kerkbode** 10 November 2006).

Aan die begin van die twintigste eeu was daar groot verwagtinge van die kerk. Dit is gestimuleer deur die ekumeniese beweging wat kerke wêreldwyd opgeroep het tot groter getuienislewering. 'n Eeu later kan daar met stelligheid gesê word dat die kerk (veral die meer tradisionele kerke) vinnig besig is om tot 'n onbeduidende randverskynsel uitgeskuif te word. Johan Heyns (1977:1) het dit reeds dertig jaar gelede uitgewys. Oor 'n breë spektrum lyk dit asof die impak van die erediens afneem. Jongmense woon minder eredienste by, soms net op spesifieke plekke of in spesifieke gemeentes, en daar is nie meer by lidmate onvoorwaardelike lojaliteit aan hul gemeentes nie. Waarneming van die praktyk laat geen ander konklusie nie as dat die ou kerklike tradisie in 'n doodloopstraat is nie.

Die bevrydende post-moderne denke spoel soos 'n vloedgolf oor die kerk en dring haar tot teologiese vernuwing. Die rol van die kerk en sommige leerstellinge uit die verlede word bevraagteken; so ook die geloofwaardigheid van die kerk. Literatuur weerspieël verwarring en sinisme ten opsigte van godsdiens in die algemeen en die rol van die kerk in besonder. Kerklidmate is onseker oor tradisionele, geïkoneerde gebruike en leerstellings en plaas dit skerp onder die soeklig. In sommige gevalle lei dit tot 'n geloofskrisis: God is besig om te verdwyn uit die daaglikse lewe van die gemeenskap. Nuwe denke daag tradisionele leerstellings tot debat en die gevestigde kerk val half panikerig rond in haar pogings om die onbehaaglikheid van lidmate te besweer. (Vergelyk in hierdie verband ook Tony Jones **Postmodern Youth Ministry** 2001, oor die invloed van die postmodernisme op die jeug in die huidige tyd.)

Uniek aan Suid-Afrika is hierdie situasie nie. Dit lê in lyn met die Europese ervaring waarvan Gerben Heitink skryf in sy afskeidsrede in 2004 aan die Vrije Universiteit van Amsterdam: *Een laat moderne kultuur gaat over in wat we postmodern zijn gaan noemen. De omvattende ideologieën, theorieën en oplossingen zijn weggeval en daarmee raakt het bewustzijn meer en meer gefragmenteerd. We moeten het doen met deeloplossingen en deelwaarheden, en scherven brengen niet altijd geluk.* Heyns vra reeds in 1977 watter sin kerklike uitsprake nog het indien daar verkondig word dat dit nie regtig meer nodig is om na die stem van die kerk te luister nie. Hy sê ook dat daar 'n ander kant van die saak is. *'n Afdoende antwoord op al die ongeduldige vrae oor die kerk, sy wese en funksie, sy oorsprong en bestemming, sy noodsaaklikheid en grense, op al die voorgestelde suggesties oor die toekomstige gestalte van die kerk en sy sosiaal-maatskaplike en veral politieke taak in ons moderne samelewing kan alleen gegee word as die antwoorde kom met die gesag van die Woord* (Heyns 1977:1-3).

Van Niekerk (2005:25) is van mening dat die kerk se hermeneutiese hantering van baie Bybelgedeeltes eenvoudig nie meer vir die een en twintigste eeu (post-moderne tyd) van pas is nie. Hier word verwys na, byvoorbeeld, die interpretasie van die maagdelike geboorte, kruisiging van Jesus, Sy begrafnis, die opstanding en die godheid van Christus en die kerklike leer oor sonde as erfsmet. Hy wys daarop dat die groeiende getal lidmate buite die tradisionele kerke in Suid-Afrika nie noodwendig Godvervreemd raak nie, maar op ander maniere uiting aan hulle geloof gee omdat hulle 'n godsbehoefte het, maar nie meer noodwendig saamstem met die

*sekerhede en onveranderlike vastighede* en wyse van Woordbediening in die kerk soos deur baie jare toegepas. Skrywers soos Tabor, (2006:199-205; geboorte van Christus) Baigent, (2006:129-131; kruisiging) en Jacobovici & Pellegrino, (2007:245; begrafnis), waag om radikale nuwe standpunte oor Jesus en sy familie in teestelling met die tradisionele gereformeerde beskouinge te stel. Hierdie skrywers se boeke word gelees deur lidmate en bring onsekerhede by hulle.

Jamieson (2002:50-55) troos die tradisionele kerke wanneer hy in sy navorsing bevind dat dit nie net hulle is wat hiermee sukkel nie, maar ook charismaties-georiënteerde groeperinge. Ook by laasgenoemde verlaat byna net so baie lidmate die kerk deur die agterdeur as wat deur die kerklike voordeur instroom. Kerkleierskap sal juis op hierdie *Churchless Faith* (dit is die gelowiges wat die kerk verlaat) attent gemaak moet word. Hierdie mense moet op een of ander manier ‘teruggelei’ word. In die meeste NG Kerke is die roeping om verloopte lidmate terug te wen maar laag op die agenda. Met die ‘Spannenberg-verhoor’ in Pretoria, was dit uit verslae en kommentaar duidelik dat daar steeds in die NG Kerk ’n inkwisisie-mentaliteit skuil. Andersdenkendes word nie geduld nie. Met *Te Deus laudimus*-gesange (soos die danklied wat die monnike aanhef toe hulle Salvonarola op die markplein van Bologné verbrand) word hulle tot kerklike ballingskap gedwing.

Die Skrifgedeelte oor die verlore skaap is ’n pragtige verhaal, maar word nie ernstig toegepas ten opsigte van gelowiges buite die kerk nie. Jamieson (2002:25) wys daarop dat die pastore van charismatiese kerke ook nie ywerig is om besoeke by hierdie *uitgeloopte* lidmate af te lê nie. Dit is veel makliker om hulle nie te besoek nie as om daadwerklike pogings aan te wend om binne die kerk aan hul behoeftes te probeer voldoen. Baie van hierdie mense voel dat hulle nie geestelik kan groei deur jaar na jaar in eredienste bloot na ‘kapstokpreke’ aan die hand van gedramatiseerde vertellings van oorbekende ‘Sondagskoolverhale’ te luister nie.

Die nuwe generasie geestelik volwasse gelowiges buite die kerk is nie meer tevrede om te luister na die morele lessies van baie predikers nie. Hulle staan skepties oor die wonderwerk-krukke-ophang-kerke. Uitsprake van kerkleiers word sorgvuldig geweeg en soms met sinisme verwerp. Hulle aanvaar (verstaan) dit byvoorbeeld nie as kerklike leiers soos Bill Hybels oor die daarstel van ’n visie sê: *sometimes a vision comes like an epiphany, all at once – Bang – it’s there* (2002:33). Baie van hierdie kerkverlaters verlang innig om die stem van God te hoor en soek ernstig na Hom in hierdie post-moderne tyd, maar neem die ryke verbeeldingsvlugte van individue wat op buitengewone ervarings aanspraak maak met ’n knippie sout. Volgens Willem Nicol (1996:48-49) het die post-moderne mens ’n baie groot behoefte aan stilte en meditasie. Mense het behoefte aan innerlike ervaring, maar vind uitsprake soos byvoorbeeld dat die breek van ’n hoender ‘wensbeentjie’ die weg tot okkultiese betrokkenheid oopmaak, absurd.

Die post-moderne era vra ’n nuwe tipe kerkleierskap, asook rasioneel-gebalanseerde, gevoelvolle en indringende uitleg van die Bybel binne ’n deeglik nagevorsde konteks. Die mens van ons dag is naas die feit dat hy na binne keer, ook ’n skerp ontledende wese wat graag antwoorde soek op die talle dinge wat hy beleef. Naas ervaring, is daar ’n groot behoefte aan ’n intellektuele spiritualiteit, wat diep en innig vestig. Die opdrag van God aan die mens van die begin af was immers om oor die aarde te heers en dit te onderwerp. Post-moderne mense verwelkom die ontwikkeling van die



tegnologie en nuwe wetenskaplike kennis oor talle sake. Waarom moet die teologie stilstaan by die uitlegte van die plat-aarde kerkvaders van die vorige eeu? Kerkleiers het die reusetaak om te keer dat die slotte aan die deure van hulle kerke toeklap. Hulle sal die aangesig van die Here moet soek vir 'n godsdienstebelevenswaarde waarmee hulle *alle* lidmate (veral die post-modernes) kan lei tot aanbidding en geloofsvervulling. Laasgenoemde behels verseker nie bloot 'n *praise-en-worship*-mentaliteit nie.

Baie post-moderne NG kerklidmate vra, byvoorbeeld, hoe die NG Kerk apartheid skriftuurlik kon regverdig (dit was as Bybelse waarheid deur die Kerk voorgehou). Baie het ook min erg aan die tradisionele kenmerke van die 'ware' kerk, soos opgeteken in die Belydenisskrifte, Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelofte - Woordverkondiging, die korrekte bediening van die sakramente en die uitoefening van die tug (Polman Deel 2:180). Hulle is onseker oor sekere dele van die Apostolicum wat tradisioneel tydens die liturgiese handeling in die eredienste opgesê word, omdat hulle wêét dat die Skrif nie leer Christus na die 'hel' neergedaal het nie. So ook wil hulle nie die 'opstanding van die vlees' hardop bely as Paulus in 1 Korintiërs 15: 43-44 van die opstanding van 'n 'nuwe verheerlikte liggaam' praat nie. Die grootste soeke van mense in ons tyd is om 'n kerk te vind waar die prediking en aksies relevant is en hulle toegerus kan word om in hulle daaglikse lewe Christene te wees!

#### **1.4 'n Historiese interpretasie van enkele hoofmomente in die Suid-Afrikaanse kerklike samelewingkonteks voor en na 1994:**

In 'n *communitas*-fase wankel laaste bastions Die huidige post-moderne tyd grawe diep in die verlede in en moedig mense aan om te leer uit die foute wat gemaak is. Om enigsins te verstaan hoe die kerk vir die nuwe en hopelik meer stabiele *societas*-fase moet beplan, is 'n historiese terugblik oor gebeure nodig.

Die Afrikaner en sy kerk(e) is onlosmaaklik verbonde aan die geskiedenis van Suid-Afrika. Na die politieke omwenteling van 1994, word die geskiedenis herinterpreteer en bevind die NG Kerk haar in 'n fase waarin sy weer deeglik van die verlede kennis moet neem. Die verandering in Suid-Afrika was so drasties dat *vandag* nie sonder *gister* verstaan kan word nie.

Soos reeds vermeld, bevind die NG Kerk haar in 'n situasie waarin vrye denke en vernuwing as deel van die nuwe liberale demokrasie ontwikkel het. Baie Afrikaners wat hierdie gebeure as bedreiging beleef het, sien die kerk tradisioneel as 'n laaste bastion van sekerheid en onveranderlikheid. Dit vorm vir party ook die laaste laer vir verskansing teen die realiteite van die Suid-Afrika ná 1994. Baie mense is diep teleurgesteld met die kerk en verkwalik die kerk vir baie dinge. Kerkleierskap word daarvan beskuldig dat hulle traag uit die blokke kom, juis in 'n tyd wat so baie geleenthede bied. Lidmate is van mening dat die kerk vir die toekoms 'n nuwe leiersrol moet ontwikkel, binne die nuwe samelewing, los van die ou politieke bedeling. Dit lyk egter asof die tradisionele kerkmasjinerie eenvoudig net te lomp en te stadig is vir die vinnige buitebaanverkeer waardeur die kerk tans meegesleur word. Gerber en du Toit (amptenare van die kerk) word vinnig gerepudieer wanneer hulle probeer om antwoorde te gee oor dringende sake *voordat* die Algemene Sinodale Diensraad sake kon 'bestudeer'. Omdat baie Afrikaners tradisioneel 'n verweefde

kerklik tradisionele verbintenis het, is hulle nie in staat om die huidige *communitas*-gebeure op politieke, ekonomiese en maatskaplike vlak, heeltemal los van die kerk te verwerk nie.

### 1.4.1 Gebeure voor 1994

*Die navorsing noem enkele van die belangrike en invloedryke gebeure in die geskiedenis van die kerk en Suid-Afrika om 'n beter begrip te vorm van die huidige oorgangsfase. Die geskiedkundige feite oor kerkleierskap belig en bring begrip oor die tipe leierskap voor 1994, sowel as die skynbare lae-profiel versigtige leierskapstyl van die NG Kerk (tot op plaaslike gemeentevlak) in die huidige gevorderde communitas-fase.*

*Die geskiedkundige momente wat geselekteer is om as agtergrond ontleding te dien oor die verbintenis tussen die owerheid en kerkleierskap is:*

- Die gebeure met die koms van Jan van Riebeeck in 1652
- Die Groot Trek van 1938
- Die Anglo Boere-oorloë
- Die opkoms van Afrikaner Nasionalisme
- Vroeë leierskap in die NG Kerk

#### 1.4.1.1 Die koms van Jan van Riebeeck in 1652

Die Hervorming het aanhangers van die gereformeerde leer sterk laat toeneem in die Nederlande. Dit was hoofsaaklik hulle wat in 1568 met die Tagtigjarige Oorlog in verzet gekom het teen die Spaanse koning, Filips II, wat ook die heerser van die Nederlande was. Namate hulle daarin geslaag het om die juk van Spaanse oorheersing af te skud, het die belyers van die gereformeerde geloofsleer begin om hulleself kerklik te organiseer. Die invloed van die kerklike organisasie wat Calvin in Genève gevestig het, die *I'Eglise réformée*, het ook kerklike gebeure in Nederland beïnvloed. Diegene wat na die Hervorming in Nederland van die Rooms-Katolieke Kerk weggeskeur het, het hulleself 'Gereformeerde' genoem. Die naam is tot diep in die agtiende eeu in Nederland gebruik, soos blyk in die aanhef van die Acta van die Sinode van Dordrecht, 1618-1619.

Die organisasie en struktuur van hierdie kerk was geskoei op die patroon wat Calvin in Genève daargestel het. Basies was daar die amp van die doktors, die herders en leraars wat die Woordverkondiging moes doen, die opsieners of ouderlinge wat oor die handel en wandel van die gemeente toesig gehou het, en die diakens aan wie die versorging van die armes opgedra is. Die stelsel (behalwe die van die doktors) is deur die Nederlandse Gereformeerde Kerk oorgeneem en vind neerslag in Artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Die karakter van die kerk wat gevestig is, het nie van ander Calvinistiese kerke verskil nie. Die protestantisme was gewoond aan die stryd om leeroorlewing. Daar was egter ruimte vir andersdenkendes. *Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie feit ook van toepassing is op die kerk wat aan die Kaap geplant is.*

Die Nederlandse kerk het die standpunt gehandhaaf dat die kerk 'n baie nou verbintenis met die staat het. Dit is as die taak van die staat gesien om die kerk met haar plig by te staan. In hierdie uitgangspunt het iets van die Roomse Tradisie bly vassteek. Dit is verwoord in Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Aan die ander kant, het die staat weer verwag dat die kerk hom in sy taak moes bystaan. Gevolglik het politieke en kerklike belange dikwels ineenverstrengel geraak het.

Die opstand van die Nederlandse Calviniste teen die gesag van die Spaanse Koning het hulle na 1651 in amptelike gesagsposisies in die staatsdiens geplaas. Dit was die stand van die kerk-staat verhouding toe Jan van Riebeeck aan die Kaap geland het.

Die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap in 1652, word soms as 'n 'begin' of 'n 'gestuurdheid' vertolk. Die sowat 90 persone wat hom vergesel begin om 'n buitepos aan die Kaap te ontwikkel. Wanneer hy sowat tien jaar later in Batavia sterf, is 'n bedrywige buitepos aan die Kaap van Goeie hoop gevestig. In 'n onlangse publikasie skryf van Dijk (2006:104 e.v.) dat die geskiedenis van Suid-Afrika nie met die koms van van Riebeeck 'begin' het nie. Daar was lank voor die vestiging van kolonialisme reeds inheemse bevolkingsgroepe in die land. Bekende voorbeelde hiervan is die Koi en San gemeenskappe wat in die Kaap handel gedryf het met die Hollanders.

In 1688 arriveer 200 Franse Hugenote in die Kaap. (Die vraag word dikwels geopper of hulle werklik vir hulle geloof gevlug het, en of dit bloot 'n geval was dat hulle hul nie aan die owerheid se gesag wou onderwerp nie?) Teen 1800 tel die blanke gemeenskap ongeveer 37,000 siele aan die Kaap. In 1820 vestig die Britse setlaars hulle in die Oos-Kaap sonder om regtig betrokke te raak by die res van die land en sy omstandighede

Die kerk in Nederland het gedurende die sewentiende eeu nog algemeen as die 'Gereformeerde Kerk' bekend gestaan. Dié naam is ook aanvanklik aan die Kaap gebruik. Toe die eerste gemeente in 1665 gestig en die Kerkraad verkies is, word die volgende resoluë aanvaar: *Wij onderschreven, Abr. Schut, ouderling, en Johan Reinerszen, diaken...erkennen met dezen de belijdenisse der Gereformeerde Kerke voor goed en met het Woord Gods overeenstaande* (Scholtz 1956:7; vergelyk ook van der Watt, **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824**.)

Aan die einde van die agtiende eeu staan die kerk aan die Kaap bekend as 'Hervormd': dit is die naam wat Kommissaris-Generaal JA de Mist gebruik het toe hy in 1804 'n Kerkorde vir die kerk aan die Kaap opgestel het. Hierdie Kerkorde verwys na die Hervormde Kerkgenootskap (Scholtz, 1956:9; vergelyk ook [www.kerkrecht.nl/main.asp](http://www.kerkrecht.nl/main.asp)).

Die kerk aan die Kaap het die organisasie en strukture van die moederkerk in Nederland gehandhaaf. Hierdie verhouding was baie belangrik vir die kerk en die Trekkers het dit sover moontlik gehandhaaf toe hulle die binneland ingetrek het. Die owerheid, die Oos-Indiese Kompanjie, het die kerk aan die Kaap met 'n ysterhand regeer. Predikante is as amptenare van die Kompanjie beskou en hulle traktement is deur die onderneming betaal. Selfs hulle standplase is deur die



owerheid aangewys. Die benoeming van ouderlinge moes ook eers deur die owerheid goedgekeur word (Scholtz 1956:10).

Die bekendste ingryping van die owerheid aan die Kaap was die inwerkingstelling van die Kerkorde van de Mist in 1804. Van 'n vrye kerk wat eie besluite los van die van die owerheid kon neem, was daar nie meer sprake indien Artikel 5 van die Kerkorde in ag geneem is nie: *Het Gouvernement laat aan elk Kerk-genoodschap de vrij oplegging van deszelfs bijzondere Leerstelsels, en maakt daarin nimmer eenige beslissingen of bepalingen. Het behoudt echter aan zich de onvervreembare macht om te kunnen beoordelen de uitwerkselen dier Leerstelsels op den Burgerstaat en op den geest en die gedragingen der Ingezetenen. Het is verpligt die uit-werzelen, indien die voor schadelijk mogen gehouden worden, tegen te gaan, te beletten of te machtigen. De Leeraars zijn verpligt zich aan de besluiten van het Gouvernement ten dezen opzichte te onderwerpen* (Scholtz 1956:10; vergelyk in hierdie verband ook FE O'B Geldenhuys (1951) se boek oor die ontwikkeling van die tradisionele regsposisie van die kerkraad, ring en sinode in die Gereformeerde stelsel asook ([www.kerkpad.co.za](http://www.kerkpad.co.za))).

Dit is ook van groot belang om kennis te neem dat die Gereformeerde Kerk aan die Kaap, net soos in Nederland, 'n bevoorregte posisie ten opsigte van ander kerke beklee het. Alleen lede van hierdie kerk kon openbare ampte beklee en huise van aanbidding (kerke) besit om dienste in te hou. Die aanhangers van die Lutherse leer het hieroor beswaar aangeteken. Die saak is uiteindelik in 1780 reggestel, maar die Gereformeerde Kerk het hard vir haar bevoorregte posisie voortgestry.

Na die verowering van die Kaap deur Brittanje, het die posisie van die kerk verander. Die Britse owerheid het die kerk toegelaat om haar eie karakter te ontwikkel. Die bande met die Nederlandse kerk het egter sterk gebly, soveel so dat die naam ook vir 'n tyd dieselfde gebly het. In 1824 is die sinodale vergadering waarvoor De Mist in sy Kerkorde voorsiening gemaak het, gehou en stel die Kaapse Sinode 'n eie Kerkorde op.

#### **1.4.1.2 Die Groot Trek van 1836**

- Op hierdie stadium was daar nie sprake van 'n Afrikaner-identiteit aan die Kaap nie. Eers ná die tweede Britse besetting van die Kaap in 1806 is daar tekens van 'n soeke na 'n eie identiteit en nasionalisme. Die 'Afrikaners' aan die Kaap het verskillende lojaliteite gehad: sommige was tevrede met die Britse staatkundige oorheersing, terwyl ander 'n eie identiteit en selfstandigheid wou handhaaf. Die Groot Trek van 1836 en die stigting later van die Boererepublieke van Transvaal (1852), Oranje Vrystaat (1854), en die Afrikaanse taalbeweging in 1870, was enkele uitvloeiings van hierdie soeke na eie identiteit.
- Dit is bekend dat Afrikaners reeds aan die einde van die agtiende eeu so 'n sterk kleurbesef gehad het dat hulle hulself nie kon versoen met die amptelike kleurbeleid van sowel die NG Kerk as die Britse owerheid aan die Kaap nie. Strooptogte op die oostelike plase deur swart mense het hierdie kleurgevoel verskerp en ook tot die Groot Trek aanleiding gegee. In die eerste en vyfde

artikel van Piet Retief se Trek-manifes word dit duidelik gestel dat die rassevraagstuk die Trekkers noop om 'n nuwe gebied te gaan vestig waar daar nie so 'n probleem sou wees nie. Dit is ook baie duidelik dat die NG Kerk 'n besondere plek in hierdie 'nuwe staat' sou ontvang.

- Alhoewel die Trekkers hulle bande met die Kaapse owerheid gebreek het, was die teenoorgestelde waar van die NG Kerk. Lidmate wou nie van hulle kerklidmaatskap afstand doen nie. Kerklike bestuur is net soos voor die Britse besetting van die Kaap hanteer. Waarskynlik was die verkiesing van Stephanus Maritz as ouderling en Sarel Cilliers en C Viljoen as diakens op 8 Februarie 1837, die eerste stap tot kerkvorming buite die Kaap. Retief het die kerk as ondergeskik tot die owerheid gesien en hierdie beskouing die politieke handeling van die Trekkers kenmerk. Omdat die Kaapse NG Kerk die Trek nie goedgekeur het nie, soos blyk uit die notule van die Sinodesitting van 17 Oktober 1837 in Kaapstad, wou hulle nie 'n predikant aan die trekkers beskikbaarstel nie. Uit die brief van ds. T.J. Herolt aan die Sinode was dit duidelik dat die kerk die owerheid steeds as hulle hoeder gesien het en dat die trekkers hulle by owerheidsbesluite moes neerlê (Scholtz 1956:19-21).

Die geskiedenis van die NG Kerk ten noorde van die Oranjerivier was vanaf 1836 tot 1902 nie van die politieke geskiedenis geskei nie. Verskeie gemeentes is in plekke soos Pietermaritzburg, Lydenburg en Pretoria in samewerking met Voortrekkerleiers gestig. Die kerkleierskap strukture, wat leraars, ouderlinge en diakens ingesluit het, was geskoei op die herder-kudde-model van die Kaapse kerk wat uit Nederland oorgedra is. Ná 1885 was die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk die grootste kerk in Suid-Afrika. Die verbondenheid tussen staat en NG Kerk het tot in 1994 voortbestaan en het 'n drastiese invloed op kerkleierskap uitgeoefen.

#### 1.4.1.3 Die Anglo-Boereoorloë

Die Anglo-Boereoorlog wat op 11 Oktober 1899 begin het en uiteindelik met die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 finaal beëindig is, het die Afrikanervolk verslae en verbitterd gelaat. Die gedig 'Vrede-aand' van Louis Leipoldt beeld hierdie rou emosie van die volk uit:

*Dis vrede, man: die oorlog is verby  
Hoor jy die mense skreeu, die strate vol?  
Sien jy die hele wêreld is op hol?  
Kom hiers 'n bottel soetwyn: laat ons drink!  
Ons het ons nasie in die see gesink:  
Ons het geen land meer nie: dis klaar met kees!  
Dis vrede nou! Kom skree – of is jy hees  
van lag? Lag maar, want die storie's uit:  
Ons nasie's weg, ons kan daarna weer fluit!*

Van belang gedurende die twee Vryheidsoorloë was dat die meerderheid van die Transvaalse Afrikaners teen 1899 aan die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk behoort het en dat die kerk betrokke sou raak by die volkstryd. Predikante van die Nederduitse Gereformeerde of Hervormde Kerk was saam met Boerekommando's

in die veld; 'n paar, soos di. AP Kriel van Langlaagte; EC Andersen van Vryheid; JM Louw van Boksburg; HJ Neethling van Lydenburg en JW Strassheim van Klerksdorp, was bittereinders. Twee leraars is op St. Helena en Ceylon aangehou, naamlik: di. AP Burger van Middelburg en AJ Louw van Heidelberg. Ouer leraars het tuis na die vroue en kinders omgesien.

Die effek van die oorlog op die volk was duidelik. Op die Kaapse Sinode van 1903 sê ds. Bosman: *Onze kerk is onder, maar niet heeltomal dood! En wanneer ik spreek van de kerk verbindt ik daaraan, ons volk*, (Scholtz 1956:118). Lidmate het na die oorlog groot moeite gedoen om weer kerklik betrokke te raak. Die leraar van Carolina skrywe dat die ossewaens en tente van voor die oorlog oor 'n nagmaalnaweek vervang is deur 'n mengelmoes perdekarretjies. Baie mense het te voet by die kerk aangekom, omdat hulle geen vervoer gehad het nie (Scholtz 1956:119; vergelyk ook [www.phillipolis.org](http://www.phillipolis.org) [www.oulitnet.co.za](http://www.oulitnet.co.za) [www.vryeafrikaan.co.za](http://www.vryeafrikaan.co.za) en [www.upe.up.ac.za](http://www.upe.up.ac.za))

Gedurende die Vryheidstryd is 'n baie sterk band tussen die kerk en die vegkommando's gevestig. Hierdie verbintenis was onlosmaaklik aan Afrikanerskap en spesifieke godsdienstige waardes verbonde.

#### **1.4.1.4 Die Opkoms van Afrikaner-nasionalisme**

Vanuit die geskiedenis is dit duidelik dat Afrikaner-Nasionalisme laat in die ontstaan van die Afrikaanse volk tot stand gekom het. Hendrik Biebault, 'n gure karakter, het reeds in 1707 in sy opstand teen die owerheid uitgeroep met: *Ik ben een Afrikaander*. Die Patriot-beweging van 1779 reflekteer sterk 'n Afrikanervolksbewussyn. Na die tweede Britse besetting van die Kaap in 1806, het die bewussyn van volk wees sterker onder die Hollands-Afrikaanse koloniste begin groei. Dit is aangevuur deur die Groot Trek van 1838, die stigting van die twee Boererepublieke van die Transvaal (1852) en die Oranje-Vrystaat (1854), en die Afrikaanse Taalbeweging in 1870 (De Klerk 2000:60). Die Anglo-Boereoorlog het die volksbewussyn gevestig wat na 1948 tot die leierskap van die Nasionale Party (grotendeels 'n Afrikaner-party) gelei het.

Vervleg met hierdie historiese feite is die nasionalisme wat Afrikaners 'n tyd lank in hulle volksbestaan sterk aksentueer het. Vóór 1994 het die 'uitverkorenheidswaan' van die Afrikaner so 'n sterk neerslag gevind dat daar vandag steeds 'Boere', 'n 'Boerevolk' en talle ander 'Boerebevrydingsbewegings' is, wat almal en mekaar venynig aanvat oor die eksklusiwiteit van die 'Boere-Afrikaner', of nou ook die 'Afrikaanses'. 'n Naakte chauvinisme poneer die volk as die hoogste waarde met ekstreme nasionalisme wat in grenslose naïwiteit stol. Die 'Boeremag' glo dat hulle 50 miljoen swartmense uit Suid-Afrika die see kan injaag. Die Afrikaner Alliansie verkondig dat as die volk net weer die geloftedagvieringe sou hou soos wat die gelofte van Sarel Cilliers in 1838 vra, sal God die volk seën en die ideologieë van die Afrikaner restoureer; hom weer die pilaar van Afrika maak. Dit is hierdie eensydige en oordrewe behepthed met volkskap by die Afrikaner wat bykomende bagasie op die blanke se skouer plaas in die oorgangstyd waarin die land tans verkeer.

In die geskiedenis het die Afrikaner homself as Christelik-eksklusief gesien. (Oor die gemengde bloed in die are van vele vooraanstaande Afrikanerfamilies is vir baie jare liefs geswyg.) Hierdie eksklusiwiteit is versterk deur die daarstelling van Volkskas

Bank, Sanlam, Christelike Nasionale Hoër Onderwys en Apartheid, met behulp van die Afrikaner Broederbond: die Afrikaner het hom verhef bo die mense van Afrika. Daar het 'n meerderwaardigheidshouding ontwikkel; 'n vorm van volksfundamentalisme *wat nasionale identiteit en bewussyn vermeng het met 'n spesifieke godsdienstige oortuiging* (De Klerk 2000:19). Hierdie houding is diep gewortel in die vernedering van die armblyketydperk en die 'donkie hoed' van die plattelandse skooltjies met Engels as enigste onderrigtaal na die Vryheidsoorloë.

Die NG Kerk het deel gehad aan die kultureel-godsdienstige ontwaking van die Afrikaner. Die Afrikanerbeeld is geïdealiseer en omdat die predikante van die kerk 'n groot rol gespeel het in die opkoms van Afrikaner Nasionalisme, het dit ongelukkig die karaktertrekke van 'n 'godsdienst' verkry. Hiermee is die sogenaamde. 'Goddelike roeping' van die Afrikaner om die suidpunt van Afrika te evangeliseer weer uit die wakis gehaal, afgestof en geromantiseer. Vergete was die gebrek aan integriteit en lojaliteit tydens die oorloë: Boerekrygers het dikwels gedros van hulle kommando's net omdat hulle gehoor het dat die omstandighede onder 'n ander kommandant of veggeneraal beter was. Die oorlog is verloor, ten spyte van die verskroeiende-aarde beleid, hoofsaaklik omdat daar soveel verdeeldheid tussen die Boereleiers was.

Verdeeldheid en stryd is van meet af kenmerkend in Afrikanergeleedere: eers tussen die Vryburgers en die Hollandse amptenary; toe tussen die Maritz'e, Potgieters en die Trichards tydens die Groot Trek; die Noord-Suid twiste tussen Kaapse Afrikaners; onenigheid tussen die ondersteuners van Hertzog en die van Malan, die smelters en die gesuiwerdes, Nat en Sap. Meer onlangs, tussen die Nuwe Nasionale Party, die Herstigte Nasionale Party en die Vryheidsfront Plus. Vandag tussen die Roodt's en die Koos Kombuis. Waarom? Lê dit op die vlak van 'n oerstrydlustigheid omdat die Afrikaner dalk nie regtig 'n gekultiveerde groepering is soos hulle voorsate in Europa nie?

Eenheid tussen Afrikaners blyk 'n droom te wees. In die post-moderne kultuur het elkeen nou boonop ook sy/haar eie waarheid en is die individu se belange belangriker as dié van die groep. *Emosie verdring logika; chaos bied 'n draagliker lewensruimte as orde; die warsheid teen georganiseerdheid, veldtogte en mobilisering. So 'n eenheidsbeweging gaan net generaals hê en nie manskappe nie, want die jonger Afrikaners is klaar in die proses om hulle Afrikanerskap af te skud* (De Klerk 2000:86).

Die volkskerkkarakter van die jong Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk is saam met trekkende partye die binneland in. In sy aanbidding het die Afrikaner 'n godsdienstige kleed om hom gehang, kultureel en tradisioneel gekleur, wat later die volkskerk-angel geword het. Godsdienst, by name lidmaatskap in die NG Kerk, het spesifieke voorregte ingehou: 'n onderwyspos, beurs vir die universiteit, en dikwels is bevordering makliker bekom deur lidmate van die NG Kerk met 'n goeie getuigskrif van die dominee, of as Pa ouderling of diaken was. Ander godsdienstige groeperinge is as 'sekte' bestempel. Die 'spoorwegmense' en Minister Ben Schoeman het aan die Apostoliese Geloofsending, wat 'oor doop' of die 'wederdopers' genoem, behoort. Vir baie jare het die AGS geen aansien in die Afrikaanse samelewing gehad nie.

Hieroor skryf De Klerk (2000:14): *Die Afrikaner is Christelik, maar meer spesifiek 'n*

*Calvinistiese Christen is die toets vir die keuring van wie deel is van die binnekring van Afrikaners. So is daar vir lank die norm gehandhaaf dat Afrikaners van die Pinksterkerke geweier moes word uit die Broederbond, ander Afrikaner-organisasies, die onderwys en godsdienstige uitsendings van die SAUK. Jannie Pelsers vra op 5 Maart 2006 tydens 'n gemeentebyeenkoms verskoning aan die AGS President, Izak Burger, oor die 'onreg' wat die NG Kerk die AGS aangedoen het deur hulle tot laat in die sewentigerjare as 'n 'sekte' te tipeer. Burger aanvaar die apologie met groot dank, maar vergeet in die proses gerieflikheidshalwe hoe die AGS tot 'ernstige voorbidding' vir die NG Kerk en sy dwalende predikante opgeroep is. Die verskoning is nie deur die NG Kerk leierskap aangebied nie, maar deur die dominee van 'n spesifieke gemeente. Dit is juis kenmerkend van die *communitas*-fase in die kerk: individue maak uitsprake, omdat leiers huiwerig is om in die publiek kommentaar te lewer oor aktuele sake.*

'n Interessante vraag is tot hoe 'n mate die Broederbond (Afrikanerbond) van 1960 tot 1990 die simbiose tussen kerk en staat bevorder het en die kerk deel gemaak het van die strewe na Afrikaner Nasionalisme, veral ten opsigte van samewerking in die handhawing en uitbouing van Afrikaanse kultuur-aangeleenthede. Leierskap is soms gedeel en kerklike leierskap is hierdeur beïnvloed: tientalle leraars van die NG Kerk was immers lede van die Broederbond.

#### **1.4.1.5 Vroeë leierskap in die NG Kerk**

Die geskiedenis van die NG Kerk het die volgende sterk en geëerde leiers opgelewer:

- Dr. Abraham Faure, (stigter van De Gereformeerde Kerkbode en die Kweekskool)
- Sarel Cilliers, 'vader' van die Gelofte
- 'Vader' Kestell (kulturele en ekonomiese ikoon)
- President MT Steyn (staatsman, krygsman en Godsman)
- Eerwaarde Japie Lutz (ingenieur)
- Abraham Kriel (vader van die kinderhuise)
- Dr. Andrew Murray, (Hofmeyr 2002:75)

Dr. Andrew Murray se bediening strek van 1849-1906 en oefen groot invloed op die NG Kerk uit. Hy was 'n evangelies-gesinde predikant wat as onderwyser, sendeling, filosoof en skrywer uitgemunt het. (Hy het meer as 200 publikasies die lig laat sien.) As kerkleier het hy baie sterk klem gelê op die eise van die Woord. Die standbeeld van hom voor die Grote Kerk in Kaapstad, met sy een hand op die Bybel en die ander hand vermanend in die lug, versinnebeeld sy lewensstyl en bediening. Die Skotse invloed op die teologie van die NG Kerk was ingrypend en het via Murray gekom. Bidure, Pinksterdienste en evangelisasie veldtogte was deel van sy bediening. In die huidige worsteling in die NG Kerk rondom vernuwingsdewe, charismatisering en die nadenke oor die kerk se identiteit, sal die Skots-evangeliese invloede nie buite rekening gelaat kan word nie (Hofmeyr 2002:79).

Van 1860 tot 1862 het 'n golf van vernuwing deur die NG Kerk gespoel. Die Pinkstergebeure van 1861 in die gemeente Paarl, was veral rigtinggewend in hierdie verband. In die dae na Hemelvaart het gebedsgroepe in die gemeente die aangesig van die Here gesoek met die gebed om herlewering in die gemeente. Tydens die



oggenddiens op 19 Mei 1861 het ds. GWA van der Lingen gepreek oor die belofte van die gawes van die Gees soos wat dit in Lukas 24:49 aangeteken is. Tydens die middagbyeenkoms van die gemeente, het hy 'n visioen gesien wat hy as 'n openbaring van God beleef het. Hierna besluit die gemeente om jaarliks die Pinkstergeleentheid te vier, wat uiteindelik deur die NG Kerk versprei het en groot seën tot gevolg gehad het. Hierdie herlewing was deel van 'n evangeliese gees wat in 1860 uit Kanada, die VSA, Ierland, Wallis, Engeland en Skotland gekom het en gelei het tot die stigting van *Het Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond*, die latere *Evangeliese Alliansie* (Hofmeyr 2002:120). Die 'herlewing' het gepaard gegaan met skuldbelydenis, gebed, kreune, uitroepe en floutes. Dr. A Murray, destyds predikant van Worcester, het beswaar aangeteken teen sommige van hierdie *buitensporigheden*. Oor die algemeen het dit egter in die kerk byval gevind en het die Kaapse Sinode van 1862 na indringende gesprek tot die gevolgtrekking gekom dat die herlewing *een heerlijk werk des Heiligen Geestes, tot redding van Zielen, en tot verheerlijking des Heeren Jezus* was (Hofmeyr 2002:120).

Die herlewings wat na 1874 gevolg het, het 'n groot invloed op die evangeliese karakter van die kerk gehad. 'n Aktiewe gebedslewe is beklemtoon en sowel gereelde gebedsgroepbyeenkomste (bidure) as die jaarlikse Pinksterbidure is gehou. Die gebeure het oor die algemeen heilsaam in die kerklike lewe ingewerk en geloofswaarhede van die Skrif is sterk beklemtoon.

Die herlewing het die sendingwerk van die NG Kerk geaktiveer. Die konferensie wat in 1860 in Worcester gehou is, het dr. W Robertson na die buiteland afgevaardig om sendelinge te gaan werf. Dit het tot die aanvang van sendingwerksaamhede buite die grense van die Kaapkolonie gelei (Hofmeyr 2002:121). Hierdie sendingbelangstelling het tot die stigting van die Vrouesendingbond en die Kindersendingkrans aanleiding gee.

Prediking in die NG Kerk is ook deur die herlewing beïnvloed deurdat klem op bekering, verlossing en heiligmaking gelê is. In 1876 het die Kaapse Sinode 'n Kommissie vir Spesiale Evangelie Prediking benoem, wat groot invloed in die kerk uitgeoefen het (Hofmeyr 2002 :121). Die prediking en gemeentesang het hierna 'n sterk evangeliese karakter getoon. Die herlewingsbeweging is nie sonder kritiek aanvaar nie. Daar was sterk stemme wat daarop gewys het dat die herlewingsgees te sterk klem op die gevoelslewe gelaat lê en daarom te veel aan die Metodisme herinner. Die kritiek het veral van predikante uit die meer liberale denkrigtings gekom. Baie van wat as Metodisme in die NG Kerk bestempel is, kan egter toegeskryf word aan die invloed van Calvinistiese piëtisme en die Nederlandse Réveil. Die NG Kerk het egter nooit die Armeniaanse uitgangspunte van die Metodisme aanvaar nie (Hofmeyr 2002:121).

Naas die Skots-Presbeteriaanse invloede het ook die Metodisme in die negentiende eeu 'n belangrike rol in die NG Kerk gespeel en voortgebou op die gereformeerde piëtisme (Nederlandse Nadere Reformasie). Dit het uiteindelik tot 'n baie spesifieke evangeliese stroom in die NG Kerk gelei. Kritici in die kerk het hierop reageer deur te sê dat dit 'n negatiewe *vroomheidsstrooming* was.

Die ontstaan van die sogenaamde 'common sense realism' later, het 'n aantal prominente teoloë en kerkleiers soos Johannes du Plessis, Ben Marais, Bennie Keet,

David Bosch, Beyers Naude en Willie Jonker opgelewer (Hofmeyr 2002:79).

Die spanning wat ontstaan het deur die uitsprake van professor J du Plessis oor teologiese vraagstukke aan die Teologiese Kweekskool van Stellenbosch, het die kerk in gesprek laat tree met, onder andere, die Gereformeerde Kerke van Nederland, die Vrye Universiteit in Amsterdam en Princeton in die VSA. Hierdie kontak het die NG Kerk gehelp om geloofsantwoorde binne sy konfessies te vind. Dit het egter nie daarin geslaag om die susterkerke nader na mekaar te laat beweeg nie. Du Plessis is op Stellenbosch met 'n standbeeld (Pienk Piet) vereer. (Na vele omswerwinge oor tientalle jare het die standbeeld in Junie 2006 uiteindelik rus gevind op die terrein van die Teologiese Seminarium.) Du Plessis is vir dekades as 'n dwaalleraar in die teologiese kringe van die NG Kerk bestempel, omdat hy indringende vrae oor die maagdelike geboorte, die opstanding en die erfsonde gestel het.

Die NG Kerk het aan die begin van die twintigste eeu deel gevorm van 'n ekumeniese beweging in die wêreld wat die Internasionale Sendingraad, die Wêreldraad van Kerke en die Gereformeerde Ekumeniese Sinode ingesluit het. Bande met hierdie liggame het egter verswak namate die kritiek oor die Skriftuurlike regverdiging van Apartheid toegeneem het. Na 1994 is daar eers weer 'n wisselwerking met ekumeniese liggame bewerkstellig (Hofmeyr 2002:15).

#### **1.4.2 Die gebeure na 1994**

Ná 1994 het 'n aantal bepalende gebeurtenisse, sommige oor die korttermyn ander oor 'n langer termyn, plaasgevind met ingrypende gevolge vir die blanke Afrikaner en die NG Kerk en leierskapstyl. Die *communitas*-fase het kragte ontketen wat onherroeplike veranderinge vir blanke Afrikaners en die kerk teweeggebring het.

Die volgende gebeure het 'n ingrypende invloed op die kerk en die lewensmilieu van haar lidmate gehad:

- Die Kommissie vir Waarheid en Versoening
- Die afskaffing van apartheid as politieke stelsel
- Die afskaling van Afrikaans as amptelike taal
- Die invloed van die *communitas*-fase op die Afrikaner volk
- Geloftedag: 'n gevalle bastion
- Veranderinge op die kerklike toneel

##### **1.4.2.1 Die Kommissie vir Waarheid en Versoening**

'n Ingrypende gebeurtenis in Suid-Afrika was die instelling van die Kommissie vir Waarheid en Versoening op 15 April 1996 in Oos Londen. Daar is groot verwagting van hierdie Kommissie gekoester, omdat sy werksaamhede as 'n katarsismoment vir die bevolking van die land moes dien. Soos die werk van die Kommissie gevorder het, was daar van tyd tot tyd aantygings van eensydigheid, onvolledigheid en selfs heksejagtery oor die getuienis en bewerings wat aangebied is. Daar is egter vandag beleidsbepalers wat meen dat die Kommissie 'n besliste rol in die vreedsame oorgang tot demokrasie in Suid-Afrika gespeel het en in sommige gevalle wel bygedra het tot versoening tussen die betrokkenes.



Dit is belangrik om te onthou dat die Kommissie gebore is uit 'n kompromis om die onderhandelingsstafel: Om ter wille van slagoffers nie te vergeet wat gebeur het nie, maar om te wille van versoening, oortreders (hoofsaaklik van die destydse veiligheidsmagte) nie voor die voet te vervolg nie. Die ooreenkoms was dat sodanige oortreders amnestie sou kry op voorwaarde dat hulle na vore kom met die volle waarheid oor hulle betrokkenheid. Hulle moes verder die Kommissie oortuig dat hulle oortredinge polities gemotiveer was en proporsioneel tot die militêre taak wat hulle opgeroep is om te verrig. Die Kommissie het egter nie die juridiese magte van 'n hof gehad nie, met die gevolg dat kruisverhoor en toetsing van getuienis nie binne die 'verhore' plaasgevind het nie. Dit het veroorsaak dat baie persone geweier het om voor die Kommissie getuienis te lewer.

Die 'huilstories' het, ten spyte van emosionele toneelspel by geleentheid, 'n *blywende merk op die nasionale psige gelaat*, (**Rapport** 19 April 2006). Die regering se traë reaksie hierop en sy onvoldoende vergoeding aan slagoffers van die 'struggle' - 'n skamele R30,000 - het protes uitgelok onder die 'verontregtes'. Die teleurstelling hieroor is een van die redes wat aangevoer word as motivering vir die huidige hofsak in New York waar slagoffers 'n reeks internasionale maatskappye dagvaar vir hulle rol ter versterking van die apartheidsregering.

'n Saak wat van tyd tot tyd voor die Waarheids-en-versoeningskommissie opgeduik het, was die kwessie van *Afrikanerskuld* aan die apartheidsideologie van die vorige bedeling. Dit is 'n saak wat baie emosie binne Afrikanergeleedere gewek het. Baie Afrikaners sê hulle is moeg vir skuld belydenisse, soos byvoorbeeld Willie Jonker se Rustenburg belydenis, die belydenis van die Algemene Sinode van die NG Kerk, Kerk en Samelewing en ander verklarings. De Klerk se reaksie hierop is dat ons diep in die 'skuldspieël' moet kyk. By hom bestaan 'n kommer dat die Afrikaner nie in 'skuld' glo nie. *Daar is algemeen verwys na die Lieg en Bieg Kommissie. Die ander kant van die saak is dat sekere Afrikanerleiers, instansies en koerante die Waarheids- en Versoeningskommissie misbruik het om Afrikaners te mobiliseer teen die ANC bewind* (De Klerk 2000:28-29).

Die feit dat talle individue, oud-politici en Afrikaner-instansies soos kerke en kultuurorganisasies nie die geleentheid gebruik het om aan die gesprekke by die WVK deel te neem nie, al was dit slegs om perspektief te verleen aan sommige verdraaide waarhede wat aan die Kommissie voorgehou is, het daartoe gelei dat die Afrikaner beskuldig is van traagheid tot versoening en aanvaarding van die nuwe bedeling in die land. Daar is talle redes aangevoer waarom mense nie voor die Kommissie wou getuig nie. Onder andere is gesê dat apartheid goeie bedoelinge gehad het, omdat dit 'n ordelike naasbestaan tussen die verskillende volke in Suid-Afrika probeer bewerkstellig het. Daar is ook gewys op die ontwikkeling en vooruitgang in die land ten opsigte van gesondheidsdienste, paaie, hoër onderwys, buitelandse uitvoere, ensovoorts. Die stelsel van apartheid het nie in die eerste instansie beplan om mense te ontnem, verarm en te onderdruk nie. Piet Meiring, verbonde aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, is aangewys om betrokke te wees met aspekte wat uit die vergoedingseise voortgespruit het. Hy het die NG Kerk egter nie amptelik verteenwoordig nie. Hy huldig die standpunt in die boek **South Africa: building the rainbow nation**, dat die *waarheid* die eerste stap tot reparasie en rehabilitasie vir die Suid-Afrikaanse samelewing is. (Vergelyk [www.daj.gov.za](http://www.daj.gov.za))

Nie almal het hulle aandadig gevoel aan die negatiewe implikasies van die stelsel van apartheid nie. Baie blankes was van mening dat hulle swartmense ‘goed’ behandel het. Plaasarbeiders is aan die einde van elke maand met 'n paar sakke meel betaal en hulle kon 'n paar stuks kleinvee aanhou op die landjie wat goedgunstiglik deur die boer aan hulle afgestaan is. Die vroue van swart plaasarbeiders die ‘reg’ gehad om ses maande van die jaar ‘uit’ te werk, d.w.s. nie verniet in die kombuis van die plaasopstal nie. Baie Afrikaners het aangevoer dat hulle nie geweet het van die vergrype nie en dat dit buitendien deur individue gepleeg is. 'n Ander verduideliking was dat die Afrikaner na 1994 'n proses van ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en dan aanvaarding deurmaak (soortgelyk aan die reaksie op 'n sterfte volgens die navorsing van Elisabeth Kubler-Ross). De Klerk (2000:30) is egter van mening dat *arrogante en ongevoelige selfhandhawing, met rasse ondertone die rede vir hierdie botheid is.*

Die getuienis wat voor die Kommissie gedien het, het die NG Kerk wel laat nadink oor apartheid en die feit dat die nood van swart en bruin medeburgers in die breë nie raakgesien is nie. Die kerk het later haar skuld hieroor bely. By geleentheid het dr. Desmond Tutu aan die NG Kerk gesê dat dit moeilik is om te bely en vergiffenis te vra: *Ek het groot waardering vir wat u sê. Dis moeilik om te bely en om vergiffenis te vra. Maar dis omdat God sy genade op ons uitstort dat ons dit kan doen... U kerk het 'n geweldige belangrike rol in die geskiedenis van ons land te speel... My gebed is dat die Here die NG Kerk op 'n wonderlike manier gaan gebruik. Ek sê altyd as 'n Afrikaner eers die lig gesien het, draai hy nie halfpad om nie. Ons het die afgelope jare gesien hoe die eens verstote kerk teruggekom het, sy skuld bely het, hoe hulle eie profete wat hulle jare lank in die koue laat staan het, terug verwelkom het: Ek het lus om vir die duiwel te sê: Pasop hier kom die NG Kerk! (Hofmeyr 2002:231).*

Ingeligtes het waargeneem dat senior offisiere van die voormalige Suid-Afrikaanse Polisiediens wat voor die Kommissie getuig het, deurgaans lede of gewese lede van die Afrikanerbond (Broederbond) was. Polisie Kommissaris wat voor die Kommissie getuienis afgelê het, was Generaals Johan Coetzee en Johan van der Merwe. Albei was tydens hulle dienstermyne lede van die Afrikanerbond. Generaal Hennie de Wit het *nie* voor die Kommissie getuig nie, alhoewel hy sy dienstermyne as Kommissaris tussen vermeldde twee Generaals verrig het. Ander Bevelvoerders wie se name gereeld in die ondersoek opgeduik het, was Generaal-maj Johan le Roux, Krappies Engelbrecht en Bertus Steyn. Al drie was ten tye van hulle generaalskap lede van die Afrikanerbond. Hulle sal waarskynlik later vervolg word.

Dit is 'n bekende feit dat van die senior lede op die WVK lede van die Vrymesselaar-beweging is. Lede van die Vrymesselaar-beweging is oënskynlik grootliks ‘verskoon’ van verskyning. Hier word veral gedink aan senior offisiere van teeninsurgensie-eenhede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat opleiding op Verdrag, Maleoskop en by die Taakmag aangebied het en in bevel was van baie optredes in swart woonbuurte en op die grense van die RSA. Dr Alex Boraine het die integriteit van die WVK groot skade aangedoen toe hy tydens 'n SABC 2 nuusberig op 8 November 2006 sy tevredenheid uitgespreek het met die dood van PW Botha, oud-Staatspresident van die RSA, wat geweier het om voor die Kommissie te verskyn.

Vir die NG Kerk is daar onopgeloste vrae oor sekere gebeure wat voor die betrokke Kommissie onthul is. Lidmate wonder of die kerk se kapelaansdienste onbewus was van sommige van die gruwelgebeure waarvoor daar getuienis gelewer is. Was niemand in die Polisie se Kapelaansdiens byvoorbeeld bewus van die gebeure wat op Vlakplaas afgespeel het nie? Het die Hoofkapelaan van die Polisie kennis gehad van die bedrywighede daar, of het Bevelvoerders van die Veiligheidstak 'n kleet oor die bedrywighede getrek? Was die straf van 212 jaar wat uiteindelik aan (Kolonel) Eugene de Kock opgelê is oor wandade op Vlakplaas kommunaal van aard?

Die kapelanediens van die Suid-Afrikaanse Polisie het nie geleentheid gehad om die rol wat die kapelanediens gespeel het, veral in die tagtigerjare, voor die WVK te beskryf of te verduidelik nie. Dit is vreemd in die lig daarvan dat die kapelanediens gedurig aan die kerk (Algemene Sinode) hulle bestaansreg moes motiveer.

#### **1.4.2.2 Die afskaffing van Apartheid as politieke bedeling**

Met die instelling van die nuwe regeringstelsel in 1994 was die skrif vir apartheid aan die muur. Die ANC regering het baie vinnig ontslae geraak van die oorblywende diskriminerende en bevoordelende wette wat nog nie in die laaste bewindsmaande van die Nasionale Party onder President FW de Klerk geskrap is nie.

Dit is nie die volle waarheid om te beweer dat die Afrikaner vir die uitdink van die apartheidsideologie verantwoordelik was nie. Die Engelse kolonialiste het die fundamente van die stelsel hier gelê net soos in die res van Afrika, Indië, Australië en Amerika. Plaaslike inwoners is eenkant gestel en op talle van hierdie plekke heeltemal uitgemoor. Hierdie koloniale gees het as 'n ideologie in apartheid beslag gekry (De Klerk 2000:37).

Die getuienis oor die gevolge van apartheid soos by die Waarheid-en-versoeningskommissie verhaal, het baie wit Suid-Afrikaners diep geraak. Daar was verhale wat duidelik aangedik is, maar die teendeel was ook waar. Die vertrekpunt van apartheid was dat verskillende swart etniese groepe in onafhanklike tuislande moes ontwikkel. Groot saamgevoegde grondgebied is aan dié onafhanklike gebiede toegestaan, met ondersteuning deur die regering ten einde snelle ekonomiese groei en industrialisering te bewerkstellig. Die gedagte was dat hierdie gebiede sou groei tot 'n statebond in Suider-Afrika. Daar is geglo dat kolonialisme tot 'n maatskaplike sisteem verfynd kon word (De Klerk 2000:36).

Politieke leiers het tussen 1948 en 1990 nie-blankes in 'n netwerk van apartheidswette toegespin. Wette wat gemengde huwelike verbied het, die Ontugwet, Bevolkingsregistrasiewet, die Groepsgebiede Wet, die Wet op Bantoe-onderwys, die Wet op die Hervestiging van Naturelle, die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe, die Wet op Instromingsbeheer, die Pasboekwet en baie ander het apartheid uiteindelik op swart mense af forseer. Kultuur- en godsdienstige leiers het hierdie wette verdedig en Afrikaner-chauvinisme by elke geleentheid daarmee gevoed.

In die NG Kerk is talle preke oor Genesis 10 en 11; Handeling 2 en 17, Openbaring 5, 7 en 9 gehou om die stelsel te regverdig en kerklik legitiem te probeer maak. Individuele predikante wat nie dié eksegese aanvaar het nie, het gou 'n etiket om die nek gekry. Onder hulle was bekende name soos David Bosch en Willem Nicol. Deel

van die Kapelanedienste (Weermag én Polisie) se grensbesoekopdragte, was dat troepe en polisieledes bemoedig moes word om te glo dat die grensoorlog en oorgrensoeroperasies noodsaaklik was, 'n doel dien (*veg eerder hier as in Pretoria*) en dat dit Calvinisties regverdig was om daar oorlog te voer. (*verdediging van Christelike beginsels deur 'n Christenland wat die roeping gehad het om die Kommunisme te bestry.*)

Die veranderde situasie in die land het die NG Kerk gedwing om nuut hieroor te dink. Dit het gelei tot die verandering van standpunte (Bybel en teksuitleg?) oor 'n aantal ingrypende sake. Oor apartheid was die standpunt van die kerk onder die vorige bedeling duidelik: dit is gesien as Skriftuurlik geregverdig in die lig van die diversiteit van volkere en kulture (God se wil vir die Afrikaner). Al die strukture, organisasies en kultuurliggame was dit met die kerk eens hieroor en het die regering ondersteun in sake wat afsonderlike ontwikkeling bevorder het. Vanuit eksegetiese materiaal het die kerkleiers daarop gewys dat die kerk verantwoordelik is om volgens Genesis 11:1-9, kerke vir al die volke op te rig, al het baie van hulle mekaar se taal verstaan en sou hulle saam kon aanbid. Daar is gesê dat Handeling 2 daarop dui dat elke volk die Woord in hul eie taal gehoor het en daar dus voorsiening gemaak moet word vir eie aanbidding van God.

Bondi (1989:127) skryf dat die NG Kerk-teologie nooit daaraan gedink het dat die klem by die bou van die toring van Babel geplaas moet word op die sondige begeerte om tot in die hemel te reik en nie op die verskeidenheid van volke en tale wat daarna ontstaan het nie. Dit kan as God se wil interpreteer word dat hierdie 'skeiding' tussen mense op alle vlakke gehandhaaf moet word nie. Hy sê voorts: *apartheid is a structured destruction of the unity of the Body of Christ, a policy against instead of for the love of God and neighbor* (1989:133). Douglas Bax brei uit hierop in die verslag wat hy opstel met die tema *Human Relations and the South African Scene in the Light of Scripture*, wat in 1976 publiseer is. Apartheid is beskou as 'n godgegewe ordeningsmaatreeël wat nie alleen politieke stabiliteit vir die blankes in Suid-Afrika verseker het nie, maar ook die blanke in die werk-en woonplek beskerm het. Burger (1995:15) spreek die mening uit dat veral jonger lidmate ontgogel is met die kerk se gewese Bybelse standpunt oor apartheid en dat afhange van die verduidelikings wat daarvoor aangebied word, van hulle stil-stil uit die kerk kan verdwyn. *Vir baie wit Afrikaners was die veelbewoë gebeure rondom die NG Kerk se langsame inkeer wat betref sy vroeëre apartheidsteologie (of die Bybelse regverdiging van apartheid) 'n traumatiese ervaring* (Van Niekerk 2005:50).

De Klerk (2000:18) verwys na die feit dat apartheid in die verre verlede, onder die Engelse bewind aan die Kaap, as 'n tipe lewenswyse gehandhaaf is. Hy meld dat beskawings- en kultuurgebruike van die onderskeie rassegroepe gelei het tot drastiese verskille - vóór, tydens en ná die Groot Trek. Hy is van mening dat dit beslis nie net rassevooroordeel was wat tussen groepe gestaan het nie, maar ook kulturele gebruike wat nie vir mekaar aanneemlik was nie. *Dit was 'n opstel téénoor mekaar en nie 'n saamleef mét mekaar nie.* Die inwoners van die Kaap, Afrikaans en Engels, het kerklik gesproke hul kanse verspeel. Die diepgewortelde verskille en wantroue is deur die Trekkers saamgedra die *heiden-binneland* in. Godsdiens in die laer is vir almal gehou, maar die bediendes het 'n ander 'sitplek' as die huismense gehad — op die grond, soos wat hulle in hul kultuur gewoon was – eenkant, of in 'n hoekie van die eetvertrek in die opstal waar huisgodsdiens om die tafel gehou is.

Omdat daar min predikante was wat die uitgestrekte en verafgeleë gebiede besoek het, was huisgodsdienst deel van die godsdienstbeoefening tydens die Trek. Vergelyk in hierdie verband die artikel van Heitink (1982) en die proefskrif van Theron (1983) oor die agtergrond en ontwikkeling van huisbesoek. Aparte groepbesoek het deel van die leraarsbesoek aan die trek of die buitepos geword. Sendelinge moes later jare die werk onder hierdie *anderstaliges* waarneem. Die sending ywer van die NG Kerk was min onder verdenking, behalwe vir die feit dat dit die apartheidsideologie, die teologiese ekskursie van aparte kerke vir aparte rassegroepe moes versag. Dit was soos die kapelanediens van die Suid-Afrikaanse Polisie vóór 1994 - 'n *pers mascot op die neus van die statige motor van die Minister van Wet en Orde*. Beide instellings (sending en die kapelanediens) het die kerk se 'godsdienstige meeleving' na buite vertoon, ongeag die toegewydheid van die leraars of die sukses daarvan.

In sy kritiek op die NG Kerk se Skrifuitleg oor die verskeidenheid van volkere, wys Bax (1976:128) daarop dat die gebeure op Pinksterdag 'n herstellende gebeure is in die *nuwe samesyn* van volkere op 'n geestelike vlak: *the Spirit unites us into the one people of God, the one body of Christ*. Die volkere verdeling wat na die gebeure by Babel gegeld het, word na die talewonder van die Heilige Gees op Pinksterdag herstel. 'n Nuwe proses van herstel kom in wording waarin die oorblyfsel van Israel (die geestelike volk van God in Christus) één is. Apartheid kon dus nie meer op die Genesisverhaal, of op enige Nuwe Testamentiese gegewe gebaseer word nie. Die NG Kerk het dit egter destyds nie so ingesien nie en almal wat apartheid op teologiese gronde veroordeel het, beskuldig van *betrayal of Christian tradition, and more specifically, of the Reformed or Calvinist tradition* (Bondi 1989:129).

'n Belangrike figuur wat deel gehad het aan die stryd om die NG Kerk te oortuig daarvan herstel dat apartheid 'n rassistiese stelsel was, was dr. Alan Boesak. In verskeie publikasies van hom (onder andere, **Farewell to Innocence, The Finger of God, Walking on Thorns, Black and Reformed, If this is Treason, I am Guilty en Comfort and Protest**) betoog hy dat die NG Kerk gereformeerde beginsels agter gelaat het vir die regverdiging van Apartheid. Hy wys 'n paar belangrike dinge in hierdie publikasies uit:

- Die eng en verwronge eksegese van die Skrif wat vir die regverdiging van Apartheid as stelsel aangebied is, was 'n versaking van reformatoriese tradisie en beginsels wat die eksegese van die Skrif nie aan die mens diensbaar gestel het nie, maar die mens aan Skrifwaarheid.
- Boesak het ook gesê dat die heerskappy van Jesus Christus in hierdie proses ondergeskik gestel is aan beleidsrigtings van die staat, en dat die NG Kerk, na wie daar soms verwys is as die *Nasionale Party in gebed*, hieraan deel gehad het. Die waarheid dat Christus almal, ook volke, vrymaak om Hom te dien staan in kontras hiermee.
- Die NG Kerk het die leer oor die sondeval en die gebrokenheid van die mensdom gebruik om volkere verdeling te regverdig. Die helende en versoenende aksie in die genade van die kruis, wat Koninkryk-bouend is, is in hierdie proses nie primêr geag nie (Boesak 1987:90).
- *Boesak goes on to denounce apartheid as a racist ideology that amounts to institutionalized sinfulness. This is because such racism is not merely attitudinal, but structural. It is a system of domination, imposed from without,*



*that denies the truth that all human beings are made in the image of the God and Father of Jesus Christ* (Bondi 1989:132). Hier moet ‘beeld’ nie letterlik as fisieke ooreenstemming verstaan word nie: die mens dra die beeld van die mededeelbare eienskappe wat God gee, byvoorbeeld, liefde, barmhartigheid, goedheid, getrouheid, skeppingsvermoë, ensovoorts. Apartheid word sterk veroordeel omdat dit die menslikheid van ander rassegroepe ontken en so oneer aan die liggaam van Christus (in dié geval die NG Kerk) gebring het.

Shawchuck & Heuser (1993: 245) raak iets van hierdie apartstelling van mense aan wanneer hulle skryf dat Jesus die kulturele gebruik van sy tyd *breek* wanneer Hy, soos Johannes 4:5-26 dit beskrywe, met ’n Samaritaanse vrou praat. Hy oortree op twee fronte – Hy praat met iemand uit ’n ander kultuur wat boonop ’n vrou met ’n verdagte reputasie is. *Jesus embodied the unreserved presence of God with sinners and outsiders of the mainstream culture*. Hierdeur toon Hy dat Hy nie omgee oor wat die redes vir die kulturele skeidings van sy tyd is nie, maar dat Hy belangstel in die heling van die mens (vrou) met wie Hy gesprek voer. Shawchuck & Heuser sê verder dat hierdie gebeurtenis die manier is waarop Jesus *the concrete socio-cultural particularities of our world* betree (1993:247). Hulle ontken nie kulturele verskeidenheid nie, maar sien dit as deel van die kerk se taak om mense te lei om hierdie grense oor te steek en te verstaan.

Vos (2001:35) sê dat leiers in die kerk tans nie alleen ’n oorgang na ’n *post-moderne* samelewing leidinggewend moet hanteer nie, maar ook die oorgang na ’n *post-apartheid* samelewing in hulle kerkleierskap moet akkommodeer. In hulle leierskapstyl sal hulle met groot sensitiwiteit moet optree om mense wat lank verstrik was in ’n *Bybels-gefundeerde* lering oor apartheid, as’t ware met ’n eksodus-ervaring, na die nuwe uit te lei. Die antwoorde oor die *haan-gebeure* in die kerklike teologie, sal moeilik verduidelik word aan post-moderne lidmate wat denkend wil meelee in die NG Kerk van ons dag. Daar is te veel *Boetmanne* in die kerk, (’n Ontnugterde Chris Louw het die media gebruik om sy kritiek te lug oor die Namibiese bosoerlog wat deur die kerk en die politici ondersteun is - **Boetman is die bliksem in**). Vos verwys ook na die rigiditeit binne die kerkleierskap in die tyd waarna Louw verwys: *Dit was ’n tyd van outoritêre leiersfigure wat in baie opsigte kerklike ewebeelde van Afrikaner politieke leiers was. In die onkritiese kerk en samelewing van daardie tyd, het hulle besliste leierskap ’n onbetwiste rol gespeel. In die post-apartheid samelewing en kerk is daar egter ’n ontnugtering met, en selfs woede oor die apartheidskerk en ideologie*. Vos tipeer die huidige tyd en omstandighede tyd dan aan as honger na *koersaanduiging en leierskap*.

Tydens die Rustenburg beraad op 3 November 1990, waar die meeste kerke in Suid-Afrika verteenwoordig was, het die NG Kerk ernstig begin besin oor apartheid na ’n openbare belydenis deur Willie Jonker dat die stelsel in sy ontmensliking van sekere groepe sonde was. Aan die einde van sy toespraak het Jonker gesê: *Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek om dit ook namens die NG Kerk te doen, waarvan ek ’n lidmaat is, en vir die Afrikaners. Ek het die vryheid om dit te doen, want die NG Kerk het apartheid op sy afgelope Algemene Sinode (Oktober 1990) tot sonde verklaar en sy eie skuld van nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie* (Hofmeyr 2002:218).

(Dit is interessant om daarop te let dat die Nasionale Party regering op 2 Februarie 1990, 'n paar maande vroeër, van apartheid afgesien het en so die pad vir onderhandeling met die ANC oopgemaak het.) Die lidmate van die kerk is ook om verskoning gevra dat hulle mislei is oor die 'Skriftuurlike' standpunt oor apartheid. (Vergelyk Nel 2003:115.) Aartsbiskop Desmond Tutu het die verklaring van Jonker aanvaar en dit onomwonde gestel dat hy nie aan die opregtheid daarvan twyfel nie.

Presies soos na die Cottesloe-beraad van drie dekades vroeër, was daar heelwat woelinge oor die *eensydige optrede* van Willie Jonker. Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die NG Kerk (wat oor spoedeisende sake besluit as die Algemene Sinode nie vergader nie) het kort daarna, op 4 Desember 1990, in Pretoria byeengekom en 'n besluit geneem waarin Jonker oor die vingers getik is omdat hy hom op die besluite van die Algemene Sinode beroep het ofskoon hy nie die hele agtergrond van die sinode se besluit vermeld het nie. 'n Beskuldiging in dieselfde trant is tot die afvaardiging van die NG Kerk gerig.

'n Vraag wat aan die Kommissie (ASK) gevra sou kon word, was waarom 'n vooraf geformuleerde verklaring nie met die oog op die beraad voorberei is nie. Die saak oor apartheid was op dié stadium só sensitief omdat dit slegs 'n week vantevore op die Algemene Sinode bespreek is en daar tog sekerlik voorsien moes gewees het dat daar by die beraad reaksie daarop sou kom. Die dag na Jonker se belydenis het die afvaardiging van die NG Kerk by die beraad, (lede van hierdie afvaardiging was, onder ander: Pieter Potgieter, Pierre Rossouw en Dirk Hattingh), hulle met die verklaring van Jonker oor die posisie van die kerk vereenselwig.

Die NG Kerk het 'n lang en moeisame pad van Cottesloe tot by Rustenburg geloop, maar dit sal in die geskiedenis *onthou word as merkwaardige oomblikke van belydenis, vergifnis en versoening* (Hofmeyr 2002:219). **Die Kerkbode** het in 'n hoofartikel op 16 November 1990 die betekenis van die Rustenburg beraad as volg opgesom: *Vir die NG Kerk is die belydenis oor apartheid 'n oomblik van bevryding. Skuldbelydenis is nooit maklik nie, nie teenoor God nie, nie teenoor jou man of vrou of kind nie, nie teenoor 'n ander volk of 'n ander kerk nie. Maar as dit eers in die Naam van Christus gedoen is, is daar altyd by God vir jou vergiffenis en gelukkig, dikwels ook by ander mense – selfs by ander kerke. Dit het verlede week by Rustenburg op 'n aangrypende, onvergeetlike wyse gebeur.*

Terugskouend het die werklik waarneembare verskuiwing van denke binne die NG Kerk oor die kwessie van apartheid reeds by die Algemene Sinodesitting in 1986 begin. Daar was egter steeds 'n versigtige huiwering om nie te radikaal te wees in kritiek wat op apartheid uitgespreek is nie. So het die Sinode byvoorbeeld besluit: *Die N G Kerk is oortuig dat die hantering van apartheid as politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie* (Handelinge Algemene Sinode, 1986). Verdere besluite, insluitend die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk, het gevolg. Die NG Kerk het vir die eerste keer ondubbelsinnig verklaar dat kerklidmaatskap voortaan oop sou wees vir alle rasse. Ten spyte van hierdie koerswending, kon die kerkleierskap na bykans twintig jaar steeds nie daarin slaag om kerkeenheid tussen die NG Kerk-familie te bewerkstellig nie.



Die NG Kerk het in 1994 tydens die Algemene Sinode besluit om *Kerk en Samelewing 1990* as die kerk se reaksie op 'n bepaalde historiese gebeure in Suid-Afrika te handhaaf. Daar is vir die eerste keer ook erkenning gegee aan lidmate wat 'n profetiese stem teen die stelsel van apartheid laat hoor het. Die Sinode het erken dat daar soms (soos dit so dikwels kerklik die geval is) met liefdeloosheid teen hulle opgetree is. Die Sinode het dié erkenning aan Ben Marais (14 Oktober) en aan Beyers Naude (20 Oktober) tydens die sitting meegedeel. Oud-president Nelson Mandela het die sinode op 13 Oktober in Afrikaans sy waardering vir die rol van die NG Kerk uitgespreek. In **Die Kerkbode** van 28 Oktober 1994 skryf die redakteur, Fritz Gaum, die volgende: *Die negende Algemene Sinode van die NG Kerk wat verlede week hier ten einde geloop het, is gekenmerk deur 'n gees van versoening en was ongetwyfeld een van die merkwaardigste sinodesittings sedert die eerste vergadering van die Algemene Sinode wat in 1962 gehou is. Dit was die Sinode van versoening* (Hofmeyr 2002:223).

'n Saak wat vir lank nog by kerkleiers sal bly spook, is die vraag: *Het julle regtig ook nie geweet nie?* Hoe is dit dat gedwonge verskuiwings, diskriminasie, die verwydering van anderskleuriges uit kerkdienste deur *kerkleiers* (ouderlinge, diakens en predikante), die sak meel as betaling per maand vir vroue van swart plaasarbeiders wat vir tydperke van ses maande sonder betaling in kombuise op plase moes werk, grootskaalse armoede, Indiërs wat nie in die Vrystaat mog oornag nie, swartes wat agter in die bus moet sit, strande eksklusief vir gebruik van blankes, aparte ingange by banke, ensovoorts ongemerk by kerkleiers verby gegaan het? Die NG Kerk het te midde van hierdie dinge bestaan, floreer (kerklik 'gegroeï') en die 'evangelie' bly verkondig deur in die sendingveld *sinkdakkies* op te rig en *sementvloere* te gooi. Die sendeling ('kafferpredikant') het sy plek in die blanke boeregemeenskap gehad (net nie in ploeg, planttyd, of oestyd nie). In die skuur kon hy die werksmense oorhaal om tevrede te wees met die L(1)ewe. Letterlik *opium vir die volk!*

Volgens De Klerk (2000:12) was die apartheidstelsel *growwe en gevoellose rassediskriminasie. Wrede Afrikanermag wat met fisieke geweld en die geweld van wette en strukture swart mense geknak het in hulle gesinne, hul werk, hul lone, hul onderwys, hul geletterdheid en hul grondbesit. Arrogante egoïsme en onderdrukking om alleen baas te wees. Verspillers van biljoene en biljoene om die onregverdige situasie te handhaaf. Só is die meerderheid mense van die land beroof.*

Sterk morele leierskap gaan nodig wees om die sondes van die verlede binne die kerk volledig af te skud. Kerklike geloofwaardigheid is hier ter sprake. Skrywers het deur die afgelope aantal jare na apartheid daarop gewys dat die nagevolge van die stelsel sleg is en was, maar dat daar mense is wat positief voel oor die veranderinge en deel wil wees van die nuwe bedeling. De Klerk (2000:12) skryf dat die Afrikaners oor die algemeen redelik *kroes* voel na die veranderinge, maar dat daar 'n skare is wat die nuwe bedeling graag wil aanvaar: *Hulle is sterk genaelstring. Hulle is gewillig om saam te werk. Hulle ruk die donkerbril af. Die nuwe trek wat hulle onderneem, is om die apartheidstradisie te verlaat en hulle te vestig in die nuwe demokrasie. Gereed om saad te word, suurdeeg te word, entrepreneurs te word van 'n nuwe samelewing van herskikking.* In hierdie bereidwilligheid wat duidelik uit die 'blyers' se korrespondensie met die 'glyers' in die media uitkom, bestaan daar 'n duidelike behoefte om nou, twaalf jaar na die afskaffing van Apartheid, erkenning te ontvang vir bevoegdhede en geleenthede gebied te word om as deel van die span in Suid-

Afrika aangewend te word. Vir baie ‘blyers’ het regstellende aksie nou ver genoeg gevorder: hulle voel dat hulle ’n kans verdien in die korporatiewe wêreld, die staatsdiens en plaaslike regering. Hulle wil graag betrokke wees by die heropbou en ontwikkeling van Suid-Afrika as ’n ontwikkelende land.

Dit is nie dat die NG Kerk nie in die laat tagtigerjare begin insien het dat apartheid as regeringstelsel mense hulle menswaardigheid ontnem nie. Die politieke verbondenheid van die kerk op leiersvlak was egter so verstrengel met die regering dat ’n breuk moeilik was. Sterk protes het vanuit die kerk opgegaan, maar was onderhewig aan politieke gedweënhed. Protes aksies is aan die Anglikaanse Kerk en Verenigende Gereformeerde Kerk oorgelaat.

### 1.4.2.3 Die Afrikaanse taal in ’n *communitas*-fase

Die Afrikaanssprekende inwoners van Suid-Afrika het ná 1994 algaande agtergekom dat die nuwe politieke bestel in die land ook die taalregte (voorregte) wat vóór 1994 geheers het, verander. Omdat die Nasionale Party en daarna die Nuwe Nasionale Party bepaal het dat Afrikaans die amptelike taal van die regering was, het (wit) Afrikaanssprekendes met kommer kennis geneem van die veranderinge in die taalbeleid van die ANC-regering. *Daar is tans ’n doelbewuste aanslag op ons taal, skole en universiteite*, skryf de Klerk (2000:86): *Dit is nie vergesog dat ons binne een geslag feitlik kan verdwyn nie*. Dit het aanvanklik gelyk of die grootste taalverwante probleem in die oorgangsfase na 1994, die keuse van ’n amptelike taal (of tale) gaan wees. Die rol van Afrikaans hierin is ’n hoofmoment in die taaldebat.

Die afgelope aantal jare is groot debat gevoer oor die amptelike status van Afrikaans: dit is ’n logiese uitvloeisel van die gebeure na 1994. Voor die regeringsverandering was Afrikaans immers die taal van die ‘onderdrukkers’. Dit was die kommunikasiemedium wat op alle vlakke op mense ‘afgedwing’ is, veral mense oor die kleurgrens heen. Zoeloe kinders in KwaZulu Natal se noordelike dele, die huidige Maputoland, moes byvoorbeeld Afrikaans as tweede taal as skoolvak neem. Die skoolopstande van 1967 was landwyd juis teen hierdie verpligte taalreëling gemik. Wat op die oomblik oor Afrikaans as taal uitkristalliseer, is waarskynlik die laaste kinkels van daardie taal-kabel. Diegene wat invloed het oor die taalbeleid in die land is nie geneë daarmee dat Afrikaans, as die taal van die *minderheid*, steeds ’n ‘meerderheidsrol’ in Suid-Afrika speel nie.

*Omdat die taaldebat tans baie aktueel is en daar slegs enkele bronne is wat die debat reflekteer, is dit nodig om kennis te neem van die volgende artikels en onderhoude wat oor die onderwerp in die media verskyn het:*

- Gert van der Westhuizen skryf op 9 April 2006 in die korrespondensiekolom van **Rapport** dat die situasie by die Universiteit van Johannesburg (die ou Rande Afrikaanse Universiteit) sodanig verander het dat Afrikaans nie meer as die primêre taal van die universiteit gehandhaaf kan word nie. Hy sê dat hierdie werklikheid ’n pragmatiese reaksie noodsaak, gegewe die beleidskonteks wat demokratisering, oop toegang en mededeelsaamheid ter wille van noodsaaklike sosiale en politieke veranderinge in die land voorop stel. Hy skrywe dat die pragmatiek van Engels as werkstaal by die Universiteit van Johannesburg na die enigste uitweg lyk en ’n nuwe

omgewing skep waar mense ter wille van onderwys en opvoeding moet kommunikeer. Uit die kommentaar blyk dit dat die skrywer van mening is dat die gebruik en groei van Afrikaans afhanklik is van die *gebruik* van Afrikaans op die kampus van 'n universiteit en nie noodwendig deur die taalbeleid wat daar gehandhaaf word nie. Dit beteken dat Afrikaanssprekendes moet aanvaar dat Afrikaans 'n minderheidstaal in die land geword het. Volgens hom reflekteer universiteite slegs hierdie werklikheid.

- Slagordes rondom Afrikaans as onderrigtaal is as't ware teenoor mekaar opgestel met die raadsverkiesing wat op 1 April 2006 op Stellenbosch plaasgevind het. Aan die een kant was die kandidate wat die dubbelmedium opsie (T-opsie) steun. (Ruda Landman, mnr Michiel le Roux, Christo Wiese en Gerhard van Niekerk.) Aan die ander kant was dié wat moedertaalonderrig (die A-opsie) steun. (Hermann Giliomee, Lina Spies, Christo Viljoen en Jaco Maree.)
- Die A-opsie ondersteuners het Chris Brink, wat in 2002 Rektor van die Universiteit van Stellenbosch geword het, ondersteun toe hy met sy inhuldiging gepraat het van *sentraal staan in 'n Afrikaanse Renaissance (Rapport 12 Maart 2006)*. Met ander woorde, Afrikaans sou die primêre onderrigtaal van Stellenbosch bly. Aan die einde van 2002 het die Universiteit van Stellenbosch 'n taalbeleid aanvaar wat ook deur die Konvokasie goedgekeur is. Die beleid het bepaal dat Afrikaans as enkelmedium die outomatiese of verstek-opsie vir voorgraadse kursusse sou wees. Ten einde anderstaliges tegemoet te kom, kon dosente egter 'n T-opsie gebruik waarin Afrikaans en Engels in een klas aangebied sou word. Dit het egter net vir die eerste jaar gegeld. (Vergelyk die taalbeleid van die Universiteit van Stellenbosch op [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za))
- Aan die begin van 2006 is die T-opsie verpligtend gemaak in drie fakulteite vir al die studiejare en het die 'outomatiese' opsie van Afrikaans as enkelmedium verdwyn. In al die fakulteite het Afrikaans as onderrigmedium tot onder 40% gedaal. Die res is hoofsaaklik dubbelmedium of Engels. Die nuwe reël in amptelike vergaderings is dat daar Engels gepraat word (of 'n tolkdienst verskaf word) indien daar nie-Afrikaanssprekendes in die klas teenwoordig is. Studente of dosente hoef nie meer Afrikaans magtig te wees/word om aan die universiteit te studeer of klas te gee nie. Universiteitstatistieke toon aan dat slegs 24 studente in Lettere en Wysbegeerte die Afrikaanse taalverwerwingskursusse bygewoon het uit 'n totaal van 235 wat in 'n band van hoë risiko geplaas is. Van die 75 dosente wat hulle die afgelope tien jaar by die Taaldienssentrum aangemeld het, het net een gevorder tot op die vlak waar hy in Afrikaans kan funksioneer, skryf Giliomee (**Rapport 12 Maart 2006**). Volgens 'n artikel deur JP Landman (politieke en sosiaal-ekonomiese ontleder en toekomsanalisis) in **Die Burger** van 12 Julie 2006, is sowat 40% van die studente wat vanjaar (2006), aan die Universiteit van Stellenbosch geregistreer het se eerste taal nie Afrikaans nie. Hy skryf dat taaltoekoms van die universiteit net tweetalig of Engels kan wees in die lig van studentegetalle en die taal wat op die kampus gebesig word.

- Voorstanders van T-opsie bepleit 'n meer soepel beleid waarin voorsiening gemaak word dat die mees bekwame dosent deel het aan klasonderrig. Indien dit 'n buitelanders is wat nie Afrikaans kan praat nie, moet dit vir hom/haar moontlik wees om die lesing in Engels, wat 'n wêreldtaal is, te gee.
- Diegene wat die T-opsie voorstaan vra die vraag of Afrikaans deur rigiede reëls afgedwing moet word en of dit met selfvertroue en op 'n vriendelike manier uitgebou behoort te word. Russel Botma is as Rektor aan die stuur van die taal-taakgroep met die opdrag om die taalbeleid van die Universiteit te hersien. Hy is uitgesproke met sy standpunt dat daar eerder 'n *kulturele mandaat* as 'n *reg* tot Afrikaans op die kampus bestaan. Hy grond hierdie gedagte op die feit dat Stellenbosch in 'n oorwegend Afrikaanse landelike konteks gevestig is. Dit is ook sy strewe om 'n vriendelike Afrikaanse kultuur aan die Universiteit gevestig te kry. *Ons moet 'n Afrikaanse beeld bou van 'n mensvriendelike, taalvriendelike uitreikende Afrikaans, nie een wat jou wil hap nie* (**Rapport** 12 Maart 2006).
- Op Saterdag 1 April 2006 het 'n oorweldigende meerderheid van die konvokasieledes (75%) vir die A-opsie gestem. Na die verkiesing het die Giliomee-groep in 'n verklaring gesê dat die stemming duidelik aantoon dat die oudstudente verkies dat Stellenbosch 'n universiteit bly waar Afrikaans as primêre akademiese en wetenskapstaal behou en uitgebou word.
- In 'n boek van Chris Brink wat pas verskyn het, **No lesser Place – The Taaldebate at Stellenbosch** (2006), huldig hy die mening dat die taalonmin op die kampus nie net gaan oor die Afrikaanse taal as sodanig nie. Hy sien die dreigende gedaante van Afrikaner-nasionalisme wat weer vorm aanneem, van neo-Afrikaners wat hergroepeer om mense weer rondom die taaldebate op te sweep ten bate van Afrikaner-eenheid, of 'n volkstaat van die gemoed. Brink skryf dat die neo-Afrikaners polities ontmagtig en gemarginaliseer voel en hulle derhalwe rondom kwessies soos regstellende aksie en die verlies van sekere taalregte mobiliseer.
- Die afleiding wat die leser maak is dat die neo-Afrikaner nie in die eerste plek rondom die taal hergroepeer nie, maar wel om *identiteit*. Brink plaas die gebeure op die universiteitskampus in 'n breër nasionale en selfs politiek-kulturele konteks. Daar is 'n breë falanks van organisasies, instellings en strydvrage wat ingespan word om die Afrikaner as bedreigde minderheid binne 'n liberale demokrasie te posisioneer. Hieronder tel die FAK, die Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Afrikanerbond en Solidariteit, wat deur Naspers ondersteun word. Volgens Brink is hierdie instansies bloot hergeboortes uit ou bestaande organisasies. Hy sê die ou Mynwerkersunie het hom in die vakbond, *Solidariteit*, vir minderheidsgroepe (Afrikaners) omskep. Die FAK staan sterk onder hulle ou taal-idee, die Voortrekkerbeweging herleef en die Afrikanerbond (nuwe baadjie van die Broederbond) beywer hulle sterk vir Afrikaans. Hiermee is niks op sigself verkeerd nie. Die probleem duik op wanneer dit Afrikaans ten koste van ander sake begin raak – ons leef immers in 2007, vyftien jaar na 'n radikale

politieke omwenteling en magsversteuring in hierdie land. Hy sê dat neo-Afrikaners inwaarts geïmmigreer het na die volkstaat van die gees.

- Vir Brink is dit belangriker dat Stellenbosch 'n *nasionale bate* is, eerder as 'n volksuniversiteit wat net een deel van die gemeenskap bedien. Hy lê klem daarop dat 'n universiteit nie oor etnisiteit of taal gaan nie, maar wel oor kennis. 'n Multikulturele benadering eerder as 'n beskermende een, 'n sagte verbintenis tot Afrikaans eerder as 'n harde onverhandelbare eis van 'n skerpomlynde identiteit as Afrikaanse universiteit is dus die aangewese weg. Hiermee verwerp hy die idee dat Stellenbosch 'n Afrikaanse universiteit behoort te wees. Danie Goosen, voorsitter van die FAK sê hieroor: Brink wend geen poging aan om die geleide sosiale en politieke marginalisering van universitêre Afrikaans die afgelope dekade te begryp of hoegenaamd 'n onkrete institusionele antwoord daarop te gee nie. Dit bly by vae beloftes en goeie voornemens jeens Afrikaans. Hoe dit in instellings beliggaam moet word, bly vir die leser van sy werk 'n raaisel (*Perspektief*, **Rapport** 26 Maart 2006). Daar kan uit Brink se skrywe afgelei word dat hy dink dat die oorbeskerming van Afrikaans iets is wat uit vrees ontstaan, terwyl 'n veelkultuurbenadering weer op hoop gebou is.
- 'n Nuwe studentebeweging, die Adam Tasstudente Organisasie, is op 10 Februarie 2007 gestig om na die belange van die Afrikaanse taal op die kampus van Stellenbosch om te sien.

As daar na die voorgeskiedenis in die ontwikkeling van die Afrikaanse Taal gekyk word, was kerkleiers (predikante en ouderlinge) ten nouste betrokke daarby. Tans skitter die gevestigde Afrikaanse kerke in hulle afwesigheid in openbare debatvoering hieroor.

Daar is akademici wat verkondig dat internasionale prestasies en erkenning die beste deur Engels geskied. Hulle tas egter in die donker, aldus Wannie Carstens, Direkteur van die Skool vir Tale op die Potchefstroom-kampus van die Noordwes Universiteit. Hy sê deur Engels aan die Afrikaanse student op te dwing, word taaldwang gepleeg. Wêreldklasgehalte navorsing en publikasie word op meriete beoordeel en nie deur die taal waarin dit geskryf word nie (**Rapport** 11 Junie 2006).

Bedreig in sy verlange na gewese *magsuitvoering* in Afrikaans, verkrummel die laaste samebindende faktor van 'n klein deeltjie van die samelewing aan die Suid-punt van Afrika - *die Afrikaanse taal*. Dit word egter nie deur die jonger geslag as ramp beleef nie. Hulle praat en sing *songs*, van *nice* en *great* dinge in die demokrasie, godsdiens en vryheid van spraak.

Niek Grové (Registrateur van die Universiteit van Pretoria) skryf in **Rapport** 18 Junie 2006, dat die toekoms van Afrikaans aan universiteite deur drie dinge bepaal gaan word:

- Die Staat
- Universiteitsrade en besture
- Die Afrikaanssprekendes wat op die kampus studeer.



Hy wys op 'n interessante stuk geskiedenis toe die Universiteit van Pretoria in 1908 as die Transvaalse Universiteitskollege sy beslag gekry het. Op hierdie stadium was die University of the Cape of Good Hope die eksaminerende instelling en Engels vir alle praktiese doeleindes die akademiese taal. In 1916 is 'n versoek deur die University of the Cape of Good Hope toegestaan dat daar vir toetse en eksamens pariteit moet wees tussen Hollands (Afrikaans) en Engels – 'n reël wat vandag nog bestaan.

In die vroeë jare van die bestaan van die Universiteit in Pretoria was daar ook 'n stryd tussen die pro-Engels en die pro-Afrikaanse faksies op die kampus. Die oplossing deur die universiteitsraad was pragmaties: lesings is in Engels gegee, maar in 'n paar departemente is dit ook in Afrikaans aangebied. Polarisasie het as gevolg hiervan plaasgevind met die gevolg dat daar in 1930 besluit is dat lesings in beide Afrikaans en Engels aangebied sou word. Die bedeling was van korte duur.

Net meer as sestig jaar later moes die Universiteit weer 'n sterk pragmatiese taalbeleid invoer. Omdat Engels tans as die voorkeur taal deur die studente aan die Universiteit aangedui word (dit word tot 'n groot mate deur die swart studente wat aan die Universiteit studeer, bepaal) word dit deur die meeste departemente gehandhaaf. Die ontwikkeling van die taalbeleid aan die Universiteit van Pretoria is dus baie nou aan die politiek van die dag verweef. Grové wys daarop dat die rade aan universiteite tot 'n groot mate geneig is om hul handeling te rig in *ooreenstemming met die beleidsrigtings van die regering van die dag. As die politieke ideologie van die dag byvoorbeeld pro-Engels sou wees, sal dit op die langtermyn deur die raads-en senaatsbesluite neerslag vind in die taalbeleide van ons universiteite.* (Vergelyk die taalbeleid van die Universiteit van Pretoria op [regis/@ccnet.up.ac.za](mailto:regis/@ccnet.up.ac.za) )

Hy wys daarop dat die getal Afrikaanssprekende studente oor die afgelope twaalf jaar drasties (20%) verminder het. In 1993 was daar 122188 wit Afrikaanssprekende studente aan universiteite, teenoor 98550 in 2004. Hy wys ook daarop dat die historiese Afrikaanse universiteite in die subsidie-toedelingsmodel finansiële gepenaliseer word, omdat daar volgens die regering in verhouding te min swart studente teenoor wit studente aan die universiteite is. *Die feit dat dit in sommige gevalle 'n bedryfsvereiste is dat dosente in Afrikaans moet kan onderrig, word blykbaar nie in ag geneem wanneer universiteite se transformasieprestasies beoordeel word nie. Die getal dosente wat in Afrikaans klasse kan aanbied, moet dus noodwendig afneem.* Dit is Grové se mening dat Afrikaans aan universiteite sal afneem omdat Engels die kommunikasie taal van die dag is.

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns wil sowel universiteitshoofde, onderwys- en taalkenners as Afrikaanse organisasies betrek by 'n beraad vroeg in September 2006 op Stellenbosch waar hulle volgens die uitvoerende hoof, Jacques van der Elst, sal besin oor die volhoubare plek van Afrikaans op universiteitskampusse. Die registrateur van die Universiteit van Pretoria, Niek Grové, het in 'n artikel wat in die *Vrye Afrikaan* gepubliseer is, gevra dat 'n daadwerklike plan opgestel word vir die gebruik vir Afrikaans wat ook deur die owerheid aanvaarbaar sal wees. Tydens die vergadering sal daar ook weer aandag gegee word aan die Gerwel-verslag oor Afrikaans waarin hy voorgestel het dat twee universiteite, Stellenbosch en Potchefstroom primêre verantwoordelikheid moet aanvaar vir die handhawing van Afrikaans as akademiese taal op hulle kampusse.

Oor die taaldebate kom daar 'n sobere waarskuwing uit Potchefstroom deur Anette Combrink (Rektor van die Potchefstroomse kampus) en Marlene Verhoef (Direkteur: Taalsake) (**Rapport** 18 Junie 2006). Hulle skryf dat as die regering meen dat die saak oor die gebruik van Afrikaans só verpolitiseerd geraak het, dat hulle moet ingryp, dit 'n kwade dag vir Afrikaans sal word. Hulle wys daarop dat die balans tussen taaldiversiteit en gelykberegtiging 'n dilemma is wat met groot omsigtigheid bestuur moet word. (Vergelyk [www.puk.ac.za](http://www.puk.ac.za) vir die taalbeleid van die Universiteit van Potchefstroom.)

'n Interessante waarneming in die nuwe 'taalstryd' is die karperde wat langs en teenoor mekaar trek in die 'nuwe stryd' ter bevordering van Afrikaans. Wie sou ooit kon droom dat Giliomee, Tim du Plessis, en selfs Frederik Van Zyl Slabbert, sou saamstem oor laasgenoemde se stelling in **Rapport**, 26 Maart 2006: *Ek stel nie daarin belang om die Afrikaner te red nie. Maar ek wil hê dat Afrikaans as medium van onderrig behoue bly. Die T-opsie lewer geen bydrae hiertoe nie.*

Die vraag oor die debat oor die amptelike gebruik van Afrikaans is of die kerk weer 'n rol in die nuwe 'taalstryd' gaan verkry? Het die kerkleierskap 'n verantwoordelikheid teenoor die Afrikaanse taal in 'n totaal veranderde samelewing waar die regering (anders as vóór 1994) geen toegeneentheid meer oor die Afrikaanse taal het nie, omdat die Afrika-tale meer verteenwoordigend is. Hierdie vraag is relevant, aangesien die aanvaarding van die Belhar-belydenis in sommige dele van die land daartoe kan lei dat *Engels die Ring- en Sinodale taal kan word omdat die nuwe kerkverband Afrikaans nie in die geheel magtig is nie. Dit versterk die vermoede dat koloniale Christenskap vandag steeds die hoofstroomteologie in ons land is* (**Beeld** 27 Maart 2006). Dit is redelik voorspelbaar om te beweer dat nie alle lidmate in NG gemeentes hiermee genoeg gaan neem nie. Veral nie as Engels die taal op amptelike vlak word nie. In die breër gesprek wat oor die gebruik van Afrikaans gevoer word, handhaaf die kerk 'n neutrale standpunt, in teenstelling met wat tydens die eerste Taalstryd in die Paarl met die ontstaan van Afrikaans gebeur het.

Sou die NG Kerk Afrikaans as taal, nog as eksklusiewe medium van die kerklike bedrywighede in die toekoms sien? Indien dit wel die geval was, waarom word daar in baie gemeentes Engelse liederes tydens die erediens gesing? Daar is gemeentes waarin die gebruiklike aanddienssang 'n baie groot persentasie Engelse charismaties-pinksterliederes bevat. Die Liedboek van die NG Kerk bevat selfs 'n aantal ou Engelse kerkliederes (konserwatief en Wesleyaans) wat by geleentheid in die erediens gesing mag word.

Hoe kan daar van die NG Kerk verwag word om in die lig hiervan, deel te wees van die huidige dialoog oor die handhawing van Afrikaans? Tot hiertoe was daar geen kerklike geluid in die gesprek nie. Die kerklike stilswye dui daarop dat die moontlikheid bestaan dat Afrikaans as taal in die volgende sosietaas-fase, slegs die spreektaal in die erediens van sommige NG gemeentes sal wees, terwyl die amptelike taal by vergaderings op Ring- en Streek- en Sinodale vlak Engels sal wees (veral in KwaZulu Natal, Gauteng, Mpumalanga en die Oos Kaap). Dit beteken dat die nuwe Algemene Sinode van die NG Kerk uiteindelik Engels sal (moet) praat.

Dit is nie arrogant om te beweer dat Afrikaans sy dominante rol in die openbare lewe sal verloor het nie. Dit is 'n onvermydelike feit. Die NG Kerk leierskap sal hiervan



kennis moet neem en duidelike besluite oor die gebruik van Afrikaans in die kerk (verenigde kerk?) aan lidmate moet gee. Al voel moderature nie dat dit nodig is nie, is die vraag oor die taalgebruik dominant in lidmate se gesprekke oor kerkhereniging.

#### 1.4.2.4 Die invloed van die *communitas*-fase op die Afrikaner- volk

Sheila Cussons se gedig oor die Afrikaner in **Omtoorvuur** som baie van die omwentelinge in die huidige oorgangstyd op:

*Ek braai toe blokkies brood  
bruin in olyfolie en kou die smaak  
van biltong en ouma en oupa dood.  
Ek wonder hoe 't hulle gevoel  
toe hulle daar anderkant kom  
en sien Augustinus is – nou ja.  
Dat 'n skepsel wat knipper  
van die misrook voor sy stroois  
nou bokant hulle vuurmaakplek  
moet wees. My volk het hom  
verbeel en – toe die skrif gesien.  
Nou kou ek met 'n naarheid  
op my maag, driftig, driftig  
blokkies brood, maar uit my tong:  
ouma rediviva! koppig sypel  
die ou-ou sout.*

Na slegs sowat 100 jaar van 'n eie politieke en sosiaal-maatskaplike identiteit, het April 1994 'n einde gebring aan die politieke mag wat die jong Afrikanervolk in 1948 verkry het. Na sukses in 'n ongetemde land, die vestiging van boeregemeenskappe, oorlog en armoede, verstedeliking, uiteindelijke prestasie en politieke mag, het die meeste Afrikaners na 1994 daarna uitgesien om deel te neem aan die proses om die stremminge en bande van die verlede reg te stel en saam met die nuwe regering te bou aan 'n gemeenskap waarin die land en sy mense eerste gestel word.

Gaandeweg het daar egter ontugtering gekom. Swart bemagtiging, regstellende aksie, onveiligheid, 'n toename in misdaad, nuwe onregte, die verryking van 'n elite swart groep (die *officials*) en die verlies van taalregte het die meeste Afrikaners in 'n skoktoestand ingedwing. Hulle het gevoel dat die skoen nou eenvoudig aan die ander voet geplaas word en dat hulle die volgende geslag slagoffers van Afrika word. Die leemte wat met hierdie emosie saamgaan, het (ten spyte van al die pleitbesorgerstemme) 'n leierskapsarmoede gebring, nie alleen op politiek-kulturele terrein nie, maar ook in die kerk.

Dit is met rukke en stote dat die leierskap van die NG kerk op sake van die dag reageer. Vanweë die vrees dat standpunte maklik as 'rassisties' bestempel word, word 'Afrikaner-aangeleenthede' nie as deel van die kerk se belangstellingsveld gesien nie. 'n Saak van groot kommer wat byna elke tweede huishouding raak, is die feit dat meer as 'n miljoen Suid-Afrikaners, meestal jonges, in 'n diaspora is, nie noemenswaardige kommentaar van die NG Kerk uitlok nie. Al is daar 'n aangestelde Parlementêre

verteenwoordiger en 'n Kerksekretaris, word geen woord vanuit kerklike kant in die pers oor hierdie kommerwekkende gebeure gerep nie.

*Afrikanerskap is die laaste jare kroes. Letterlik inmekaargekrul, siek, olik. Afrikaners is aan die rondwaal soos 'n klomp vasgekeerde skape* (De Klerk 2000:9). Vier eeue nadat die eerste Europeërs in Suider-Afrika aangekom het, is die ongeveer vier miljoen Afrikaners vandag meer kwesbaar en onseker as ooit tevore (Gerald L'Ange 2005:11) Hy is van mening dat die voortbestaan van die Afrikaners sal afhang van hulle vermoë om meer Afrika-gebonde te raak en minder Europees. *Gestroop van die mag wat hulle eens in staat gestel het om oor die hele Afrika te regeer, leef die wit Afrikane vandag in 'n staat van angstigtheid oor die hede en onsekerheid oor die toekoms.* Hierdie onsekerheid oor die toekoms bestaan ondanks die lang regeringstydperke van swart Afrikane in Kenia (40 jaar), Zimbabwe (24 jaar) Namibië (14 jaar) en Suid-Afrika (12 jaar) waaraan wit Afrikane gewoonnd geraak het.

L'Ange skryf dat die probleem daarin lê dat swart Afrikane nie wittes se teenwoordigheid onvoorwaardelik wil aanvaar nie (2005:48). Hy dig dit toe aan *gekrenktheid* eerder as etnisiteit of ras. Wit Afrikane (lees Afrikaners) is die grootste kulturele slagoffers van meerderheidsregerings; hul kulturele verbintenis aan die 'grond' van hulle voorvaders is uitgewis. In die proses is die Afrikaners politiek en territoriaal beroof. Dit word volgens hom veral duidelik in die stryd om die Afrikaanse taal op Universitêre vlak waar die druk vir Engels as die lingua franca, groot is en waarskynlik Afrikaans aan (Afrikaanse?) Universiteite soos Stellenbosch en Pretoria tot 'n sekondêre medium gaan indwing. Hy skryf egter ook dat die grootste meerderheid Afrikaners toegewyde pragmatiste is wat die beste wil maak van die situasie in Suid-Afrika en wat hulle konsep van 'n eie Afrikaheid aanpas by heersende realiteite. Hoewel dit lank sal duur, sal die wit Afrikaan uiteindelik so verafrikaniseer dat daar min Europese verbintenis sal oorbly.

Die vraag is of Afrikaners se oorlewing afhang of hulle ooreenkomste met ander inwoners moet sluit en of hulle eerder moet veg vir eie behoud? Hoe hanteer 'n minderheidsgroep die verlies aan politieke seggenskap? Meer as tien jaar van demokrasie het hulle in 'n gelyke gemeenskap van *Afrikaansheid* (Africa-ness) gestel as 'n permanente gegewe. Binne die situasie waarin Afrikane in Suid-Afrika 'n dringende obsessie het om hulle 'erfenis' te herstel, moet die Afrikaner ook weer aan 'n nuwe toekoms werk.

Max du Preez en Antjie Krog stel in hul onderskeie boeke, **Pale Native** en **A change of tongue**, voor dat Afrikaners hulleself as deel van Afrika moet sien en nie as 'n besondere toevoeging tot die land en sy mense nie. Herman Giliomee (2004:17) lê klem op etniese identiteit volgens die onderhandelingsstrategie van die Nasionale Party onder FW de Klerk. Max du Preez handhaaf die siening dat wit mense die geskiedenis van die swartmense hulle eie moet maak en ook daarmee moet identifiseer. Om op te hou om 'n minderheid of 'n aparte groep te wees, verg dat die geskiedenis van die 'struggle' omarm moet en eie gemaak word.

Du Preez is van mening dat die tragiek daarin lê dat die grootste gedeelte van die blankes in die land nie enige 'skuld' aan apartheid erken of aanvaar nie. Krog wil die transformasie veel dieper laat strek deurdat blanke individue die verantwoordelikheid op hulleself neem om die verandering in hulle omgewing te maak, maar dat swart

mense ook deel hieraan het deurdat hulle in die proses saam moet werk. Hierdie proses beteken dat swart mense relevant word en daar geluister moet word na wat hulle sê. In sy poging om te verduidelik waarom Afrikaners geword het wat hulle is, steek Giliomee die grens oor tussen historiese verduideliking en morele regverdiging. Dit is sy mening dat die wêreld uiteindelik net belang gestel het in die skuld van die Afrikaner en sy toekoms as vaag beskou. Die vraag is of 'n pleidooi om begrip wat ook dien as 'n morele regverdiging, Afrikaners in staat sal stel om die toekoms in te gaan en met tevredenheid in die hede te leef. Apartheid is ontwikkel om etniese groepe te beskerm: dit is egter verwring tot 'n sisteem waarin mense verontmenslik is (**Beeld**, Dinsdag 6 September 2005).

In die debat oor die Afrikaner en sy toekoms beweer prof. Fransjohan Pretorius van die Universiteit van Pretoria, dat die **Turning Points in History** geskiedenis-handboeke, uitgegee word deur die Instituut vir Geregtigheid en Versoening, die Afrikaner uit die geskiedenis skryf, behalwe waar hulle as skurke en swartskape figureer. Fanie du Toit, Projekbestuurder, antwoord hierop dat daar tydens Apartheid net een standpunt, nl. dié van Afrikaner-nasionalisme, ten koste van ander standpunte gehandhaaf is (**Rapport** 26 Maart 2006). Hy sê voorts dat hoewel verskeie Afrikaner-historici in die later jare van apartheid wegbeweeg het van eensydige geskiedskrywing, dit nou eers in die geskiedenis-handboeke nuwe beslag kry. Vandag se geskiedenisboeke wil graag die volle weergawe gee. Baie van die bekende Afrikanerleiers se name word egter nie in die reeks vermeld nie.

Die vakbond Solidariteit het 'n nuwe Afrikaanse organisasie, vir Afrikaanses, Afri-Forum, gestig. Kallie Kriel, Uitvoerende Hoof van hierdie nuutgestigte organisasie wil 'n voertuig bied vir *die konstruktiewe aktivering* van minderhede, soos Afrikaners en die breë Afrikaanse gemeenskap tot deelname aan openbare debat en bedrywighede. Bekendes soos Frederik Van Zyl Slabbert, Marinus Wiechers, Flip Buys en Rina Venter tel onder diegene wat ingestem het om as adviseurs vir die organisasie op te tree. Spesifieke knelpunte, byvoorbeeld die regering se toenemende rasbehepthed, politieke inmenging in sport, rasgedrewe maatskaplike subsidies, die miskennening van veeltaligheid, misdaad en die soms ondeurdagte verandering van plekname is van die sake wat op hierdie forum aandag sal geniet, (**Rapport** 26 Maart 2006). Evaluering van hierdie organisasie se doelstellinge lyk positief. Die vraag is of dit maar net nóg een van die talle reeds bestaande organisasies gaan bly wat na die saak van die Afrikaners gaan kyk en, soos die ander, weinig verrig sal kry.

Die *communitas*-fase in Suid-Afrika het daartoe gelei dat baie jonger Afrikaners hulle in 'n tipe ballingskap in die buiteland gevestig het omdat hulle ontuis voel in hulle 'vaderland'. Baie swerf in 'n diaspora oor die wêreld rond en stel hulle terugkoms uit totdat 'dinge settle'. Die geknoei van die apartheidsverlede maak hulle skaam, kwaad en bang. Hierdie jongmense verstaan nie meer wat dit is om 'Calvinistiese' Afrikaners te wees nie. Hulle onthou dat hulle grootouers gepraat het van ' 'n godgegewe roeping aan die suidpunt van donker Afrika', maar stem nie meer saam dat die Afrikaner 'n 'uitverkore nasie deur God self in ons kontinent geplant' is nie. Van Riebeeck moes hom liever nie aan die Kaap gevestig het nie. Hulle voel dat die kerk hulle ook nie altyd die 'waarheid' vertel het oor 'n verskeidenheid van sake nie. Hulle verstaan nie waarom Apartheid vyftien jaar gelede nog as skriftuurlik verklaar is, terwyl die teenoorgestelde tans as dogma aangebied word nie.

Hierdie jong geslag besef dat die beskawings van die Weste en Afrika nie tot 'n nuwe eiesoortige kultuur vermeng nie, ten spyte van president Mbeki se Afrika-rennaissance en Aartsbiskop Desmond Tutu se 'rainbow nation'. Hierdie jonges het groot geword in 'n veelrassige land, met eie lewenspatrone, styl en tradisies van anders wees. Hulle het aanvaar dat Apartheid reeds meer as 'n dekade gelede deur 'n ANC bewindsoorname finaal van die boeke gegee is, maar ervaar dat die nuwe geslag witmense gebuk gaan vanweë die sondes van hulle voorouers. Vir die meeste van hulle is werk skaars. Hulle is onderhewig aan regstellende aksie en word gedurig van rassisme beskuldig. Alles wat verkeerd loop in die ordelike bestaan van die nasie in Suid-Afrika, word deur die regering aan 'die gevolg van apartheid' toegeskryf. Daarom is die 'Afrikaner eksklusiwiteit' waarna party middeljarige Afrikaners teruggryp vir baie van hulle 'n doring in die vlees.

Gevolglik het daar 'n identiteitsverlies in Afrikanergeledere ontstaan. Die magsverlies, statusverlies, verlies aan moraal, taalverlies en toekomsgerigtheidsverlies het 'n verlamme uitwerking op Afrikaners en versper die stimulering en beïnvloeding van die Afrikanerkultuur en volkseie. De Klerk (2000:13) sê: *Die Afrikaanse pottebakkers verdwyn, die kruike bars, die inhoud van Afrikaanse kultuur versand en die hele Afrikaner-aksie word irrelevant.*

Dit is daarom nie vreemd dat die NG Kerk, in haar tradisionele gestalte, nie meer aan die jongmense se behoeftes voldoen nie. Kerkleierskap slaag nie oral daarin om die 'ou' beeld van die kerk vir hulle te verander nie. Dominees in kortbroeke en plakkies met kruis-hangertjies om hulle nekke is nie die antwoord nie!

Dit lyk asof Afrikaners te min insig het om te besef dat Afrikanerselfbehoud juis gedien kan word deur al hoe meer 'n Afrika-volk te word. De Klerk (2000:20) wys in hierdie verband daarop dat Afrikaners benewens die geregverdigde bewaring en uitbouing van Europese kleinode, ook Afrika-kleinode hul eie moet maak. Op die oomblik is die gesprekke van die dag tussen Afrikaners (die blankes in Suid-Afrika) te negatief oor die droewige landsomstandighede wat oënskynlik op 'n afwaartse glybaan verkeer ten opsigte van misdaad, korrupsie, neopotisme, swak dienslewering en eie verryking van senior amptenare. Onderwerpe soos saambestaan, inklusiwiteit, verskuiwing van grenspale, deling van reserwes, kleurbblindheid en 'n eerlike poging om Suid-Afrika se prioriteite ook Afrikanerprioriteite te maak is skaars Afrikanerlippetaal, wat nog te sê van 'n nuwe gesindheid (De Klerk 2000:20).

#### **1.4.2.5 Regstellende Aksie**

Daar word baie geskryf oor regstellende aksie in die media in Suid-Afrika. 'n Mens het begrip vir die redes waarom die ANC regering dit ingestel het: hulle wou daardeur 'n poging aanwend om die vernietigende gevolge van apartheid vir 'n sekere deel van die bevolking reg te stel. Regstellende aksie kan in die volgende hoofpunte verduidelik word:

- Vanweë werksreservering onder die vorige regering is baie top akademiese en professionele poste vir blankes gereserveer. Die feit was dat te min swartes die nodige opvoedkundige kwalifikasies gehad het om vir baie van hierdie poste te kwalifiseer. Die huidige aksie probeer hierdie ongelykhede uitwis.

- Die sukses van die RSA is afhanklik daarvan dat al sy mense aan die opbouproses deelneem. 'n Klein wit minderheid sou nie langer in staat gewees het om 'n reservoir van talent, ywer en ambisie te verskaf nie. Die res van die bevolking moes deel hieraan verkry.
- Die gevaar van regstellende aksie lê egter, net soos met Apartheid, vasgevang in 'n ingeboude rassediskriminasiefaktor.
- Die aksie is aanvanklik met omsigtigheid deurgevoer, maar het ontaard in 'n stelsel waarin wit deur swart vervang móét word op die vinnigste moontlike manier. In die proses is wit kundigheid met swart onkunde vervang. Dubbele standaarde word aangewend in die vasstelling van wie vir 'n betrokke pos of posisie moet kwalifiseer.

Leopold Scholtz (**Die Burger** 13 Oktober 2006) vra: *Hoe bestuur jy die beleid om tussen die Scylla van die eerste twee en die Charybdis van die laaste twee deur te skuur?* Hy sê dat die ANC regering te dikwels 'n rigiede en ideologiese gedrewe kwotabenedering volg. Dit beteken dat die getalle van die verskillende rassegroepe die uiteindelijke riglyn vorm. Vir die blanke beteken dit dat werkseleenthede minder word. Protes teen die stelsel is deur regeringsvertegenwoordigers summier as rassisties afgemaak.

Die gevolge hiervan word byna daagliks in die media genoem, byvoorbeeld:

- Die SA Lugdiens het aangekondig dat hy nie meer jong blanke vlieëniers wil oplei nie.
- Vlieëniersopleidingsvereistes by die Lugmagvliegskole is vir swart kandidate verlaag.
- Aan universiteite is die toelatingsvereistes vir mediese studie vir swart studente verlaag.
- Spesialisering op mediese vlak word deur kwotas beheer.
- Maatskappye moet swart direksieledes hê.
- Die samestelling van die bevolking moet in groot kettingwinkels reflekteer word.
- In 'n saak wat met die elektrisiteitsvoorsiener Eskom opgeneem is, het die Kaapse arbitrasiehof beslis dat swart mense bo bruin en ander groepe bevoordeel moet word.
- Om vandag 'n bruin persoon te wees beteken dat jy nie blank óf swart is nie.

Solidariteit het kompromisvoorstelle aan die ANC voorgelê:

- Stel jongmense wat ná 1994 tot die arbeidsmag toegetree het vry.
- Oorweeg elke persoon se behoeftes en kyk of sy kwalifikasie beantwoord aan die van die geadverteerde pos.
- Stel beroepe waar daar 'n kritieke tekort aan ervaring en kundigheid is vry van regstellende aksie (**Die Burger** 13 Oktober 2006).

#### 1.4.2.6 ‘Geloftedag’: ’n gevalle bastion

*Geloftedag* het ’n besondere plek in die blanke Afrikaners se kerklike feesdae beklee. Die byeenkomste het mettertyd ook kulturele en politieke saamtrekke geword, waar Afrikanerleiers en kerkleiers feesredenaars geword het.

Die Geloofte is aanvanklik deur Sarel Cilliers in 1838, eers by Danskraal, later by die Biggarsberge naby Wasbank en toe by Bloedrivier, as gebed vir die Voortrekkers gebid. Wesentlik het die gelofte die gebed van ’n groep Voortrekkers verwoord. Dit het oor basiese oorlewing gegaan in hulle verwagte stryd teen ’n vyandige en oormag Zoeloe krygers. Die bedoeling met die hou van die gelofte was om die Afrikaner volk te herinner daaraan dat God aan hulle ’n uitkoms geskenk het by Bloedrivier en nie dat hulle die swartes verslaan het nie. Die dag moes ’n besondere plek inneem in die geskiedenis van die volk. Cilliers was aanvanklik teen die gebed as ’n gelofte gekant, omdat hy getwyfel het aan die praktiese nakoming daarvan (Hofmeyr 2002:106).

Na 1952 is die rede vir die samekoms op die betrokke dag ernstig aangetas deurdat dit sowel nasionalistiese, eksklusiewe as ’n politiese kleur gekry het. Aanvanklik is die gelofte nie soos bedoel op ’n gereelde jaarlikse grondslag gevier nie en het die Trekkers dit agterweë gelaat. In 1880 is daar egter ’n groot fees by Bloedrivier as vyftigste herdenking aangebied. Dit is deur President Paul Kruger en Generaal Piet Joubert bygewoon. Na die Eerste Vryheidsoorlog in 1881 is die dag met meer toewyding gevier. In die Vrystaat is die eerste fees by in 1893 in die Vrede distrik gehou en in 1894 tot vakansiedag verklaar. Na die Uniewording in 1910 het ‘Dingaansdag’ ’n nasionale dag geword en bereik viering ’n hoogtepunt met die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949. In 1952 is daar ’n wet promulgeer wat 16 Desember as Geloftedag en vakansiedag verklaar het. Binne die Afrikaanse kerke is die gebruik gehandhaaf om die dag *soos ’n Sabbat* deur te bring (Hofmeyr 2002:33).

Nie alle bevolkingsgroepe het hierdie dag eerbiedig nie. Dit is vertolk as die viering van ’n oorwinning van wittes oor swart mense. Hierdeur is baie van die dag vervreem. Op 16 Desember 1961 het die ANC deur Umkhonto we Sizwe met ’n gewapende stryd teen die Nasionale Regering van die dag begin en word die dag deur die meerderheid om hierdie rede onthou en nie oor die slag van Bloedrivier nie. In 1994 is Geloftedag se naam in die grondwet verander na Versoeningsdag en word die Ncome museum bygevoeg by die bestaande Bloedrivier monument op 16 Desember 1999. Mangosuthu Buthelezi het as afstammeling van die Zoeloe koningshuis op die dag ’n nuwe ‘gelofte’ afgelê: *Laat dié dag beskou word as ’n nuwe gelofte wat ons saambind in die gedeelde toewyding om ’n nuwe land te bou deur die gesamentlike stryd teen armoede, ongelykheid, korrupsie, misdaad en ’n gebrek aan dissipline op alle vlakke* (Hofmeyr 2002:34).

Vandag is ‘Versoeningsdag’ ’n vae herinnering aan dit wat ‘Geloftedag’ vir die Afrikaner-volk was. Min Afrikaners woon nog die saamtrekke by. By die Voortrekkermonument in Pretoria is daar ’n jaarlikse saamtrek wat waarskynlik die meeste ‘Geloftegangers’ trek.



### 1.4.2.7 Veranderinge op die kerklike toneel

Die kerklike toneel verander tans drasties soos wat die *communitas*-fase in Suid-Afrika vorder. Daar is bemoedigende tekens dat die kerk herfokus op die wese van haar diakonale taak soos in die Skrif gestel. Daar word al hoe meer oor alle grense (kerklike en kultuurgrense) heen hande gevat en uitgereik na mense in nood. Byvoorbeeld:

- Die Agapé-gemeenskapsentrum in die Kemptonpark-Wes gemeente voorsien omvattende maatskaplike dienste en kos aan hawelose gesinne in die omgewing.
- In Pretoria bestaan die Arcadia Faith Community wat as wykskerkraad van die Arcadia-gemeente funksioneer. Die uitreik voorsien in die geestelike behoeftes van baie persone in die Arcadia-omgewing en behels onder meer geestelike toerusting, gemeenskapsdiens en 'n vigsprojek in die middestad saam met ander groepe (Hofmeyr 2002:227).
- In Fontainebleau in Randburg is dié NG gemeente veral op die gemeenskap gefokus en word diens aan alle inwoners van die omgewing gelewer. Die naam van die gemeente is verander na die Fontainebleau-Gemeenskapskerk/Community Church.
- Moreletapark-gemeente in Pretoria voorsien aan die behoeftes van baie deur gemakliker aanbiddingsgeleenthede daar te stel. Dit lyk asof die NG Kerk uit haar gemaksone beweeg het en wat voor 1994 ondenkbaar was, naamlik om met ander gemeentes en kerke hande te vat en so gesamentlik die gemeenskap te bedien. Hierdeur word die NG Kerk (enkele individuele gemeentes) weer relevant in die nuwe Suid-Afrika (Hofmeyr 2002:228).

Die politieke verandering na 1994 het nie net die kerk se posisie en rol in die Suid-Afrikaanse samelewing geweldig verander nie, maar ook nuwe geleenthede en nuwe horisonne vir die kerk geskep na die hertoetrede tot die statebond. Met die migrasie van baie jongmense na ander wêreldstede het die kerk sy invloed in sulke nuutontwikkelende gemeenskappe gevestig en is daar op talle plekke in die buiteland sterk NG Kerk-gemeenskappe.

- In Londen het 'n NG Kerk makro-gemeente ontstaan wat deur vier leraars bedien word. Die gemeente is 'n ekumeniese bedieningsentrum en bied 'n geestelike tuiste aan mense met verskillende agtergronde.
- In Kanada is ook 'n aantal NG leraars in die Presbiteriaanse kerk werksaam.
- So ook is daar in Perth en in Sydney, Australië, NG Kerk-gemeentes gestig (Reformed churches).
- In Nieu Seeland is daar 'n gevestigde gemeente in Auckland.
- Daar is ook gemeentes in München en Zürich, asook in Nederland.
- Suid-Afrikaners oorsee skakel by plaaslike gereformeerde kerke in en help dienste in Afrikaans organiseer as deel van die plaaslike gemeente se aktiwiteite (Hofmeyr 2002:229).
- Hierdie bedieningsbehoefte is reeds in 1969 identifiseer toe J Hough as die eerste voltydse reisende predikant na Engeland gestuur is om Suid-Afrikaners in Wes-Europa te bedien.



- Oekie Raubenheimer (senior) het in 1970 die eerste voltydse kapelaan in Europa geword. Hy het 22 preekpunte gehad in 17 lande van Helsinki tot in Lissabon en van Athene tot in Teheran, (Hofmeyr 2002:228). Hierdie werk het voor 1994 reeds die grondslag gelê vir 'n wêreldwye selfstandige bediening aan 'n verskeidenheid lidmate deur die NG Kerk, in samewerking met die Weermag en die Departement van Buitelandse Sake.
- Na 1994 het die wêreldwye bediening van die NG Kerk 'n nuwe gestalte gekry deurdat daar nie meer van weermagkapelane gebruik gemaak is nie, maar wel tot gemeentestigting oorgegaan is, met groter samewerking van gemeentes in die buiteland. Lidmate het self die leiding begin neem om te sorg dat daar vir hulle en hulle kinders geestelike versorging is. Afrikaanse eredienste is byvoorbeeld deel van die bediening van gereformeerde gemeentes in Kanada, Australië en Nieu-Seeland.

### 1.5 Samevatting:

Die versnelde *communitas*-fase waarin Suid-Afrika na 1994 inbeweeg het en wat nou reeds ongeveer vyftien jaar duur kan in sekere sin vergelyk word met 'n na-oorlogse situasie. Een bevolkingsgroep het uitgestap en 'n ander een – letterlik 'n ander kleur – het ingestap en alles bevolk wat 'ontvolk' is. Die gebeure is vergelyk met 'n 'wonderwerk' in vroom kringe. Daar verskyn nou egter skimbeelde oor die gevolge van die gebeure vir baie op die horison.

In die nuwe situasie is die gevestigde Afrikaans-Reformatoriese kringe kerke ontwig deurdat hulle hulself in 'n totale nuwe posisie en bedienings milieu bevind. Die model van Victor Turner, met 'n aanpassing daarvan vir die kerk deur Arbuckle, is gebruik om die huidige Suid-Afrikaanse samelewing, wat sosio-maatskaplike en politieke veranderinge insluit, te ontleed.

Die navorser huldig die mening dat die *limen* na 'n nuwe *societas*-fase naby is en dat die kerk hierdie feit in haar strategiese beplanning en bediening struktuur-modelle moet verdiskonteer. Laaste bastions wankel in 'n *communitas*-fase. Die navorsing in die hoofstuk doen 'n voëlvlug historiese terugblik oor kerkgebeure die afgelope vyftien jaar in die lig van die land se geskiedenis, om te soek na 'n verheldering van begrip oor die hede. Die doel daarvan is om seker te maak dat die navorsing 'n bydra lewer sodat die kerk die toekoms beter interpreteer en toegerus kan binnegaan.

Die geskiedenis van die NG Kerk ten noorde van die Oranje rivier vanaf 1836 tot in 1902 kan nie van die politieke geskiedenis geskei word nie. Gedurende die Vryheidstryd was daar 'n baie sterk band tussen die kerk en die vegkommando's. Hierdie verbintenis was onlosmaaklik aan Afrikanerskap verbonde. Dié noue verbintenis tussen owerheid en NG Kerk het tot in 1994 bly voortbestaan en het 'n ingrypende invloed op die kerkleierskap van die tyd uitgeoefen.

Die NG Kerk het geleidelik gedurende die laat tagtiger jare ingesien dat Apartheid mense van hulle menswaardigheid ontnem. Die politieke verbondenheid van die kerk met die staat op leiersvlak was egter polities só verstrengel dat 'n breuk moeilik was. Daarom blyk dit dat kerkleierskap simbioties vasgegroeï was aan die politieke mening van die dag. Die NG Kerk het meer as haar Bybelse deel gedoen om die regering te ondersteun. Die tragiese gevolge is dat die kerk nou bedreig word deur 'n onstabiel en

snelveranderende samelewing as dinamika van 'n oorgangsfase. Dit wat met die blanke Afrikaner in die samelewing gebeur, raak die NG Kerk intens omdat dit haar lidmate is wat aan die ontvangkant van traumatiese gebeure is.

Die blanke Afrikaner doen op die oomblik afstand van baie dinge. Die Waarheids- en Versoenings Kommissie het wreedhede van die vorige bedeling blootgelê en waarskynlik nie die versoening tussen mense bewerk soos waarvoor daar gehoop is nie. Met die afskaffing van Apartheid het baie 'bastions' vir die Afrikaner as volk geval. Daar is tans 'n geleidelike aftakeling van die rol wat die Afrikaanse taal in die verlede gespeel het. Regstellende aksie het aanleiding tot die grootste 'brein-kwyn' in die geskiedenis van die land gegee. Blanke mans is veral onderhewig aan werksonsekerheid. Die misdaadprobleem neem astronomiese afmetings aan wanweë verskeie faktore. Plaasmoorde is aan die orde van die dag terwyl witboortjie misdaad en korrupsie lyk of dit deel van die landsbestel geword het. Geborgenheid oor die toekoms is nie meer 'n reële faktor vir die meeste blanke Suid-Afrikaners nie. Min blanke huisgesinne het nie 'n kind of familielid wat reeds na die buiteland geëmigreer het nie.

Dit is nogal ironies dat sekere van bovermelde gebeure as volg beskryf word deur die 'Voëlvrý' aktivis, Koos Kombuis:

*Ons het nie geveg vir 'n Derdewêreldse kwasi-Marxistiese staat waar werk en grond op 'n lomp manier teruggesteel word van die ouens wat dit lank gelede op 'n ewe lomp manier gesteel het nie.*

*Ons het geveg vir 'n Eerstewêreldse land in Afrika – die eerste en enigste in sy soort – met gelyke regte.*

*Ons het geveg vir 'n land waar siekes ordentlike mediese sorg kry en waar die vigsplandemie top-publisiteit kry en getakel word deur middel van 'n allesomvattende en dringende opvoedings-en aksieplan.*

*Ons het nie geveg vir 'n land waar sekere mense anders as ander mense behandel word in tronke nie.*

*Ons het geveg vir 'n land met 'n sinryke buitelandse beleid.*

*Ons het geveg vir 'n land waarheen ex-pats kan terugkeer en hulle kundigheid en ervaring saam met hulle bring.*

*Ons het geveg vir 'n deursigtige regering wat bestaan uit 'n redelik realistiese spektrum van al die bevolkingsgroepe en oortuigings wat in ons demografie bestaan.*

*Ons het geveg vir 'n land met 'n doeltreffende polisie- en regstelsel.*

*Ons het geveg vir die reg om almal as afrikane beskou te word.*

*Ons het geveg vir 'n land waarin elkeen onderrig kan kry in sy eie taal, met die veronderstelling dat soveel moontlik van ons aangemoedig word om ook die taal of tale van ons mede-Suid-Afrikaners aan te leer. (Verkort – Rapport Perspektief 11 Februarie 2007)*

Die NG Kerk bedien in die reënboog milieu van bovermelde gebeure. Oor baie van die aktuele en sensitiewe sake kan daar op kommunikasievlak met die lidmate van die kerk 'n beter dialoog gevoer word. Lidmate lees nie almal die Agenda's en Besluite van sinodes nie. Die lyk soms asof die *communitas*-fase gelei het tot gebrekkige kommunikasie in die NG Kerk.

Die kerk se geringe invloed, plek en rol in die lewens van talle mense word onderstreep wanneer daar gelees word wat die ‘volk’ in die media praat en skryf. Die NG Kerk webblad ‘Kletskerk’ en gebeure om die webblad is nogal ’n refleksie hiervan. Die rebellie van die jeug kan bespeur word in die herrie wat die omstrede sang/rock groep *Fokofpolisiekarre* in 2006 ontketen het. Deur ernstige kritiek uit te spreek teen die kerk en die ‘godsdienst’ waarin hulle kleintyd ingedwing is, rebelleer hulle in ’n EngAfrikaans oor die kerk en die F-God. Is die woorde van die Karre se seer mooi melodie met skreiende beelde dalk waar?

*Spiervit Bellville kerke met families wat braai en voorstedelik leef.  
Kerktorings en die Taalpaal.*

*Gister se wêreld wat niks te sê het vir vandag se kinders nie, behalwe om te raas.*

Die Gospel sanggroep, *Prophet*, ( twee predikante, di. Theo Geysers en Koos van der Merwe) sê in (**Beeld** 27 Maart 2006) dat hulle begrip het vir die storm wat om die groep losgebars het omdat hulle as sanggroep self onder die venyn van kerklike kritiek deurloop. Hulle musiek was self jare op radiostasies verban en hulle is van godslastering beskuldig omdat hulle kritiek teen die kerk uitgespreek het. Volgens Geysers bring Christelike kruistogte soos dié net groter verdeeldheid. Dit is dalk weer ’n kwessie van *spoeg die muggie uit maar sluk die kameel*.

Die landsbestel het verander en daar het ’n paradigmaskuif binne Suid-Afrika plaasgevind: middelklaswaardes het verdwyn. Die huidige tydsgeselskap sou eerder een wees waarin konsumpsie die nuwe geloof is en subkultuur die norm vorm. Rebelle word met ’n handelsmerk verpak en in boetiekwinkels verkoop. Die ‘struggle’ in Suid-Afrika het nog nie opgehou nie – veral nie vir die NG Kerk nie. Die kerk is in ’n tydsgewrig waarin aktuele en verstandige leierskap rigting kan gee aan ’n groter irrelevant wordende tradisie-godsdienst. Daar is nog tyd vir besinning en koerswysiging om te keer dat alles skeef loop. *Ons moet na die dromme van Afrika luister*. Sandile Dikeni skryf in **This Day** 12 Desember 2003, dat Afrika ’n voortdurende leierskapprobleem het. As hy na die situasie in Zimbabwe verwys, sê hy: *The point is that the issue in Zimbabwe boils down to a lack of leadership*. Dit bly die kernprobleem van Afrika. Dit is ook die kairos-moment vir die Afrikaner en die NG kerk.

Sou die Nederlander Okké Jager, uitmuntende prediker en Hoogleraar ’n antwoord vir ons gereed hê indien hy weer op die *Oude Kerk* se kansel langs die Heerengracht in Amsterdam kon staan om met die kerkvolk oor die toekoms te praat - nadat die spook-koster van die ou-tyd die groot slot voor die *nou besienswaardigheid wat eens ’n vol kerk was*, oopsluit sodat hy ’n preek kon lewer?

Die navorsing bepleit ’n kerkoor op die voetpad van 2007 sodat daar gehoor kan word dat die voetstap van die wat na die kerk kom, minder word en die sleepgang van ouer mense verklank.

Gister se leiers kan nie môre lei nie.

## Hoofstuk 2

### Die invloed van die *communitas*-fase op die NG Kerk ná 1994

#### 2.1 Inleiding:

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, beleef Suid-Afrika tans die sosiaal-maatskaplik en ekonomiese onderstrominge wat deel is van die Afrika kontinent. Daar is 'n voortgaande proses waarin 'n herverdeling van hulpbronne, rykdom, werksgeleenthede en status plaasvind. Grondhervorming is 'n brandende vraagstuk, nadat regstellende aksie en swart bemagtiging ná 1994 hoog op die sakelys geplaas is. Die gee van grond aan die arm massas, word (soos in Zimbabwe) as 'n remedie gesien. Ten spyte daarvan dat Suid-Afrika 'n meer stabiele ekonomie het, omdat daar nie meer buitelandse beperkinge op hulp en kommoditeite is nie, neem die armoedevraagstuk toe omdat werkverskaffing nie met die ekonomiese groei van die land tred hou nie.

Die gevolg is dat 'n wêreldwye probleem, verstedeliking, met gepaardgaande armoede, werkloosheid en gesondheidsvraagstukke, ook deel geword het van die Suid-Afrikaanse konteks: plakkergebiede skiet soos paddastoel op. Daar is 'n ongesonde bevolkingsaanwas, geleidelike verarming onder die meerderheid (ironies genoeg word die rykes ryker) en die HIV/Vigs-pandemie eis volgens die Wêreldgesondheidsraad 'n massiewe tol (Vergelyk ook Cilliers 2007.) Naas bogenoemde maatskaplike en ekonomiese faktore, speel die verskuiwing van norme in die samelewing 'n groter rol as wat verwag is (Vergelyk Hendriks 1992:7). Op sosiale vlak het groot ontwrigting in landelike gemeenskappe plaasgevind omdat die rol van die vrou in stedelike gebiede verander het. Dit bots met die statuur van die vrou in kultuurgemeenskappe waar tradisionele leiers stamtradisies handhaaf. Op politieke vlak pas die jonger geslag makliker aan by die emansipasieproses en die nuwe gesagsposisie wat vroue beklee.

Hierdie gebeure het ook 'n effek op die kerk. Veral die NG Kerk bevind haarself in 'n totaal nuwe herposisioneringsproses wat nie alleen politieke, sosiale en maatskaplike verandering teweegbring nie, maar wat te midde van die onsekerheid van die tydvak waarin die kerk 'n bediening beoefen, ook verandering in aanbiddingstyl, teologiese besinning en bediening vereis. Vir baie lank was die oriëntasie van die kerk landelik met 'n tradisionele volkskerkstyl. Die kerklike tradisie het al die antwoorde verskaf. Kerkleiers het 'geweet' wat die Skrif sê. Daar was sekerheid oor bykans alles. Vrae is as twyfel en onsekerheid geag en het nie regtig by gelowiges gepas nie. Denke anders as die gangbare in die kerk is maklik as 'hoër' kritiek op die Skrif gesien. Andersdenkendes het in elk geval nie maklik media aandag ontvang nie, omdat die kerk via die regering toegang tot sensorskap gehad het. 'n Voorbeeld hiervan was die Vorster & Vorster era. (Koot Vorster, Moderator van die Algemene Sinode en mnr. J.D. Vorster, sy broer, Eerste Minister van die Republiek van Suid-Afrika.) Etienne le Roux se roman, **Een vir Azazel**, (1964) is gesensureer. Dit word vertel dat toe 'n verslaggewer Koot Vorster genader het oor sy opinie hieroor en toe hy gevra is of hy

die boek gelees het, was sy kortaf antwoord dat hy saamstem met die literêre sensuur en nie 'gemors' lees nie.

- Van die outoritêre leierskapstruktuur van vóór 1994, waarin die orde van Algemene Sinode, Streeksinode, Ring en Kerkraad gegeld het, met 'n noue verbintenis aan die ideologie van die owerheid, is daar die afgelope twaalf jaar gevorder na een waarin kerkrade al hoe meer outonome besluite oor gemeentelike, kerkorganisasoriese en teologiese aangeleenthede neem. Ringe funksioneer in die meeste gebiede in die land net omdat die **Kerkorde en Bepalings** dit van gemeentegroeperinge verwag. Sinodale besluite is in baie gevalle ook nie meer die finale antwoord vir gemeentes nie, met die gevolg dat die vaste en breë kerkverband van vyftien jaar gelede veel meer informeel geword het. Dit kan gesien word in die huidige rondetafel-styl van sinodale vergaderings.
- Kerkleierskap op sinodale vlak het in die huidige oorgangsfase 'n veel laer profiel. Hieroor kom daar dikwels verwyte van lidmate wat voel dat kerkleiers nie meer in staat is om besluite te neem nie. Dit is nie noodwendig die geval nie: leiers verdiskonteer die heroriënteringsfase net versigtig as vroeër. (Daar word later in die hoofstuk verder aandag hieraan gegee.)
- Die vraag wat onmiddellik na vore kom, is of die NG Kerk ná 1994 wel voldoende aangepas het in 'n totaal veranderende samelewing. Die effek van die veranderinge het lidmate op baie vlakke geraak. Omdat min dinge nie verander het nie, moes die kerk noodwendig ook verander. Vanuit 'n tyd van sterk, inspirerende en outokratiese leierskap, word daar nou beweeg na 'n tipe dienskneg-leierskap wat mense bewus maak van die nuwe rol wat die kerk moet vervul. Dit het nog nie in die breë in die kerk neerslag gevind nie. Kerke met 'n gereformeerde agtergrond is waarskynlik die moeilikste 'organisasies' om te verander. Kerkleiers is ook huiwerig omdat daar versigtig omgegaan word met *risiko's verbonde aan godsdienstige leierskap* (Vermeulen 2002:16).

## 2.2 Bedieningskonteks van die NG Kerk in 'n *communitas*-fase

Ten spyte van ekonomiese oplewing en skynbare welvaart in Suid-Afrika, beleef inwoners van die land baie onstabielheid en onsekerheid. Dit is waar van die grootste gedeelte van die bevolking, maar veral vir diegene in die bedieningsveld van die NG Kerk. (In die vorige hoofstuk is na van hierdie gebeure verwys.) Die vraag is nou : Hoe bedien die kerk in só 'n oorgangstyd en hoe weet die kerk dat dit 'n herstruktureringstydperk is?

### 2.2.1 *Communitas* as fase van onsekerheid

Die geskiedenis van die kerk dui daarop dat daar al baie *communitas*-fases was. Heitink haal Ernst Troeltsch (1865-1923) aan wat in 'n boek **The social Teachings of the christian Church** (herdruk in 1960), reeds in die vorige eeu uitgeroep het: *Er wankelt alles!* Met hierdie woorde som hy die onsekerheid en veranderlikheid van sy tyd op. Godsdienste en kerk is vasgevang in die tyd en daarom onderhewig aan verandering. *Daarom kon Troeltsch niet zover meer met de klassieke theologie en haar normatiewe waarheidsbegrip. Toch schreef hij religie niet af* (Heitink 2001:16).

- Heitink se standpunt is dat godsdien fundamenteel in die mens self gesetel is, al verander alles om hom. Hy interpreteer Troeltsch se woorde binne die konteks toe Nederland nog redelik vry van kerklike skokke was. Die teologie was tradisioneel en die denke in die Calvinisme geanker. *Ondanks de opkomst van de historische kritiek en de moderne theologie was van wankelmoedigheid nog weinig te merke* (Heitink 2001:16).
- Küng (1970:11) skryf dat in die wêreld waarin die kerk leef, die toekoms reeds begin het. *De greep naar de microcosmos en naar de makrocosmos, naar het atoom en het heelal, de steeds snellere en volmaaktere communicatie-en verkeersmiddelen, de grote hoeveelheid pas uitgevonden instrumenten, synthetische stoffen en gerationaliseerde productiemethoden, de verlenging van de duur van het mensenleven met tientallen jaren, grandioze successen van de fysica, de chemie, de biologie, de geneeskunde, de psychologie, de sociologie, de economische wetenschappen, de historische wetenschappen... Alles bij elkaar genomen – ondanks de wereldhistorische catastrofes en dreigingen die het lot waren juist van onze eeuw – een in deze veelheid en snelheid gewoonweg adembenemende vooruitgang: de hoog getechniseerde volken van Europa en Amerika verspreidden hun wetenschap over de aarde, en de volken van Azië en Afrika ontwaakten, de wereld werd één, en er vormden zich een wereldeconomie, een wereldcivilisatie, misschien ook een wereldcultuur.* Die vraag vanuit hierdie stelling is of die kerk beseft dat hierdie waarheid lidmate intens raak, omdat hulle tans in 'n die sogenaamde *global village* leef en hulle daaglikse brood daar moet verdien.
- Küng (1970:149) vra of die kerk in hierdie omstandighede 'n *toekoms* het? Hierdie vraag is relevant in die huidige soeke na die sin van kerk wees en die bepaling van wat kerkleierskap behoort te wees. Küng stel dit duidelik dat die kerk 'n *hede* het. Dié hede pas in by die lewensaktualiteite en omstandighede waarin lidmate lewe. Dien die kerk en haar leierskap lidmate egter met 'n bediening wat in die tydsgewrig pas? Dit is die kernvraag. Dit was ook die vraag vir die kerk in haar vormingsjare. Vrae oor, byvoorbeeld, die Godheid van Christus (Arius 256-336 n.C.), die twee nature leer in die 4de eeu en die stryd om duidelikheid oor wat genade werklik beteken, toe Pelagius, 'n Ierse monnik, daarop gewys het dat die mens wel 'n bietjie goed in hom/haarself het en nie by geboorte al verwerpe en verdoem deur die sonde is nie. Sy standpunt was daarop gegrond dat die *omstandighede en ontwikkeling* van die mens hom/haar blootstel aan sonde en dat *kultuur en omstandighedsgebeure* die mens bedorwe kan maak. (Vergelyk Berkouwer & Toornvliet 1949:37-38.)
- Küng (1970:149) sê: *De reële kerk is integendeel de kerk van God bestaande uit mensen in de wereld voor de wereld.* Die tyd is verby dat ons soos die vroeë christendom vanuit 'n asketiese lewenshouding, waarvan die talle kloosters op die heuwels in Italië so sterk herinner, die wêreld slegs as sleg en boos mag sien. Daarmee word die eskatologiese verwagting van die vroeë kerk nie verwerp nie. Dit word net in breër perspektief geplaas. Hulle wêreldbeskouing was oorwegend negatief. Die aarde was 'n plek vol onheil en boosheid en blootgestel aan die magte van sonde en dood. Die demoniese het geheers. Die 'vles' het teen die '(G)gees' gestry, dus kon daar nie van 'n



goeie verhouding met die ‘wêreld’ sprake wees nie. Daarom moes die mens hom van die ‘wêreld’ afsonder.

Vandag is die vraag nie tot hoe ’n mate die kerk haarself kan afsonder nie, maar hoe sy in die samelewing betrokke moet raak.

### 2.2.2 *Communitas* en kerklike betrokkenheid

Uiterlik beoordeel, lyk dit asof al hoe minder mense meedoen aan gemeentelike aktiwiteite, maar dat die wat wel nog by die gemeente betrokke is, relatief meer aktief inskakel en verdiepte spiritualiteit beleef.

- Op sy onlangse besoek aan Suid-Afrika by die NG Gemeente Skuilkrans in Pretoria, het George Barna gesê: *Al hoe meer mense word moeg vir kerke wat godsdienstige speletjies speel in stede daarvan om te doen wat God van hulle verwag. Hulle verlaat die kerk om op hul eie ’n verskil te probeer maak. In die VSA het twintig miljoen mense dit reeds gedoen. (Kerkbode 24 November 2006; vergelyk ook Barna se boek, **Revolution** 2005.)*
- Jamieson noem die wegbreekgroep die ‘revolutionêre’ wat weier om individuele pastore se visies na te jaag en geld vir die oprigting van monumentale geboue en manjifieke kampusse te gee. Hulle stel slegs daarin belang om die boodskap van die kruis en die betekenis daarvan aan die massas oor te dra.
- Hendriks (1990:9) wys ook op hierdie verskynsel, maar rig terselfdertyd ’n waarskuwing daarvoor: *Het lijkt er op alsof zij de crisis willen overwinnen door er nog een schepje boven op te doen. Maar het lijkt allemaal niet echt te helpen. Ook de doorzetters worden er moe, soms moedeloos van. Want vaak blijkt al dat zwoegen slechts te leiden tot steeds minder van hetzelfde. Steeds duidelijker dringt het besef door dat we er zo niet komen. Daarvoor zit de crisis te diep. Het is niet voldoende de dingen goed te doen; we moeten opnieuw leren de goede dingen te doen.*” Hy impliseer hierdeur dat gemeentegroei nie geskied wanneer die kleiner wordende gemeente meer aktief is nie, maar wanneer hulle aktueel betrokke raak omdat hulle ’n gees van verdieping ervaar en die kerk vir hulle in ’n tyd van onsekerheid ’n herberg, ’n plek van sekerheid word.
- Wanneer daar oor die aktuele betrokkenheid van die gemeente gepraat word, is daar drie sake van belang: omgang met die Here, gemeenskap met mekaar en diens na buite. Die geheim van vitaliteit lê hierin veranker en nie noodwendig in die ontleding en herstrukturering van die gemeente nie. Groei sal plaasvind as die kern van die gemeentelike bestaan vernuwe word.
- Oorgangstye inisieer paradigmaterskuiwing ten opsigte van ou, vaste, tradisionele beskouinge. Gemeentes wat hierdie verandering eietyds kan vertolk en dit toepas, het binne ’n oorgangsfase ’n anker en toekomshoop.
- Die taak van die kerk is om kerk te wees vir die mense binne óns tyd. Hendriks (2002:13) wys daarop dat die kerk ’n gasvrye herberg moet wees.

Die kerk is nie net *die voorsiener in die tuiskomsbehoefte* van mense nie, maar bied ook *aangename en bevredigende verblyf*. Die mens van ons dag soek nie net na 'n intellektuele spiritualiteit nie: hulle het ook behoefte aan 'n herberg, 'n *tuiste*. Hy/sy wil êrens behóórt.

- Wanneer daar oor vernuwing in die kerk besin word, is dit nie slegs liturgiese kosmetiek wat aandag vra nie. Daar moet bepaal word of die kerk vir mense 'n tuiste bied.
- Die kerk is immers die kerk van die eindtyd. Dit moet die *Qahal Yahweh* bly, die volk, gemeente, kerk, Bruid van God! Die woord 'kerk' het 'n nou verbintenis met Theoderic die Grote wat langs die Donau gewoon het. Afgelei van die Bisantynse volkswoord *kyriake*, wat beteken om *aan die Heer te behoort*, verwys dit naas die *vergadering* van gelowiges, ook na die in die *huis van die Heer* (Küng 1970:47).
- Die leiershandeling wat hierdie eienskap van die kerk moet skep, is nie net die verantwoordelikheid van 'n paar mense nie, maar moet gerig wees op geestelike ontdekkinge op die *trektog* (groeï) van die *gemeente*. Gemeentevernuwing (gesien in die breedste konteks van die begrip, nl. die bybly by dinge wat aktueel vir die dag is), kom nie van enkele leiergroepe nie. Dit is 'n behoefte wat vanuit die gemeente gebore moet word. Dán volg gemeentebetrokkenheid as logiese volgende stap.
- Die vraag is of dit in makro-gemeentes ook so gebeur? Word die wêreld van die makro-gemeente nie net te groot vir die individu nie en is dit nie 'n *groep* (in die sin van 'n strategiese leidingsgroep) wat daar die leiding gee nie? Die rol van die kerk of gemeenteraad in die groot gemeente is van uiterste belang. Hulle is die motiveerders en leiers wat die rigting van die gemeente moet bepaal. Hulle behoort lidmate met hulle sáám te neem en in hierdie proses betrokke te kry. Vernuwing het altyd te doen met die wese van die Christelike geloof. Dit is 'n terugkeer na die 'kern' van geloof.
- Volgens Burger (1995:56) is vernuwing en betrokkenheid in die gemeente rondom die kleingroepe gevestig. Tradisionele wyksbyeenkomste bied nie die nodige ruimte vir vernuwing nie. Vernuwing en herlewing in die gemeente is die behoefte wat lidmate het om, naas die erediensbyeenkoms, ook nog byeenkomste in 'n kleiner groep te hou, omdat die na-moderne mens behoefte het aan persoonlike skakeling. In ons tyd het onderlinge verhoudinge en bande in die samelewing tot niet gegaan. Veral jonger mense het behoefte om by 'n kleiner groep betrokke te raak en daar pastorale versorging (*caring*) te vind. Onsekerhede skep by mense die behoefte om hulself iewers in 'n kokon van sekerheid en geborgenheid toe te spin.
- Hoe kan die kerk in tye van vervreemding weer lewenskragtig word (Hendriks 1990:15)? As alles onseker is, is die kernkwessie hoe 'n gemeente werklik opgebou word. Mense is minder betrokke by die funksie van die gemeente en voel hul nie bloot om sentimentele aan gemeentegrense gebonde nie.

- Die redes vir die skynbare onbetrokkenheid van mense is redelik kompleks en kan nie sonder sosiologiese ontleding interpreteer word nie. *Dit is redene tot zorg, want daarmee staat het geloven zelf op het spel: voor geloof hebben we een gemeente, een kerk in welke vorm dan ook nodig. Dat is sociaal – wetenschappelijk en theologisch volstrekt evident* (Hendriks 1990:15). Dit is 'n sosiologiese feit dat groeperinge, ook geloofsgroepe, alleen kan bestaan indien daar 'n sosiale struktuur is wat die groep dra. Dit beteken dat 'n gemeente alleen kan bestaan indien daar groep mense (lidmate) is wat saamwerk. 'n Groeiende verskynsel is dat baie lidmate nie aan gemeentelike bedrywighede meedoen nie. Hulle woon eredienste by en plaas selfs 'n offer in die kollektiebord, maar hulle is nie ingeskrewe lidmate nie. Die vraag kan tereg gevra word of kerklikheid sonder godsdienstigheid en godsdienstigheid sonder kerklikheid kan bestaan?
- Binne die geloofsgemeenskap, wat 'n verbondsgemeenskap is, is deelname belangrik. Dit is moeilik om buite die 'gelowige-groep' om te bestaan. Die mens is 'n kommunikatiewe wese wat sy naaste nodig het. In die meeste verwysings in die Bybel word die mens in 'n naasteverhouding geplaas. Firt (1974:161) wys juis daarop dat die wese van die Pinkstergebeure daarop gedui het dat die vervulling met die Heilige Gees mense in verband met mekaar stel: *en de enkeling in de gemeente ontvangt de Heilige Geest krachtens zijn toebehoren tot en in verbondenheid met het geheel.* (Vergelyk ook de Roest 2006:61 e.v.)
- Die probleem is om die mense by die gemeente in te skakel – partisipasie te bewerk, en om hulle tuis te laat voel in die binnekring van die kerk. Hendriks se 'herberg' behoort dié plek te wees waar mense met pyn kan tuisgaan. Annes Nel (2003:13) wys daarop dat baie pyn buite die kerk, juis déur die kerk veroorsaak is. Die relevante vraag hier is hoe hierdie *verlooptes* weer binne die gemeenskap van die gelowiges akkommodeer kan word.
- Wanneer kerkstatistiek in ag geneem word, is dit duidelik dat die gevestigde kerke in Suid-Afrika (Anglikane, Metodiste, Presbiteriane, Lutherane, Baptiste, Gereformeerde groepe en Rooms-Katolieke) wat kerkgroei aan betref, op enkele uitsonderings na, in 'n afwaartse groei-fase inbeweeg. Daar is 'n verskeidenheid van redes hiervoor. Afname van mense in belangstelling in die gewone kerklike praktyk, die rolverandering van die kerke ná 1994, die uittoeg van jong, professionele, blanke lidmate na die buiteland, die ontvolking van die platteland, lidmate wat uit die middestad na die randstedelike gebiede trek, is enkele van die redes wat vir hierdie tendens aangegee kan word. Verder beleef baie lidmate nuwere teologiese uitsprake as bedreigend (Snyman *Acta Theologia* 2001:114).

Verskillende oplossings word as antwoord en oplossing vir hierdie tendens aangebied (Hofmeyr 2002:244):

- Kerklike teologie moet opnuut op die leefwêreld van die lidmaat fokus.
- Lidmate moet gemotiveer word om roepingsbewus betrokke te raak by die gemeente se taak in die gemeenskap.

- Plaaslike gemeentes moet hulle bedieningspraktyke so aanpas dat hulle vir hulle omgewing relevant bly,
- Lidmaatverlies kan nie bekamp word deur programverbeterings of beter prosesbestuur nie. Dit kan alleen teëgewerk word deur die herontdekking van identiteit wat op die Christelike geloof en uitvoering van die gemeente se Bybelse opdrag gefundeer is,
- Die rol en etos van kerkverband moet herdefinieer word en kerkleierskapstyl moet by die behoefte van die tyd aangepas word.

Die skynbare onvermoë van die NG Kerk om as gesaghebbende instelling in 'n diensknegsrol by die huidige samelewing betrokke te wees, in teenstelling met die rol van regeringsvennoot soos in die politieke bedeling vóór 1994, is een van die redes waarom die kerk vandag sy saakmakende plek in die RSA kwyt is. Die kerk het byna geen stem meer in die veranderde gemeenskap waar aksies oor vigs, armoede, veiligheid en morele verval bespreek word, nie. Kerklike antwoorde en reaksie op aktuele sake is dikwels traag of bly agterweë.

- Die NG Kerk funksioneer skynbaar op 'n ander terrein as die aktuele gebeurlikheid van die dag en maak min hond haar af met sementvloere gooi of dakke opsit vir sending kerkies tydens jeugwerkerskampe. Die *onvermoë* van die kerk in hierdie verband, staan soos 'n seer duim uit. Dat daar in kerklike kringe baie gepraat word en sporadiese optrede en oproepe oor van hierdie sake is, is waar. Die kerk word egter nie deur spoedige, daadwerklike en volhardende optrede gekenmerk nie. Daar is soms slegs sprake van samewerking met ander kerke in uitreikaksies wat armoede, nood en gemeenskapsbediening raak. Slegs enkele gemeentes het hulle in die nuwe bedeling tot die breër gemeenskap verbind. Wat van die kerk en haar leiers verwag word, is 'n sterk, breë en duidelike betrokkenheidsbewussyn.
- Na die massiewe Tsoenami-ramp wat Indonesië op 26 Desember 2004 getref het, het dit die kerkleiding 'n paar weke geneem om te besluit om deel te hê aan die wêreldpoging om die geteisterde gebiede te help. (In ag genome dat dit oor die Kerstyd gebeur het.) Dié hulp was uiteindelik beperk tot die eie – die Reformed Church gemeente in Sri-Lanka. Die kerkleiding het diens aan die ánder, die naaste, misgekyk en so 'n geleentheid verspeel om ook vir nie-gereformeerdes tot hulp te wees.

### 2.2.3 *Communitas*: Tyd vir teologiese herbesinning

Met sy aanstelling as die nuwe Pous, verklaar Benedictus XVI (Kardinaal Joseph Ratzinger), op Maandag 18 April 2005, dat die Rooms-Katolieke Kerk konserwatisme as uitgangspunt vir sy doktrine (kerklike leer) kies, omdat alles in die teologie tans 'gerelativeer' word. Hy doen hierdie aankondiging aan die wêreldpers wat by die plein van die St. Peterskerk in die Vatikaan teenwoordig is, (**Burger** 19 April 2005). As Hoof van die Gemeente van die Leer van die Geloof (die opvolger van die Middeleeuse Inkwisisie) is hy 'n voorstander van 'n oorheersend ortodokse rigting in die Rooms-Katolieke Kerk. Die vraag is of so 'n standpunt lewe (vitaliteit) in die Rooms-Katolieke Kerk gaan blaas in 'n tyd waarin diskussie juis oor absolute waarhede handel. Sal voortgaande verset teen kondome, vroulike en getroude priesters, homoseksualiteit, aborsie en die bevrydingsteologie die na-moderne mens

aanspreek? Sal die Roomse Kerk se sterk standpunte teen diktature, ongebreidelde kapitalisme en materialisme die kerk in die volgende dekade as groeiende kerk indra? Dit terwyl die grootste uitdaging vir kerkleiers is om die kerk vir haar lidmate meer relevant te maak sonder om dit wat die kerk uniek maak, weg te neem.

Soos die Rooms-Katolieke kerk, staan die Protestantisme ook voor uitdagings. Die Protestantse kerk het nie altyd gunstig reageer op die talle onsekerhede wat in die kernbelydenis van die Christelike kerk vervat is nie. Die kerk wil graag 'n suiwer dogmatiek onderskryf, maar kom dikwels in botsing met die oorgelewerde dogmatiek vanuit die tradisie. Een van die tragiese gevolge van die Reformasie was dat die Pous en die kerklike tradisie in die Rooms-Katolieke kerk die waarheid naas en op gelyke vlak as die Bybel begin verteenwoordig het. Die Reformasie het ongelukkig nie heeltemal daarin geslaag om die oorgelewerde leer van invoeginge te suiwer nie. Byvoorbeeld, nie al die artikels van die Apostolicum was deur die jare vir almal wat dit graag wou bely, ewe duidelik nie. Daar was nog altyd onenigheid oor:

- Die 'Vaderskap' van God
- Die maagdelike geboorte
- Die 'ter helle neergedaal' van Christus
- Die opstanding van die 'vlees'.

Die verduidelikings wat die kerk deur die eeue oor hierdie artikels gebied het, was so ingewikkeld dat die *verduideliking dikwels self verduidelik moes word*.

Die kerk word vandag geoordeel aan relevansie en waarheid oor die uitlegbaarheid en verstaanbaarheid van Belydenisstukke. Indien die kerk se belydenisskrifte, byvoorbeeld dié rakende die regeerstelsel van 'n land (Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis), nie meer aktueel en realisties is nie, moet die kerk begrip toon indien denkende lidmate sekere dele van hierdie Belydenisskrifte nie meer kan ondersteun omdat dit nie in die huidige tydsbestek sin maak nie. Teologiese vernuwing in ons dag pleit dat die kerk relevant moet bly. Aanpassings aan die interpretasie van dele van die Belydenisskrifte moet gemaak word om hieraan te voldoen. Het dit nie nodig geword vir die kerk om 'n eietydse belydenisskrif daar te stel wat nie uit die Middeleeue kom vanuit 'n tradisie wat regtig nie meer vandag geld nie?

Het die tradisionele kerke se belydenisskrifte nie deur die eeue nie stowwerig geword nie? Sou herformulering, soos deur die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika ten opsigte van die Apostolicum, nie die weg wees om op te gaan nie?

- In die tyd van kerkleiers soos Abraham Kuyper, tydgenoot van Troeltsch, het teoloë hulself in 'n wolk van teologiese sekerheid en 'antwoordwaardigheid' omhul. Daar was antwoorde op alles. Heitink spreek 'meegevoel' met Troeltsch uit, en daarom ook met eendersdenkendes soos Kuyper. *Alles wankelt. De Magnalia Dei, de grote werken Gods waar vroeger hoog van werd opgegeven, worden als Marginalia Dei meer en meer terzijde geschoven* (Heitink 2001:17). Kerk en geloof verkeer in 'n marginale omgewing waarin godsdienst en kerk skynbaar nie meer 'n groot rol speel nie. In die *vibe*-kultuur van ons tyd is daar 'n behoefte aan nuwe vorme van Christelike gemeenskap. Die kerk moet meer maak van die sosiologiese prosesse van die tyd, dit

verdiskonteer en interpreteer vir die omstandighede waarin sy moet funksioneer. Ongelukkig volhard die kerk dikwels met morfologiese fundamentalisme - hier bedoel as die starre vasklou aan bepaalde vormgewings van die kerklike lewe, *Kerkvormen word sacrosanct verklaard* (Heitink 2001:17).

- In 'n onlangse publikasie skryf Anton van Niekerk (2005:15) oor geloof *sonder* sekerhede. Hy beweer dat die kerk te lank aan absolute waarhede vasgehou het, sonder om antwoorde op die vrae van die post-moderne mens te probeer verskaf. Het die NG Kerk, byvoorbeeld, al kers opgesteek by die natuurwetenskap om binne Bybelse konteks 'n wetenskaplik-gefundeerde antwoord oor die ontstaan en ontwikkeling van die mens te gee? Word lidmate nie maar oorgelaat aan die gesprek binne die wetenskap oor *evolusie, intelligente ontwerp* of die *kreasionisme* nie? Kerklidmate behoort op 'n verantwoordelike, teologiese wyse begelei te word om ou Bybelverhale binne moeilik betwisbare en opwindende ontdekkings te interpreteer (vergelyk Jacobovici & Pellegrino 2007). Baie lidmate wil graag weet of daar aan die begin net een mensepaar, Adam en Eva, geskep is. Is dit nie belangrik dat die kerk lidmate begelei oor die wetenskaplike ontdekkings wat die paleontologie, byvoorbeeld, die afgelope aantal jare gemaak het nie? (Vergelyk die bevindinge oor me. (mnr.?) Ples van die Sterkfonteingrotte in die media). Is die teologiese diskoers van HM Kuitert oor die skrifgedeelte in Genesis 2:4-24 wat Adam en Eva as 'n *leermodel* bestempel vandag steeds totaal verwerplik (Van der Wart 1971: 2-6)?
- Die teologie staan aan die vooraand van 'n verrassende tyd van navorsing en herbesinning oor ou vastighede wat aan die vrae van die tyd getoets en geëvalueer word (Vos 2006:25). Dit beteken dat ruimte geskep word om teologiese navorsing as wetenskap te beoefen. As hierdie vryheid bestaan en deur die kerk aan teoloë bemagtig word, sal die heksejagte van die afgelope tyd aan Teologiese Fakulteite bedaar.
- Groenewald skryf op die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria se webblad ([www.up.ac.za](http://www.up.ac.za)) dat fundamentalisme 'n wig tussen geloof en wetenskap ingedryf het. Verdagmakery van die teologie as wetenskap en twyfel oor 'n wetenskaplike se integriteit vervreem krities-denkende mense van die kerk. Hulle keer die rug op die kerk en geloof omdat fundamentalistiese denke vir hulle onhoudbaar is. Groenewald beskryf fundamentalisme as 'n konserwatiewe, anti-liberale en anti-intellektuele denkrigting wat verkies om die Bybel letterlik te verstaan. (Ook aangehaal in die **Kerkbode**, 24 November 2006.)
- Oor baie nuwe ontdekkings en moontlikhede binne die wetenskap lyk dit asof daar soms vanuit die meer tradisionele kerkdenke 'n nuwe Copernicus-verwerping (1478-1543) posvat. In die sestigerjare was kunsmatige inseminasie om swangerskappe te vestig vir die NG Kerkleiding 'n ondenkbare ingryping in God se gang met die mens, oneties en uit die bouse. Daar word moontlik steeds te min klem gelê op die Algemene Openbaring (skepping) van God naas die Besondere Openbaring (Skrif). Ons tyd dring *juis* aan op



gesonde meelewing vanuit die kerk in onweerlegbare feite wat vanuit die Algemene Openbaring tot die mens spreek.

- Mense kyk vandag steeds na 'n sonsopkoms of volmaan oor die see, na die gladde blou bane op die water voordat die suid-wes stormwind opsteek, na pastelkleurige wolke wat teen berge vasgedruk word, die skitterwit lig van sterre, die oopgaan van die eerste orgideë in Juniemaand. Min sal dan sê dat die algemene openbaring van God sleg en boos is, behalwe diegene wat die 'wêreldse boosheid' vergeestelik.
- Onsekerhede oor teologie wat grens aan die fundamentalisme het ook na die Teologiese instellings van die NG Kerk uitgekring. Dit is deur anti- en pro-kampe oor teologiese kwessies op die spits gedryf met die gevolg dat die Kuratorium in Pretoria genoodsaak was om die klagtes oor leerdwaling deur drie dosente vir ondersoek na hulle betrokke Ringe moes verwys. **Die Vrye Afrikaan** (Augustus 2005:16) beweer dat die groep wat die klagtes gelê het in die buiteland ondersoek gedoen het oor die vestiging van 'n onafhanklike Teologiese Seminarium – een wat nie van 'n staatsubsidie afhanklik is nie en wat dus 'teologies konserwatief' wetenskap kan beoefen.
- Dr. Flip du Toit bevestig in die **Kerkbode** van 24 November 2006 dat die instelling van 'n Diploma in Kerklike Bediening tans ernstige aandag geniet. Die gedagte hieragter is dat 'n student sonder hierdie diploma nie gelegitimer kan word nie. Die Diploma sal met die oog op die ontplooiing van bepaalde persoonseienskappe en die ontwikkeling van vaardighede waarvoor 'n predikant moet beskik om effektief in die bediening te funksioneer, ingestel word. Klem sal veral val op selfkennis, leierskapsontwikkeling, die vermoë om in spanverband te kan werk en tydsbenutting.

Vernuwing binne die kerk word soms nét aan erediensgebeure verbind. Dit strek egter veel wyer en sluit ook vernuwing van die totale spiritualiteit van lidmate in. Die kerk mag nie hand in die broeksak agter die natuurwetenskap aandrentel nie, maar moet in vennootskap met die wetenskappe saam soek na sinvolle teologiese antwoorde, sodat die mens van die tyd sy/haar godsdienstige oriëntasie nie los van die feite van die algemene openbaring (die wetenskap) beleef nie.

Kerkleiding behoort die kerk en gemeentes saam te neem na 'n vlak van begrip vir aktuele wetenskaplike ontdekkings van die dag. Bly die kerk by en word kernbelangrike ontwikkelinge en ontdekkings in die wetenskappe met 'n deeglik gekwalifiseerde opinie daaroor as begeleiding aan lidmate gegee? Integreer die kerk deur aktuele lering wetenskaplike kennis in lidmate se lewens- en wêreldbeskouing? Hoe hanteer die kerk byvoorbeeld die verreikende stamselnavorsing wat tans talle nuwe moontlikhede in die mediese wetenskap bied? Wat is die etiese mening oor die binnedringing van die kernsel van lewe om nuwe lewe te skep? Hoe word die ontdekkings wat die SALT-teleskoop op Sutherland binne die wetenskap van die sterrekunde oopstel vertolk? Vanuit die leer oor die Algemene openbaring soos in die gereformeerde teologie aanvaar, kan lidmate byvoorbeeld vanuit die lering in die prediking gewys word op die grootste en helderste supernova-ontploffing van SN 2006gy (wat 240 miljoen ligjare weg is van die aarde) en wat 149 miljoen kilometer

ver deur die ruimte getrek het, (NASA **Astrophysical Journal**, 2007). Hierdie dinge vorm 'n loergaaitjie na God die Almagtige. Hierdie is enkele vrae waaroor daar min ingeligte en juiste leiding aan die lidmate kom.

### 2.3 Kerklike omwenteling in 'n *communitas*-fase

Wanneer daar oor kerklike omwenteling gepraat word, kom die vraag na identiteit en wese van die kerk en gemeentes na vore. Die wesensbestaan van die kerk behoort duidelik geformuleer te wees om sodoende paradigmaverskuiwing te kan hanteer. Die kernvraag oor die NG Kerk is hoe lyk of verander haar identiteit tans? Hoe lyk die kerklike toekoms?

- Onseker
- Krimp
- Stagnasie oor die breë
- Rolverskuiwing – van mags- tot randfiguur
- Laaste bastion
- Geestelike moeder

Die geskiedenis van die NG Kerk noodsaak 'n herdefiniëring van die wesentlike taak van die kerk, omdat die kerk in die vorige bedeling te veranker was aan die magsposisie wat politieke assosiasie gebring het en morele sake dikwels op politiese basis beoordeel is. Die kerk se politieke verantwoordelikheid kan die beste beskryf word aan die hand van 'n drieledige onderskeiding wat ooreenstem met die drieërlei ampte van Christus, waarin Hy God se heilswaarhede op aarde ontvou het, naamlik 'n priesterlike, koninklike en profetiese funksie. Soos Christus gekom het om sy kerk te dien (Markus 10:45), so moet ook sy kerk die wêreld, en by name die politiek dien, (Heyns 1977:226).

- Die kerk (lees ook plaaslike gemeentes) kan haar nie van hierdie nuwe samelewing distansieer nie en sal nuwe weë moet vind om haar identiteit terug te wen en 'n aktiewe missionêre rol te speel. (Vergelyk Cilliers 1998.)

Daar is min twyfel dat die owerheid van die dag die kerk as medewerker in die proses van transformasie nodig het. (*trans-formasie* het met die toekoms te doen.) Burger (1995:153) is van mening dat dit baie moeilik sal wees om sonder die steun en medewerking van alle kerke, 'n houding- en moraalverandering in die land te bewerkstellig. Romeine 13 en Openbaring 13 dui daarop dat die Skrif nie negatief staan teenoor die owerheid in die uitoefening van die opdrag wat hy van God ontvang het om te vervul nie. 'n Kerk wat met die wêreld niks te doen wil hê nie, berei 'n wêreld voor wat ook met die kerk niks te doen sal wil hê nie (Heyns 1977:98). Dit beteken dat die kerk in sy verhouding met die politieke bestel (owerheid) van die dag 'n openheid, maar ook afgegrensdheid moet hê.

Die gevaar ná die magsverlies en teologiese irrelevansie wat die NG Kerk in die nuwe bestel beleef, is dat 'n ghetto-mentaliteit ontstaan. Daar word op grondvlak verby die nood van mense gekyk. Skrywers is dit lankal eens dat die kerk 'n besliste rol te speel het in die staatkundige en politieke bestel van hul tyd. Boon (1970:184) sê: *De identiteit van de kerk bleek onder meer te moeten worden gezocht in de factoren, die in samenhang met haar wezen als kerk haar situasie in de wereld fundamenteel*

*bepalen. Situasie-bepalend zijn ongetwijfeld de maatschappij, de cultuur, het politieke bestel, het denken en gevoelens van de tijd, waarin kerken zich bevinden. (Vergelyk ook de Roest 2006.)*

Daar is dus nie plek vir 'n ghetto-mentaliteit in die rol wat die kerk in die samelewing het nie. Kritiese solidariteit sal die NG Kerk help om 'n rol in die toekoms van Suid-Afrika te speel. Die geredelikheid waarmee die blankes in Suid-Afrika van politieke mag afstand gedoen het, het waarskynlik te make met die feit dat baie lidmate binne die gevestigde Afrikaanse kerke, by name die NG Kerk, ontgogel was dat die kerk op teologiese gebied vir soveel jare daarin kon slaag om haar lidmate met eksegetiese interpretasies oor die regverdiging van Apartheid te beïnvloed. Talle ontnugterde lidmate het die NG Kerk op grond van hierdie kleitrapperij oor Apartheid verlaat.

Die oorgangstyd waarin die NG Kerk verkeer het daartoe gelei dat kerkrade en bestuursliggame al hoe meer begin belangstel het in die identifisering van leierskapstrukture binne die gemeente. Uit die kerklike tradisie oor leierskap is hierdie nadenke en implementeringsprosesse nie sonder pyn nie. Vitale gemeentes het egter die grenslyn van die eensydig vertolking van die tradisionele leierskapsrolle verbygesteek, en ervaar dat vaartbelynde leiding en bestuur, groei stimuleer en gemeentelike bediening verryk. Covey (2002:67) beskryf dié tipe van verandering as volg: *Almost every significant breakthrough is the result of a courageous break with traditional ways of thinking. Vir hom is dit 'n paradigma skuif wat distinctively new ways of thinking about old problems, bring.*

Die oorgangsfase in Suid-Afrika het 'n nuwe soeke na die identiteit van die kerk geïnisieer. Die vraag is: *Wé is ons en wát is ons taak? Die onzekerheid leidt in een aantal gemeentes tot een krisisachtige sfeer die gekenmerk word deur een neerwaartse spiraalbeweging: omdat de gemeente in voortdurende onzekerheid leeft, verliest zij haar aantrekkingskracht en kalfd zij af; omdat zij afkalft wordt zij steeds onzekerder; daardoor durft zij het niet meer aan te streven naar "meer dan het gewone" maar sluit zij zich af in een defensief isolement of gaat zich aanpassen om zo nog enigszins aanvaardbaar te zijn; in beide gevallen heft zij steeds minder te zeggen en daardoor wordt zij weer minder aantrekkelijk* (Hendriks 1990:24). Hierdie situasie vra die kerk om opnuut koers te soek binne gemeenteverband. Dit is nie voldoende om net 'opnames' te maak, te 'droom' oor die toekoms, of na die probleem wat die gemeente vitaliteit laat afneem te soek nie. Dit is kernbelangrik om 'n beleid neer te lê van dit wat die gemeente behoort te dóén. Hierdie aksie dien as die begin van 'n gemeente se koers en die rigting waarin daar in die toekoms beweeg gaan word.

Drie belangrike dinge het die afgelope twaalf jaar gebeur wat die kerklike identiteit van die NG Kerk ingrypend raak:

- Die druk om amptelik met die dogterkerke te herenig het by 'n beslissingspunt gekom.
- Die wêreldwye erkenning van gay-regte en die wettiging van verbintenisse (huwelik?) tussen persone van dieselfde geslag.
- 'n Proses van interne kerkvernuwing wat Renaissance-afmetings aangeneem en die identiteit van die NG Kerk in die breë onherroeplik verander het.

### 2.3.1 Belhar 1986 (Sien Bylae 1)

As daar een saak is wat vir die NG Kerk kan dien as wateraanwyser dat 'n volgende *societas*-fase op hande is, is dit die feit dat kerkhereniging op hande is. Hierdie proses gaan die kerk verplig om oor nuwe strukture te besin tot op gemeentevlak en gaan spesifiek saakgerigte leierskap van die kerkverband vra. Wanneer die Algemene Sinode in Junie 2007 vergader om oor kerkhereniging dialoog te voer, is 'n draaipunt in die *communitas*-fase bereik - veral as die hereniging binne drie jaar geskied.

Die vraagstuk oor die hereniging van die NG Kerk en die VGK sloer al bykans twintig jaar. Die Belydenis van Belhar het gaandeweg die simbool van hierdie vertraagde proses geword. Ook die Kaapse Konvent vir eenheid wat in 2001 in Wellington gehou is, die voorloper van 'n aantal konvente in ander sinodale gebiede, kon nie die slakkepas waarteen die kerkherenigingsproses verloop, verhaas nie. Die vraag is of dit te wyte is daaraan dat die kerkleierskap nie die dringendheid van die probleem besef het nie; of is die kerkleiers eenvoudig nie in staat om logge kerklike besluitmeganismes te mobiliseer nie? Die vraag is of die NG Kerk met hierdie saak uit die gemaksonne van vóór 1994 beweeg het en waarom 'n werkbare besluit dan nog nie gevind is nie. Dit is moontlik dat die NG Kerk nie die oorgangstyd as 'n gulde geleentheid vir herstrukturering interpreteer het nie.

Na die aanvang van die *communitas*-fase in 1994, het daar stemme opgegaan om die NG Kerk uit haar isolasie te roep. *I propose that the Dutch Reformed Church be granted observer membership of the South African Council of Churches*, is 'n voorstel van Beyers Naude, gesekondeer deur Sam Buti, wat op 6 Julie 1995 by 'n vergadering van hierdie liggaam dien, (Hofmeyer 2002:230). In 1998 is ekumeniese bande tot 'n groot mate herstel nadat die NG Kerk met haar verwerping van Apartheid hertoegelaat is by die wêreldbond van Gereformeerde Kerke. In 2001 het dr. Desmond Tutu na aanleiding van sy WVK ervarings gesê: *In die hele versoeningsproses in Suid-Afrika het die NG Kerk 'n geweldige groot bydrae om te lewer* (Hofmeyer 2002:231).

Van 1986 af het verskeie agtereenvolgende sinodes hulle tot die ideaal van kerkeenheid verbind en is uitvoerige besluite hieroor geneem. Binne die kring van die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa, was daar gedurende die 1970's en 1980's reeds hoë verwagtings oor die herenigingsproses. Die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika het besluit om die eerste stap te neem met die konstituering van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider Afrika (VGK). 'n Aantal swart predikante en gemeentes het kort na die herenigingsproses uit die nuwe kerkverband getree vanweë ontevredenheid met die proses en die nuwe eienaarskap van bestaande kerkeiendom. Hofsake in die Hooggeregshof en die Appèlhof het gevolg.

Met die formulering van die Belhar Belydenis is verwagtinge gekoester dat dié belydenis die deurslag tot hereniging sou gee. Die konsekwente eis van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika dat die belydenis van Belhar deur die NG Kerk aanvaar móét word, het egter in toenemende mate 'n struikelblok vir kerkeenheid geword. Die Algemene Sinode van 2004 het die ondertekening van

hierdie Belydenis opsioneel gemaak, wat verhoudinge tussen die NG Kerk en die VGK geskaad het.

Vanuit die **Opsommende Verslag oor Kerkhereniging** (2005:3) blyk die volgende menings onder die 3929 leiers in amptelike posisies van die NG Kerk:

- Gemeenteleiers oordeel meestal dat die bestaan van verskeie kerke binne die NG Kerkfamilie nie sonde is nie.
- Daar is nie eenstemmigheid oor die vraag of sigbare strukturele eenheid 'n Bybelse opdrag is nie.
- Die gemeenteleiers is onseker of hulle gereed is vir kerkhereniging.
- Daar is 'n sterk gevoel dat gemeentes self oor eenwording met geografies aangrensende gemeentes van die NG Kerkfamilie moet kan besluit.
- Ringe en sinodes kan nie maar net herenig nie: daar is onsekerheid oor die invloed hiervan op plaaslike gemeentes.
- Daar is egter ook sekere voorbehoude uitgespreek oor die groot verskille in kultuur, tradisies en waardes tussen die bevolkingsgroepe wat in die kerk herenig moet word.
- Taal word as 'n kommunikasieprobleem gesien.
- Die belydenis van Belhar is vir die meerderheid respondente onaanvaarbaar, omdat hulle teologiese en politieke nuanses daarin lees.
- Finansies is vir baie problematies omdat dit as 'n herverdeling van kerklike besit gesien word.
- Daar is vrees vir diskriminasie en rassisme.
- Politiek word as 'n verneme dryfveer agter kerkhereniging gesien.
- Dit blyk dat daar 'n groep konserwatiewe lidmate is wat nie kans sien vir die veranderinge wat kerkhereniging sal inhou nie.
- Daar was egter ook 'n aantal respondente wat die feit dat kerkhereniging nog nie plaasgevind het nie, sien as die gevolg van 'n gesindheid van onvergewensgesindheid, wantroue en ontoegeeflikheid.

Dat hierdie saak so lank op die tafel is, dui daarop dat die kerkleiding onseker is oor die gevolge daarvan en nie 'n kerkskeuring na die een of die ander kant toe wil aanmoedig nie.

Daar word nie gedebatteer of die kerk 'n eenheid is nie: dit is lankal 'n gegewe. Kan die verskillende bevolkingsgroepe buite die Wes-Kaap vanweë groot taal- en kultuurverskille egter sinvol en met begrip saam aanbid? Kan Zoeloe-lidmate sinvol in 'n Afrikaanse erediens inskakel? Hoe moet die verandering in kerkhereniging geskied sodat godsdiensoonderrig, byvoorbeeld, nog in die moedertaal kan geskied? Die werklike vraag wat oorbrug moet word, lê nie soseer op politieke of teologiese vlak nie, maar vir die aanbieding van sinvolle en verstaanbare eredienste vir alle bevolkingsgroepe. Dit word deur groepe in die Afrikaanse kerke in sekere sinodale streke as 'n probleem ervaar, omdat lidmate van die dogterkerke nie Afrikaans kan praat nie. Buitendien kan regsprosesse kerkregtelike eienaarskap van eiendomme kelder (**Kerkbode** 26 Januarie 2007). Vanweë politieke druk is daar ook verskille tussen die bevolkingsgroepe en sien baie blanke Suid-Afrikaners die kerk as hulle laaste 'eie' wat nie in die *communitas*-fase deur die 'regering' van hulle vervreem is



nie. Plaaslike gemeentes gaan direk deur besluite van die Algemene Sinode geraak word en gemeentelike leierskap sal dit moet verdiskonteer.

Die kontekstuele verskuiwing wat in die land na 1994 plaasgevind het, moet in ag geneem word indien die reënboognasie-ideaal nagestreef word vir 'n 'reënboogkerk'. Kerkhereniging moet wel op 'n sigbaar en prakties uitvoerbare manier plaasvind en die betrokke kerke sal hard moet werk om dit te laat realiseer. *Bread and butter issues such as salaries, securities, pension funds and property rights play a mayor role in the debate* (Hendriks 1993:392). Die Algemene Sinode van 1994 het op 13 Oktober in wese goedkeuring verleen aan 'n besluit dat daar 'n gesamentlike kommissie aangewys word om 'n konsepkerkorde vir een kerkverband op te stel. Daar is ook besluit dat die kerk in die breë op die hoogte gehou sal word van vordering en dat daar vir almal geleentheid sou wees om deel te neem aan die kerkherenigingsgesprek. Dit was 'n opregte poging om die pad van kerkhereniging te begin loop (Hofmeyr 2002:222).

Daar is kommer by talle lidmate oor die berig in (**Rapport** 25 Junie 2006) waarvolgens kerkeenheid binne drie jaar bereik moet word. Die noem van 'n moontlike nuwe naam vir die verenigde kerk, naamlik die United Reformed Presbyterian Church in Southern Africa/Verenigde Gereformeerde Presbiteriaanse Kerk in Suidelike Afrika, is voortydig en is in hierdie stadium waarskynlik net 'n voorstel vir kennisname. Die persone wat op die voorgrond getree het by hierdie konferensie in Esselenpark Johannesburg, genoem 'Verantwoordelike Vernuwing' was Stef Coetzee, oudrektor van die Universiteit van die Vrystaat en tans verbonde aan die Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch, Franklin Sonn, oud-ambassadeur en voorheen Rektor van die Skiereilandse Technikon en kanselier van die Vrystaatse Universiteit en Russel Botman, President van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Mediaberigte het min gemaak van die NG Kerkleiers wat deel van hierdie besluit was. Die Voorsitter van die Algemene Sinode van die NG Kerk, Coenie Burger, het sy dank oor hierdie ontwikkeling in die kerk uitgespreek.

Tydens die beraad het Coetzee daarna verwys dat die kerk intens betrokke behoort te raak by die daaglikse kwessies soos veral armoede, misdaad, MIV/vigs en veiligheid. Sonn het aan **Rapport** (25 Junie 2006) gesê: *Die wit kerk se verwysingspunt was apartheid, en gemeentes het dit gevolg. En vir die bruin kerk was Allen Boesak se leiding die verwysingspunt, en gemeentes het hom in teenoorgestelde rigting as die NG Kerk gevolg. Nou het ons 'n verenigde kerk en 'n sterker stem oor sosiale en morele kwessies in die land. Vir ons as akademiese en sakeleiers is dit 'n bekommernis dat jong mense ons kerke afgeskryf het. Ons het gevoel ons wil vir hulle 'n toekomskerk gee, en vir ons kerkleiers 'n platvorm waar hulle vir die regering kan sê, so sê die Here. Vir die objektiewe buitestaander is dit duidelik dat dit nog nie die amptelike kerkleiding is wat hierdie woorde uiter nie. Daar sal waarskynlik nog water onder die brug deurvloei voordat so 'n emosie in die NG Kerk gevestig is.*

Dit is duidelik dat alleen volwasse, daadwerklike en kragtige leierskap die kerk oor die 'verenigingsbrug' sal lei. *Time, skills and mature leadership are needed to guide people through specific stages* (Hendriks 1992 : 386). Hy voeg hierby dat dit alleen kan gebeur *through the power of Jesus Christ, the work of the Holy Spirit, and the grace of God*. Hendriks is van mening dat rekonsiliasie die enigste manier is om kerkhereniging te laat slaag. Mense moet vir mekaar van hulle pyn en lyding kan vertel en geleentheid gebied word om verskoning en versoening te doen Dit wat



verkeerd gedoen is, moet reggestel word. Hendriks sien dít as die sleutel tot ware vrede en versoening. *Repentance can only originate on the side of those who have perpetrated the injustice; reconciliation and forgiveness must come from those who have suffered* (Hendriks 1993:392).

Callahan (1990:14) skryf dat Martin Luther King op 'n besoek in Birmingham sy kruistog teen rassediskriminasie opstand teen die staat regverdig deur te verwys na standpunte van Augustinus, Aquinas, Martin Buber, Paul Tillich en Socrates. King het hom verwonder aan die statige kerkgeboue in Birmingham met hulle torings wat hemelwaarts wys, maar getreur oor die mense wat daarbinne kerkgaan en nie besef wat rassediskriminasie aan swartmense doen nie.

Die Moderator van die Algemene Sinode, Coenie Burger, het tydens die predikantekonferensie in Bloemfontein in Junie 2005, sterk klem gelê op kerklike eenheid. Ongelukkig is die brandpunte van die dag nie aangeraak nie. Die byeenkoms was 'n rustige geleentheid vir predikante om saam gesprek te voer oor 'n aantal sake. Daarna is openbare teenkanting deur die moderator van die Vrystaatse Sinode uitgespreek teenoor die 'gesamentlike getuienis' van die Moderamen wat na die byeenkoms as die getuienis van 1400 predikante voorgelê is. Die byeenkoms was 'n motiverende spanpraatjie, eerder as 'n kritiese evaluering en soeke na praktiese oplossings vir die brandende probleme wat die NG Kerk in die gesig staar. Rome het gebrand terwyl daar 'n wonderlike samesyn en aangrypende nagmaal' vir die dominees bedien is.

Na die konferensie bedank Sunette Pienaar van die NG Gemeente Skuilkrans uit haar pos en noem sy, onder andere, dat die traagheid van die Kerk om sy rol in die samelewing raak te sien en gewoonte om probleme onder die mat in te vee totdat hulle 'vanself' weggaan, haar dring om uit die NG Kerk te bedank. Die pers was vol kritiek deur briëfskrywers oor haar stap, maar ongelukkig was daar nêrens 'n opvolg berig dat haar gemeente, Ring en die Sinode van Oos-Transvaal met haar gesprek gevoer het oor haar standpunt nie. Wat die leserspubliek aan betref was die saak afgehandel omdat hulle nie in die lig van die groot publisiteit wat die saak ontvang het iets verder gehoor het nie.

As vrou het sy oënskynlik na aan die seerplekke van die NG Kerk gekrap. Sy is summier as 'n Nuwe Hervormer bestempel omdat sy dit durf waag het om 'n ander mening te lug as dié van die in een-rigtingdrywende massa. Die kerk het Sunette Pienaar se besware binne twee weke vergeet.

Met die konferensie het die kerkleiding 'n geleentheid om met dringende vraagstukke besig te wees, verspeel. Malan Nel van die Teologiese Fakulteit in Pretoria raai die teenwoordige dominees van die kerk by die konferensie aan om nie die 'Sondag persberigte' oor die kerk te lees nie. *So bly die kerk gesond-gereformeerd(?)* Die predikante keer huiswaarts, gelade, tevrede, sonder leiding oor homoseksualiteit, kerkeenheid, teologiese opleiding as wetenskap, die probleem van die verlies van talle lidmate, die grondkwessie, werkverlies as gevolg van regstellende aksie, die blanke jongmens-emigrasie situasie en ander vraagstukke. 'n Verlore geleentheid. By die huis wag verwarde, opstandige en onseker lidmate met die vraag: NG Kerk Quo Vadis?

Hierdie wyse van hantering van problematiek herinner baie aan die tyd vóór 1994 toe die kerkleiding ook gekies het om dinge (bv. Apartheid) te ignoreer – om later verskoning oor hulle houding daarvoor te moet vra. Kan lidmate verkwalik word omdat hulle die kerk teen 'n beduidende tempo verlaat?

### 2.3.2 Kerkhereniging in die Ring van Stellenbosch

Die 'hereniging' van gemeentes in die Ring van Stellenbosch hou verband met die navorsing oor kerkhereniging omdat die gebeure sekere kritiese vrae oor die proses na vore gebring het:

- Die Algemene Sinode het besluit dat hereniging, soos die Kerkorde bepaal, by gemeentes getoets moet word (en nie ringe nie).
- 'n Twee-derde meerderheid is nodig in die stemming oor hereniging binne gemeente, ring en sinode.
- Het die Ring van Stellenbosch hierdie pad gevolg, aangesien lidmate nie oor die saak gestem het nie.
- Het die ringsgemeentes by wyse van stemming die ou ring ontbind en daarna toetree tot 'n nuwe ringsverband?
- Is die Sinode van die Wes-Kaap hiervan in kennis gestel en is dit goedgekeur?
- Wat is die naam van die nuwe ring?
- Watter Kerkorde gebruik die Ring vir hulle byeenkomste en werksverdeling?
- Hoe hanteer die Ring moontlike tugverhore en hoe genereer hulle fondse vir ringsaktiwiteite.
- Het die Ring enige regsbevoegdheid om bindende besluite te neem as die Algemene Sinode nog nie by wyse van toetsing van sinodes, ringe en gemeentes die proses gefinaliseer het nie.
- Wat gebeur in die ring as die Algemene Sinode nie 'n twee-derde meerderheid ontvang om met die kerkherenigingsproses voort te gaan nie?
- Het al die gemeentes in die Ring van Stellenbosch aan die hele proses deel gehad?
- Hoe is dit moontlik dat die Algemene Sinodale Kommissie 'n ooreenkoms namens die NG Kerk kon sluit met 'n driejaar tydperk daaraan gekoppel as hulle nog nie die kerk in die breë oor die aangeleentheid getoets het nie (Johan Jansen van Rensburg, **Kerkbode** 24 November 2006).

Indien bogenoemde vrae geldig is, het die gebeure op Stellenbosch die Algemene Sinode se besluit vooruitgevoel en kan die kerkleiers nie anders as om verleë te wees oor hoe die proses nou verder moet verloop nie. Op gemeentevlak het die gebeure ernstige kritiek uitgelok wat ook in die briewe kolomme van die **Kerkbode** oor 'n aantal uitgawes reflekteer is.

Die kerk het tans 'n gulde geleentheid om betekenisvolle veranderinge aan te bring. Trouens, die ander kerke in Suid-Afrika wag dat die NG Kerk met stappe begin. Indien die NG Kerk die proses van kerkhereniging dringend hanteer, sal sy, na jare van isolasie van die ander kerke, groter respek in die Suid-Afrikaanse samelewing afdwing.

### 2.3.3 Die NG Kerk en die gay- kwessie

Nog 'n saak waaroor leierskap in die NG Kerk versigtig reageer, is die vraag oor die korrekte interpretasie van die Bybelse beskouing oor homoseksualiteit.

Hierdie vraagstuk is een van die ernstigste kwessies wat tans in die NG Kerk bespreek word, veral nou dat die Parlement op 14 November 2006 wetgewing ten opsigte van 'n Burgerlike Verbintenis (huwelik?) tussen pare van dieselfde geslag goedgekeur het. Die kerklike verteenwoordigers, Ben du Toit (Parlementêre Verteenwoordiger) en Kobus Gerber (Sekretaris van die NG Kerk), het hieroor 'n voorlegging aan die Parlementêre Komitee gedoen waarin hulle versoek dat hierdie nuwe 'verbintenis' by die Huwelikswet van 1961 ingelyf word.

Na die bekendmaking van hierdie voorlegging het hewige kritiek vanuit die kerk gevolg, aangesien dit as *goedkeuring vir gay-huwelike* vertolk is. Volgens die Moderator van die Sinode van die Vrystaat, Piet Strauss, sal dit teenstrydig wees met die NG Kerk se beskouing van die huwelik as 'n wetlike verbintenis tussen twee mense van dieselfde geslag ook 'n 'huwelik' genoem word (**Kerkbode** 27 Oktober 2006).

Die Voorsitter van die Sinode van Oos-Transvaal se Sinodale Diensraad en Moderator, Johann Ernst, is van mening dat die opstellers van die parlementêre voorlegging met dié dokument hulle bevoegdheid oorskry het. Nóg die Moderatuur, nóg Gerber of du Toit het die magtiging gehad om namens die NG Kerk en gereformeerde kerke so 'n ingrypende en omstrede voorlegging te doen (Ernst, **Kerkbode** 24 November 2006). Hierdie gebeure, en alles wat die afgelope aantal jare in die gay-debat gesê is, het groot verwarring onder lidmate gebring.

Daarvan getuig die opsommende verslag oor Kerkhereniging en Homoseksualiteit in **Kerkspieël**, Augustus 2005. As 'n ondersoek in opdrag van die sinodes van Noord-, Suid- en Oos-Transvaal, was dit nie demokraties of ewekansig nie, maar het dit ten doel gehad om 'n vinnige houdings-opname binne die sinodale streke te doen. Die gegewens is dus die stemme van kerkleiers binne 'n bepaalde tyd en konteks. In hierdie opname blyk die volgende:

- Die NG Kerk het reg opgetree deur persone met 'n homoseksuele oriëntasie wat in die verlede deur uitsprake seergemaak is om verskoning te vra.
- Daar bestaan groot onsekerheid t.o.v. Skrifinterpretasie oor homoseksualiteit. Standpunte verteenwoordig teenoorgestelde pole.
- Die huwelik word as 'n verbintenis tussen één man en één vrou beskou.
- Daar is groot eenstemmigheid dat die beoefening van homoseksualiteit teen die leer van die Skrif is.
- Die term 'seksuele oriëntasie' wat in die gesprek oor homoseksualiteit gebruik word, vra verdere verheldering wat navorsing oor die oorsake van homoseksuele gedrag, verhoudings en deelname aan die geloofsgemeenskap insluit (2005: 9).

In sy boek **Homoseks en die Sinode**, skryf Peet Botha, Administrateur van die Cedar College of Education en Buitengewone Senior Lektor verbonde aan die Noordwes-universiteit in Potchefstroom die volgende: *Die debat oor homoseksualiteit in die NG*

*Kerk het baie verwarring gebring onder die lidmate van die kerk. Dit is my oortuiging dat hierdie verwarring die gevolg is van 'n onskriftuurlike benadering tot die hele probleem van homoseksualiteit. Die verwarring is verder aangehelp deur teenstrydige interpretasie van die Sinodes van 2002 en 2004 se besluite, persverklarings waarin regstelling van feite en verskonings aangebied is, asook artikels in dagblaaie waarin die Sinodebesluite deur hoëprofiel teoloë bevraagteken is. Ek argumenteer dat die Sinodes van 2002 en 2004 grondliggende foute gemaak het in hulle besluite oor homoseksualiteit en dat die sinodes deur AKLAS se pro-homoseksuele benadering beïnvloed is om ongeldige besluite te neem, (Die Vrye Afrikaan Augustus 2005:6). Hy is reg om na die onderlinge verwarring en verskonings van die kerkleiding te wys.*

Op 2 April 2006 was daar 'n gesprek op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees tussen Peet Botha, skrywer van **Die sinode en homoseks**, en Laurie Gaum. Botha het die standpunt gehandhaaf dat sommige teoloë die dele van die Bybel wat oor homoseks gaan op 'n nuwe manier wil uitlê om te bewys dat homoseksualiteit 'n normale en aanvaarbare variant van seksualiteit is. Gaum het gepleit dat praktiserende homoseksuele leraars as Woordbedienaars in die NG Kerk moet kan optree.

Bovermelde verskille oor homoseksualiteit - en wat die kerkleierskap daarmee moet maak; die vraag of predikante met alternatiewe seksualiteit tot die bediening toegelaat behoort te word; en die vraag of huwelike tussen dieselfde geslagte gewettig behoort te word, is ook in die VSA en Europa twispunte tussen miljoene Christene. 'n Waarskuwing deur die Aartsbiskop van Kantelberg en leier van die Anglikaanse Kerk, Rowan Williams, dat dié kerk ernstige skeuring oor die kwessie in die gesig staar, is op 8 Maart 2006 dwarsoor die wêreld met groot opskrifte in die media aangekondig. Die skeuring waarna Rowan verwys is enersyds tussen die kerk in Brittanje en Afrika en andersyds tussen die Amerikaanse Episkopale Kerk – soos die Anglikaanse Kerk daar bekend staan – en die Kanadese Anglikaanse Kerk.

Sluimerende verdeeldheid oor die kwessie van gays en lesbiërs het drie jaar gelede na die oppervlak gebars toe die Hooogerwaarde Gene Robinson, 'n homoseksueel wat saam met 'n man woon, as biskop van die Episkopale Kerk in New Hampshire, Amerika, ingeseën is. Konserwatiewe Anglikane was in opstand en verlede jaar het die eerste breuklyne duidelik te voorskyn gekom toe Anglikaanse leiers die Amerikaanse en Kanadese kerke gevra het om hul afvaardigings aan 'n oorkoepelende byeenkoms, die Anglican Consultative Council, in Nottingham, Engeland, te onttrek. Hierdie keer was dit die meer liberale Anglikane wat in woede ontplof het (**Rapport** 12 Maart 2006).

Williams vrees dat die verdeeldheid die Anglikaanse gemeenskap heeltemal uitmekaar kan ruk. *As daar 'n skeuring kom, gaan dit 'n meer sigbare skeuring wees en nie maar stilweg bedaar tot 'n federasie (tussen die Amerikaanse kerke en die res) nie. Dat die skeuring 'n realiteit kan word, is duidelik in die eis van die Anglikaanse Kerk dat die Episkopale tot Junie wanneer die jaarlikse sinode vergader, tyd het om af te sien van die dwaalleer. Die probleem wat die Episkopale egter in die gesig staar, is die feit dat 'n gay man en 'n lesbiër onder die vyf finaliste is waaruit die Bisdom van Kalifornië binnekort sy Biskop moet kies. In San Francisco is die Anglikaanse leiers onlangs uitdagend vermaan dat dit nie hulle is wat moet afsien van hulle dwaalleer nie, maar die Anglikaanse kerkleiding (**Rapport** 12 Maart 2006).*

Hierdie debat oor homoseksualiteit hang waarskynlik saam met die feit dat die staat pluralisties sekulêr geword het en uiters verdraagsaam is oor die lewenswyse en regte van individue. In teenstelling het die Amerikaanse Hooggeregshof in Texas drie jaar gelede 'n wet geskrap wat die omgang tussen persone van die selfde geslag regverdig. Kerke is nie onaangeneem deur hierdie wisseling in denke nie.

Die kerk in Afrika is egter sterk uitgesproke teen homoseksualiteit. Die Anglikaanse leier van die kerk in Nigerië, Peter Akinola, wys daarop dat homoseksuele praktyke *nie eers in die verhouding tussen diere voorkom nie* ( **Rapport** 12 Maart 2006). Hy stel dit ook duidelik dat die Anglikaanse Kerk in Afrika (die grootste in Afrika) van die res van die Anglikaanse kerk sal wegbreek oor die saak van homoseksualiteit as die breë kerk nie tot inkeer kom nie.

Hierteenoor het die meer liberale denke in die Anglikaanse kerk, by name van die Episkopale leier, biskop John Bryson Chane van Washington, Akinola onlangs daarvan beskuldig dat hy sy steun aan 'geïnstusionaliseerde dwepery' verleen het. Liberale Anglikane is veral onvergenoeg oor Akinola se steun aan 'n voorgenome Nigeriese konferensie wat sal debatteer of homoseksualiteit sonde is of nie? Hulle sê indien dit wel so is, moet gays en lesbiërs uit kerke geweer of bloot verdra word as tweedeklas-lidmate. Indien nie, is homoseksuele huwelike en gay en lesbiese leraars op die kansel in orde.

Die Suid-Afrikaanse oorgangsamelewing het hierdie debat nie vrygespring nie. Dit is nou tyd dat die NG Kerk uitspraak hieroor gee. Talle mense wag op daadwerklike leiding. Die NG Kerk is weereens te laat met leiding aan lidmate oor hierdie spesifieke saak. Indien homoseksualiteit 'n 'gestremde' seksualiteit is, moet die kerk dit so aanvaar, met die belydenis dat God se genade ook vir mense met gestremdhede geld.

### 2.3.4 Gemeente bedieningsrenaissance

'n Gemeenskaplike deler oor gemeentelike ervarings gedurende die afgelope twee dekades is die drastiese veranderinge wat in die erediensstyl van die NG Kerk ingetree het. Hierdie verandering, vernuwing of Renaissance het min gemeentes onaangeraak gelaat. Binne die erediens het die paradigma oor die tradisionele liturgie verskuif en val die klem op:

- Liturgiese vernuwing
- Verandering in preekstyl
- Die opstel van veranderde of eie formuliere vir die Nagmaal en Doop
- 'n Verandering in die bediening van die leraar, ouderling en diaken
- Uitbreiding van die sangboek
- Die invoer van 'n Engelse *gospel*-sangstyl
- Verandering in die funksie van die diakonaat tydens die erediens
- Kerkraadslede met ander funksies as die tradisionele
- Verandering in die vergaderstyl van die Kerkraad - 'n vryer vergaderingstyl
- Ander benaminge vir die Kerkraad
- Die verdwyning van streng kerkordelike voorskrifte vir die funksionering van die gemeente

- Groot klem op die relevansie van die bediening
- 'n Getuienisdoop (by wyse van onderdompeling) vind in sommige gemeentes plaas
- Naas 'n aanbiddingspiritualiteit, met klem op ervaring in die erediens, soek lidmate ook na 'n vorm van intellektuele spiritualisme. Hulle wil die aktuele sake van die dag in hulle geloofsbelevens integreer. (Vergelyk in hierdie verband die boek onder redaksie van Marcel Barnard, **Letter en Feest 2004**; en die boek van CJA Vos en HJC Pieterse, **Hoe lieflik is u woning 1997**: 139-190)

Adrio König (2002:17) skryf dat 'n vloedgolf van verandering die meeste Afrikaanse kerke oor die afgelope drie dekades getref het. *Dit het begin by die vroue se hoede, predikante se togas, kerkraadslede se swart pakke en wit dasse.* Hy wys verder daarop dat 'n nuwe Bybelvertaling, die vrou in die amp, kinderkommunie, oop gemeentegrense, sowel die aanpassing in Sinodale vergaderstyl as die feit dat gemeentes verminder deurdat die platteland en die middestad ontvolk, 'n nuwe baadjie aan die kerklike lewe gee. Die kerk is geensins nog 'n versekerde werkskring vir predikante nie. Predikantsposte word verminder en talle proponente word nooit na hul studiejare as gemeenteleraars aangestel nie.

Vandag bepaal elke NG gemeente haar eie identiteit. Laasgenoemde hang af van die konserwatisme of verligtheid van individuele leraars en die kerkraad van die betrokke gemeente. In 'n sekere sin bestaan die NG Kerk van twintig jaar gelede nie meer nie. Die meerdere vergaderings van die kerk skyn minder invloed te hê oor hierdie progressiewe gebeure.

Ten spyte van hierdie vernuwing, blyk dit uit die gesprekke met mense, mediaberigte en literatuur, dat al hoe meer mense krities teenoor die kerk staan. Vir 'n aantal dekades kon hierdie tendens in talle van die gevestigde hoofstroomkerke in die buiteland waargeneem word. Tans lui persberigte dat duisende mense in Europa elke Sondag (dit wil sê ná eredienste) hulle kerk verlaat en besluit om nie weer eredienste daar by te woon nie, omdat hulle doodeenvoudig nie meer deur die tipe verkondiging in die kerk geboei word nie. Heitink sê oor hierdie kerklike los word *dat participatie aan kerk en geloof is ingrijpend veranderd. Velen kunnen zich nog slechts partiëel identifiseren met wat de kerk leert en doet (Aftreerede).*

Boon (1970:7). het meer as dertig jaar gelede dieselfde waarneming gemaak toe hy geskryf het dat 'n groeiende getal mense nie meer by die kerk betrokke is nie, omdat *voor hen is de identiteit van de kerk goeddeels zoek.* In 'n interessante boek, **A Churchless Faith** (2002), skryf Alan Jamieson dat dieselfde tendens in die charismatiese groepe waargeneem word. Terwyl baie nuwe mense en lidmate by die voordeur instroom, stap ander weer by die agterdeur uit. (In die openbaar word hierdie verskynsel gewoonlik net ten opsigte van hoofstroom- (gevestigde) kerke uitgelig). Jamieson wys verder daarop dat daar ook 'n ontgogeling met die charismatiese is en dat mense meer en meer hul geestelike heil buite die kerk soek. Dit is verstaanbaar dat mense nie meer die kerk vir hulle geestelike opbou nodig het nie. Die Rooms-Katolieke Kerk het dan eeue lank lidmate nie toegelaat om sêlf die Bybel van te lees nie (Van Niekerk 2005:40).



Suid-Afrika ervaar dieselfde tendense in die huidige gevorderde *communitas*-fase. Lidmaatgetalle van die grootste hoofstroomkerke is aan die afneem.

- Oggenderedienste word meestal deur senior lidmate bygewoon, terwyl aanddienste in bykans alle gemeentes deur veel minder mense bygewoon word.
- 'n Ondersoek deur Market Research Africa, in opdrag van **Business Day**, het getoon dat 71% van mense bo 50 gereeld kerk toe gaan, teenoor 58% tussen 24 en 34. Daar is ook bevind dat 77% vroue kerk bywoon, teenoor 51% mans (**Die Burger** 18 Februarie 1998).
- Annes Nel (2003:19) verwys in hierdie verband na 'n ondersoek wat hy per e-pos in Namibië gedoen het en waarin die antwoorde wat hy terug ontvang het daarop dui dat 'n hoë persentasie van jong mense (99,4%) in God glo, maar dat die Christendom (Christene) se uitlewing van God onderaan hulle lysie is. Die werklikheid is dat die oorgrote meerderheid jeug nie veel erg aan die kerk het nie. Mense is nie meer erg opgewonde oor die tradisionele kerk nie. (Vergelyk ook Jones 2001.)
- Vanuit waarneming in die praktyk, blyk dit dat die NG Kerk oor die algemeen haar groeiplafon bereik het. Die enigste noemenswaardige toename in lidmaatgetalle is deur die toevoeging van dopelinge. Die getalle groei nie soseer uit bekeerlinge deur evangelisasie nie, omdat die volkskerksindroom te sterk in die NG Kerk gevestig is. In **Beeld**, 22 Maart 2001, word die opmerking in die redaksionele kolom gemaak: *Tradisionele Afrikaanse kerke sal moet wakker word en by die ware essensie van kerk wees uitkom, veral rakende hul taak oor die jeug. Baie Afrikaanse kerke weet nie meer hoekom God hulle ingestel het nie. Vir hulle gaan dit oor kerk wees ter wille van kerk wees en die instandhouding van strukture en ordes ter wille van die handhawing van 'n eie identiteit.*

Daar is mense wat beweer dat die kerk (die plaaslike gemeente) haar jeug nie meer regtig ken en verstaan nie (generasie- en tydseferskille). 'n Beduidende getal jeugdiges verstaan nie meer die rede waarom hulle belydenis van geloof moet aflê nie. Hulle verstaan min van die liturgie en vind nie altyd regtig verstaanbare sin in die prediking nie. In baie gemeentes is daar nie aksies om die belydenisklas na belydenisaflegging aktief in te skakel nie. Die gebeure plaas die kerk in die algemeen in 'n situasie waar *predikante en ander kerklike ampsdraers gekonfronteer word met geloofsverval en afwysing van tradisionele leerstellings. Kerke en kerkaktiwiteite loop leeg omdat groot persentasies mense in gemeentes nie meer belangstel nie* (De Klerk 1998:13).

De Klerk wys voorts daarop dat hierdie krisis nie onverwags is nie: dit skrif was dekades gelede reeds in Europa en Amerika aan die muur. Dáár het egter kerke doelgerigte stappe gedoen om nuwe leiwore te grawe om die boodskap van God te kanaliseer, sodat dit weer lewende water kon hou.

In die elektroniese tydskrif van die Universiteit van Pretoria se Teologiese Fakulteit ([www.teo.co.za](http://www.teo.co.za)), skryf Hennie Pieterse dat vernuwing en die charismatiese baie na aanmekaar lê en deel geword het van die kerklike funksie in ons tyd. Hy onderskei tussen twee tipes eredienste wat tans in die NG Kerk aangetref word, naamlik:

- Tradisionele dog ekumeniese vernuwendere eredienste

- Charismatiese dienste.

Die charismatiese beweging, sê Pieterse, *streef daarna om vir die sogenaamde 'seekers' voorsiening te maak. Hulle is hoofsaaklik ongebonde aan enige kerkgenootskap, en hongerig op soek na 'n spiritualiteit van voortdurende geestelike ervaring op 'n baie persoonlike, onkonvensionele en praktiese wyse waarin hul behoeftes en begeertes sentraal staan.* Hierdie 'geestelike' lidmate het dikwels 'n verbruikersmentaliteit en verbind hulle nie met lojaliteit aan 'n betrokke gemeente nie.

## 2.4 Die kerk en die verwerking van verandering

Hendriks (1992:387) skryf dat gemeentes deur verskillende stadiums kan beweeg tydens die verwerking van verandering in 'n *communitas*-fase. Hy noem die volgende gebeure as kenmerke van so 'n tyd:

- *Afhanklikheid*
- *Onsekerheid*
- *Kritiese gesindheid*
- *Akkommoderende fase*
- *Opofferende ingesteldheid.*

Wanneer hierdie reaksies (stadiums) ondersoek word, blyk dit dat elkeen positiewe en negatiewe aspekte uitoefen oor verwagtinge soos, byvoorbeeld, leierskapstyl, kommunikasie en rolvervulling.

### 2.4.1 Afhanklikheid

Wanneer verandering plaasvind, is daar 'n stadium waarin 'n gemeente baie afhanklik is van die leierskap wat gebied word. Hendriks (1992:387) maak die stelling dat die afhanklike stadium gekenmerk word deurdat lidmate voel dat hulle min mag, invloed en seggenskap het, omdat hulle in 'n hoër vlak van afhanklikheid van hulle leiers funksioneer. In gemeentes waar die meerderheid lidmate oor 'n laer vlak van tersiêre opleiding beskik, word hierdie afhanklikheidsgevoel verhoog. Die geestelike leier in so 'n gemeente speel dikwels die rol van mediator tussen die mense en God en funksioneer as 'n tipe Moses-figuur. Leiers bekom dan dikwels 'n magsbasis waarbinne hulle 'n vrye mandaat het om baie outoritêr op te tree. Dit is interessant dat vroue dikwels die meerderheid in hierdie gemeentes en gemeenskappe is en ook sterker figureer.

### 2.4.2 Groepsvorming

Verandering veroorsaak dikwels 'n groepsvormende fase wat in die teken van onsekerheid staan. Wanneer groepe gevorm word, lê veiligheid in die groep se waardes en opinies. Die besluite van die groep is bindend. Deelname en sosialisering in die groep se aksies gee 'n gevoel van sekerheid en word dikwels met geloof verwar. Wanneer daar 'n gemeenskaplike vyand is, word die groep of samebondelingsfase al hoe sterker. Sterk bande laat die leiers met ongekende mag en seggenskap. Hul besluite is die amen, al sou dit ook op foutiewe Skrifuitleg berus. Uiteraard is kritiese oordeel in so 'n groepsamestelling afwesig en word die sin vir balans totaal versteur. Hierdeur stagneer die groep se uitkyk uiteindelik en is die meeste aksies op die

handhawing (en oorlewing) van die *status quo* ingestel. Hendriks (1992:388) sê dat die NG Kerk gedurende die apartheidjare, 'n goeie voorbeeld van so 'n 'clustering' was.

### 2.4.3 Kritiese gesindheid

Hierdie fase word gekenmerk deur herlewingsmomente waarin lidmate charismaties én krities ingestel is. Aksiegroepe wat kenmerkend wegbeweeg van die tradisionele en dogmatiese gebruike en lering in die gemeente word in die lewe geroep. 'n Stryd ontstaan om dit wat die groep glo wat reg is, as norm te vestig. Die fase word deur twee uiterste pole gekenmerk:

- 'n Behoudende groepering: Hulle bevraagteken die nuwe of veranderde en handhaaf 'n fundamentalistiese vertolking van Skrifwaarhede.
- 'n Vernuwende groep wat meestal liberaal denkend is.

Kleingroepe van *like-minded individuals* is tipies van hierdie fase. Die uiteindelijke resultaat van hierdie tipe groeppvorming is soms katastrofies, omdat eie behoeftes die fokuspunt is en wyer perspektief ontbreek. *Typical examples of this stage within the DRC family are the congregational movement for building up and the 'Broederkring' (Circle of Brothers) who partook in the struggle against Apartheid* (Hendriks 1992:388).

### 2.4.4 Akkommoderende fase

In hierdie fase ontwikkel daar 'n openheid en daar is ruimte vir verskillende opinies. Die kenmerk van die afhanklike stadium is dat die leraar die toon aangee. Hierteenoor word die groepsfase deur groepsbelange oorheers; die kritiese fase deur mense wat beweer dat hulle die 'lig' gesien het; en die akkommoderende fase deur mense wat geestelik meer volwasse en hermeneuties sensitief is en wat die denke en opinies van ander lede in ag neem. Gemeentes in laasgenoemde fase beskik oor die vermoë om diversiteit en pluralisme te hanteer. Goeie leierskap kan in hierdie fase in die gemeente ontwikkel word.

### 2.4.5 Opperende ingesteldheid

Dit is die fase van wysheid, innerlike sterkte en integriteit. Die *ek* is sekondêr terwyl die *ander* van primêre belang is. Die fase word gekenmerk deur 'n balans in spirituele intellektualiteit. Die 'fyn aanvoeling' waarvan Paulus in Filippense 1: 9 skrywe, kenmerk hierdie fase. Ongelukkig is hierdie groep gewoonlik in die minderheid binne die gemeente en word hulle daarom dikwels die slagoffers van onkundige kritiek. Hulle is ondersoekend en aanvaar dat daar nie absolute waarhede op alles is nie. *People in this stage are taboo-breakers, barrier breakers and thus extremely exposed to the wrath of autocratic rulers or systems* (Hendriks 1992:389).

Die eerste twee fases beskryf mense wat as 'kultuur-tradisie'-lidmate bestempel kan word. Hulle het in die 'sisteem' (kerk) grootgeword, het daar gesosialiseer en glo dat eenheid in die kerk beteken dat almal 'saamstem'. Hulle hanteer diversiteit en denkverskille daarom baie moeilik. In hierdie fase word geloof baie passief ervaar en groei 'n gemeente wat binne so 'n denkpatroon vasgevang is moeilik. Wanneer lidmate

ontsnap uit die ‘*my-way-faith*’ en die belange van die gemeente begin vooropstel, beweeg hulle in die vierde en vyfde fases in, waarin groei en geestelike volwassenheid bereik word.

Hendriks (1992: 390-391) sê dat sy navorsing daarop dui dat gemeentes wat in die eerste drie fases verkeer, ’n plato-situasie ervaar. Hulle kan nie verder ontwikkel nie. Hy sê ook dat die pastor in hierdie situasie ’n belangrike rol speel. *A pastor cannot lead people beyond the stage of his own hermeneutical framework and spiritual maturity. Many pastors are 'locals' (hier gebruik met verwysing na lidmate wat gewoon is aan ’n stabiele, tradisionele gemeente, gemeenskap en buurt) stuck within the first two or three stages. The spiritual leader has a crucial role to play in this regard. If he reneges upon his responsibility, people either leave the church, join another congregation or become 'free riders'.* ’n Interessante vraag is waarom die kerk baie lidmate verloor voordat hulle in die akkommoderende fase betrek kan word. *The answer seems to be that these people leave church partly because they react against the clustering stage or the critical milieu, and also because the church leadership does not know how to accommodate them* (Hendriks, 1992:39). Die kerk wil hierdie mense dikwels in die kerklike sisteem en struktuur inforseer waar hulle nie tuis voel en dus nie kan funksioneer nie.

## 2.5. Transformasie en kerklike leierskap

Die totale omwenteling in die politieke bestel in Suid-Afrika het nie net in die samelewing nie, maar ook die kerk ingrypend geraak. Kerklike leierskap, soos beliggaam in leiding deur die Sinode, Ring en die kerkraad, het sterk onder die soeklig gekom. Kerkleiding vanuit meerdere vergaderings is hier gekoppel aan die van die plaaslike kerkraad. In baie gevalle het die media as instrument tot dialoog gedien tussen talle kerklidmate wat kritiek het oor die kerk se leiding en hantering van aktuele sake. Onderstaande voorbeelde is lesersbriewe van NG kerklidmate wat in **Die Burger** van 15 en 16 November 2006 verskyn het:

### **NG kerk reeds geëtiketteer (Die Burger 15 November 2006)**

*My dominee, van ’n welvarende gemeente naby Kaapstad, sê ek beskou dié ‘gay-ding’ wat die NG Kerk so borrels laat hap, in ’n veels te ernstige lig. Hy sê dat die dominees in húl groepie (van wie die menings op ’n skaal by een, by tien, of iewers in die middel lê) alte lekker bly saamwerk en dat hulle nie toelaat dat dié meningsverskilletjies tussen teoloë en die verwarring onder lidmate die harmonie tussen hulle versteur nie. Die boodskap wat ek toe innemend-vermanend van hom kry, is dat ek dit moet ‘cool’, die hele ding is glad nie so erg/ernstig nie.*

*Toe het ek hom nou maar nie gevra wat ek my kinders moet antwoord op hul vrae hieroor nie. Ook nie wat ek moet doen oor hul weiering om langer na die NG ‘gay-kerk’ (ja dominee, julle is al klaar geëtiketteer) te gaan nie.*

*Want hoe sal hy en die kerk my nou met kinderonderlig en Bybel-uitleg/gesag kan help? Dié plus ek sommer voortaan uit tussen my en my God, en skakel die span draadsitterige, meninglose middelmanne uit.*

*Terwyl ek my dus met dié klein goedjies besig hou, wens ek my dominees baie sterkte toe met groot besluite oor die Kersmark en Kerskonsert, die kerkbasaar, die vroue-en mannekampe, die kerk-‘band’ en voorsangers,*

*beplande aanbouings aan die kerkstruktuur en hul pensioenfondspaatjies noudat die kerkherenigingsproses dreig om dié gemaksonne te kom versteur.*

*Nie verward*

*Kaapstad*

**NGK nie warm of koud (Die Burger 16 November 2006)**

*In Die Burger van 31 Oktober in die artikel 'Gay- huwelike sukkel om jawoord te kry' lees ek dat die NG Kerk ten gunste daarvan is dat dieselfde erkenning aan gay-verbintenisse gegee moet word as die tussen 'n man en 'n vrou.*

*Daar teenoor hoor ek ook dat die kerk teen sodanige gay-huwelike is. Dit is hierdie standpunt en/of uitspraak van die NG Kerk – wat nóg ja nóg nee is – wat vir my as lidmaat van die NG Kerk moeilik is om te verstaan.*

*Gedurende Pinkster vanjaar is in ons gemeente onder meer gepreek uit Openbaring 3:14-22 met as tema 'Is julle koud of warm?' Die boodskap wat ek nou kry van ons kerkleiers wat erkenning gee aan 'n gay-verbintenis, weerspreek dit wat ek tot nou toe verstaan het in die boodskap: 'Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was!' Dankie aan daardie kerke en groepe vir hul standpunt en uitspraak wat Bybels gefundeer is.*

*Hennie Pretorius*

*Schoemanshoek*

### **2.5.1 Stille diplomatie**

Briewe soos hierdie is as koerantgegewe die 'taal van die volk' (wat nie as niksseggend beskou mag word nie!) en waarskynlik gemotiveer deur die persepsie dat die NG Kerkleierskap die afgelope vyf jaar redelik stil en neutraal was oor aktuele sake. Talle van die sake wat die publiek (kerkvolk) opper, is wel deur die kerkleierskap in vergaderingsale bespreek (vergelyk hier die **Agenda en Handeling** van die Algemene Sinodes van 2002 en 2004), maar hulle het nie in die media die leidinggewende koers aangedui wat verwarde en onseker lidmate sou verlos uit enersyds onkunde en andersyds uit foutiewe fundamentalistiese 'sekerhede' waarmee hulle oor jare heen deur die kerk met melkkos (lering in die erediens) gevoer is nie.

- Dat die NG Kerk se leierskapsvermoëns na 1994 uitermatig getoets is vanweë die invloed van die *communitas*-fase op kerklike leierskap is onbetwisbaar. Dit verklaar tot 'n mate dat die leierskap binne die NG Kerk en veral in die plaaslike gemeente soms ontbreek het of huiwerig was met besluite en uitsprake. Plaaslike leraars het byvoorbeeld nie 'n finale kerklike antwoord oor homoseksualiteit in die gay debat nie en volg hulle eie oortuigings oor die saak in berading met lidmate. Oor hierdie saak en die besluite oor die verloopende proses van kerkhereniging kom daar hopelik duidelike leiding van die Algemene Sinode in Junie 2007.

### **2.5.2 Identiteit van die predikant**

Die beeld van die leraar soos verteenwoordig deur sy/haar amp is in die huidige oorgang onder die vergrootglas, omdat daar gaandeweg onderskeid getref is tussen

‘konserwatiewe’ en ‘verligte (vernuwende/liberale) predikante. Persoonlike ervaring en waarneming oor bykans vyf en dertig jaar het my tot die volgende konklusie oor leraarsidentiteit gebring:

- ‘Konserwatiewe’ leraars dra donker pakke klere en (wit) dasse in sekere sinodale gebiede wanneer hulle die erediens lei. By geleentheid selfs ’n toga.
- ‘Konserwatiewes’ gebruik die riglyne in die Kerkboek vir die erediensliturgie woordeliks.
- Hulle is eng en nougeset en identifiseer sonde skynbaar redelik maklik.
- Hulle het baie ‘vrese’ en ‘worstel’ met talle sake.
- Hulle hou van vergaderings en bespreek bedreigings en hoe om dit die hoof te bied vir ure lank - en geniet dit skynbaar.

Daarenteen is die meer vrydenkende leraars

- Nie meer gebonde aan liturgiese tradisies as orde in die erediens nie. Hulle wend tegnologiese hulpmiddele aan om die erediens ‘op te kikker’.
- ‘Verligtes’ dra jeans, uithanghemde, kruise om die nek, en besoek lidmate op ’n warm dag in ’n kortbroek en sandale.
- Hulle gebruik liturgiese serpe as simboliek en skep nuwe rituele in eredienste.
- Hulle veroordeel ander skynbaar nie so vinnig soos hulle meer konserwatiewe kollegas nie en steun baie op die genade en liefde van die evangelie.
- Daar is nie ‘boksies’ vir verskillende groter en kleiner sondes in hulle denke nie.
- Vergaderings is vir hulle meer geestelike byeenkomste en word baie informeel gehou.
- Hulle skryf ook nie gedurig dat hulle ‘bang’ vir iets is nie.

Identiteit onderskeid tussen leraars is tans sterk op die voorgrond. Dit hang saam met die feit dat die NG Kerk besig is om in verskillende gemeentes te ontwikkel wat ten opsigte van identiteit totaal van mekaar verskil. Daar is nie soseer ’n identiteitskrisis ten opsigte van leraars nie, maar wel ten opsigte van die vestiging van verskeie leraars- en gemeente identiteite binne die kerk.

### 2.5.3 Kerkleierskap

Daar is die afgelope dekade baie oor kerkleierskap geskryf. Dit is dus noodsaaklik om te vra of kenmerke van leierskap in die kerk, onveranderd bly in oorgang van die een fase na die ander. In die antwoord op hierdie vraag behoort onderstaande standpunte van kerkleiers oorweeg word:

- Daar is niks belangriker in die kerk en plaaslike gemeente as leierskap nie. Dit bepaal inderdaad die oorlewingsvermoë van ’n gemeente (Blackaby 2001:20).
- *The church has an utterly unique mission to fulfill on planet Earth, and that the future of our society depends, largely, on whether or not the church leaders understand that mission and mobilize their congregations accordingly* (Hybels 2002:16).



- *One of the most important skills of leadership is learning to distinguish between what is essential and what isn't* (Warren 1995:71). Warren onderskei tussen primêre sake, wat die boodskap van die kerk en die motivering vir die verkondiging van die evangelie is, en sekondêre dinge wat strukture en die bestuur raak. Hy verwys ook na Albert Einstein wat gesê het dat een van die swakhede van die twintigste eeu is dat die *metodiek*, belangriker geword het as die *doel* daarvan. *For the church, this is especially dangerous. We must never become so enamored that we lose sight of our mission and forget our mission.*
- *Tons of books and magazine articles on the importance of leadership have rolled off religious and business presses in recent years. Why does this crucial quality still seem AWOL?* (Herb Miller 1997: 9-15). Dit is duidelik uit Miller se standpunt dat hy dink dat kerkleierskap oor die afgelope twee dekades baie moeiliker geword het. Leraars ontvang nie enersluidende opleiding nie. Dit veroorsaak verskillende leierskapstrategieë in gemeentes. Kerke van dieselfde denominasies verskil baie van mekaar, dus sal die tipe leierskap wat daar aangetref word, ook verskil. Miller wys verder daarop dat *the new societal ideal of pluralism (born in the 1960's) began affecting the need to respect the individualism expressed in minority opinion.*
- Shawchuck & Heuser (1993:159) handhaaf die standpunt dat elke organisasie 'n begin, 'n groeitydperk, 'n tyd van volwassenheid en 'n tyd van stagnasie of dood beleef, tensy daar drastiese interne vernuwing plaasvind. Hulle wys daarop dat dit ook die geval met die kerk is. Elkeen van hierdie stadiums vra 'n spesifieke leierskapstyl. Aanpassing deur die leierskapgroep is van kardinale belang wanneer omstandighede verander. In die kerk is hierdie waarneming van uiterste belang, omdat daar dikwels met oneffektiewe leierskapstyle, soos met oogklappe aan, volhard word. Die uitdaging is om te beseft dat die gemeente en die gemeentelike omgewing gedurig verander en dat leierskap hierby moet aanpas. *If the church does not learn to adapt to these internal and external changes, it will not survive.* Dit beteken dat kerkleierskap die huidige gevorderde *communitas*-fase moet verdiskonteer deur daadwerklike praktiese en aktueel-antwoordgewende leierskap.
- Shawchuck & Heuser meen dat talle kerkleiers in hul gemeentes agter die tradisionele manier van doen skuil teen die stormwinde van verandering en onsekerheid wat in die wêreld waai. Dan lei die Herder nie die skape nie, maar word leiers opsigters en onderhouers van die kudde, *befriended and pastured, themselves, by the flock* (Shawchuck & Heuser 1993:20). Hulle verwys na die begrip *acedia* wat hy beskryf as *noonday sun*, of *spiritual sunstroke*, wat daarop dui dat leiers in die kerk in 'n passiewe modus verval waarin hulle slegs die status quo handhaaf.
- Holmes (1982:42) beskryf bostaande gebeure as *common malady among monks, priests, and laypersons who lived under the desert sun*. Daar word ook na die groep as die 'woestynvaders' verwys, omdat hulle geglo het dat die duiwel in die woestyn konfronteer moes word. Hier het hulle die passie vir die bediening om baie redes verloor en sonder enige doel voor oë 'n geestelike

verveling beleef. Hierdie beeld is veral van toepassing op kerkleiers in hulle middeljare, skryf Shawchuck & Heuser (1993:20): *Leaders in their middle years are especially vulnerable when life has been daily for a long time and promises to be exceedingly daily for a long time into the future.*

- Herb Miller (1997:15, 62-68) wys daarop dat *character, competence, compassion, experience, personality, faithfulness* en *productivity* deel van die leier se vermoëns behoort te wees. Dan sal hy in staat wees om aanpassings te maak en effektief te lei, al verander omstandighede. Vir Miller (1997:70) is die basiese leierskapsvereistes: *excellence, objectivity, innovation, persistence, communication, inspiration, caring, sensitivity, receptive listening, forthrightness, conflict management* en *time management*. Op die vraag of hierdie vermoëns aangebore eienskappe is en of dit aangeleer kan word, is sy antwoord: *Yes! If medical schools can teach brain surgery, leadership skills are surely teachable.* James Berkley (1992:114) stem nie hiermee saam nie. Hy handhaaf die beskouing dat 'n mens reeds oor sekere gewes moet beskik om suksesvol onderrig te kan word in leierskap.
- Leierskap op kerklike vlak moet ten doel hê om die struktuur van die gemeente só te lei dat die evangelieverkondiging uitmuntend kan geskied. In die kerk gaan dit om mense wat glo en wat verder op hulle lewenspad begelei moet word om dissipels van die Here te wees. *Die basiese struktuur van die kerk kom dus hierop neer: Enersyds God wat in genade mense in Jesus Christus uitverkies en roep en andersyds mense wat uit gehoorsaamheid instemming met Gods bedoeling betuig* (Heyns 1977:20).
- Wanneer daar na Paulus se verbintenis met die gemeente van Korinte gekyk word, kom die volgende na vore: Paulus is bevrees dat sy verhouding met die gemeente skipbreuk kan lei, maar herinner hulle daaraan dat hulle deel van die liggaam van Christus is en daarom aan mekaar verbonde is. (Vergelyk 2 Korintiërs 1:5.) Hy lê baie klem daarop dat leiers in die gemeente eers getoets moet word voordat amptelike funksies aan hulle toevertrou word. Leiers is immers rolmodelle (*τύπος*) wat deur die gemeente nagevolg word. (Vergelyk Green, 1996:117; Zemek, 1993:165-185; Martin 1995; Kittel, volume VIII, 1972:246-250; en Den Heyer 2000 oor Paulus.) Vir Paulus was dit belangrik dat sy afwesigheid nie leierskap in die gemeente moet kortwiek nie, maar dat persone met karakter, 'n goeie reputasie en betroubare optrede leiding moet neem.
- In ons tyd bestaan die gevaar dat kerkrade leierskapsvakatures vul met mense wat nie aan die vereistes vir die amp beantwoord nie. Callahan (1990:38) beskryf die interaktiewe eienskappe/karakter van leierskap binne die kerk as volg: *Each understanding of the nature of leadership draws on an underlying philosophy of life, is affected by its perception of the major trends emerging in the culture, and is influenced by a distinctive theology of the church.*

Doelgerigte missiologies-gerigte leierskap is die behoefte van die kerk binne 'n *communitas*-fase anders veral gemeentes tot sentrifugaal-gerigte aktiwiteit en vind onttrekking uit die samelewing plaas. (Vergelyk Cilliers 1998.)

’n Belangrike vraag is of die leierskapvakuüm in die NG Kerk tans vererger word deur die verskille binne die leierskapskring oor sake soos kerkeenheid, homoseksualiteit en nuwe teologiese interpretasies, soos deur die ‘Nuwe Hervormers’ bepleit. Dra dit daartoe by dat die NG Kerk in die breë ’n leierskapskrisis (in die sin van onsekerheid) ervaar? Enkele mediaverklarings deur die leierskap van die NG Kerk oor vraagstukke vergoed nie vir die persepsie dat die President van die AGS tans as die *woordvoerder vir die kerke* in Suid-Afrika beskou word nie. Dit is hy wat in die pers kommentaar lewer oor sensitiewe aangeleenthede terwyl die NG Kerkleiers swyg en skynbaar vrede het met sy fundamentalistiese uitsprake.

Leierskap word geraak wanneer teologiese verskille in die kerk opduik en lidmate leiding en rigting by die kerkleiers soek, maar dit nie ontvang nie. Teologiese stilte of traagheid met aksies versterk kerklidmate se kommer. Wanneer verklarings wel gemaak word, lyk dit soms ook asof daar aan gelowiges koek in plaas van brood gebied word.

#### 2.5.4 Leierskapstremminge in die kerk

Behalwe dat kerke in die breë ’n probleem het met leierskap tydens ’n oorgangsfase, is daar soms ook ’n gebrek aan leierskapvermoëns by die kerkleiers self. Kenneth Prior skrywe dat naas disfunsionele leierskap, die persoonlike faktore in ’n kerkleier se mondering ook problematies kan wees.

- Magspel teen of deur godsdiensteleiers, huwelikspanninge, oormatige kritiek, depressie en oorsensitiwiteit beïnvloed leierskap nadelig. Dikwels word leierskapsverantwoordelikhede aan individue opgedra ongeag of hulle bevoeg daarvoor is of nie. *All of these, plus the dysfunctional leadership expressions and more, constitute the ‘dark side’ of religious leadership – darksome forces with which many, if not all religious leaders must do business”* (Prior 1990:105).
- Kerkstruktuur vorm soms ook ’n hiërargie wat leierskap verhinder. *They have been unable to contribute because their churches are neither led by leaders nor by those who understand leadership* (Barna 1997:19). In die normale strukture waarbinne mense funksioneer, is dit alleen sterk visionêre leierskap wat verandering en navolging bring. Shawchuck & Heuser (1993:23) sê dat die probleem in baie gemeentes (veral die waarin groei ’n afwaartse kurwe toon) is dat hulle sonder leierskap verhinder word omdat hulle *oorbestuur* word. *Many congregations talk of wanting a leader but exert great pressure to make the pastor into a manager, because managers can be domesticated, but leaders have a vision and a passion that cannot be fully tamed.*
- Leierskap-traagheid kom soms voor wanneer die leier so verwond word dat hy/sy hom/haar terugtrek in ’n veiliger sone waar daar minder spanning en kritiek is. Binne die kerk is dit ’n bekende verhaal wat maklik as ‘eersugtigheid’ afgemaak word, maar dit is dikwels ’n manier van selfbeskerming.
- Die teendeel vind natuurlik ook plaas. Verkeerde en eersugtige trots by leiersfigure in die kerk duld geen ander leier naby nie; sien nie die behoeftes

van ander raak nie; en dink dat alles self beter hanteer kan word, sonder raad of bydraes deur ander. Dit is gevaarlik: *to abandon leadership to powerwielders in the church rather than have to come to grips with what failure or success meant. Paul's visits, fellow workers, and many letters may have finally established the authority of his presence, and the presence of his authority, among the Christians at Corinth. But without what sense of embodied presence in the community, Paul or any other leader risks going so far off the edge as to become unconnected with the centre, thereby losing the credibility that gives the leader's voice the power to move the centre to begin with* (Bondi 1989:110).

- Volgens George Barna (1997:18-19) het die gevestigde kerke in Amerika baie geleenthede en bronne, maar tog verloor hul toenemend invloed. *The primary reason is the lack of leadership*, dit is visievolle leierskap. Indien leierskap in die kerk nie nodig was nie, dan sou dit nie as gawe aangedui word in die Nuwe Testament nie en sou daar nie so baie eienskappe van leierskap en leiersfigure in die Bybel verskyn het nie. Jetro sou nie vir Moses met sy administrasie bygestaan het nie, Jesus sou nie sy dissipels opgelei het en Paulus sou nie Timoteus se mentor gewees het nie. Hy sê voorts: *The current exodus from the church is partially attributable to the flight of laity who possess leadership abilities, gifts and experience. These individuals, whom the Church so desperately needs, are leaving the Church because they can no longer stomach being part of an alleged movement that lacks strong, visionary leadership.*
- Bondi (1989:103) wys daarop dat leierskap dikwels ontbreek in die kerk vanweë vrees vir konflik. Dit is 'n natuurlike verskynsel dat mense van konflik wegdeins, omdat vrees vir verandering en kritiek wat hierop uit die gemeente volg die pastor laat terugdeins. *No one aspiring to be a transforming leader – and that is an aspiration the vocation of ministry requires - can avoid the possibility of disruptive and unsettling conflict. In fact, whatever else they are, successful leaders are those who transform the sharpest conflicts into constructive movement toward the destination of the heart.* Leiers in die gemeente kan soms voel dat enigiets wat hulle doen die onmin van iemand op die hals haal. Baie leraars weet nie hoe om konflik te hanteer nie. Hulle beweer gewoonlik dat hulle in hul bediening op die bou van 'verhoudings' konsentreer, maar in der waarheid skram hulle bloot weg van alle moontlike tekens van konflik. Vrede bo alles! 'n Ware leier kan konflik egter nie bly ontduik nie. Dit moet effektief hanteer word, dan kan dit lei tot 'n positiewe faktor wat tot 'n saak bydra.
- Huiwering deur kerkrade om in 'n *communitas*-fase af te sien van die tradisionele manier van kerkleierskap in 'n medeleraarspan, en 'n leier binne die betrokke groep aan te wys, kan 'n vernietigende uitwerking hê op strategiese leiding in 'n gemeente, omdat daar dan min of geen bemagtiging tot sterk leierskap is nie. Wanneer kerkrade hulle hieraan skuldig maak, verdien die gemeente die gebrekkige leierskap wat hulle ontvang. *Where ministry is defined chiefly by the weight of tradition, the pressures of social conformity, and the capacity of a denominational retirement system, it becomes easier to find reasons to hold on to the centre against the disruptive impulses of the*

*edge* (Bondi 1989:98). Die bekende uitspraak van Plato (**Die Republiek**) geld hier naamlik dat 'n volk sy leiers verdien.

- In die kerk word bestuur dikwels met leierskap verwar. Daar behoort 'n duidelike riglyn binne gemeentes te bestaan wat die verskillende aspekte van die twee funksies onderskei. *Today our rapidly changing world presents a constant universe of challenges to its leaders. In such a time, it is not enough to have managers who know how to do things right. It has been said we need leaders who can articulate and envision the right things to do,* (Barna 1997:124).

Baie gemeenteleiers ervaar in die huidige *communitas*-fase onderstaande onsekerhede:

- Onsekerheid oor strukture en die wisseling daarvan in spesifieke gemeentes.
- Wyksvulling of taakvervulling – Hoe versoenbaar is dit met die ampsbeskouing van die gereformeerde teologie?
- Hoër- en laerorde take – uitvoerend (met vergaderings) of slegs dienend (sonder vergaderings)?
- Waar pas die funksie van die ouderling en diaken volgens die kerktradisie (oorlewering) in nuwe stelsels en strukture in?
- Is die ampte kanoniek?
- Spesialisverkiesing of tradisie om die 'goeie ou' in die samelewing voor te stel? (*Ons ken hom, hy is 'n onderwyser!*)
- Gawe- en leierskapsbepalings ten opsigte van die ampte?
- Gemeentedeelname aan die nominasie (opstel van groslyste)
- Leemtes in die 'gebalseemde' wykstelsel
- Tydsgebonde dienstermyne
- Weggaan van leraars uit gemeentekring (gereformeerde beginsel)
- Makro-/mega-opset
- Salaris en pakkette vir leraarsdiens
- Prestasiebonusse volgens gemeente-omset.
- Besoldigde ouderlinge
- Kommissie vir diakens

### 2.5.5 Aanwysing van leiers in 'n gemeente

Leierskap gaan oor die feit dat individue die spesifieke take wat aan hulle opgedra is, uitvoer en daarvoor verantwoordelikheid neem. Dit is wat *accountability* beteken. Leierskap sonder verantwoordelikheid is geen leierskap nie. *Someone has to carry the bal,* (Mittelberg 2000:136). Daar kan nie vordering wees indien daar nie leiers is wat spanne kan saamtrek en in 'n bepaalde rigting werk nie. As besighede wil oorleef, is daar twee belangrike sake waaraan hulle aandag moet gee: eerstens moet hulle huidige kliente tevrede stel en tweedens moet hulle nuwe kliente werf. *So why is it that most churches – churches that say they want to prevail for generations to come – don't have anyone in charge of acquiring new business? If they're serious about surviving in the future, they're going to have to find and equip the missing person whose job it will be to reach people outside the church* (Mittelberg 2000:137).



- Dit is ondenkbaar dat 'n gemeente sonder 'n kategesehoof of 'n leier by die jeugspan kán of selfs wíl funksioneer. Dieselfde geld gemeentemusiek, koorbegeleiding, evangelisasie, ens. *Whenever a ministry is deemed important, somebody is put in charge of it* (Mittelberg 2000:137). Daar word egter van medeleraarspanne verwag om effektief te funksioneer ten spyte van die feit dat daar geen kerklike riglyne bestaan om 'n leier in medeleraarsituasies aan te wys nie. Binne medeleraarsverhoudinge geld dieselfde strukture as wat vir 'n enkel leraar in 'n gemeente geld. Dit veroorsaak dat daar gedeelde leierskap is wat beweging vertraag. Bemagtiging ontbreek dikwels en daar is 'n gebrek aan 'accountability'. Dit is baie makliker om 'n instansie te bedryf indien die verantwoordelikheid uiteindelik by 'n raad lê en nie by individue nie. In 'n volgende hoofstuk word daar na die aanwysing van 'n leierleraar gekyk.
- Gebrek aan leierskap is duidelik sigbaar in 'n gemeente waarin daar nie leiding gegee word nie. Die gevolg is dat lidmate (volgelingen) al hoe meer skepties raak en wonder of die persone wat as leiers aangewys is, werklik kán lei. Mense weet immers instinktief dat iemand nie 'n leier is bloot omdat hy sê hy is 'n leier of omdat hy 'n leierskapposisie beklee nie (Blackaby 2001:17). Dit is 'n wesentlike verantwoordelikheid van die kerk om persone nie in leierskapposisies te plaas indien hulle nie daarvoor bevoeg is nie.

Die gebrekkige beroepstelsel van die NG Kerk lê aan die hart van die leierskap- en identiteitsonsekerheid oor die ampsvervulling van die predikant. (Sien Heitink, 2001 oor die verbygaande rol van die predikant op bladsye 15). Dit word vererger omdat kerkrade op hul beurt weinig leiding aan die leraar wat die beroep aanneem gee sy ampsvervulling in die betrokke gemeente. Die volgende proses word gewoonlik tydens die beroeping van 'n nuwe leraar gevolg:

#### 2.5.5.1 Verkiesing van leiers in die NG Kerk

Binne die NG Kerk word leiers volgens die voorskrifte van die **Kerkorde en Bepalings** van die kerk verkies. In die praktyk is die vermoëns en spesifieke gewes van individue tot onlangs 'n ondergeskikte geag. Onderstaande prosesse word by die verkiesing of aanwysing van leiers gevolg:

- Uit/insluiting van die gemeente ten opsigte van nominasies
- Opstel van die profiel van die vakature in die gemeente
- Pre-advieskommissie word aangewys om groslys te suiwer na die aansoeke van kandidate
- Advertensie en vereistes
- Onderhoude
- Prediking in gemeente
- Beroeping
- Ontvriësing- en aanpassingstyd na aanvaarding en bevestiging
- Leiding deur kerkraad ten opsigte van verwagtinge

Kerkrade bly soms in gebreke om genoegsame aandag te gee aan belangrike aspekte van die aanstelling van persone in die amp. Nuutaangestelde of -aangewysde persoon(e) ervaar dikwels onderstaande leemtes:



- Min geskrewe inligting oor spesifieke taak
- Soms moet leiers wat aangewys is die nodige inligting later self by die kerkkantoor aanvra
- Min opvolggesprekke
- Gebrekkige struktuur en leiding deur die kerkraad ten opsigte van ‘dringende’ en ‘belangrike’ take
- Min bemoediging en ondersteuning aan die nuwe predikant op amptelike vlak
- Lidmaatsverwagtinge, en hóé die predikant daaraan moet voldoen
- Leiding tot voortgang van die visieervulling in die gemeente
- *Primus inter pares* bedreiging - nuwe predikante slaan ’n eie koers in en herontdek die wiel in die betrokke gemeente
- Inligting oor die leierskapsposisie en verwagting van die nuweling
- Gawe-bediening teenoor rompslomp (spesialisasie)

Hierby ontstaan die volgende probleme ook vir Kerkrade in die NG Kerk:

- Uittrede en verplasing van leraars wanneer dit duidelik blyk dat hulle vierkantige penne in ’n ronde gat is, is ’n moeilike proses wat gewoonlik ook met die advies van die Ring hanteer moet word.
- Werkbaarheid van geformuleerde sinodale besluite oor die ruiling van standplase deur leraars word moeilik uitgevoer omdat dit nie ’n staande praktyk in die kerk is nie.

### 2.5.5.2 Die Kerkordelike vulling van wyksvakatures

Kerkordelike bepalinge soos deur die Algemene Sinode vasgestel, bepaal die verkiesingsprosedures. Makro-gemeentes word gedwing om hiervan af te wyk en eie toepaslike strukture daar te stel as voertuig vir die realisering van hulle strategieë. (In die laaste hoofstuk word hierdie saak breedvoerig bespreek.)

## 2.6 Leierskapskawes

’n Vraag wat dikwels in ’n gesprek oor leierskap na vore kom, is of daar so iets soos leierskapskawes bestaan? Indien wel, hoe kan die kawes binne die gemeente-opset bepaal word? Die vraag hang saam met die vraag of leiers wat geen leierskapskawes het nie, wel geléer kan word om leiers te wees.

Barna (1997:59) onderskei die volgende kategorieë in leierskap eienskappe:

- *Dominant personalities: Driven by tasks and leadership responsibilities.*
- *Influencing personalities: Driven by people and relationships.*
- *Steady personalities: Driven by relational and group cohesiveness.*
- *Compliant personalities: Driven by details and quality control.*

Dit is natuurlik waar dat meer as een van bogenoemde persoonlikheidseienskappe by ’n individuele leier kan voorkom. Indien daar ’n balans van al vier by ’n leier aanwesig is, kan so ’n persoon waarskynlik uitstekende leiding bied. Die kernvraag is egter of die eerste en vierde aspek aangeleer kan word. Kan iemand wat nie stiptelik van

natuur is nie, geleer word om stiptelik te wees? Kan getrouheid in die uitvoering van take aangeleer word? Kan iemand wat gewoonlik laat kom vir 'n vergadering skielik vir die res van sy/haar lewe betyds wees?

Die praktyk leer dat hierdie soort gedrag tydelik deur eksterne dissipline verbeter kan word, maar dat sodra toesig of koördinerende ontbreek en die individu selfdissipline moet toepas, hy/sy gou weer in ou gewoontes verval. 'n Leier kan nie werklik lei indien hy/sy deur eksterne faktore 'verplig' word tot sekere leierskapsgedragskodes nie.

James Berkley (1992:114) vra of leierskap 'n gawe of 'n *postille* is. Kan jy *teach* sonder dat jy die gawe daarvoor het? Indien wel, sal dit waarskynlik minder suksesvol wees as diegene wat die natuurlike aanleg daarvoor het. Die vermoë om te preek onderskei uitstekende predikers van diegene wat dit ook moet doen, maar nie werklik die gawe daarvoor het nie. Dieselfde is waarskynlik van toepassing op leierskap. Met ander woorde, dit kan nie maksimaal aangeleer kan word nie.

## 2.7 Leierskap op weg na die nuwe *societas*

Die fout word dikwels gemaak om gemeentegroei as die teken van 'n nuwe *societas-fase* in die kerk te vertolk. Die situasie in die NG Kerk tans is dat talle gemeentes stagneer, begroot vir oorlewing, terwyl daar 'n geringe persentasie is wat noemenswaardige groei toon. Hierdie groei vind nie plaas in tradisionele gemeentes nie, maar in gemeentes waar vernuwing aan die orde is. Vernuwende gemeentes toon dieselfde kenmerke as independentistiese beweging oor die wêreld, naamlik dat 'n bekende, bekwame prediker/leraar met die gemeente geassosieer word. Die aanbreek van 'n nuwe *societas*-fase kan eerder afgelei word uit die stabilisering van die kerk in breër kerkverband, wat in die geheel in 'n opwaartse kurwe inbeweeg.

Dit is 'n interessante vraag of leierskap op sigself noodwendig tot groei en stabilisering in 'n gemeente lei. Leiers van groot kerke en maatskappye word soms as individue as deskundiges op hulle gebied beskou. Dit is nie noodwendig die geval nie. Kerkgroei is afhanklik van 'n gesonde en ontwikkelende gemeente. Dit gebeur wel soms dat lidmaatgetalle in 'n gemeente toeneem, sonder die Here se seën. Blackaby (2001:125) wys daarop dat daar 'n betekenisvolle verskil is tussen die opbou van 'n kerk en die trek van getalle 'toeskouers'. Die verleiding lê daarin om te glo dat God deur skares beïndruk word. Dit is nie so nie. Individuele predikers en groot name dra wel by tot die nuuskierigheid oor die gemeente en kan positiewe getalle-aanwas tot gevolg hê. Die post-moderne mens word gekenmerk deur 'n verbruikermentaliteit: mense woon kerkdienste by waar die beste produk aangebied word.

Daar is egter 'n betekenisvolle verskil tussen die opbou van 'n kerk en die trek van skares. Bemarkers kan 'n skare trek. Dit laat die kerk egter nie groei nie. (Vergelyk Elliot 1982.) Kultusse kan massas trek, maar nie Gods koninkryk opbou nie. Baie van die mense wat Jesus gevolg het, was nie gelowig nie en het nie in Hom geglo nie. Van hulle het fisieke nood gehad en wou sy aandag op hierdie nood vestig. Die prys van dissipelskap het baie van hulle laat omdraai en huis toe gaan (Johannes 6:66). Volgens Shawchuck & Heuser (1993:125) lê die kern van geestelike groei in 'n gemeente (*spiritual formation of the congregation*) daarin dat hulle *the experience*

*and example of the pastor* ervaar. In hierdie woorde lê daar vir predikante as leiers van die gemeente groot waarheid opgesluit: *merely pointing in the general direction will never do.*

Barna (1997:19) skryf dat hy in die prediking glo, aanbidding, sondebelydenis en rentmeesterskap saam met die vergiffenis van sonde aanvaar, maar dat hy ook glo dat *fewer and fewer people will embrace these things unless the Church can raise up strong servant-leaders who will commit their lives to using their natural abilities, marketplace experiences, education, training and spiritual gifts to maximize their call to lead God's people forward.*

’n Vraag wat meermale opduik is of die huidige, tradisionele leierskap binne die NG Kerk se gemeentes voldoende is om die kerk die toekoms (nuwe *societas*) in te stuur, en of nuwe, dinamiese en charismatiese kerkleiers in die NG Kerk nodig is? Die **Kerkbode** Julie 2003 berig soos volg hieroor:

- *Op grond van die Skrif word daar in die Gereformeerde tradisie geen onderskeid in rang of stand gemaak tussen die ampte en ampsdraers onderling nie. Daar is slegs van ’n onderskeid in bedieningsfokus en ampstake sprake. Ampsbenaminge soos ‘senior leraar’ ‘leierouderling’, ‘leierdiaken’ en selfs ‘moderator’ wanneer ’n sinode nie in sitting is nie, is vreemd aan die gereformeerde tradisie en bring die beginsel van ampgelykheid in gedrang. Wanneer ’n persoon in die kerk leiding neem (byvoorbeeld as voorsitter van ’n vergadering) tree hy/sy slegs as eerste onder sy/haar gelykes (Primus inter pares) op. Christus bly die hoof van sy kerk en Hy voer sy gesag uit wanneer ampsdraers, wat daartoe geroep en afgesonder is, saam in kerkvergaderinge aan die hand van die Woord en onder leiding van die heilige gees tot besluite kom.*
- *Sleuteltekste en verklaring: In Matteus 23:10-11 staan geskryf: ‘Julle moet julle nie leiers laat noem nie, want Een is julle Leier; die Christus. Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien.’ Die gemeente van Christus het ’n unieke karakter en lewensstyl. In verse 8-10 wys Jesus op die gevaar dat die uitsig op God verlore kan gaan as mense hulle in die kerk vernaam ag en oor ander heerskappy voer. Die kerk as God se familie op aarde, leef in ’n verhouding tot net een leermeester, een vader en een leier. Ampsdraers word in 1 Petrus 5:3 gewaarsku om nie hulle gesagsposisies te misbruik deur baasspelerig te wees nie. Ouderlinge moet eerder medegelowiges lei deur die goeie voorbeeld wat hulle stel van nederige diens aan ander.*

Die kerkordelike standpunt dat leiers in die kerk gelyke status het, geld tans in die NG Kerk. Mega- en makro-gemeentes het egter die probleem dat die kerkordelike eendomee-struktuur vir gemeenteleierskap nie voldoende is vir die groter leierskapseise en medeleraarskap nie. Om verwarring te voorkom en duidelike leierskap te bevorder, het ’n paar gemeentes vyf jaar gelede begin om die begrip ‘leierleraar’ te gebruik. Die gebruik is egter tot op datum redelik eksklusief in die NG Kerk omdat dit nie Kerkordelike ondersteuning geniet nie. Die bedoeling van hierdie sisteem lê daarin dat leraars wat leierskapspotensiaal het die geleentheid gegun word om hierdie gawe

ten volle te ontwikkel en in die kerk aan te wend. Matteus 23:10-11 bevraagteken nie maar het te doen met die ‘status’ (mag) van die volk se leiers.

Die kernvraag is of kerkrade wat hierdie paradigmaskuif gemaak het, ooit weer na die *Primus inter pares* beginsel gaan terug keer indien hulle suksesvol was met die aanstelling van die regte leraar in so ‘n leierskapsposisie. In die korporatiewe wêreld is dit ondenkbaar dat ‘n groot onderneming sonder ‘n leier, of direkteure almal op gelyke vlak kan funksioneer. Dit is vreemd dat die kerk in die breë nog nie hierdie skuif gemaak het nie en volhard met ‘gelyke gesag’ onder al die leraars van die gemeente. Die praktyk (waaroor die kerk eerder swyg) leer dat min medeleraarverhoudings wat op die *Primus inter pares* beginsel gevestig is, regtig suksesvol is.

Die grootste kritiek teen die kapelaanbediening in die Suid-Afrikaanse Polisie diens in die vorige bedeling was dat range aan die leraars toegeken is. Leierskap is egter hierdeur bevoordeel.

‘n Gevolg van die beginsel van ‘gelykheid’ onder leraars kan dalk uit die volgende berig uit die **Vrye Afrikaan**, 19 Augustus 2005:1, afgelei word:

#### ***Opstand in die NG Kerk***

*Die rooi ligte brand vir die NG Kerk. Terwyl die topstruktuur sy uiterste bes doen om ‘n beeld van eenheid en eensgesindheid na buite te kaats, is daar – selfs tot binne die geledere van die moderamen – geluide dat ‘n dringende buitengewone sinode nou belê moet word, sodat die NG Kerk oor kernsake, soos sy Belydenisskrifte en gereformeerdeheid per se (en dus sy toekoms) kan besluit.*

Daar word verwys na watertrappery en algehele verwarring oor ‘n veelheid van kwessies onder kerkleiers. Die veelheid van menings oor homoseksualiteit, Skrifgesag (opstanding, maagdelike geboorte), ‘kerkskeuring’, die *get together* vir predikante in Bloemfontein in Augustus 2005, asook wydverspreide klagtes oor die teologiese onderrig aan teologiese fakulteite, het onsekerheid gebring.

*Die waarheid oor ‘n leier wat almal gelukkig probeer hou, het na die oppervlak gekom. Coenie Burger, Voorsitter van die Moderamen, se ‘huis met vele kamers’ teorie – of akkomodasieteorie – maak helaas van hom ‘n allemansvriend – dermate dat hy in sy binnekring erken het dat, as hy nie daarin sou slaag om die eenheid te bewaar nie, hy sy goed gaan vat en loop. Vir dié sort van konflik sien hy nie kans nie, (Vrye Afrikaan 19 Augustus 2005:1). Eenheid bo alles en alles vir vrede?*

- ‘n Klassieke voorbeeld van leierskap onsekerheid in die NG Kerk word weerspieël in die verskoning wat die moderamen oor die ‘verwarring’ vra na die voorlegging van Kobus Gerber en Ben du Toit oor die verbintenis van gay pare aan die Parlement.

*Die moderamen het toegegee dat die kerk se voorlegging oor gay verbintenisse verwarring onder lidmate kon skep en het lidmate verskoning gevra indien dit die geval was.*

*Die moderator van die vorige Algemene Sinode, Coenie Burger, het namens die moderamen gesê die voorlegging kon op meer as een punt waarskynlik anders gestel gewees het.*

*Oor die gay kwessie en gay verhoudings kon ons nie namens die kerk 'n standpunt inneem nie. 'n Besluit hieroor gaan eers by die volgende Algemene Sinode geneem word.*

*Die moderamen sê Gerber en du Toit het geensins buite hulle mandaat opgetree toe hulle die voorlegging gemaak het nie. Die twee amptenare se integriteit is ook nooit deur die moderamen bevraagteken nie (Kerkbode 9 Februarie 2007).*

Kerkleiers (predikante) druk 'n eie stempel op hul gemeentes af. Daarom was dit byvoorbeeld moontlik vir Jannie Pelsers om op sy eie verskoning aan die AGS te bied oor 'n saak wat hom persoonlik gehinder het. Die gesagsliggame van die NG Kerk het geen leiding in hierdie verband aan leraars gegee nie. Die Algemene Sinode het tot op datum waarskynlik nie so 'n verskoning oorweeg nie.

- Uit hierdie gebeure ontstaan 'n vraag: Hoe funksioneer kerkleierskap binne situasies soos hierdie? Moet Pelsers tereggewys word oor wat hy aan Izak Burger gesê het, of moet dit gesien word in die lig van 'n individu wat toenadering gesoek het. Die probleem is egter dat die samelewing (en kerkleiding) in die media daarvan kennis moes neem. Die gebeure het onmiddellik 'n vraag oor kerkleierskap in die breë geplaas.

Leierskap gaan in die begin stadium van die nuwe *societas*-fase van kerke vereis dat leiers 'n duidelike identiteit sal moet hê en dat die strukture wat hulle as ondersteuning gebruik, deur die kerk in die breë aanvaar sal word as deel van die poging om die kerk relevant te hou in die huidige post-moderne tyd. Natuurlik sal plattelandse gemeentes met veel eenvoudiger strukture en leierskapselemente funksioneer in teenstelling met groot rand-stadsgemeentes wat duisende lidmate moet akkommodeer.

Dalk word die probleem van die NG Kerk se leierskap vasgevat in die inleidende paragraaf oor die standpunt wat die kerk nou oor misdaad inneem. *Die kerk gaan 'n kommissie aanstel om 'n studiestuk voor te berei oor die gereformeerde siening van protes teen geweld en misdaad ten opsigte van selfbeskerming. Die verslag sal in Junie 2007 aan die Algemene sinode voorgelê word (Kerkbode 9 Februarie 2007).*

Teen die tyd dat die kommissie sy 'indringende' studie afgehandel het, is die geleentheid om relevant te wees verby. Die druk op die regering is nou op 'n hoogtepunt en betekenisvolle bydraes oor misdaad moet dadelik gemaak word.

## 2.8 Samevatting

- Die NG Kerk bevind haarself in 'n totale nuwe herposisionerings proses wat nie alleen politieke, sosiale en maatskaplike verandering teweeg bring nie, maar wat te midde van die onsekerheid van die post-moderne tydvak waarin die kerk 'n bediening beoefen, ook verandering in aanbidding styl, teologiese besinning en bediening vereis. Vir baie lank was die oriëntasie van die kerk landelik met 'n tipe tradisionele volkskerk styl.

- Van die outoritêre leierskap struktuur van voor 1994, waarin die rangorde van Algemene Sinode, Streek Sinode, Ring en Kerkraad gegeld het, met 'n noue verbintenis aan die owerheid se ideologie, is daar die afgelope tien jaar gevorder na een waarin kerkrade al hoe meer outonome besluite oor gemeentelike, kerkorganisasoriese en teologiese aangeleenthede neem. Die simbiotiese verbintenis van kerkleierskap in die kerkverband waarna verwys is op bladsy 20 werk egter deur van die beleidmakende liggaam tot in die plaaslike gemeente. Indien daar nie duidelikheid oor sake in die beleidsaal van die kerk is nie sal die plaaslike gemeente verward wees.
- Die vraag wat onmiddellik na vore kom is of die NG Kerk wel voldoende aangepas het in 'n totale veranderende samelewing na 1994. Die effek van die verandering het die lidmate op baie vlakke geraak. Omdat min dinge in die samelewing nie verander het nie, is die kerk ook onderhewig hieraan. Vanuit 'n tyd van sterk, inspirerende en outokratiese leierskap word daar nou beweeg na 'n tipe dienskneg-leierskap styl wat mense bewus maak van 'n nuwe rol wat die kerk moet speel. Die sukses hiervan het nog nie in die breë in die kerk neerslag gevind nie. Kerke met gereformeerde agtergrond is waarskynlik die moeilikste 'organisasie' om verandering te vestig.
- Küng (1970:149) vra of die kerk in hierdie omstandighede 'n *toekoms* het? Hierdie vraag is relevant in ons huidige tydsbestek se soeke na die sin van kerkwees en die bepaling van wat kerkleierskap behoort te wees. Hy stel dit duidelik dat die kerk 'n *hede* het. Dié hede pas in by die lewensaktualiteite en omstandighede waarin lidmate lewe. Dien die kerk en haar leierskap lidmate met 'n bediening wat in die tydsgewrig pas? Dit is die kernvraag.
- Op sy onlangse besoek aan Suid-Afrika by die NG Gemeente Skuilkrans in Pretoria het George Barna gesê: Al hoe meer mense word moeg vir kerke wat godsdienstige speletjies speel in stede daarvan om te doen wat God van hulle verwag. Hulle verlaat die kerk om op hul eie 'n verskil te probeer maak. In die VSA het twintig miljoen mense dit reeds gedoen (**Kerkbode** 24 November 2006). (Vergelyk in hierdie verband ook die navorsingsbevinding van Alan Jamieson op bladsy 91.)
- Wanneer kerkstatistiek in ag geneem word is dit duidelik dat die gevestigde kerke in Suid Afrika (Anglikane, Metodiste, Presbiteriane, Lutherane, Baptiste, Gereformeerde groepe en Rooms Katolieke) besig is om wat kerkgroei aan betref, op enkele uitsonderings na, in 'n afwaartse fase in te beweeg. Daar is 'n verskeidenheid van redes hiervoor. Afname van mense in belangstelling in die gewone kerklike praktyk, die rolverandering van die kerke na 1994, uittog van jong professionele blanke lidmate na die buiteland (vergeelyk die sterk gemeente wat in Londen tot stand gekom het met talle Suid Afrikaners wat hulle daar bevind, soos ook in Australië en Kanada) die ontvolking van die platteland, wegtrek van lidmate uit die middestad na die randstedelike gebiede, is enkele van die redes wat aangegee kan word vir hierdie tendens.
- Die skynbare onvermoeë van die NG Kerk om vir lank as 'n gesaghebbende instelling in 'n diensknegrol betrokke te wees in die huidige samelewing, in



teenstelling met die van vennoot soos in die politieke bedeling voor 1994, is een van die redes waarom die kerk sy saakmakende plek in die RSA van vandag kwyt is.

- *Vernuwing* binne die kerk word soms *net* verbind aan erediensgebeure. Dit strek veel wyer en sluit ook 'n vernuwing van die totale *spiritualiteit* van lidmate in. Die kerk mag nie hand in die broeksak agter die natuurwetenskap aandrentel nie, maar moet in vennootskap daarmee saam, soek na sinvolle *teologiese* antwoorde sodat die mens van die tyd sy/haar godsdienstige oriëntasie, nie los en onmoontlik van die feite van die algemene openbaring (die wetenskap), beleef nie.
- As daar een saak is wat vir die NG Kerk kan dien as wateraanwyser dat 'n volgende *societas*-fase naby is, is dit die feit dat kerkhereniging op hande is. Hierdie proses gaan die kerk verplig om oor nuwe strukture te besin en gaan spesifiek saakgerigte leierskap van die kerk vra. Wanneer die Algemene Sinode in 2007 vergader om oor kerkhereniging dialoog te voer, het die draaipunt in die *communitas*-fase vir die NG kerk aangebreek indien die hereniging binne drie jaar (geraamde tydskaal) geskied.
- Nog 'n saak waarvoor leierskap in die NG Kerk versigtig reageer en min leiding gee is die vraag oor die korrekte interpretasie van die Bybelse beskouing oor homoseksualiteit.
- Hierdie vraagstuk is een van die mees intense sake wat tans in die NG Kerk beleef word omdat die regstelsel 'n Burgerlike Verbintenis tussen pare van dieselfde geslag op 14 November 2006 in die Parlement goedgekeur het. Die kerklike verteenwoordigers, Ben du Toit (Parlementêre verteenwoordiger) en Kobus Gerber (Sekretaris van die NG Kerk) het 'n voorlegging aan die Parlementêre Komitee gedoen oor die aangeleentheid en gevra dat hierdie nuwe verbintenis ingelyf word by die Huwelikswet van 1961.
- Indien daar 'n gemeenskaplike deler gekies moet word oor gemeentelike ervaring gedurende die afgelope twee dekades, is dit die verandering wat in die erediensstyl van die NG Kerk ingetree het. Hierdie verandering, vernuwing of Renaissance het min gemeentes onaangeraak gelaat.
- Dit is 'n feit dat elke NG Gemeente vandag haar eie identiteit bepaal. Laasgenoemde hang af van die konserwatisme of verligtheid van die leraars en die gemeente se Kerkraad. In 'n sekere sin bestaan die NG Kerk van twintig jaar gelede nie meer nie.
- Doelgerigte missiologies-gerigte leierskap is die behoefte van die kerk binne 'n *communitas*-fase anders verval gemeentes tot sentrifugale gerigte aktiwiteit en vind onttrekking uit die samelewing plaas.
- Leierskap gaan oor die feit dat individue die spesifieke take wat aan hulle opgedra is, uitvoer en daarvoor verantwoordelik is. Dit is wat 'accountability' beteken. Leierskap sonder verantwoordelikheid is geen leierskap nie. *Someone has to carry the ball* (Mittelberg 2000:136).

- Daar word egter van medeleraarspanne verwag om effektief te funksioneer ten spyte van die feit dat daar min kerklike riglyne bestaan om 'n leier in medeleraarsituasies aan te wys. Binne medeleraarsverhoudinge geld dieselfde strukture as wat vir 'n enkel leraar in 'n gemeente geld. Dit veroorsaak dat daar gedeelde leierskap is wat beweging vertraag, bemagtiging ontbreek, en daar is 'n gebrek aan 'accountability'. Dit is baie 'makliker' om 'n instansie te bedryf indien die verantwoordelikheid uiteindelik by 'n raad lê en nie by individue nie. In 'n volgende hoofstuk word daar na die aanwysing van 'n leier leraar gekyk.
- Binne die NG Kerk is daar 'n voorgeskrewe wyse vanuit die Kerkorde en Bepalings van die kerk, waarvolgens leiers verkies word. In die uitvoering van die verkiesing het vermoë en gawes van individue tot onlangs in die *praktyk* 'n ondergeskikte rol gespeel. Die wyse waarop nominasies vir vakatures gedoen is, is sprekende voorbeelde hiervan. Onderstaande prosesse word by die verkiesing of aanwysing van leiers gevolg:
- Die kerkordelike standpunt dat leiers in die kerk gelyke status het, geld tans in die NG Kerk. Mega en makro-gemeentes het egter die probleem dat die kerkordelike een-dominee struktuur vir gemeente leierskap, nie voldoende vir die groter leierskaps-eise en medeleraarskap is wat hulle ervaar nie.

Indien die NG Kerk relevant wil bly en deel wil neem aan die toekoms van Suid-Afrika, moet daar in die kerkleiding (van sinodale vergaderings tot op kerkraadsvlak) besef word dat die *communitas*-fase op paradigma skuiwe aandring. In 'n sekere sin is die tyd waardeur die NG Kerk tans beweeg die moeilikste in haar geskiedenis maar ook die mees uitdagendste. Die navorser aanvaar die feit dat God self sy kerk onderhou, maar dan nie noodwendig volgens die oorgelewerde kerklike tradisies nie. Die identiteit van die kerk en haar leiers in die volgende *societas*-fase sal bepaal word deur eietydse relevansie. Dit geld veral ten opsigte van sinvolle hermeneutiese interpretasie van die Bybel vir ons tyd.

Leierskap in die kerk (van Sinode tot op kerkraadsvlak) is simbioties verbonde, onderskei maar nie geskei van mekaar nie. Leierskap is soos suurdeeg wat dwarsdeur 'n brood moet versprei om doeltreffend te wees. Vanweë die agtergrond oor leierskap in die kerk soos in die voorafgaande hoofstukke beskryf, lê die kairós-moment veral voor die deur van die plaaslike gemeente omdat sy in die eerste instansie die *lidmate* van die kerk moet begelei in die relevante problematiek van die dag. Hierdie leierskap is die verantwoordelikheid van die ampsdraers in die plaaslike gemeente, die leraar en kerkraad. Hulle moet bemagtig word deur beleids-leierskap om leiding te *kan* gee. Die navorser ontwikkel in die volgende hoofstukke 'n ondersteuningsmeganisme om die leraar en kerkraad hiermee by te staan deur hulle identiteit te versterk.

## Hoofstuk 3

### Hermeneutiese interpretasie van die ampstradisie in 'n *communitas*-fase

#### 3.1 Inleiding

Gesien teen die agtergrond en algemene kenmerke van transformasie naamlik mobiliteit, onstabiliteit, anonimiteit, mondigheid en individualiteit, impliseer die feit dat die kerk in 'n oorgangsfase verkeer, transformasie op talle vlakke van kerklike funksionering. Behalwe dat die kerklike milieu onstabiel en veranderlik is en daar boonop as gevolg van sekularisasie ook verlies van gebondenheid aan die kerk is en omdat *verwijzingen naar God schaars zijn*, kan die tradisionele beskouing oor die ampsteologie van die kerk nie onaangeraak bly nie (Hendriks 1990:16).

Caretto (1974:8) se beskrywing van die kerk se gang binne die altyd veranderende konteks is steeds geldig: *The best metaphor for our world of today is astronauts speeding through the cosmos. But the church resembles Mary and Joseph travelling from Egypt to Nazareth on a donkey.* Shawchuck & Heuser (1993:16) beweer: *The conventional wisdom for leadership is no longer working. The problems of the world are too complex, too interrelated, and the speed of change sends entire societies hurtling deeper into chaos.* Die oplossing vir een probleem skep dikwels 'n erger situasie wat mense reddeloos laat uitroep: *What shall we do to be saved?* Die vraag is of die tradisionele ampsbeskouing omvattend en duidelik genoeg is om ampsdraers in die huidige turbulensie te help funksioneer. Moet hulle nie opnuut bemagtig word om hulle in staat te stel om die kerk die volgende *societas*-fase binne te lei nie?

In Hoofstuk 1 is verwys na die ekklesiologiese gebeure wat die beskouing en teologiese begroning van die ampte in die NG Kerk in die afgelope tyd getoets het. Dit het binne 'n snelveranderende bedieningskonteks plaasgevind, soos in Hoofstuk 2 uiteengesit. Die verandering van 'n outoritêre ampstruktuur in die NG Kerk, wat voor 1994 polities verstrengel en duidelik sigbaar was, tot 'n kerkgenootskap met terughoudende leierskap wat veral op plaaslike vlak min in die openbare media kommunikeer oor aktuele vraagstukke, en daarom van swak leierskap verwyrt word, het die algemene ampsbeskouing nadelig beïnvloed. Hoofstuk 2 het reeds getoon dat NG Kerk leierskap tans as versigtig, huiwerig en in baie gevalle, traag beskou word. Die *communitas*-fase het die kerk in die breë gedemp ten opsigte van uitsprake, maar uit die oorversigtigheid om besluite te neem is talle geleenthede verspeel en het die NG Kerk-leierskap tans die beeld dat hulle net reaktief optree. Moontlik speel die kerk se 'apartheidsverlede' 'n groter rol as wat besef word hierin.

Volgens Louw (1980:78) eis 'n oorgangsproses herstrukturering van sowel die boodskap van die kerk as van die leierskapstrukture binne die amp en hulle funksionering. Die identiteit, taak en rol van die predikant word uiteraard in hierdie proses ingrypend geraak. Die kerk verkry al hoe meer 'n afgegrensde en geïsoleerde lewens-en invloedsgedebied, ten spyte van Heyns (1978:50) se stelling dat God se handeling met betrekking tot sy kerk uitverkiesingshandeling is wat bepaal dat die kerk 'n ewigheidsboodskap sal uitdra en ten spyte van die verlies van invloed.

Wanneer die kerk as Liggaam van Christus beskryf word, is dit volgens Heyns allereers 'n simboliese beskrywing. Maar juis omdat dit as 'n beeld verstaan moet word, is die liggaam van Christus nie 'n werklikheid naas of buite die kerk nie: maar 'n wesensfunksie. Wanneer hierdie waarheid op kerkleierskap van toepassing gemaak word, beseft 'n mens dat daar 'n wesentlike verskil is tussen kerkleiding en die bestuur van 'n maatskappy of organisasie. Daar moet deurentyd met hierdie verskil rekening gehou word.

Die relevansie van die kerk vind neerslag in die ampte van die kerk wat moet sorg dat die wesenstaak van die kerk altyd in fokus bly. (Vergelyk ook Coertzen 1995.) Heyns (1978:374) noem drie belangrike momente van hierdie taak, naamlik 'n geloofs-, gemeenskap- en maatskaplike funksie.

- Geloofsfunksie: Die verkondiging dat Christus die hoop, hoof, belydenis, boodskap en bron van lewe is, gerig op die toekoms van die mensdom.
- Gemeenskapsfunksie (Vertikale funksie gerig op die geloof): Om intern herderlik, versterkend, onderrigend, vermanend en vertroostend 'n boodskap te bring waarin die Woord gehoor, die Heil gevier en die lidmate diensbaar aan God en aan mekaar is.
- Maatskaplike funksie: Om ekstern, sendend en samelewingsvernuwend in die wêreld te bestaan en dienend in die Koninkryk van God op te tree.

Pieterse (1982:25) sluit hierby aan wanneer hy sê dat die kerk basies drie doelstellinge het, naamlik: (a) *om op Christus as sy oorsprong, hoof, belydenis, bron van lewe en hoop gerig te wees; (b) om intern herderlik opbouend, versterkend, onderrigend, vermanend en vertroostend aan 'n gemeenskap van die heiliges as een volk 'n ruimte te bied waar die Woord gehoor, die Heil gevier en die lede diensbaar aan God en aan mekaar kan wees; en (c) om ekstern sendend en samelewingsvernuwend in die wêreld te bestaan en in die Koninkryk van God dienend op te tree.*

Bovermelde momente, wat deur die ampte in die gemeente geïnisieer moet word, hang ten nouste saam met die uitdrukking *in Christus* (Romeine 8:1,2; Galasiërs 2:17). Dit moet gestel word teenoor die uitdrukking *in Adam*. Adam is verteenwoordiger van die hele mensheid (Romeine 5: 12-21; 1 Korintiërs 15:45-49). Die gedagte van 'n korporatiewe persoonlikheid word in die uitdrukking *liggaam van die dood* (Romeine 7:24) aangetref. (Vergelyk Barth 1933.) As gevolg van die sonde, verkeer alle mense in die liggaam van die dood, dit wil sê is hulle in Adam aan die dood onderworpe. Christus bevry die mens egter uit hierdie toestand. Die kerk is die bringer van hierdie heilsboodskap. Soos Adam die hoof (leermodel of voorbeeld van die eerste manlike mens, volgens Kuitert in **Verstaat gij wat gij leest?** bladsy 9) van die 'ou' mensheid was, so is Christus hoof van die *nuwe* mensheid. In Christus ontvang die nuwe mensheid nuwe aansien. Teenoor die liggaam van die dood, staan die liggaam van die lewe. Romeine 5 tot 8 vergestalt hierdie waarheid op 'n aangrypende wyse. (Vergelyk Ridderbos 1959:104-132.)

Deur die eeue is hierdie boodskap op 'n georganiseerde wyse uitgedra. Om effektief te wees, moes die kerkgemeenskap sekere strukture daarstel, al was dit net die

definisie van individuele identiteit en verantwoordelikheid ten opsigte van take. So is leierskap aan die begin in die kerk vasgelê. Hierdie leierskap was altyd momenteel gerig en het na gelang van omstandighede funksioneer en is van tyd tot tyd verander, indien nodig.

- Die kernvraag is of die ampte kanoniek is en daar geen wisselende hermeneutiese interpretasie van hulle wesensfunksie in die gereformeerde teologie kan voorkom nie.
- Hier word veral gedink aan die amp van leraar, ouderling en diaken, soos wat dit in die NG Kerk-tradisie funksioneer het.
- Die probleem is dat al die genoemde ampte tans in die praktyk nie meer effektief funksioneer nie en dat baie gemeentes wat in die nuwe *societas*-fase wil groei, daarvan afwyk.
- Die vraag is of die ampsteologie in die NG Kerk-bediening in die volgende *societas*-fase onveranderd gaan (kan) bly.
- Hierdie hoofstuk kyk na die leierskap-patrone wat in die Nuwe testament uit die ampte ontvou. (Vergelyk ook Swanepoel 1993.)

Die Algemene Sinode (1998:218) het in 'n verslag daarop gewys dat die begrip 'amp' nie in die Bybel voorkom nie, maar uit die burgerlike burokrasie na die kerk oorgedra is. Hierdie interpretasie word algemeen erken en die begrip word in hierdie navorsing nie in die betekenis van 'status' of 'hoofskap' gebruik nie, maar as aanduiding van diens- en taakoms krywinge wat in 'n kerklike bediening nodig is.

### 3.2 Leierskap in die kerk van die eerste eeu n.C.

Leierskap is in alle beskawings deur die eeue heen hoog aangeslaan. Die Sjinese beskawing het reeds voor 600 v.C. aandag aan leierskap gegee. Confucius het byvoorbeeld van leiers verwag om morele voorbeelde te wees. Die Taoïsme het van hulle leiers verwag om hul volgelinge te bemagtig en gaandeweg take aan hulle oor te dra. Griekse leiers is as helde voorgestel. So was Ajax die beeld van geïnspireerde leierskap, Agamemnon van wet en orde, regverdigheid in regspraak, Nestorius van wysheid en raad, Odysseus van wysheid, Achilles van manmoedigheid en aktivisme, Plato van filosofiese redevoering en Aristoteles goeie karakter. Hulle het almal leierskap versinnebeeld. (Vergelyk die **Bybelse Ensiklopedie** onder redaksie van W.H. Gispen, dele 1 en 2.)

Dit is 'n relevante vraag of die vroeë kerk volgens strukture funksioneer het en of aksies en take wat onderneem is, bloot op charismatiese inspirasie gegrond was. Ashton (2000:12) beweer dat die kerk nie net 'n *voluntary association* was nie, maar eerder 'n *charismatic organization*. Nardoni, (1992:647-649) hou by die standpunt dat die vroeë kerk 'n geestelike *supernatural entity* was wat onafhanklik van menslike organisasie en strukture gefunksioneer het. Hiervolgens sou selfs *episkopos* en die *presbuteros* ontwikkel het, omdat hulle *charismata* (gawes) was wat deur die Heilige Gees gegee is en nie omdat die ampte funksioneer as gevolg van finansiële, organisatoriese of dissiplinêre behoeftes ingestel is nie. Dit beteken

dat die vroeë kerk 'n *pneumaocracy* was. Hierdie navorsers het tot die *religionsgeschichtliche Schule* behoort en toon 'n sensitiwiteit vir die *Umwelt* van die Nuwe Testamentiese Kerk. Hulle het kulturele antesedente, Grieks en Joods, vir die bediening van die vroeë kerk gevind (Vermeulen 2002:24).

Daar is 'n gebrek aan sistematiese uiteensetting van leierskapstrukture of ordereelings in die Pauliniese briewe, net soos in die ander briewe en boeke van die Nuwe Testament. Gevolglik vind verskillende kerkregeringstelsels almal regverdiging en analogie vir hulle wyse van denke en kerkregering in Paulus se briewe. *For four hundred years the theologians of rival churches have armed themselves to battle on the question of the Primitive Church. However great their reverence for scientific truth and historic fact, they have at least hoped that the result of their investigations would be to vindicate apostolic authority for the type of church order to which they were themselves attached. The Episcopalian has sought to find episcopacy, the Presbyterian, Presbyterianism, and the Independent system in Independentism, to be the form of church order in New Testament times* (Burtchaell 1992:2).

Vermeulen (2002:249) meen dat met die ontwikkeling van die groter institusionele karakter van die kerk in die tweede eeu n.C. daar toenemend 'roetinerings' plaasvind en dat daar as gevolg hiervan toenemend nie-charismatiese leierskapstrukture na vore kom. Daar word verwys na roetine-handelinge wat op meganiese wyse uitgevoer word – waarvan die latere Roomse mis 'n uitstekende voorbeeld is. Dit is opvallend dat die pastorale briewe nie soveel klem lê op die soewereine uitdeel van die *charismata* wat in 1 Korintiërs so prominent na vore kom nie.

Dit sou moeilik wees om spesifieke 'Pauliniese riglyne' vir kerkleierskap vanuit die ampte in die vroeë kerk neer te lê. Paulus lê geen definitiewe patroon vir of volledige uiteensetting van kerkleierskap neer nie (Vermeulen 2002: 28). Daar kan egter kennis geneem word van die algemene riglyne wat hy gee om orde ('n vorm van leierskap?) in die vroeë kerk te bevorder. Hierdie lyne het deur die eeue 'n mate van samebinding in die Christelike gemeenskap gedra. Rogers (1981:47-59) formuleer dit as volg: *Yet, even while we grant that there is wide diversity within the New Testament, there is still the ever-present and legitimate quest by interpreters for whatever unity there is to be found within it... There remains the conviction of interpreters that, in spite of the differences among them, the books of the New Testament do, after all, have a family resemblance of some kind.* Hierdie 'ooreenkomste' is eerder riglyne en patrone uit die Pauliniese literatuur. Dit blyk uit Paulus se skrywes dat leiers in die gemeente ook 'bedienaars' in die gemeente behoort te wees (Vermeulen 2002:29). Hiermee saam hang die inhoud van 1 Petrus 4:10,11 waarin die dienende aspek van die leier se rol sterk beklemtoon word. (Sien ook Bolkestein, 1963 oor 1 Petrus). Genoemde eienskappe stem ooreen met die diensknegsgestalte wat Jesus Christus vervul het.

Die volgende algemene riglyne oor leierskapsfunksies kan in die Nuwe Testament gevind word:

- Die wese van leierskap lê in diensbaarheid.



- Volgens Paulus (1:18; 4:12-13) is bepaalde *charismata* noodsaaklik vir leierskap.
- Leierskap is aan 'n pneumatologiese dimensie gekoppel. Leiers tree as bemiddelaars op in die krag van die Heilige Gees. Paulus se pneumatologie onderskei die vroeë kerk van die misterie- en genesingsgodsdienste in die sin van die *redelikheid* van sy evangelie.
- In Efesiërs 4 lê Paulus klem op die funksionering van die gemeente volgens individuele gawes. Die volle funksionering van die gawes is belangrik en nie die disseksie daarvan volgens evangeliese, Pinkster of streng gereformeerde interpretasies nie. (Vergelyk Hendrikse, 1967 oor Efesiërs.)
- Dit is duidelik dat leierskapsfunksies nie 'n enkele dimensie is nie, maar wyd verspreid oor die gemeentelike funksionering voorkom.
- Alhoewel leierskap in gemeentes aan individue gekoppel is, het leiers die medewerking van die groep nodig om effektief leiding te kan gee.
- Binne die Nuwe Testament vind leierskap plaas vanuit 'n sosiaal-kulturele vlak wat in outoritêre optrede verwickel is. Die mag van Rome, die swaard, is die norm vir die tyd. Dit, tesame met 'n streng Joodse patriargale stelsel, maak die beginsels vir leierskap soos uitgeleef in die vroeë kerk, uniek.
- Outoriteit en outoriteitstrukture vorm 'n belangrike dimensie van leierskap. Outoriteit is, onder andere, 'n sosiaal-gekoppelde verskynsel en word deur die konvensies van 'n betrokke kultuur gereguleer. Dit is interessant om daarop te let dat Paulus se leierskapskenmerke saamhang met die algemene funksies van die *pater familias* in die *oikos*.
- Paulus het duidelike riglyne neergelê vir die amp van ouderling en diaken. Leierskap was vir hom gekoppel aan die totale milieu waarbinne die voornemende kerkleier gefunksioneer het. Dit het sy karakter, huishouding en gemeenskapsverhoudinge (eerbare aanvaarding) ingesluit. Kerkleierskap het dus nie los gestaan van 'n sosiale verbintenis in die gemeenskap nie. Gemeenteleiers het oor die algemeen as tipe vaderfigure in die vroeë kerk gefunksioneer. White (1987:209-228) beskou hierdie tipe leiers se gesag as 'n sosiale outoriteit wat veral op diens ingestel was. (Vergelyk ook Green 1996.)

In Efesiërs 4:12-13 word die funksie van gemeenteleiers duidelik uiteengesit: hulle begelei en rus lidmate toe wat die verantwoordelikheid ontvang het om die gemeente op te bou. Dit is egter nie net die leiers se taak om die gemeente op te bou nie:

- Die taak duur voort totdat die gemeente die volheid van geloof bereik het;
- totdat die volle kennis van die Seun van God bereik is; en
- daar in volwassenheid gegroei is, volgens die maat van die volheid van Christus.

Hierdie leierskap is onlosmaaklik verbonde aan die *charismata* wat die Gees aan die gemeente uitdeel. Hierdie *charismata* kan soos volg verdeel word (Vermeulen 2002:288):

- Die openbaringsgawes van kennis, wysheid en onderskeidingsvermoë
- Die krag gawes van God (genesing, bevryding, gebedsverhoring)
- Die spraakgawes (lering, prediking en kommunikasie binne die gemeente)
- Strategiese leierskapgawes (visionering, beplanning, motivering, evangelie verspreiding, ens.)
- Versorging en pastorale gawes (*koinonia* funksie van die gemeente).

Wanneer daar na die woord  $\kappa\upsilon\beta\epsilon\rho\nu\eta\sigma\epsilon\iota\varsigma$  in die Nuwe Testament gekyk word, dui dit op 'n spesifieke funksie naamlik *leiding* en *koersaanduiding* (Bourke 1968:501). Campbell & Reiersen (1981:17) vertaal die begrip effens anders en wel as *the gift of administration*. Die betekenis van die woord dui in die algemeen op persone wat die vermoë ontvang het om die gemeente te *stuur* deur leiding te gee en rigting aan te dui. Apostels sou aan hierdie vereiste moes voldoen. Mitchell (1992:163) meen dat hierdie begrip in die antieke kultuur ook vir leierskap gegeld het.

### 3.3. Gawebedieninge (*charismata*)

'n Vraag wat aan die orde kom, is of leierskap in die vroeë kerk enigsins deur die 'beoefening van gawes' beïnvloed is. Die gereformeerde tradisie maak net vir 'n leierskapstyl voorsiening binne die formele struktuur van die amp van leraar, ouderling en diaken.

Die Nuwe Testamentiese charismatologie word deur die kragtige teenwoordigheid van God gekenmerk. Hierdie manifestasie realiseer in 'n verskeidenheid epifenomene soos nagmaal, prediking, profesie, lof- en aanbiddingsmusiek, spreek in tale, wonderwerke, gebed, bevestiging van bedienaars, ekskommunikasie, ensovoorts. Later het dit van die charismatiese, naamlik die ervaringsbelewenis verskuif na 'n dogma of lering daaroor. Daar word toenemend gedebatteer oor die gawes in die teologie, met die vraag of dit 'n ewige funksie gehad het en of dit slegs tydgebonde in die plantingsfase van die kerk was. (Vergelyk ook Hahn 1979).

Vermeulen (2002:284) wys daarop dat breedweg vyf kategorieë van gawes in die vroeë kerk erken is, naamlik:

- leierskapgawes
- openbaringsgawes
- spraakgawes
- wondergawes
- en pastorale versorgingsgawes.

Hierdie gawes moes volgens 1 Korintiërs 12 in 'n atmosfeer van liefde en geloof funksioneer. (Vergelyk Pop 1965, oor die inhoud van 1 Korintiërs 12.) Daar moet versigtig omgegaan word met die onderskeiding tussen 'gewone' en 'buitengewone' gawes. Leierskapvermoëns omvat waarskynlik 'n groot groepering uit dit wat as

‘gawes’ in die Nuwe Testament aangedui word: daar was ‘buitengewone’, maar ook ‘gewone’ gawes. Binne Gereformeerde kringe bestaan daar egter onduidelikheid of een persoon oor al die gawes kan beskik.

Vandag wil dit soms voorkom asof van die wondergawes waarna verwys word, beperk word tot sekere aksies, byvoorbeeld die verlenging van bene vir die genesing van rugpyn of arms om nekpyn te verlig, en veral die genesing van psigosomatiese siektes. Wanneer genesing uitbly, word dit aan ongeloof toegeskryf of aan ’n *gebreklike funksionering op pneumatiese vlak*. Die vraag oor wonderwerk-gawes is nog nie ten volle beantwoord nie, ten spyte van aansprake hieroor op verskillende vlakke. Baie van die charismatiese groeperinge baseer hulle leierskapvermoëns juis op die buitengewone gawes. So, byvoorbeeld, het die Nigeriese gemeente in Lagos om die persoon van die ‘profeet’ Joshua ontstaan. Sy charismata en charismatiese leierskap is (was?) gefundeer in sy skynbare buitengewone genesingsvermoë.

Die vraag is of *charismata* en ‘amp’ nie eerder dialekties in plaas van antities teenoor mekaar gestel moet word nie? Dit skyn dat beide dimensies in die vroeë kerk spanningloos naas mekaar gefunksioneer het. Nardoni (1992:652-54) is egter van mening dat *charisma* nie sonder ’n struktuur daaromheen kon funksioneer nie en daarom nie in verskillende *loci* geplaas behoort te word nie. Hy wys ook daarop dat daar nie afleidings gemaak kan word dat die Nuwe-Testamentiese kerk alleen deur die Heilige Gees regeer is nie. Paulus vermaan die Korintiërs juis dat hulle in hulle eredienste deur sinvolle deelname beheers behoort op te tree. (Vergelyk 1 Korintiërs 12 tot 14.) Die buitengewone moes beheers en ordelik geskied en nie aan ’n willekeurigheid oorgee word nie.

Kerklik beskou, behoort leierskap binne die kerk deur *charisma* gedryf te word, anders verval dit in blote bestuurswese. Alle leiers ontvang *charisma* waarmee hulle ander kan bedien. Hierdie *charismata* is iets anders as ‘bestuur’. Paulus het waarskynlik nie aan gemeentebestuur gedink toe hy van leierskap en toesig deur die ‘opsieners’ geskryf het nie. Fung (1984:4) bestempel hierdie *charismata* as volg: *In the more technical sense, the word denotes a special endowment or equipment bestowed on the believer by the Holy Spirit for Christian service*. In die Nuwe Testament is God die bron van alle *charismata* deur die werking en outoriteit van die Heilige Gees.

Dit is dalk een van die probleme van die kerk om in die gemeente genoegsaam tussen bestuur en leierskap te onderskei. Binne eie gereformeerde tradisie kan goeie bestuur baie maklik as leierskap vertolk word, terwyl dit geensins die geval is nie. Is dit nie juis kenmerk van die NG Kerk, omdat leierskap vanuit die ampte nog nie ’n saak is wat in alle gemeentes ewe duidelik omskryf is nie? Hierdie waarneming is duidelik uit die feit dat die ampte meer as dienend gesien word. Min gemeentes het ’n ‘leier’ aan wie die visionêre taak van die gemeente toevertrou is. Kelleher (1982: 227-233) is van mening dat die *charismata* effektiwiteit aan die visionêre taak van gemeenteleiding gee.

Wanneer daar na 1 Korintiërs 12:28 gekyk word, is dit opvallend dat die teks nie net na *amp* verwys nie, maar ook na *bediening* wat in die gemeente gefunksioneer het. Naas die apostels, profete en leraars, en diegene wat wonders gedoen het, was

daar ook individue wat oor die gawe van genesing beskik het. Daar was egter ook helpers, leiers en persone wat in tale gepraat asook die wat talespraak kon uitlê.

Leierskap was nie in die vroeë kerk 'n probleem nie, aangesien 'n gemeente nie sonder iemand wat die leiding geneem het, gestig kon word nie. Banks (1980:144) wys daarop dat die gemeente in Korinte nie geïnstitusioneel was of oor besondere leierskapstrukture beskik het nie. Moontlik was die gemeentes aan wie die pastorale briewe gerig was, meer georden.

Banks (1980:103) verdeel die gawes in kategorieë:

- Profesie, onderskeidingsvermoë, lering en die uitleg van tale
- Pastorale gawes
- Wondergawes
- Charismatiese eie opbou waarin die eie geestelike heil stigting ontvang, byvoorbeeld deur die gawe van tongespraak.

Die navorser stem grootliks saam met Vermeulen (2002:203) wat die verskillende gawes in 'n ander volgorde plaas:

- Openbaringsgawes
- Krag gawes
- Spreekgawes
- Strategiese leierskapsgawes
- Pastorale of versorgingsgawes.

Die vraag bestaan is of daar tussen sekulêre leierskapsteorieë en dimensies van geestelike leierskap soos dit in die Bybel aangetref word, onderskei kan word? In die kerk word dit geredelik algemeen aanvaar dat geestelike leierskap 'n roeping is. *Slegs wanneer ons leierskap in die lig van God se roeping vir ons lewe verstaan, sal ons toegerus wees om effektief te lei* (Blackaby 2001:10). Dit is geen onseker saak dat die kerk van ons tyd sulke leierskap nodig het nie. *When one considers the totality and variety of the pastoral care, the teaching, the evangelism and the administration needed within a fellowship, it is improbable that any one person – no matter how creative a thinker or dynamic a leader – can cope with the total spectrum. The leadership base must be extended to include others who are appropriately gifted and show leadership potential* (Gibbs 1981:243).

Wanneer daar oor kerkleierskap gepraat word, moet besef word dat die taak waarvoor die leier daar is belangriker is as die leier self. *Leaders need objectivity, a certain detachment, the task remains bigger than they are and also separate from them* (Wilkes 1998:42). Van belang is die feit dat leierskap in die kerk gerig is op een saak alleen, naamlik om so te lei dat die boodskap van verlossing aan die wêreld gebring word. Dit is in wese 'n missionêre opdrag. Die kern taak van die kerk is om mense te lei om God in Jesus Christus te volg en Hom te dien deur die werking van die Heilige Gees. *You've never looked eyes with anyone who doesn't matter to the Father* (Mittelberg 2000:37).

Vanuit 1 Korintiërs 3:4-21 (Vergelyk Pop 1965), is dit duidelik dat Paulus op die medewerkerskap van kerkleiers wys, al het hulle funksies soms verskil. Paulus omskryf leierskap met die volgende begrippe:

- In 1 Korintiërs 3: 5 en 2 Korintiërs 3: 6, 7 gebruik hy die woord **διάκονοι** (diensknegte, bediening). Die werk wat die Korintiërs verrig, is ondergeskik aan die heerskappy van Christus oor hulle lewens. Hulle is dus **συνεργώ** (medewerkers) van God (Fung 1982:131).
- In 1 Korintiërs 4:1, 2 word die woord **ὑπηρέτας** gebruik. Die woord hou direkte verband met roeiers op 'n boot wat baie hard vir die eenaar moet werk. Dit dui op die tipe diensknegskap van 'n slaaf.
- In 2 Korintiërs 5:18 (Vergelyk Pop, 1962), beskryf Paulus sy **διακονίαν** as die *bediening van die versoening*. Plato en Tukidides gebruik die woord ook vir dienslewering (diensbaarheid), terwyl Demetrius die woord gebruik in die sin van die voorsiening in die daaglikse behoeftes van mense (Liddel & Scott, 1989:189). Collins (1990:107) wys daarop dat die begrip ook dui op 'koerier', 'middelaar', of 'tussenganger'.
- Paulus gebruik die selfstandige naamwoord **διάκονος** ook wanneer hy na die dienslewering deur die owerheid verwys.
- Fung (1982:130) beskryf die essensie van die woord as 'n *service rendered in humility and love*.
- Volgens Paulus is leiers **οἰκονόμους** (1 Korintiërs 4:2) en slawe (**δούλος**) wat as bestuurders (administrators) van huishoudings aangestel is.
- Leiers is ook 'boere wat plant en natgooi', **συνεργοί**, in die diens van God.
- Paulus sien homself as 'n 'bouer' in die Koninkryk van God.
- Leierskap is vir Paulus gesetel in dienslewering aan God en aan die medemens, die naaste. Hy gee as voorbeeld hiervan die dienskneg-leierskap van Jesus Christus. (Vergelyk Markus 10:41-45; Matteus 20:20-28. Sien ook Tasker 1961 oor Matteus en Lukas 22:24-30.)
- Green (1996:44) skryf dat grootheid in die Koninkryk deur *diens* verkry word waarin die ander hoër as die self gestel word. Binne so 'n dienskneg ingesteldheid is daar geen plek vir outoritêre en outokratiese leierskap nie.
- Macchia (1999:116) meen dat alleen wanneer die kerk sy vermoë tot diensknegskap ontwikkel en beoefen, daar nuwe ruimtes vir die ontwikkeling van leiers oopgaan. Leierskap in die kerk kry hierdeur 'n nuwe dimensie.

- Leierskap, soos gesien uit die ampte in die Bybel, beklemtoon dat die persoon in die amp beskaaf en fatsoenlik (**κοσμιον**) moet wees, asook iemand met 'n sin vir gasvryheid (**φιλόξενον**).

Wanneer daar indringend na 1 Korintiërs gekyk word, blyk dit dat 'n paar sake is wat oor Paulus se leierskapsrol ten opsigte van die orde in die erediens uitgelig kan word:

- Paulus se outoriteit en invloed op die apostels is deur sekere persone in die gemeente ondermyn en bevraagteken.
- Gebeure tydens die erediens het nie na wense verloop nie, daarom gee Paulus baie aandag aan die *charismata* en die behoorlike beoefening daarvan. (Vergelyk Du Rand 1988:75-94.)
- Die gemeente is beïnvloed deur sowel die waardes van die antiek-Meditereense samelewing as die Grieks-Romeinse filosofieë en afgodsdienste.
- Die gemeente moes so gelei word dat die sterkeres na die swakkes omsien en nie onnodig veroordelend optree nie. Die swakkere moes deurgaans in die normale gang van die lewe in ag geneem word. Die met meerdere kennis en geloof moes nie tot die struikeling van die swakkes bydra nie.
- Eiebelang moes opsy gestel word.

Dit blyk uit hierdie gedeeltes dat 'amp' en *charismata* in die gemeente funksioneer om:

- Lidmate in die gemeente in die uitvoering van hulle take te ondersteun.
- Persone te lei om in die gemeente tot hulle reg te kom (bemagtiging as lidmate).
- Die doel van die gemeente deurentyd voor oë te hou.
- Die gemeenskap van die gelowiges te bevorder, die identiteit en visie van die gemeente te dra, en voortdurend seker te maak dat lidmate as 'gemeente van die Here' nog op koers was.

### **3.4 Die gawe ampte: apostel, profeet, evangelis, herder en leraar**

Onderstaande tabel bied 'n kort beskrywing van die ampte in die vroeë kerk en die take wat ampsdraers moes verrig. (Vergelyk Vermeulen 2002:161):



<b>Apostels</b>	<b>Profete</b>	<b>Evangeliste</b>	<b>Herders</b>	<b>Leraars</b>
Rondreisend	Rondreisend en plaaslik	Rondreisend	Plaaslik	Rondreisend en plaaslik
Prediking van tradisie en kerugma	Ontvang openbarings	Prediking van tradisie/kerugma van Christus	Toepassing van tradisie	Verduideliking van tradisie
Kerkplant en opbou deur wonderwerke	Kerkopbou Sienerfunksie	Kerkplant en wonderwerke wat kerkgroei stimuleer	Kerktoesig en bestuur. Vaderfiguur en bemagtiger	Kerktoerusting en mobilisasie van gelowiges. Bemagtiging
Boodskap van geloofsoorgawe en bekering gedemonstreer deur die krag van geloof en wonders	Bewestig en bou geloof	Boodskap van geloofsoorgawe en bekering demonstreer die krag van geloof deur wonders	Bewaar geloof en hou dit gesond	Opbou van kennis en geloof van lidmate

<b>Eerste eeu</b>	<b>Tweede eeu</b>	<b>Middeleeue tot vandag</b>
Apostels	Opsieners	Pous
Profete	Ouderlinge	Kardinale
Evangeliste	Diakens	Biskoppe
Herders	Apostels	Priesters, leraars, profete, monnike
Opsieners	Leraars	Herders
Ouderlinge	Evangeliste	Ouderlinge, diakens
Diakens		Selfverklaarde profete

Dit is belangrik om daarop te let dat al die ampte in die vroeë kerk in wese gelyk was, maar funksioneel ongelyk. Dit kan afgelei word uit die skrywe van Paulus in 1 Korintiërs 12:28. Leierskap in hierdie kategorieë is egter deur die Heilige Gees geïnspireer en het nie onafhanklik gefunksioneer nie. Orde en gesag is hierdeur gehandhaaf. Die hiërargie het nie in die outoriteit gelê nie, maar in die uitoefening van die ampte. Die outoriteit van die apostel het, byvoorbeeld, op 'n ander vlak gelê as dié van die leraar, alhoewel hulle beide in die kerk werksaam was. (Vergelyk Kloppers 1988:79-123 en Venter 1988: 95-107.)

Daar is verskil van mening in teologiese kringe dat die ampte van *ἐπίσκοπος*, *πρεβύτερος*, en *διάκονος* daartoe aanleiding kon gee dat die Roomse kerkregeringstelsel, met 'n hiërargiese Middeleeuse priesterdom, hieruit kon ontwikkel het. As Paulus na hierdie drie ampte verwys, is dit nie as dieselfde en enigste vorm van leierskap of kerkregering nie. Daar word geen priesterlike bediening in die Nuwe Testament gevind nie, behalwe in verwysing na die Ou Testament (Nardoni 1977:5-36). Sowel die Didagé as die kerkvaders, Ignatius, Polikarpus en Hermas, verwys glad nie na 'n hiërargiese stelsel van die priesterskap wat uiteindelik in die pousdom kon ontaard het nie. *The concept of an unbroken succession in office beginning with the installation of successors by the apostles themselves is hard to defend on historic grounds, especially since interest in such a*

*line of successors reaching back to the apostles cannot be documented much before the end of the second century* (Conniry 1994:250).

In die Nuwe Testament is magsmisbruik afgekeur. In 3 Johannes vers 9 word daar na Diotrefes verwys, wat by reisende Christene betrokke was. Hy het homself as die leier van die gemeente beskou en, volgens die trant van die skrywe, het hy hom skynbaar aan magsmisbruik skuldig gemaak. Die vraag is of hierdie insident miskien aanleiding daartoe gegee het dat Ignatius later graag na homself as ‘opsiener biskop’, wat aan die hoof van die gemeente in Antiochië staan, verwys het? Hy noem Onesimus in Efese, Polybius in Tralles, en Polikarpus in Smirna ook ‘biskoppe’ (Nauta 1963:36).

Leierskap het skynbaar saamgehang met die ampte in die kerk (Fung 1987:175). Die beeld van die Liggaam wat Paulus gebruik wanneer hy oor taakstrukture in die vroeë kerk skryf, oorheers egter nog op hierdie stadium. Indien daar wel ’n verband met die ampte getrek kan word, is dit hoogstens in die onderskeid van funksies, soos dit in die ou-verbond na vore kom (Nauta 1963:48). Die amp is immers deur die apostels ingestel. Die Vader stuur sy Seun, Jesus Christus. Christus stuur die apostels, en die apostels die ouderlinge en diakens. Christus is die Hoëpriester, die opsieners die priesters, en die diakens die Leviete. In sy skrywe uit die gemeente van Rome aan die gemeente in Korintiërs wys Clemens as ouderling daarop dat die kerk ’n ‘kudde’ is, en dat harmonie en vrede daarin bestaan dat almal duidelik weet wat hulle plek en taak in die kudde is. Hierdie brief (Clemens Romanus) het merkwaardig behoue gebly.

In hierdie tyd van die ontwikkeling van die vroeë gemeentes is dit logies dat leiers en bestuurders aangewys moes word. Sommige gelowiges het skynbaar oor natuurlike leierskapsgawes beskik. Ongelukkig het daar mettertyd geskille ontstaan oor watter gelowiges leiersposisies beklee, en watter mense net gewone lidmate was. Later sou hierdie onderskeid deel word van die lering en struktuur van die magtige gemeente in Rome, wanneer hulle die voorbeeld van die gemeentes in Sirië en Klein Asië oor die aanwysing van diegene wat die amp moes beklee, navolg. Praamsma (1949:491) vra in **Het Dogma der Kerk** waar die kerk op ’n Maandag vir ’n Rooms-Katolieke lidmaat is? Hy sê dat die Rooms-Katolieke Kerk waarskynlik sal antwoord: *Daar waar de priester is*. In hierdie antwoord lê die kerkbeskouing wat vanuit Rome ontwikkel het, vasgevang. Rome onderskei nie tussen instituut en organisme nie. Die instituut is die Liggaam van Christus, wat aan Christus self gelyk gestel word. In retrospeksie verklaar dit waarom die ampte in die gemeente van Rome met soveel mag beklee is.

Dit is duidelik uit Nuwe-Testamentiese gegewens dat daar nie ’n tipe ‘kerkorde’ bestaan het waarvolgens die eerste gemeentes gelei is nie. Daar was wel opsieners (ouderlinge) en diakens, en werkers soos in die gemeente van Jerusalem. Die ampte het ook in die gemeentes wat Paulus gestig het, gefunksioneer, maar uit die briewe van Johannes weet ons dat die gemeentelike situasie baie vloeibaar was, veral nadat die vervolging onder die Christene hewiger begin word het.

Dit moet egter in berekening gebring word dat die kerklike mag en hiërargie na die verwoesting van Jerusalem in 47 n.C. van Jerusalem na Rome skuif. Die energie

van die vroeë kerk kom vanuit die *sendinggemeentes* en nie die *moedergemeente*, Jerusalem, nie. Trouens, daar word min melding gemaak van Jerusalem in die skrywes aan die jong en uitbreidende kerk. Daarenteen word Rome, die sentrum van die beskawing, die plek waar die kerk sterk groei, hoofsaaklik omdat daar sterk teen die gnostisisme en die misbruik van glossolalie gewaak is. Later in die tweede eeu word 'n lys van biskoppe opgestel wat in Rome gedien het, en wil dié gemeente leerdwalinge vanuit hulle tradisie (van die biskoppe af terug tot by die apostels, Petrus en Paulus,) bestraf deur te sê dat die gemeente op vaste fundamente gevestig is. Van hier kom die gesag van die latere bygerekende *tradisie* naas die leer, in die Rooms Katolieke Kerk (Nauta 1963:36-48).

### 3.5 Leierskap vanuit die sinagoge

Sinagoges was kulturele sentra in Joodse samelewings wat sterk Ou Testamentiese verbintenis gehad het. (Vergelyk Birch 1999 oor die rol van die Sinagoge.) *Waar daar tien of meer Joodse mans in 'n gebied was kon 'n sinagoge gestig word* (Van der Watt 2003:770). Die woord 'sinagoge' beteken 'plek van byeenkoms' waar daar onderrig uit die *Tora* gegee is. Dit was 'n plek waar regspraak gelewer is, en oortreders is daar gestraf. (Vergelyk Markus 13:9 en Matteus 10:17.) Feitlik alles wat met die volk van Israel te doen gehad het, het by die sinagoge plaasgevind. Vermeulen (2002:86-87) gee onderstaande uiteensetting van ampte en leierskapsfunksies in die sinagoge. (Daar is 'n sterk moontlikheid dat Griekse politieke leierskapstrukture 'n invloed op die funksionering van die sinagoge gehad het.)

- Die *Gerousia* was ouer manspersone met sosiale status wat as raadgewers vir die sinagoge opgetree het. In die Hasmoniese tydperk is die groep deur priesters oorheers. Later het die Fariseërs die meerderheid in die *Gerousia* gevorm.
- Binne die *Gerousia* was daar die *Argons* wat 'n subkomitee of werkgroep was wat **gespesialiseerde take verrig het**. (Filo, **de Posteritate Caini 98; De specialibus legibus 1** : 121, 226, 307; Josefus, **Antiquites 4:186; 7: 28.**)
- Die *Gerousiarges* of *pater sinagoges* is allerweë beskou as die presiderende of leidende ouderling. (CII 9, 95, 106, 119, 147; **Corpus Inscriptionum Latinarum 10:1893.**)
- Die *Argisinagogos* was waarskynlik die algemene bestuurder in die Raad. Dit was 'n ereposisie wat lewenslank beklee is (CII 504, 584, 587, 1404).
- Die *Neokoroi* was assistente wat soos die Leviete allerlei take in die sinagoge hanteer het (Josefus, B J 1:153, 2:321).
- Die priesters, *Hiereis*, was betrokke by die offers en het die *Tora* uitgelê. Hulle het hoofsaaklik gedurende die eerste eeu in Jerusalem funksioneer.
- Die Skrifgeleerdes, *Grammateus*, was verantwoordelik vir die bewaring, kopiëring en vertaling van manuskripte. Hulle het ook die administrasie van

die sinagoge behartig. Hulle is deur senior wysgeërs aangestel (CII 7, 18, 24, 36, 53).

- Dan was daar ook onderwysers, *Didaskoloi*, wat onderwys gegee het (CII 1266, 1268, 1269).

Die voorleser was, volgens Filo, 'n ouderling of priester. Dit het later tot 'n spesifieke amp ontwikkel (CII 798, 896).

Uit bogenoemde blyk dit dat hiërargie nie vir die Jode in hulle aanbidding- en sosiale reëlingstrukture problematies was nie. Eg Joodse leierskap is vanuit die sinagoge beoefen en het oor 'n wye spektrum aangeleenthede gestrek.

### 3.6 Die kerk van die eerste eeu en apokaliptiek

Albert Schweitzer (1912:175) het 'n studie gemaak van die onderlinge invloed tussen leierskap in die vroeë kerk en die Joodse apokaliptiek. Hy verwerp die siening dat Paulus teen 'n Hellenistiese raamwerk van invloed op sy briewe verstaan moet word en sê dat hy geïnterpreteer moet word teen 'n Joodse, mistieke en apokaliptiese reliëf (Vermeulen 2002:24; vergelyk ook Neuser 1988). Hierdie interpretasie verskil van die 'genealogiese' benadering wat deur die *Religionsgeschichtliche Schule* en later ook die *Comparative Religion* beweging gehandhaaf is. Laasgenoemde het ontstaan in dieselfde tyd as die *Religionsgeschichtliche Schule*, maar verskil van laasgenoemde deurdat hulle meer maak van Darwin se evolusieteorie. Beide navolgers van die *Religionsgeschichtliche Schule* en die *Comparative Religion* het aangevoer dat die kerk van die begin af 'n goed gedefinieerde outoriteitstelsel gehad het en nie so vry charismaties was soos vroeër vermoed is nie (Burtchaell 1992:100-136). Nardoni (1992:650) wys daarop dat die meer gestruktureerde en organisatoriese kerk in Jerusalem funksioneer, terwyl daar 'n groter charismatiese beweging in die gemeentes is wat Paulus stig. Dit verklaar dalk waarom Paulus in sy briewe nie baie na die *episkopos* en die *presbuteros* verwys nie.

Onder navorsers is daar nie konsensus oor die aard van die bedieningstrukture in die vroeë kerk nie. Dit word egter aanvaar dat daar in die Pauliniese tyd wel ontwikkeling op hierdie gebied plaasgevind (Vermeulen 2002:33; vergelyk ook Greeven 1977, in hierdie verband). Schnackenburg (1971:232) onderskei drie tydperke en bedieningsmodelle in die leierskapstrukture van die vroeë kerk:

- Die oerkerkgemeenskap in Jerusalem, wat deur die twaalf apostels en die sewe diakens gelei is;
- Die heidense Christengemeenskap van Antiochië wat deur die profete en leraars gelei is; en
- Die tydperk van die evangeliste (Handelinge) waartydens die ouderling en diaken prominensie in die kerk verkry (Vermeulen 2002: 33).

Chan (1984:103-115) wys daarop dat die tydperk van die vroeë gemeente in Rome en die anti-Semitisme wat in die betrokke stad geheers het, nie buite rekening gelaat moet word in die opkoms van die amp en die kerkleierskap wat veronderstel was

om daarmee saam te gaan nie. Hy verdeel die kerklike bediening in die vroeë kerk ook in drie:

- 40-90 n.C. Die tydperk van die sewe diakens en die ouderlinge
- 90-110 n.C. Opsieners, ouderlinge en diakens speel 'n prominente rol.
- 2de tot 4de eeu: Die kerk is goed gestruktureer met opsieners en diakens in die leiersposisies.

Roloff (1984: 201-218) ondersteun die kronologiese perspektief en beskryf die fases as volg:

- Die dissipelskapfase van die Jesus-beweging
- Die post-Pase tydperk wat gekenmerk is deur die optrede van die apostels, profete, leraars, en peripatetiese charismatici.
- Die 2de en 3de eeu waartydens evangeliste, herders, leraars, opsieners, ouderlinge en diakens opgetree het.

Brown (1981:1-14) lê minder klem op die kronologiese orde van kerkleiding en beklemtoon die verskillende gestaltes wat die vroeë kerk inneem, nl.:

- Drie vorme van die Pauliniese kerk soos dit in Handeling, Efesiërs-Kolossense en die Pastorale briewe voorkom
- Twee vorme van die Johannes-kerke
- Die Petrus kerk-gemeenskap
- 'n Gemeenskap verbonde aan Matteus
- Die gemeenskap verbonde aan Jakobus.

Die ontwikkeling van die kerkregering in die Pauliniese tyd kan as volg beskryf word:

- Die charismatiese fase waartydens al die gawes/bedieninge gefunksioneer het
- Die fase van die ouderling-opsiener
- Die fase van lerende en regerende ouderlinge en diakens (soos tans nog die gebruik in Gereformeerde Kerke is).

Vermeulen (2002:35) is van mening dat die kronologiese uiteensetting van die leierskapfasies slegs die metodiek van kerkleierskap aandui. Die *Umwelt* van die vroeë kerk moet ook verreken word. Hy wys daarop dat Paulus op 'n direkte en indirekte manier deurentyd met die gemeentes kontak gehad het.

Die kerk het dus van vroeg af 'n sterk eksterne leierskapstruktuur gehad. Paulus se skrywes oor die ampte het ten doel gehad om goeie en gesonde leierskap in die kerk te verseker. Dit is duidelik dat daar vroeg reeds dwalinge in die kerk ingesluit het. Die riglyne wat Paulus aan Timoteus gee, kom uit 'n tyd waarin waardesisteme besig was om te verbrokkel en leierskap oop was vir negatiewe invloede (Vergelyk ook Jeremias 1975). Vermeulen (2002:240) meen dat Paulus in sy briewe terugryp na die *haustafeln* en *oikos*, twee bekende sosiaal-kulturele antesedente, om onderrig

oor leierskap in die gemeentes op 'n stewige grondslag te plaas. Paulus se onderrig oor leierskap toon egter ook ooreenkomste met Stoïsynse deugdelyste.

Samevattend sou gesê kon word dat Paulus die volgende eienskappe aan kerklike leierskap verbind:

- *'n Leier is 'n vaderfiguur wat geroep is tot diens onder die hoofskap van Christus, wat aan sekere karaktervereistes voldoen en wat deur die Heilige Gees toegerus is met gawes waarmee hy/sy die liggaam opbou en bekwaam vir diens, en laat groei tot volwassenheid, na die beeld van Christus in alle opsigte tot op die dag van die wederkoms* (Vermeulen 2002: 291).

Dié definisie poog om die multidimensionele wesensaard van Paulus se leierskap tot sy reg te bring.

Dit is waarskynlik dat die waardes en norme van die breë sosiale en godsdienstige wêreld wat in die eerste eeu gegeld het, ook vir Paulus beïnvloed het in die vestiging van sy bediening en denke oor leierskap in die gemeentes wat hy in die vroeë kerk gestig het (Vermeulen 2002:31). Tomson (1990:35) stel dit as volg: *The relevance of the debate on Judaism and Hellenism for the history of Christianity is as evident as theological alertness in this field remains necessary. In other words it remains essential to question the extent to which interest in the debate is informed and motivated by implicit theological convictions, connected especially with traditional Paulinism.* Naas sosiale faktore van die eerste eeu, die breër *Umwelt* en die Grieks-Romeinse strukture, was daar ook godsdienstige en teologiese tradisies soos die Judaïsme, heidense godsdienste, filosofiese skole, die *Collegiae*, asook pneumatologiese invloed op die vroeë kerk en leierskapsdenke. (Vermeulen 2002:32; vergelyk ook Marshall 1991.)

Hierbenewens het Paulus se eie agtergrond 'n belangrike rol gespeel in die leiding wat hy in die vroeë kerk gegee het. Lemmer (1996:161-179) wys daarop dat Paulus waarskynlik deur die Rabbynse retoriek (die *midrash*) beïnvloed is. (Vergelyk ook Dunn 1998 in hierdie verband.) Segal (1990: 386-403) hedendaagse Joodse geleerde, is van mening dat Paulus radikaal afwyk van die eerste-eeuse Judaïsme omdat hy die Wet nie meer as normatief vir Christene aanvaar nie. Gager (2000) stem egter nie hiermee saam nie, en beklemtoon die kontinuïteit tussen Paulus en die Judaïsme. Omdat Paulus sowel Joodse as Romeinse burgerskap gehad het, kan ons aanvaar dat hierdie kulture wel 'n rol in sy beskouinge gespeel het en hoe hy die gemeentes wat hy gestig het, wou organiseer. Hy was bekend met sowel die Grieks-Romeinse retoriek as die Griekse filosofie.

Paulus noem op 'n deurlopende basis plaaslike leiers by die naam in sy briewe en wys die gemeentes daarop dat hierdie leiers erken en vergoed behoort te word vir hulle bedieninge. (Vergelyk 1 Korintiërs en die Pastorale briewe.) Dit dui moontlik op 'n proses van institusionalisering in die kerk onder Paulus se bediening. Uit Handeling 14:23 word dit duidelik dat Paulus sekere vereistes by die stigting van 'n nuwe gemeente gestel het. Die **πρεβύτεροι** moes die leiding neem en deur hulle opsig en bediening die gemeente verder opbou.



*Struktuur* en *Charisma* is nie noodwendig teenoorgesteldes nie. 'n Teoloog soos Harnack het onderskei tussen die institusionele en die charismatiese bedieningsvorme wat beteken dat eersgenoemde in die Joods-Christen gemeenskappe aangetref is, terwyl laasgenoemde die Pauliniese gemeentestigting gekenmerk het. Lemaine (1973:138) wys daarop dat dié standpunt nie algemeen aanvaar word nie. Vermeulen (2002:175) sê dat bovermelde 'n valse antitese is, want veral uit die Pastorale briewe blyk dit dat Paulus die standpunt handhaaf dat die *charismata* wel in amptelike leierskapposities kon manifesteer. Paulus self was 'n charismatiese leier, soos Jesus (Sanders 2000:11). In 'n poging om Paulus in 'n godsdienstig-historiese raamwerk te plaas, wys Ashton (2000:32) op die *shamaan*-verskynsel wat in godsdienste voorkom. ('n Persoon wat die krag van geeste tot eie voordeel aanwend deur bo-natuurlike dade.)

### 3.7 Die amp van ouderling in die eerste eeu n.C.

Die funksionering van die ouderlinge, veral die lerende ouderling in die vroeë kerk, is nie baie duidelik uit Bybelse inligting oor die betrokke amp nie. Uit Handeling 20:28 blyk dit dat die lerende ouderling ook 'n 'opsieners'-taak vervul het, wat leiding en 'herderskap' ingesluit het. In 1 Petrus 5:2 rig die skrywer 'n versoek dat die opsieners/ouderling/lerende ouderling die gemeente as herders moet lei. Herderskap verwys hier na *kerkleiding/leierskap*. Die algemene 'opsig' in die gemeente het verskillende funksies ingesluit, soos byvoorbeeld om die gemeente teen dwaaling te beskerm (Handeling 20:28-30) en om onderrig te gee (1 Timoteus 5:17). (Vergelyk ook Malpers 2003:27; Burger 2004a: 182-183; Miller 1985: 315-327.)

Dit blyk dat veral die opsieners (*ἐπίσκοπος*) en ouderlinge (*πρεβύτερος*) die leiers in die vroeë eerste-eeuse kerk was. Die begrip *ἐπίσκοπος* dui op die funksionele taak van die ouderling. Die opsienersrol van die ouderling dui waarskynlik meer op sy taak as op sy status. Die begrip/naam van die twee ampte verwys soms na dieselfde funksie. (Vergelyk Handeling 20:17; 28.) In Titus 1:5 verwys Paulus na die ouderlinge en noem hy hulle 'opsieners' (v7). (Vergelyk ook Johnson 1996.) Die naam van die amp is 'ouderling' (*πρεσβύτερος*), terwyl die taak dié van 'opsiener' (*ἐπίσκοπος*) is. Omdat daar baie na ouderlinge verwys word, word die siening gehuldig dat *the churches were led by lay leaders or those who weren't vocational church leaders* (Malpers 2003:23). Hierdie standpunt lei tot die aanname dat kerkleiding deur ouderlinge moet geskied, anders beantwoord dit nie aan Bybelse vereistes nie.

Daar is bepaalde vereistes aan die ouderling gestel waarin hy in sy persoonlike en openbare lewe moes voldoen. Die huwelik en gesinslewe van die ouderling is uiters belangrik geag, omdat die Stoïsynse dissipels egbreuk onaanvaarbaar gevind het in navolging van die huweliksgebod. Paulus lê sterk klem op die binnekring van die ouderling se huisgesin. Sy vrou en kinders moes saam met hom die Here dien. Die kinders moes gelowig en nie losbandig of onbeheerbaar wees nie. Die gelowige kinders is waarskynlik hier die ekwivalent van die *τέκνα έχοντα εν υποταγη* van 1 Timoteus 3 (Vermeulen 2002:256). Hy moet sy huis kan bestuur soos wat die huishouding van God bestuur moet word. Die ouderling moes ook onberispelik (*ἀνέγκλειπτος*) wees, en nie eiewys of hardkoppig (*μή αυθαδη*) nie. Die hardkoppigheid is ook soms met arrogansie verbind. 'n Ouderling mag ook nie

opvlieënd (**μή οργίλον**) wees nie. So ook nie 'n *misbruiker* (**μή πάροινον**) van wyn nie en ook nie twissoekerig (**μή πλήκτην**) nie. Die strydlustigheid/veglustig kan verband hou met die gesoek na vuil gewin/eie/self bevoordeling (**μή αισχροκερδεις**).

Paulus gebruik die sosiale orde van die *oikos* om die kerk te lei ten opsigte van verpligtinge, orde en geloofwaardigheid. Die vader, wat die *patria potestas* in die huisgesin beklee het, mag dieselfde funksie in die **ἐκκλησίας Θεου** vervul indien die gemeente hom daartoe verkies. Sonder om die huisgesin te geringskat, verbind Paulus die huisgesin dikwels met 'n eskatologiese waarheid wat die verhouding tussen die gemeente en God illustreer. *Die gewone 'oikos' word die analogie vir die huis van God en leiers in die 'oikos' voorberei vir diens in die huis van God* (Vermeulen 2002:35).

Kenmerke van die ouderling se lewensingesteldheid:

- Gasvry (**φιλόξενον**)
- die goeie liefhê (**φιλαγάθον**) (Aristoteles en Filo gebruik dit as eretitel vir iemand (Grundmann 1964:18))
- ingetoë (**ζωφρονα**)
- regverdig (**δίκαιον**)
- heilig (**όσιον**) sowel as
- selfbeheersd (**εγκρατη**) Nugter en sober (**νηφάλιον**)
- vas aan goeie geloof en oortuig van die gesonde leer (**ελέγγειν**) omdat hy dwaallering en afval van die geloof in Jesus Christus moes teenstaan (Bauernfeind 1967:942-945).

Ouderlinge vind hulle kulturele antesedent waarskynlik in beide die hellenisme (politieke-en godsdienstige sfer) en die Judaïsme (Vermeulen 2002:272). Hulle neem leiding in die gemeente, preek en waak oor die suiwerheid van die leer en het waarskynlik ook algemene administratiewe take verrig.

Dit is duidelik vanuit Paulus se skrywe aan Timoteus dat 'blaamloosheid' 'n belangrike komponent vir ouderlingskap was. Volgens 1 Timoteus 3:2-5 moes 'n opsiener 'n volwasse Christen wees en nie verwaand as gevolg van die hoë aansien wat hy in die gemeente geniet het nie. Vers 7 beklemtoon dat die ouderling ook by die ongelowiges 'n goeie naam moes hê. Hierdie gedagte word deurlopend in Paulus se briewe aangetref. (1 Korintiërs 10:32; Kolossense 4:4; 1 Tessalonisense 4:12 en 1 Petrus 2:12, 15.) Dit is interessant dat Paulus daarop wys dat dwaalleraars vanweë hulle oneerbaarheid, ook deur die wyer gemeenskap verag en gespot is.

Oor die verhouding tussen die **ἐπίσκοπος** en die **πρεσβύτεροι**, en die moontlikheid dat die twee begrippe as sinonieme gebruik is, dui daarop dat daar moontlik 'n

oorvleueling in die funksie van die twee bedieninge was (Vergelyk Titus 1:7). Dit is opvallend dat **ἐπίσκοπος** in die enkelvoud en **πρεσβύτεροι** in die meervoud geskryf is. Dit kan beteken dat die **ἐπίσκοπος** 'n posisie/amp was wat net deur een persoon gevul is (Vermeulen 2002: 261). Dit is ook moontlik dat die term hier ten opsigte van die ouderlinge generies aangewend is, soos in 1 Tim 5:17. Mappes (1997:162-174) is van mening dat die amp/taak, **ἐπίσκοπος**, **πρεσβύτερος** en **ποιμήν**, in dieselfde persoon gesetel het en slegs op verskillende dimensies van sy bediening dui. Hy sê dat die **πρεσβύτερος**- dimensie op wysheid en volwassenheid dui, die **ἐπίσκοπος** op toesig en leierskap, en die **ποιμήν** op die versorging van die kudde. Die **ἐπίσκοπος**-funksie was egter waarskynlik meer administratief van aard. Dit het beteken dat beplanning, finansies, orde, opleiding en die kerklike reg/orde (gemeentebestuur) óók in die amp gesetel was (Campbell & Reiersen 1981:90-102).

Volgens Ignatius, Biskop van Antiogië in 115 n.C., was aksies en opinies van gemeentes sonder 'n **ἐπίσκοπος** ongeldig. Ciprianus, 215 n.C., sê dat die amp van die **ἐπίσκοπος** die 'gom' is wat die gemeente oor die wêreld aanmekaar hou. Gedurende die laaste helfte van die 2 de eeu n.C. het die **ἐπίσκοποι**, hoëpriesters van hulle gemeentes geword (Vermeulen 2002: 261-22).

Ignatius beskou die opsiener as:

- Die hoof van al die Christene in die stad ('n tipe leierskap?).
- Hy is afgeskei van die 'gewone' ouderlinge in die gemeente.
- Die gemeentelede moet hulle aan sy gesag onderwerp.
- Eenheid in die kerk word vereenselwig met die regeringstrukture in die kerk.
- Hy koördineer die aktiwiteite in die gemeente.
- Sonder 'n opsiener kon daar nie 'n wettige gemeente bestaan nie.
- Eenheid in die gemeente is beoordeel aan die hand van die eenheidstrukture in die gemeente en met die kerk in breër verband.
- Die gemeente kon nie sonder 'n opsiener funksioneer nie.
- Paartjies wat verloof wou raak, moes sy toestemming verkry (Vermeulen 2002: 262).

Die taak en funksie van die opsiener soos hierbo beskryf is 'n vroeë ontwikkeling en vorm deel van die leierskap in die Pauliniese kerk. (Vergelyk Filippense 1:1.)

Oor die funksies van die ouderlinge kan die volgende gestel word:

- Daar was twee tipes ouderlinge, raadgewende en lerende ouderlinge.
- Hulle moes hul huise goed hanteer voordat hulle die verantwoordelikheid van die amp in die gemeente kon beklee.
- Hulle het 'n onderrig gegee (**διδασκτικόν**). Hierin het die taak gelê om oor die gesonde leer te waak. (Vergelyk 2 Timoteus 2:24 en Titus 1:9.)
- Hulle was die leiers van die gemeente wat 'n administratiewe en bestuurstaak verrig het. (Vergelyk 1 Korintiërs 12:28 en Romeine 12:8.)
- Hulle het 'n herderlike en opsienersfunksie gehad.
- Daar was ook 'n profetiese dimensie in hulle bediening.

- Hulle het deel gehad in die eredienste van die gemeente.

In Timoteus en Titus is daar sekere karaktereienskappe waarvoor die kerkleier (ouderling) moes beskik:

- Hulle moes die man van een vrou wees.
- Hulle kinders moes gehoorsaam en gelowig wees. Vroue en kinders moes in hulle huise ook onderdanig en gehoorsaam wees.
- Die karakter van die ouderling moet onberispelik wees.
- Hulle moes nugter wees en nie lief vir baie wyn nie (**μὴ πάροινον**).
- Daarbenewens moes hulle nie geldgierig wees of 'n vegter (**μὴ πλῆκτην**) of strydlustig (**ἀμαχον**) nie. Hulle behoort deur vriendelikheid gekenmerk te word.
- Hulle moes die kerk goed kon regeer.
- Washou aan die betroubare Woord.
- Hulle moes ook gasvry wees. (Vergelyk Romeine 12:13, Hebreërs 13:2, 1 Petrus 4:9 en 3 Johannes 5-10.)

Paulus gee duidelike voorskrifte oor die diversiteit in die rol van die ouderling. Party lei die gemeente, terwyl ander onderrig gee. 1 Timoteus 3:1-7 en 5:17 beskryf die vereistes van die rol van ouderling. Sy gedrag binne sy huishouding word belangrik geag, omdat dit hom die vrymoedigheid moet gee om ander te leer en herderlik te lei. (Vergelyk ook die gebedstaak van ouderlinge in Jak 5:14.) Dit word met 1Tim 3:4-5 as 'n bestuurshandeling vergelyk. Diegene wat nie aan hierdie vereiste voldoen het nie, is nie toegelaat om in die amp van ouderling te dien nie. (Vergelyk 1 Timoteus 5:8.) In hierdie tyd is leiers in die algemeen, soos ouderlinge, dikwels as weldoeners gesien (Vermeulen 2002:220). So, byvoorbeeld, was die keiser of koning die hoofweldoener in die Mediterreense wêreld. Augustus wy 'n groot deel van sy *Res Gestae* aan sy weldade (Garnsey & Saller 1997:97).

### 3.8 Die amp van diaken in die eerste eeu n.C.

Die diakenamp (**διάκονος**) funksioneer redelik vroeg in die kerk. Uit Filippense 1:1 kan ons aflei dat Paulus die diakenamp as deel van die kerkfunksionering, d.i. ook die kerkleiding, beskou. Dit is moontlik dat diakens in kontinuïteit met die Joodse sisteem van barmhartigheidswerk funksioneer het. (Vgl. Handeling 6:2-3.) Lemaire (1972:148) meen egter dat die diakens as helpers vir die apostels opgetree het. Volgens Fraser (1985:13) is die sin van die diakensamp geleë in diensbaarheid en nie soseer raadgewend of leidinggewend nie. Justinus die Martelaar (100-165 n.C.) en die Pastor van Hermas bevestig bo alle twyfel dat diakens by barmhartigheidsdiens en die finansiële sake van die gemeente betrokke was (Vermeulen 2002:266; Fraser 1985:13-19).

Hulle het egter nie 'n minderwaardige taak verrig nie en die vereistes aan hulle as individue gestel, was net so streng soos die vir ouderlinge. Manlike diakens het in die tweede eeu die taak van sekretaris vir die biskop vervul en soms selfs die biskop opgevolg sonder dat hulle as ouderling (**πρεσβύτερος**) verkies is (Hazlett 1991:108). Donfried (1992:122) skryf dat Hippolitus die diaken die hart en siel van die biskop (**επίσκοπος**) genoem het. Vroulike diakens was verantwoordelik vir

‘mindere’ takies soos die bediening van vroue, kinders versorg, naaldwerk en die maak van kos. (Vergelyk 1 Timoteus 3:11.)

In Romeine 12:7; 16:1 en Filippense 1:1 verwys Paulus na homself, Apollos en sy medewerkers as **διάκονοι**. Moontlik praat dat hy hier van die diens van die Woordverkondiging wat die evangeliste, Filippus en Stefanus wat ook diakens was, gedoen het. (Vergelyk Handeling 6, 7 en 8 asook Barth 1933.) Die lerende funksie het later in die ouderlingsamp gesetel.

Wanneer Paulus die taak van die diakens beskryf, word dit aan die begrip **σεμνούς** (1 Timoteus 3:8) gekoppel, wat waarskynlik op die kwaliteit van die gedrag van die *paterfamilias* van die huis dui. Die begrip verwys na die goeie karakter wat die diaken in sy verhoudings met mense, binne en die gemeente, behoort te kenmerk. In 1 Timoteus 3:11 word dit ook as vereiste gestel vir die vrou van die diaken. Paulus verskaf waarskynlik nie ’n volledige gedragslys in hierdie gedeelte nie, maar slegs ’n aanduiding van die inbors van die diaken. Drie dinge word uitgelig, naamlik:

- Selfbeheersing ten opsigte van die tong (**μη διλόγους**)
- drankgebruik
- gierigheid.

Paulus is baie bedag daarop dat ‘aardse goed’ aandag van die hemelse taak kon aflei. (Vergelyk ook 1 Timoteus 3:3; 1 Timoteus 6:6-10; Titus 1:7; 1 Timoteus 6:5 en 1 Petrus 5:2.)

Die woord **μη διλόγους** kom min voor en dui daarop dat iemand nie *dubbelsprakig* moet wees nie, met ander woorde nie uit twee monde praat nie, die waarheid vertel, en nie verskillende weergawes van ’n saak gee nie. Metafories dui die woord op ambivalensie (onbetroubaarheid) (Vermeulen 2002:234).

Die lewens van diakens moes, soos dié van ouderlinge, eers ondersoek word om te bepaal of hulle aan die vereistes van die amp voldoen (1 Timoteus 3:4,5). **δοκιμαξέοθωσαν** dui op die noukeurige toetsing wat hulle moes deurgaang om te bepaal of hulle tot die amp/bediening toegelaat mag word. Die stamwoord **δοκη** beteken om ‘dopgehou’ te word, terwyl **δόκιμος** ‘getoets’ of ‘betroubaar’ beteken. (Vergelyk 1 Timoteus 5:24, 25.) Hierdie toetstydperk is reeds met die kies van die sewe diakens in Jerusalem gevolg. **Ανεγκλητοι** is ’n sinoniem vir **ανεπίληπτον** en sluit die betekenis ‘onberispelik’, ‘blaamloos’ en ‘van goeie reputasie’ in. (Vergelyk 1 Timoteus 3:4,5 en 6.) Paulus stel nie onbekende eise vir die ampsdraers in die gemeente nie, maar vind aansluiting by die algemene sekulêre leierskapsvereistes van Plato in die antieke Mediterreense wêreld waarin familieverband, finansiële situasie en die reputasie van die persoon baie belangrik was (Vermeulen 2002:237; vergelyk ook Stählin 1968 in hierdie verband). Die huishouding van die voornemende ampsdraer bly uiteindelik die toets vir sy toelating tot (kerk)leierskap. Die Platoniese kriteria vir priesters toon heelwat ooreenkomste met dié van die kerk, aangesien iemand wat deur die lot aangewys is, as priester diens kon doen.

Omdat **γεννη** na sowel vrou (geslag) en vrou (getroud) kan verwys, is dit onseker of daar in 1 Timoteus 3:11 na vroue as diakens, of getroude metgeselle van manlike diakens verwys word. Dit kan dui op die vroue van diakens, vroue betrokke by die werksaamhede van die gemeente, of selfs diakonesse. In Romeine 16:1 word Febe as **διάκονος** aangedui. Die vroulike vorm van **διάκονος**, word egter eers in Kanon 19 van Nicea aangetref. Dit word algemeen aanvaar dat 1 Timoteus 3 na vroue van diakens, of vroue as nie-amptelike werkers in die gedeelte verwys word, omdat die taalgebruik van die gedeelte eksklusief manlik is. Paulus sluit vroue uit die leierskap van die gemeente uit:

- Die bediening van diakonesse word nie algemeen in die Nuwe Testament beskryf nie. Vermeulen (2002:238), is van mening dat alhoewel Febe in 1 Timoteus 5:9 as diakones ‘gekies’ word (**καταλεγέσθω**), dui dit nie noodwendig op ’n amptelike orde vir die kies van diakonesse nie. Interpretasies moet die kultuur en gebruike van die tyd in ag neem. Vroue het nie noemenswaardige rolle in die vroeë kerkleiding gespeel nie.
- In die 2de eeu n.C. (150-220) verwys Clemens van Alexandrië na die **διακονίων γυνή** wat saam met die apostels gereis het, ‘nie as vroue nie maar as susters’ (Vermeulen 2002:238). Die vroue het as helpers opgetree, alhoewel die aard van hulle bediening nie vermeld word nie.
- Dit is eers in die 3de eeu n.C. wat daar na die spesifieke taak en rol van die vrou in die gemeente verwys word. Die **Didaskalia Apostolorum (16)** verwys na die take wat vroue verrig het, nl. die doop, salwing, onderrig en siekebesoek, maar *net aan ander vroue*. Daar is nie Nuwe Testamentiese getuienis dat hulle tot die amp van ouderling verkies is nie.
- In die derde eeu was die funksie van diakonesse prominent in die Oostere kerk, maar onbekend in die Westerse kerk. Diakonesse (slegs ongetroude vroue) is met handoplegging deur die opsiener aangestel. Aanvanklik moes hulle sestig jaar oud wees, maar later is die ouderdomsperk na veertig verlaag (Volz 1989: 201, 202).

Gereformeerde teoloë soos Calvyn, Ridderbos en Jeremias ondersteun die interpretasie dat 1 Timoteus 5:11-14 verwys na die vroue van diakens of aktiewe helpers in die kerk, (Vermeulen, 2002: 239). Ongelukkig moes die kerk baie eeue wag om bevooroordeelde, chauvinistiese, en onjuiste eksegeese wat die rol van die vrou waninterpreteer het en ’n oud-oosterse kultuurrol aan haar toegeken het, te verander. Daar is waarskynlik van die diaken se vrou verwag om ’n besadigde rol in die gemeente te speel t.o.v. ‘stories’ wat deur individue versprei is (1Timoteus 5:13). Soos van haar man, moes sy van onberispelike karakter in die gemeente wees. Volgens 1 Timoteus 3:13 het ’n diaken wat sy werk in die gemeente doen soos voorgeskryf, daarmee ’n **βαθμον εαυτοις καλον** verdien. **βαθμον** is ’n *hapex legomenon* en dui op ’n ‘staanplek’ of ‘vastrapplek’ wat die persoon deur sy goeie gedrag verkry het. ’n Diaken het dus ’n lofwaardige rol in die gemeente gehad wat aan hom aansien in die samelewing verleen het.

In die Pastorale briewe is dit duidelik dat ouderlinge en diakens die ruggraat van gemeentes was. Hulle leierskap was bepalend vir die gang van die gemeente. In 2



Timoteus 2:1-6 verduidelik Paulus dat 'n dienaar sy roeping soos 'n soldaat, 'n gedissiplineerde atleet en 'n landbouer moet vervul. Plato beskryf die ideale staatsvorm in sy **Politeia** boekereeks, dele twee tot vier. Daarin stel hy 'n aantal sake wat die sukses van die sisteem verseker, naamlik: voeding, verdediging en logiese kognitiewe leierskap. In die Griekse samelewing is die beeld van die atleet dikwels hierby gevoeg om toegewydheid en sukses te onderstreep. Paulus ontleen sy gedagtes oor die funksie van die diaken en ouderling in die gemeente aan hierdie beelde aangesien dit vir hom aktueel en eietyds was.

Diakens is met die oplegging van hande in 'n gemeente bevestig, 'n *charisma* wat toerusting vir hulle diens gebring het. Hierdeur het die bediening 'n pneumatologiese karakter verkry. (Vgl. 1 Timoteus 4:14 en 2 Timoteus 1:6.) Schweizer (1987:48) huldig die standpunt dat Paulus met hierdie handeling 'erkenning' (*recognition*) aan die persoon wat die amp gaan beklee gee en dat dit nie noodwendig as 'n 'bevestiging' (*ordination*) gesien moet word nie. Daar is baie ooreenkomste tussen die gebruik in die vroeë kerk om hande op te lê en die Judaïsme wat ampsdraers (rabbi's) ook met handoplegging bevestig het (Culpepper 1981:471-484). Die Judaïsme het 'n beduidende rol in Paulus se beskouing oor leierskap vanuit die ampte gespeel

Die vroeë kerk is deur twee 'gemeentegestaltes' gekenmerk, naamlik 'huisgemeentes' en 'stads/dorpsgemeentes'. Romeine 16:5; 1 Korintiërs 16:19; en Kolossense 4:15 verwys na huisgemeentes. Waarskynlik is die briewe aan die Kolossense en 1 Tessalonisense in sulke huisgemeentes gesirkuleer. Hierteenoor, is 1 en 2 Korintiërs in 'stadsgemeentes' gelees. (Vergelyk 1 Korintiërs 1:2 en 2 Korintiërs 1:1.) Die huisgemeente van Priscilla en Aquila was deel van die 'stadsgemeente' in Korinte. So was Thessalonika (1 Tessalonisense 1:1; 2 Tessalonisense 1:1 vergelyk Morris, 1959), Kenchreë (Romeine 16:1) en Laodicense (Kolossense 4:16) ook stadsgemeentes.

Paulus se verwysing in Romeine 16:23 na die 'hele' gemeente ondersteun hierdie siening. So verwys hy waarskynlik ook na die samekoms van huisgemeentes in 1 Korintiërs 11:18. As Saulus volgens Handeling 8:3 van 'huis tot huis' gaan, kan aanvaar word dat hy huisgemeentes vervolg het en nie gewone huisbewoners nie. Dieselfde is waar van Efesiërs 20:17 wat sê dat Paulus die ouderlinge in 'julle huise' onderrig. Dit wil dus voorkom dat die ouderlinge 'n vorm van leierskap in die gemeente uitgeoefen het. Dít is wat in Handeling 20:17 en 1 Timoteus 5:17 geleer word. Dit is egter onseker of alle huisgemeentes deur 'n ouderling gelei is en of die taak van 'opsien' nie soms deur 'opsieners' uitgevoer is nie. (Vergelyk ook Minear 1960.)

In Paulus se briewe oor die ampte is hy geensins onseker oor die karakter van ouderlinge en die leiersrol wat hulle in die gemeente moes vervul nie. Hulle tree as geesvervulde dienaars op, met bepaalde take en funksies waarmee hulle die gemeente moet dien en lei.

Plato se vereistes ten opsigte van heidense godsdienstige leiers was as volg:

- Hulle moes van wettige afkoms wees (familie-dimensie).
- Uit welgestelde families kom (finansies/weldoenerskap)

- Sonder fisieke gebrek (kerk eis morele foutloosheid/ karakter/reputasie)
- Bo sestig jaar oud wees (ervaring).
- Moes deur die lot aangewys word (leiers in die kerk word deur God begaaf vir diens, en deur medegelowiges erken/bevestig) (Vermeulen 2002:237).

Paulus stel dus nie nuwe vereistes vir die ampte aan Timoteus en Titus nie, maar sit die gebruike uit die sekulêre wêreld van sy tyd voort (Vergelyk ook Mullins & Myburgh, 2004.) Sosiale faktore en samelewingstrukture het wel 'n rol gespeel in die leierskap van die vroeë kerk: leiers moes sosiaal aanvaarbaar wees en deel in die gemeenskapsverantwoordelikhede. Paulus het nie *de novo* te werk gegaan by die vestiging van die eerste gemeentes nie, maar binne 'n bepaalde *Sitz im Leben* opgetree en gevestigde en bekende gebruike aangewend om gemeentes en leierskapstrukture te vestig (Vermeulen 2002:40).

As die leierskapmodel skematies voorgestel moet word, sou die ampte in die volgende orde verskyn:

- **ἐπίσκοπος**
- **πρεσβύτερος**
- **διάκονος**
- **ἐκκλησία**

Die voorwaarde vir 'gewone' lidmate in die vroeë kerk om in die leierskap in 'n gemeente te deel het nie afgehang van sy of haar sosiale status of aansien in die gemeente nie, maar wel op die manifestasie van die Heilige Gees in so 'n persoon se lewe. Vanuit die Pastorale briewe blyk dit dat Paulus mense aanmoedig om vanweë hulle verbintenis aan Jesus Christus in 'n bediening te staan en sodoende 'n rol in die gemeente te speel. Daar is ooglopende ooreenkomste tussen Paulus se lys van deugde in Titus 1:9, en dié van die eerste eeuse stoïsyn, Musonius Rufus (Vermeulen 2002:271). Later het hierdie verwagtinge egter verwater en het sosiale status, persoonlike hoedanigheid en invloed 'n beduidende rol begin speel. Leierskap is egter wel in die amp gevestig. Hiervan is die aanstelling van pouse in die papale stelsel 'n voorbeeld.

### **3.9 Die amp van die evangelis in die eerste eeu n.C.**

In die Nuwe Testament word ook van 'Evangeliste' gepraat. Die Rabbyne gebruik die woord **εὐαγγέλιον** om 'goeie nuus' met 'n godsdienstige strekking aan te dui (Friedrich 1985:270). Wanneer Paulus die woord gebruik, verwys hy na die verkondiging van die 'Goeie Nuus' die Evangelie. (Vergelyk Romeine 1: 2, en 3. ) Die naamwoord **εὐαγγελιστής** kom drie maal in die Nuwe Testament voor:

- Timoteus word aangemoedig om die werk van 'n evangelis te doen.
- Filippus word 'n evangelis genoem.
- Die werk van die evangelis word in Handeling 8:14, 2 Korintiërs 1:1 en Kolossense 1:1 geskei van dié van die ander bedienaars (apostels) van die Woord.

O'Brien (1999:299) is van mening dat 'n evangelis waarskynlik na die meer onbereikbare plekke gestuur is om die evangelie te verkondig en om met kerkstigting te help. Dit lyk egter uit Nuwe Testamentiese gegewens asof hulle nie lank op een plek gebly het nie. Die *evangelis* was ook begenadig met *charismata*. (Bonatuurlike gawes, soos gesondmaking, tekens wonders en bevryding van demoniese magte.) (Vergelyk 1 Korintiërs 12:9-10.) Volgens O'Brien kon dat die evangelis se take ook pastoraal en bestuursmatig van aard wees indien die situasie dit vereis het.

Die amp van evangelis het nie baie lank in die vroeë kerk funksioneer nie, hoewel die werk, evangelisasie, steeds voorgaan. In die NG Kerk is hierdie werk lank kunsmatig van 'sendingwerk' onderskei. Evangelisasie is meestal gedoen in die kring van kerkvervreemde mense wat as 'randkerklikes' of 'afvalliges' bestempel is. Sendingwerk, daarenteen, is op die vër plekke gedoen (die evangelisteplekke?), onder mense wat nog nie gekersten was nie. Hierdie onderskeiding het die kerk soms met moeilike vrae gelaat. Evangelisasie is meestal onder blankes gedoen, terwyl sendingwerk onder swartmense gedoen is. Die meeste NG gemeentes het 'n evangelisasiekommissie of bediening, soms een van die moeilikste bedieninge in die kerklike struktuur om aan die gang te hou. Die rede hiervoor lê waarskynlik daarin dat die NG Kerk vanweë haar gereformeerde karakter meer op die verbondsteologie gesteun het as op 'n evangeliese teologie. Dit is ook duidelik uit die geskiedenis dat 'n kerk wat 'n tradisionele volkskerk karakter aanneem, nie noodwendig aan evangelisasie prioriteit gee nie.

### **3.10 Die amp van herder in die eerste eeu n.C.**

Daar word in die Nuwe Testament ook verwys na die **ποιμήν**, herder- of opsigtersamp in die vroeë kerk. (Vergelyk Efesiërs 4:11.) Die Babiloniërs, Assiriërs en Egiptenare het die begrip dikwels gebruik om hulle leiers te beskryf. In die Ou Testament word *Yahweh* ook as 'n herder beskryf. (Vergelyk Jesaja 40:11 en Jeremia 3:15.) Soms is die begrip vir beide militêre en politieke leiers gebruik. In die vroeë kerk het die betrokke amp veral die pastorale versorgingsaspek in die gemeente behels.

Afgesien daarvan dat Hy homself so beskryf, verwys die Nuwe Testament op baie plekke na Jesus as 'n herder. (Vergelyk Matteus 10:6; 26:31; Markus 14:27, 28; 10 en Openbaring 7:17, 12:5.) (Sien ook Grosheide 1954 oor Matteus en Hendriksen, 1940, oor Openbaring.) Winstanley (1986:197-206) is van mening dat die herder-analogie 'n paradigma is waarbinne al die ander ampte behoort te funksioneer. Die herder het nie rondgereis en hom met gemeentestigting besig gehou nie: hy moes pastorale stabiliteit aan die gemeente verskaf. Dié funksie het ooreengestem met die van die **πρεσβύτερος** en die **ἐπίσκοπος**, aangesien beide na residensiële bedieninge in die plaaslike gemeente verwys. (Vergelyk Handeling 20: 28.) Uit Romeine 12:8 kan afgelei word dat die herders ook die **κυβέρνησις**- en die **προισταμένου**-bedieninge hanteer het. (Vergelyk ook Haldane 1966, oor Romeine.) Onderrig, bestuur en begeleiding was deel van die herdersamp. Dit is 'n bediening wat empatie, liefde, versorging, toesig en lering behels (Vermeulen 2002:160.) Die herdersamp is ingestel om die kudde na volwassenheid te lei. (Vergelyk Matteus 10:6; 15:24; 12:3; 19:10; Berkelbach van der Sprenkel 1964 oor Matteus; Lenski 1946 oor Markus 6:34; 14:27 en Grosheide 1954 oor Markus.)

### 3.11 Ampsbeskouing vanuit die donker Middeleeue

Calvyn handhaaf die lering van die *manus triplex*, dit is die leer oor die drie ampte: die leraar (lerende ouderling), ouderling (regerende ouderling) en diaken (diens van barmhartigheid). Sy standpunt is dat God mense in die amp aanwys om sy kerk te regeer. Hy vestig hierdie siening op Efesiërs 4.

Calvyn onderskei egter tussen die ‘belangrikheid’ van die verskillende ampte. Hy beskou die ampte van apostel, profeet en evangelis as ‘spesiaal’ (buitengewoon) en dié van leraar en herder as ‘gewoon’. Hierdie siening stem ooreen met die Gereformeerde teologie oor die onderskeid tussen die sogenaamde buitengewone en gewone gawes. Volgens Calvyn is leierskap in die kerk gesetel in die ampte van die opsiener, oudste, herder en dienaars in die gemeente. Slegs die ‘kwalifikasies’ wat in die Bybel voorgehou word ten opsigte van die godsdienstige, morele en sedelike lewenswyse van leiers, is vir Calvyn van belang. Die diakonie word nie hierby ingesluit nie, aangesien hulle op die gebied van die diens van barmhartigheid funksioneer.

Die inhoud van die **Nederlandse Geloofsbelydenis**, Artikel 30, dien as teologiese onderbou vir hierdie siening oor die ampte. ’n Belangrike onderskeid wat deur Calvyn gemaak word, is dat die ouderling nie in die bediening (diens) van die Woord deel het nie (Macchia 1999:66). Gereformeerde beskouinge hieroor het gelei tot die sogenaamde leesdiens wat deur ’n ouderling waargeneem kon word en wat vandag nog in sekere gereformeerde kringe gehandhaaf word.

Ten opsigte van ’n ampsteologie het belangrike leerstellinge oor kerkregering (leiding) mettertyd ontwikkel:

- Die Episkopale stelsel handhaaf die ampsgesag soos van die apostels ontvang. Gesag word deur die gebruik van die handoplegging aan die ampte toegeken. Diegene wat in die amp bevestig is, beklee ’n hoër status in die gemeente as die gewone lidmate.
- Die Kongregasionalistiese stelsel handhaaf ’n vry ampsbeskouing waarin die amp algemeen is omdat dit in die priesterskap van die gelowige gesetel is. Namate daar behoefte daarvoor ontwikkel, ontstaan die amp spontaan uit die gemeente.
- Met die Reformatoriese benadering het Luther beklemtoon dat die amp van die leraar/prediker belangrik is. Hy het die kerkregering egter nie van primêre belang geag nie.
- Die Presbiteriale stelsel is Calvinisties gegrond en beklemtoon dat Christus sy kerk op aarde deur sy Gees regeer en dat Hy mense in die ampte daartoe gebruik. Hierdie persone word ‘geroep’ om in die ampte te dien. Omdat die kerk die *Una Sancta* is, sluit die kerkregering hiërargie uit. Al die ampte is gelyk en word slegs deur hulle besondere funksionering onderskei. Die ampte is tot ‘diens’ in die gemeente en ‘regeer’ slegs in die sin van diensbaarheid. Die **Nederlandse Geloofsbelydenis** Artikel 28, beklemtoon

die ‘amp’ van die gelowige, terwyl **Die Heidelbergse Kategismus**, Vraag en antwoord 55, meer klem op die toerusting van die gelowiges (in die amp) lê. Die stelsel handhaaf die siening van ’n geslote kanon ten opsigte van die ‘besondere’ ampte van die Nuwe Testament en leer dat slegs die ‘gewone’ ampte vandag in die kerk bestaan. Dit verklaar waarom die profete-amp nie meer bestaan nie. Profesie kan wel deel van die prediking uitmaak.

In 1971 verskyn ’n verslag in die Nederlandse Hervormde Kerk (**Berkhof Rapport**) met die titel, *Wat is er aan de hand met het amt?* Die skrywer maak ’n onderskeid tussen die verskillende funksies binne die amp. Die onderskeiding (spesialisasie?) is as volg:

- Dienaar van die Woord – prediking
- Leraar – kategeese en godsdiensonderrig
- Herder – pastoraat en siekebesoek
- Diakonie – barmhartigheid (Louw 1984:94).

Lekkerkerker skryf in ’n artikel oor ‘Apostolaat en Ambt’ in **Kerk en Teologie** 13, dat *de krisis van het amt hangt in laaste instantie samen met de krisis van de Christelike Kerk in haar verkondiging*. Die hedendaagse gesagskrisis is waarskynlik grotendeels verantwoordelik vir die woelinge om die amp. *Gezag en macht, orde en regt worden tegenwoordig gemakkelijk en openlijk aangetast*.

Wanneer daar na die amp gekyk word (vergelyk ook Heitink 2001:14 se kommer oor die verbygaande amp van die predikant), is veral drie vrae aan die orde:

- ’n Sosiologiese vraag: Is die klassieke ampstelsel nog relevant in die hedendaagse kerk? Binne die NG Kerk is daar enkele gemeentes wat nog die tradisionele ampstelsel kan handhaaf waarin daar ouderlinge en diakens per wyk gekies word. Die aantal vakatures op kerkrade wat nog so wil funksioneer, keer effektiwiteit. Stedelike gemeentes kan nie die stelsel implementeer nie en het allerhande strukture in plek om die gemeente, los van die tradisionele beskouing van die amp van ouderling en diaken, te bestuur. Manslidmate is vandag so betrokke by hulle werk dat tyd by hulle gesin beperk is. Hulle word al minder op kerkrade verteenwoordig. Daar is talle kerkrade wat met nuwe strukture verkleinde kerkrade het, wat gespesialiseerd konsentreer op spesifieke bedieningstelsels. Vrywillige (diens)werkers vervul die tradisioneel verkeerde rol van die diaken as slegs ’n kollektant. ’n Verskynsel wat navorsing verg, is die vraag waarom lidmate bereid is om slegs in ’n nie-amptelike nie-vergaderende hoedanigheid diens in ’n gemeente te lewer. Het die tradisionele wyse van vergadering en tydsbestuur in die kerk iets hiermee te maak?
- Ekumeniese vraag: Is die verskil in ampsopvatting nie die struikelblok in die weg van groter kerklike ekumenisiteit nie? Die groeiende buitekerklike gelowiges gebruik die nagmaal in kleiner groepe en doop mekaar. Alles buite kerkverband of amptelike diensbaarheid om.
- Prinsipiële vraag: Is daar naas horisontale lyne nie ook vertikale lyne in die ampsbediening opgesluit nie? Lidmate is skugter vir hierdie dimensie van

die ampsuitvoering. Met die redusering van die diakenamp tot die van blote kollektant het die vertikale dimensie van sorg en barmhartigheid verlore gegaan. Tradisioneel is daar verwag dat die ouderling voor elke nagmaal by sy wykslede besoek aflê. Met die vermeerdering van nagmaalgeleenthede, lidmate se besige werksprogramme en die gebrek aan tyd is die tradisionele gebruik afgeskaal en vind dit waarskynlik in die meeste gemeentes nie meer plaas nie. Ouderlinge wil nie meer met mense oor hulle 'siele' gaan praat nie. Hulle betaal die leraar om dit te doen! 'n Interessante vraag is of die leraarsamp ook nie die vertikale dimensie begin verloor in die poging van baie leraars om 'cool' te wees nie? Wanneer die leraar 'ou Koos' word wat met kortbroek en plakkies by kerkraadsvergaderings opdaag, het iets wel verlore geraak.

### 3.12 Evolusie tot die amp van 'dominee'

In die begin van die proefskrif, onder *Terreinverkenning* (bladsy 15), is daar na Heitink se ontleding oor die ontstaan van die amp van die dominee verwys. In die sestiende eeu verskyn die 'dominee' vir die eerste keer op die kerklike toneel; nou nie as geestelike of priester nie, maar as *clerus*, behorend tot die *laos*, die volk. Binne die kerkgemeenskap is sommiges aangewys om die diens van leiding te verrig. Hierdie taak is aan die 'dominee' opgedra. Dat die predikant later die amp van leraar beklee, is daaraan toe te skryf dat hy 'n spesifieke 'ambag' verrig het. In hierdie geval, die lering en voorgaan in die gemeente as gemeenskap van gelowiges. *Etymologies is het een sementrekking van ambacht, een woord dat uit het Keltisch in de Germaanse talen is binnengedrongen. Vanaf het begin van de veertiende eeuw wordt het aangetroffen in de betekenis van 'bedrijf'. Het is dus een word van gewone komaf en ziet op het beroep dat men uitoefent als timmerman, smid, schoenmaker of boer* (Heitink 2001:23). Hy wys ook daarop dat hierdie amp later opgradeer word deurdat die owerheid of gesagsinstansies spesifieke mense daartoe beroep of bevestig het.

Die amp van die leraar bepaal dat hy 'n spesifieke kerklike taak het om te verrig waarvoor onderrig en opleiding - *ambachtelijkheid* - nodig is (Heitink 2001:180). Die predikant moet egter ook 'n *roeping* hê om sy werk in die gemeente te doen, al word sy werk in die besigheidswêreld nie as 'n beroep geklassifiseer nie. Volgens Heitink is daar drie belangrike aspekte waaraan die professionaliteit van predikantsamp gemeet word:

- Geskiktheid
- Bevoegdheid
- Bekwaamheid.

Hierdie drie woorde val saam onder die begrip *competentie*.

Predikant wees speel af in die konteks van persoonlike lewensomstandighede, kerk en samelewing. Die taak van die predikant is om gebeure binne 'n verstaanbare *hermeneutiese konteks* te plaas en deur die Woord te belig, sodat dit gehoor (verstaan?) word deur die mens van die huidige tyd. Hierdie hermeneutiese interpretasie moet lei tot 'n *agogiese moment* waarin lewensverandering in die hoorder se lewe kom. Die predikant is *de betaalde vrijwilliger van zijn gemeente*.



*Hij werkt temidden van zijn werkgevers en is financieel afhankelijk van degenen, over wie hij als herder en leraar gesteld is (Heitink 2001:220).*

Lemaire (1971:182) wys daarop dat die amp van die leraar met die amp van rabbi in die Ou Testament verbind kan word. Die amp van die ‘leraar’, soos in die Nuwe Testament, kom van die benaming **διδάσκαλοι** wat na ‘bekeerde’ rabbi’s verwys. Jesus word op een en veertig plekke in die Nuwe Testament Rabbi/leraar genoem. (Vergelyk Markus 1:21; 2:13; 4:1; 6: 6; 12:35.) Die woord word tien keer in die res van die Nuwe Testament gebruik - drie keer deur Paulus. In die Hebreeuse tradisie was die **διδάσκαλος** nie net ’n onderwyser nie, maar ook iemand wat morele onderrig, met die fokus op God, gegee het (Wehrli 1992:62).

Hieruit blyk die verskil tussen die profetiese amp en die amp van leraar. *The prophet enacts inspired preaching... the teacher is the one who instructs, either in catechesis... or in the interpretation of scripture* (Fitzmeyer 1993: 647-648). Die funksie van die leraar het hierin baie ooreengestem met die van die Joodse skrifgeleerdes en die Rabbi’s wat ook besig was om die tradisie aan die volk oor te dra en uit te lê. Profete kon waarskynlik in Nuwe Testamentiese tye net in pastoraal gunstige omstandighede wat deur die leraar geskep is, behoorlik funksioneer (Wolterstorff 1995:19-36). Profete het gewoonlik gefokus op die hede en die toekoms, terwyl leraars hoofsaaklik op die verlede (tradisie) en God se algemene wil vir die mens se lewe toegespits was.

Daar kan onderskei word tussen plaaslike en peripatetiese leraars. Laasgenoemde was charismaties en het ’n groter bedieningsarea gehad (Kok 1999:175). Paulus noem die amp van leraar in sy lys van gawes. Hieruit kan afgelei word dat die amp deel van die gemeentefunksionering was. Dié amp was baie prominent in die latere kerk en word naas die ampte van ouderling en diaken deur die kerkvaders in stand gehou en voortgesit (Hazlett 1991:106).

Die karakter van die amp was in diensbaarheid geleë, maar het sedert die kerkhervorming ontwikkel van dié van geestelike (priester) tot ’n beroep. In die post-moderne tyd is die amp van die predikant skerp gedegradeer: dit is ’n beroep wat aan die vooraand van indringende verandering staan. Heitink (2001:217) benadruk dat die beroep van predikant die afgelope veertig jaar baie verander het. Die predikant dra vandag nie meer, soos in die verlede, gesag in die gemeenskap nie. Aanpassing en plooibaarheid is nodig in die denke van die predikant. Nuwe vorme van religiosentrisiteit ontwikkel buite die bekende kerklike tradisies. Dit verg ’n nuwe bedieningsmetodiek waarin die kleingroepe die pastorale taak van die tradisionele pastor kan oorneem. Daar is ook ’n toename in *ontkerkelijking*, (sekularisasie), wat die vervreemding tussen predikant en breër gemeenskap versnel (Heitink, 2001:177; vergelyk ook Heyns 1993 in hierdie verband.)

Die ‘professionalisering’ van die amp van leraar het die predikant skerp onder die soeklig geplaas. In die samelewing verwag mense dat die predikant ’n spesifieke rol moet vervul. Hierdie verwagting is divers en wissel van persoon tot persoon. *De charismatische leider wint steeds meer terrein, met name in evangelicale kring en het woord missie doet het in het bedrijfsleven zelf beter dan in de kerk* (Heitink 2001:267). Heitink wys daarop dat persoonlikheidsvorming en media-opleiding van belang word. Die probleem is dat die predikant al hoe meer op sy persoon beoordeel

word. Die trekpleister na die erediens is nie meer die belewenis van gesamentlike aanbidding tydens 'n erediens nie, maar die gehalte van die prediking. Die maatstaf vir die sukses van die prediker word gemeet aan die getal mense wat hy na die erediens trek wanneer hy preek. *Mensen, bijkomend van de druk van hun dagelijks leven, zoeken ook in de kerk vrijblijvende ontspanning, nostalgisch verlangen, zoete spijs, troostrijke gebaren en gemakkelijk vermaak. Het dwingt de predikant in de rol van religieus entertainer. Voorziet deze hier niet in, dan is al gauw sprake van disfunctioneren* (Heitink 2001:267).

Die sukses van die predikant in sy gemeente hang dus af of hy aan die behoeftes van die meerderheid lidmate kan voldoen. In **Kruisgewys** (Jaargang 5, Volume 2, pp.11-12) skryf Frederich Marais dat daar waarskynlik nie 'n gemeente is wat die afgelope tyd nie oor die taak van hulle leraar(s) besin het nie. Hy wys daarop dat alhoewel Artikel 9 van die **Kerkorde en Bepalinge in die NG Kerk** nog vas staan (al het die Algemene Sinode van 2005 besluit dat dit verander moet word en dit vir verwerking verwys is), daar 'n aantal onrealistiese taakreëls is wat nie meer vandag in die kerk toegepas kan word nie.

Gemeenteverwagtinge bepaal die rol wat die predikant vervul. Uiteraard wissel hierdie verwagtinge. Buvton het in opdrag van 'n verenigde Sinodale Kommissie vir Predikantsbegeleiding onderskeid gemaak tussen drie belangrike taakverdelings vir die leraar, naamlik:

- Die beoefening van 'n ampsteologie.
- Die vul van algemene rolle soos dissipel, vriend, visionaris, mobiliseerder, fasiliteerder, ens.
- Verantwoordelike take spesifiek deur die Kerkraad aan die leraar toegesê.

Daar is 'n verskuiwing van denke oor hoe die predikant suksesvol aangewend behoort te word: met ander woorde die posisie wat hy moet beklee om maksimaal aan die gemeente se behoeftes te kan voldoen. Lidmate gaan nie meer kerk toe om te hoor net wat die dominee in 'n preek te sê het nie (lank verby is die dae van 'So spreek die Here!'). Hulle vra: wat bied die erediens aan my as individu? Die sukses van die opleiding van studente in die Teologie, word in die predikant se effektiwiteit in die bediening gesien. *Een groeiend aantal predikanten struikeld al in de eerste gemeente, constateerde de Bond van Nederlandse Predikanten* (Heitink 2001:270).

Dit is belangrik om daarop te let dat die amp, gesetel in net een persoon, nie in die vroeë kerk funksioneer het nie. Daar was eerder 'n gesamentlike ampsbediening waarin verskillende persone verskillende take verrig het. Paulus het baie sterk gevoel oor hierdie verdeling van take. Volgens hom was die lewe van die gemeente afhanklik van hoe 'Liggaam' as geheel gefunksioneer het. Elke lidmaat het 'n bepaalde rol gespeel. (Vergelyk Efesiërs 4 en 1 Korintiërs 12.) Die *charismata* wat deur die Heilige Gees gegee is, het aan elke lidmaat besondere gawes geskenk met die doel dat almal saam sou werk om die gemeente op te bou. Met ander woorde, elke lidmaat het 'n bepaalde verantwoordelikheid gehad: hulle moes ook aan mekaar verantwoording doen. Die erediens in die gemeente het nie uit die liturgie gespruit nie, maar vanuit die spontane bydrae van die lede. (Vergelyk 1 Korintiërs 14:26.)

Die aard van die charismata wat afsonderlike lidmate ontvang het, het die karakter van diens bepaal. Die styl van hulpverlening en ondersteuning was koöperatief.

Van Deventer (2006:173) wys daarop dat daar deur die afgelope aantal jare 'n kritiese beskouing oor die amp in die vroeë kerk ontwikkel het. Vanweë die sterk apokaliptiese verwagting in die eerste eeu n.C. het die vroeë kerk nie 'n behoefte aan die besondere bediening van die ampte gehad nie. *Daar is konsensus onder Protestante en Rooms-Katolieke eksegete dat die Nuwe Testament nie 'n normatiewe model of teorie oor die ampte het nie.* Alhoewel die woord 'amp' nie in die Bybel gebruik word nie, dui die omskrywing daarvan op dienswerk binne jong, plaaslike gemeentes. (Vergelyk ook Martin 1995.)

Die amp van die predikant kom uit die stelsel van Calvyn. (Vergelyk McNeill & Battles 1960.) Bucer het 'n ander invalshoek. Hy kyk na die amp vanuit die pneumatologie en die charismatiese. Heitink staan krities teenoor die 'soliste'-amp van die leraar. *Voor mijn besef doordat we ons blindstaren op een bepaald beeld van predikant: dat van de solist, de 'doe het zelve', de generalist, de altijd beschikbare alleskunner, kortom de gevangene van het pastorale grondmodel uit de tijd van Karel de Grote, ook wel aangeduid als een mens, een gebouw, een gebied. Maar deze dominee gaat voorbij.* As remedie vir hierdie negatiewe ontwikkeling stel hy voor: *die van een andere organisasie van het predikantschap, met meer aandacht voor spesialisatie, differentiatie, teamwork en loopbaanontwikkeling.* (Heitink 2001:271; vergelyk ook Lekkerkerker 1962.)

Hierdie stelsel fokus op die welsyn van die gemeente. In die vroeë kerk was daar nouliks sprake van 'n enkele persoon wat vir die gemeente verantwoordelik was. Daar word uiteraard leiding gegee, maar daar is meer as een rolspeler. Wanneer ons na I Korintiërs 12 kyk, is dit baie duidelik dat alle gemeentelede op een of ander manier vir die gemeente verantwoordelik is in die sin dat elkeen 'n gawe (*charismata*) van die Heilige Gees ontvang het. Die onderliggende eienskap van die *charismata*, is diensbaarheid.

Ontnugtering oor die dikwels vreemde en verkeerde leer van die kerk en die vertolking van die Skrif in die verlede het veral in Suid-Afrika gelei tot 'n groter wordende kloof tussen gemeenskap en predikant. Dit lyk soms asof beide partye mekaar nie regtig meer verstaan nie. Die professionaliteit en die persoon van die predikant word sterk bevraagteken en dit is 'n reële vraag of die predikantsamp soos dit tans bestaan, nie gaan verdwyn nie, omdat dit nie meer 'n duidelike identiteit in leiersverband het nie. Die predikantsberoep is toenemend besig om onsigbaar te word en in die *marge van de moderne samenleving* te verdwyn. *Het is niet alleen 'het hemels baldakijn' dat gescheurd is, ook het vloerkleed waarop ze staan wordt langzaam onder hun voeten weggetrokken* (Heitink 2001:255).

Die praktyk van die Suid-Afrikaanse kerklike samelewing wys ook daarop dat talle predikante van die NG Kerk die bediening verlaat vanweë uiteenlopende redes, waaronder ook die sin-vraag na hulle werksaamhede. Behalwe bevestigende ondersoeke na hierdie verskynsel soos onder andere bevestig in **Kerkspieël (4)**, is daar geen werklike volgehoue diepgaande aksie van die kerk se kant tot versorging van predikante nie. Binne die gemeente is hy/sy dikwels baie eensaam en word die amp nie meer soos in die verlede, gekoester nie.

Die postmoderne kultuur van ons tyd takel die amp van die predikant af. Dit is nie dat geloof in God, die Bybel, kerk en kerkleer alleen in die spervuur staan nie. Gesag en dissipline word in die algemeen erg ondermyn. Relativisme en verset teen die konvensionele is 'n dryfkrag van ons tyd waarmee rekening gehou moet word. Die predikant as persoon word met sy amp identifiseer en val onder skerp fokus. Persoonlike misstappe word direk met die amp verbind en daarom kleiner. Ander spesialismes bedreig die amp omdat maatskaplike werkers, huwelike buro's, sielkundiges, voorligters en 'n menigte ander ontwikkelaars van die self, 'n groter rol in die problematiek van mense begin speel. Sy/haar werkplek (gemeente) raak onhanteerbaar en vreemd dikwels beperk tot die groep meelewendes met 'n randgroep mense wat buitelanders bly (De Klerk 1998:77).

Voeg hierby 'n onvermoë om sy tyd reg te bestuur en die predikant bevind hom in 'n eie gemaakte situasie waarin hy/sy hulle laat dryf deur *compulsion* en *procrastination* (Shawchuck & Heuser 1993:84). Die oorwerkte pastor sal nie effektief wees nie, ook nie die een wat van persoon tot persoon beweeg wat slegs nuttelose tyd van hom in beslag neem nie. Hoe meer die pastor gedoen wil kry hoe beter behoort hy sy dagprogram te beplan en te bestuur. Sistematiese werksaamheid is hier die antwoord. Met goeie beplanning kan baie werk oor 'n tyd versprei en effektief afgehandel word. Tyd is die skaarste hulpbron vir die pastor en dit vermeerder nooit nie. Daar word beweer dat 80% van wat 'n mens gedoen kry in 20% van jou tyd plaasvind. Goeie vrae om te vra is: *Which of these activities are not adding to my fundamental priorities? Which of these can be done by someone else? How do I enlist someone else to do them?* (Shawchuck & Heuser 1993:85).

Daar moet tyd geskeduleer word waarin die leraar betekenisvolle bydraes tot die gemeente kan maak deur dit waarmee hy besig is. Daar is baie tydmors (*time-wasters*) aktiwiteite waarmee die gemeente doenig kan wees en die pastor daarby insleep. Stephen R Covey (1989:87) sê in hierdie verband dat die pastor moet leer om twee sake van mekaar te onderskei: *urgent* en *important*. Wanneer hierdie twee sake met mekaar verwar word, is daar oneffektiewe tydsbesteding en word die essensiële nie binne die gemeente gedoen nie. Dringende sake vra onmiddellike aandag terwyl belangrike sake in die roetine aandag behoort te kry en te maak het met resultate, d.i. met die effektiewe realisering van die missie, waardes, ens. Belangrike sake vra van die leier om interaktief te wees. Reaktiewe leiers reageer dadelik op dringende sake (1989:150). Baie pastore is besig met belangrike dinge terwyl hulle meen dat dit dringende sake is. Hulle is gewoonlik ook nie in staat om hulle eie lewensyd reg te bestuur nie en hoor ons hulle dikwels sê: *'ek het nou net in die huis gekom' of 'jy is gelukkig om my in die hande te kry aangesien ek nou net op pad uit is...'* Covey skryf verder dat die belangrikste sake waarmee die pastor besig kan wees is om verhoudings te bou, leke leiers op te rig, te beplan, onderrig te gee en vir die Sondag dienste voor te berei. Dan vorm sy leierskap 'n rigtinggewende koers vir die gemeente.

Die amp wat die leraar beklee laat hom of haar nie werklik toe om 'menslike' eienskappe te vertoon nie. Hy/sy mag byvoorbeeld nie kwaad word of twyfel oor 'n saak toon nie. By begrafnisse is die leraar die *bron van krag*, maak nie saak of hy/sy dalk 'n eie familielid begrawe of 'n goeie vriend en sukkel om die emosies te oorkom nie. C Welton Gaddy (1991: 30) vertel van sy innerlike emosies tydens sy

bediening: *More than once I have stood in a pulpit and delivered a sermon in a style that exuded confidence and authority, some would even say power, while my mind was confused, my rubbed-raw emotions hurt like third-degree burns, and my spiritual life seemed to be sagging severely, on the verge of hitting bottom and splintering into a thousand pieces.*

Dit is ook waar dat sommige predikante nie toegerus is om hulle amp behoorlik te vul nie. Swak prediking (lidmate van ons dag soek gehalte in die prediking), ontoereikende persoonlikheidstipes, introverte geaardhede, naïwiteit, onvermoeë tot buigzaamheid, lewensvreemdheid en 'n gebrek aan die vermoë om met mense te kommunikeer (die styl van aanbidding in die erediens is van groot belang), is maar 'n paar van die probleme wat die kerk met sy predikante ervaar. Die verkeerde beroepskeuses en oorskating van eie vermoë, nalatigheid in getroue diensbaarheid skud die fundamente van die krimpende kerk nog verder.

Die vraag wat na vore kom is of die beroep van die predikant enigsins nog in die gemeenskap sal funksioneer in die toekoms, omdat die gevestigde kerke as sodanig jaarliks 'n negatiewe groei toon. Heitink (2001:255) vra of die kerk nie deur kulturele ontwikkeling ingehaal is nie.

### 3.13 Ampsbeskrywing in die NG Kerk

Augustinus het as kerkvader geweldige invloed op die kerkbegrip en wêreldbeskouing van die Rooms Katolieke wêreld van sy tyd gehad, met die skrywe van sy werk *Civitas Dei* (Die Stad van God). Hy het hierin die idee gehandhaaf dat die kerk God se volmaakte organisasie en voorloper van die Nuwe Jerusalem was. Die godsdienstige kultus was volgens hom die enigste werklike werklikheid waarin die mens geleef het. Hy het die Pous as God se stadshouer (president) gesien, wat deur middel van die kerk (Rooms Katolieke kerk) die genade aan mense uitdeel en Sy Koninkryk bestuur. Augustinus het die standpunt gehandhaaf dat die wêreld onveranderlik is waarin alles vas en konstant is. Waarhede was ewig, met God wat alles beheer en bestuur en uit wie se hand die mens goed en kwaad ontvang.

Hierdie kerkbegrip het aan sowel die kerk as instituut en die ampte geweldige mag gegee. Die genade waaruit gewone mense moes leef, kon alleen uit die hand van die priester (amp) ontvang word, voor wie jy moes buig om jou sonde te bely. Die priester se teenwoordigheid het die kerk se teenwoordigheid konstitueer. Die gevolg hiervan was dat die kerkbegrip hiërargies ontwikkel het. Alle gesag, besluite en bediening in die kerk het van *bo* (kerkhiërargie) gekom. Die kerk het sy gemeentelike grense vasgestel en is *bedien*. 'n Passiewe lidmaatsbeskouing het ontwikkel waarin die gewone gelowige vir sy saligspreking totaal afhanklik was van die kerk en haar ampte. Die lidmate is *leke* genoem, 'n begrip wat tot vandag toe graag as *verontskuldiging* deur lidmate van gereformeerde afkoms gebruik word om hul onkunde oor die Bybel of kerklike aangeleenthede te verbloem.

Die kerkbeeld van Augustinus het die kerk en hulle wat binne was, as '*gered*' beskou en almal buite die kerk as die '*ongeredges*.' Die totale missionêre aksie het gegaan om die wat *buite* is, *binne* te kry. Binne die kerk het die ampte gedien om te voorsien in wat lidmate *nodig* gehad het, naamlik die sakramente en die bediening



van die Woord. 'n Leek kon nie die *heilsmiddele* bedien nie (Hendriks 1993:16). In die kerkgeskiedenis van die NG Kerk in Afrika het daar tot ongeveer 1980 'n gebruik bestaan waarin net diegene in die amp van leraar (dit is die wat die kerklike leraarstoga kon dra), toegelaat is om kinders te doop en die nagmaal te bedien. Die 'evangeliste' wat hulle opleiding aan die Stoffberg Teologiese Skole ontvang het, is nie toegelaat (bevoeg geag) om hierdie *ampswerk* (bediening van sakramente) te verrig nie.

Augustinus het sterk klem gelê op lering in die kerk, wat dieselfde model as die skool aangeneem het. Dit was uiters belangrik om die kerklike dogmatiek onder die knie te kry, daarom is dit van jongs af aan kinders in die skool geleer. Waarskynlik is die ou 'Sondagskool' in die gereformeerde kerkbegrip van 'n paar dekades gelede, verwant aan die skoolonderrig-metode van die Rooms-Katolieke Kerk.

In die Roomse Kerk het die Pous op aarde die verteenwoordiger van die priestersamp van Jesus geword. Hy delegeer sy gesag tot op die 'laagste' amp in die gemeente-opset, die amp van gelowige. In die tradisie is die pous duidelik onderskeibaar gemaak van die gewone gelowige deur, byvoorbeeld, kleredrag, woonplek, taalgebruik en gewoontes. Binne gereformeerde kringe het die swart-en-wit kleredrag (pak klere, toga, wit beffie of das) die leraar van die lidmate onderskei. Die afgelope vyftien jaar het die NG Kerk veel gedoen om sy leraars groter vryheid ten opsigte van kleredrag te gee en hierdie kunsmatige onderskeid af te breek. Tans is die kleredrag uiters informeel en boet die amp gevolglik soms waardigheid (professionaliteit) in. Ander professies (mediese praktisyns, regters, ens.) het nie hulle kleredrag verander ten einde vir die publiek meer aanvaarbaar te wees nie. Waarskynlik hou hierdie gebeure binne die NG Kerk direk verband met 'n die identiteitsverskuiwing van die amp binne die kerk. Die vraag kan wel gevra word of daar nie nou met 'n *te* informele kleredrag na die teenoorgestelde uiterste beweeg word nie.

Binne gereformeerde denke setel leierskap in die ampte. **Die Kerkorde van die NG Kerk Sinode Oos-Transvaal** omskryf die ampte soos volg: (Vergelyk ook O'Brain Geldenhuys, 1951.)

- *Ampte of geordende bedieninge is gawes en dienste waardeur God mense wat Hy in en deur Christus verlos het en tot geloof in Hom gebring het, toerus vir hulle dienswerk in die wêreld. Ampsdraers met spesiale gawes werk in die bestuur en bedieninge van die gemeente en kerkverband saam om lidmate te help om hulle diens as gelowiges in die wêreld te doen.*
- *Die kerk volgens die Nuwe Testament het kragtens sy wese en opdrag 'n duidelike verantwoordelikheid om God te aanbid, homself (haarself?) onderling te versorg en getuie in die wêreld te lewer. Die ampte is gerig op hierdie drie bedieningsterreine en word gevul deur die gawes en dienste wat God aan sy kerk gee.*
- *Alhoewel daar vanuit die Nuwe Testament geen spesifieke opdrag tot die blywende instandhouding van die eeue-oue instelling van die drie ampte van die bedienaar van die Woord, ouderling en diaken is nie, het die Algemene Sinode in 1998 op grond van 'n ondersoek na 'n Nuwe-Testamentiese basis*



*vir die heraanpassing van die bedieningstruktuur in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, herbevestig dat die bestaande drie ampte 'n Skrifuurlik-verantwoorde gestaltegewing van die Nuwe Testamentiese ampsbeskouing is. Daar word ook aanvaar dat daar vanuit die Skrif geen beswaar teen die verbreding van die inhoud van die bestaande ampte bestaan nie. As beslissende fokuspunkte vir die drie ampte moet die volgende geld:*

- 1. Woordbediening in sy verskillende gestaltes*
  - 2. Die fokus van die amp van ouderling moet gerig wees op geestelike leiding, bestuur en toesig,*
  - 3. Die fokus van die amp van diaken moet op meer praktiese dienswerk in die gemeente val.*
- *Die drie ampte het in die gereformeerde tradisie in Artikel 30 en 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis neerslag gevind. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk voorsien hierdie ampte steeds in die bedieningsbehoefes van die kerk. Die drie ampte is vir die kerk noodsaaklik en sekere aanpassings behoort voortdurend ten opsigte van die inhoud daarvan gemaak te word om vir veranderende bedieningsbehoefes voorsiening te maak. Die Algemene sinode het in 1998 aanvaar dat daar volgens die Skrif geen prinsipiële beswaar bestaan teen die vermeerdering van die aantal ampte nie.*
  - *Terwyl uiters waardevolle hulpsdiens deur 'helpers' of 'medewerkers' (byvoorbeeld pastorale hulpe, kategete, kleingroepleiers, kolporteurs, kollektante ens.) verrig kan word, staan hulle in die amp van die gelowige. Hulle moet as bedienaar van die Woord, ouderling of diaken deur 'n kerkraad verkies (beroep) word en in die amp volgens die voorgeskrewe formulier bevestig word om hulle geordende bediening in gemeente- en kerkverband te beoefen en om sodoende in kerklike vergaderinge te dien. Toelating tot die amp geskied dus alleen deur die roeping van en amptelike indiensstelling deur die kerkvergadering.*
  - *Kerkraadslede word gekies om hulle fokusbedieninge in die wyer gemeenteverband uit te oefen en nie in die eerste plek binne wyk- of kleingroepverband nie.*
  - *Die kerkraad kan aan 'n kerkraadslid 'n bedieningswyk, 'n groep wyke, 'n kleingroep, 'n groepering van kleingroepe, 'n diensgroep of kategoriale bediening (byvoorbeeld jeug, enkellopendes, senior lidmate, vroue, ens) toewys, maar dit mag nie beteken dat die kerkraadslid daardeur onthef word van sy verantwoordelikhede teenoor die gemeente as geheel nie.*
  - *Ringe moet toesien dat kerkrade aan die voorskrifte van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Kerkorde vir die samestelling van kerkrade voldoen en dat kerkraadslede steeds hul ampstake binne die fokus van artikels 9, 16 en 17 van die Kerkorde verrig (2003: 5-6 met bronverwysing na die Agenda en Handeling Algemene Sinode 1998. bl 211-212, 217-221, 512; vergelyk ook Swanepoel, 1993).*

### 3.14 Samevatting

Die teologiese begroning van die ampte in die NG Kerk is getoets deur die historiese gebeure soos in Hoofstuk 1 beskryf en 'n snelveranderende bedieningskonteks soos in Hoofstuk 2 behandel. Die wisseling van 'n outoritêre ampstruktuur in die kerk wat polities verstrengel en hoogs sigbaar was voor 1994, tot een wat soms onsigbaar is, het die ampsbeskouing beïnvloed.

Omdat die ampte tradisioneel as leidinggewend gesien is, is die uitoefening van leierskap binne die NG Kerk geraak. Die NG Kerk leierskap is reeds in hierdie proefskrif (Hoofstuk 2) beskryf as versigtig, huiwerig en in baie gevalle traag. Die *communitas*-fase het die kerklike uitsprake in die breë gedemp, maar uit die oorversigtigheid wat gevolg het, byvoorbeeld oor die gay-kwessie, is talle soms geleenthede verspeel en het die leierskap tans die beeld dat hulle reaktiewe besluitnemers is.

Indien daar 'n paar algemene riglyne oor leierskapsfunksies onttrek sou word uit die Nuwe Testament, dien onderstaande lys as goeie vertrekpunt:

- Die wese van leierskap lê daarin dat dit diensbaarheid is.
- Bepaalde charismata is noodsaaklik vir leierskap volgens Paulus.
- Leierskap is gekoppel aan 'n pneumatologiese dimensie. Leiers tree as bemiddelaars op vir die krag van die Heilige Gees. Paulus se pneumatologie onderskei die vroeë kerk van die misterie en genesingsgodsdienste.
- Paulus lê klem op die volle funksionering van die gemeente volgens hulle gawes in Efesiërs 4. Die volle funksionering van die gawes is belangrik en nie die disseksie daarvan volgens evangeliese, pinkster of streng gereformeerde interpretasies nie.
- Dit is ook duidelik dat leierskapsfunksies nie 'n enkele dimensie is nie, maar wyd versprei oor die gemeentelike funksionering voorkom.
- Alhoewel leierskap gekoppel is aan individue in gemeentes, het hulle die meewerking van die groep nodig om te funksioneer.
- Leierskap vind binne die Nuwe Testament plaas vanuit 'n sosiaal-kulturele vlak wat verwickeld is in outoritêre optrede. Die mag van Rome, die swaard, heers en vorm die norm vir die tyd. Dit tesame met 'n streng Joodse patriargale stelsel maak die beginsels vir leierskap soos uitgeleef in die vroeë kerk, uniek.
- Outoriteit en outoriteitstrukture vorm 'n belangrike dimensie van leierskap. Outoriteit is onder andere 'n sosiaal gekoppelde verskynsel en word gereguleer deur die konvensies van 'n betrokke kultuur. Dit is interessant om daarop te let dat Paulus se leierskapskenmerke saamhang met die algemene funksies van die '*paterfamilia*' in die '*oikos*'.

- Paulus het duidelike riglyne neergelê vir gemeentelike leiers wanneer hy oor die amp van ouderling en diaken skryf. Leierskap was vir hom gekoppel aan die totale milieu waarbinne die voornemende kerkleier gefunksioneer het. Dit het sy karakter, huishouding en gemeenskapsverhoudinge (eerbare aanvaarding) ingesluit. Kerkleierskap het dus nie los gestaan van 'n sosiale verbintenis in die gemeenskap nie. Gemeentelike leiers het oor die algemeen as tipe vaderfigure in die vroeë kerk gefunksioneer. White (1987:209-228). beskou hierdie leiers se gesag as 'n sosiale outoriteit wat veral op diens ingestel was.

Kerklik beskou, is egter ook waar dat leierskap binne die kerk deur 'charisma' gedryf behoort te word anders verval dit in blote *bestuurswese*. Alle leiers ontvang 'charisma' waarmee hulle ander kan bedien. Hierdie charismata is iets anders as 'bestuur'. Paulus het waarskynlik nie aan gemeentebestuur gedink as hy van leierskap en toesig van die 'opsieners' geskryf het nie.

Binne eie gereformeerde tradisie kan goeie bestuur baie maklik as 'leierskap' vertolk word terwyl dit geensins die geval is nie. Is dit nie juis kenmerk van byvoorbeeld die NG Kerk omdat leierskap vanuit die ampte nog nie 'n saak is wat in alle gemeentes ewe duidelik gesien word nie. Hierdie waarneming is duidelik uit die feit dat die ampte meer as dienend gesien word. Min gemeentes het 'n 'leier' wat die visionêre taak van die gemeente as hoof prioriteit ontvang het.

Paulus noem op 'n deurlopende basis plaaslike leiers by die naam in sy briewe en wys die gemeentes daarop dat hierdie leiers erken en vergoed behoort te word vir hulle bedieninge (1 Korintiërs en die Pastorale briewe). Hierdie feite dui moontlik op 'n proses van institusionalisering in die kerk onder Paulus se bediening. In die pastorale briewe is dit duidelik dat die ouderlinge en diakens die ruggraat van gemeentes gevorm het. Hulle leierskap was bepalend vir die gang van die gemeente.

Calvyn handhaaf die lering van die *manus triplex*, dit is die leer oor die drie ampte:

- die leraar (lerende ouderling)
- ouderling (regerende ouderling) en
- diaken (diens van barmhartigheid).

Die Presbiteriale stelsel is Calvinisties gegrond en lê klem daarop dat Christus Sy kerk op aarde deur Sy Gees regeer en dat hy mense in die ampte daartoe gebruik. Hierdie persone word 'geroep' om in die ampte te dien.

Omdat die kerk die *Una Sancta* is, sluit die kerkregering hiërargie uit. Al die ampte is gelyk maar word slegs onderskei deur hulle besondere funksionering. Die ampte is tot 'diens' in die gemeente en 'regeer' slegs in die sin van diensbaarheid.

In die kerk is daar dikwels gefouteer om leierskap te verwar met 'heerskappy'. Ware kerklike leierskap het min hiermee te doen. Met die oorbeklemtoning van die *Primus inter pares* beginsel in die lerende amp, het die basiese begrip van senioriteit verlore geraak. Daardeur het 'n gesagsverlies gekom wat die amp in die breë geskaad het.

## Hoofstuk 4

### Amp van die Predikant: Paradigmaskuiwe in 'n *communitas*-fase

#### 4.1 Inleiding

##### *Doemanie*

*'n Profiet van Jesus djy?*

*'n proefiet?*

*djy moet djou palys-hys*

*djy moet djou aeroplane-motorkar*

*djy moet daai kamma sêd smile van djou*

*en djou tears*

*en djou woerawarra op die pulpit*

*moet djou skorrelsvol braai-atappels en -vleis?*

*djou hys 'n woestyn? Nou sal mens djou verbeel!*

*en hoe lyk dit moet djou kale pote vi' die vel van 'n kameel*

*hoe lyk dit moet daai skorrelsvol vi' sprinkane en wille hiening?*

Adam Small (1983:458)

Uit die vorige hoofstuk blyk dit dat die ampsvervulling van die lerende ouderling, ouderling en diaken, soos deur Paulus in die Nuwe Testament beskrywe, diensbaarheid en leierskap in 'n gemeente veronderstel. Vanuit die veranderde omstandighede van die huidige *communitas*-fase waarin hierdie dienswerk verrig moet word, is dit logies dat nuwe weë daarvoor gevind moet word. Dit beteken dat daar 'n paradigmaskuif moet plaasvind ten opsigte van die tradisionele denke oor die funksievervulling van hierdie ampte.

Soos reeds uit vorige hoofstukke geblyk het, het die beeld van die predikant 'n radikale verandering ondergaan. Net so het daar 'n funksieverskuiwing ten opsigte van die rol van die ouderling en diaken plaasgevind. Die post-modernisme, wat in sekere opsigte 'n post-christelikheid impliseer, plaas skerp fokus op die tradisionele rolvervulling van die predikant, ouderling en diaken. Die vraag is of die identiteitsverskuiwing, veral ten opsigte van die rol van die predikant, nie ook identiteitsonsekerheid meebring nie. In die aanloop tot die volgende *societas*-fase is dit derhalwe noodsaaklik om die kernelemente in die totale funksionering van die predikant vanuit die ampsteologie toepaslik in te klee.

Malpurs (2003:14-21) noem 'n aantal kenmerke wat die amp van die predikant identifiseer. Hierdie kenmerke is steeds geldig in die oorgangstyd, ten spyte van identiteitsverskuiwing:

- Die persoonlike verhouding van die predikant met Christus is die beginpunt van alle sy/haar leierskap in die kerk.

- Die predikant behoort hom/haarself krities te ondersoek om duidelik vas te stel watter motiewe hom/haar dryf om 'n sekere rigting in te slaan in die uitvoering van sy/haar verantwoordelikhede as leier.
- Die liefde van Christus is die drang en motivering om te lei. Paulus het sy roeping daarin gesien om mense te vertel wat hulle *moes* hoor en nie wat hulle *wou* hoor nie.
- Paulus bestempel leierskap as een van die gawes van die Heilige Gees aan die Kerk. Die tradisionele kerke het min van hierdie waarheid gemaak, met die gevolg dat leiersposisies dikwels op grond van gewildheid toegeken is. (Dink maar aan die verkiesing van Ring- en Sinodale verteenwoordigers in die NG Kerk. Nie almal is daar op grond van leierskapsgawes nie maar dikwels omdat hulle gewilde sprekers is of 'gemaklike' persoonlikhede het. (Hy/sy is nie 'n skeibreker nie!).
- Malpurs (2003:26) wys daarop dat die kerk deur die pastor gelei behoort te word omdat die pastor oor die tyd en opleiding beskik om voltyds in die gemeente betrokke te wees. Lidmate (anders as die pastor) is dalk opgelei om op 'n bepaalde terrein 'n uitstekende leier te wees, maar sukkel soms in die kerklike milieu, omdat dit ander eise stel as die in die korporatiewe wêreld. *If you were to ask the average lay board member if he or she would allow the pastor to come in and run his or her business, the wise answer would be no. My question is, therefore, why are we doing this in the church?*
- Hy sluit by Howard Hendricks aan wanneer hy sê dat die grootste krisis in die wêreld vandag ontbrekende leierskap is, omdat min leiers die integriteit het wat by leierskap hoort. Hy wys daarop dat die gebrek aan leierskap binne die hoofstroom Amerikaanse kerke direk daartoe gelei het dat daar 'n afname in die groei van hierdie kerke was. *As its leadership goes, so goes the church.* Hy beweer tereg, *Godly character is the essential ingredient that qualifies Christians to lead others.* Malpurs verwys ook na die vereistes wat Paulus aan leiers stel in sy brief aan Timoteus in 1 Timoteus 3:1-10 en Titus 1:5-9 (Malpurs 2003:18-19).

#### 4.2 Definisie van leierskap

Daar is baie definisies oor leierskap en nadenke daaroor is geensins uitgeput nie.

- Stogdill (1981:7 en ook Bass & Stogdill 1990:150) kom tot die gevolgtrekking dat daar soveel definisies oor leierskap bestaan as wat daar persone is wat die saak wou definieer.
- Bass (1990:11) skryf dat leierskap 'n grootliks oneksakte onderwerp is wat bepaal word deur die hoek waaruit daarna gekyk word.
- Volgens Maxwell (1991:11) is leierskap die vermoë om invloed uit te oefen.
- Malpurs (2003:10) skryf dat daar twee dimensies van leierskap is: *First, Christian leaders are servants with the credibility and capabilities to influence*

*people in a particular context to pursue their God-given direction. The second builds off the first. Christian leadership is the process whereby servants use their credibility and capability to influence people in a particular context to pursue their God-given direction.*

- Burger (1995:42) sien leierskap as die vermoë wat iemand het om visionêr oor die toekoms te dink. Hy wys daarop dat hierdie vermoë al hoe belangriker in die korporatiewe wêreld word, omdat maatskappye hulle projeksies oor termyne wil bepaal. In die Bybelse wêreld word daar ook gedroom oor die dag van more, dus is hierdie konsep nie vreemd nie. Leierskap behoort egter so gefokus te wees dat dit 'n reële en duidelike prentjie skets van dit wat vorentoe op die pad van 'n gemeente (of maatskappy) behoort te gebeur.

Leierskap binne gemeenteverband is die gawe om as geroepene in die amp, 'n visie te hê wat die gemeente op die pad van groter diensbaarheid stel en om so inspirerend daaroor te wees dat die gemeente saambeweeg. Leiers is persone wat op pad iewers heen is. Hulle het doelwitte en stel in die toekoms belang eerder as in die verlede.

### 4.3 Die doel van leierskap

- Barna (1997:268) skryf dat leierskap oor die toekoms gaan. *'Leader' implies that someone is taking others to a destination beyond the here and now.* As die leier nie weet waarheen hy op pad is nie, kan hy mense nie saam met hom daarheen neem nie.
- Adair (2003:51) stel *rigtinggewing* as die hoofmoment en doel van leierskap. Vir hom wentel leierskapsbesluite tussen die *could*, *should* en *must*. Naas rigtinggewing, volg strategiese beplanning, organisasie, spanbou en die bou aan môre se leiers.
- Kuper (2006:39) sien *vertroue* as die kern eienskap en doel van goeie leierskap. Etiese waardes is intrensiek en nie instrumenteel, in die koers waarin die leier die groep/organisasie stuur. In die korporatiewe wêreld is die kernsaak vir die organisasie ten opsigte van leierskap om te lei, voor te bly, te groei en aandeelhouers tevrede te stel (Kuper 2006:1).
- Vir Bennis en Townsend (2005:8) is die doel van rigtinggewende leierskap deelnemende bestuur in die maatskappy of organisasie: *The militaristic command and control leadership of the past has become an anachronism.*

Binne die kerk is die ideaal van leierskap om lidmate, naas 'n persoonlike geloofsoortuiging, sover te kry om aan die aktiwiteite van die gemeente deel te neem. (Vergelyk ook Smit 1995.) 'n Sterk leierskapstyl is egter nodig om te keer dat hierdie deelname nie in chaos en individuele willekeurigheid verval nie. Motivering tot deelname is 'n belangrike saak. Volgens Halpern en Lubor (2003:11) is die *inspirasie* van lede as die tweede belangrikste aspek van leierskap (eerste is die ontwikkeling van verhoudinge). In die verhoudingstruktuur wat hulle vir leierskap ontwerp het, is die rol van verhoudinge ten opsigte van entoesiasme, lojaliteit en die skep van 'n wen-wen situasies baie belangrik. Die leier is dus belas met die opbou van die



instelling/organisasie waarin verhoudinge en verbintenis tot die gesamentlike doel van die organisasie bydra.

In verband met bogenoemde, behoort die teologie kennis te neem van 'n belangrike gebeurtenis in Suid-Afrika waaroor die media (**Burger** 11 Junie 2006) verslag gelewer het. Russel Loubser, Uitvoerende Hoof van die JSE en Brand Pretorius, Uitvoerende Hoof van McCarthy Holdings, is op 9 Junie 2006 vereer vir hulle bydrae tot *leierskapsdenke* en die vestiging van 'n wêreldklas *leierskapsetiek* in die Suid-Afrikaanse korporatiewe wêreld. Die doel van hierdie stuk oor leierskapsetiek is die vestiging van 'n netwerk van leiers en instellings wat fokus op beginsels, waardes en optrede wat as riglyn kan dien vir ondernemings wat globaal wil presteer. Die positiewe van hierdie gebeure is die bewuswording van leiers in die sakelewe dat etiek bepalend bly vir ekonomiese prestasie. Ongelukkig was die kerk, oftewel sy leiers op die gebied van die etiek, nie deel van hierdie navorsing en raadgewende proses nie. Vir onderrig in kerkleierskap sou die deelname van die kerk in hierdie navorsingsprojek van onskatbare waarde gewees het. Dit stem tot kommer dat die sakewêreld in ons post-moderne tyd nie meer die behoefte (of vrymoedigheid?) het om die kerk by hierdie sake te raadpleeg of te betrek nie. Dit is waarskynlik omdat die kerkleiding vandag ver verwyderd lewe van die tipe etiese vrae wat in die korporatiewe wêreld gevra word.

Die navorser was verantwoordelik vir die instelling van die vak Polisie-etiek in die Suid-Afrikaanse Polisieediens. Die vak is van 1988 tot 1996 aan alle Polisielede onder opleiding aangebied. 'n Groep kapelane in die SAPD is later geselekteer om, in opdrag van die Kommissaris van Polisie, landswyd lesings in die vak aan te bied, van die vlak van konstabel tot op die vlak van generaal. Hierdie lesings was gemik op die bevordering van etiese optrede deur alle lede van die SAPD in die uitvoering van hul taak.

Om die doel van leierskap duidelik te definieer, stel Collins (2001:20) 'n onderverdeling voor. Hy plaas leierskap op vyf verskillende vlakke, naamlik:

- Vlak 5 – *Executive*
- Vlak 4 – *Effective leaders*
- Vlak 3 – *Competent manager*
- Vlak 2 – *Contributing Team member*
- Vlak 1 – *Highly capable individual*

Die vraag is of daar met dié onderskeiding nie binne die kerk 'n oorvleueling van hierdie elemente is nie. Die *competent manager* word dikwels as leier aangewys. Die kerk gee op hierdie stadium nie veel aandag aan 'n *executive* vir die gemeente nie. Wanneer daar na die mega-gemeentes buite NG Kerk verband gekyk word, is dit moontlik die grootste verskil in kerkleierskap tussen gereformeerde en charismatiese kerkgroepe. In die RSA vervul Ray McCauley, byvoorbeeld, die rol van die *executive* vir die Rema Kerk in Johannesburg.

Oor leierskap in die korporatiewe wêreld skryf Collins (2001:1): *Good is the enemy of great. That's one of the key reasons why we have so little that becomes great.* In die NG Kerk-verband is die feit dat medeleraars in alle opsigte as mekaar se gelykes gereken word, die beperkende faktor. Daar word van kerkrade verwag om te sorg dat

hulle leraars almal oor die vermoë beskik om *great* te wees, terwyl die meeste in werklikheid net *good* is. Daar is nie in die tradisionele struktuur van die NG Kerk voorsiening vir 'n *executive* in 'n medeleraarsverhouding nie, omdat dit die *Primus inter pares* beginsel sou aantast. In die praktyk word 'n *executive* in medeleraarsverhoudinge binne die Presbiteriale stelsel nie maklik aanvaar, want elke geordende leraar beskou homself/haarself as leier in eie reg en *buig* (in die goeie sin van die woord) nie maklik onder 'n medeleraar se leiding nie. Die vraag is of die NG Kerk in die moeilik post-moderne tydvak nie die *Primus inter pares* beginsel moet afskaf en leraars wat oor die vermoëns beskik in leierskapposisies (leierleraars) binne medeleraarskap (span)verband moet aanstel nie.

#### 4.4 Die amp en leierskap

Vir die NG Kerk was leierskap in die verlede, met enkele uitsonderings na, nooit 'n saak wat veel aandag ontvang het nie. Dit is as vanselfsprekend aanvaar dat die ampte (leraar ingesluit) leiding sou gee. Die *Primus inter pares* beginsel is verhef tot een van heilige koeie in die kerkstruktuur. Dit is egter vandag opmerklik dat die enkele groeiende gemeentes in die land hierdie beginsel verryk met vereistes ten opsigte van leierskapsgawes en beginsels wat binne ander suksesvolle instellings/bedrywe in die samelewing aangetref word. Voorheen is daar nooit gevra of die gemeentepredikant(e) die gawe het om leiding te neem nie: dit is gesien as 'n deel van ampswerk waarvoor hy/sy opgelei is. Gekose Sinodale amptenare en kommissies is sonder meer as leiers aanvaar, vandaar dat die *Vicarius Christi*-sindroom dikwels in kerklike besluite en uitsprake kop uitgesteek het.

*Onze kerken zijn nog altijd in hoge mate domineeskerken* skryf (Heitink 2001:17). Wat die organisatoriese strukture en die kerkleiding betref, heers daar 'n hardnekkige *morfologisch fundamentalisme* want kerkvorme (wat uiteraard die funksionering van die gemeente raak) het deur die jare strak en moeilik veranderbaar gebly. Die uitoefening van ampsplig dui duidelik hierop: die predikantamp het 'n verhewe, onaantasbare karakter verkry. Dit is vandag steeds bykans onmoontlik om van hierdie predikantsbeeld in die kerk ontslae te raak.

Die leemte aan sterk leierskap waaraan daar tans wêreldwyd 'n behoefte is, bestaan ook in die kerk. Ook Robert Greenleaf (1977:5) beskryf hierdie tydperk as *a time when holders of power are suspect and actions that stem from authority are questioned. Legitimate power has become an ethical imperative.* (Vergelyk ook Greenleaf 1998 en 2002 waarin hy 'n oplossing, naamlik dienskneg-leierskap bepleit.)

Die rolverwagting wat aan leraars gestel word, is dikwels onrealisties. Predikantstake is *sacrosanct* verklaar, gevolglik word daar vanselfsprekend van die predikant verwag om spesifieke leierskapsrolle te vervul. Hierdie verwagtinge word steeds gekoester, al is die amp van leraar in ons tyd nie meer so gewild nie en moontlik 'n 'verbygaande' amp is. Gemeentegedalle krimp landswyd, maar steeds word onrealistiese verwagtinge aan die leraar gestel.

Daar is nie 'n enkele beeld in die Bybel van die ideale of enigste tipe kerklike leierskap nie. Daar word wel verwys na 'n aantal kernelemente van goeie leierskap en leierskapstyle. Leiers lei op verskillende maniere, soos wat omstandighede dit vereis. In sowel die Ou- as die Nuwe Testament is talle voorbeelde van leiers in transito-tye:

Abraham in Genesis 26:24; Josef in Genesis 39:17-19; Moses in Exodus 4:10; Joshua in Joshua 24:29; Dawid in 1 Samuel 17:32, 34 ; Daniel in Daniel 1:12; Paulus in Romeine 1:1; 1 Korintiërs 9:19; Galasiërs 1:10 en Petrus in 2 Petrus 1:1.

Die post-moderne tyd vereis dat gemeentes wat wil groei en oorleef leiers aanstel wat die koers en rigting van die gemeente kan bepaal. Schüler (1986:132) vra dat die kerk *dynamic, aggressive and inspiring leaders* sal ontwikkel om die *buitekerklikes* te bereik (buitekerklikes synde diegene met geen of min kerklike kontak in hulle lewe). Hulle is die sogenaamde kerklosses wat gekersten moes word deur hulle met vermaaklike *seeker services* na Christus te lei. Vir Schüler (1986:134) is leierskap gesetel in 'n persoon wat sy tyd voltyds spandeer om te beplan, te dink en die visie van die gemeente te verkoop, ook buite die gemeente.

In die huidige konteks is daar by gelowiges 'n neiging om van die kerk af weg te beweeg, gevolglik verbreed die terrein van buitekerklikes om die *uitgewykte, gelowige, gewese kerklikes* in te sluit. Dit bring 'n nuwe perspektief, naamlik om *gelowiges* wat die kerk verlaat het omdat hulle nie meer 'n geestelike tuiste daar vind nie, terug te lei (wen) in 'n *nuwe* gemeenskap van gelowiges. Hierdie nie-kerklike gelowiges het vrae oor die tradisionele kerk, sy strukture en die gepredikte boodskap. Dit is diegene wat nie meer tevrede is met dieselfde boodskap(pie) as veertig jaar gelede nie. Hulle is mense met indringende vrae oor, byvoorbeeld Judas se verraad, die nageslag van Jesus, die Maria Magdalena-verhaal, die maagdelike geboorte, die opstanding en die wederkoms soos wat Bybelskrywers dit organies-geïnspireerd, binne die konteks van hulle tyd aanbied.

Die kerk reik nie graag na hierdie *andersdenkendes* uit nie, omdat dit moeilik is. Die vrae wat beantwoord moet word sny dikwels te na aan die been en die kerk moet dikwels erken dat sy (soms wetend, soms onwetend) in die verloop van die geskiedenis nie altyd die volle waarheid verkondig het nie. Lidmate word, byvoorbeeld, steeds gevra om Sondag na Sondag te bely dat Jesus 'ter helle neergedaal' het, terwyl teoloë van die vroegste eeue af besef het dat die belydenis nie die volle waarheid is nie. Die kerk het geen uitreikaksie na hierdie andersdenkendes toe nie, behalwe om hulle dalk aanvanklik voor die Kerkraad of die Ring te daag en hulle van dwalinge te beskuldig. Wanneer hulle eers by die kerkdeur uit is, stel die 'Herberg' vir gelowiges nie juis meer in hulle belang nie. Die probleem is dat hierdie mense dikwels nie ongelowig is nie, maar juis soekers is na die dieper waarheid en die openbaring deur God. Hulle wil Hom dien, maar vind dit moeilik in die tradisioneel-denkende kerk.

#### 4.5 Die predikant: 'n geroepe leier?

Die roeping van die predikant loop soos 'n goue draad deur die geskiedenis van die ontwikkeling van die ampsbeskouing. Hierdie roeping is persoonlik van aard. Bybels-teologies vergestalt dit in die drievoudige amp van koning, priester en profeet. Die roeping staan gereformeerd tradisioneel bekend as die:

- *Vocatio internum* (Dit is die arbeid van die Heilige Gees in die individu - wat direk in verband met die uitverkieping staan.)
- *Vocatio externum* ('n Algemene, saaklike roeping vanuit die algemene openbaring – die skepping (Heyns 1978:304).

God se stem gaan uit na alle mense toe, maar slegs enkeles reageer daarop. Diegene wat reageer, internaliseer die innerlike roeping.

In die gereformeerde belydenis is die inwendige roeping die werk van die Heilige Gees alleen. So behoort dit ook met die keuse tot dienswerk in die amp van predikant te wees. Ander eksterne faktore in hierdie keuse behoort hieraan ondergeskik te wees. Om in die teologie geïnteresseerd te wees beteken nie dat daar noodwendig reeds 'n roeping tot die amp bestaan nie. Hieroor moet daar duidelikheid kom.

In Berkouwer e.a. (1949:415) skryf De Groot: *Het Woord des Heeren, zo wordt ons in de Heilige schrift voortdurend geleerd, is nooit een ijdele klank of zinloos teken. Het is levend en kragtig (Hebr. 4:12) en keert niet ledig tot hem weer, maar het zal doen hetgeen Hem behaagd en voorspoedig zijn in alles, waartoe hij het zendt (Jes.55:11)*. Met ander woorde, die mens reageer op die Woord binne die welbehag van God. As God roep en die oor van die individu is oop, kan hy/sy nie anders as om te reageer nie – dit blyk duidelik uit die roepingsverhale van individuele predikante. Vir die uitvoering van die amp van die leraar is dit van kardinale belang dat die persoonlike of innerlike roeping konkreet is: dit is die *manna vir die dag* in sy/haar bediening. Burger (2005:1) skryf dat wanneer die roeping van God kom, dit 'n genadevoorreg en geleentheid word.

In die opleiding van voornemende predikante is dit die taak van Teologiese Fakulteite om ruimte te skep, al is dit deur buite-instansies soos die Kuratoria, om die roepingsbewustheid van studente tot 'n vaste duidelikheid te ontwikkel. In die huidige tydsbestek is dit 'n groot uitdaging om teologiese studente oor hierdie aangeleentheid te begelei. Beroepe na gemeentes is skaars. Baie studente het na die voltooiing van hulle studie geen visie vir 'n gemeentebediening nie. Post-modernisme word gekenmerk deur onsekerheid, terwyl roeping juis met sekerheid te doen het. Dit is ontenseglik so dat die energie om passievol in die bediening van predikant te volhard vanuit die persoonlike innerlike roeping kom. Roepingsvervaging in die amp lei maklik tot meganiese diens. Uiteindelik speel dit 'n rol in die uitbrandingsindroom wat tot identiteitsverlies lei.

Volgens Schüler (1986:62) is die grootste probleem ten opsigte van die predikant se roeping *that the typical pastor comes to the church without the determination to stay there long enough to make it a great church*. Baie predikante voel aanvanklik 'geroepe', maar sien nie die groter prentjie van die taak waarvoor hulle hulself beskikbaar gestel het raak nie. Hulle word nie genoegsaam onderlê in tydsbestuur en toekomsbeplanning ten opsigte van hulle roeping en alledaagse gemeente werksaamhede nie. Hulle werk van dag tot dag sonder 'n plan vir die gemeente in die toekoms, *...and when you fail to plan, you plan to fail. Putting it another way, when you set no goals for growth, you set your goals for no growth* (Schüler 1986:61).

Moontlik is die vrees vir mislukking 'n belangrike rede hiervoor. Schüler (1986:63) bely: *What cured me of my fear of failure? I once saw a calendar with this slogan written across the top: I'd rather attempt to do something great and fail than attempt to do nothing and succeed*. Maxwell (1993: 52) beweer: *In this world of rapid change and discontinuities, the leader must be out in front to encourage change and growth and to show the way to bring it about. He must first understand the two important*

*requisites to bringing about change: knowing the technical requirements of change, and understanding the attitude and motivational demands for bringing it about.* Wanneer verandering in 'n gemeente nodig is, is dit die predikant wat die verandering moet inlei. Hy moet dus self buigsaam wees en ook kan verander. Trouens, in situasies waar leierskap verandering moet bring, is dit die leier wat die voorbeeld hierin moet stel. In die woorde van Maxwell, moet die predikant bid: *Lord give me the grace to change myself* (1993:20).

Daar is ongelukkig verwarring oor wat leierskap deur die predikant behels. Dit word byvoorbeeld dikwels gesien as die vermoë om fondsinsamelingsprojekte te lei, sodat die boeke kan klop. Indien dit goed gaan met 'n gemeente is dit omdat dit goed gaan met geldinsameling – so word in die wandelgange gepraat. Goeie kerkleierskap word dus dikwels gelyk gestel aan die vermoë om geld in te samel. Volgens Snyman (2001:117) is die grootste oorsaak van uitbranding onder predikante die oordrewe klem op fondsinsameling in die gemeente; finansiële kwellinge (persoonlike en gemeentelike) is die hoogste stresfaktor in die predikantsberoep. Fondsinsameling hoort egter nie tot die kern van die leraarstaak of die kerk se bedieningsaktiwiteite nie.

#### 4.6 Tipes leierskap

Binne kerklike konteks is daar 'n groot verskeidenheid leierskapstyle; sommige werk op die kerklike milieu in, ander positief.

Vermeulen (2002:199) identifiseer vyf leierskapstyle in die kerk:

- Die 'bestuurder' wat die kerk op 'n finansiële basis as instituut bestuur.
- Die 'baas'. Die kerk word streng hiërargies bestuur en die 'baas' sê wat in die gemeente moet gebeur. Min teenspraak word geduld.
- Die 'toeruster'. Die leraar sien homself/haarself net as toeruster wat ander moet bemagtig om die taak uit te voer. Binne die gereformeerde sisteem van denke funksioneer hierdie model nie in alle gemeentes nie, want lidmate is gewoon aan die herder-kudde-model waarin hulle *bedien* word en passief ontvang.
- Die charismatiese motiveerder. Die leraar is 'n 'heilighedsfiguur' wat vroom hande opsteek en 'alles aan die Here oorlaat!' Hierdie leierskapmodel bring dikwels groot ontugtering en teleurstelling. Die leraar moet ongelukkig die gholfhou deurswaai en iets doen.
- Die 'missionêre' leier. Die gemeente se bestaan wentel uitsluitlik om die uitreik en verkondiging van die evangelie aan hulle wat vër is en nog verlore. Dikwels word die welsyn van die gemeente as bruid van Christus ten opsigte van eie ontwikkeling ingeboet, omdat alles na buite gerig is en eie versorging min aandag kry. Callahan verkies die missionêr-gerigte leier wat stimulus in die gemeente bring en lidmate motiveer om na buite uit te reik.

Carl George (1992:34) onderskei hoofsaaklik tussen twee leierskapstipes in mediumgroepe grootte (die gemiddelde gemeentegroep van ongeveer 1000 lidmate):

- ‘Konsensus’ soekers wat die interne harmonie van die gemeente wil dien en besluite onbestrede wil handhaaf of deurvoer.
- Die ‘intreprenuer’ wat graag momentum in ’n gemeente inisieer en dan toekyk dat ander die taak verder voer.

Dit is belangrik dat ’n leier in staat moet wees om prioriteite in sy werksaamhede vas te stel. *A man was told that if he worked the very hardest he could he would become rich. The hardest work he knew was digging holes, so he set about digging holes in his backyard. He didn’t get rich, he only got backache. He worked hard but he worked without any priorities* (Maxwell 1993:23). Maxwell stel die volgende skaal op waarvolgens leiers behoort te funksioneer:

- Hoë belangrikheid en dringendheid: dit is die take wat eerste aangepak behoort te word.
- Hoë belangrikheid en lae dringendheid: teiken datums vir die voltooiing daarvan.
- Lae belangrikheid en hoë dringendheid: werk wat vinnig en sonder baie persoonlike betrokkenheid gedoen moet word.
- Lae belangrikheid en lae dringendheid: werk wat op ’n gesistematiseerde en geroetineerde basis gedoen moet word. Iemand anders sou gevind kon word om met hierdie take te help.

Vir Lee (1989:31) kristalliseer leierskap uiteindelik uit in twee belangrike rigtings: *transactional* en *transforming*.

- Eersgenoemde lei die gemeente op die manier waarop hulle gelei wil word. Daar word aan die volgelinge gegee wat hulle wil hê.
- Die tweede leierskaptipe bring verandering mee. Dit is waarskynlik nie die gewilde leierskapstyl indien daar tussen die twee gekies moet word nie. Transformerende leierskap verskuif grense, waag en verg veel harder werk. Dit is uitdagend. Transaksionele leierskap neig om sonder standpunte te wees, hanteer nie delikate aangeleenthede nie en vermy sensitiewe sake. Krisisse word liefes onder die mat ingevee.

In die kerk is daar ’n behoefte aan leierskap deur voorbeeld: *Example, ... means more than what the leader does; it also means what he or she represents by way of personal experience* (Shawchuck & Heuser 1993:125). Dit is nie woorde wat tel nie, maar dade. Moeder Theresa het sy gesê het dat mense nie net woorde gegee moet word nie, maar ook brood. Volgens Callahan (1990:45) is daar ’n direkte verband tussen ’n persoon se filosofie oor die lewe en sy begrip van die wese van leierskap.

Shawchuck & Heuser (1993:97) beweer dat die volgende leierskapstyle ’n negatiewe invloed uitoefen. (Vergelyk ook Callahan 1990 en Vermeulen 2002.)

#### **4.6.1 Depressiewe leierskap**

- Depressiewe leierskap word gekenmerk deur moedeloosheid en uitbranding. Die kenmerk van hierdie tipe leierskap is die gebrek aan inisiatief en ’n vrees om te waag. Daar word baie gepraat oor wat verrig moet word, maar die aksies



wat uitgevoer word, lewer gewoonlik teleurstellende resultate op omdat dit te min is en dikwels nie uitgevoer word nie.

- *Feeling that things are hopeless, they are apprehensive about the need for change. Often, depressive leaders will wait for a 'messiah' from the outside to make key decisions and rescue the organization* (Shawchuck & Heuser 1993:105). Dié tipe leierskap funksioneer beter in 'n stabiele omgewing en oorleef dikwels langer: dit kan nie in 'n onstabiele en snelveranderende omgewing volgehou word nie. Hierdie leierskap is *timeworn bureaucracies who have lost sight of changing environments. The mission of the organization has been lost to administrative process that are routinise, predictable, and hierarchical* (Shawchuck & Heuser 1993:102).
- Sowel passiwiteit en 'n gebrek aan innovasie en motivering as 'n negatiewe pessimisme kenmerk hierdie tipe leierskap. Kommunikasie is swak en daar is weerstand teen verandering. Dit lei tot gemiddeldheid in die organisasie.

In die kerk word hierdie styl dikwels aangetref in gemeentes waar die leraar reeds vir 'n geruime tyd as pastor werksaam is en hy/sy inisiatief verloor het. Die gemeenteleierskap (kerkraad) lei na binne gekeer (*decidiphobia*) en ploeter voort op die bekende weë sonder noemenswaardige vooruitgang - *drifting with no sense of direction* (Shawchuck & Heuser 1993:105). Die leier het geen visie na buite nie en geleenthede buite die kerk word misgekyk of nie benut nie. Dikwels neem getalle in so 'n gemeente af en is die groei negatief. Baie energie word op roetine sake verspil: die perfekte omgewing vir die *activity trap* waarin kerkleierskap verval. So word ander aktiwiteite beperk. Die vraag is om watter redes die gemeente en sy leierskap in so 'n 'modus' verval? Dikwels is die geskiedenis van die gemeente die oorsaak.

#### 4.6.2 Dominerende leierskap

Die gemeentes waar hierdie tipe leierskap aangetref word, dra sekere kenmerke:

- Daar is dikwels rigiede kodes, reëls en regulasies, oordrewe inligtingstelsels en 'n fokus op presiesheid.
- Die leierskapstruktuur is dominerend van bo na onder. Ander persone in die organisasie moet streng hou by prosedures en reëls.
- Die leierskapstruktuur is perfekisionisties; daar is 'n obsessie met detail, roetine, rituele en effektiwiteit. Die struktuur is uitermatig hiërargies en 'n sekere status word aan verskillende posisies verleen.
- Die leierskap is daarop ingestel om alles en almal te beheer. Die ingesteldheid is dat hoe meer beheer die leierskap oor die instansie uitoefen, hoe minder probleme sal voorkom. Vrees vir verlies van beheer dryf dominerende leiers na 'n situasie waarin alles voorspelbaar moet wees en waar bevele en opdragte gegee word.
- Die gebeure is rigied en na binne gerig. Werkers is onderdanig, onkreatief en onseker.
- Strategieë word baie versigtig beplan. Die omgewing waarin daar gefunksioneer word, moet relatief stabiel wees vir die organisasie om te funksioneer. Beplanning is deeglik en niks word aan toeval oorgelaat nie.
- Die fokus val dikwels op enkele aspekte van die organisasie se funksionering, met 'n vernoude gevestigde tema (Shawchuck & Heuser 1993:103).

#### 4.6.3 Onbetrokke leierskap

- Die leier is nie betrokke nie en stel nie veel belang in die prestasie van die instansie/gemeente nie.
- Kritiek het skynbaar geen invloed op die leier nie. Die instansie/gemeente word gekenmerk deur konflik, 'n gebrek aan emosie en empatie, en daar is toutrekkery oor magposisies.
- Die strategie is onkonsekwent.

#### 4.6.4 Wantrouige leierskap

- Die mag word binne 'n uitgebreide informasieproses gesentraliseer. Eksterne faktore word tot vervelens ontleed.
- Die leierskap is gereed om alle aanvalle die hoof te bied en spandeer baie tyd op voorbereiding hiervoor. Daar is 'n hipersensitiwiteit oor eie prestasie en uitvoerige reëls oor die beskerming van die magstrukture binne die organisasie.
- Daar bestaan 'n *fight-or-flight* kultuur, 'n gebrek aan vertroue, vrees vir aanvalle en intimidasie.
- Die strategie binne so 'n instelling/gemeente is konserwatief, oor-analities en geheimhoudend.
- Niemand word regtig vertrou nie.
- In die klimaat van wantroue is die atmosfeer dikwels depressief. Mense is meer begaan om die baas tevrede te stel as wat hulle is om hulle werk te doen.
- Besluitneming is tydsaam omdat die atmosfeer van agterdog die implementering van besluite belemmer.

Binne sekere gemeentesituasies is baie van hierdie negatiewe kenmerke soms deel van die gemeentefunksionering en die interaksie tussen persone wat in die ampte dien.

#### 4.6.5 Oorreagerende leierskap

- Die leiers soek voortdurend aandag en stimulasie en het 'n tendens na uiterstes toe.
- Die leier het die aanmoediging van sy ondergeskiktes nodig: wil gereeld hoor dat hy/sy 'n 'goeie' leier is. Die leier is 'n katalisator vir ondergeskiktes se inisiatief en moraal.
- Die leierskap is dikwels intuïtief en informeel, waag maklik (*unconventional risk takers*) en laat min ruimte toe vir deelname in besluite.
- Die strategie hier is hiperaktief, impulsief en gevaarlik ongeïnhibeerd. Die besluitneming is nie-deelnemend.
- Die leier soek aandag van die mense wat in sy lewe saak maak.

#### 4.6.6 Die *enabler* leier

Die *enabler*-model van kerkleierskap is direk terug te voer na die konsep van 'amptelike' en 'nie-amptelike' werkers in die kerk. Die sogenaamde '*clergy*' en die leke. Binne die protestantisme het dit gelei tot 'n gemeenskap van gelowiges waarbinne die werk byna uitsluitlik deur die 'amptelike' werkers gedoen is. In die NG

Kerk het dit aanleiding gegee tot die lank-gekoesterde herder-kudde-model as enigste wyse van bediening. Die predikant en kerkrad, wat in kommissies ingedeel is, het al die werk gedoen. Lidmate was blote toeskouers, vandaar die opskudding in die kerk in die breë toe daar later ook klem op die liggaamsmodel geplaas is. Omdat die predikant die besoldigde amptenaar is, is van hom verwag om nie terug te staan sodat lidmate meer betrokke kan raak nie. Predikante het soms moeilik van hierdie 'posisies' afstand gedoen. Die korrekte beginsel is egter dat lidmate groter verantwoordelikheid vir die groei van die gemeente moet dra. (Vergelyk ook Gordon 1994:69-78.)

Wagner (1984:75) staan egter krities teenoor die *enabler*-model: *An enabler or facilitator is a relatively uninvolved technician who understands the process by which things are accomplished and who enables others to achieve goals.* Schaller (1979:53) het eens 'n lekewerker in sy kerk gevra om 'n 'toeruster' te beskryf: *'We called a self-identified enabler type, minister, he said, 'and we got burned'. We found the word enabler was a synonym for not being an initiator, not calling, not being aggressive, and not taking leadership responsibilities.*

Die idee van die predikant as *enabler* is waarskynlik 'n reaksie uit 'n tydvak in die Amerikaanse kerke toe daar sterk teenkating teen leierskap in die algemeen bestaan het. Volgens Hutcheson (1979:60) het dit in die veertigerjare begin met die ontwikkeling van die menseregtebewegings na aanleiding van die groepdinamiekteorie van Kurt Lewin: *The major values of the movement stressed interpersonal relationships. Planning and control within an organization were frowned upon. Decisions were to be made through collegiality, mutuality, and group activity, but not through the exercise of authority which Hutcheson says is perhaps the dirtiest word in the lexicon.*

In die sestigerjare het die heersende waardes 'n invloed gehad op die ontwikkeling van groepsdinamika, met die klem op individuele vervulling. Die aksent het op groepsbesluitneming begin val, weg van die leiding deur 'n individu. *Seminaries picked this up and taught non-directive counselling techniques, relational theology, and the enabler model for the pastor. The pastor's major task was not to move the organization (the church) ahead or to be concerned with its growth. Helping the church members rise through Maslow's hierarchy of needs was the goal. Someone said that if you asked a pastor with this training what time of the day it was, you would get one of two answers: 'Why do you ask?' or 'What time would you like it to be?'* (Wagner 1984:76).

Wagner sê verder: *A whole vocabulary has been developed to discredit pastors who have tended toward aggressive leadership. It is called 'dictatorial', conjuring up images of Hitler or Idi Amin. It is said to be a 'Jim Jones' type of leadership, so obnoxious to sensitive Christians. Many practicing pastors tend to measure their role in the church against the characteristics of the enabler* (Wagner 1984:7; vergelyk ook Covey 1989:31-68.)

Die aangewese weg is dat die predikant eerder 'n visionêre leier as 'n *enabler* behoort te wees, maar dan ook nie in die rol van navolger van iemand anders se visie nie. Wagner steun sterk daarop dat die predikant 'n definitiewe leierskapsrol in die gemeente te vervul het. Hy wys daarop dat die predikant nie 'n administratiewe rol in

'n gemeente moet vervul nie. Hy moet ook nie die *enabler* wees nie, omdat dit tot leierloosheid binne die gemeente aanleiding gee. Wagner stem egter saam dat lidmate in 'n gesonde, groeiende gemeente wel 'n rol moet speel (Wagner 1984:102). (Vergelyk ook D'Souza 2001.)

Die pastor as toeruster het toenemend 'n groter rol in die Amerikaanse kerke begin speel en literatuur in hierdie verband is wêreldwyd versprei. Sekere aspekte van kerkleierskap is hierdeur negatief geraak. Die neem van verantwoordelikheid en aanspreeklikheid (*accountability*) is aangetas. Wagner (1984:76) wys daarop dat dit dalk nie toevallig is dat die *enabler*-model saamgeval het met die afname in getalle in die hoofstroomkerke nie. Lyle Schaller (1979:162) beweer: *While it is impossible to affix dates on trends such as this one, it appears that the concept of the pastor as an enabler peaked in popularity in the late 1960's and has been declining ever since.*

Die positiewe sy van die *enabler*-model is dat die predikant meer op die agtergrond geskuif het en dat daar 'n groter klem op die lidmaat se deelname in die gemeente gekom het. *The wave of emphasis on body life and spiritual gifts that is bringing so much life and renewal to the churches is one of its positive outcomes* (Schaller 1979:162).

Aan die negatiewe kant het die groei in hoofstroomkerke as gevolg van hierdie leierskapsmodel nie aanmerklik toegeneem nie. *With all the stress on the need for lay ministry, the pastor tended to forfeit his or her God-given leadership authority. Pastoral ministry has been people-orientated but not task-orientated* (Wagner 1984:77). Die gevolg is dat 'n leierloosheid-sindroom in baie kerke posgevat het. Groepe en kommissies besluit oor sake, dikwels met 'n meerderheidstem deur die groep, wat toewyding en leierskap oor 'n saak verder in die wiele ry.

Buvton bied tans 'n kursus **Netwerk vir Leierskapbegeleiding** vir predikante aan waarin daar naas die rol van *enabler* (bemaagtiger) ook klem op vier ander elemente in die rolbepaling van die predikant gelê word, naamlik:

- Dissipel
- Visioneerder
- Vriend
- Mobiliseerder

Die klem val op die persoonlike ontwikkeling van predikante ten opsigte van genoemde rolle.

#### 4.6.7 Dienskneg-leierskap

In 1939 skryf John Murray: *The tragedy of Europe today is that it is a Christian civilization that has lost the key to its own nature; and that the fatal defect of our non-religious education is that it cannot teach men where to look for it.* Hy praat oor die probleem van sektarisme wat 'n ingrypende effek op die samelewing en sy strukture gehad het. Murray vra: *What is the price of leadership in the world today? It is first of all, clearly to conceive and firmly to hold that what is in issue today, is the life or death of Christian civilization. A national church must believe and lead in the highest sense that what is right. This is the pillar of her own existence. This is what she*

*opposes to the maximum of the world, that things are right which we make so by our rules and conventions; therefore, she must lead her children to ask bravely and boldly, 'What is?', encouraging them by all means to expect an answer; teaching them in what frame of mind to wait for it, to receive it, and to give thanks for it* (Murray 1939:65, 183, 189).

Wagner (1984:194) sien egte kerkleierskap as dienskneg-leierskap. Vir hom is die pastor die *change agent* wat soms te doen het met beperkende tradisies wat groei en vooruitgang in die kerklike milieu strem. Die enigste manier om verandering hier aan te bring, is om die dienskneg van die mense te word en hulle so te laat sien hoe hulle moet glo en volg. Om die kerk te lei, moet die pastor deur voorbeeld en daad die reg verdien om die leier te wees. Wanneer jy as die leier aanvaar word, is dit makliker om verandering teweeg te bring. (Vergelyk ook Greenleaf 2002 oor dienskneg-leierskap.)

Om die begrip 'dienskneg-leierskap' te verstaan, moet ons na die lewe van Jesus Christus kyk. (Vergelyk Matteus 20:25-28; Markus 10:41-45 en 13: 1-17.) Hy het gedien en in die proses sy dissipels ook gelei. In die onderrig van sy dissipels verwys Hy na Homself as die herder wat skape lei. Oor hierdie tipe leierskap sê Malpers (2003:34) *Shepherds were leaders – however, today many people commonly equate the term exclusively with pastoral care. It's true that shepherds cared for their sheep, but they did much more than sheep-care.* Wanneer daar na die teksverwysing gekyk word, is dit duidelik dat dienskneg-leierskap *humble service of others based on our love for them* is. (Vergelyk Wilkes 1998:26-27.)

Dienskneg-leierskap is diens in nederigheid, vanuit liefde vir die ander. Nederigheid stel die leier se eie ego eenkant en is meer begaan oor die welsyn van die 'ander'. Jesus spreek Hom nie uit teen leierskap as sodanig nie (leierskap vra tog dat 'n sekere mate van gesag uitgeoefen word), maar oor die wyse waarop dit gedoen word.

Hebreërs 13:17 dui op die manier waarop leierskap uitgeoefen behoort te word. Christen-leierskap volg nie sekulêre magsbehepte leierskap na nie, maar beoefen dit onderdanig aan die Meester se voorbeeld. Dit beteken dat predikante in die proses van leiding bied, nie oor ander sal heers nie, maar dat eie ambisies opsy gestel word en dat blydschap heers oor ander se suksesse. *Thus the image of 'servant' expresses humility, and willing withdrawal from the competition for status and power.* Malpers (2003:40) verwys na hierdie proses as die grootste uitdaging wat aan goeie leierskap gestel word.

Die beste voorbeeld van hierdie leierskap was toe Jesus sy dissipels se voete gewas het (Johannes 13: 1-17, vergelyk ook Hendriksen 1959). Dit dui op totale oorgawe in liefde as leier aan sy dissipels. Dienskneg-leierskap is direk verbonde aan die liefde wat die leier vir die groep het. *The dirt on their feet will test our love for them* (Malpers 2003: 42; vergelyk ook Barna 1997:154-155).

Dienskneg-leierskap het die volgende kenmerke:

- nederigheid
- meer ingestel om te gee eerder as om te ontvang
- om die ander hoër as die self te ag

- om, simbolies gesproke, 'n handdoek as teken van diens te dra eerder as om op 'n troon te sit.

Moontlik het die kerk in sy poging om die *Primus inter pares* beginsel volgens die Kerkorde te handhaaf die klem te eng op die diensbaarheidsbeginsel gelê. Dit is waarskynlik 'n oorgelewerde, gereformeerde reaksie van die Protestantisme teenoor die hiërargie van die Rooms-Katolieke Kerk. In die tyd van Jesus was nederigheid iets wat in die slawekultuur aangetref is. Wanneer iemand in die lewe iets bereik het, of 'n sekere aansien gehad het, het nederigheid afgeneem. Nederigheid is nie in die Griekse wêreld as 'n deug gesien nie (Malpers 2003:35; Burger 1999:185).

Jesus leer dat die wese van dienskneg-leierskap dienslewering en nie status is nie. Dit beteken dus diens waarin daar gegee word, sonder die verwagting om te ontvang. Hierdie beginsel word in twee woorde duidelik uitgedruk: **διάκονος** en **δουλος**. Die **διάκονος** het in die eerste eeu op diegene gedui wat vrywillig gedien het. 'n **δουλος** was as slaaf iemand wat geen regte gehad het nie en aan sy meester onderdanig was. Met ander woorde, dienslewering sonder om iets in ruil te verwag. Beide hierdie begrippe is op die dissipels (dienskneg-leiers) van toepassing.

Jesus se dissipels moes 'n groot aanpassing in hulle denke maak om veral die 'slawediens'-begrip te aanvaar en om hulle gewillig daaraan te onderwerp. In Jesus se tyd was mense was daarop ingestel om vry te wees en diens slegs teen vergoeding te lewer. Dienslewering het beteken dat die persoonlike lewe opgeoffer is in 'n totale verbintenis; slegs 'n paar oomblikke van persoonlike tyd en toewyding was nie genoeg nie. Jesus het hierdie diens tot aan die kruis gelewer en die voorbeeld aan leiers in die kerk gestel. Dienskneg-leierskap is onselfsugtig en vra nie *wat is daarin vir my* nie. Dit is ook nie 'n swak tipe leierskap waarin die ander wang gedurig gedraai word in die sin dat die leier 'n verkeerde begrip het van wat dit beteken om 'nederig' te wees nie. (Vergelyk Blackaby 2001: 69-99 en Lissack & Roos 2000.)

Paulus wys ook hierop in Filippense 1:20-21. Wat het Paulus bedoel met 'swak' wees? Hy skryf baie hieroor in 2 Korintiërs 11:21; 29-30; 12:5; 9-10; 13:4,9. Dit gaan in hierdie gedeeltes nie oor leierskap nie, maar wel oor die broosheid van die mens in sy lyding (2 Korintiërs 11:23-27), fisiese swakheid ten opsigte van kragte en vermoëns, en moeilike omstandighede. Paulus erken die almag van God en roem daarin. Die mens is beperk, terwyl God in sy wese onbeperk is.

Wanneer Jesus sy dissipels oproep tot dienskneg-leierskap, beklemtoon Hy dat hulle soos diensknegte teenoor mekaar moet optree. Dit is makliker om teenoor 'n aangestelde leier diensknegskap te betoon as wat dit is om dit onder gelykes reg te kry, *To serve their competitors is much more challenging* (Malpers 2003:40). Dit beteken dat die tipe diensskap so beoefen word dat dit die goeie in die ander na vore bring. Volgens Malpers ervaar die dienskneg-leier blydschap wanneer ander vordering toon. *Thus the image of 'servant' expresses humility, and willing withdrawal from the competition for status and power* (Malpers 2003:40). (Vergelyk ook Greenleaf 1998.)

Daar is natuurlik ook waninterpretasies oor dienskneg-leierskap. Sommiges meen dat hierdie tipe leierskap baie passief is: daar word slegs op die ander gefokus; die leier is altyd gewillig om ander se werk vir hulle te doen; en die eie behoeftes word geïgnoreer omdat dit nie belangrik geag word nie.



Hierdie beskouing het bygedra tot die wanbegrip dat die pastor in die gemeente vir alles verantwoordelik is, omdat hy die leier is en opgelei is om leierskapsrolle te vervul. Die passiewe element in die herder-kuddemodel is waarskynlik aan hierdie interpretasie toe te skryf. Malpers (2003:44) wys daarop dat *many church people believe sincerely that God will hear a pastor's prayers before he'll hear theirs*. Baie lidmate wil die pastor, byvoorbeeld, by hulle siekbed hê en is nie altyd tevrede om iemand anders uit die gemeente daar te ontvang nie. Dit hang saam met die tradisie dat die leraar vir die bediening verantwoordelike is en niemand anders nie. Hieraan doen die 'gewillige' leraar mee as hy dienskneg-leierskap vertolk as 'n reël wat bepaal dat hy alleen vir alles in die gemeente verantwoordelik is. Baie leraars aanvaar hierdie beskouing gelate as deel van hulle 'diensbaarheidsbeeld' in die gemeente.

Dienskneg-leierskap soos in die Bybel, is iets totaal anders. God se kinders ontvang gawes en het almal take en pligte om in die gemeente te vervul. Die feit dat so baie gemeentes onmondig bly, het direk te make met die talle 'dienskneg-pastors' wat hulle rolle verkeerd verstaan en nie reg lei nie. (Vergelyk die verantwoordelikheid wat lidmate van die gemeente ontvang in Efesiërs 4:11-13.) Die pastorale taak van die leraar is om sy lidmate 'toe te rus vir hulle dienswerk'. Binne die gevestigde en tradisionele kerke is hierdie saak 'n onderontwikkelde fenomeen en is lidmate nie baie geneë daartoe om hulleself te sien as selfstandige en verantwoordelike werkers en lidmate binne die gemeente nie. Die gevaar van dienskneg-leierskap is dat dit die gemeente kan beroof van hulle gegewe bediening en lidmate soos diensknegte op hulle meester laat wag om hul diens te rig. Hierdie passiwiteit veroorsaak 'n gebrek aan inisiatief en lei tot 'n 'onderhoudingsteologie' waarin die onderhoud (*maintenance*) van strukture en sisteme die belangrikste aspek is. *If it ain't broke, don't fix it* (Malpers 2003:45).

'n Belangrike aspek van dienskneg-leierskap is dat daar proaktief gedink en opgetree moet word. Hierdie waarheid word gevind in Matteus 25:14-30, die gelykenis van die talente. Leierskap op hierdie vlak neem proaktiewe stappe om 'n goeie uitkoms te verseker. (Vergelyk ook [www.ccel.org](http://www.ccel.org); [www.gbgn-nmc.org](http://www.gbgn-nmc.org))

In teenstelling met Lawrence O. Richards en Clyde Hoeldtke (1981) se bewering dat hulle 'n Bybelse metode vir kerkleierskap vasgestel het, meen Wagner (1984:98) dat nie een spesifieke leierskapsmodel as die enigste korrekte een beskou kan word nie. Leierskapstyl, meen hy, word bepaal deur die opset en situasie binne die bepaalde gemeente. Natuurlik moet alle leierskapstyle Christelike uitgangspunte hê, maar 'n gemeente behoort eie omstandighede te ontleed en daarvolgens te bepaal aan watter styl die gemeente behoefte het. Wagner (1984:98-99) verwys na die Duitse sosioloog, Max Weber, wat drie tipes leierskap identifiseer: *Legal-rational*, *traditional*, en *charismatic*.

- Die wetlik-rasionele het min te make met die individu, maar alles met die gangbare tradisie (kerklike wette) op die betrokke stadium in die gemeente se bestaan.
- Tradisionele leierskap bepaal dat die leier in 'n tradisionele rol inpas wat vooraf bepaal is en in die betrokke instelling gehandhaaf word. Dit sou verduidelik kon word na aanleiding van die tradisionele liturgiese gang in die

erediens soos in die **Kerkboek van die NG Kerk** voorgestel. Min predikante beweeg buite hierdie tradisie sonder om as ‘vrydenkend’ of ‘liturgies-liberaal’ geëtiketteer te word.

- Charismatiese leierskap is vir Wagner die leierskap wat die charismatiese leier deur die werking van die Heilige Gees vir hom- of haarself toe-eien. Vir hom lê die geheim van gesonde kerkgroei in hierdie tipe leierskap.

Dat die Heilige Gees wel in gemeentegroei ’n rol speel, is nie vreemd nie. Daar kan wel gevra word of net sekere predikers deur die Gees uitgesonder word om vir gemeentegroei verantwoordelikheid te dra, terwyl ander nie beskore is om deel daaraan te hê nie omdat hulle minder charismaties-georiënteerd is. Lê kerkgroei met ander woorde in die charismatiese eerder as in die tradisionele? Is die Charismatiese ’n oormatige druk op die emosionele gemoedstoestand van die luisteraar waardeur hy/sy (emosioneel) gekondisioneer raak en so meer gebonde voel aan die betrokke gemeente? Wagner (1984:99) is van mening dat *church growth leadership is strongly gift-based*.

Besinning oor die identiteit van die kerk bring die besef dat die kerk nie aan mense behoort nie, maar die eiendom van God is en in sy diens staan. Die gemeente is ’n gemeenskap onder opdrag, geroep om die verlossingsdade te verkondig. Belangrike tekste in hierdie verband is 1 Petrus 2:9; Matteus 28:18-20; Johannes 20:21; en Handeling 1:8. (Vergelyk ook Burger 1999:49, 78 en 79). David Bosch (1991:15) beskou die hele Nuwe Testament as ’n missionêre dokument: ’n dokument wat geskryf en saamgestel is om gemeentes te help in die uitvoering van die roeping wat hulle ontvang het. Dit is om in diens van die Evangelie van Christus aan die hele wêreld te verkondig.

Volgens Van der Merwe (1995:1) kan onvermoë om hierdie opdrag uit te voer, toegeskryf word aan:

- *Gebrekkige spiritualiteit* (Die wyse waarop mense hulle verhouding met die Here verstaan en utoeleef.)
- *Identiteitloosheid* (Gemeentes wat geen Wat ‘Waarom?’ of ‘Hoe?’ ten opsigte van hul bestaan het nie.)
- *Visieloosheid* (Lei tot gebrekkige betrokkenheid.)
- *Gebrekkige leierskap*

Maxwell (1993:68) fundeer sy standpunt oor leierskap op die beeld van Sandhill kraanvoëls wat tydens hulle seisoenale migrasie ver afstande vlieg: *These large birds, who fly great distances across continents, have remarkable qualities. First they rotate leadership. No one bird stays out in front all the time. Second, they choose leaders who can handle turbulence. And then, all during the time one bird is leading, the rest are honking their affirmation.* Hierin is ’n groot waarheid ten opsigte van kerklike leierskap opgesluit. Dikwels is leierskap (as en waar dit wel bestaan) ’n eensame pad waarin net die outoritêre leier skynbaar oorleef. Mettertyd verloor hy egter sy gevolg, juis omdat hy alleen moet lei en daar net na hom gekyk word om koers aan te dui. Waar daar ’n onbetrokke kerkraad is wat sonder entoesiasme ’honk’, is leierskap ’n eensame en opdraande pad.

Paulus was bekend met konflik en spanning in sy bediening. (Vergelyk Handeling 20:29-30.) Hy het die gemeente in Korinte ongeveer in 50 n.C. gestig. (Vergelyk F.J. Pop 1965: 428-432.) Volgens Timoteus het die gemeente in die lente van 55 n.C. egter skeef geloop. As Paulus die gemeente daarna besoek, blyk dit dat hy 'n traumatiese botsing met iemand gehad het. Volgens 2 Korintiërs 1:15-16, sou Paulus die gemeente besoek, maar hy stuur eers 'n skerp bewoorde brief aan hulle. Dié brief het egter verlore geraak. In die proses is Paulus oor die brief verwyt en word sy apostelskap deur sommige lidmate bevraagteken. In 2 Korintiërs 1-9 skryf Paulus oor sy vrese vir verdere verwarring en pyn in die gemeente. Hy het hom in sy verhouding met die gemeente misreken deurdat hy skynbaar nie by almal die nodige apostoliese gesag gedra het nie. *Paul had badly misread the historical setting of his ministry in Corinth and misjudged his own relationship to the community* (Bondi 1989:89). Sy dienskneg-leierskaprol het uiteindelik die deurslag gegee en die gemeente weer op 'n vaste koers geplaas. *There are paralysing fears and misgivings that often afflict the minister. Such entanglements and fears tempt us not to lead and prevent us, whether out of myopic blindness or personal fright, from taking up the risky path of transforming leadership* (Bondi 1989:88).

#### 4.7 Roluitklaring van die predikant

##### *Miskruier*

*Sy Sondagsnaam is scarabaeus  
maar op weksdae is hy net 'n miskruier.*

*Bedags snuif hy aan hope mis  
en swoeg ritmies met 'n reukbol  
na 'n donker gat vir die toekoms.*

*Saans reinig hy sy hande in 'n ritueel  
ná 'n voldag se rondstoot.  
Hy dank die Here vir al die afval*

*van elke dag se genoeg rou stront  
om – vir die nageslag –  
sy lewe volmaak af te rond.*

Cas Vos (2003:59).

In die besinning oor die rol van die predikant (De Klerk 1998:77) kom die volgende vrae na vore: Is hy:

- *profeet in die gemeente?*
- *humane medemens en teenwoordige vriend?*
- *organiseerder en ondernemer van die kerkaksies?*
- *geneser van vermoeide siele?*
- *verteenwoordiger van die kerk by alles en nog wat?*
- *toeganklike of afgetrokke heilige?*
- *ernstige, swaartillende man van God?*

- *professionele kerklike openbareverhoudinge-meneer wat met handigheid, gemaakte hartlikheid, neerbuigende vriendelikheid, gladde hulpvaardigheid en aangeplakte belangstelling die beeld van die kerk bevorder?*
- *uitsnuffelaar van sondes wat gedurig moet waarsku teen die sonde?*

Beukes (HTS:672) beweer dat daar wêreldwyd fout met die amp- en roluitklaring van die predikant is. Om in die bediening te oorleef, skryf hy, is eerder die uitsondering as die reël. Egskeidings onder predikante neem toe, meer predikante is in die gevangenis as ooit tevore, en al hoe meer bedank voortydig uit die bediening. Heitink (2001:50) verwys na die foto's van leraars wat in baie ou Protestantse kerkgeboue hang as teken van die sentrale plek wat die predikant eens daar ingeneem het. Oor die ampsbekleding vra hy: *Hoe lank nog? Bijna wekelijks zijn er signalen te beluisteren dat het niet goed gaat met de predikant. Het beroep heeft het moeilijk in een krimpende kerk. Sommigen tillen zwaar aan hun amp. Anderen klagen over de hoge werkdruk. Er zijn er die het ambt verlaten. Van weer anderen gaat de voorkeur uit naar een baan in het bedrijfsleven. Er verschijnen onderzoeken over disfunctioneren en burn out onder predikanten . Dit alles geeft de dominee een nogal tobberig imago.* Hierdie dinge skaad die amp en rol van die predikant wat sedert die Kerkhervorming 'n ryke tradisie het. Dié beeld is ver verwyder van die ideaal van die Hervorming vir die predikantsamp na die breuk met die *gewijde priesterschap, dat binnen de Rooms-Katholieke kerk een dominerende positie innam* (Heitink 2001:13).

Wanneer die predikant die beeld van dienskneg het (soos wat alle Christene behoort te hê) word hy/sy egter maklik 'n *institutional employee*. Die predikant word dan vasgevang *between serving conscience or serving consequences, and very often only conflict and difficulties will follow* (Bondi 1989:43). Baie spanning en lyding kom in die kerk voor wanneer die kerkbestuur vergeet dat hulle die kerk anders behoort te bestuur en lei as 'n besigheid of organisasie, juis omdat dit *kerk* is. Arbeidswetgewing verdring soms die basiese beginsel van liefde binne die gemeente Wanneer wetgewing klinies korrek op die amp van die predikant toegepas word, kan dit die indruk van ongevoeligheid skep. Bondi verwys in dié opsig na die lyding wat Paulus soms moes deurmaak in gemeentes wat hy gestig of help stig het. (Vergelyk 2 Korintiërs 9-10.) *That phrase, 'for Christ's sake', should remind us that there is a point to suffering and that the worth of suffering depends on why it is undergone* (Bondi 1989:43).

In die onsekerheid oor die rol van die predikant word daar toenemend daarop gewys dat die predikant wel 'n visioenêre leierskapsrol het om in die gemeente te vervul. Daar word vandag duidelik na *Moses-figure* gesoek: leiers wat weet waarheen hulle die gemeente moet lei (Snyman 2001:114). Die wesentlike vraag wat hiermee saamhang, is of alle predikante wel geskik is om in hulle werksituasie leiers te wees. Is dit met die predikant nie maar ook die geval soos met 'Mevrou Dominee' wat vanselfsprekend die 'susters' moet lei 'omdat dat sy met die dominee getroud is' nie? Of sy bevoeg of gewillig is, is nie ter sake nie. Die leierskapidentiteitsvraag in die kerk hang waarskynlik saam met hierdie tipe aanname.

LO Richards (1980:15-31) is sterk gekant teen burokraties-institutêre leierskapstyle wat tiperend is van die sogenaamde 'dominee-kerk' waarbinne die amp van die gelowige nie tot sy reg kom nie. Veral in die hoofstroomkerke word die rol van die predikant oorbeklemtoon, binne die Amerikaanse konteks. Volgens Richards lê die

teologiese grondbeginsel in die vraag of Christus die hoof van die gemeente is, en of die prosesse in die gemeente hiermee rekening hou. Hy wys daarop dat die funksionering van die predikant in die gemeente nie maar net taak- en kontrolegerig is nie, maar doelgerig 'n volwasse lewende verhouding met Jesus Christus behoort te weerspieël. (Vergelyk ook die *Emotional Intelligence [EI]* begrip van Goleman Boyatzis & McKee 2002.)

Die doel van kerkleierskap is nie die handhawing van die heersende orde nie, maar die groei van 'n gesonde liggaam. Kerkleiers se identiteit lê dus in die rol wat hulle as diensknegte vervul. Dit sou egter 'n verskraling wees om die kerkleier net as 'enabler' te sien. Hy/sy is primêr ook 'toeruster' wat 'n leierskapsrol vervul. (Vergelyk ook Gordon 1994.) In enige groot gemeente met lidmate uit verskillende sosiale groepe waar verskillende bedienings ontwikkel word, is daar 'n behoefte aan bestuur, organisasie, koördinerende, beplanning en oorhoofse leierskap (Hendriks 1992:154). Malpers (2003:32) wys daarop dat enige Christenleier se leierskapsmotief alleen bepaal kan word deur dienskneg-leierskap. *Is your motive as a leader to serve Christ and his church and ultimately to glorify God, or is it to gain for yourself personal prominence, prestige and power?*

Wanneer die predikant nie 'n vêrsiende visie het nie, het dit 'n verlamme invloed op die gemeente, omdat die gemeente sy werkplek is en daar in hierdie verband verwagtinge aan hom gestel word. Annes Nel (2003:70) wys daarop dat lidmate oor kontroversiële sake 'n standpunt van hulle leraar verwag. *Ons leef in 'n tyd waar daar verskeie standpunte deur Christene gehandhaaf word oor sake soos homoseksualiteit, buitehuwelikse seks, abortsie en Skrifgesag. Die stilswye van leraars oor baie van hierdie sake, is vir mense 'n teken van papbroekigheid. Allereers kan dit wees dat jy te bang is om standpunt in te neem en daarom eintlik dienstig is aan die een of ander groep. 'n Ander oorsaak mag wees dat jy wêreldvreemd is. 'n Laaste rede wat aangegee word, is dat jy nie die teologiese onderbou het om oor die sake 'n besluit te neem nie.*

Wanneer leraars nie oor sensitiewe sake standpunte inneem nie, aanvaar lidmate dat die kerk nie 'n standpunt het nie. Pastorale sensitiwiteit beteken nie ruggraatloosheid nie. Dit is belangrik dat die waarheid, soos die kerk dit verstaan, aan die gemeente oorgedra moet word. Ongelukkig wil baie predikante nie oor sensitiewe standpunt inneem sake nie, omdat hulle bang is dat lidmate mag aanstoot neem aan hulle opinies. Hierdeur verloor die predikant sy/haar outoriteit by party lidmate en laat lidmate in 'n onseker situasie waarin hulle leiding soek maar dit nie ontvang nie. Lidmate verwag dat leraars hulle bediening handhaaf, met ander saamwerk, etiese en morele leiding gee (Nel 2003:71).

Met die huidige verlies aan sekuriteit in Suid-Afrika, is die kerk een van die min instansies uit die ou bedeling van voor 1994 wat byna onveranderd gebly het. Vir baie lidmate bied dié bekendheid 'n mate van vastigheid. Tradisionele bedieningspatrone, soos die herder-kudde model, is vir lidmate iets kosbaars uit hul meer geborge verlede, daarom het baie lidmate ook steeds 'n behoefte aan die tradisionele 'huisbesoek'. Dit wys 'die kerk gee vir my om'. Die vraag is of die afskaffing van huisbesoek in baie gemeentes nie daartoe bygedra het dat lidmate 'n losser verbintenis met die kerk het nie? Mense het iemand in die hoogte en laagtepunte van hul lewe nodig – meermale iemand van die kerk, by name die predikant. Daar is ook 'n ander



verwachting: die post-moderne mens wil die dominee nie net as 'n herder, leraar en helper hê nie, maar dikwels ook as 'n vriend.

#### 4.8 Gemeenteleierskap: slegs manlik?

Heitink (2001:194) bied die volgende skets van die geskiedenis van die toelating en aanstelling van vroue in die amp in die Hervormde Kerk in Nederland. In 1913 promoveer die eerste vrou in die Teologie. In 1958 word die ampte van ouderling en diaken vir die vrou oopgestel en in 1959 word die eerste vrou in Zeevang in die amp bevestig. Die Gereformeerde kerke begin eers in die sestigerjare aan die hieroor gesprek hieroor deelneem. In 1970 word die eerste vrou in die leraarsamp bevestig. In Nederland het vroulike leraars aan die begin moeilik beroepe ontvang. Vroue het aanvanklik gevoel dat hulle moes aanpas in 'n manlike kerkstruktuur. Dit is interessant dat Heitink vermeld dat ouer vroue makliker in die manlike milieu ingepas het, met 'n mate van geëmansipeerdheid in hulle rolvertolking, terwyl jonger vrouepredikante 'n eie natuurlike en vroulike beeld van die predikantspos wat hulle vul na buite vertoon.

Grey (1990:70) meld dat vroue in 1932 toegelaat is om Sondagskoolonderwyseresse in die NG Kerk te word. In 1965 het die Kaapse Sinode hulle as evangelisasiewerkeers toegelaat. In 1982 het die Algemene Sinode 'n studie gelas om die gepastheid van die vrou in die amp te ondersoek. Hierdie opdrag is in 1986 verder gevoer toe daar besluit is om die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake opdrag te gee om verdere ondersoek te doen of die vrou volgens die Bybel uit die amp van lerende ouderling uitgesluit is of nie.

Ann Huff (1990:3) skrywe dat die vrou binne die kerklike milieu waarskynlik nie maklik leierskapsfunksies sal verrig nie, omdat die atmosfeer in die kerk binne die manlike paradigma val en dat die blote styl van vrouwees gebruik sal word *to keep them in their place*. Sy skrywe dat vroue wat binne 'n manlike enklave werksaam is soos mans beoordeel word en dus makliker uitval as dit by die fisieke eise kom. Sy meld dat dit opvallend is dat wanneer 'n vrou volgens haar vroulike geaardheid optree en daarop beoordeel word, *they are considered weak and ineffective*. Volgens Mitchell (1988:30) word die vrou binne hierdie gebeure, veral in die kerk, tot *the role of organizational church or wife* gereleë. Tannen (1991: 24-25) wys op 'n interessante verskil tussen mans en vroue in leierskapsposisies: *The goal of men in conversation is power, whereas for women it is establishing relationships*.

Die oorheersende kenmerk van die leierskorps in gewone samelewings is manlik. Manlike leiers behoort *alles te weet en antwoorde vir alles te hê*, terwyl vroue in leiersposisies meer as *fasiliteerders* gesien word. Shawchuck & Heuser (1993:255) pas hierdie waarneming ook op kerklike leierskapsposisies toe. Kuhn (1970:17-18) se waarneming is dat die nuwe geslag vroue *encourage participation, share power and information, enhance other people's selfworth, and get others excited about their work*.

Die toneelstuk, *Groet die Grotman*, wat sedert 2006 landwyd opgevoer is, beklemtoon die feit dat vroue die *wewers* is: hulle het die vermoë om dinge bymekaar te bring. Heitink (2001:195) meld ook dat vroue skynbaar in leierskapsrolle in die samelewing meer demokraties funksioneer. Hy wys egter daarop dat vroue as leiers nie altyd deur almal aanvaar word nie.



Volgens Conger (1985:16) is die wesentlike probleem vir vroue in veral kerklike leierskapposities dat daar groot gewag gemaak word van die feit dat sy as *vrou*, die betrokke werk moet doen. Die belangrikste vraag wat gestel word is altyd of sy dink dat sy as vrou die vermoë het om die werk te kán doen. Dit was ook die geval in die NG Kerk met die verkiesing van die eerste vroulike verteenwoordiger in die Moderatuur van die Algemene Sinode in 2004. Toe ds. Elsjé Büchner as eerste vrou in die amp tot dié Moderatuur verkies is, is sy gevra of sy dit as 'n *deurbraak vir die vrou in die amp* sien. So 'n vraag hoort nie tuis in die gemeenskap van gelowiges waar gelykheid van die geslagte in die amp reeds vir dekades bepleit word nie. (*Chauviniste in die kerk het wel in die wandelgange bespiegel dat sy met hierdie verkiesing maar net 'n kwotaspeler was en dat die kerk met haar verkiesing 'n bevryde beeld wou uitdra.*) Volgens Shawchuck & Heuser (1993: 226) plaas sulke vrae vroue onder stres, omdat dit hulle van hulle individualiteit beroof en laat voel dat hulle slegs *deel van vroue in die algemeen* is.

Heitink (2001:195) meld dat daar gedurende die afgelope aantal jare merkwaardige ontwikkelinge ten opsigte van vroue in die amp van leraar plaasgevind het. *Jonge zelfbewuste vroue slaagen er in toenemende mate in het predikantskap een eigen gezicht te geven*. Hulle word rolmodelle vir die vrouelidmate van die gemeente. Daar is egter duidelik dat op kerklike en teologiese gebied nog veel gedoen moet word om die *onderdrukkende krachten het hoofd te bieten*. Die vraag is: Maak die amp die belewenis van 'n vrouepredikant anders?

In die NG Kerk beroep min kerkrade vroue as gemeenteleraars - dit terwyl, sonder uitsondering, 50% of meer vroue reeds op kerkrade in die ampte van ouderling en diaken dien! Dit skyn dat manlike kerkgangers meer krities ingestel is teenoor vroulike predikers. Ten opsigte van die aanstelling van vroue as leraars is kerkrade in die NG Kerk in Suid-Afrika meer begaan oor die *werksomstandighede* as teenoor die geslag van die leraar as sodanig. Kan die vrou in die aand kerklike werk gaan doen? Kan sy kinders grootmaak en 'n huishouding behartig indien sy 'n voltydse aanstelling as leraar ontvang? Lidmate is nog nie heeltemal tuis met 'n swanger dominee wat later 'n baba tuis het nie. Geslagsrolle en verwagtinge speel 'n beduidende rol.

Dit is waarskynlik waarom vroue in die NG Kerk oor die algemeen aangestel word met spesifiek omskrewe take, soos byvoorbeeld die van jeugwerker. Feministe gebruik hierdie tendens as verwyf teenoor die sogenaamde 'manlike gesagstruktuur' waarin die amp van predikant in die gemeente steeds gegiet is. Dit is tans byna ondenkbaar om die vrouepredikant as strategiese leier in die kerkraad aan te stel.

Dit is duidelik uit die Pastorale briewe dat vroue in die vroeë kerk spesifieke dienswerk verrig het. Hierdie dienswerk het waarskynlik amptelike lering uitgesluit, maar het te doen gehad met die wese van gemeentedienswerk, die erediens, uitreike na onbekeerdes en die versorging van mense in die gemeenskap. Vroue moes ook met hulle mans geestelike gesprek voer oor die egtheid van profesieë. (Vergelyk 1 Korintiërs 14:33-36.) Die verbod op lering deur vroue moet saamgelees word met die rol van die vrou teenoor haar man (1 Timoteus 2:11-13). In die tydperk van die groei van die vroeë kerk het die heersende kultuur aan die vrou 'n spesifieke plek en rol toegeken. Dit moet nie buite rekening gelaat word in eksegetiese oordele oor die rol van die vrou in die gemeente nie. Daar is aanduidings dat vroue wel toegelaat is om sowel te

profeteer (1 Korintiërs 14:26) as om te vermaan (Kolossense 3:16). Vroue het gedeel in die erediens en die werking van die Gees solank as wat hulle uit respek teenoor die mans hulle hoofde bedek het (1 Korintiërs 11:2-16).

Binne die NG Kerk is die vrou in die amp van leraar toegelaat ten spyte van hewige debat oor die aangeleentheid. Vir baie jare is hulle 'beperk' tot Sondagskoolonderwys en Kinderkrans. Volgens die destydse eksegeese van 1 Korintiërs 11:5 mog sy nie sonder 'n hoofbedekking in die kerk kom nie. Die veranderinge ten opsigte van al hierdie dinge is nie net te wyte aan politieke, sosio-ekonomiese, teologiese denkverskuiwinge en demokratisering nie, maar ook aan hoofstroom sekularisasie van die godsdiens wat Suid-Afrika nou eers in sy volheid tref.

'n Eeu gelede was stemreg vir vroue en vroue in die kerkamp te wêreldwyd vergesog. Die 'Suffragettes', 'n groep vroue in Engeland wat hulle vir stemreg beywer het, is beskou as 'n *lunatic fringe* van die samelewing. In die kritiek op hierdie beweging is Paulus dikwels aangehaal (1 Timoteus 2:11; Titus 2:5; 1 Petrus 3:1). Hierdie uitsprake as gesaghebbend aanvaar - die vrou mag gesien, maar nie gehoor word nie (Van Niekerk 2005:51). In die NG Kerk kon die vrou eers die laaste twee dekades haar regmatige plek inneem.

In sy intreerede aan die Vrystaatse Universiteit in 1983 het EPJ Kleynhans 'n homononwonde uitgespreek daarteen dat die vrou in die amp van leraar optree. Terselfdertyd het Adelbert Scholtz in sy Magisterverhandeling getiteld *Die amp en die vrou in die kerk* (Hofmeyr 2002:215) hom ten gunste van die vrou in die amp uitgespreek. In 1990 het die Algemene Sinode besluit dat die vrou in al die ampte van die NG Kerk mag dien. Die eerste vrou is in 1994 in die Vrystaatse gemeente, Kopsiekampus, as predikant georden en bevestig.

Onder leiding van drie afgestudeerde vroueproponente het die Buvton-vrouenavorsingsgroep 'n werkstuk opgestel wat as beskrywingspunt deur die Wes- en Suid-Kaapse Moderamen op die agenda van die Algemene Sinode van 1998 geplaas is. Dié dokument vra om billike arbeidspraktyk in die kerk wat vroue sal insluit, asook restituisie vir vroue wat as ongeordendes nie toegang tot 'n pensioenfonds het nie, omdat hulle nie beroepe ontvang nie. Die Sinode het ook skuld bely vir die onreg wat vroue aangedoen is deur hulle geslagte lank uit kerklike ampte uit te sluit. Die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk het 'n vrouekonferensie vir 15 en 16 September 2000 by die Andrew Murray-gemeente in Johannesburg belê. 'n Sentrale tema van dié konferensie was vrouepredikante se frustrasie dat hulle nie beroep word nie en dikwels as goedkoop arbeid in gemeentes diens moet doen sonder dat hulle georden en bevestig word. Daar is wêër 'n skuldbelydenis gedoen. Die vraag is egter: Het die situasie sedertdien werklik verbeter?

Na dertig jaar se gewroeg oor die vrou in die amp het die Sinode van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika in 2003 besluit dat die vrou in die amp van diaken mag dien. Die Sinode van 2006 het egter besluit dat dié besluit vanweë 'n tegniese fout nie geldig is nie en daar is besluit om die vrou uit die amp te weer. Na hierdie beslissing het 32 Gereformeerde predikante (onder leiding van dr. Wim Vergeer, leraar van Potchefstroom-Oos) die volgende verklaring oor die besondere ampte uitgereik (weergegee in **Rapport** van 7 Februarie 2006): *Die reg van vroue om God in die besondere ampte te dien, is geen mensereg nie. Dit is geen geslag se reg*

*nie. Dit is nie 'n vergunning van 'n sinode wat dan gegee en daarna geneem kan word nie. Dit is en bly die reg van Jesus Christus alleen. Hy het dit aan die kruis verdien.*

Wat die Gereformeerde Kerk amptelik met hierdie verklaring (uitdaging) gaan maak, is nog nie duidelik nie. Dr. Pieter Bingle van die Gereformeerde Gemeente Kaapstad het laat blyk dat die GKSA nie kan wag om eers oor drie jaar die vrou haar beskore plek in die kerk te laat toekom nie. Die GKSA sit nou met die dilemma dat baie lidmate dreig om die kerk te verlaat omdat hulle vertrouwe in die leierskap verloor het. 'n Brief van dertien vroue lidmate van Potchefstroom skryf hulle dat hulle klaar 'gekoek, getert en gekoeksister' is in die GKSA en dat hulle hul goddelike opdrag gaan uitvoer, met of sonder sinodebesluite (**Rapport** 7 Februarie 2006).

#### **4.9 Leierskap en Bestuur: Aanvullende komponente**

Ten opsigte van leiers in die NG Kerk is die probleem waarna Warren verwys (1995:90) dikwels die werklikheid: *they generate a lot of activity, but there is little productivity. Energy is wasted on trivial issues. It's like rearranging deck chairs on the Titanic; everything may look nice and organized, but it doesn't matter because the ship is still sinking! It is not enough for a church to be well organized; it must be well organized to do the right things.*

Volgens Rush (2002:1) het leiers in die huidige tydvak ook bestuurseienskappe nodig. Hy maan egter daarteen om besigheidsbestuur net so op die kerklike milieu toe te pas, omdat van hierdie beginsels nie altyd met geestelike waardes wat in die kerk gehandhaaf behoort te word, ooreenstem nie. Baie Christenleiers is tans op soek na 'n nuwe benadering tot kerkleierskap. In Suid-Afrika het die arbeidswetgewing die Kerkorde en Bepalinge van die NG Kerk vervang en bestuur kerkrade die kerk se werknemers tans volgens suiwer juridiese aanwysers.

Die kerk het nog nie daarin geslaag om by die wetgewing 'n kerklike dimensie te voeg wat nie net op die letter van die wet nie, maar ook op die 'sagtheid' van die evangelie ingestel is. Rush (2002:5) skryf: *Jesus knew that the world's approach to management and leadership creates relationship problems and poor productivity. Sy standpunt is dat kerklike leierskap en bestuur daarop gerig moet wees om aan die behoeftes van mense te voorsien terwyl hulle hul werk verrig. Werkgewers het gelukkige werknemers indien daar na hulle behoeftes omgesien word. People will voluntarily, eagerly, and continually meet his needs in return* (Rush 2002:5). (Vergelyk ook 1 Konings 12:7.)

Dalk is die probleem met kerklike leierskap nie alleen dat die sekulêre konsep van leierskap stremmend is, maar dat verwarring bestaan oor wat bestuur is. Kerkbestuur en kerkleierskap was baie lank simbioties met mekaar vervleg.

- *Currently most leaders in Christian organizations are receiving the bulk of their management training from the secular business community. This means many Christian leaders are attempting to manage God's work using a secular philosophy that has been condemned by God* (Rush 2002:9).
- Kouzes en Posner (1987:27) wys op die volgende verskil tussen leiers en bestuurders: *the distinction between getting others to do (management) and*

*getting others to want to do (leadership)*. Hy lê ook klem op die feit dat leiers die *weg* moet aandui, 'n *visiedraer* is, die *proses* om dit te bereik uitstippel, en ander persone *bemagtig* om op te kan tree en 'n *emosionele* ondersteuning te bied. (Vergelyk ook Kouzes and Posner 1995.)

- Volgens Bennis en Nanus (1985:21) dryf leiers die emosionele en geestelike dimensie van 'n organisasie, terwyl bestuurders die fisieke en materiële goedere hanteer en bestuur.
- Rush (2002:12) verdeel leierskap en bestuur in twee kategorieë, naamlik *things* en *ideas*. Dit is oor die algemeen makliker om *dinge* te bestuur. *Idees* val in die kategorie van kreatiwiteit en realisme. Vir *dinge* kan 'n plan, struktuur en begroting uitgewerk word, terwyl *idees* op die terrein van motivering en inspirasie lê. *Idees* is nie altyd sigbaar nie, is moeilik om te verduidelik en mense staan dikwels skepties daarteenoor.
- Barna (1997:51) wys daarop dat leierskap meer beteken as om net probleme in die bestuur van 'n instelling uit te wys. Daar moet daadwerklik oplossings gevind word: *True vision leads to holistic, consistent and transforming action. It results in neither temporary nor disjointed solutions. Vision brings victory.*

Baie leiers spandeer die meeste van hulle tyd aan die bestuur van *dinge* eerder as om *idees* te skep en dit in die visie van die organisasie te inkorporeer om deel te word van die toekomsdroom. Die leier wat 'n toekomsdroom vir sy organisasie het, skep *toekomsidees*. Hoe 'n organisasie more gaan lyk, word bepaal deur die *idees* van vandag. Instellings is dikwels dood sonder dat die betrokkenes dit agterkom. Die strukture is daar, maar passie om vorentoe te beweeg ontbreek. Dikwels kom die leiers nie agter dat hulle 'n dooie struktuur aan die lewe hou deur nog getrou die telefoon te beantwoord, talle vergaderings te hou, en stadig nêrens heen gaan nie. *The organization that focuses on using the creativity of its people will discover workable solutions to its problems. It will find new and better ways of accomplishing its tasks* (Rush 2002:23).

John W Gardner, voormalige Sekretaris-Generaal van die Departement van Gesondheid in die Verenigde State van Amerika praat van *Leader Managers* met die volgende karaktertrekke:

- Hulle is langtermyndinkers.
- Hulle sien die groter prentjie en stel belang in die hele organisasie se doen en late, nie net in die deel waarvoor hulle verantwoordelik is nie.
- Hulle reik uit en het ook invloed buite hulle gemeentes.
- Hulle koester waardes en skep visie.
- Hulle dink in terme van vernuwing en handhaaf nie net die status quo nie.

Die vraag is of *leader managers* nie juis die twee dimensies, leierskap en bestuur, weer as 'n eenheid sien nie.

Shawchuck & Heuser (1993:21) beskryf leiers as persone wat toesien dat die *regte dinge* gedoen word terwyl bestuurders toesien dat *dinge gedoen* word. Hy is egter van mening dat gemeentes daarvoor verantwoordelik is dat leraars bestuurders is omdat

die verskeidenheid van take wat van hulle verwag word, hulle daarvan weerhou om strategies te dink en leidend op te tree. Volgens Van der Merwe (1995:106) beteken dit dat gemeenteleiers:

- Strukture skep of in stand hou waar die lidmate 'n bydra kan lewer en insette kan maak;
- kommunikasie aan die gang hou so lank as wat dit nodig is;
- konflik goed bestuur en aanwend as 'n groeiproses; en
- beplanningsprosesse goed bestuur.

Covey (1989:246) tref die volgende onderskeid tussen leierskap en bestuur. (Vergelyk ook [www.businessballs.com](http://www.businessballs.com))

- Leierskap dui rigting en koers aan.
- Leierskap skep visie en lei mense om dit te volg.
- Leierskap inspireer en motiveer mense.
- Leiers minimaliseer disfunksionele spanning, maar erken dat die krag van spanwerk in verskeidenheid berus.
- Die hoofsaak van 'n leier is om 'n span te bou waar die krag in die vermoë gesetel is in elkeen se sterk punte en nie die swakhede van individue beklemtoon nie.

Bestuur, daarenteen, fokus op:

- die spoed waarmee dinge gedoen moet word;
- die skep van strukture en sisteme om resultate te verkry; en
- logistiek.

Wagner (1984:87) beklemtoon dat leierskap te make het met visie en strategiese gang binne die organisasie of groepering. Hy wys daarop dat leierskap die gemeente motiveer om vorentoe te beweeg. Hy sê ook dat 'n leier 'n bestuurstaak moet kan verrig, en dat 'n bestuurder nie noodwendig 'n leier is nie. *The leader sees possibilities that others do not see, and changes the perspective of the church members to fit these possibilities* (Wagner 1984:87). Hy sê ook *leadership cares about effectiveness while management cares about efficiency* (1984:88). Leierskap word in Romeine 12:8 vermeld, terwyl administrasie in 1 Korintiërs 12:28 genoem word. (Die woord vir administrasie – *kubenesis* – beteken om 'n skip te stuur.)

Die Westerse wêreld is linkerbrein-dominant: logika en feitlikhede oorheers. Regterbreindenke, wat meer kreatief en holisties is, speel 'n kleiner rol in leiers- en bestuursaktiwiteite. Die linkerbrein funksioneer met analise, logika, woorde en tydsgebondenheid terwyl die regterbrein met sintese en die groter prent besig is en ook minder tydsgebonde is. Baie akademiese instellings bied uitsluitlik linkerbrein-dominante, feite-onderrig aan, terwyl regterbrein vrydenke minimaal aandag kry.

Die Griekse filosowe het in terme van *etos*, *patos* en *logos* gedink (Covey, 1989:248). *Etos* hang saam met 'n persoon se geloofwaardigheid (die emosionele bankbalans van 'n persoon), *patos* het te doen met motivering en emosies, terwyl *logos* na die logiese prosesse van die linkerbrein verwys. 'n Bestuurder funksioneer dus baie meer

linkerbrein georiënteerd, terwyl 'n leier regterbrein denkend is. Regterbreindenkers is kreatief, kry dinge gedoen en beweeg vorentoe. Die ideale is om 'n balans tussen linker en regterbrein denke vir die leiersposisies in die kerk te vind. In die kerk domineer die feitlike en logiese gewoonlik op vergaderings; leierskapsake lê baie laag op die prioritisering en val dit dikwels onder 'Algemeen' op die agenda.

In die verlede het kerkrade in die NG Kerk min gedoen om leierskapsontwikkeling onder die leierskorps te bevorder en te ontwikkel. Organisasies wat korttermyn dink en net met harde-data werksaam is, laat dikwels na om die regte ontwikkeling ten opsigte van leierskap aan te moedig: hulle is gewoonlik moeg gespoek om die logistieke en bestaanswese van die organisasie te beveilig.

Barna (1997:32) is van mening dat daar van die meeste leiers in die kerk verwag word om goeie bestuurders te wees, terwyl daar nagelaat word om te besef dat *leadership focuses on human resources. It has to do with the way we treat people, develop people and relate to people*. Hy wys ook daarop dat daar wel leierskapbeelde deur die luisterende groep (die gehoor) geskep word wanneer 'n figuur in die publiek optree. Baie mense het vir Billy Graham oor televisie as 'n leiersfiguur erken alhoewel hulle nooit direk met hom te doen gehad het nie. Barna verwys hierna as *image leadership*.

Gibbs (1981:256) wys op 'n baie belangrike aspek van gemeentebestuur wat nie altyd in die idealistiese planne vir leierskapstrukture in die kerk verreken word nie. Kerklidmate is vrywilligers wat nie vir 'n salarisse in die betrokke gemeente afhanklik is nie. Hulle funksioneer dus *vrywillig*. Kerkleierskap is soveel moeiliker omdat dit op die *welwillendheid* van mense staatmaak. Gemeenteleiding moet daarom met groot sensitiwiteit geskied. Omdat alle gelowiges verskillende gawes en talente het (Lukas 19:11-27), kan dit wees dat die kerklike leierskap mense verkeerdelik aanwend omdat hulle net op diegene wat bereid is om 'n bydra te lewer kan steun. Iemand kan byvoorbeeld aanbied om in die kerkentrum se klankkamer te werk, die nodige opleiding ontvang, maar geen aanvoeling hê vir die regulering van klankbeheer tydens die erediens nie. So 'n persoon is dan nie geskik om die taak te verrig nie. Dit is nie maklik om so iemand te vervang nie, want die kerk is sterk *verhoudingsgerig*.

Naas hulle teologiese opleiding behoort teologiese studente uitvoerige opleiding in gemeentebestuur te ontvang. *If management skills are required for running industry, they are even more needed in the church, for there the management task is more complex* (Gibbs 1981:257). Die leraar wat in 'n leierskapsposisie aangewys word, het nodig om top bestuursvermoëns te hê om in staat te wees om die span wat leiding moet bied saam te snoer (Gibbs 1981:262).

#### 4.10 Samevatting



- Uit die briewe van Paulus is dit duidelik dat die ampte in die kerk verantwoordelik is om leierskap te genereer. Die vorm waarin dit geskied kan varieer na gelang van wisselende omstandighede in die kerklike bestaan.
- Leierskap in die kerk behels die gawe om as geroep in die amp van leraar, ouderling en diaken, 'n visie daar te stel wat die gemeente op 'n pad van groter diensbaarheid plaas. Dit beteken dat die gelowiges in die gemeente rigtinggewend gelei word waarin motivering tot diensbaarheid die doel van die gemeente voorop stel.
- Ongelukkig het die kerk in die verlede aanvaar dat alle predikante wat tot die gemeentebediening toegelaat is oor die gawe en vermoëns van leierskap beskik. Hierdie leierskapseienskappe moes boonop binne die *Primus inter pares* beginsel beoefen word indien daar tot 'n medeleraars verhouding toegetree is. Omdat leraars maar onlangs in enkele gemeentes toegelaat is om te spesialiseer, is waarskynlik verantwoordelik vir baie spanning binne die leierskorps van die kerk. Geen organisasie in die korporatiewe omgewing, wat met mense werk, stel gelyktydig twee of meer leiers op gelyke vlak vir dieselfde werksaamheid aan nie. Daar moet differensiasie plaasvind met leierskap wat 'n verantwoordelikebeginsel handhaaf.
- Gemeentes behoort te bepaal watter tipe leierskapstyl hulle omstandighede pas en hulle leraars so aanwend. Daar moet in hierdie proses teen individualisme gewaak word en 'n spesifieke beleid en visie vir die gemeente neergelê word wat die fokuspunt bly al wissel die persone wat die predikantsposte vul.
- Geroepenheid is 'n uiters belangrike maar ook hoogs persoonlike saak vir elke predikant. Dit bly die manna vir die dag in die lewe van die predikant. Dit gee die passie en energie om vol te hou en nie uiteindelik te swig voor die moedeloosheid wat die bediening dikwels oor die predikant laat toesak nie. Dit is uiters belangrik dat 'n Kerkraad bepaal wat die roepings passie van die predikant(e) in hulle diens is. Die probleem is egter dat daar nie 'n eenstemmige maatstaf is wat in die NG Kerk beskikbaar is en deur elke gemeente gebruik word nie.
- Daar is baie tipes leierskap op die kerklike terrein. Dit blyk dat indien die dienskneg – leierskap model reg aangewend word, dit op die huidige tydstip die aangewese model vir die NG Kerk is. Die navorsing stel in die laaste hoofstuk 'n bediening struktuur-model daar, waarbinne hierdie leierskapsmodel kan funksioneer. Die volgende *societas*-fase sal moet voortbou op die verhoudingsbehoefte wat in die gemoed van mense in die post-modernisme ontwikkel is.
- Die naderende oorgang na die volgende *societas*-fase vereis egter dat die rol van die gemeentepredikant duidelik formuleer word. Voor 1994 en tydens die huidige *communitas*-fase was dit duidelik dat rol verwarring verkeerde leierskapsmodelle in die kerk geskep het. Duidelike identifisering van leierskapsrolle wat ampsidentiteit versterk, is nodig en kan gevind word indien gemeentestrukture duidelik formuleer en prakties uitvoerbaar is, omdat dit onsekerheid uit die weg ruim. 'n Feit wat aanvaar moet word is dat die

predikant altyd pastor in die gemeente gaan bly. Dit ten spyte van die feit dat hy/sy spesialistake verrig. Rolverwarring is verantwoordelik vir die spreekwoordelike ‘uitbranding’ van talle predikante. Die kerk het egter steeds nie meganismes in plek om daadwerklike aandag hieraan te gee nie.

- Die NG Kerk funksioneer nog met ’n ‘manlike’ beroepsagtergrond as norm ten opsigte van die funksionering van die predikantsfunksies in ’n gemeente. Gemeentes moet in die huidige tydse fase poste so plooi dat die vroulike teenwoordigheid in die amp tot verryking van die diensies van die predikante span lei. Die kerk het baie verklarings in hierdie verband uitgereik maar moet dit nou prakties in die breë, toepas.
- Leierskap en bestuur is nie presies dieselfde proses in ’n gemeente nie. Die kerk het vir te lank goeie bestuur summier as goeie leierskap gesien. Die onderskeid tussen hierdie twee kernaspekte word duidelik in die bediening struktuur-model van die laaste hoofstuk, uitgelig. Leierskapsgawes móét in die medeleraarspan bepaal word sodat daar daarvolgens funksioneer kan word.
- Daar bestaan ’n groot behoefte in die NG Kerk om leiers in gemeentes te identifiseer, naas die in die ampte, en hulle doelmatig op te lei vir hulle opbou funksie van die gemeente. In die proses mag dit nie uit die oog verloor word dat leierskap alleen moontlik is indien daar volgelingskap is nie. ’n Gemeente het dikwels ’n goeie leier in die span maar sien hoe alle ratte tot stilstand knars omdat volgelingskap ontbreek binne ’n gespanne verhouding waarin die magspel van afguns en dikwels ook jaloesie aan die orde is.

## Hoofstuk 5

### Visioenêre leierskap: rigtinggewende strategie in 'n laat *communitas*-fase

#### 5.1 Inleiding

Terwyl hy besig was om die sakramente in 'n kapel in San Salvador te bedien, is Aartsbiskop Romero vermoor. Die rykes van die dorp wou hê dat hy na hulle pype dans, terwyl die jong Marxisties-gesinde priesters hom in die stryd teen kapitalisme aan hulle kant wou hê. Hy is dood as gevolg van die stryd tussen twee faksies. Die visie wat hy gehad het, was op die armes gerig, om hulle op te hef sodat hulle kon deel in die rykdom wat omstandighede wel aan hulle kon bied. Net so het Martin Luther King sy 'droom' in 'n onstabiele tyd in Amerika na die moord op John F Kennedy en sy broer Robert Kennedy, nie prysgee nie. Sy toespraak op 28 Augustus 1963 het hom sy lewe gekos.

In die vorige hoofstukke is onder andere aandag gegee aan leierskapsbeginsels vanuit die amp en die tradisie van die kerk. Daar is bevind 'n gemeente sonder leierskap is soos die spreekwoordelike waterlose wolke wat deur die wind rondgewaai word. Die gevolg van leierloosheid is dat al hoe meer beginsels vanuit die korporatiewe wêreld ontleen word om leierskap in die kerk op 'n duideliker koers te plaas. Talle skrywers het die terrein van gemeentelike visies en missies betree, gevolglik is daar waarskynlik nie 'n gemeente in die NG Kerk in Suid-Afrika wat nie 'n visie as rigtingwyser vir die betrokke gemeente geformuleer het nie. Daar is egter 'n gevaar daarin dat metodiek vir die opstel van 'n visie en doelwitte vanuit die korporatiewe wêreld, onveranderd in die kerk toegepas word.

Onderstaande verteenwoordig slegs enkele standpunte oor die daarstel van 'n visie om leierskap te bemagtig:

- Snyman (2001:116) meen dat leierskap vandag vereis dat 'n leraar 'n visie vir die gemeente het, en dat hy/sy die pad vorentoe duidelik daardeur laat bepaal.
- 'n Visie is 'n kenmerk van leierskap in die post-moderne era, skryf Botha (2001:145-147).
- Van der Merwe (1995:40) maak 'n duidelike onderskeid tussen 'n missie en 'n visie. Hy sê dat die missie verstaan moet word as die *mission statement*, dit is die *bestaansfunksie* van die instelling of geloofsgemeenskap. 'n Visie poog om gestalte te gee aan 'n spesifieke droom wat binne die tydsgewrig aktueel en haalbaar is. Vir hom gaan 'n missie oor in die visie van die gemeente. Dit is sy standpunt dat 'n goeie, aktuele visie mense in beweging bring. Dit is dus uiters noodsaaklik dat 'n visie die gemeente aanspoor in hulle taakgerigheid (1995:103).
- Wilkes (1998:65) is weer van mening dat 'n visie eintlik net die duidelik voltooide missie is. 'n Goeie visie bring opgewondenheid in die gemeente en veroorsaak dat lidmate by projekte betrokke raak.
- Hendriks (2002:84) omskryf dit in duidelike taal wanneer hy sê: *Zó willen we gemeente zijn! Daar willen we ons voor inzetten! Dáár zien we de zin van in en zo krijgen we er weer zin in. Een visioen raakt ons hoofd, hart en handen.*

*We worden door de visie bewogen en zetten ons vervolgens in beweging!* Hy sien 'n visie as 'n kort duidelike *identiteitsconcepie* (2002:32). Dit beteken dat die visie van die gemeente vir elke lidmaat duidelik en verstaanbaar moet wees. Vir Hendriks beteken dit dat die gemeente 'n *herberg* (veilige plek van rus) vir *straatwandelaars* wat op weg is, moet word. Die kerk van ons tyd behoort vir die verlore 'vreemdeling' 'n welkome tuiste te bied.

- Burger (1995:43-44) gee drie belangrike redes vir die vasstel van 'n gemeentelike visie:
  - (a) *Visie gee betekenis* daaraan om te verstaan wat sentraal in die gemeente is teenoor dit wat op die periferie lê en nie so belangrik is nie. *Visie bring helderheid en perspektief; dit help ons om te verstaan waaroor dit eintlik gaan; dit bring orde en duidelikheid in 'n situasie wat soms chaoties en deurmekaar kan wees.*
  - (b) *Visie gee rigting.* Dit gaan dus oor *die koers en waarheen daar op pad is.*
  - (c) *Visie gee energie en vitaliteit. Die onverwagte wins van 'n visie is dat dit energie gee.*

Die gevaar vir ouer gemeentes is dat kerkleiding verstar en daar min vitaliteit oor die toekoms is. Dan word wat eens 'n lewende visie was, gewone sinne wat iewers op 'n bladsy geskryf staan (in gemeente notules, geloofsbelydenisse, of selfs die Bybel) en wat mense nie meer roer of aanspreek nie. Dit is belangrik om te onthou dat opkomende geslagte in dieselfde gemeente nuwe eise stel in hulle aanbiddingstyl en ook nuwe bronne vir geestelike energie soek. Dit is die taak van die kerkleiding om soekend hieraan te help.

Sommige instansies in die korporatiewe wêreld maak nie meer onderskeid tussen 'n missie en 'n visie nie, in die sin dat 'n missie vervaag en die visie die enigste saak is waaroor die instansie op daardie gegewe tydstip besin en streef. Die standpunt hieroor is dat die twee sake, indien hulle onduidelik geformuleer is, dinge onnodig kompliseer en veroorsaak dat verwarring maklik kan ontstaan oor wat die visie in terme van die missie is. Daarom die keuse by baie instansies vandag om net van 'n visie te praat. Waarskynlik lê die geheim daarin dat denke duidelik en die formulering van 'n visie eenvoudig en verstaanbaar vir die gemeente moet wees.

Harris Lee (1989:11-19) vra indringend waarom party gemeentes groei en ander sukkelend en sterwend blyk te wees. Hy kom tot die gevolgtrekking dat leierskap die verskil in 'n gemeente bring. (Leierskap verwys in hierdie verband na van die predikant en die kerkraad of uitvoerende raad van die gemeente.) In die NG Kerktradisie is die leiding en toegewydheid van 'n Kerkraad van deurslaggewende belang in die saak oor visioenêre leierskap. Geen leraar kan op sy eie 'n gemeente lei en aanspoor tot hoogtes hoër as die geestelike en toegewydheidsvlak van die kerkraad nie. Leraars is buitendien kom en gaan figure. Vir Lee (1989:11-24) loop leierskap deur alle vlakke van menslike verhoudinge. Dit is sy siening dat visionêre leierskap die elemente van 'n *gawe, 'n roeping en 'n bediening* het.

Visiestelling was die afgelope dekade hoogmode in die NG Kerk. Talle besprekings, memorandum, vergaderinge, seminare wegbreeknaweke, het begin deel vorm van die welwesensbestaan van 'n gemeente. Die opstel van briefhoofde, visitekaartjies,

logo's en geskifte teen mure in ingangsportale, het alles deel gevorm van 'n poging om die kerk se visie aan lidmate bekend te stel.

Dit is interessant dat hierdie verskynsel na 1994 veel duideliker op die voorgrond getree het. Dit het baie te doen met die *communitas*-fase waarin die kerk inbeweeg het. Dit is asof die kerk in die daarstel van 'n visie, meer duidelikheid te midde van al die onsekerhede wou skep.

## 5.2 Visioenêre leierskap: die gawe van 'n enkeling?

Volgens John Miller (1986:15) is die sleutel tot die definisie van 'n visionêre leier *to describe such a leader is pacesetter. Pacesetters are people who motivate an ingrown church to outreach by setting example of a renewed leadership, people of faith who know God's will and are willing to make every sacrifice in order to fulfill it.* 'n Kerkleier moet uiteraard na die wil van God soek. Die vraag is egter hoe die leier wêét dat dit die wil van God is wat hy aan die gemeente voorhou. Hoe weet hy en sy volgelinge dat dit nie dalk sy eie, soms emosionele oortuiging oor 'n saak is nie? Die geskiedenis van die NG Kerk is vol murasies van individue wat beweer het dat hulle die *'van die wil van God navolg*, terwyl dit eintlik hulle eie emosionele missie was.

Paul Miller (1981:80) beklemtoon dat besluite in die kerk baie versigtig geneem moet word en dring daarop aan dat die besluitnemingsraad van 'n gemeente gemaklik moet wees met besluite. Veral makro- en mega-gemeentes het 'n probleem met deursigtigheid op leiersvlak. Lidmate hoor soms van besluite, sonder dat hulle daarvoor ingelig word. (Hulle het miskien die eredienste waar kernsake verduidelik is nie bygewoon nie.) Kommunikasie verg meer tyd in groot gemeentes en moet oor 'n wye vlak gedoen word.

Lee (1989:28-30) onderskei vier belangrike elemente in visioenêre leierskap:

- 'n Duidelike visie van hoe die gemeente gelei moet word
- Kernwaardes vir 'n eie lewenspatroon
- Die leier moet self die standaard wat hy/sy vir die gemeente stel, vergestalt. (n Vergeetagtige pastor kan byvoorbeeld nooit uitnemendheid as 'n standaard vir die gemeente stel nie).
- Absolute toewyding en diens aan die gemeente.

Die krisis met leierskap in baie NG gemeentes lê duidelik op hierdie vlak. *Waardes en toewyding* ontbreek. Dit is skrikwekkend wanneer daar geluister word na gemeenteverhale oor die vlak van toewyding en ywer van sommige leraars.

Burger (1995:45) wys op die gevaar dat mense so visie-behep kan raak dat selfs 'n ideologie 'n visie vir 'n groep mense kan word. Kerkleiers stel soms hulle eie fokuspunte so helder dat dit deel van die visie van die gemeente word, al is dit nie tot heil van die gemeente nie. Geloofsgemeenskappe het al swaar gely op grond hiervan. Dit is belangrik dat kerkleiers besef dat daar planmatigheid moet wees in die opstel van 'n visie:

- Visies behoort hulle oorsprong in *nadenke oor God* te hê. Visies moet nie ontwikkel uit fundamentalisme of geesdrywery nie, maar moet uit die Woord

van God ontwikkel en gebore word. 'n Probleem van die post-moderne samelewing is dat daar nie meer so fyn geluister (of gehoor word) word wat God sê nie, maar dat 'n individu dikwels toegangsreg tot die *hoor* (boonop met alleenreg) van 'n goddelike visie het. In ons tyd is kerkgangers dikwels die aanhangers van individuele predikante of kerkleiers. Wanneer hierdie leiers dan met 'n visie vorendag kom, word dit summier as profeties bestempel. Die kernvraag is hoe bepaal die gemeente wat die stem of wil van God vir hulle is?

- Dit is dikwels vir die gevestigde kerke moeilik om te onderskei wanneer hulle 'n duidelike visie van God ontvang, aangesien so baie dinge in hulle daaglikse bestaan bepaal word deur eie beplanning en logiese beredenering. Die tradisie van hierdie kerke maak nie voorsiening daarvoor dat visies deur drome en ingewings gegee word nie. So 'n visie is baie subjektief gerig en kom uit die persoonlike belewenisse van die ontvanger.
- Die veiligste manier is om 'n visie in die Bybel te soek. God praat deur sy Woord. Die Bybel handel oor baie gebeure en behoeftes van gemeentes wat vandag steeds deel vorm van die kerklike lewe. Daar is Bybelse advies wat deel van die visie van 'n gemeente kan uitmaak. Die bestaansdoel van gemeentes leen hulle tot talle spesiale opdragte wat in die algemeen, maar ook spesifiek geïnterpreteer kan word.
- 'n Visie word gekenmerk deur 'n vaste lewensverbintenis deur 'n individu, groep/gemeente. Dit het wegbeweeg van statiese formuleringe na lewende en hoopvolle diensgerigtheid waarin mense 'n gemeente nuwe energie, stimulus en rigting vind. Indien die verbintenis egter nie gemaak word nie, sal die visie slegs 'n formuleringsoefening vir 'n individu of groep bly. Die diensaspek van 'n visie maak dit lewend en vol vitaliteit wat mense kan aanspoor tot oortuigende dienslewering.

Vir Bill Hybels kom 'n visie alleen na intense afsondering en afwagting van God. Gebed, vas, stilte, sondebelydenis en wye reiservaring is bykomende faktore wat hy as belangrik ag. Die vraag is of 'n visie vanuit eksterne faktore moet ontwikkel en of dit uit 'n interne belewenis/oortuiging van 'n individu of die gemeente moet kom, of moontlik 'n kombinasie van albei? Hy is van mening dat die ontvang van 'n visie 'n baie persoonlike, diep geestelike ervaring is, maar ook 'n praktiese aangeleentheid. Die belangrikste element van 'n visie wat ontvang is, is die vraag oor hoe dit gekommunikeer moet word? Hybels (2002:38) sê dit word gedoen deur, *embodying it, by personifying it, by living it out*.

Shawchuck & Heuser (1993:140) sê 'n visie hou verband met die navolging van God. Hulle verwys na Spreuke 29:18 in hierdie verband en pas dit op die gemeentelike bestaan toe. Indien die leiers van 'n gemeente teoretiese visies in maraton strategiese sessies formuleer, mag hulle na 'n tyd vind dat hulle slegs met 'n akademiese oefening besig was en hulle hul entoesiasme daarvoor verloor het. Wanneer dit gebeur, kan die gemeente nie geïnspireer word om daarvoor opgewonde te wees nie. *If you are not excited about future realities, how will you convince others to be?* (Shawchuck & Heuser 1993:150). Een 'spin-off' van die post-moderne era is dat mense 'n ontwakende spiritualiteit beleef: mense het 'n groter drang na geestelike belewenisse. Mary Price sê byvoorbeeld dat haar oorwinning in die 2000 vrouetennis enkelspel



toegeskryf kan word aan haar herontdekking van God en die Rooms Katolieke Kerk (**Volksblad**, 12 Junie 2000). Toe Goran Ivanisevic in die toernooi van 2001 die halfeindstryd teen Tim Henman gewen het, het hy gesê: *God wanted me to win this one* (**The Star** 9 Julie 2001). Wanneer oënskynlike 'los' kerkmense sulke opmerkings maak, dui dit op 'n groeiende bewuswording van die bestaan en wil van God buite die tradisionele dogma en gesag van die gevestigde kerke om. Dan word God erken en bely dat Hy menseleuens bestuur en oor die lewenslot van mense beskik.

Dit is dus duidelik dat 'n visie drie belangrike aspekte het naamlik:

- 'n Godgerigtheid
- Insig in beperkinge van die self
- 'n Nuwe perspektief oor hoe dinge kan wees.

Shawchuck & Heuser (1993:70) sê dat 'n visie beteken: *God is dreaming God's dream in the heart of those who are called to lead. Such a 'vision' requires a particular 'eyesight' that does not match the seeing of those who are not thus 'sighted'. So they tend to label the one with vision as crazy or dangerous or harmless but 'blind to reality'.*

Argyris (1990:152) is ook van mening dat visies 'n drieërlei komponent het:

- Die strategiese komponent van 'n visie is die oorkoepelende filosofie.
- Die taktiese vlak van die visie is die filosofie daarvan in aksie.
- Die persoonlike vlak van die visie is die filosofie wat in die optrede van diegene wat die visie ondersteun, gedemonstreer word.

Al drie vlakke is van kardinale belang in die realisering van die visie.

Normaalweg beweeg 'n visie deur drie belangrike stadia:

- Dit begin wanneer die pastor en gemeente 'n spesifieke ervaring/ontmoeting met God het.
- Dan ontwikkel en groei dit in en deur die leierskorps wat die visie met die gemeente deel.
- Die laaste fase is wanneer die gemeente bemagtig word om die beginsels wat in die visie vasgelê is, na te streef en dat dit die hartklop van die gemeente vorm. Dan droom lidmate saam oor die gemeentedoel en toekoms.

As die leraars egter heroute van wanhoop is, kan hulle nie gemeenteleiers wees wat met 'n visie vorentoe beur nie.

Volgens Van der Merwe (1995:41) behoort 'n visie die ideale van God vir die wêreld te uiteen te sit. 'n Visie:

- Omskryf wie God is en wat Hy in Christus gedoen het en steeds doen.  
*(Die probleem met hierdie stelling is dat dit voorgee dat die mens presies weet wie God is en presies wat Hy wil doen en beplan. Dit is egter onmoontlik om*

*God te 'definieer' omdat Hy waarlik die Gans Andere is. In die woorde van WA de Klerk is die Bybel slegs 'n 'loergaatjie' op God.)*

- Fokus op hoe God die huidige wêreldsituasie wil en kan verander. (*Ken ons werklik die wil van God en weet ons hoe God dink en beplan?*)
- Gaan uit van die standpunt dat gelowiges instrumente van God is en daarom gerig behoort te wees op dienslewering aan die samelewing.

Barna (1997 : 54-59) handhaaf die volgende vereistes vir die daarstel van 'n visie:

- Begrip oor die doel van 'n visie, die belang daarvan en die praktiese toepassing daarvan. Visie rig die fokus van die gemeente. 'n Gemeente ontwikkel strategieë vanuit 'n visie wat uitmond in 'n werksplan vir die gemeente wat die gemeentebestaan definieer. Die proses om van God te verneem hoe die pad vir 'n gemeente moet loop, is dikwels lank en uitputtend.
- Met die opstel of formulering van 'n visie moet leiers besef en aanvaar dat dit 'n moeisame proses is wat baie tyd in beslag neem. 'n Gemeente se visie behoort deur elke lidmaat toegeëien te word. Lidmate moet só daarby betrokke wees dat dit 'n 'eie saak' word waaraan hul hulself persoonlik toewy. *It must be a perception of a coming reality to which you are totally committed.*
- Die visie moet vir elke lidmaat 'n werklikheid wees.

Barna (1997:55) bepleit eenvoud in die formulering van die visie sodat die lidmate dit kan verstaan en onthou. Dit moet aan die lidmate van 'n gemeente 'verkoop' word. Dit is een ding om die visie te internaliseer, maar 'n heel ander saak om dit aan mense te bemark sodat hulle dit as hulle eie aanvaar en hulle daartoe verbind om dit na te streef. Visioenêre leiers is eintlik verkoopslui!

In die lig van hedendaagse snelle lewenspas en hoë beroepseise het die meeste mense nie tyd het om self 'n visie vir die gemeente te formuleer nie; lidmate het behoefte aan 'n visie wat klaar geformuleer is en wat vir hulle op geestelike vlak aanvaarbaar is. Hulle is gewoonlik heel gewillig om die visie wat die kerkleiding aan hulle voorhou, te volg.

Die visie van die gemeente moet lidmate inspireer om te beweeg. *For a leader to be effective, he must influence people.* Die visie moet by elke moontlike geleentheid gekommunikeer word: tydens eredienste, gemeentebyeenkomste, groepbyeenkomste, ens. Dit moet met *enthusiasm, relevance and confidence* gedoen word. *Whenever you have a chance to influence someone with the vision, exploit the opportunity. What makes a vision most attractive is fervor* (Barna 1997:56-57).

Om 'n visie daar te stel is om 'n saak tot realiteit te bestuur. Dit kan slegs geskied indien daar 'n ywerige span is wat die visie deur goeie beplanning laat realiseer. Hierdie span moet bereid wees om die strategieë uit te voer. Uiteraard moet 'n visie van tyd tot tyd aangepas te word, sodat dit aktueel bly. Dit beteken nie dat die *core elements*, die 'hart' van die visie, moet verander nie. Omdat die visie die gang van die gemeente bepaal, is dit nodig om van tyd tot tyd aan *reinforcement* aandag te gee (Barna 1997:59).

Lidmate moet van tyd tot tyd aangemoedig en bedank word vir hulle aandeel aan die realisering van die visie van die gemeente. Suksesse en vordering moet gevier (*celebrate*) word. *In order for followers to trust their leaders they expect the leadership to create and sustain a compelling vision. The leader's vision for the organization must be clear, attractive and attainable. We tend to trust leaders who create these visions, since vision represents the context for shared beliefs in a common organizational purpose* (Barna 1997:59). Jesus het telkens die 'wesensdoel' van sy koms na die aarde duidelik gestel en seker gemaak dat sy volgelinge dit hoor. Waarskynlik het hulle dit in die begin nie goed verstaan nie. Wilkes (1998:10-11) verwys in hierdie verband na Lukas 19:10.

Visies wat binne 'n geslote kring geformuleer word, word gewoonlik nie deel van 'n gemeentebelëwenis nie. Deelname van 'n gemeente aan die opstel van hulle visie moet egter nie met *demokratisering* verwar word nie. Dit is waar dat die gemeente aan die leiding en pad van die gemeente deel moet hê, maar uiteindelik is die veronderstelling dat God (en nie net die dominee en sy groepie getroue amen-sêers nie) die pad van die gemeente vorentoe bepaal. In die geskiedenis van die NG Kerk was dit dikwels die dominee wat die beroep na in die gemeente aangeneem het wat die pad aandui en die (dikwels nuwe) belangstelling van die gemeente bepaal het. Daarom steier talle kleiner gemeentes soms heen en weer in navolging van die oortuigings van elke nuwe dominee wat na die gemeente beroep word.

Uit Joël 2:28-29 is dit duidelik dat 'n visie deel van die Godgesinde toekomsdroom is. Volgens Shawchuck & Heuser (1993:69) is 'n visie *a mystical happening (a dream) dreamed in the hearts of God's servants by the spirit*. Met ander woorde, 'n visie kan nie beplan word nie want die ware visie is God se visie vir sy Kerk. 'n Visie is dus groter as die werklike konteks en word deur God in die harte van sy knegte opgewek. Dit is 'n *insight into God's splendor, beauty, and powers*. 'n Visie behoort tot 'n geestelike belewenis vir die gemeente te lei deurdat die leierskap God se wil vir die gemeente duidelik raaksien en dit so oordra.

In sy visie vir Saddleback-gemeente noem Rick Warren (1995:43) sewe belangrike sake:

- Die gemeente moet 'n hawe wees vir mense wat in die lewe seergekry het.
- Dis 'n plek waar die Goeie Boodskap van verlossing verkondig word.
- 'n Plek van liefde;
- waar mense tot geestelike volwassenheid gelei word;
- waar individue begelei word om hulle gawes ontdek;
- waar geestelike volwassenheid tot getuienis deur gestuurdes lei; en
- waar lidmate die Here in 'n doelmatige kerkgebou kan aanbid.

Hierdie sake gee aan die gemeente 'n bestaansdoel. Dit behoort die dryfkrag in die gemeente te vorm, eerder as wat ander sake (*forces*) die koers van die gemeente bepaal. Warren (1995:81) stel 'n nuwe paradigma op waarin die bestaansreg van die gemeente 'n *doelgerigte* bestaan is. Hy beskryf dit as 'n *a purpose-driven church*.

In die tradisionele kerke kan dit 'n totale herwaardering beteken van dit waarmee die gemeente besig is. Soms is 'n gemeente so besig met onderhoud en instandhoudingswerk, dat die wese van kerkwees agterweë bly. Talle tradisies in die

gevestigde kerke, veral in die NG Kerk, het te make met *lidmaat-instandhoudingswerk*, byvoorbeeld huisbesoek, waarin dit gaan om lidmate *wat die dominee graag wil sien*, tevrede te hou. Planne, programme en persoonlikhede kan die gemeente nie op die lang duur in stand hou nie. Die voortbestaan van 'n gemeente lê daarin dat die wil van God gevolg en deurlopend gesoek moet word. Burger (1995:42) beklemtoon dat daar in 'n visie ook 'n teologiese riglyn oor die toekoms pad vir die gemeente neergelê word. Hy noem dit 'n *Bybels-teologiese visie*.

Hybels (2002:32) definieer 'n visie as *a picture of the future that produces passion*; dit word soms met 'n *'bang'* geopenbaar. (Vergelyk Paulus se passie oor die einddoel van sy roeping in Handeling 20:24.) Om die eindstreep te bereik en die oorwinning te behaal is uiteindelik al wat tel. Dit behoort ook die doel van die gemeentelike visie te wees.) Hierdie passie word gedryf deur die werking van die Heilige Gees met 'n boodskap uit die Bybel en is die lewegewende energie wat die visie aanvuur. 'n Gemeentevisie kom anders tot stand en funksioneer anders as bloot organisatoriese koersgewing of effektiewe gemeentebestuur. Rush (2002:78) sê dat 'n visie uiteindelik *a mental picture of the completed plan* is. Mense moet dit hul eie maak, hulle daaraan verbind en dit tot op die einde navolg. Dit is hoe Dawid uiteindelik vir Goliath verslaan het. Hy het 'n visie van die gebeure ná die geveg gehad. (Vergelyk 1 Samuel 17:45-46.)

Mittelberg (2000:118) beskou dit as van uiterste belang dat lidmate in die navolging van Jesus Christus moet weet waarheen hulle kerk op pad is. *If you want people to become personally and sacrificially involved, you'd better convince them that your mission is biblical, Christ-honouring, essential, and urgent- and the lives and the futures of hundreds of people around them depend on it.* In gemeentes waar talle ongekoördineerde dinge aangaan, is daar bykans geen vordering nie ten spyte van alles wat gedoen word. Mense weet nie van mekaar of van aksies in die gemeente nie en dink dat elkeen 'n besondere saak bedryf. Dikwels doen 'n aantal persone dieselfde dinge sonder dat hulle van mekaar bewus is. Eensgesindheid oor die koers van die gemeente is van groot belang. ( Vergelyk Filippense 2:2.)

Paul Miller (1986:108) is van mening dat verantwoordelike visionêre leierskap beteken om aan lidmate 'n gebalanseerde geestelike dieet voor te sit. Dit is nie om 'n gemeente net aan die groot en wonderlike dinge te herinner nie, maar om hulle te lei om ook dankbaar en bly te wees oor die klein en gemiddelde dinge. Hy beklemtoon veral leierskap wat daarin slaag om die 'familie'-wees van die gemeente te realiseer, met verwysing na 1 Petrus 2: 9 en 1 Timoteus 3: 5, 15. Met ander woorde, visioenêre leierskap sorg dat die individuele gawes van mense raakgesien word, en dat hierdie mense doeltreffend in die gemeente aangewend word –veral in kleingroepe. Miller (1986:46) ondersteun Bill Hybels se konsep van feesviering wanneer mylpale bereik word.

Om te beweer dat jy die wil van God aan 'n gemeente voorhou, is 'n uiters verantwoordelike saak: daar mag geen twyfel oor die leier se toewyding en navolging van God wees nie. Dit is egter 'n moeilike saak binne die tradisionele kerke waar eensgesindheid onder lidmate en leraars moeilik bereik word. Die neiging om selfgesentreerd te wees (ten opsigte van die sendende en uitreikende kerk), steek dikwels kop uit: *Members of the ingrown church body are characterized by tunnel vision that limit potential ministries of the church to those that can be accomplished*

*by the visible human resources at hand. The possibilities are often further limited by recollections of past negative experiences of present obstacle* (Miller 1986:29). Hy skryf voorts (1986:31) dat die selfgerigte kerk dikwels deur geestelike hoogmoed gekenmerk word, en dat die kwaliteit van lidmaatskap onder visielose leierskap vervlak: *members of the ingrown church are likely to feel inferior and shrivel up and die at the first sign of opposition*. Leierskap is nie altyd wat die as leraar doen nie, maar hoe hy/sy lidmate toerus en veral agterlaat wanneer hy/sy uit die gemeente vertrek. Visionêre leierskap behels: *teaching them the gospel, and by training them to use their spiritual gifts to serve Christ* (Miller 1986:142).

In Suid-Afrika word hierdie tendens duidelik waargeneem in die verskynsel dat breë besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk nie meer deur alle gemeentes aanvaar of as belangrik beskou word nie. Streeksinodes en individuele gemeentes besluit dikwels self oor hulle heil in die uitlewing van die liturgie in die erediens. Belydenisskrifte ontvang al hoe minder prominensie, ten spyte van die amptelike beskouing dat dié geskrifte die ‘riglyn’ van die belydenis behoort te wees. Geestelike leierskap het duidelik van die groot strukture na die plaaslike gemeente en leraar verskuif (Snyman 2001:119).

Hierdie tendens is ook duidelik waar te neem in die ‘stem van die volk’ - menings oor godsdienste, die kerk en godsdienstige belewenisse in die korrespondensiekolomme van die dagpers. Korrespondente stel dit duidelik dat hulle nie meer tevrede is met die ‘gewone’ bediening van die kerk nie, met ander woorde die oorvertel en dramatisering van Bybelsverhale nie. Mense soek leiding, rigting en duidelikheid ten opsigte van noodsaaklike lewensbevoegdhede in die bediening van die kerk.

### **5.3 Teologiese wesenselemente van ’n visie**

Die behoefte aan ’n duidelike visiestelling is *the distinctive rallying cry of the organization* (Maxwell 1993: 140). Die visie verklaar die identiteit en nismark waarin die geestelike leier hom begeef. Die leier doen ’n beroep op mense om van sy/haar visie kennis te neem en by hom/haar aan te sluit en deel te word van die groep (gemeente). Die leier moet oortuig wees dat die visie van ’n organisasie/gemeente die rede vir sy/haar bestaan is en dat dit die sentrale motiveringsfaktor vir sukses is.

#### **5.3.1 Begrip**

’n Visie as deel van die gemeentestruktuur, wat die lidmate verstaan en in hulle daaglikse bestaan geïnkorporeer word, skep ’n klimaat van ondersteuning, vertroue, en onderlinge kommunikasie. Hieronder kan ’n visie nie werklik die inspirerende faktor wees nie.

#### **5.3.2 Vertroue**

Greenleaf (1977:152) lê baie klem op vertroue (*trust*): *True support and trust are characterized by open communication and vice-versa*. Wanneer onderlinge vertroue in ’n organisasie se leiersgroep ontbreek, is dit baie moeilik om eenheid in die nastreef van die visie te bewerk. Vir Shawchuck & Heuser (1993:153) is die bou van vertroue *a reciprocal process between persons or among groups, (that) relies on personal integrity*.

### 5.3.3 Korporatiewe besluit

’n Belangrike saak waarna van der Merwe (1995:46) verwys, is die feit dat ’n kerkraad of leraar nie ’n visie op die gemeente behoort *af te laai* nie. ’n Gemeente moet ingeskakel word by die gesprek rondom visieformulering. Hierdie proses kom eintlik nooit klaar nie, want dit is ’n voortgaande aksie is waaraan die gemeentelidmers voortdurend behoort te werk. ’n Visie dus nie ’n versterkte formulering of gebeure nie, maar moet aangepas en bygewerk word soos die behoeftes in die gemeente verander. ’n Visie is kontekstueel van aard en moet aanpas by die behoefte/nood van die gemeente op *daardie* spesifieke stadium. Dit is egter ook belangrik om daarop te wys dat daar wel ’n verskil tussen die *belydenis* en die *visie* van ’n gemeente is. ’n *Visie* kan verander, terwyl die *belydenis* van ’n gemeente vas behoort te staan.

### 5.3.4 Binnekamer van die leiersgroep

Ander kerklik administratiewe en organisatoriese aangeleenthede kan deur die lidmate hanteer en beheer word, maar die visie, die toekomsplan van die gemeente, lê in die binnekamer van sy leiersgroep. Waar hierdie waarheid ontbreek, word leierskap organisatories, ’n reëlingsliggaam wat so uitputtend besig raak met die daaglikse bestaansgewerskap van die gemeente dat daar weinig energie oor is vir die leierskap om die visie vir die gemeente lewend te hou. Kerkrade val maklik in hierdie gemeente-organisatoriese gat en graawe steeds dieper en dieper daarin, sonder om te besef dat hulle daaruit nie werklik leiding aan die gemeente kan bied nie.

### 5.3.5 Suksesvolle navolgelingskap

Op ’n onbewuste vlak wil lidmate graag hulle aspirasies in die leiding en leierskap van die gemeente vergestalt sien. Wanneer dit gebeur en die grootste groep in die gemeente deur die visie aangegryp word, lei dit tot suksesvolle navolgelingskap in die gemeente.

### 5.3.6 Entoesiasme

Visies in teorie, sonder die entoesiasme van die leiers, is vervlietende gedagtes teen die mure in kerkgeboue. ’n Visie moet kort en kernagtig geformuleer wees sodat die kernsake binne ’n paar minute volledig en verstaanbaar aan lidmate verduidelik kan word.

### 5.3.7 Duidelikheid

*Seeing the clear picture again deepens their sense of ownership* (Hybels, 2002:47). ’n Duidelike visie bring ’n duidelike verbintenis deur lidmate wat eienaarskap daarvan aanvaar.

### 5.3.8 Gefokus

’n Visie moet onbelangrike sake uitsluit. ’n Gemeente wat gefokus is, is een wat nie onnodige energie aan randsake spandeer nie. Kerkleiers moet sorg dat die visie altyd die hoofpunt van aandag bly in al die aktiwiteite van die gemeente.



Die probleem lê waarskynlik daarin dat die grootte van gemeentes sal bepaal hoe 'n reële werklikheid die uitleef van visie kan wees. In makro- en mega-opset mag dit nodig wees om die visie in 'onderafdelings' te verdeel om aan groepe se vereistes te voldoen. Hierdie afdelings moet verband hou met die sentrale missie van die gemeente. Die visies kan onderskeie bedienings, werkgroepe of kommissies moet die sentrale visie komplimenteer, terwyl dit uiting gee aan die betrokke groep se funksionering in die groter bestuursopset van die gemeente.

### 5.3.9 Verbintenis

Die realiteit oor 'n gemeentevisie is dat dit nie noodwendig suksesvol gaan wees nie. Daar is wel kanse op mislukking. 'n Visie word gevestig wanneer dit versterk word deur duidelike kommunikasie, entoesiasme en 'n verbintenis daaraan.

### 5.3.10 Terminering van visies

'n Visie kan deur 'n aantal faktore versteur of selfs vernietig word. Die volgende faktore kan vir die mislukking van 'n visie verantwoordelik wees:

- Wanneer individue in die gemeente deur hulle betrokkenheid diversiteit oor aspekte van die visie skep. Konflik oor onderskeie fokusse is moeilik beheerbaar. Wanneer individue voel dat hulle bydrae nie meer van belang is nie, verflou ondersteuning aan die sentrale visie van die gemeente.
- Bedieninge (kommissies) kan in hulle onderskeie visies vervreem van die sentrale visie en laasgenoemde nie meer heelhartig ondersteun nie. 'n Visie het die sterkste moontlike ondersteuning nodig om deel van 'n gemeente se toekomsdroom te wees. *If, however, the visioning activity becomes an advocacy process for the desires of a special interest group (even if it's the leadership team) or some individual (even if it's the leader), it will result either in compliance or conflict, and not commitment* (Shawchuck & Heuser 1993:153).
- Visies kan ook misluk omdat mense ontmoedig word as die realisering daarvan onmoontlik skyn te wees. Indien daar 'n gaping is tussen die visie en die realiteit is in die sin van uitkoms, sal lidmate van die gemeente nie meer deur die visie aangegryp word nie. *Personal mastery is necessary to overcome this discouragement and avoid organizational paralysis in the light of a vision that seems too good to be true* (Shawchuck & Heuser 1993:154).
- Die dag-tot-dag krisisse waardeur 'n gemeente soms bestuur moet word, kan veroorsaak dat horisonne vervaag en die bestaansdoel uit sig van die leierskap in 'n gemeente verdwyn. Om 'n visie lewend te hou, is goeie kommunikasie nodig en moet dit prioriteit bly terwyl daar met die daaglikse sloer en steuringe in die gemeente gehandel word. Indien dit nie gedoen word nie, sal 'n visie slegs 'n nostalgiese droom bly. Mittelberg (2000:119) wys daarop dat in die korporatiewe wêreld dit van belang is om die visie elke maand aan die werknemers voor te hou sodat geeneen onseker is oor waarheen die organisasie op pad heen is nie. Dit is ook waar vir 'n gemeente.

- Dit is belangrik om te onthou dat onderlinge verbintenis binne die gemeenskap van die gelowiges die hoof motiveringsfaktor vir die uitleef van 'n visie is. Die gees van die gemeentevisie verdwyn wanneer daar onderlinge wantroue en verlies van respek is. Wanneer groepsverdeling plaasvind en 'ons', en 'hulle' ontstaan, boet 'n gemeente sterk leierskap in en vervaag die bestaansdoel en die visie van waarheen die gemeente op pad is. Shawchuck & Heuser (1993:155) sê: *Vision is the fusion of the passion, desires, and energies of the congregation into a compelling volition that gathers up the past, the present, and the future of the congregation into one God-given and God-led pilgrimage.* Visie behoort die dryfveer te wees vir die vandag en die môre van 'n gemeente. Dit vra wat die lewensin van die gemeente is en bepaal die pad wat gevolg moet word om daarby uit te kom.
- Volgens Covey (1989:245) verdwyn visies in organisasies wanneer die metode om dinge reg te doen ooraksentueer word, in plaas daarvan dat die regte dinge gedoen word. *It seems that people tend to codify past successful practices into rules for the future and give energy to preserving and enforcing these rules even after they no longer apply.*

Barna (1997:268) skryf dat enige groep, organisasie of kerk 'n visie nodig het waarin mense moet kan glo. Veral die jonger geslag, die *Busters* en *Generation X*, het 'n behoefte om gelei word met 'n visie waaraan hulle 'n *commitment* kan maak. (Vergelyk Harper 1977.) Ouer lidmate in die NG Kerk het skynbaar nie regtig so sterk 'n behoefte daaraan nie. Hulle sal kerk toe bly gaan, vir die sending bydra en as lojale lidmate tot die einde toe aanhou om hul bydrae te lewer.

Dit is veelseggend dat visieformulering nie veel langer as die afgelope dekade en 'n half in die NG Kerk voorkom nie. Die hoofstimulus hiervoor het eers na 1994 na vore gekom. Dit kan dalk toegeskryf word aan die feit dat die NG Kerk vóór 1994 min vernuwing geken het. Die demokrasie ná 1994 het waarskynlik die kerk 'n groter blootstelling gegee aan die korporatiewe wêreld waar visiestelling belangrik is. Die jonger geslag is nie so lojaal aan 'n bepaalde gemeente of selfs kerkdenominasie nie. Hulle soek 'n doel in hulle Sondagbetrokkenheid en wil sien die kerk in reële terme besig is om sy visie uit te leef.

#### 5.4 Praxis: Die toetsterrein vir 'n visie

*If you want to be a leader, vision is not an option, it is part of the standard equipment of a real leader. By definition, a leader has vision: What else would a leader lead people toward, if not to fulfil that vision?* (Barna 1997:47). Vir Barna is 'n visie a *clear mental portrait of the future* in die oog van die leier. *True vision comes from God. When we personally conjure up a vision of the future, it is fallible, flawed and limited; God's vision is perfect in every way. His vision is a gift, and He presents it to 'chosen' people. Vision, then is a view of the kind of world God wants us to live within, a world He can create through us if all those He has called as leaders, would lead according to the guidance provided by His Spirit* (1997:48). Hy voeg hierby dat dit die dienskneg-leiers is wat hierdie leiding van die Heilige Gees ontvang, juis omdat hulle diensknegte is wat bereid is om te luister en te hoor wat God sê. Visies

wat só ontvang word, verander nie alleen die ontvanger (pastor) se lewe nie, maar ook dié van die gemeente. As daar geen visie bestaan nie, konkludeer hy, kan daar ook geen leierskap wees nie.

Volgens Barna (1997:269) het 'n visie die volgende effek op lidmate:

- *Glue – they help leaders hold an organization together.*
- *A magnet – they attract newcomers as members, employees, customers or donors.*
- *A ruler – the tool by which a leader can measure how his group is doing.*

Die *Primus inter pares* beginsel verhoed dat daar maklik eenstemmigheid onder medeleraars bereik word oor die visie vir 'n gemeente. Visies is gewoonlik kompromie-besluite binne medeleraarspanne, want elke leraar wil 'n stukkie van sy eie gedagtegang daarin sien en party spandeer baie tyd aan semantiese woordspeling na smaak. 'n Interessante vraag is of die meer gereformeerde denke in die gevestigde kerke in staat is om 'n leier wat beweer dat hy of sy 'n visie van God ontvang het, te akkommodeer of ruimte te maak vir so 'n stelling. (Vergelyk Heifetz 1994.) In die charismatiese groeperinge is dit makliker omdat die kerkleier, pastor of evangelis met groter gesag optree en anders bejeën word as die predikant in gereformeerde kringe. In hierdie verband is dit belangrik om te onthou wat Gerben Heitink (2001) oor die plek en rol van die predikant in die kerk geskryf het. Hybels (2002:35) wys ook daarop dat dit nie net die pastor is wat deur die visie aangevuur word nie, maar dat die volgelinge ook daardeur geraak word as dit deur God ingegeë is. *A leader's passion is contagious.*

Dit is belangrik om te kan onderskei wanneer die pastor met 'n visie vir die gemeente besig is of wanneer hy met 'n eie passie doenig raak. In die kerkgeskiedenis is daar talle verhale van predikante wat vir 'n tyd lank eie visies as gemeente-eiendom gedryf het. Na so 'n predikant se vertrek vervaag die gemeentevisie gewoonlik. Die NG Kerk se sendingveld het baie sulke bakens wat vandag slegs murasies is en herinner aan 'n persoon of groepie wat vir 'n tyd lank 'n brandende passie vir 'n spesifieke saak gevoel het, maar wat nie daarin geslaag het om dit as lewenswyse aan volgelinge oor te dra nie.

Die opstel van 'n visie is nie die pastor se private domein van verantwoordelikheid nie: dit behoort gebore te word uit sy wisselwerking en kommunikasie met die gemeente. Hy is verantwoordelik om die behoefte aan 'n gesamentlike doelwit in die gemeente lewend te hou. Volgens Bill Hybels (2002:31) is *vision... at the very core of leadership. Take vision away from a leader and you cut out his or her heart. Vision is the fuel that leaders run on. It's the energy that creates action. It's the fire that ignites the passion of followers.*

Greenleaf (1977:139) sê: *Forsight is the 'lead' that the leader has.* Wanneer dit nie meer die geval is nie, sê hy, het effektiewe leierskap by die betrokke tot 'n einde gekom. Die energie wat 'n leier aanvuur, is die visie wat hy het. Dit is sy motivering, sy krag en gee hom die vermoë om in die dag van môre in te beweeg. Dinamiese leierskap 'droom' nie net oor die dag van more nie, maar werk doelgerig en konstruktief daaraan om mense saam te neem op die pad wat geloop moet word.

Leiers wat 'n visie vir die gemeente bepaal, dring lidmate daartoe om dit vir hulself toe te eien. *Visionary leaders shamelessly appeal to anybody and everybody to get on board with their vision. They talk about it, write about, and burn white-hot for it themselves* (Hybels 2002:141). Dit is moeilik om 'n mega-/makro-gemeente te beïnvloed om eensgesind agter 'n visie te staan. Die kerklike praktyk wys dat die kans groot is om 'n verskeidenheid van menings oor 'n visie te hê onder 'n groot groep mense. Motivering en die wen van mense se gesindheid behoort ook in die uitlewing van die visie 'n faktor te wees. Projekte wat suksesvol is, speel hier 'n uiters belangrike rol omdat neutrales aangemoedig kan word om deel van die groter groepsdenke te word. Hybels (2002:46) wys daarop dat beweging wat op sukses gebou word, energie skep wat mense tot aksie dwing. *It puts the match to fuel that most people carry around in their hearts and yearn to have ignited.*

- Vir die leierskap in 'n gemeente geld die volgende: 'n Visie kan nie 'n realiteit in die gemeente word as die kerkleiding dit nie aan lidmate oordra nie. Die oordra is alleen suksesvol wanneer mense 'n visie hulle eie maak en dit hulle daaglikse lewe op die pad van hulle diensbaarheid aan God beïnvloed. Mittelberg (2000:119) sien die rol van die senior pastor in die gemeente as baie belangrik en verwag van hom om die sleuteldraer van die visie te wees. Wanneer 'n gemeente sy visie op só 'n gemeenskaplike wyse ontdek, ervaar en daar 'n behoefte ontstaan dat dit die horisonfokus van die gemeente word, sal dit deel van die lewensmotivering van die gemeente wees.
- Volgens Shawchuck & Heuser (1993:140) is 'n visie *a path where there is no pathway; it brings clarity when there is obscurity and provides the impetus to keep going no matter how formidable the roadblocks. Vision transcends; it lifts the entire congregation to new realizations of possibilities; it generates enthusiasm and power; it aligns the thoughts, emotions, and actions of the people in pursuit of a common and compelling purpose.*
- Robert Greenleaf (1977:88) glo weer: *Someone in the church must paint the dream. The growing edge church will be a painter of dreams for all its people, something to lift their sights above the ordinary and give them a great goal to strive for.* In hierdie proses moet die leierskap van die gemeente die bestanddele ('*constituents*') in die gemeente identifiseer. Dit is raadsaam om sowel die invloedryke groepe in die gemeente as individue te raadpleeg oor die breë rigting waarin denke oor die visie van die gemeente behoort te vloei. In makro-opset is daar strukture waardeur menings oor 'n visie gekry kan word, terwyl kleiner groeperinge in klein gemeentes 'n waardevolle bydrae behoort te kan lewer. Van sentrale belang is om in hierdie proses die vinger te lê op die behoeftes, aspirasies, bestaansdoel en drome van die gemeente. Dit is bepalend vir die vasstel van die visie.
- Westley en Mintzberg (1989:20) sê: *While it may be conscious or unconscious, people desire to see their leader symbolize their hopes and dreams. By wedding perception with symbols the visionary leader creates a vision, and the vision, by evoking an emotional response, forms a bridge between leader and follower as well as between idea and action.* By hulle lê strategiese leierskap daarin dat visionêre leiers die vermoë het en daarin slaag om die verbeelding van volgelinge aan te gryp en hulle te motiveer om die

visie te realiseer. *Visionary leaders sense the the hidden potential that others can bring to the corporate vision, inviting their involvement in the spiritual enterprise of the church* (Shawchuck & Heuser 1993:149).

- 'n Belangrike opmerking van Hybels (2002:48) is dat 'n visie in 'n gemeente die opvolging in leierskap vergemaklik. Hy skrywe: *one of the greatest gifts we can give our churches is a clear, God-honoring vision that will outlast us*. Die probleem in gemeentes is soms dat kerkrade nie 'n deurlopende (oorkoepelende) visie het nie. Wanneer 'n nuwe leraar in die gemeente kom, bring hy weer 'n nuwe visie wat daartoe lei dat 'n gemeente naderhand net toeskouers in hierdie oefening word. Dit vind veral in plattelandse gemeentes plaas. Kontinuïteit bly 'n baie belangrike faktor vir die groei en ontwikkeling van 'n gemeente se bestaansdoelwitte.

Van der Merwe (1995:104-105) sien die *formulering en verkoop, die oordrag en aanvaarbaarmaking* van 'n visie as 'n visioeneringsproses wat deel is van die gemeenteleier se taak. Hierdie taak is deel van die leier se opdrag en die kerkraad moet hom/haar daarvoor bemagtig. Die leier moet:

- oor die regte sake praat,
- Skriftuurlike boustone vir 'n visie daarstel en
- verkeerde waardes of opvattinge regstel.

Maxwell (1993:144) verwys ook hierna wanneer hy sê: *The temperature of an organization is measured by putting thermometer in the leader's mouth*. Volgelinge vind eers die leier en dan die visie. Eers ontvang die leiers die visie en dan die volgelinge. Daar lê gevaar daarin wanneer 'n gemeente te besig is met die soeke na eie identiteit: *Busy dealing with day-to-day programs, pressures, and problems that, over time, we lose track of what we are trying to accomplish. Before we know it, we have slipped into thinking, mission statements, values, strategies – Who has time to worry about such things when we're already working overtime just trying to keep up?*

Sou Wilkes (1998:65) ook hierdie onsekerheid in gedagte hê wanneer hy skryf dat die visie van 'n gemeente die prentjie is wat die gemeenteleier (leraar) vorentoe sien? Teoreties behoort leierskap die vermoë te hê om die gemeente te betrek by aksies wat die toekoms van die gemeente raak. Die kerkraad behoort 'n bevoegde leraar wat oor die nodige leierskapsvermoëns beskik hiervoor af te sonder/te taak indien daar meer as een leraar in die gemeente is. Efesiërs 4:1-16 dui op die nodige en noodsaaklike elemente van hierdie proses. Gemeentegroei vind nie plaas uit programme en strategiese nadenke nie, maar uit waardes en dit waarin die leiers glo.

Dit is die sake wat uit die hart van die leierskorps kom en Skriftuurlik verantwoord is wat die gemeente op 'n vaste koers plaas. Mittelberg (2000:89) beweer dat dit die leiers is wat 'n organisasie se rigting bepaal. *Your church will be an outsider-orientated ministry only if you and those around you are outsider-orientated leaders*. Hy maan ook dat daar gewaak moet word dat spesifieke doelwitte in 'n gemeente se bestaan, byvoorbeeld die oprigting van 'n sopkombuis, in 'n visie te omskep word en wys daarop dat 'n visie dikwels die missie in die sekulêre wêreld vooraf gaan. Die kerk het 'n saak wat vasstaan terwyl die 'instansie' na gelang van bestaansrede 'n visie daarstel. Vir die kerk is daar 'n basiese gegewe – dit is die visie. Ander sake wat



hiermee saamgaan en in visies omskryf word, is visionêr van aard en pas in by die voortbestaan van 'n gemeente. Die missie van die kerk is basies geleë in die bestaansdoel van die gemeente, naamlik om die Evangelie te verkondig. Visies is 'projekte' wat afgehandel word om hierdie wesentlike bestaansdoel te realiseer.

Dit is die taak van die kerkraad om die pad van die gemeente te bepaal. Indien dit aan die betaalde amptenaar, die leraar, oorgelaat word, sal dit uiteraard telkens verander omdat leraars wissel en nie almal deur dieselfde sake aan die hart gegryp word nie. Daar was nie verniet altyd 'n klompie 'sendingvriende' in die NG Kerk nie. Vir hulle was die enigste saak van belang om die kerk op sendinggebied te dien. Die gooi van sementvloere en die opsit van sinkplaatdakke was die hoogtepunt van die sendingdiens. As die dominee van die gemeente nie so ywerig hieroor was nie, is hy op hulle gebedslys geplaas. Die Here moes hom/haar dan self oortuig van die nood aan sakkies sement en sinkplate!

Die pad wat 'n gemeente loop behoort 'gesien' te kan word. Blackaby (2001:73-74) haal Spreuke 29:18 aan om aan te toon dat indien 'n mens nie kan sien waarheen jy gaan nie, die kans skraal is dat jy daar sal uitkom. 'n Visie is die poolster vir die gemeente. As dié ster nie gevolg word nie, word die gemeentebestaan slegs 'n bestaan sonder 'n werklike doel. Die visies wat mense ontvang, moet egter duidelik deur God geïnspireer wees.

Wagner (1984: 195) beweer: *Visions are caught more than taught*. Hy lê groot klem op die kommunikasie van 'n visie vanaf die preekstoel. Gemeentebulletins is belangrik, maar die prediker moet die geleentheid gebied word om mense deur die prediking te beïnvloed. Volgens Blackaby (2001:86) kan 'n swak kommunikeerder nie 'n goeie leier wees nie. Mense hoef nie in die kommunikasieproses oorgehaal te word nie; hulle moet egter *sien* dat God 'n belofte maak. Snyman (2001:120) beklemtoon dat die Skrif aan die mens die betroubaarste visie op God gee: die uitleg van die Woord en teksinterpretasie bekragtig hierdie visie.

## 5.5 'Outoriteit' as basis vir 'n visie

'n Visie vir die gemeente word bepaal deur die geestelike verbintenis wat die leierskap met God het en hoe hulle die toekoms van die gemeente in die lig hiervan interpreteer. Volgens Snyman is 'n vêr-siende visie in die eerste plek 'n visie op God. *Om as geestelike leier na God te wys, beteken om self vir God raak te sien voordat 'n mens vir ander na God kan wys*. Die gemeenteleier moet nie bysiende raak deur sy/haar aandag te fokus op sake wat nie werklik met die heil van die gemeente te doen het nie, maar voortdurend die wil van God vir die gemeente te soek (2001:119).

Die begrip 'outoriteit' stam van die Latynse woord *auctor* wat 'oorsaak', 'promotor' of 'borg' kan beteken. *Auctor* is ook verwant aan die begrippe *fide* en *pistis* wat 'betroubaar' beteken. Die Griekse woord *ἐξουσία*, soos in die Nuwe Testament gebruik, beskryf die outoriteit van Jesus, wat mag en gesag impliseer. Hy het hierdie gesag aan sy dissipels gedelegeer. (Vergelyk Matteus 28:20 en Lukas 9:10.) Jesus se gesag is egter gekenmerk deur liefde, nederigheid en diens (Thuruthumaly 1993:134-150).



*Paul's authority is established consistently as from the Lord, an authority to be exercised as servant of others* (Doohan 1983:202). Paulus, byvoorbeeld, het gesag gehad omdat hy deur Christus self as apostel aangestel is. Hy wys op verskillende plekke in sy skrywes hierna, veral wanneer hy sy apostelskap moet verdedig. Hy praat met hierdie gesag wanneer hy in gemeentes afwykinge van die leer wat hy aan hulle gegee het, moet regstel. (Vergelyk 1 Korintiërs 14:37; 2 Korintiërs 5:18 en 1 Tessalonisense 2:2-4, 13; 4: 15.)

Inherent in Bybelse leierskap was daar outoriteit of gesag, wat in die pneumatologie vestig - nie in die sin van mag nie, maar diensknegskap/diensbaarheid (*diakonia*). Hahn (1994:7) praat van die twee dimensies van gesag/otoriteit in die Romeinse kultuur, naamlik dié van 'n interne pneumatologiese (*charismata*) outoriteit en 'n eksterne sosiale aspek waarsonder gesag/otoriteit nie kon funksioneer nie. Sonder die aanvaarding en goedkeuring van die gemeenskap, kon daar nie erkende leierskap wees nie. Dit blyk dus dat daar voortdurend 'n balans tussen outoriteit en diensknegskap was om leierskap sinvol te laat funksioneer. 'n Kenmerk in die tydperk van Konstantyn was juis dat kerklike leierskap met dié van die samelewing vermeng is. Diegene in kerklike ampte is as staatsamptenare beskou en moes hulle algaande meer beywer vir die welvaart van die koning en die staat.

## 5.6 Strategiese teologiese beplanning

Strategiese teologiese beplanning dien as 'n instrument van uitvoering wanneer 'n visie en oorkoepelende plan vir die gemeente geskryf is. Die proses behoort te fokus op die spesifieke vermoë en roepingsbewustheid van die gemeente en stel 'n struktuur daar waarbinne die leierskap van 'n gemeente kan ontwikkel en funksioneer. In ons tyd het lidmate 'n behoefte aan doelgerigte en goedbeplande leiding waarin spesifieke lewensvatbare en uitvoerbare projekte geskep word.

Wanneer 'n gemeente daaraan dink om doelwitte vir die bestaan en toekoms van hulle gemeente op te stel, is dit noodsaaklik om duidelikheid te kry oor die rede waarom die gemeente haarself intern versorg. Lewende en groeiende gemeentes is doelwitgedrewe en het duidelikheid oor sowel hulle welsyn as oor hul wesensbestaan, naamlik dat hulle die Evangelie van versoening aan ander moet verkondig. Wanneer 'n gemeente die wesensdoel van haar bestaan bepaal het, moet alle funksies in die gemeente evalueer word om te bepaal tot watter mate hulle op hierdie wesensdoel gerig is. Küng (1970:11) skryf: *De kerk kan zich, of zij wil of niet, helemaal niet buiten deze mondiale nieuwe oriëntering houden, waarin een nieuwe tijd voor de wereld aanbreekt; zij leeft immers in deze en niet in een andere wereld.* Die belangrike saak is om te onthou dat die kerk *relevant* behoort te bly.

Oor die doel van 'n gemeente sinspeel Paulus in 1 Korintiërs 3:13-14 daarop dat God die werk van ons hande sal evalueer na aanleiding van ons bestaansdoel, naamlik om die Koninkryk in die lewens van ander mense te laat aanbreek. Warren (1995:81) skryf voorts: *Plans, programs, and personalities don't last. But God's purpose will last.* Hieruit volg dit dat elke gemeente op die punt moet kom waarin die bestaansvraag gevra moet word: *Waarom bestaan ons as gemeente?* Dit mag nodig wees dat 'n herdefiniëring nodig is. Warren (1995:81) se aanbeveling is: *Recapture a clear vision of what God wants to do in and through your church family.* Niks laat die

geestelike lewe van 'n gemeente vinniger herstel as die herontdekking van haar bestaansdoel nie.

Dit is belangrik dat leiers doelwitte vir hulleself opstel. Wagner (1984:188) beweer: *You usually hit what you aim for*. As daar geen doelwit is nie, word niks bereik nie. Leiers kan nie verwag om volgelinge te hê indien hulle mense nie lei om te verstaan dat hulle bemagtig word om God se doel in hulle lewens te bereik nie (Shawchuck & Heuser 1993:148). Die geheim van effektiewe leierskap is om mense sover te kry om hul energie in die gemeenskaplike doel van die organisasie of instelling te gebruik. Dit beteken dat die leier die veranderingsagent is wat mense moet kan besiel met die missie en doel van die instelling. In die kerk moet die leierskap lidmate beïnvloed om die gestelde doelwitte na te jaag. Die kommunikasievermoë van 'n gemeenteleier speel hier 'n besonder belangrike rol. Swak kommunikasie verongeluk die gemeenskaplike strewe om die visie te realiseer en veroorsaak dat lidmate onseker is oor waarheen die gemeente wil beweeg. *People cannot respond to a signal if the signal is unclear, and they will not respond if the signal is dull, flat or boring* (Shawchuck & Heuser 1993:148).

Gibbs (1981:276) maan dat 'n gemeente daarteen moet waak om te veel aksies en doelwitte te hê. Hy beveel aan dat daar van tyd tot tyd nagedink word oor die koers en motivering vir die daarstel van spesifieke doelwitte. Dit behels vernuwing van die visiestelling asook hersiening van die doel waarvoor dit in die gemeente funksioneer; wat die sterk en swakpunte van die gemeente is; en waarheen die gemeente wil beweeg. Die visie moet gereeld hersien en opdateer word (Warren 1995: 391). Dit moet gedurig aan die gemeente voorgehou word en verslag moet gedoen word oor doelwitte wat reeds bereik is, anders *we will succumb to the temptation to fill in the background with so many details that the foreground goes underground* (Gibbs 1981:276).

- Dit is belangrik om te onthou dat die gemeente 'n geroepe groepering mense is. Vaste strukture en organisasie (soos in die opstel van strategiese planne) hoort wesentlik tot die bestaan van die **ἐκκλησία**. Heyns (1977:47) skryf dat die **ἐκκλησία** nie 'n statiese grootheid is nie, maar 'n gebeurte wat steeds plaasvind. Dit beteken dat die gemeente keer op keer haar posisie in die samelewing moet bepaal en daarvolgens strategieë vir funksionering opstel. 'n Gemeente wat geen beplanning of nadenke oor funksionering het nie, leef nie, maar bestaan net en het die spreekwoordelike 'talent' begrawe.
- Strategiese beplanning raak nie net die interne sake van 'n gemeente nie: dit het ook met eksterne sake te doen. Dit behels meer as doelwitbestuur of probleemoplossing. Die visieformulering neem die geestelike volwassenheid van die gemeente in ag en pas eksterne aktiwiteite hierby aan. Dit is die enigste wyse waarop eksterne werksaamhede sinvol deur 'n gemeente as geheel beoefen kan word en nie net deur groepe of enkelinge in 'n gemeente nie. Gemeentes in 'n post-moderne tyd wil graag ook projekte in die eie omgewing aanpak en nie net in ander lande betrokke wees nie. Dit is belangrik om 'n deeglike analise te doen van die ruimte waarbinne 'n gemeente funksioneer. Voorstedelike gemeentes wat in die randstad omgewing funksioneer, mag vind dat hulle omgewing binne vyf jaar so drasties verander

as gevolg van die buitewaartse stuwings van die stad dat hulle 'n bediening bedryf wat nie meer vir hulle eie omgewing aktueel is nie.

- Om die proses reg te bestuur, is dit nodig dat 'n strategiese beplanningsdokument opgestel word waarin die roeping van die gemeente duidelik omskryf word soos wat hulle dit op daardie stadium verstaan. Gewoonlik omvat hierdie dokument die sin en vitaliteit van die gemeentelike bestaan op daardie oomblik. Dit is 'n saak wat vir die gemeente van groot belang is, waaroor daar die algemeen gemeenskaplike instemming is. Dit moet die gemeente opgewonde maak.
- In hierdie dokument word die realisering van die visie in 'n aantal doelstellings uiteengesit. Doelstellinge vereis dat doelwitte oor die bereiking daarvan geformuleer word.
- Vir elke doelwit word bepaalde aksiestappe uiteengesit.
- Keerdatums waarop die beplande aksiestappe afgehandel behoort te wees, word ook opgestel, waar moontlik. Daar moet gewaak word teen die gevaar wat elke gemeente bedreig, naamlik dat daar nie by sperdatums gehou word nie. Menige gemeentebou-oefening wat met groot erns aangepak is, het as gevolg hiervan skipbreuk gelei. Dit is uiters demoraliserend vir 'n taakspan en 'n gemeente wanneer doelwitte daargestel word wat mettertyd onuitgevoer vervaag, omdat die aksiestappe nie nagekom is nie. (Vergelyk ook Nel 1994.)

Dit is belangrik om daarop te let dat die daarstel van 'n strategiese beplanningsdokument ook 'n spiritualiteitsoefening vir 'n gemeente is. Van der Merwe (1995:46) beklemtoon dat die gemeente moet bepaal wát die wil van God vir hulle is – en dat hulle seker moet wees dat dit waarmee hulle besig is, hiermee te doen het. Dit is met ander woorde 'n geloofsoefening. 'n Gemeente se visie word gedra deur die geloof in dit wat God kan doen. Dit behoort die uitgangspunt van strategiese denke en beplanning en die uiteindelijke strukture in 'n gemeente te wees.

Die gemeentestorie en- kultuur moet tydens die strategiese beplanningsproses deeglik in ag geneem word, anders kan die taakgroep wat daarmee besig is, hulle buite die realiteit van die gemeentelike bestaansomgewing bevind. Van der Merwe (1995:47) wys daarop dat die begrip 'strategiese beplanning' gemaklik met 'visiebou' vervang kan word, omdat dit nie 'n kerklike begrip is nie. Volgens hom is nie alle gemeentes gemaklik met eersgenoemde begrip nie.

### **5.6.1 Die opstel van doelwitte:**

Rush (2002:76) skryf oor die opstel van doelwitte die volgende: *Defining the purpose motivates people to unite behind a cause. Jesus always recruited people to a cause or a purpose – not a job or a plan.* Wanneer doelwitte opgestel word, moet 'n paar vrae daarvoor gevra word:

- Waarom is die doelwitte wat gestel is belangrik?
- Waarom sou lidmate daarby betrokke wou raak?
- Waarom moet die take wat die doelwitte stel, gedoen word?

- Waarom moet die doelwit(te) wat gestel is, prioriteit verkry?

Nehemia formuleer die rede vir die opstel van sy doelwit om die muur om Jerusalem te herstel, baie duidelik in Nehemia 2:17 wanneer hy daarop wys dat die muur herbou moet word om die skande van die volk af te haal. Hy het 'n duidelike doelwit aan hulle gestel en die rede daarvoor saamgevat. Dit het as motivering vir die volk gedien.

Wanneer Noag die Here vra waarom hy die ark moet bou, gee Hy aan hom die nodige motivering – die rede. Dit vorm dan die inspirasie en doelwit vir Noag wanneer hy die ark bou en die bykans onbegonne taak begin om die verskillende diere te versamel soos wat die gedeelte in Genesis 6:9-22 aandui. Beplanning om die doelwitte te bereik is noodsaaklik. *A strong sense of purpose helps the conviction and commitment needed for the work of planning. If the purpose is not understood, planning may be considered 'just more busywork' by those involved* (Rush 2002:77).

### 5.6.2 Doelwitte en sleutelsuksesfaktore

Met die opstel van doelwitte moet daar seker gemaak word dat hulle uitvoerbaar is. Hendriks (1992:186) verwys in hierdie verband na *sleutelsuksesfaktore* wat afgehandel moet wees voordat doelwitte bereik kan word. Van die inligting wat nodig is in hierdie proses is antwoorde op vrae soos byvoorbeeld;

- Hoe belangrik is die doelwit vir die gemeente?
- Hoe dringend is dit om die doelwit op die bepaalde tyd te bereik?
- Waarom behoort die gestelde doelwit eerste aandag te ontvang?

Daar behoort ook 'n meetbaarheidsfaktor en tydskaal aan doelwitte gekoppel te wees. So 'n instrument moet ontwikkel of ontwerp word met die formulering van doelwitte sodat hulle nie net vae ontwerpe op papier bly nie. Daar moet 'n stelsel van verantwoording ingebou wees in die doelwit. Gibbs (1981:281) sê dat doelwitte 'n geloofsvisie verteenwoordig wat bereikbaar en meetbaar is. *A goal must be scientific enough to eventually be able to measure whether or not you have attained it!*

(a) Algemene opmerkings oor doelwitte:

- 'n Goeie doelwit is belangrik omdat dit rigting aandui.
- Daar moet gebalanseerd oor doelwitte gedroom word.
- Hulle behoort nie te klein of onuitvoerbaar te wees nie. Dit help nie om onrealisties oor doelwitte te wees nie. Menige instansie het al pragtige doelwitte op papier geformuleer wat nooit uitgevoer is nie. Dit is egter beter om iets groots te probeer en nie te slaag nie as wat dit is om niks te doen nie. Wagner (1984:189) vermaan: *Coming up with pipe dreams and setting ridiculous goals is counterproductive and produces so much frustration that some people who do it no longer want to practice goal setting.*
- Om doelwitte uit te voer, moet daar persone wees wat getaak is om dit te doen. Eienaarskap van doelwitte kan gemeet word aan die toewyding van verantwoordelike persone aan die betrokke doelwitte. Leierskap beteken in hierdie verband om mense te motiveer om gestelde doelwitte na te jaag.
- Teikendatums en uitvoerbaarheidsmeting moet deel van 'n doelwit vorm. Die Wat? Hoe? en Wanneer? is die belangrikste metingsaksie as doelwitte voor oë

gestel word. Indien 'n doelwit nie meetbaar is nie, kan dit ook nie bestuur word nie.

- Meetbare doelwitte gee inhoud aan geloof deurdat mense kan sien waarmee hulle besig is en wat hulle verder kan verwag. Dit gee ook inhoud aan hulle gebed deurdat hulle God vertrou om die nodige leiding en middele te voorsien.

(b) Spesifieke opmerkings oor doelwitte:

Dit is belangrik dat 'n goeie doelwit:

- konkreet
- realisties
- spesifiek
- bereikbaar
- meetbaar en
- kontroleerbaar moet wees sodat dit binne 'n bepaalde periode afgehandel kan word. Baie keer faal beplanning omdat die doelwitte wat gestel is vaag, prakties onuitvoerbaar, niksseggend of sonder aksiestappe is (Hendriks 1992:186).

Om doelwitte operasioneel te maak is dit belangrik om saam met die doelwitte aan te dui:

- Wie die persoon of groep is wat die inisiatief moet neem om die saak uit te voer.
- Waar dit moet plaasvind.
- Wat die tydsduur en begindatum is.
- Die wyse waarop dit hanteer moet word.
- Die wyse van evaluering, verslaggewing en opvolg.

Hendriks (1992:187) wys daarop dat verskillende doelwitte verskillend hanteer sal word omdat elkeen 'n eie teiken het. Hy tref die onderskeid tussen korttermyn en langtermyn, reaktiewe en pro-aktiewe doelwitte.

### 5.6.3 Bedieningsdoelwit

Hoe bereik 'n gemeente haar bedieningsdoelwit (dit is bestaansdoelwitte of missie in die breë)? Word dit deur 'n komitee uitgedink of deur die leier voorgestel? Oor die algemeen is daar nie 'n eenvoudige antwoord op hierdie vraag nie. Baie sal afhang van die tipe leierskap van die gemeenteleraar, die betrokkenheid van die kerkrade en die verbintenis van die gemeenteleraar aan die toekoms van die gemeente. Dit is egter ook waar dat die gemeenteleraar die motiveerder van die nadenke hieroor moet wees. Deeglike beplanning moet vooraf gedoen word ten einde te beweeg van die *way things are* na die *way we want things to be* (Gibbs 1981:285).

Te veel beplanning lei uiteindelik tot die vraag waarom daar in die eerste plek met die spesifieke saak begin is. Net so kan dit beteken dat soveel beplanning so in die struktuur opgaan dat die uitvoering daarvan 'n probleem word. Kerkrade stel partymaal persone aan om as beplanningsgroep of visiespan te funksioneer. Hierdie groep stel die doelwitte vir kerkrade en gemeentes duidelik op, maar wanneer dit by

die uitvoering daarvan kom, is daar nie hande om dit uit te voer nie. Die gevaar hiervan is dat die ontvangers van die betrokke doelwitte nie inkoop in die plan nie, met die gevolg dat die intens nagevorsde koers en rigting vir die gemeente net nie van die grond af kom nie. Dit is absoluut noodsaaklik dat die doelwitte deeglik aan die uitvoerders daarvan gekommunikeer word. Hulle moet eienaarskap daarvan neem.

### 5.7 Samevatting:

Die vermoë tot visionêre leierskap is 'n gawe wat aan individue gegee word. Daarom is die leiding wat hieruit voortkom 'n ononderhandelbare en noodsaaklike faktor in die huidige laat *comunitas*-fase waarin die kerk verkeer. Hierdie soort leierskap fokus op die daarstel van 'n visie vir die gemeente wat eenvoudig, duidelik en nagevolg kan word en die energiepunt vir 'n gemeente word. Visies genereer 'n toekomsdoel vir die gemeente.

Baie gemeentes is sukkelend omdat die leierskap in die gemeente geen toekomsvisie het nie. Die gemeente is aan die beweeg maar het nie bepaalde rigting waarheen hulle bediening onderweg is nie. Sinodale leiding wat in hierdie verband as motivering kan dien word ook nie nagevolg nie. (Vergelyk Agenda Algemene Sinode 1998:217 e.v.)

Visies word in die binnekamer van die leiers van die gemeente gebore. Daarvandaan moet dit na die gemeente uitgedra word sodat hulle deel kan vorm van die entoesiasme oor die visie. Visioenêre leierskap gekoppel aan 'n individu wat verantwoordelik vir die visie is, funksioneer moeilik binne medeleraars verhoudinge in die kerk. In die verlede is individuele leierskap afgewys omdat dit vertolk is as senioriteit, baasskap of outoritêre gesag. Die vraag vandag is egter of daar nie ruimte geskep behoort te word vir gemeentes wat die behoefte daaraan het om 'n individu aan te wys as visioenêre leier nie. Dit bring nie die *Primus inter pares* beginsel in gedrang nie maar lê spesifieke verantwoordelikheid daarop.

Visioenêre leierskap is die leiding wat entoesiasies en gefokus op die toekoms van die gemeente gerig is en beplan strategies om die bestaansdoelwit van die gemeente te realiseer.



## Hoofstuk 6

### Leierskap-identiteit binne spanverband gerugsteun deur die ontwerp van 'n bediening struktuurmodel as ondersteuningsmeganisme

#### 6.1 Inleiding

'n Herintegrasie-fase stel ander vereistes aan die kerk en die identiteit van die predikant as leier in 'n gemeente. Gedurende die afgelope vyftien jaar het daar baie paradigmaskuiwe binne die kerklike en godsdienstige beskouinge van mense plaasgevind. Hieruit het 'n behoefte ontwikkel aan nuwe strukture waarbinne die strategieë van gemeentes in die nuwe *societas*-fase beter kan funksioneer. Daar word in hierdie hoofstuk gesoek na nuwe opsies vir 'n gemeente bedieningstruktuurmodel. In die proses word die tradisionele en historiese kerkordelike wyse van funksionering binne die NG Kerk in ag geneem.

Die Amerikaanse nywerheidspionier en voormalige Uitvoerende Hoof van die Intel-korporasie, Andy Grove, munt die konsep van 'strategiese infleksiepunt' (**Rapport 31 Desember 2006**). Dit is dié punt waarop gebeurtenisse en omstandighede organisasies dwing om hulle strategieë fundamenteel te verander. Met die regte hantering kan 'n infleksiepunt die lanseerpunt vir nuwe groei en vooruitgang wees. As dit egter verkeerd geanaliseer word, kan dit die begin van die einde vir 'n instelling inlui.

Die herintegrasie-fase wat na 'n *communitas*-fase intree, begin waarskynlik ook met 'n infleksiepunt van een of ander aard. Wydverspreide kritiek oor besluite en kerklike leierskap deur die 'volk' in die massamedia dui daarop dat baie kerklidmate nie meer genoeg neem met die huidige leierskapsprosesse en besluite in die kerk nie. Dit kan beteken dat die NG Kerk nou 'n infleksiepunt bereik het wat noodsaak dat sinvolle verandering moet plaasvind. Die druk wat die (blanke) NG Kerk byvoorbeeld tans oor kerkhereniging ervaar, is so 'n gebeurte. Hierdie saak gaan die toekomstige relevansie van die kerk tot 'n baie groot mate bepaal. Verkeerde besluite hieroor kan die NG Kerk tot irrelevantie laat stol.

Nuwe gemeente bediening struktuurmodelle in 'n herintegreringsfase sal die kerk bemagtig om relevant te bly in die post-moderne samelewing. Die identiteit van kerk (gemeente) leierskap word versterk in struktuurmodelle deurdat duidelik omlynde taakbeskrywings die leierspan in staat sal stel om doelgerig te lei. 'n Voordeel van hierdie proses is dat die kerkraad, predikant en medewerkers in die gemeente binne spanverband geplaas word. Dit is belangrik om medeleraarskap in so 'n opset ook as 'n span-aksie te sien.

In hierdie hoofstuk word die weg gebaan om sowel bemagtigde leierskap as die strukture waarbinne dit behoort te funksioneer binne spanverband soos in onderstaande definisie gestel, vas te lê.

## 6.2 Leierskapsontwikkeling binne spanverband

### 6.2.1 Definisie van 'n 'span'

*’n Span is ’n groep individue wat bymekaar gevoeg word om as eenheid te funksioneer om ’n doelgerigte saak af te handel.*

- Van hierdie take kan gespesialiseer wees.
- Indien ’n span egter sonder ’n leier funksioneer, is die uitkoms tot chaos gedoem.
- Leierskap binne ’n span bring rigting en vordering met die taak wat verrig moet word.

Die probleem is egter dat in die NG Kerk leierskap verskillend geïnterpreteer word. Almal is dit eens dat sowel die predikant as kerkraad ’n leiersrol het om te speel, maar wat presies behels die onderskeie funksies van die leierskapsrolle binne die span? As dit waar is dat die predikant(e), kerkraad én gemeentelede deel van ’n span vorm, wie gee die leiding en watter tipe bemagtiging is daar vir watter soort leiding?

### 6.2.2 Leierskap-opleiding

Die probleem met leierskapsontwikkeling in die NG Kerk is dat daar nie ’n eensluidende beleid bestaan om leiers binne ’n gemeente te identifiseer en op te lei nie. Die Teologiese Opleidingsentrums van die NG Kerk gee wel beperkte aandag aan die ontwikkeling van leierskap, maar dan slegs as ’n algemene onderafdeling in die vak Praktiese Teologie. Buvton en Sevto bied kursusse oor leierskap-ontwikkeling aan in samewerking met ‘konsultante’ in die betrokke vakgebied.

Barna (1997:136-146) verwys na hierdie probleem wat ook in die Amerikaanse kerklike gemeenskap voorkom. Naas die groot independentistiese kerke is werklike leierskapskursusse vir kerklike doeleindes skaars. Hy stel ’n leierskap-skolingsmodel voor waarin hy drie belangrike areas van leierskap-ontwikkeling identifiseer, naamlik:

- *Being*: (Waardes en karakter )
- *Thinking*: (Houding en begrip)
- *Doing*: (Aksie en bevoegdheids)

Hy identifiseer ook leierskap-elemente waarsonder leierskap-ontwikkeling nie na volle reg kan ontwikkel nie, naamlik: persoonlike ontwikkeling, ontdekking van gawes en die ontwikkeling van begrip oor leierskap. Hierdie ontwikkeling moet ook klem lê op roeping, passie, vermoëns, strategiese denke, die vermoë om dinge te kan ontleed, bestuursvernuf en passie vir evangelisasie. (Vergelyk in hierdie verband Hachman, 2002, wat daarop wys dat spanne vier belangrike kenmerke behoort te hê naamlik: Hulle moet ’n regte span vorm- nie net in naam nie, gefokus wees op ’n doelwit, met ’n fasiliterende ondersteuning struktuur, gedra deur ’n ondersteunende organisasie en ontvang uitmuntende spanwerk-onderrig.)

Maxwell (1993:2) is van mening dat alle mense die potensiaal het om op bepaalde maniere binne hulle vermoë leiding te bied. Alle mense oefen immers met tye

invloed uit en word by ander geleenthede self beïnvloed. *No one is excluded from being a leader or a follower.*

Vir Bill Hybels (2002:126) is die ontwikkeling van leierskap van uiterste belang vir die kerk en gemeente. Leierskap het 'n drievoudige basis vanwaar dit kan realiseer, naamlik:

- Identifikasie van potensiële leiers.
- Die belegging in die ontwikkeling van leiers.
- Die toevertrou van verantwoordelikheid aan ontwikkelende leiers.

Hy wys daarop dat Jesus hierdie drieledige plan op sy dissipels toegepas het. Hy het hulle met sorg uitgesoek, hulle onderrig en die uitdra van die Evangelie aan hulle toevertrou. Potensiële leiers moet met leierskap vertrou word in die proses van leierskapsontwikkeling. Indien dit nie gebeur nie, kan daar geen ontwikkeling plaasvind van die persoon wat moet lei nie. *Leaders don't become leaders until someone actual puts a baton of responsibility in their hand and says, 'Go!'* (Hybels 2002:134).

Dit is dus van belang dat groeiende gemeentes 'n leierskap-opleidingsplan moet hê. Die identifikasie en die strategiese bestuur van hierdie groep lidmate moet op 'n verantwoordelike wyse geprogrammeer word, sodat die plaaslike gemeente nie 'n tekort aan leiers ervaar nie. Dit is belangrik dat potensiële leiers baie aanmoediging en ondersteuning moet kry om as leiers uit te munt. *You and I are at our leadership best when we provide challenging, soul-stirring kingdom opportunities for leaders-in-training; when we stand by these developing leaders and cheer them on; when we help them solve problems and pray for them; and when we coach them to higher levels of effectiveness. This is leadership at its best* (Hybels 2002: 135).

Clinton (1988:24-25) skryf dat daar tydens leierskapsontwikkeling onthou moet word dat God op 'n baie individuele manier met mense werk. Individue wat seker is dat God hulle tot spesifieke take geroep het, moet duidelikheid oor sy leiding soek. Hierdie proses word *mapping* genoem, omdat dit koers aan die individu gee. Voorts is 'n reeks gebeure gewoonlik aanleidend tot die vorming van leierskap: *God develops a leader over a lifetime. That development is a function of the use of events and people to impress leadership lessons upon a leader (processing), time and leader response. Processing is central to the theory. All leaders can point to critical incidents in their lives where God taught them something important.* In leierskap-opleiding en ontwikkeling moet met hierdie waarheid rekening gehou word.

### **6.2.3 Die invloed van lewensontwikkelingsfasies op leierskapontwikkeling**

Clinton (1988:30) wil leierskap-ontwikkeling graag na aanleiding van tydskale (lewens ontwikkelingsfasies) beskryf. Hy sê dat hierdie ontwikkelingsfasies vir elke persoon uniek is, maar dat daar tog ooreenstemmende lyne voorkom. Hy onderskei dit as volg:

- Fase 1: Die tyd waarin fundamente gelê word
- Fase 2: Innerlike groei en ontwikkeling
- Fase 3: Volwasse bedieningstyle

- Fase 4: Lewensvolwassenheid
- Fase 5: Lewensfees (wat hy noem *afterglow of celebration*).

Swak ontwikkeling in enigeen van hierdie fases, het negatiewe nagevolge vir leierskap. Selfs in die *afterglow*-fase kan negatiewe ervaring in van hierdie periodes 'n negatiewe sentiment as neerslag hê. Dit is belangrik om daarop te wys dat die ontwikkeling van leierskap ook onderhewig is aan *lewenslesse* en *ervaring*.

### 6.3 Leierskap-eienskappe

Wanneer daar oor leierskapseienskappe in die kerk gepraat word, is dit belangrik om te onthou dat 'n spesifieke leier 'n figuur is wat die veranderingsagent (*change-agent*) is deurdat hy/sy mense moet kan *beïnvloed* om deel te word van die projekte en diensbaarheid van 'n gemeente. Hierdie vermoë is een van die duidelik definieerbaarste leierskapsvermoëns.

Hybels (2002:185-195) lê klem op die volgende eienskappe in leierskap:

- Roepingsekerheid
- 'n Duidelike visie van waarheen hy/sy moet lei
- Passie
- Die leier moet sy/haar gawes ontwikkel
- 'n Oorgegewe lewe aan God as basis vir sy/haar leierskap
- Nederigheid
- Oorwinning oor vrees en onsekerheid
- Die vermoë om kritiek te verwerk
- De handhawing van 'n volhoubare pas. Hy skryf dat hy eenmaal in 'n kafee gesit en in sy dagboek geskryf het: *The pace at which I've been doing the work of God is destroying God's work in me. Then still sitting in that restaurant, I put my head down on my spiritual notebook and sobbed.*
- Geestelike groei wat lei tot geestelike volwassenheid

Burger (1999:185) groepeer leierskaps-eienskappe in vier belangrike agogiese momente naamlik:

- Die leier moet 'n presensie handhaaf tussen die mense wat hy/sy moet lei.
- Leierskap beteken dat die visie en visioenering persoonlik gedra word.
- Die leier is verantwoordelik vir die beplanning, kommunikasie en fasilitering van die visie.
- Die leier moet die rol van bemagtiger speel. (Vergelyk ook Hackman 2002.)

Clinton (1988:110) lê baie klem daarop dat die leier in 'n gemeente God se wil en stem duidelik moet kan onderskei tussen die alledaagse lewensgedruis. *He will need this discernment ability throughout his lifetime.*

- Hy beklemtoon dat leiers dwarsdeur hulle lewe moet studeer om hulle Bybelse en godsdienstige kennis uit te brei. *Effective leaders, at all levels of leadership, maintain a learning posture throughout life. Leaders must develop a ministry philosophy that simultaneously honours biblical leadership values,*

*embraces the challenges of the times in which they live, and fits their unique gifts and personal development if they expect to be productive over a whole lifetime* (Clinton 1988:180). 'n Oud-kollega, dr. Nic Lee, het graag jongelinge in die Ring van Ladysmith (Natal) herinner aan die waarskuwing van Dooieweerd, 'n Nederlandse teoloog, *Wie niet studeren is niet bekeren!*

Maxwell (1993:184) noem sewe foute wat hierdie leierskapseienskappe nadelig beïnvloed:

- *Trying to be liked rather than respected.*
- *Not asking team members for advice and help.*
- *Thwarting personal talent by emphasizing rules rather than skills.*
- *Not keeping criticism constructive.*
- *Not developing a sense of responsibility in team members.*
- *Treating everyone the same way.*
- *Failing to keep people informed.*

In 'n studie van Wagner (1884:104) oor groot, groeiende gemeentes het hy by die leiers altyd twee belangrike eienskappe gevind:

- *Geloof*
- *Leierskap*

Hy wys daarop dat 'geloof' 'n gawe is, en dat nie almal in die gemeente hierdie gawe het nie. Vir leiers is geloof egter onontbeerlik, anders sal hulle nie weet waarheen om die gemeente te lei nie. Hy stel dit duidelik dat geestesgawes 'n genade-aanbod van die Heilige Gees is en dat dit nie 'geleer of verdien' kan word nie. *God chooses some of His servants to receive the gifts of faith and leadership.* Hy verwys in hierdie verband na Romeine 12:8 en 1 Korintiërs 12:9. 'n Vraag wat hieruit ontstaan is of *geloof* en *passie* verwant is in leierskap vermoëns. Dit is die navorser se standpunt dat die 'geloof' waarvan Wagner skryf, gevestig moet word op nugtere evaluering en begrip vir realiteite gebaseer op nugtere oordeel (*common sense*).

### 6.3.1 Volgelingskap

'n Belangrike aspek oor leierskap wat dikwels vergeet word is die feit dat leiers alleen goed kan funksioneer wanneer hulle volgelinge het. Verder moet 'n goeie leier ook 'n volgelinge kan wees.

Wagner (1994:103) is reg as hy skryf dat die finale toets van leierskap is om te bepaal of die leier volgelinge het.

- Hy sê ook dat dit eers na 'n tydperk van 'n aantal jare is (hy stel dit tussen vier en ses jaar) dat leraars 'n 'gevolg' het. Hy noem die jare tot daar, *probation*. Hy skryf hieroor: *It takes that long to earn your right to lead by proving that you are a servant.*
- Hy beweer dat wanneer *the people believe that you are their servant, you will gain their full love and trust.* 'Servant' dui hier natuurlik op *diensbaarheid* en nie *kneegskap* nie.

- Hy verwys voorts na die grootste Christelike gemeente in die wêreld in Korea waar Paul Yongi Cho as leier sê dat sy lidmate hom gehoorsaam, omdat hulle hom lief het. Dit is bekend dat Cho vas glo dat 'n pastor die *'gesalfde van die Here'* is, en dat die gemeente hom daarom móét volg. Alhoewel hy beklemtoon dat die pastor deur sy liefde 'n plek in die gemeente moet verdien, is hierdie uitgangspunt baie fundamentalisties ten opsigte van die rol en status van die leraar in die gemeente.

## 6.4 Medeleraarskap in die NG Kerk: 'n spanfunksie

Vanaf die laat sestiger tot laat tagtigerjare gedurende die vorige eeu was die 'afstigting' van nuwe gemeentes 'n redelik algemene gebeurtenis in die NG Kerk. Dit het gewoonlik gebeur wanneer die kerkgebou te klein geword het vir die kerkgangers wat die erediens wou bywoon en die algemene bediening daarby baat sou vind indien 'n gedeelte van die gemeente 'n eie vergaderpunt sou kry. Die gebruik het in die negentigerjare begin verander omdat afstigting met die styging in boukoste 'n duur oefening geword het. Kerkrade het begin besin oor alternatiewe soos gedeelde kerkgeboue en meer erediens. Medeleraars het ook 'n algemene instelling geword.

### 6.4.1 Beroeping van medeleraars

Die normale 'vereistes' vir die skep van medeleraarsposte is deur die Ring in ooreenstemming met die Kerkorde en Bepalinge neergelê.

- Medeleraar(s) is beroep wanneer die lidmatetal van 'n gemeente gegroei het en daar teen 'afstigting' besluit is.
- Hierdie vermeerdering van predikantsposte het plaasgevind om te voorsien in die bedieningsbehoefte van lidmate wat tradisioneel op die Herder-Kudde bedieningsmodel versorg is.
- Predikante in sulke 'spanverbintnisse' het gewoonlik sekere areas of streke binne die gemeente as bedieningsterrein ontvang.
- Binne hierdie streke is alle predikantstake gedupliseer. Elke leraar het dieselfde werksopdrag as sy kollega gehad.
- Daar is soms 'n reëling met die finalejaar katekisasie (belydenisklas) getref sodat leraars dit jaarliks om die beurt waargeneem het.
- Omdat kerkraadsvergaderings gewoonlik kwartaalliks plaasgevind het, het predikante beurte geneem om die vergaderings te lei. By uitsondering is hierdie beurte na ses maande verleng - in geringe gevalle na 'n jaar.
- Met die ontwikkeling van groter gemeentes en die aanstel van meer predikante het sommige kerkrade spesialisasie take aan leraars toegeken. Hierdie take het in baie gevalle egter ook jaarliks geroeteer.
- Baie min gemeentes het tot ongeveer vyf jaar gelede oorweeg om (behalwe vir 'n jeugleier of 'n emeritus leraar vir die aftree-oord) predikante in medeleraarsposte volgens hul gawes binne gemeenteverband aan te stel.
- Dit het saamgehang met die ingewikkelde proses om kerk bedieningstrukture daarvoor op te stel en te laat funksioneer.
- Daar was geen betroubare stelsel om die 'gawes' van predikante te toets nie. Gawes is dikwels met 'voorkeure vir dit wat lekkerder is om te doen as ander' verwar.



- Die gevolg van gemeentelike voorkeure én voorbehoude is dat meer klem gelê is op medeleraarsverhoudinge as spanverband en funksionering om die gemeente effektief te laat funksioneer. Daar is aanvaar dat wanneer die medeleraars 'n goeie verhouding het, die bedryf van die gemeente vanselfsprekend bevredigend sou verloop.
- Uiteraard is daar min aan leierskap onder die predikante self gedink omdat hulle binne die kerkordelike *Primus inter pares* beginsel moes funksioneer. Buite dié sisteem is daar skynbaar hiërargie en persoonlike bedreiging.
- Leierskap is maklik verwar met 'baasskap', 'senioriteit', 'junior wees', 'meer in guns wees', die 'regte vriende op die kerkraad hê', ens.
- Die kerk het van predikante verwag om medeleraars (spanne) te vorm sonder die duidelike aanwysing van 'n leier. Dit te midde van die feit dat die kerk juis vanweë haar groot diversiteit leiers nodig het. (Hoe kan 'n gemeente van byvoorbeeld 3000 lidmate sonder 'n aangewese leier chaos vermy met al die aktiwiteite wat moet plaasvind?)

#### 6.4.2 Makro-gemeentes en medeleraarskap

Die ontwikkeling van makro-gemeentes gedurende die huidige *communitas*-fase het waarskynlik daartoe bygedra dat die NG Kerk na nuwe werkstrukture moes soek om groot gemeentes met 'n aantal medeleraarsposte te bedryf. Daar word vandag vanweë finansiële redes anders oor afstigting binne die kerk gedink as in die verlede. Die gevoel skyn te wees dat konsolidasie tot groter, lewenskragtiger gemeentes lei.

- Makro-gemeentes oorskry 3000 lidmate en het vier of meer leraars.
- Veel meer bestuursvernuf word in hierdie gemeentes vereis.
- Kerkkantoortake word bedryfsgerig.
- Die arbeidswetgewing wat na 1994 vir die beskerming van werkgewers en werknemers ingestel is, vereis 'n nuwe 'verhouding' tussen die kerkraad en die predikant.
- Dit beteken dat taakomsrywings vir predikante nou binne die bepalinge vir die arbeidswetgewing moet val.
- Dit het daartoe gelei dat kerkrade 'kontrakte' met predikante aangaan.
- Tydens die bekendstelling van 'poste' (*standplase* in die ou bedeling) in gemeentes, word tans 'n taakbeskrywing en profiel van die persoon wat die gemeente nodig het, opgestel.
- Na 1994 is die gebruik algemeen dat vakatures in **Die Kerkbode** 'adverteer' word. 'n Siftingsproses word gebruik om 'n kortlys van geskikte kandidate vir die pos te selekteer. (Voorheen het die Heilige Gees die vergadering gelei!)
- Die afgelope paar jaar vra kerkrade 'n Myers-Briggs profielmeting (MBTI) saam met kandidate se CV's aan.
- Sommige kerkrade identifiseer ook watter persoonlikheidstipe tot die leraarspan bygevoeg behoort te word. In die verlede het spankohesie nie veel tydens die beroepingsprosedure getel nie. Die standpunt was dat leraars by mekaar behoort te kan aanpas
- Enkele gemeentes identifiseer nou ook hulle behoeftes, byvoorbeeld 'n spesialispredikant vir die prediking, 'n spanleier, iemand wat die pastoraat wil bestuur, ensovoorts.

### 6.4.3 Samestelling van spanne

Die oomblik wanneer 'n medeleraar binne die gemeente aangestel word, ontwikkel daar 'n spanverband tussen medeleraars. Daar is dan belangrike vrae wat beantwoord moet word, soos:

- Waarom moet die leraarspan uitgebrei of saamgestel word?
- Waarheen moet die medeleraarspan die gemeente lei?

Die doelwitte vir 'n medeleraarspan moet duidelik opgestel wees wanneer hulle as groep saamgestel word, sodat elkeen duidelik weet wát sy/haar taak is en watter verwagtinge van elk gekoester word. Maxwell (2001:22) gee 'n paar redes waarom hy dink dat spanfunksionering in die kerk algemeen verkieslik is bo individuele werk. Hierdie beginsels is ook van toepassing op medeleraar spanverbintenisse:

- 'n Span betrek meer mense, dit beteken meer hulpbronne en energie.
- 'n Span verhoog leierskap-potensiaal en verbloem tekortkominge omdat daar gewoonlik iemand is wat die vermoë het om dit wat nodig is by die span te voeg.
- 'n Span kan alternatiewe oplossings vir 'n spesifieke situasie aanbied.
- 'n Span deel sowel die eer van die sukses as die blaam vir mislukking.
- 'n Span verrig meer as 'n individu. (Maxwell verwys in hierdie verband na Tenzing Norgay en Edmund Hillary wat Mount Everest, die hoogste bergpiek ter wêreld, op 29 Mei 1953 bereik het. Dié grootse oorwinning was slegs moontlik omdat hulle as 'n span gefunksioneer het 2001:63.)

Barna (1997:221-222) gee 'n aantal wenke oor hoe om 'n span te bou:

- Die span moet 'n talentvolle, doelgerigte en toegewyde spanleier hê. *Leaders are those who serve the vision.* (Soos Hybels, sien Maxwell dit as die spanleier se taak om 'n span om hom te vergader.)
- Volgens hom moet die span 'n *holy band of men and women whose hearts God had touched* wees. Hy verwys in hierdie verband na 1 Samuel 10:26.
- 'n Span funksioneer goed waar 'n groep onder die heerskappy van Christus bymekaar is. (Vergelyk Efesiërs 3:20.)
- Spesifieke take word aan lede van die span toegewys op grond van hulle individuele gawes.
- Lede word in diens strategies opgelei en voorberei vir hulle spesifieke take. (Vergelyk Efesiërs 3:20.)
- Die span beoefen deelnemende bestuur deur vir elke lid geleentheid te bied om spesifieke bydraes te maak. (Vergelyk ook Hackman 2002.)

Barna se standpunt oor spanbou is sterk geestelik independentisties georiënteerd en pas in die charismatiese denkskool waar spanfunksionering fundamentalisties benader word.

#### 6.4.4 Kriteria vir die aanstel van spanlede

By die aanwysing en die doel waarvoor 'n span aangewys word, moet kriteria vasgestel word oor hoe die spanprofiel en die vermoëns (gawes) van die individuele lede moet lyk. Hierdie kriteria word deur die taak wat die span moet verrig bepaal. Spanlede moet aan spesifieke karaktertrekke en kwaliteite voldoen.

Hybels (2002:81-83) stel drie belangrike kriteria vir die samestelling van spanne:

- *Karakter*
- *Vermoë*
- *Aanklank by die leier en die res van die span.*

Hy sê prontuit dat 'n lid van die span wat nie die mas opkom oor watter rede ook al, vinnig gevra moet word om die span te verlaat: die leier moet die nodige stappe so gou moontlik doen. Spanlede moet ooreenkom dat indien iemand die span terughou, hy/sy die geleentheid gebied moet word om die span te verlaat. Ironies genoeg, is swak skakels in 'n span dikwels nie bewus van hulle swakheid nie: hulle hou hulle besig met eie agendas om hulle gebied te bewaak en hul posisie te versterk. Volgens Maxwell (2001:82) bestuur swak skakels in spanverband dikwels die hele gang van die span en beheer onderlinge verhoudinge. So 'n persoon moet *taktvol, duidelik, eervol en bondig* uit die span gehaal word. (Vergelyk ook Hackman 2002.)

Hierdie kriteria word nie genoegsaam gevolg wanneer medeleraars in die NG Kerk beroep word nie. Die beroepingsprosedure is lank en omslagtig, maar kerkrade behoort in ag te neem dat spanbou daarop gemik is om die reeds bestaande span of individu te versterk met die byvoeging van 'n persoon of persone wat by die span sal kan aanpas. Dit is veral belangrik om ontbrekende gawes by te voeg. Binne kerklike verband is dit ongelukkig uiters moeilik om dit wat Maxwell en Hybels voorskryf, uit te voer. Die probleem is dat 'n lang kerkregtelike pad met 'n spanlid (predikant) geloop moet word om van hom/haar ontslae te raak, met die gevolg dat die hele span naderhand deur die spanning verbonde aan die proses verlam word. Die leierskap in die onafhanklike kerke volg 'n veel korter roete. Wanneer daar probleme met 'n spanlid is, vra die Raad ('*Board*') so 'n persoon eenvoudig om te bedank. Hulle bied uiteraard sowel kompensasie as pastorale bystand vir die betrokke, indien nodig.

#### 6.4.5 Leierskap-differensiasie: Die aanwys van 'n spanleier

Die kritiese infleksiepunt waarvoor die NG Kerk tans te staan kom, is die vraag of die *Primus inter pares* beginsel die aanwys van 'n spanleier binne medeleraarsverband verhinder of vertraag. Binne die huidige konteks van medeleraarsverhoudinge, die spanbeginsel in hulle samestelling, die ontwikkeling van makro- en mega-gemeentes in Suid-Afrika en die onbetwisbare feit dat medeleraar-verhoudinge as 'n reël spanningsvol is, het die tyd aangebreek dat die rol van 'n leier binne medeleraarspanne op die hoogste vlak duidelik gedefinieer moet word.

- Verhoudinge en spanwerk is alleen suksesvol indien medeleraars op 'n geestelik en emosionele volwasse wyse binne die bepalings van hul voorgeskrewe take saamwerk. Sodra iemand in die span bedreig voel, verbreek spanverbintenis tot 'werknemers binne dieselfde werkskring'.

Spanwerk is dan gedoem tot 'n toutrekkompetisie waarin daar nie 'n wenner kan wees nie.

- Binne die kapelaansdienste van die SAPD het die beginsel van 'verantwoordelikheid' (*accountability*) gegeld: elke spanlid was outonoom volgens sy plek in die span en hy is daarvolgens evalueer. Daar was in die jare 1990-1994 min spanning tussen 88 polisiekapelane waarvoor die navorser as bedieningsbestuurder die laaste vier jaar van sy kapelaansbediening verantwoordelik was. Die rede lê waarskynlik daarin dat elke kapelaan se werksgebied duidelik op grond van sy vermoëns afgebaken was en hy in 'n sterk leierskap-hiërargie omgewing funksioneer het. Dissipline was deel van daaglikse arbeid en het verantwoordelikheid (*accountability*) impliseer.

Die NG Kerk kan nie die huidige bediening struktuur van medeleraars in die verbygaande *communitas*-fase onveranderd na die volgende *societas*-fase oordra nie. Die aanwys van 'n spanleier binne medeleraarskappe is nie 'n 'euwel' wat die medeleraars-beginsel vernietig nie. Die kerk sal duidelike besluite hieroor moet neem. Dit is dalk net so belangrik as die besluite oor gays en kerkhereniging wat hangend is, want spanne kan nie sonder sterk leiers effektief funksioneer nie.

Van Deventer (2006:98) wys daarop dat daar in 2006 slegs 16 'leierleraar poste' in die NG Kerk was. Die pos van 'leierleraar' is in 2005 vir die eerste keer amptelik in die NG gemeente Doornpoort geskep. In vermelde gemeente was dit omdat die leraar die enigste voltydse leraar was. Sy persoonlikheidsprofiel, akademiese agtergrond en visionêre vermoë het hom die natuurlike spanleier gemaak.

Van Deventer (2006:49) verwys na 'n aantal bevoegdhede waarvoor 'n leierleraar behoort te beskik. (*Binne konteks kan 'n aantal bygevoeg word.*) Die leierleraar is:

- Die bemaatigde spanleier binne medeleraar- en kerkraadsverband.
- Die visiedraer wat leiding neem ten opsigte van die visioenêre prosesse in die gemeente.
- Argitek vir struktuurmodelle vir die gemeentelike bediening.
- Verantwoordelik vir kommunikasie.
- Fasiliteer prosesse.
- Neem deel aan en dien in die bestuur (bedryf) van die gemeente.
- Skep kultuur.
- Skep vertrouwe.
- Is verantwoordelik vir leierskap-ontwikkeling.
- Bekwaam om ander leiers in die gemeente doelgerig en binne spanverband aan te wend.
- *Hy/sy is die koördineerder van aktiwiteite binne die gemeente.*
- *Dien op die personeelbestuur.*
- *Spesialisprediker.*
- *Leier t.o.v. strategiese beplanning.*

Vermelde bevoegdhede behoort nie 'n bedreiging vir medeleraars in die spanverband te skep nie, omdat hulle inspraak het op al die liggame wat vermelde prosesse in die gemeente bestuur. Die verskil lê daarin dat 'n leierleraar verantwoordelikheid

(*accountability*) vir die spesifieke prosesse dra. Die ander leraars op die span sal uiteraard hulle eie spesialisveld vir bediening hê. 'n Leierleraar kry op grond van Artikel 9 van die **Kerkorde en Bepalings van die NG Kerk** die spesialis verantwoordelikheid van leierskap in die medeleraarspan, wat uitmond in die funksionering van die kerkraad en in die gemeentepraktyk.

#### 6.4.6 Taak van die spanleier

Volgens Hybels (2002:86) is die belangrikste faktor in die prestasie 'n span, *the effectiveness of its clearly defined leader*. Maxwell (1993:9) wys daarop dat leiers nie noodwendig volmaak na buite vertoon nie. Hulle word raakgesien omdat hulle daarin slaag om ander spanlede se vermoëns maksimaal te ontsluit. Die spanlid se taak is om die werk te doen, terwyl die leier spanlede so ver moet kry dat hulle die werk wil doen. Maxwell tref die volgende onderskeid tussen leiers en volgelinge:

- *Leaders initiate, lead, pick up the phone and make contact. They spend time planning, anticipating problems, invest time with people and fill the calendar with priorities.*
- *Followers react, listen, wait for the phone to ring, spend time living day to day, react to problems, spend time with people, and fill the calendar with requests.*

Die hoofsaak van 'n spanleier is om:

- Die span gefokus te hou op die missie en visie van die gemeente.
- Om te sorg dat die regte persone met die regte gawes en talente in die regte posisies in die gemeente aangewys word.
- Elke spanlid so te bestuur dat hy/sy maksimale bydraes lewer.
- Die las eweredig te versprei sodat almal ewe hard werk en daar nie ruimte vir verwyte hieroor is nie.
- 'n Oop deur te hê vir elke lid van die span.
- Almal se bydraes na evaluering te oorweeg.
- Gereeld fees te vier en die span te beloon vir dit wat vermag is.
- So inspirerend te lei, dat jong leiers na vore tree wat die kerkleiers van die volgende geslag is. Leiers word deur leiers ontdek en inspireer.
- Leiers moet as spanleiers funksioneer en nie as baie belangrike persone (BBP's) in die span nie.
- Om spanwerk binne hulle organisasie/gemeente te bevorder en te laat slaag. (Dit is een van die belangrikste uitdagings veral vir leiers in die kerk.)
- Kohesie oor doelwitte te skep.

Vir Hybels (2002:74) is spanwerk, *doing life deeply with one another as we serve together*. Spanwerk het 'n breë fokus: die ontmoeting van mekaar op diep geestelike vlak. Hy wys daarop dat die Laaste Avondmaal inderwaarheid 'n 'spanbyeenkoms' was en dat Jesus die lede van sy span opdrag gegee het om voort te gaan met die Boodskap wat Hy gebring het. Dit is die leier se verantwoordelikheid om hierdie gesindheid onderling te kweek: hy moet 'n gevoel van gemeenskap tussen die lede van die span vestig. Dit ontstaan nie vanself nie; dit verg baie harde werk. (Vergelyk ook

Wagner 1984:107; Maxwell 2001:185; van der Merwe 1995:106-107 en Nel 2003:73-74.)

Bauknight (1996:83) beweer dat span-aanvulling nie net te make het met profiel-ontleding of spanlede-gelykheid nie. Dit verg die professionele ontleding van elke lid se profiel, gedagtig juis aan die *diversiteit* wat vir spanfunksionering noodsaaklik is. Interessant is sy opmerking dat *eersgebore kinders* in families die neiging het om reg deur hulle lewens leiding te wil neem. Hy sou dus twee ‘oudste’ kinders nie in dieselfde span plaas nie. *Two first-born children working together have some propensity for conflict. Such conflict is not the fault of either individual. The possibilities are simply present. Firstborns have a natural tendency to take charge. Conflict stems from an innate desire for authority.* Dié stelling berus op sy waarneming en persoonlike oortuiging, nie op wetenskaplike analise nie. Hierdie stelling stem egter tot nadenke oor die samevoeging van mense in ’n span.

### 6.5 Leierleraarskap en spanfunksionering

Rush (2002:54) beskryf ’n span as twee of meer persone wat interaksie met mekaar het op pad na ’n gemeenskaplike doelwit. Om effektief as ’n span te kan funksioneer, is daar drie belangrike behoeftes wat spanlede gewoonlik het:

- Om eie vermoëns te gebruik om die span te ondersteun.
- Om as deel van die span aanvaar te word.
- Om eie doelwitte te hê (m.a.w. persoonlike gemotiveerdheid) wat ooreenstem met dié van die span.

Hierdie vereistes is kernbelangrik om spanlede te laat voel dat hulle ’n betekenisvolle bydrae tot die span maak. Dit is belangrik dat ’n span eienaarskap vir ’n saak aanvaar en hulle verbind om die betrokke doelwitte wat vir die span daargestel is te laat realiseer. ’n Span het groter sukses met die verwesenliking van ’n taak indien hulle die doelwitte self opstel, of help opstel het, eerder as wat dit van buite af aan hulle oorgedra word. Hierdie waarheid is veral belangrik binne ’n medeleraars-verhouding. Dit gebeur maklik dat leraars as individue funksioneer omdat die drie behoeftes wat Rush uitsonder, nie vervul word nie. Dit gebeur gewoonlik as daar nie ’n aangewese leier binne die leraarsgroep is nie.

Om ’n span te help om goed te funksioneer moet die leier op die volgende sake ag slaan:

- Entoesiastiese spanlede het leiding nodig. Dit beteken dat daar baie versigtig omgegaan moet word met individuele entoesiasme sonder om die indruk te wek dat dit gedemp word of dat die groter geheel dit nie as nodig ag nie.
- Soms ervaar spanlede ontugtering omdat hulle uitvind dat die groter groep nie ook so entoesiasties soos hulle oor ’n saak voel nie. Hierdie spanlede het afrigting en begeleiding nodig om hulle entoesiasme reg te kanaliseer.
- Huiwerige lede in die span het ondersteuning nodig om met meer selfvertroue op te tree.
- Selfstandige presteerders moet geleer word om die belange van die groep/span in hulle motivering te inkorporeer (Maxwell 2001:66).



Leiers vir spesifieke take wat die span moet verrig, kan op 'n wisselgrondslag deur die spanleier aangewys word. Een leier het nie noodwendig al die leierseienskappe wat nodig is om 'n taak wat aan die span opgedra is af te handel nie. Spesialistake vereis spesialisleiers.

Maxwell (2001:120-121) is van mening dat *gesindhede* die bepalende faktor is vir goeie spanfunksionering. Hy grond onderstaande tabel op hierdie stelling:

<b>Vermoë</b>	<b>+</b>	<b>Houding</b>	<b>=</b>	<b>Resultaat</b>
Baie talent	+	negatief	=	slegte span
Baie talent	+	swak	=	gemiddelde span
Baie talent	+	gemiddelde	=	goeie span
Baie talent	+	positief	=	top span

### 6.5.1 Besluitnemingsbevoegdhe

In die ontwikkeling van 'n span is dit baie belangrik dat spanlede oor besluitnemingsbevoegdheid beskik. Spanlede lê weinig inisiatief aan die dag indien hulle nie hierdie bevoegdheid het nie. Leiers is soms geneig om met die verloop van omstandighede in die praktyk tred te verloor indien hulle nie lede in hulle span het wat weet wat op voetsoolvlak aangaan nie en die reg het om besluite te kan neem om daarby te pas nie (Rush 2002:31). Volgens Rush moet daar tydens spanbouprosesse aan twee belangrike sake aandag gegee word:

- Daar moet onderlinge vertroue in die span wees.
- Spanlede moet bemagtig word ten opsigte van besluitneming en uitvoering van besluite.

Hy beskrywe die besluitnemingsproses as die reg om te besluit watter stappe gedoen moet word. Maxwell (2001:135) wys daarop dat *aanspreeklikheid* in 'n span ontwikkel wanneer die individuele lede van die span karakter, bekwaamheid, toewyding, konsekwentheid en samehorigheid openbaar.

Om as span effektief te funksioneer, is dit noodsaaklik dat elkeen se rol in die span duidelik geformuleer word. Hierdie rolle moet persoonlikhede en bevoegdhe in ag neem. Volgens Van der Merwe (1995:111-114) sal dit 'n groep/span bevoordeel indien individue se take gekoppel word aan hulle denkwyse (linker- of regterbrein denke). Dit sal tot groter produktiwiteit en vordering in die span/groep lei. Indien daar 'n oorwegende aantal persone in die groep is wat regterbrein denkers is, sal sintetiese denke oorheers. Regterbrein denkers wil kreatief optree, in teenstelling met linkerbrein denkers wat analities nadink. Die ideale span sou uit persone bestaan met die volgende vermoëns:

- 'n Struktuurgewer: Hierdie persoon formuleer die strukture en gee rigting aan die span se funksionering.

- 'n Monitor: Dit is die spanlid wat die analitiese vermoë het se taak om die geskiktheid (dit is die praktiese uitvoerbaarheid) van idees en voorstelle te bepaal.
- 'n Implementeerder: Hierdie persoon/persone kan planne sistematies en doelgerig in die praktyk in prosesse omskep.
- 'n Afhandelaar: Dit is die persoon wat sorg dat die projekte deurgevoer en voltooi word.
- Spesialiste: Dit is die spanlede wat tegniese kennis oor aangeleenthede dra.

Met die samestelling van 'n span is dit belangrik om toe te sien dat nie slegs 'n taakgerigte groep mense bymekaar gebring word nie, maar dat daar naas die funksionering van die span, ook 'n gevoel van samehorigheid (*togetherness*) gekweek word (Wilkes 1998:219). Maxwell (2001:15) sê dat spanfunksionering nie slegs om taakafhandeling gaan nie, maar veral om die vraag: *Gaan jou betrokkenheid by ander suksesvol wees?* Binne medeleraarverhoudinge is hierdie gegewe van groot belang. Verhoudinge moet 'n emosionele bank skep waaruit terugslae 'gefinansier' kan word. Die spanleier moet dit as prioriteit sien om verhoudinge binne die span so te bestuur dat daar altyd 'krediet' in hierdie emosionele bank tussen die spanlede is.

### 6.5.2 Vergaderingsprosedures

Vergaderingsprosedures speel 'n belangrike rol binne spanverband. Vergaderings in ons dag wyk af van die tradisionele, ordelike en stiptelike wyse wat in **Die Kerkorde en Bepalinge van die NG Kerk** neergelê is. Daar het 'n meer spontane gang in vergaderings gekom wat nie 'n amptelike demper op die verrigtinge plaas nie. Waarskynlik was te veel strak vergaderings een van die probleme van die NG Kerk in die verlede. Van der Merwe (1995:115), beskryf die oorgang tussen die tradisionele en die meer funksionerende werkgroep vergaderingsprosedures as volg:

Tradisioneel	Funksioneel
<i>Leier:</i>	
'n Vaste verkose voorsitter	Spanlede neem leierskap na gelang van spesifieke funksies wat verrig moet word.
<i>Kommunikasie:</i>	
Voorsitter reël spreekbeurte.	Vrye kommunikasie tussen groepslede
<i>Besluitneming:</i>	
Deur die meerderheidstem	Deur konsensus
<i>Konflikhantering:</i>	
Konflik is ongewens en word deur kompromie/meerderheidstem afgeweer.	Konflik word as groeigeleentheid gesien.
<i>Prosedures:</i>	
Vaste prosedures en reëls geld.	Prosedures en reëls is aanpasbaar.

<i>Deelname:</i>
Deelname is opsioneel. Nie almal Van elke lid word 'n bydrae verwag neem nie deel aan gesprek nie.

Hierdie tipe funksionering tydens vergaderings is die aanbevole weg binne die spanverband van medeleraarskap.

### 6.5.3 Evaluering van spanfunksionering

Dit is belangrik dat die vordering van spanfunksionering op die spanverband binne medeleraarsvlak voortdurend evalueer word. Toetsing behoort die volgende fases te dek:

- **Struktuur-evaluering:** Dien die struktuur waarbinne die span funksioneer die strategiese doelwitte wat daargestel is?
- **Doelwitte:** Word daar geslaag daarin dat doelwitte wat aan tydskale verbind is, bereik word. Is hierdie doelwitte gekoppel aan die visie van die gemeente?
- **Tydsbenutting:** Evalueer die vergadering die tydsbenutting op vergaderings?
- **Kommunikasie:** Word daar duidelik met betrokke partye gekommunikeer? Word die gemeente op die hoogte gehou van besluite en vordering ten opsigte van spesifieke doelwitte?
- **Vaardigheidsaanwending:** Dien spanlede op die regte plekke waar hulle optimaal kan funksioneer op hulle spesialisgebiede?
- **Konflikhantering:** Word konflik konstruktief aangewend indien dit voorkom?
- **Probleemoplossing:** Slaag die span daarin om probleme wat opduik effektief te hanteer.

Wilkes (1998:218) benader spanfunksionering vanuit 'n Christusverbondenheid deur die spanlede. Dit bring mee dat spanlede uit hulle verhouding met Christus ander lede se behoeftes raaksien. Die dienskneg-leierskapsverhouding binne spanverband is die sleutel tot sukses. Die verbintenis van spanlede in Christus is veronderstel om die 'gom' tussen hulle te wees en onderskei hulle van ander soorte spanne waar die winste en groei van die maatskappy, byvoorbeeld, die kernfaktor is. 'n Spanleier kan alleen in nederige gehoorsaamheid aan God daarin slaag om 'n effektiewe span te bou.

### 6.5.4 Begeleidingsprosesse

Leierskap behels die vermoë om die persoon wat 'n fout binne die span gemaak het so te motiveer en te begelei dat hy/sy sal probeer om dit in die toekoms te vermy. Wanneer 'n individu of groep aan wie 'n taak opgedra is 'n ernstige fout begaan, behoort die leier as volg optree:

- **Ontmoet** diegene wat betrokke was by die fout persoonlik en bepaal wat die oorsaak daarvan was. Stel ook vas of die fout veroorsaak is deur 'n gebrek in die organisasie of stelsel wat die opdrag gegee het. Dikwels sal 'n leier tydens die nabetraging vasstel dat daar spesifieke tekortkominge was tot die fout bygedra het.

- Ontleed saam met die persoon wat die fout gemaak het en bepaal hoe om die fout reg te stel sodat dit in die toekoms vermy kan word. Bo en behalwe dat die fout 'n leerproses was, skep 'n tweede geleentheid die nodige ruimte vir nuwe kreatiwiteit deur die betrokke(n)s).
- Die fout wat leiers maak, is dat hulle die oplossing self uitwerk en dit uitvoering aan die persoon of groep voorlê. Alhoewel dit soms moeilik is om dit nie te doen nie, laai die leier hierdeur 'n las op homself en kweek hy passiewe volgelinge wat deurentyd gaan verwag dat die 'baas' dinge moet kom regstel indien dit verkeerd loop. Dit kommunikeer ook die gevoel dat die leierskap die individu/groep nie regtig vertrou nie.
- Indien die spanlid nie in staat is om die taak te verrig nie, behoort die leier dit in elk geval voor die tyd te weet en die taak eerder aan bevoegde persone op te dra.
- Bied die persoon wat die fout gemaak het die geleentheid om 'n soortgelyke taak aan te pak om die regstellings waarvoor besluit is tot uitvoering te bring. Indien die leierskap dit nie toelaat nie, kom dit weer eens neer op 'n gebrek aan vertrou.
- Die leier moet hom/haar in die proses ook afvra of hy/sy die individu goed genoeg ingelig het oor die taak wat aan hom/haar opgedra is, en of daar leemtes in sy/haar leierskap was wat tot die probleem gelei het.

Alle persone het sterk- en swakpunte (Rush 2002:44). Wanneer daar egter te veel aan swakhede aandag gegee word, kan dit uiteindelik die betrokke se sterkpunte negatief affekteer. Dit beteken nie dat daar nie van swakpunte kennis geneem word nie, maar *excessive concentration on one's shortcomings greatly reduces his capacity to produce*. In die ontwikkeling van leierskap voel Rush (2002:34-35) dat leiers baie moet leer uit die foute wat hulle maak: *effective leaders and managers work with people to turn their mistakes and failures into positive learning experiences*.

Goeie leierskap beteken dat die sterkpunte van individue uitgelig word en dat hulle toegelaat word om daarop te fokus in die uitvoering van hulle taak. Binne die NG Kerk geld hierdie beginsel oor die algemeen nie. Indien 'n leraar (binne medeleraarsverband) nie oor die vermoë beskik om byvoorbeeld sy/haar gehoor met preke te boei nie, word daar baie kritiek uitgespreek daarvoor. Uiteraard hoor die kerkraad dit ook, maar maak in die meeste gevalle nie 'n regstelling om 'n leraar wat wel oor die vermoë beskik om te preek, meer preekbeurte te gee nie. In megagemeentes is dit die *uitmuntende prediker* wat die meeste van die prediking in die gemeente waarneem. In hierdie sin is prediking 'n voltydse taak en moet ander 'leraarswerk' dienooreenkomstig verminder word. Die sukses van kerkbywoning het baie te doen met die gehalte van die prediking. Binne charismatiese kringe is hierdie beginsel nie regtig meer 'n debatteerbare saak nie. Diegene wat kán preek, preek.

Rush (2002:45-46) beklemtoon dat die sterkpunte van individue uitgebou behoort te word en minder tyd aan die uitwys van hulle swakpunte bestee moet word. Hierdeur word produktiwiteit en werkstevredenheid binne spanverband verhoog. Elke spanlid

bring sy/haar individuele sterkpunte na die span toe, maar daar moet onthou word dat elkeen ook eie behoeftes in die werksplek het. Hierdie behoeftes sluit in:

- Die geleentheid om talente (gawes) binne die werksplek te gebruik. *Man's self-image is directly tied to his perception of the value and importance of his contribution to a meaningful job.*
- Die behoefte om deur ander spanlede binne die werksomgewing aanvaar te word. Nuwe spanlede ervaar dikwels hierdie probleem, aangesien hulle voel dat hulle hulself eers moet 'bewys' voordat hulle binne die span aanvaar word. Wanneer 'n individu voel dat hy/sy nie deur die ander lede van die span aanvaar word nie, is dit moeilik om bydraes tot die span te lewer. Wedersydse aanvaarding is dus een van die hoofvereistes van spanlede teenoor mekaar. Dit beteken nie dat spanlede altyd met mekaar moet saamstem nie, maar dat hulle besef dat 'n hoë mate van kohesie vir goeie spanwerk nodig is. Daarsonder kan geen span funksioneer nie.
- Elke lid van die span bring volgens Rush (2002:49) 'n 'politieke' dimensie na die span. Bepaalde waardes, lewensbeskouinge en standpunte word deur die individuele lid verteenwoordig. In die besluite van die groep moet hierdie beskouinge van individue aandag en erkenning geniet. Niks is so afbrekend as wanneer lede telkens oor belangrike aangeleenthede 'uitgestem' word nie. Dit bring verskil van mening wat nie vir 'n saak bevorderlik is nie.

Leiers moet in staat wees om spanlede te oortuig om opofferings vir die span (die doel van die organisasie/gemeente) te maak. Maxwell (1993:157) wys daarop dat hoe meer talentvol die spanlede is, hoe moeiliker kan dit wees om hulle te oortuig om die span eerste te stel en nie net hulle eie oortuigings te laat seëvier nie. Die leier moet bereid wees om self opofferings binne spanverband te maak om 'n morele aanspraak op lede se motivering te verkry. Die individu/groep verteenwoordig die belange van die organisasie. Binne die kerk is dit ook so. Die leierskapsgroep verteenwoordig die belange en ideale van die gemeente. Besluite moet hierdie feit in ag neem. Op breër vlak is dit die belange van die kerk wat gedien moet word.

### 6.5.5 Model vir medeleraar-spanfunksionering

Maxwell (1993:194-195) stel onderstaande spanfunksioneringsmodel vir medeleraars voor:

- Die senior leraar (leierleraar): Sy/haar taak is om die visie van die gemeente te dra en te sorg dat die gemeente se prioriteite voorrang geniet.
- Maxwell noem die ander leraars in die gemeente *full-time staf*. Hulle is verantwoordelik vir die beplanning van die jaarprogram, die pastoraat en die instandhouding en uitbouing van gemeente-aktiwiteite.
- Gemeenteleiers (*volunteers*), in NG Kerk terme, is gewillige, werkende gemeentelede wat omsien na die kleingroepstruktuur en sporadiese aktiwiteite binne die gemeente. Hulle is die 'ondersteuningsbalke' van die gemeentestruktuur.
- Gemeenteleiers van groepe wat spesifieke take verrig (soos byvoorbeeld siekepastoraat), omgegroepe, Bybelstudiegroepe, ensovoorts.

- Die aangestelde personeel wat die administratiewe take in die gemeente hanteer.

Shawchuck & Heuser (1993:184) skryf dat die bestuursliggaam van 'n gemeente twee uiterstes het waartussen hulle kan beweeg.

- Hulle kan eerstens alle verantwoordelikheid en outoriteit aan die senior leraar oorgee en so net 'n rubber stempel vir sy besluite word; of
- hulle kan voortdurend met die senior leraar veg om beheer oor die gemeente.

Uiteraard is daar in hierdie twee situasies nie sprake van spanwerk nie en lei die gemeente daaronder omdat leierskap ontbreek. Shawchuck & Heuser (1993:185-188) lê sterk klem op wisselwerking tussen die pastor en die gemeenteraad: *What is most needed between board and pastor is interdependence, each relying on the other for training, support and guidance.* Hulle stel voor dat 'n Voorsitter, 'n *primus leader*, wat iemand anders as die senior leraar is, aangewys word om te verseker dat die gemeenteraad goed funksioneer. Dit is volgens hom ook die taak van die pastor om so 'n persoon te identifiseer en op te lei om hierdie posisie te vul. *The rule that the pastor must serve as board chairperson is a basic structural flaw that several denominations impose upon their churches. The pastor as board-chairperson perpetuates a long out-dated pyramidal structure, at the top of which sits the pastor as the single chief. It should come as no surprise that pastors in these denominations generally do not accept the church board as an important influence, and that the church board has great difficulty in understanding and establishing its appropriate role.*

In hierdie stelling lê daar 'n groot element van waarheid. Binne bovermelde tipe netwerkstruktuur behoort daar skeiding te wees tussen die voorsitter van die vergadering (wat 'n werksvergadering behoort te wees), die voorsitter van die bestuur van die gemeente en die leierleraar. Die leierleraar tree meer as die *Public Relations Officer* van die gemeente op en neem leiding ten opsigte van kommunikasie binne en buite die gemeente. Hy is egter lid van die leraarspan waar die voorstelle van die bestuursgroep dien, voordat dit geïmplementeer word. Indien hierdie *primus leader* waarna verwys word, spesifiek so in die gemeente aangestel word, sal daar minder onrustigheid in die leraarspan (die verantwoordelike bedieningsleraars) wees.

Daar is egter ook waarskuwingsklanke teen leierleraarskap. Greenleaf (1977:83-85) waarsku teen 'n enkel senior pastor wat as leier in die gemeente dien en wat al die 'mag' in sy eie hande (wil) dra. Hy verwys na die beginsel van die piramiedestelsel wat tussen Moses en Jetro bestaan het en wat nie gewerk het nie omdat dit op die misbruik van mag gevestig was. Uiteindelik was die mag wat Moses vir homself toegeëien het, sy ondergang. Wanneer hy die rots met sy staf slaan om water te kry, is dit in 'n oomblik van frustrasie waarin hy die leidende hand van God miskyk. Hy is dan verantwoordelik vir frustrasievolle misbruik van mag. Greenleaf (1977:63) wys daarop dat ons uit hierdie verhaal iets kan leer, naamlik: *The necessary guardianship of strong trustees and an astute chairman. To be alone at the top is abnormal and corrupting. There are no colleagues at the top, only subordinates.* Hy pleit baie sterk vir gedeelde verantwoordelikheid binne die topleierskap, al is dit dan ook net in raadgevende hoedanigheid. Die gevaar van leiers wat magsdronk word, is wel 'n bedreiging in die kerk, veral wanneer 'n gemeente sterk groei en in 'n mega-kerk ontwikkel.



Ten spyte van bogenoemde gevaar is leierleraarskap binne spanverband 'n gesonde beginsel, omdat dit 'n wesenenskap van die mens aanraak, naamlik om te lei en om gelei te word. Dit bring verantwoordbaarheid na vore en skep 'n nodale punt vir verantwoordelikheid.

## 6.6 Tradisionele Bediening struktuur-model

**Die Kerkorde en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk**, stel 'n bestuurstruktuur (orde) voor wat deur kerkrade toegepas kan word om die gemeente op 'n ordelike en strategiese wyse te bestuur. Strukture binne die NG Kerk is geskoei op gemeentes met 'n lidmatetal van ongeveer 450 siele, hoofsaaklik plattelands en voorstedelik. Binne die Kerkorde is daar is nie veel riglyne vir die bestuur van groot stadsgemeentes nie. Makro- en mega-gemeentes moet hulle eie struktuur ontwerp, sonder duidelike kerkordelike riglyne.


Binne die ruimte van gemeentebediening in die breë is strukture nodig om die strategieë vir die voortbestaan van die gemeente te akkommodeer. Hierdie strukture bied riglyne vir die funksionering van 'n gemeente en beskryf die bestuurskanale waardeur dit moet geskied. Bediening strukture gee 'n duidelike beeld van die bestuursmeganismes en prosesse waarbinne strategieë in die gemeente verwesentlik word. Daar was 'n stadium wat kerkrade hoofsaaklik bestaan het uit kommissies belas met spesifieke take, byvoorbeeld sending, eiendom of evangelisasiewerk. Kerkraadsvergaderings was lank en 'n goeie voorsitter (leraar) was een wat 'n vergadering binne twee uur kon afhandel. Lang vergaderings, te veel klem op finansies en onderbeklemtoning van die bedieningsaktiwiteite het paradigmaskuiwe aangemoedig om bedieningstrukture so aan te pas dat die klem op die regte plekke val.

Binne die NG Kerk is die Presbiteriale stelsel vir die bestuur van die gemeente geldig. Hierbinne het die kerkraad die taak van opsig oor, die regering van en die tug van die gemeente. (Vergelyk **Die Kerkorde** 2004, Artikel 26.) Die 'regering' van die gemeente dui onder ander ook op 'n bestuurstaak waarin die kerkraad die leidende bestuursrol vervul. Dit het gaandeweg die kernsaak vir baie kerkrade geword. (Vergelyk Kets de Vries & Miller, 1989.) Daar is 'n leier-ouderling en diaken verkies wat hulle soms los van 'n wyk bevind het, omdat hulle volle aandag aan die organisasie van hul leierstaak moes gee. Hulle leierskapsverkiesing het afgehang van 'n paar sake naamlik:

- Senioriteit in die Kerkraad
- Gewildheid
- Vroomheid
- Welsprekendheid
- Aanvaarbaarheid
- Gewilligheid om die taak te verrig.

Geen kerkordelike bepaling het ooit vir hierdie ampte spesiale leierskapsvermoëns voorgeskryf nie. Trouens, hul taak was, naas vergaderings bywoon, om die konsistoriegebode te reël, vakante wyke se bediening te verseker en die diakonie te organiseer.

### 6.6.1 Diagram: Tradisionele bestuurstelsel



- In die tradisionele piramide gesagstruktuur word die kerkraad saamgestel uit die onderskeie kommissies soos in die kerkorde uiteengesit. In die verlede is daar weinig ruimte gelaat vir lidmate se deelname, en dan net op 'n ad-hoc basis om op kommissies te dien. Dit het byvoorbeeld geskied wanneer 'n bouprojek aangegaan is of 'n spesifieke sendingsaak hanteer moes word.
- Die kerkraad is gewoonlik verdeel in die ses basiese (kerkregtelike) kommissies. Die samestelling was, met uitsondering van die Finansiële- en Eiendomskommissie, uit vrywilligers van die kerkraad. Die Sendingkommissie het soms net uit enkele 'sendingvriende' bestaan.
- Gemeentedeelname was beperk omdat selfs die nominasies vir die verkiesing van lede op die kerkraad in die hande van die vergadering alleen was. Dit het ook die beroeping van leraars ingesluit.
- 'n Verdere nadeel was dat die spesifieke groep mense (behalwe vir gemeentefunksies) al die werksaamhede van die gemeente moes hanteer. Dit het dikwels daartoe gelei dat persone nie bereid was om op die kerkraad te dien nie, omdat hulle nie vir die groot werkslas kans gesien het nie.
- Binne hierdie struktuur het kerkraadslede ook wyke verteenwoordig. Die ideaal was dat daar 'n ouderling en diaken per wyk op die kerkraad dien. In groter wordende gemeentes het juis dít problematies geword, om twee redes:
  - (a) Daar was nie altyd genoeg lidmate bereid om op die kerkraad te dien nie.
  - (b) In groot gemeentes het die kerkraad uit onhanteerbare groot getalle bestaan.
- Besluitneming kon alleen deur stemming geskied. Die 'vir' of 'teen' stemmingsprosedure, soos voorgeskryf deur die Kerkorde' is toegepas. Hierdie wyse van besluitneming en bestuur was nie altyd bevorderlik vir die kohesie van 'n vergadering nie en het soms groot ongelukkigheid onder lede veroorsaak.
- Leraars binne medeleraarsverband het gewoonlik om die beurt die voorsittersverantwoordelikhede gedra. Hierdie taak was organiserend van aard.
- Gewoonlik is die leraar bygestaan deur 'n dagbestuur uit die kerkraad aangewys. Van bestuur en strategiese beplanning was daar in hierdie struktuur

nie veel sprake nie. Talente en gawes het soms net ten opsigte van Finansies en die Eiendomskommissie funksioneer, terwyl die jeug en die seniors van die gemeente op 'n ad-hoc basis verteenwoordiging verkry het.

- Vroueangeleenthede is deur die Vrouediens hanteer. Die Vrouediens was gemoeid met fondsinsameling, maar is nie altyd permanent op die kerkraad verteenwoordig nie. Fondse is jaarliks vir spesifieke projekte ingesamel en die restant oorbetaal in die gemeentekas.

Leraars was verantwoordelik om hierdie stelsel te *bestuur*. Leiding is as die flinke funksionering en onderhouding van die stelsel beskou. Daar was weinig visionering en leierskap is as bestuursvermoë geïnterpreteer. Vir groepe, byvoorbeeld Bybelstudiegroepe en hospitaalbesoekgroepe, is daar nie verteenwoordiging op die kerkraad gebied nie. Ouderlinge is aangewys as 'bestuurder-leiers'. Later is hierdie organogram aangepas om die jeug, vroue en moontlik die seniors op verteenwoordigende basis in te sluit. (Vergelyk Louw 1984.) Die wesentlike van die stelsel was egter dat die kerkraad oor alles toesig gehad het – sonder 'n verantwoordelike (*accountable*) leier.

Die kerkordelike stelsel waarvan die diagram hier bo 'n voorbeeld is, het die opsig oor leiers (in die geval van tughandeling) uit die kerkraad se hande geneem en aan die Ring en, indien nodig, die Sinode oorgegee. Daar is gereformeerde redes aangegee hiervoor, maar verantwoordbaarheid (*accountability*) het nie binne die kerkraad gelê het nie. Die geskiedenis sal waarskynlik leer dat baie onnodige energie en spanninge met só 'n stelsel gepaard gegaan het. Persone wat oortree het, is voor ander (vreemdes) ontbloot en kerklik dikwels verbaal aangerand. Die struktuur het ook geen identiteitsmeganisme vir spesifieke leierskap aangebied nie. Vanweë die wisseling van die Voorsitter van die Kerkraad was daar gedurige koersveranderinge en het dit tot 'n spanningsvolle visioenêre wandelgang gelei. Leierskap was onbemaagtig en aan die lot van die leraarsbinnekring oorgelaat, waar gesonde bestuursbeginsels dikwels onder die mat ingevee is ter wille van 'n onheilige 'broederskap'.


## 6.7 Die netwerkstelsel as gemeente bedieningsmodel

Gaandeweg is 'n 'netwerk' bestuursstelsel vanuit die onafhanklike Amerikaanse kerke binne die Suid-Afrikaanse kerklike konteks opgeneem. Hierdie stelsel was ontwerp om lidmate weer betrokke te maak by die funksionering van die gemeente. Die klem in die netwerkbenadering het op onderlinge gemeenteverbintenis geval. Makro-gemeentes het hierdie stelsel ontwikkel en in hulle organisasiestrukture aangepas. Hulle het veel sukses met die bestuur van die gemeente gehad omdat daar 'n ordelike gemeente-verbintenis vanuit die netwerkstelsel was. In die NG Kerk is hierdie struktuur opgeneem, aangepas en verfyn, maar die amptelike kerkordelike sisteem het steeds tot 'n groot mate bepaal hoe hierdie struktuur daaruit sien.

Genoemde bediening struktuurmodel het voorsiening gemaak vir gemeente deelname in die verskillende kommissies/bedienings/werksgroepe/taakgroepe van die kerk. Daar is ook aandag geskenk aan lidmate se gawes en 'n poging is aangewend om hulle by gemeentelike werksaamhede betrokke te kry. Die NG Kerk in die breë het nie voorsiening gemaak dat bestuur waar daar medeleraars is nie, anders as die 'kerklike' (plattelandse) sisteem daaruit kon sien nie. Voorskrifte of wenke was onduidelik, met die gevolg dat groter gemeentes hulle eie bediening struktuurmodelle moes opstel, na

gelang van hulle eie omstandighede en behoeftes. Hierdie verskynsel het meegewerk tot groter independentisme en het die eenheidsidentiteit ten opsigte van die kerkordelike funksionering van gemeentes afgetakel.

### 6.7.1 Tradisionele netwerk bedieningsmodel



### 6.8 Die ontwerp van 'n bediening struktuurmodel vir 'n herintegrasie periode voor 'n volgende *societas*-fase

Die navorsing het bediening struktuurmodelle van 'n aantal gemeentes ontleed in die proses van die daarstel van onderstaande model. Die basiese strukture van die gemeentes is in die bylae 2-7 aangeheg sowel as 'n bylaag met gemeentes waar daar reeds 'n leierleraar model funksioneer (van Deventer 2006: 98).

- In die NG gemeentes Valleisig en Mosselbaai (Moeder) is daar nie oorgegaan tot die aanwys van 'n leierleraar nie.
- Die navorser het die bediening struktuurmodel in Valleisig in 2002 ontwerp en in samewerking met die Bestuurspan van die gemeente verfyn tot in 2005 (Bylaag 2).
- Die NG Gemeente Constantiakruin het die model van Valleisig geneem en aangepas om aan hulle omstandighede te voldoen. Hulle het die 'Vat-vyf' wykstelsel met groot vrug toegepas (Bylaag 3).
- Die Fontainebleau Gemeenskap Kerk het 'n bediening struktuurmodel wat spesifiek aangepas is om die gemeente meer gemeenskapsgerig te maak (Bylaag 4).
- Die NG gemeente Roodekrans het van die begin af die leierleraar beginsel in hulle bediening struktuurmodel verreken (Bylaag 6).


In al die bediening struktuurmodelle was daar 'n aantal gemeenskaplike uitgangspunte:

- Daar word sterk klem op gespesialiseerde leierskap geplaas
- almal funksioneer met verkleinde kerkrade
- daar word sterk klem op die rol identiteit van die predikant geplaas
- deelname deur die gemeente is van kardinale belang
- medeleraarskap word as 'n spanfunksie gesien
- die *Primus inter pares* beginsel word ruimer vertolk om leierskap binne medeleraarskap in te sluit

- die gemeentes steun op die bediening struktuurmodel as ondersteunings meganisme om relevant en missionêr gerig te bedien.

Onderstaande struktuur bestaan uit 'n aantal nou verweefde eenhede (bedieninge) wat interaksie met sowel mekaar as met die gemeenteraad (kerkraad) het, met die doel om die bediening in 'n gemeente en leierskapfunksies binne 'n medeleraarspan te bevorder. Die identiteit van die gemeentelike leiersgroep word duidelik bemagtig, verskans en gedefinieer. Die groot winspunt van die model is sowel die interaksie tussen bedieninge en die gemeenteraad die beginsel van verantwoordbaarheid (*accountability*) handhaaf wat die onderbou van die leierskapsdefinisie vorm. Die model verskraal nie die Nuwe Testamentiese rol van die ouderling en die diaken nie. Soos vermeld het die navorser in 2002 het 'n bediening struktuurmodel ontwerp en vir vier jaar in 'n makro-gemeente (Valleisig, Pretoria) op die proef gestel. Die resultate ten opsigte van die funksionering van die struktuur was baie positief. Die probleemareas wat geïdentifiseer is, was dat so 'n tipe struktuur beter in 'n vernuwendende gemeente funksioneer waar lidmate graag deel aan die liggaamsmetafoor van die gemeente wil hê.

### 6.8.1 Diagram: Bediening struktuurmodel



### 6.8.2 Kenmerke van 'n herintegreerde bediening struktuurmodel

- Hierdie gemeente bediening struktuurmodel pas aan by plaaslike gemeentelike omstandighede en het nie 'n piramide gesagstruktuur nie, maar funksioneer

deur netwerk interaksie met gelykwaardige status vir al die deelnemende partye.


- Die werksaamhede van die gemeenteraad word onderskei en funksioneer as bedieninge.
- Die leierleeraar koördineer alle spanfunksionering binne die netwerkstelsel van bedieninge.
- Die gemeenteraad kies 'n voorsitter vir die vergadering in ooreenstemming met kerkordelike prosedures.
- Hierdie voorsitter dien op die aksie-bestuur saam met die ander verkose lede. Die leierleeraar is nie noodwendig die voorsitter op die aksiespan nie.
- Alle bedieningsvoorsitters het sittingsreg op die gemeenteraad, wat twee hooftake het naamlik:

- (a) Die bestuur van die totale gemeentelike bediening (ouderlinge en diakens).
- (b) Die bedryf van die gemeente (spesialiste).

- Lidmate het via die gemeenteforum inspraak op die gemeenteraad.
- Die leierleeraar is as medeleraar spanleier wat ook die visioenêre leier vir die gemeente is. Sy posisie word gevestig in die styl van dienskneg-leierskap. Hy is uiteindelik die persoon verantwoordbaar vir die strategie van die gemeente.
- Ander medeleraars in die gemeente vervul leierskapfunksies in hulle onderskeie spesialisterreine. Al die leraars is aan die gemeenteraad verantwoordelik.
- Die gemeenteraad is verteenwoordigend van al die bedieninge soos op die diagram aangetoon.
- Die aksiespan is 'n klein verkose groep van nie meer as sewe lede nie, wat die strategiese bestuur van die gemeente op 'n daaglikse basis hanteer.
- Die gemeenteforum is die liggaam waar die streekkoördineerders (streekouderling en streekdiaken) funksioneer. Hulle werk nou saam met die dienswerkers van die verkleinde wyke (vyf huise per wyk) en die verteenwoordigers van omgegroepe in die betrokke streek.

### 6.8.3 Diagram: Gemeenteraad





#### 6.8.3.1 Samestelling: Gemeenteraad

- Die Voorsitter (1)
- Aksiespan bestuurslede (2)
- Die visionering- en strategiese beplanningspan (3)


Die aksiespan hanteer die daaglikse strategiese bestuur van die gemeente en bestaan uit nie meer as sewe persone nie. Die leierleraar dien in hierdie span.

Die aksiespan vergader weekliks.

#### 6.8.3.2 Funkzionering: Gemeenteraad

- Leierskap
- Visionering
- Bediening
- Doelwit beplanning
- Strategiese bestuur
- Toerusting
- Kommunikasie
- Personeelbestuur
- Koördinerings van alle gemeentewerksaamhede
- Al die medeleraars dien in hierdie liggaam.
- Die gemeenteraad bestaan uit al die bedieninge, die aksiespan en die streekkoördineerders.
- Die gemeenteraad vergader vier keer per jaar.

#### 6.8.4 Diagram: Gemeenteforum (A)




#### 6.8.4.1 Samestelling Gemeenteforum

- Die medeleraars (1)
- Streekouderlinge vir die verskillende gemeente-streke (2)
- Streekdiakens vir die verskillende gemeente-areas (3)
- Die Pastorale Diensgroep (4)
- Dienswerker-leiers vir die verskillende gemeente-areas (5)
- Verteenwoordigers van aftree-oorde, koshuise, ensovoorts (6)
- Die Nuwe Lidmaat Diensgroep (7)

#### 6.8.4.2 Funkionering van die Gemeenteforum

- Die forum hanteer die *bediening* van die gemeente in die breë.
- Die forum dien 'n jaarlikse begroting in
- Die gemeenteforum vergader twee keer per jaar.
- Die pastorale werkgroep vergader ses keer per jaar.

#### 6.8.5 Diagram: Groepe Bediening (B)



#### 6.8.5.1 Samestelling van die Groepe Bediening

- Wyksgroepe (1)
- Bybelstudiegroepe (2)
- Omgeegroepe (3)
- Seniors (4)
- Vrouegroepe (5)
- Mannegroepe (6)
- Leraarsverteenvoording (7)


#### 6.8.5.2 Funkionering van die Groepe Bediening

- Die diensgroepe het eie identiteit volgens hulle doel en funksioneer selfstandig.
- Elke groep het via die gemeenteforum verteenwoordiging op die gemeenteraad.
- Die Groepe Bediening dien 'n jaarlikse begroting in.
- Die Groepe Bediening vergader vier keer per jaar.

#### 6.8.6 Diagram: Leraarsvergadering (C)

[Die diagram gebruik die voorbeeld van drie medeleraars]


(1)



#### 6.8.6.1 Funksie van die leraarsvergadering

- 'n Weeklikse *oorsigtelike* vergadering oor gemeente-aktiwiteite waarby leraars gemeenskaplik betrokke is.
- Beplanning van alle leraarsaktiwiteite op die kort en medium termyn.
- Gesamentlike visionering oor die gemeentebediening.
- Beplanning en verslaggewing oor pastorale aktiwiteite.
- Gesamentlike beplanning en voorlegging vir goedkeuring aan die aksiespan van die gemeenteraad.
- Gemeenskaplike teologiese en beroepstoerusting
- Skakeling op breë kerklike vlak.
- Gebed
- Die leraarspan kies 'n eie voorsitter op kwartaallikse grondslag.
- Leraars werk volgens hulle bewese gawes.
- Die leraarsvergadering dien 'n jaarlikse begroting in.
- Al die leraars het sittingsreg op die gemeenteraad.

### 6.8.7 Diagram: Barmhartigheidsbediening (D)




#### 6.8.7.1 Samestelling Barmhartigheidsbediening

- Diakonie (1)
- Hulpwetenskappe, maatskaplike, sielkundige en mediese dienste (2)
- Leraarsverteenvoordiging (3)
- Gemeentelede wat by die bediening betrokke wil wees (4)

#### 6.8.7.2 Funkzionering van die Barmhartigheidsbediening

- Die Barmhartigheidsbediening hanteer *geloofshulp as lewenshulp in die bedieningspraktyk* van die gemeente.
- Barmhartigheidsprojekte funksioneer vanuit hierdie bediening in noue samewerking met die gemeente wat taakgroepe vir spesifieke sake kan aanwys.
- Die bediening stel 'n eie begroting op.
- Die bediening het verteenwoordiging op die gemeenteraad.
- Die bediening vergader vier keer per jaar.

### 6.8.8 Diagram: Administrasie Bediening (E)



#### **6.8.8.1 Samestelling Administrasie Bediening**


- Kerkkantoorbestuurder
- Sentrumbestuurder
- Eiendomsdiensgroep
- Finansiële diensgroep
- Administrasie diensgroep
- Kommunikasie
- Personeelbestuur

#### **6.8.8.2 Funkionering van die Administrasie Bediening**

- Die hantering (bedryf) van alle gemeente-administrasie, insluitende finansies, eiendom, personeel en tegniese aangeleenthede rakende die gemeentesentrum.
- Die bediening vergader maandeliks.
- Die bediening stel 'n eie begroting op.



### 6.8.9 Diagram: Jong lidmate Bediening (F)




#### 6.8.9.1 Samestelling Jong Lidmate Bediening

- Ouderling en diaken vir doop en junior kategese (1)
- Ouderling en diaken vir senior kategese, ouderlinge vir die belydenisklas (2)
- Diaken vir jong-lidmate na belydenis van geloof (3)
- Jeugleraar (4)
- Jeuglessenaar in kerkkantoor (5)
- Lidmate betrokke by jeug en katkisasie (6)

#### 6.8.9.2 Funkzionering van die Jong Lidmate bediening

- Doopkategese en ouerbegeleiding
- Kleuterkerk
- Junior kategese
- Senior kategese
- Jong lidmaat groep wat werk of studeer
- Jong lidmaat toerusting
- Kampe
- Samewerking met skole en jeuginstallings
- Samewerking met gemeentes betrokke by tersiêre onderwys
- Samewerking met hulpwetenskappe, maatskaplike, sielkundige en mediese dienste
- Die bediening stel 'n eie begroting op.
- Die bediening vergader ses keer per jaar.

### 6.8.10 Diagram: Samekomste Bediening(G)




#### 6.8.10.1 Samestelling Samekomste Bediening

- Samekomste reëlingsleraar (spesialis) (1)
- Leraars (2)
- Tegnieese personeel (3)
- Musiekpersoneel (4)
- Sentrumbestuur (5)
- Ouderling (6)
- Diakonie verteenwoordiging (7)
- Jong Lidmate Bediening verteenwoordiging
- Intersessors

#### 6.8.10.2 Funkionering Van die Samekomste Bediening

- Hierdie bediening hanteer alle byeenkomste wat in die gemeentesentrum plaasvind.
- Die reëlingsleraar is verantwoordelik vir die erediensprogram, in samewerking met die ander leraars van die gemeente.
- Die bediening stel 'n jaarlikse begroting op.
- Die bediening vergader ses keer per jaar.

### 6.8.11 Diagram Getuienis Bediening (H)



#### **6.8.11.1 Samestelling Getuienis Bediening**

- Getuienis reëlingsleeraar (spesialis)
- Verteenwoordigers van die Barmhartigheidsbediening
- Verteenwoordigers van die Intersessiebediening
- Lidmate wat sending-georiënteerd voel
- Binne- en buitelandse sending
- Getuienis projekteleiers
- Kerkherenigingsprosesse

#### **6.8.11.2 Funkionering van die Getuienis Bediening**

- Motiveer en lei die gemeente om haar missionêre gerigte taak te verrig.
- Kerkhereniging en die metodiek waarvolgens dit in die plaaslike gemeente gestalte moet kry
- Die bediening stel 'n jaarlikse begroting op.
- Die bediening vergader ses keer per jaar.

#### **6.9 Vergaderingsprosedures vir die Bedieninge**

- Die bedieninge verkies 'n eie voorsitter.
- 'n Skriba word uit die vergadering aangewys.
- Die algemene kerkordelike reëlins vir 'n vergadering geld.
- Die personeel word deur die vergadering uitgebrei na gelang van behoefte.

## 6.10 Samevatting

Die NG Kerk het by 'n *strategiese infleksiepunt* gekom waar sy ernstig moet besin oor paradigma skuiwe ter wille van relevansie in die toekoms. Die post-moderne samelewing het die tradisionele kerk grootliks afgeskud. Dit is duidelik wanneer daar na die rol wat die kerk nog speel, gekyk word. In hierdie proses het 'n identiteitsverskuiwing binne die funksionaliteit van die ampte plaasgevind. Dit is veral die amp van die predikant wat aan die vervaag is.

Die navorsing stel dit dat daar na die identiteit van die predikant gekyk word om dit te versterk. Indien daar duidelikheid is oor hierdie identiteit en die kerkrade hulle predikante bemagtig binne geordende bediening strukture waarin hulle pro-aktief en doelgerig aangewend word, sal die amp in Suid-Afrika nie net 'verbygaan' nie.

Dit sal egter verg dat medeleraarskap as 'n spanfunksie gesien word en dat meer direkte leierskap uit kerkraadsgroeperinge moet voortkom. Die *Primus inter pares* beginsel moet hermeneuties breër vertolk word om ruimte te laat vir die aanwysing van 'n leier binne 'n medeleraarspan.

Om die oorgang te maak na hierdie leierskap-aanwysingsmoment in 'n grootliks ongeordende leierskapstruktuur binne die NG Kerk waar almal binne die kerkraad lei en niemand uiteindelik bemagtig is om dit te doen nie, het die kerk nou by 'n *kairos*-moment gekom. 'n Herintegrasie-fase is voor die deur waarin die kerk in die breë, vere moet regsud om die volgende *societas*-fase met relevansie binne te tree.

Die navorsing stel dit dat spanfunksionering in die verlede opgeoffer is vir 'n 'verhoudings' beginsel. Uiteraard hoort verhoudinge goed te wees binne 'n spanverband maar van laasgenoemde het daar minder tereg gekom as wat nodig is. Wanneer die medeleraars as span funksioneer is die beginsels wat nodig is vir spanwerk op hulle van toepassing.

Kerkrade, leraars ouderlinge en diakens, moet begelei word om hulle identiteit en funksionering binne spanverband te soek. Dit beteken dat leiers, veral binne medeleraarspanne, vroeg identifiseer word of wanneer daar geleentheid daarvoor is leraars met spesifieke gespesialiseerde leiers bevoegdhede (gawes) binne die medeleraarskring aangestel of aangewys word.

Die aanwys van leierleraars moet beantwoord aan die algemene vereistes wat vir 'n leier geld. Hierdie proses is nie ingestel om die *Primus inter pares* beginsel te minag nie omdat dienskneg-leierskap 'n fundamentele rol in medeleraar leierskap speel.

Een van die belangrikste sake waaraan kerkrade aandag moet gee is om duidelike kriteria vir die aanwys van 'n leierleeraar neer te lê. Ter selfdertyd behoort die visie van die gemeente alle doelwitte van diensbaarheid te rig. Leierskap binne spanverband het 'n einddoel naamlik die realisering van die gemeentelike visie. Die navorser is oortuig daarvan dat die vasstel van baie visies binne die NG Kerk in die verlede, te vaag formuleer is en die visie eintlik maar 'n onbereikbare doel was. Die post-moderne samelewing van ons tyd vra duidelik haalbare doelwitte wat nie vae 'pastei in die vlei' beloftes het nie.

Binne die kerk, anders as in die korporatiewe wêreld, het die *Primus inter pares* beginsel tot leierloosheid aanleiding gegee. Die enigste uitweg vir doelgerigte voortgang vir die NG Kerk die volgende *societas-fase* in, lê natuurlik in die toelating van die werk van die Heilige Gees maar dan in die gebruik van instrumente, leiers, wat koers hou en die gemeente lei.

Die navorser handhaaf ook die stelling dat leierskap gegiet moet word in 'n onderskeibare bedieningstruktuur in die kerk. Bediening struktuurmodelle gee sekerheid oor funksionering, bemagtig leierskap en orden bedieningschaos wat so maklik ontstaan wanneer al die medeleraars 'n haan op eie mishoop word. Hierdie strukture is alleen voertuie vir die gemeentelike bedieningspatroon en dien as ondersteuningsmeganisme. Spanlede verkry duidelikheid oor hulle rol en verpligtinge en word terselfdertyd geleentheid gebied om spesialis bydraes tot die spandoelwitte te maak.

Uiters belangrik is die feit dat daar 'n beginsel van 'verantwoordelikheid' met die keuse van spanfunksionering gelei deur 'n leier, na vore kom. Die spreekwoordelike 'laat God's water maar oor God's akker loop' verdwyn. Mense kry verpligtinge en kan verantwoordelik gehou word vir hulle verrigting of gebrek aan verrigting. Kerkrade het in die verlede min 'kontrole' oor die werksuitset van hulle leraars gehad. Die gevolg hiervan was dat 'die swakke mens' soms veroorsaak het dat die predikant 'te besig was om iets verrig te kry'. Die ergste van alles was dat baie kerkrade tevrede met hierdie toedrag van sake was.

Die voorgestelde bediening struktuurmodel in die navorsing kom uit vier jaar praktyk ontwikkeling. Daar is 'n paar leemtes in die model reggestel wat noodsaaklike verstellings teenoor die getoetste struktuurmodel (bylae 2) bring.

- Die eerste duidelike verandering is dat 'n leierleraar aangewys word om as bemagtigde leier van die gemeente verantwoordelik te wees.
- 'n Tweede verandering in die model teenoor die praktyk gebruikte een, is die nuwe klem wat op die taak en rol van ouderlinge en diakens val. Die struktuurmodel bring Nuwe-Testamentiese verankertheid in die ampte soos deur Paulus in sy Briewe beskryf.
- 'n Derde belangrike saak is die klem op die verantwoordelikheid wat die gemeente as geheel vir mekaar dra. Daar kan nie genoeg klem gelê word op die onderlinge betrokkenheid van kerklidmate by mekaar in 'n post-moderne samelewing waar vereensaming aan die orde is nie.

Die voorgestelde bediening struktuurmodel is ontwerp as ondersteuningsmeganisme vir die uitvoering van die strategieë van die Kerkraad.

Die model kies die benaming van Gemeenteraad eerder as Kerkraad omdat die aksent in die model op die gemeente val en nie op die Kerk in die breë nie.

Indien die leierleraar die ondersteuningsmeganisme waarop die gemeenteraad besluit het laat funksioneer, wag daar 'n ryker spanbediening met groter vrug as in die leierlose saamwerk ooreenkoms van die verlede. Dit vestig 'n duidelike identiteit aan

almal wat binne die struktuurmodel funksioneer en laat geen onduidelikheid oor rolvervulling nie. Indien die plaaslike gemeente hulle bediening in 'n werkbare, eenvoudig verstaanbare struktuurmodel giet, het hulle die voertuig om die komende *societas* -fase binne te gaan.



## Hoofstuk 7

### SINTESE

#### 7.1 Inleiding

*Op 'n berg in die nag,  
lê ons in donker en wag.  
In die modder en bloed, lê ek koud, 'n streepsak en reën kleef teen my.  
En my huis en my plaas, tot kole verbrand sodat hulle ons kan vang.  
Maar daai vlamme en vuur brand nou diep, diep binne my...*  
**De la Rey, De la Rey, sal jy die boere kom lei De la Rey De la Rey.**  
**Generaal, Generaal**  
*soos een man sal ons om jou val Generaal De la Rey.  
Hoor die kakies wat lag.  
'n Handjie van ons teen 'n hele groot mag.  
En die kranse lê hier teen ons rug.  
Hulle dink dis verby.  
Maar die hart van 'n boer lê dieper en wyer hulle gaan dit nog sien.  
Op 'n perd kom hy aan... die leeu...van Wes-Transvaal.  
Want my vrou en my kind lê in 'n kamp en vergaan.  
En die kakies se murg loop oor 'n nasie wat weer op sal staan.*  
**Generaal, Generaal**  
**Sal jy die boere kom haal.**

'De-la-Rey' deur Bok van Blerk  
Januarie 2007

Hierdie liedjie, met sy middelmatige liriek maar warm, meesleurende melodie, het die afgelope paar maande soos 'n veldbrand deur Suid-Afrika versprei. Dr. Pallo Jordan, ANC Minister van Kuns en Kultuur, het gewaarsku dat 'De la Rey' opruiend van aard is; in die **Kerkbode** (24 November 2006) het 'n dominee geskryf dat hy 'bang' is vir die woorde van die lied; in die massamedia het talle lesers hul waardering of kritiek daarvoor uitgespreek; op Loftus Versveld word dit van die speellys afgehaal omdat dit vir sommige toeskouers aanstoot gee; en daar word selfs op 18 Februarie 2007 in 'n aktualiteitsprogram op TV, 'Carte Blanche', met die joernalis en aktivis, Max du Preez, 'n onderhoud gevoer oor dié 'song'.

Betekenis soos 'n meegaande *catchy tune* vir 'n lekker partytjie; 'n herinnering aan 'n waardige Afrikaner-volksheld in die afwesigheid van huidige helde; 'n lied met politieke inhoud wat aanstoot kan gee; 'n nostalgiese uitdrukking van die Afrikaner se groeiende vervreemding; 'n versetlied teen die owerheid wat Afrikaners links en regs van alles ontnem. En, les bes: De la Rey bevat gevaarlike 'geheime kodes' vir 'n nuwe regse militansie teen die owerheid, skryf Wilhelm Jordaan (**Die Burger** 20 Februarie 2007).

Hoekom het 'n oënskynlik eenvoudige liedjie deur 'n 'pop'-musikant so 'n herrie ontketen? Waarskynlik omdat dit uiting gee aan die diepliggende behoefte van 'n groot meerderheid Afrikaners in die 'nuwe' Suid-Afrika aan 'n volksleier. Musiek het

besondere seggingskrag: dit gee op 'n subtiele wyse gestalte aan die mens se diepste emosies. Die gebrek aan 'n eie identiteit en 'n politieke leier (politieke messias) in dié tyd van onsekerheid en ontmagtiging spook diep in die psige van die post-moderne Afrikaner. Die navorsing vir hierdie proefskrif het telkens getoon dat die NG Kerk in die huidige oorgangstyd ook gebuk gaan onder aan 'n gevoel van gebrekkige leierskap in eie geleedere.

Vanuit die navorsingsarea, soos in die kernhipotese geformuleer, het die bronnenuitvoering, kritiese analise van standpunte en eksegetiese ontleding van kardinale konsepte, insiggewende gegewens aan die lig gebring.

## 7.2 Bevindings

- Die versnelde *communitas*-fase waarin Suid-Afrika ná 1994 inbeweeg het, en wat nou reeds byna vyftien jaar duur, kan in 'n sekere sin vergelyk word met 'n na-oorlogse situasie. Die heersende bevolkingsgroep (wit minderheid) het sonder weerstand al sy magte aan die voorheen onderdrukte bevolkingsgroep (swart/gekleurde meerderheid) oorhandig. Die nuwe maghebbers – letterlik van 'n ander kleur- en kultuurgroep het oorgeneem en alles 'bevolk' wat deur hul voorgangers 'ontvolk' is. Die gebeure is destyds in vroom kringe as 'n 'wonderwerk' bestempel. Vir baie Suid-Afrikaners verskyn daar egter nou donker skimbeelde op die horison wat hul onsekerheid en vrese oor die toekoms vererger .
- In die nuwe situasie is veral die gevestigde Afrikaans-Reformatoriese kerke ontstig: kerke bevind hulle in 'n totaal nuwe posisie en bedieningsmilieu. Die navorser het die model van Victor Turner, met 'n aanpassing daarvan vir die kerk deur Arbuckle, gebruik om die huidige Suid-Afrikaanse samelewing op sosiaal-maatskaplike, ekonomiese en godsdienstige gebied te ontlee.
- Die navorser huldig die mening dat die *limen* na 'n nuwe *societas*-fase naby is en dat die kerk hierdie feit in haar strategiese beplanning en bediening struktuurmodelle moet verdiskonteer. Laaste bastions wankel in 'n *communitas*-fase. Die navorsing in die Hoofstuk 1 bied 'n historiese oorsig van gebeure oor veral die afgelope vyftien jaar om te soek na 'n verheldering van begrip oor die hede. Kennis van die verlede kan die kerk moontlik help om die hede beter te interpreteer en die toekoms beter toegerus binne te gaan.
- Die geskiedenis van die NG Kerk ten noorde van die Oranjerivier van 1836 tot in 1902 kan nie van die politieke geskiedenis geskei word nie. Gedurende die Vryheidstryd was daar 'n baie nou band tussen die kerk en die vegkommando's. Hierdie verbintenis was onlosmaaklik deel van Afrikaner wees. Dié noue verbintenis tussen die owerheid en die NG Kerk het tot in 1994 bly voortbestaan en het 'n ingrypende invloed op die kerkleierskap van die tyd gehad.
- Die NG Kerk het gedurende die laat tagtigerjare geleidelik begin insien dat Apartheid mense hulle menswaardigheid ontnem. Die politieke verbondenheid van die kerk met die staat op leiersvlak was egter polities só verstrenge dat 'n breuk moeilik was: kerkleierskap was simbioties vasgegroe

aan die politieke bestel van die dag. Die NG Kerk het in der waarheid meer as haar Bybelse deel gedoen om die regering te ondersteun. Die tragiese gevolg is dat die kerk nou bedreig word deur 'n onstabiele en snelveranderende samelewing as dinamika van 'n oorgangsfase. Dit wat met die blanke Afrikaner in die samelewing gebeur, raak die NG Kerk intens want haar lidmate is aan die ontvangkant van opsigtelike vergeldingstappe.

- Die blanke Afrikaner moes oor die afgelope twaalf jaar van baie dinge afstand doen. Die Kommissie vir Waarheid en Versoening het ontnugterende wreedhede deur die vorige bedeling blootgelê, sonder om deurgaans werklik versoening tussen mense bewerk soos daar gehoop is nie. Met die afskaffing van Apartheid het baie 'bastions' van die Afrikanervolk geval. Tans word die status van die Afrikaanse taal op talle vlakke ondermyn. Regstellende aksie het aanleiding gegee tot die grootste 'brein-kwyn' in die geskiedenis van die land. Min blanke huisgesinne het nie 'n kind of familielid wat reeds na die buiteland geïmmigreer het nie. Veral wit mans is kwaai onderhewig aan werksonsekerheid. Misdaad neem skrikwekkende afmetings aan. Plaasmoorde is aan die orde van die dag, terwyl witboortjie misdaad en korrupsie deel van die landsbestel geword het. Vir die meeste blanke Suid-Afrikaners is geborgenheid oor die toekoms nie meer 'n gegewe nie.
- Dit is nogal ironies dat die 'Voëlvrý'-aktivis, Koos Kombuis, wat eens deur die kerk as 'uitermate liberaal' bestempel is, die volgende skryf oor die huidige stand van sake in die RSA:

*Ons het nie geveg vir 'n Deredewêreldse kwasi-Marxistiese staat waar werk en grond op 'n lompe manier teruggesteel word van die ouens wat dit lank gelede op 'n ewe lompe manier gesteel het nie.*

*Ons het geveg vir 'n Eerstewêreldse land in Afrika – die eerste en enigste in sy soort – met gelyke regte.*

*Ons het geveg vir 'n land waar siekes ordentlike mediese sorg kry en waar die vigs-pandemie top-publisiteit kry en getakel word deur middel van 'n allesomvattende en dringende opvoedings- en aksieplan.*

*Ons het nie geveg vir 'n land waar sekere mense anders as ander mense behandel word in tronke nie.*

*Ons het geveg vir 'n land met 'n sinryke buitelandse beleid.*

*Ons het geveg vir 'n land waarheen ex-pats kan terugkeer en hulle kundigheid en ervaring saam met hulle bring.*

*Ons het geveg vir 'n deursigtige regering wat bestaan uit 'n redelik realistiese spektrum van al die bevolkingsgroepe en oortuigings wat in ons demografie bestaan.*

*Ons het geveg vir 'n land met 'n doeltreffende polisie- en regstelsel.*

*Ons het geveg vir die reg om almal as afrikane beskou te word.*

*Ons het geveg vir 'n land waarin elkeen onderrig kan kry in sy eie taal, met die veronderstelling dat soveel moontlik van ons aangemoedig word om ook die taal of tale van ons mede-Suid-Afrikaners aan te leer. (Verkort – **Rapport** Perspektief 11 Februarie 2007)*

- Die NG Kerk se bediening moet in bovermelde milieu plaasvind. Oor baie van die sake waarvoor Kombuis skryf, is die kerk egter stil. Dit lyk soms asof die *communitas*-fase nie alleen gelei het tot gematigde leierskap in

Afrikanergeleedere nie, maar ook 'n 'kop-in-die sand' houding in die NG Kerk. Sandile Dikeni skryf in **This Day**, 12 Desember 2003, dat Afrika se grootste probleem deur die eeue 'n leierskapprobleem was. Met verwysing na die situasie in Zimbabwe sê hy: *The point is that the issue in Zimbabwe boils down to a lack of leadership*. Dié probleem van Afrika is tans ook die kernprobleem van die Afrikaner in die RSA en die NG Kerk.

- Die kerk se huidige geringe invloed, plek en rol in die lewens van talle Suid-Afrikaners blyk duidelik uit die briewe van die 'volk' in die media. Die polemiek in die NG Kerk oor die 'Kletskerk'-webblad is 'n verdere weerspieëling hiervan. Onder andere, is die herrie wat die omstrede sang/rockgroep *Fokofpolisiekarre* in 2006 ontketen het 'n aanduiding van die rebellie van die Afrikaanse jeug teen die formele geloofspraktyke van die ouer geslag. Hulle spreek in sogenaamde 'EngAfrikaans' felle kritiek uit teen die kerk en die godsdienste waarin hulle kleintyd sonder verduideliking ingedwing is. Is daar dalk waarheid in onderstaande woorde van die Karre se seer-mooi melodie en skreiende beelde?

*Spiervit Bellville kerke met families wat braai en voorstedelik leef.  
Kerktorings en die Taalpaal.*

*Gister se wêreld wat niks te sê het vir vandag se kinders nie, behalwe om te raas.*

- Die Gospel sanggroep, *Prophet* (twee predikante, di. Theo Geysers en Koos van der Merwe), sê in **Beeld** (27 Maart 2006) dat hulle begrip het vir die storm wat om *Fokofpolisiekarre* losgebars het. As sanggroep het hulle al self onder die venyn van kerklike kritiek deurloop. Hulle musiek was vir etlike jare op 'Christelike' radiostasies verban en hulle is van godslastering beskuldig omdat hulle teen die kerk kritiek uitgespreek het. Volgens Geysers bring Christelike kruistogte soos dié net groter verdeeldheid: dit is moontlik weer 'n kwessie van *spoeg die muggie uit, maar sluk die kameel*.
- Die 'struggle' in Suid-Afrika is nog geensins verby nie – veral nie vir die NG Kerk nie. Die tradisionele gereformeerde godsdienstepraktyke word toenemend as irrelevant beskou in mense se daaglikse oorlewingstryd. Die kerk is in 'n tydsgewrig waarin sterk, aktuele en verstandige leierskap dringend nodig is om opregte, Woord-gevestigde godsdienstebeoefening weer onder die mense van ons land te vestig. Daar is nog tyd vir besinning en koerswysiging om te keer dat alles tot niet gaan. Ons móét na 'die dromme van Afrika' luister! Sou die wyse Nederlander, Okké Jager, uitmuntende prediker en hoogleraar, 'n antwoord vir ons hê indien hy weer op Oude Kerk se kansel langs die Heerengracht in Amsterdam kon staan om met die kerkvolk oor die toekoms te praat? (Uiteraard sou iemand eers die groot slot aan die deur van die *besienswaardigheid wat eens 'n dinamiese, lewende gemeente gehuisves het*, moet oopsluit.)

Die navorsing bepleit 'n dawerende basuin op die voetpad van 2007 sodat predikante, kerkrade en gelowiges kan hoor dat die voetstappe van die wat na die kerk toe kom, vinnig minder word en die sleepgang van die steeds getroue oumense geleidelik wegsterf. Gister se leiers kan nie môre lei nie!

- Die NG Kerk bevind haarself in 'n totaal nuwe herposisioneringsproses wat nie alleen politieke, sosiale en maatskaplike verandering teweegbring nie, maar wat te midde van die onsekerheid van die post-moderne tydvak waarin die kerk 'n bediening beoefen, ook verandering in aanbiddingstyl, teologiese besinning en bedieningspraktyk vereis. Vir te lank was die oorkoepelende oriëntasie van die kerk landelik, met 'n tradisionele volkskerk-styl.
- Van die outoritêre leierskapstruktuur van vóór 1994, waarin die rangorde van Algemene Sinode, Streeksinode, Ring en Kerkraad gegeld het, met 'n nou verbintenis aan die ideologie van die regering, is daar die afgelope vyftien jaar gevorder na 'n struktuur waarin kerkrade al hoe meer outonome besluite oor gemeentelike, kerkorganisasie en teologiese aangeleenthede neem.
- Hoofstukke 1 en 2 het die nuwe bedieningsveld vir die kerk kursories aangedui en daarop gewys dat kerkleierskap in die breë simbioties verwant is met leierskap in die plaaslike gemeente. Dit dui op 'n interafhanklikheid. Vanuit enkele algemene opmerkings oor kerkleiding in die breë het die fokus vanaf hoofstuk 3 na die plaaslike gemeente verskuif waarbinne medeleraars in 'n spanverband funksioneer.
- Die vraag wat onmiddellik na vore kom, is of die NG Kerk wel voldoende aangepas het in 'n totaal veranderde samelewing ná 1994. Die effek van die verandering het lidmate op alle lewensvlakke geraak. In die kerk word daar nou van sterk, inspirerende en outokratiese leierskap beweeg na 'n tipe dienskneg-leierskapstyl wat mense bewus maak van die nuwe rol wat die kerk in die samelewing moet speel. Die sukses hiervan het nog nie in die breë in die kerk neerslag gevind nie. Kerke met 'n gereformeerde agtergrond is waarskynlik die moeilikste 'organisasie' om te verander.
- Küng (1970:149) vra of die kerk in hierdie omstandighede 'n *toekoms* het? Hierdie vraag is relevant in ons gemeenskap se huidige soeke na die sin van kerk wees en die omskrywing van kerkleierskap. Volgens Küng hét die kerk 'n *hede*. Dié hede pas in by die lewensaktualiteite en omstandighede waarin lidmate lewe. Die vraag is egter: Bedien die kerk en haar leierskap lidmate op 'n wyse wat in die tydsgewrig pas?
- Op sy onlangse besoek aan Suid-Afrika by die NG Gemeente Skuilkrans in Pretoria, het George Barna gesê: Al hoe meer mense is moeg vir kerke wat godsdienstige speletjies speel in stede daarvan om te doen wat God van hulle verwag. Hulle verlaat die kerk om op hul eie 'n verskil te probeer maak. In die VSA het twintig miljoen mense dit reeds gedoen (**Kerkbode** 24 November 2006). (Vergelyk in hierdie verband ook die navorsingsbevinding van Alan Jamieson op bladsy 91).
- Kerkstatistiek toon duidelik dat die gevestigde kerke in Suid Afrika (Anglikane, Metodiste, Presbiteriane, Lutherane, Baptiste, Gereformeerde groepe en Rooms Katolieke), op enkele uitsonderings na, 'n afwaartse groei in lidmaatgetalle toon. Daar is verskeie redes hiervoor: 'n afname in belangstelling in die gewone kerklike praktyk; die rolverandering van die

kerke ná 1994, die uittog van jong, professionele, blanke lidmate na die buiteland (vergelyk die sterk NG Gemeente wat in Londen tot stand gekom het, soos ook in Australië en Kanada); die ontvolking van die platteland; en die wegtrek van lidmate uit die middestad na die randstedelike gebiede.

- Die kerk het die afgelope vier jaar weer 'n stem in die veranderde gemeenskap begin kry waar aksies oor vigs, armoede, veiligheid, misdaad en morele verval bespreek word. (Vergelyk die Agenda en Handeling van die Algemene Sinodes 2002; *NG Kerk in gesprek met die wêreld* en 2004; *Hermeneutiese probleem in die debat oor homoseksualiteit*.) Daar is egter ook aangetoon in die navorsing dat kerklike antwoorde en aksies traag is en soms agterweë bly oor aktuele en brandende sake van die dag wat talle lidmate raak.
- *Vernuwing* binne die kerk word soms *net* aan erediensgebeure verbind. Dit strek veel wyer en sluit ook 'n vernuwing van die totale *spiritualiteit* van lidmate in. Die kerk mag nie hand in die broeksak agter die natuurwetenskap aandrentel nie, maar moet in vennootskap daarmee saam soek na sinvolle *teologiese* antwoorde, sodat die mens van die tyd sy/haar godsdienstige oriëntasie nie los en onkundig van die feite van die algemene openbaring (die wetenskap) beleef nie.
- As daar een saak is wat vir die NG Kerk kan dien as aanwyser dat 'n volgende *societas*-fase naby is, is dit die feit dat kerkhereniging op hande is. Hierdie proses gaan die kerk verplig om oor nuwe strukture te besin en gaan spesifiek saakgerigte leierskap van die kerk vra. Wanneer die Algemene sinode in 2007 vergader om oor kerkhereniging dialoog te voer, het 'n draaipunt in die *communitas*-fase vir die NG kerk aangebreek *indien* die hereniging binne drie jaar (geraamde tydskaal) geskied.
- Nog 'n saak waarvoor leierskap in die NG Kerk oorversigtig reageer en min leiding gee, is die vraag oor die korrekte interpretasie van die Bybelse beskouing oor homoseksualiteit. Hierdie vraagstuk is een van die mees intense sake waarmee lidmate van die NG Kerk tans worstel, omdat die Parlement op 14 November 2006 wetgewing goedgekeur het wat aan burgerlike verbintenisse tussen pare van dieselfde geslag dieselfde status gee as heteroseksuele huwelike. Die kerklike verteenwoordigers, Ben du Toit (Parlementêre verteenwoordiger) en Kobus Gerber (Sekretaris van die NG Kerk) het hieroor 'n voorlegging aan die Parlementêre Komitee gedoen waarin hul namens die NG Kerk vra dat hierdie nuwe verbintenis by die Huwelikswet van 1961 ingelyf word. Hierdie voorlegging het veel kritiek ontlok en weer eens die gebrek aan sterk leierskap op die hoogste vlak van die NG Kerk blootgelê.
- Indien daar 'n gemeenskaplike deler gekies moet word oor gemeentelike ervaring gedurende die afgelope twee dekades, is dit die verandering wat in die erediensstyl van die NG Kerk ingetree het. Hierdie verandering, vernuwing of Renaissance het min gemeentes onaangeraak gelaat. Elke NG Gemeente bepaal vandag haar eie identiteit na gelang van die konserwatisme of verligtheid van die leraars en kerkraad van die betrokke gemeente. In 'n sekere sin bestaan die NG Kerk van twintig jaar gelede nie meer nie: daar is tans min



oorkoepelende identiteit tussen stads- en plattelandse gemeentes behalwe dat eredienste nog hoofsaaklik in Afrikaans aangebied word en dat die ou kerkgeboue min of meer dieselfde boustyl het.

- Doelgerigte missiologies-gerigte leierskap is die behoefte van die kerk binne 'n *communitas*-fase, anders verval gemeentes tot sentrifugale-gerigte aktiwiteite en vind onttrekking uit die samelewing plaas.
- Leierskap in die plaaslike gemeente behels, onder andere, dat individue die spesifieke take wat aan hulle opgedra is, uitvoer en daarvoor aanspreeklik is (*accountability*). Leierskap sonder verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid is geen leierskap nie. *Someone has to carry the ball* (Mittelberg: 2000:136). Daar word egter van medeleraarspanne verwag om effektief te funksioneer ten spyte daarvan dat daar min kerklike riglyne bestaan om 'n leier in medeleraarsituasies aan te wys. Binne medeleraarsverhoudinge geld dieselfde strukture as wat vir 'n enkel leraar in 'n gemeente geld. Dit kom neer op 'gedeelde leierskap' wat beweging vertraag en individuele leraars met sterk leierseienskappe en helder visie ontmagtig. Daar is uiteraard dan ook 'n gebrek aan aanspreeklikheid. Dit is baie makliker om 'n instansie te bedryf indien finale aanspreeklikheid by 'n raad bestaande uit deelydse vrywilligers lê en nie by die individue wat direk vir die werk verantwoordelik is omdat hulle daarvoor vergoed word nie. (Hoofstuk 6 sit riglyne oor die aanwysing van 'n leierleraar uiteen.)
- Die **Kerkorde en Bepalings van die NG Kerk** bepaal die voorgeskrewe proses waarvolgens leiers in die kerk verkies word. In die uitvoering van die aanstelling van hierdie leiers het vermoëns en gawes van individue tot onlangs in die praktyk 'n ondergeskikte rol gespeel. Die wyse waarop nominasies vir vakatures gedoen is, is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Die kerkordelike standpunt dat leiers in die kerk gelyke status geniet, geld tans in die NG Kerk. Die probleem is egter dat die kerkordelike een-domee struktuur vir gemeenteleierskap nie aan die groter leierskapseise en behoefte aan spanningsvrye medeleraarsverhoudinge in mega- en makrogemeentes voldoen nie.

Indien die NG Kerk relevant wil bly en deel wil wees van die toekoms van Suid-Afrika, moet die kerkleiding (van Sinodale vlak tot by die plaaslike gemeente) besef dat die *communitas*-fase paradigmaties noodsaak. Die tyd waardeur die NG Kerk tans beweeg is waarskynlik die moeilikste in haar geskiedenis, maar ook die uitdagendste. Die navorser aanvaar dat God self sy kerk onderhou, maar dan nie noodwendig volgens die oorgelewerde kerklike tradisies nie. Die identiteit van die kerk en haar leiers in die volgende *societas*-fase sal deur eietydse relevansie bepaal word. Dit geld veral ten opsigte van sinvolle hermeneutiese interpretasie van die Bybel vir ons tyd.

Die teologiese begroning van die ampte in die NG Kerk is getoets deur die historiese gebeure (Hoofstuk 1) en 'n snelveranderende bedieningskonteks (Hoofstuk 2). Die wisseling van 'n outoritêre ampstruktuur in die kerk wat vóór 1994 polities verstrengel en hoogs sigbaar was tot een wat verkies om grotendeels onsigbaar en onhoorbaar te wees in die huidige bestel, het die ampsbeskouing beïnvloed. Omdat

die ampte tradisioneel as leidinggewend gesien is, is die uitoefening van leierskap binne die NG Kerk geraak. Hoofstuk 2 beskryf NG Kerk leierskap as versigtig, huiwerig, en in baie gevalle, traag. Die *communitas*-fase het duidelike kerklike uitsprake in die breë gedemp, maar uit die oorversigtigheid wat gevolg het, byvoorbeeld oor die gay-kwessie, is talle geleenthede verspeel en het die leierskap tans die beeld dat hulle reaktief eerder as proaktief optree.

Indien daar 'n paar algemene riglyne oor leierskapsfunksies uit die Nuwe Testament onttrek sou word, dien onderstaande lys as vertrekpunt:

- Die wese van leierskap lê daarin dat dit diensbaarheid veronderstel.
- Volgens Paulus, is bepaalde charismata noodsaaklik vir leierskap.
- Leierskap is gekoppel aan 'n pneumatologiese dimensie. Leiers tree as bemiddelaars op vir die krag van die Heilige Gees. Paulus se pneumatologie onderskei die vroeë kerk van die misterie- en genesingsgodsdienste.
- Paulus lê klem op die volle funksionering van die gemeente volgens hulle gawes in Efesiërs 4. Die volle funksionering van die gawes is belangrik en nie die disseksie daarvan volgens evangeliese, pinkster of streng gereformeerde interpretasies nie.
- Dit is duidelik dat leierskap nie 'n enkele dimensie is nie, maar wyd versprei in gemeentelike funksionering nodig is.
- Alhoewel leierskap in gemeentes aan individue gekoppel is, het hulle die samewerking van die groep nodig om te funksioneer.
- In die Nuwe Testament vind leierskap plaas vanuit 'n sosiaal-kulturele vlak wat in outoritêre optrede verwickeld is. Die heerskappy van Rome, die mag van die swaard, is die norm van die tyd. Dit tesame met 'n streng Joodse patriargale stelsel maak die beginsels vir leierskap soos uitgeleef in die vroeë kerk, uniek.
- Outoriteit en outoriteitstrukture is 'n belangrike dimensie van leierskap. Outoriteit is, onder andere, 'n sosiaal-gekoppelde verskynsel en word deur die konvensies van 'n betrokke kultuur gereguleer. Dit is interessant om daarop te let dat Paulus se leierskapskenmerke saamhang met die algemene funksies van die *pater familia* in die *oikos*.
- Paulus het duidelike riglyne neergelê vir gemeentelike leiers in sy skrywes oor die amp van ouderling en diaken. Vir hom was leierskap gekoppel aan die totale milieu waarbinne die voornemende kerkleier gefunksioneer het. Dit het sy karakter, huishouding en gemeenskapsverhoudinge (aanvaarding as eerbare mens) ingesluit. Kerkleierskap het dus nie los gestaan van 'n sosiale verbintenis in die gemeenskap nie. In die vroeë kerk is gemeenteleier oor die algemeen as 'n vaderfiguur aanvaar. White (1987:209-228) beskou hierdie leiers se gesag as sosiale outoriteit wat veral op diens ingestel was.

Leierskap binne die kerk behoort deur ‘charismata’ gedryf te word, anders verval dit in blote bestuurswese. Alle leiers ontvang ‘charisma’ waarmee hulle ander kan bedien. Kerklike ‘charismata’ is egter iets anders as ‘bestuursgawes’. Paulus het waarskynlik nie aan gemeentebestuur gedink toe hy oor die leierskap en toesig van ‘opsieners’ geskryf het nie.

Binne die gereformeerde tradisie kan goeie bestuur maklik as ‘leierskap’ vertolk word, terwyl dit geensins die geval is nie. Die onderskeid tussen hierdie twee kernaspekte word duidelik in die bediening struktuurmodel van Hoofstuk 6 uitgelig. Leierskap en bestuur is nie presies dieselfde proses in ’n gemeente nie. Die kerk het vir te lank goeie bestuur summier as goeie leierskap gesien. In die NG Kerk word die noodsaaklikheid van effektiewe leierskap vanuit die ampte nog nie in alle gemeentes ewe duidelik besef nie: meestal word dat die ampte eerder as ‘dienend’ beskou. Min gemeentes het ’n aangewese leier wat die visionêre taak van die gemeente as hoof prioriteit ontvang. Veral in die geval van medeleraars móét onderlinge leierskaps-gawes bepaal word, sodat die onderskeie leraars daarvolgens aangewend kan word.

Paulus noem plaaslike leiers op ’n deurlopende basis by die naam in sy briewe en wys gemeentes daarop dat hierdie leiers erken en vergoed behoort te word vir hulle bedieninge. (Vergelyk 1 Korintiërs en die Pastorale briewe.) Hierdie feit dui moontlik op ’n proses van institusionalisering in die kerk onder Paulus se bediening. In die pastorale briewe is dit duidelik dat ouderlinge en diakens die ruggraat van gemeentes gevorm het. Hulle leierskap was bepalend vir die gang van die gemeente.

Die Presbiteriale stelsel is Calvinisties gegrond en beklemtoon dat Christus sy kerk op aarde deur sy Gees regeer en dat Hy mense in die ampte daartoe gebruik. Hierdie persone word ‘geroep’ om in die ampte te dien. Calvyn handhaaf die lering van die *manus triplex*, dit is die leer oor die drie ampte:

- die leraar (lerende ouderling)
- ouderling (regerende ouderling)
- diaken (diens van barmhartigheid).

Omdat die kerk die *Una Sancta* is, sluit die kerkregering hiërargie uit. Al die ampte is gelyk, maar word onderskei deur hulle besondere funksionering. Die ampte is tot ‘diens’ in die gemeente en ‘regeer’ slegs in die sin van diensbaarheid.

In die kerk is daar dikwels gefouteer deur leierskap met ‘heerskappy’ (hiërargie) te verwar. Ware kerklike leierskap het in der waarheid min met heerskappy te doen. Die oorbeklemtoning van die *Primus inter pares* beginsel in die lerende amp, het die basiese begrip van senioriteit en leierskap egter verlore laat gaan.

- Uit die briewe van Paulus is dit duidelik dat die ampte in die kerk verantwoordelik is om leierskap te genereer. Die vorm waarin dit geskied, kan varieer na gelang van wisselende omstandighede.
- Leierskap in die kerk behels die gawe om as geroepene in die amp van leraar, ouderling en diaken ’n visie daar te stel wat die gemeente op ’n pad van groter diensbaarheid plaas. Dit beteken dat die gelowiges in die gemeente

rigtinggewend gelei word en motivering tot diensbaarheid in die gemeente vooropgestel word.

- Ongelukkig het die kerk in die verlede aanvaar dat alle predikante wat tot die gemeentebediening toegelaat is oor die gawe en vermoë tot leierskap beskik. Hierdie leierskapseienskappe moes boonop in 'n medeleraarsverhouding volgens die *Primus inter pares* beginsel beoefen word. Die feit dat leraars maar onlangs in enkele gevalle van medeleraarskap toegelaat is om te spesialiseer, is waarskynlik verantwoordelik vir groot spanning binne die leierskorps van die kerk. Geen organisasie in die korporatiewe omgewing, wat met mense werk, stel gelyktydig twee of meer leiers op gelyke vlak vir dieselfde werksaamheid aan nie. Daar moet differensiasie tussen leiers wees, gegrond op die beginsel van verantwoordelikheid en aanspreeklikheid.
- Gemeentes behoort te bepaal watter tipe leierskapstyl hulle omstandighede pas en hulle leraars daarvolgens aanwend. Daar moet in hierdie proses teen individualisme gewaak word: die spesifieke beleid en visie van die gemeente moet neergelê word en dit moet die fokuspunt bly al wissel die persone wat die predikantsposte vul.
- Geroepenheid is 'n uiters belangrike, maar ook hoogs persoonlike saak vir elke predikant. Dit bly die 'manna vir die dag' in sy of haar lewe. Hierdie gevoel van geroepenheid gee hom/haar die nodige passie en energie om vol te hou en nie uiteindelik te swig voor die moedeloosheid wat die bediening dikwels oor 'n predikant laat toesak nie. Dit is uiters belangrik dat 'n kerkraad bepaal wat die roepings passie van die predikant(e) in hulle diens is. Die probleem is egter dat daar nie in die NG Kerk 'n eenstemmige maatstaf is wat deur elke gemeente gebruik kan word nie.
- Daar is baie tipes leierskap op die kerklike terrein. Dit blyk egter dat indien die dienskneg-leierskapmodel reg aangewend word, dit op die huidige tydstip die aangewese model vir die NG Kerk is. Die navorsing stel in Hoofstuk 6 'n bediening struktuurmodel voor waarbinne hierdie leierskapsmodel doeltreffend kan funksioneer. Die volgende *societas*-fase sal moet voortbou op die verhoudingsbehoefte in die gemoed van mense in die post-moderne tyd.
- Die naderende oorgang na die volgende *societas*-fase vereis dat die rol van die gemeente predikant duidelik geformuleer word. Vóór 1994 en tydens die huidige *communitas*-fase was dit duidelik dat rolverwarring tot verkeerde leierskapsmodelle in die kerk gelei het. Rolverwarring is verantwoordelik vir die spreekwoordelike 'uitbranding' van talle predikante. Die kerk het egter steeds nie meganismes in plek om daadwerklike aandag hieraan te gee nie. Duidelike identifisering van leierskapsrolle wat ampsidentiteit versterk, is nodig en kan gevind word indien gemeentestrukture duidelik geformuleer en prakties uitvoerbaar is. Dit sal verlamme onsekerheid uit die weg ruim. Daar moet aanvaar moet word dat die predikant altyd pastor in die gemeente sal wees, ten spyte van die feit dat hy/sy spesialistake verrig.
- Gemeentes van die NG Kerk funksioneer steeds met 'n 'manlike' beroepsagtergrond as norm ten opsigte van die werksopdragte van die

predikant. In die huidige tydsfase behoort poste so omskryf te word dat die vroulike teenwoordigheid in die amp tot verryking van die dienste van die predikantespan lei. Die kerk het baie verklarings in hierdie verband uitgereik, maar moet dit nou prakties begin toepas.

- Daar bestaan 'n groot behoefte in die NG Kerk om leiers in gemeentes te identifiseer, naas die in die ampte, en hulle doelmatig op te lei om die predikant te ondersteun in die opbou van lidmate. In die proses mag dit nie uit die oog verloor word dat leierskap alleen moontlik is indien daar volgelingskap is nie. 'n Gemeente het dikwels 'n goeie leier in die span maar sien hoe alle ratte tot stilstand knars omdat volgelingskap ontbreek binne 'n gespanne verhouding waarin die magspel van afguns en dikwels ook jaloesie aan die orde is.

Die vermoë tot visionêre leierskap is 'n gawe wat aan individue gegee word. Daarom is die leiding wat hieruit voortkom 'n ononderhandelbare en noodsaaklike faktor in die huidige laat *comunitas*-fase waarin die kerk verkeer. Hierdie soort leierskap fokus op die daarstel van 'n visie vir die gemeente wat eenvoudig en duidelik uiteengesit kan word en die energiepunt vir 'n gemeente word. Visies genereer 'n toekomsdoel vir die gemeente. Baie gemeentes gaan ten gronde omdat die leierskap van die gemeente geen toekomsvisie het nie. Die gemeente is oënskynlik aan die beweeg, maar het nie duidelikheid oor die presiese rigting waarheen nie. Visies word in die binnekamer van die leiers van die gemeente gebore. Daarvandaan moet dit na die gemeente uitgedra word sodat hulle ook daarvoor entoesiasies kan wees. Visioenêre leierskap wat gekoppel word aan die individu wat verantwoordelik was vir die formulering van die visie, funksioneer moeilik binne medeleraarsverhoudinge in die kerk.

In die verlede is individuele leierskap afgewys omdat dit vertolk is as senioriteit, baasskap of outoritêre gesag. Die vraag is egter of daar nie wel ruimte geskep behoort te word vir gemeentes wat die behoefte daaraan het om wel 'n individu met die nodige gawe as visioenêre leier aan te wys nie. Dit bring nie die *Primus inter pares* beginsel in gedrang nie maar lê spesifieke verantwoordelikheid daarop. Visioenêre leierskap is leiding wat entoesiasies en gefokus op die toekoms van die gemeente gebied word. 'n Visionêre leier moet die vermoë hê om strategies te beplan ten einde die bestaansdoelwit van die gemeente te realiseer.

### 7.3 Gevolgtrekking

Die NG Kerk het by 'n *strategiese infleksiepunt* gekom waar daar ter wille van relevansie in die toekoms baie ernstig besin moet word oor paradigmaskuiwe. Die post-moderne samelewing het die tradisionele kerk grootliks afgeskud. Dit is duidelik wanneer daar gekyk word na die rol wat die kerk tans nog speel. In die proses van verandering in die land het 'n identiteitsverskuiwing binne die funksionaliteit van die ampte in die kerk plaasgevind: die amp van die predikant is besig om te vervaag.

Die navorsing stel dit dat daar na die identiteit van die predikant gekyk moet word om regstellings te maak. Indien groter duidelikheid oor identiteit verkry kan word en die kerk haar predikante binne geordende bediening strukture bemagtig sodat hulle pro-aktief en doelgerig aangewend kan word, sal die amp in Suid-Afrika nie soos in Europa net 'verbygaan' nie. Dit sal egter verg dat medeleraarskap as 'n spanfunksie

gesien word en dat meer direkte leierskap uit kerkraadsgroeperinge moet voortkom. Die *Primus inter pares* beginsel moet hermeneuties breër vertolk word om ruimte te laat vir die aanwysing van 'n leier binne 'n medeleraarspan.

Die kerk het by 'n *kairos*-moment gekom en sal hierdie oorgang moet maak binne die huidige leierskapstruktuur van die NG Kerk in die plaaslike gemeente. Tans is die situasie dat almal op die kerkraad leiding kan neem, maar niemand werklik bemaagtig word om dit te doen nie, het. 'n Herintegrasie-fase is voor die deur en die kerk sal haar vere moet regskeud indien sy in die volgende *societas*-fase relevant wil wees.

Spanfunksionering is in die verlede ter wille van goeie onderlinge verhoudings opgeoffer. Uiteraard is goeie verhoudinge binne spanverband belangrik, maar van laasgenoemde kom daar gewoonlik minder tereg as wat verwag word. Wanneer die medeleraars as span funksioneer, is die beginsels wat nodig is vir spanwerk op hulle van toepassing. Kerkrade, leraars ouderlinge en diakens, moet begelei word om hulle identiteit en funksie binne spanverband te vind. Dit beteken dat leiers, veral binne medeleraarspanne, vroeg identifiseer moet word. Indien daar geleentheid daarvoor is, kan leraars met spesifieke gespesialiseerde leiersbevoegdhede (gawes) binne die medeleraarskring aangestel of aangewys word. Die aanwys van leierleraars moet beantwoord aan die algemene vereistes vir 'n leier. Hierdie proses sal nie die *Primus inter pares* beginsel minag nie, want dienskneg-leierskap speel 'n fundamentele rol in medeleraarskap.

Een van die belangrikste sake waaraan kerkrade aandag moet gee, is om duidelike kriteria vir die aanwys van 'n leierleerter neer te lê. Terselfdertyd behoort die visie van die gemeente alle doelwitte van diensbaarheid te rig. Leierskap binne spanverband het 'n einddoel in die oog, naamlik die realisering van die gemeentevisie. Die navorser is oortuig daarvan dat baie visies in die verlede te vaag geformuleer is en eintlik maar 'n onbereikbare, idealistiese doel uitgesny in polistireen-letters op die kerkmuur was. Die post-moderne samelewing van ons tyd vra duidelik haalbare doelwitte wat nie vae 'pastei in die vlei'-beloftes inhou nie.

Binne die kerk, anders as in die korporatiewe wêreld, het die *Primus inter pares* beginsel tot leierloosheid aanleiding gegee. Die enigste uitweg vir doelgerigte voortgang vir die NG Kerk die volgende *societas*-fase in lê uiteraard in die toelating van die werk van die Heilige Gees in en deur gelowiges, maar dan in die gebruik van bepaalde menslike instrumente - leiers wat koers hou en die gemeente lei.

Leierskap moet gegiet word in 'n werkbare bedieningstruktuur in die kerk. Bedieningstruktuurmodelle bied sekerheid oor funksionering, bemaagtig leierskap en orden bedieningschaos wat so maklik ontstaan wanneer elke medeleraar 'n haan op eie mishoop word. Hierdie strukture is alleen voertuie vir die gemeentelike bedieningspatroon en dien as ondersteuningsmeganisme. Spanlede verkry duidelikheid oor hulle rol en verpligtinge en word terselfdertyd geleentheid gebied om spesialisbydraes tot die spandoelwitte te maak.

Uiters belangrik is die feit dat daar met die keuse van spanfunksionering gelei deur 'n leier, 'n beginsel van verantwoordelikheid en aanspreeklikheid gehandhaaf word. Die spreekwoordelike 'laat God's water maar oor God's akker loop' behoort nie in die kerk geduld te word nie. Kerkleiers word verpligtinge opgelê en moet verantwoording



doen vir hulle werkverrigting en versuim. Kerkrade het in die verlede min beheer oor die werksuitlet van hulle leraars uitgeoefen. Gevolglik het die verskoning van 'die swakheid van die mens' dikwels daartoe gelei dat die predikant 'te besig was om iets verrig te kry'. Die ergste van alles was dat baie kerkrade tevrede was/is met hierdie toedrag van sake.

Die voorgestelde bediening struktuurmodel in die navorsing kom uit vier jaar se ontwikkeling daarvan in die praktyk. Daar is 'n paar leemtes in die model reggestel wat noodsaaklike verstellings teenoor die getoetste struktuurmodel bring (Bylae 2).

- Die belangrikste verandering is dat 'n leierleraar aangewys word om as bemagtigde leier van die gemeente verantwoordbaar (*accountable*) te wees.
- 'n Tweede verandering in die model teenoor die een wat in die praktyk gebruik is, is die nuwe klem wat op die taak en rol van ouderlinge en diakens val. Die struktuurmodel bring Nuwe-Testamentiese verankertheid in die ampte terug soos deur Paulus in sy briewe aanbeveel.
- 'n Derde belangrike saak is die klem op die verantwoordelikheid wat lidmate vir mekaar het. Daar kan nie genoeg klem gelê word op die onderlinge betrokkenheid van kerklidmate by mekaar in 'n post-moderne samelewing waar vereensaming aan die orde is nie. Die voorgestelde bediening struktuurmodel is ontwerp as ondersteuningsmeganisme vir die uitvoering van die strategieë van die kerkraad.
- Die model kies die benaming van *Gemeenteraad* eerder as Kerkraad, omdat die aksent in die navorsing val op 'n bediening struktuurmodel vir die plaaslike gemeente en nie vir die kerk in die breë (Ring en Sinode) nie. Indien die leierleraar die ondersteuningsmeganisme waarop die plaaslike kerkraad besluit het, laat funksioneer, wag daar 'n ryker spanbediening met groter vrug as in die leierlose saamwerk-ooreenkomste van die verlede. Dit vestig 'n duidelike identiteit aan almal wat binne die struktuurmodel funksioneer en laat geen onduidelikheid oor rolvervulling nie. Indien die plaaslike gemeente hulle bediening in 'n werkbare, eenvoudig verstaanbare bediening struktuurmodel giet, het hulle 'n geskikte, betroubare ondersteunings-meganisme om die komende *societas*-fase binne te gaan.

Die navorsing bevind daarom dat die kern-hipotese hermeneuties as praxis in praktiese teologie interpreteer kan word.

***Die oorgangsfase waarin Suid-Afrika na 1994 inbeweeg het, plaas die NG Kerk in 'n laat communitas-fase voor die limen van herintegrasië, waarin leierskap-identiteit en -ontwikkeling duideliker deur 'n bediening struktuur-model as ondersteuningsmeganisme beskryf word.***

---

---

## Bylaag 1

### Belhar Belydenis

#### 1. Die Kerk is God se Kerk

- Ons glo in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.
- God roep self mense om deel te wees van sy kerk. Hy beskerm en versorg sy kerk van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

#### 2. God se kerk is een (Almal wat in God glo hoort saam)

- Ons word almal deur dieselfde God gered in Christus Jesus. Daarom is ons almal wat glo, mekaar se broers en susters.
- Ons glo dat God ons as Christene die opdrag gee om een te wees, om saam te staan, saam te werk en Hom saam te dien. Ons moet hierdie eenheid en samewerking onder gelowiges najaag en soek. Ons moet mekaar liefhê en liefde aan mekaar bewys.
- Ons glo dat 'n opregte geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van sy kerk is.
- Daar mag nie geskeidenheid, haat, vyandskap of verdeeldheid onder gelowiges wees nie. Alle gelowiges behoort God en mekaar in een kerk te dien. Daarom glo ons dat dit verkeerd is dat gelowiges wat dieselfde glo, in aparte kerke is.

#### 3. God se kerk is 'n vredemaker ('n versoener)

- Jesus Christus het die saak tussen God en mens kom regmaak. Die kerk moet voortgaan om hierdie versoening tussen God en mens te verkondig.
- Christus het gekom om dié dinge wat onvrede tussen mense veroorsaak, te oorwin. Christus oorwin dinge soos onversoenbaarheid, haat, bitterheid en vyandskap,
- God het die boodskap van versoening aan ons toevertrou. Daarom glo ons dat God ons, as sy kerk, roep om vredemakers tussen mense te wees.
- Daarom moet ons die dinge wat mense van mekaar af weghou, as sonde sien en dit beveg. Die kerk moet dinge wat skeiding bring, teenstaan en versoening bewerk.
- Daarom verwerp ons die leer wat dit goedpraat dat mense op grond van ras of kleur gedwing word om apart te leef en in aparte kerke te wees.

#### 4. God se kerk soek geregtigheid (en bring hoop vir dié wat verontreg word)

- God wil dat reg moet geskied en daar ware vrede onder mense moet kom.
- Ons glo dat God nie tevrede is as mense onregverdig behandel word nie. God sien die saak van die arme en die verontregte raak en Hy staan by hulle.

- God roep ons as kerk om Hom hierin te volg. Ons as kerk moet mense in enige vorm van lyding en nood bystaan. Ons moet opkom vir die saak van mense wat arm is, wat ly, wat in nood verkeer en wat onregverdig behandel word.
- Die kerk moet getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid.


#### **5. God verwag gehoorsaamheid van sy Kerk**

- Ons glo dat God van ons verwag om Hom in hierdie dinge te gehoorsaam, al sou menslike owerhede en wette daarteen wees en al sou dit meebring dat ons gestraf word en moet ly.

**Aan die Enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe die eer en heerlijkheid tot in ewigheid!**

**Bylae 2(a-c)**

**Valleisig bediening struktuurmodel (2002 tot 2005)**




### Kerkraadstruktuur 2005

Die struktuur het ten doel om die werksaamhede van die Kerkraad te verduidelik, te vereenvoudig en terselfdertyd doeltreffender te maak.

Die Kerkraad bly die sentrale raad waarin die sake van die gemeente hanteer word en moet verteenwoordigend en verantwoordelik teenoor die gemeente bly.

### Skematiese uiteensetting van KR funksies:






**A. BEDIENINGE**

**B. LEIERSKAP**


**C. BESTUUR**



**NG KERK VALLEISIG**  
**KERKRAAD STRATEGIESE**  
**BEPLANNING**  
**14 SEPTEMBER 2002**



Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29



Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29



Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29

Visie  
Kerkraad  
• Dagbestuur

#### KERKRAAD SAMESTELLING

- 4 Ouderlinge (wat na hulle verkiesing aan leraarswyke toegewys word).
- 4 Diakens (wat na hulle verkiesing aan leraarswyke toegewys word).
- Leraar(s) met 'n keuse om op die Kerkraad te dien
- 3 gekoöpteerde lede wat professioneel adviserend optree (kan ook van buite die gemeente kom)
- Gemeente Bestuurder
- Die Kerkraad wys 'n Voorsitter aan.

#### • DAGBESTUUR WORD SAAMGESTEL UIT:

- Twee lede deur die Kerkraad aangewys en die Gemeente Bestuurder

##### • AGENDA VAN DIE KERKRAAD:

- Strategiese beplanning
- Motiveer
- Mobiliseer
- Funksies soos deur die KO voorskryf
- Verteenwoordig die gemeente
- Visionêre leiding

##### • AGENDA VAN DIE DAGBESTUUR

- Spoedeisende sake

##### • VERGADERING:

- Die Kerkraad vergader een keer per maand, Julie en Desember uitgesluit

Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29



Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29

Bestuur

- Administrasie
- Eiendom
- Finansies
- Kommunikasie
- Personeel

**BESTUUR:**

- Bestuur is verantwoordelik vir alle steundienste aan die ander bedieninge
- Bestuur word saamgestel uit die volgende aksies:
- Administrasie, eiendom, finansies, kommunikasie (interne en eksterne) en personeel.
- Die bediening wys 'n bedieningsleier en skriba aan.
- Die bediening wys 'n dagbestuur aan
- Die bediening vergader 4 keer per jaar
- Die onderskeie diensgroepe vergader soos nodig
- Die onderskeie diensgroepe doen verslag aan die Bestuursbediening
- Bestuur doen verslag aan die Kerkraad

Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29



Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29

Pastoraat

- Gemeentebed
- Opbou en versorg
- Seniorbed
- Aftreeoorde
- Nuwe Intrekkers

Pastoraat

Die Pastoraatbediening is gerig op die bediening in die gemeente

- Daar word omgesien na die geestelike en emosionele nood van die lidmate
- Krisisbediening aan die lidmate
- Siekebesoek
- Huisbesoek op versoek
- Besoek aan groepe
- Bediening aan Seniorlidmate
- Aftree-Oorde - wys verteenwoordiger aan op Senior bediening
- Nuwe intrekkers

Die bediening word saamgestel die diensgroep vir nuwe intrekkers, seniors en verteenwoordigers van die aftree-oorde.

- Die bediening wys 'n bedieningsleier en skriba aan
- Die bediening wys 'n dagbestuur aan
- Die bediening vergader 4 keer per jaar
- Die diensgroepe binne die bediening vergader soos nodig en doen verslag aan die Pastoraatbediening
- Die Pastoraatbediening doen verslag aan die Kerkraad
- Vir administratiewe steun skakel die bediening direk met Bestuur.

Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29



Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29

Toerusting

- Gebed
- Bybelskool
- Toerusting
- Kursusse
- Bybelstudie
- Skrif en konteks

**TOERUSTING:**

Toerustingbediening koördineer die Bybelskool, Toerustingskursusse, ander kursusse, Bybelstudiegroepe en Skrif en konteks.

- Die bediening word saamgestel uit verteenwoordigers van die Gebedsaksie, Bybelskool, Toerusting, Bybelstudiegroepe en Skrif en konteks.
- Die bediening funksioneer binne 'n eie begroting, visie van die gemeente en doelwitte
- Die bediening wys 'n bedieningsleier en 'n skriba aan.
- Die bediening wys 'n dagbestuur aan.
- Die bediening vergader 4 keer per jaar.
- Die aksies binne die bediening vergader soos nodig met verslag aan die Toerustingsbediening.
- Die Toerustingsbediening doen verslag aan die Kerkraad.
- Vir administratiewe steun skakel die bediening direk met Bestuur.

Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29



Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29

Groepe

- Jeug
- Omgee
- Vat-Vyf
- Manne
- Vroue

**GROEPE:**

Groepbediening word saamgestel uit die volgende diensgroepe:  
Jeug, Omgeegroepe, Vat 5, Vroue, Manne, en ander groepe

Die bediening word saamgestel uit verteenwoordigers van die onderskeie aksies

- Die bediening wys 'n bedieningsleier en skriba aan.
- Die bediening wys 'n dagbestuur aan
- Die bediening vergader 4 keer per jaar. Die diensgroepe doen verslag aan die groepbediening
- Die Groepbediening doen verslag aan die Kerkraad
- Vir administratiewe steun skakel die bediening direk met Bestuur.

Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29



Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29

Samekomste

- Oggend
- Aand
- Spesiaal
- Pinkster
- Logistiek
- Musiek en Kunste

**SAMEKOMSTE:**

- Die bediening word saamgestel uit belangstellende lidmate, orreliste en klankvertegenwoordiger
- Die bediening is verantwoordelik vir die beplanning van alle eredienste, spesiale geleenthede oa. Pinkster, musiek, kunste en logistiek.
- Die bediening wys 'n bedieningsleier en skriba aan.
- Die bediening wys 'n dagbestuur aan
- Die bediening vergader 4 keer per jaar
- Die bediening doen verslag aan die Kerkraad.
- Vir administratiewe steun skakel die bediening direk met Bestuur.

Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29



Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29

Getuienis

- Sending
- Evangelisasie
- DvB
- Uitreike
- Gemeenskapsgerigtheid

**GETUIENIS:**

Die bediening word saamgestel uit al die aksies wat uitreik oa. Sending, Evangelisasie en Barmhartigheid.

- Die bediening funksioneer binne eie begroting, Visie van die gemeente en doelwitte.
- Die bediening wys 'n bedieningsleier en skriba aan.
- Die bediening bepaal self die aantal lede op die bestuur.
- Die bediening wys 'n dagbestuur aan.
- Die bediening vergader 4 keer per jaar
- Die diensgroepe binne die bediening vergader gereeld en gee terugvoer aan die Bediening
- Die Getuienisbediening gee verslag aan die Kerkraad
- Vir administratiewe steun, skakel die bediening direk met Bestuur.

Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29





Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29

Teologie

- Wat sê die skrif in ons tyd
- Geref beleid en Leer
- Spiritualiteit en prediking

**TEOLOGIESE BEDIENING:**

Die teologiese bediening is verantwoordelik vir

- Wat sê die Skrif in ons tyd
- Gereformeerde beleid en leer (bv belydenisse ens)
- Spiritualiteit en prediking
- Teologiese aktuele sake
- Navorsing en studie - teologies
- Die bediening word saamgestel uit die leraars
- Die bediening wys 'n bedieningsleier en skriba aan
- Die bediening vergader weekliks
- Die bediening doen verslag aan die Kerkraad
- Vir administratiewe steun skakel die bediening direk met Bestuur.

Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29



Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29

## BEDIENINGE

### ALGEMEEN:

Die leraars, soos toegewys en bemagtig tree rigtinggewend en koördinerend op by Getuienis, Samekomste, Groepe, Toerusting en Pastoraat.

- Elke bediening kies 'n uitvoerende bedieningsleier
- Al die leraars dien op die Teologiesebediening
- Die bedieninge doen hulle beplanning binne die Visie van die gemeente
- Elke bediening doen verslag aan die Kerkraad
- Elke diensgroep wys 'n Voorsitter en Skriba aan

### FINANSIES:

- Elke bediening stel 'n eie begroting op
- Die Finansiële diensgroep kompilleer die onderskeie begrotings
- Die Finansiële diensgroep lê die begroting aan die Kerkraad vir goedkeuring voor.
- Na goedkeuring van die begroting is die Gemeente Bestuur verantwoordelik vir die uitvoering van die begroting
- Tydens die kerkraadsvergadering in November word 'n inkomste/uitgawestaat van die onderskeie Bedieninge aan die Kerkraad voorgelê. Indien nodig word tydens hierdie vergadering strategiese aanpassings gedoen

Visie "Daar is die Lam van God" Joh 1 : 29






**DIE EINDE**

**DANKIE**




Bylaag 3

NG Kerk Constantiakruin Bestuurmodel:



## Bylaag 4

### Fontaineblaeu Bediening struktuurmodel:



## Bylaag 5

### Bedieningsmodel – NG Mosselbaai KERKRAADSVERGADERING – 22 NOVEMBER 2006

Mosselbaai moedergemeente is die laaste paar jaar deel van die Vennootskap van Gestuurde gemeentes. Dit het ons geleer om in die Woord en in die wêreld te wandel. Ons sterkste patrone (die erediens as publieke getuigenis, afhanklikheid van die Gees en die neem van risiko's) is as gemeentebelydenis geformuleer. Ons het geluister na ons gemeenskap en lidmate en bewus geword van baie behoeftes soos die komplekse nood van gesinne, enkelouers, jeug, jong volwassenes, eensame bejaardes, kerkloses, armes, werkloses en van allerlei sosiale probleme en uitdagings, soos gesinsgeweld, misdaad, vigs en vele meer. Ons visie, wat verwoord wie ons is en na wie God ons stuur, is byna geformuleer. Ons personeel-verbintenis kry tans aandag.

Ons het bedienings-kanale of –strukture nodig om ons roeping of visie uit te leef. 'n Mens kry nie net een model in die Bybel nie, maar elke geloofsgemeenskap moes eietydsoek na die beste manier om sy/haar roeping uit te leef. Daar is wel 'n paar uitgangspunte vir 'n eietydse bedieningsmodel wat as vertrekpunt kan dien.

## 1. UITGANGSPUNTE VIR DIE BEDIENING

### 1.1 Skriftuurlike uitgangspunte:

Die Gees van God leef in elke gelowige en gee aan elkeen *gawes* waarmee ons mekaar en ander moet dien (Rom 12:1-8). Ons vertrekpunt is daarom nie die ampte wat lidmate moet bedien nie, maar *lidmate* wat mekaar en die wêreld moet dien. *Leiers en ampte* (soos die predikant, ouderling en diaken, begelei net hierdie dienswerk – o.a. deur motivering, bemagtiging en toerusting. Bedienings kan *spontaan* ontstaan soos die Gees lei en 'n *verhoudingsbasis en netwerke* in en tussen bedieninge is belangrik.

### 1.2 Kerkorde – artikel 26

Die kerkorde laat dit toe dat daar twee kategorieë van ouderlinge en diakens kan wees, dié wat tot die kerkraad verkies word (*kerkraad-ampte*) en dié wat t.w.v. 'n dienswerk verkies word (*bedienings-ampte*). Daar kan dus ampte wees wat nie in die kerkraad dien nie. In ons gemeente sal talle ouderlinge en diakens nie op die kerkraad dien nie, maar steeds belangrike dienswerk verrig.

## 2. BEDIENINGSTRUKTUUR MET FOKUS

Ons oorweeg tans 'n visie wat verwoord dat ons gemeente soos 'n *gesinskamer* funksioneer waarin *eredienste* die belangrikste ontmoetingsplek is. Daarvandaan kan gelowiges na kamers van *groei, sorg en uitreik* beweeg, waar liefde teenoor mekaar en die gemeenskap uitgeleef kan word. Bogenoemde vier aspekte van kerkwees vorm ons primêre roepings en fokus al ons bedieninge in die gemeente. Elke bedieningsfokus het word gelei deur 'n ouderling of diaken en vorm 'n netwerk waarmee ander bedieninge kan saamwerk. Hieronder is voorbeelde van bedienings wat netwerk met 'n spesifieke fokus:

- **Erediens** – werkgroepe vir elke diens, kunste, musiek en sang, klank en multimedia, blomme en dekor.
  - Erediens-diakens (D) vir dienswerk by die erediens (nagmaal, plekaanwysing, inligting, kollektering, ens)
- **Groei** – mediateek, kursusse, kampe en groot geleentheid ("events")
- **Sorg** – Die volgende bedieninge kan veral hier saamwerk:
  - Jeug: Kleuterkerk, kategese, jeugaksies, skolebediening, jong volwassenes en ouerbegeleiding
  - Kleingroepe – selgroepe, bybelstudies, belangegroepes en diensgroepe
  - Wyke – groter areas
  - Seniors – ouerhuise en bejaardes waarvan ons bewus is
  - Omgee (D) – sieke-sorg, begrafnis-sorg, ensovoorts
- **Uitreik** – bedieninge soos arbeidsbediening, hawe-sending, sendelinge, projekte en korttermyn uitreike.
  - Aksie Samaritaan (D) toon aspekte van versorging en uitreik.

→ **Bedryf**: Bedieninge soos finansies, eiendom, personeel en kommunikasie ondersteun bogenoemde 4 bedieningsfokusse. Die leier van dié bedienings sal as ouderling verkies word, terwyl finansies (en later 'n *bedryfleier*) die bedienings in die raad verteenwoordig. Dié bedieninge kan bestuursake as bedryfspan (of uitgebreide dagbestuur) hanteer met verslag aan die kerkraad. Die kerkraad kan dan meer strategies fokus.

→ **Kerkraad-ampte**: Die 4 bedieningsfokusse en die onderstreepte bedienings sal deur 'n ouderling of diaken (met 'D' aangedui) op die kerkraad verteenwoordig word.

### 3. SORG-STRUKTUUR

Aanpassing t.o.v. die versorgingstruktuur word benodig. Ons doelwit is om geloofsgemeenskap en versorging ten beste te beoefen. Om dié doel te bereik, kan ons veral van die volgende soorte bedienings gebruik maak:

#### 3.1 Kleingroepe

Die prioriteit van kleingroepe (sel-, belange-, bybelstudie- en diens-groepe) moet verhoog word. Een manier is om die leiers van die groepe as *ouderlinge* te bevestig en die bediening doelgerig uit te bou. Donahue sê:

*“A small group provides the optimal environment for the life change Jesus Christ intends for every believer”*

Die kleingroep is ook die optimale ruimte vir geloofsgemeenskap en geestelike versorging.

#### 3.2 Wyke

Die wykstelsel ondervind tans verskeie probleme, byvoorbeeld baie vakatures, veiligheid vir vroue-diakens en die uitgebreidheid van die gemeente. Net sowat 3% van ons dankoffers kom tans via kollektoring van diakens in. Daar is na 'n koevert-stelsel, debietorders en internet-betalings oorgeskakel. Sonder kollektoring in wyke, verval die tradisionele rol van diakens en kan ons alle diakens in die wykstelsel laat bedank.

Die *wyk-ouderling* bly alleen oor as geestelike versorger en sy rol neem toe in belangrikheid. Ouderlinge kan 'n wyk in kleiner eenhede (strate/sorgfamilies/vat-5-stelsel) van so 4-5 besoekpunte verdeel en van *dienswerkers* gebruik maak om die eenhede te bedien, terwyl hulle dan die dienswerkers bedien.

#### 3.3 Seniors/bejaardes

*Ouderlinge* en dienswerkers kan vir seniors afgesonder word en 'n stelsel van “*neem 'n oupa/ouma aan*” kan uitgebou word.

#### 3.4 Omgee-bediening

Die vrywilligers bedien reeds siekes, ondersteun gesinne in roumart en ondersteun mense en gesinne in besondere nood. Die bediening ondersteun sodoende die hele sorg-struktuur. Die begrafnis-bediening lewer ook hier 'n bydrae. Die bediening reik ook uit na gestremde kinders in die omgewing.

#### 3.5 Jeug-bediening

Die jeugbediening vorm 'n eie kategorie van groei, uitreik en veral van sorg. Bedieninge soos kategese, verskeie jeugaksies, kampe en die jeugweek is inisiatiewe van die jeugbediening.

### 4. BESTUUR-STRUKTUUR

Aanpassing t.o.v. die besluitnemingsprosesse en bestuur van die gemeente is noodsaaklik. Die huidige groot kerkraad reflekteer eintlik net die wykstelsel en maak besluitneming baie moeilik.

#### 4.1 Rigtinggewende kerkraad

'n Klein kerkraad (*kerkraad-ampte*) word saamgestel uit die leiers van bedieningsfokusse en bedienings, soos hierbo by punt 2 genoem. Drie verteenwoordigers uit die wyk-ouderlinge, 'n kleingroep-ouderling en een strategie-ouderling kan daarby gevoeg word, wat die span saam met die leraars op minder as 20 kerkraadslede bring. Die funksie van die raad sal primêr die bepaling van rigting en strategie wees (70% van die tyd), terwyl begroting, personeel en bestuur ook aandag sal kry. Die raad sal meer gereeld vergader. Die voorsitter van die raad sal verkieslik 'n ouderling wees.

Daar sal dus baie diakens en ouderlinge in die bediening betrokke wees, wat nie op die kerkraad verkies word nie (*bedienings-ampte*). Daar kan egter ten minste twee keer per jaar saam met hulle vergader word om hulle deelname te verkry by sake soos jaarbeplanning, die jaarlikse begroting en om kommunikasie te bewerkstellig. Bedienings-ampte en bedienings word sodoende bemaatig om op hulle bedienings te konsentreer en dit binne hulle begroting uit te voer.

#### 4.2 Strategie-bediening

'n Klein span (soos die taakspan) word saamgestel wat voortdurend sal na tendense in die gemeenskap, tydsges en kerklike scenario kyk en wat die kerkraad met voorstelle oor visie, rigting, strategie en prosesse kan bedien.

#### 4.3 Dagbestuur en bedryfspan (as uitgebreide dagbestuur)

'n *Dagbestuur* bestaan uit die leraars, kerkraad-voorsitter, ouderling finansies en 'n ouderling/diaken wie se bediening geraak word en sal hoofsaaklik aan spoedeisende sake aandag gee. Die *bedryfspan*, as 'n *uitgebreide dagbestuur*, wat al die bedieninge onder BEDRYF insluit, kan kwartaalliks vergader.

## 5. FUNKSIES VAN AMPTE EN LEIERS

### 5.1 Bedienings-ouderlinge en –diakens

Hierdie is die ouderlinge en diakens wat op die kerkraad dien en daarom geld KO Artikel 15-17 vir hulle. Arnold Smit (Nuu gedink oor leierskap in gemeentes) sê dat leierskap veral as *begeleiding* verstaan kan word. Die perspektief hierbo dat begaafde lidmate die uitgangspunt van die bediening is, en dat mense as deel van sisteme en d.m.v. prosesse begelei moet word, kan as vertrekpunt gebruik word. Om te verstaan wat *begeleiding* is kan dit kortliks met die lewe van Moses verduidelik word.

#### ➤ **Presensie (By God en by mense teenwoordig)**

Moses se roeping is gebore uit sy ervaring met God by die braambos. Daarna moes hy op 'n nuwe manier na sy mense toe gaan om met hulle te identifiseer, naamlik om nou as hulle leier God by hulle te verteenwoordig. Hy moes dus by God en namens God by die mense teenwoordig wees.

\* Hoe kan jy 'n teenwoordigheid by God en mense toepas in jou bediening?

#### ➤ **Visionering (Begelei vanuit die opstanding)**

God het sy volk jammer gekry vanweë hulle onderdrukking en het vir hulle 'n nuwe toekoms voorberei – 'n nuwe land waar hulle Hom vry kon aanbid en gelukkig kon leef. Moses was die draer van hierdie visie, die een wat in die steengroewe waarin Israel gewerk het, 'n nuwe toekoms moes gaan aankondig. Hy moes ook tydens die woestyntog telkens hierdie visie lewendig hou – veral wanneer die volk na die vleispotte van Egipte verlang het.

\* Watter visie vir jou bediening het God in jou laat ontwikkel?

#### ➤ **Fasilitering (In pas met die visie)**

Moses was verplig om nuwe vaardighede aan te leer. Hy moes die volk tot die aanvaarding van die uittog ooreed. Hy moes met die farao gaan *onderhandel*. Hy moes die hele uittog oorsigtelik en in fyner besonderhede *organiseer*. Op pad ontvang hy die 10 gebooe waardeur hy die volk moes leer van nuwe beginsels vir hulle verhouding met God en mekaar. Hy moes die hele pad sorg dat die volk 'n geloofsgemeenskap bly waarin God *aanbid* is en die mense in *ouderlinge vrede* met mekaar moes lewe.

\* Watter vaardighede van fasilitering sal jy in jou bediening moet aanleer en toepas?

#### ➤ **Energering ('n Entoesiastiese span medewerkers)**

Die eksodus-gemeenskap was 'n slawegemeenskap wie se potensiaal in die steengroewe van Egipte onderdruk was. Op pad na die beloofde land het nuwe vryheid ook nuwe geleenthede beteken. Nuwe leierskap moes vir die regspraak en reëling van die volk se onderlinge verhoudinge gekweek word. Jetro, Moses se skoonpa het hom die beginsels van delegering, bemagtiging en priorisering geleer. Ander moes ook verantwoordelikheid dra om die volk te lei en te dien. Vakmanne moes vir die werk van die tabernakel ingespan word en ampsdraers moes vir die nuwe liturgiese prosesse van aanbidding en viering opgelei word.

\* Hoe kan jy mense energieer, inspireer en entoesiasties maak om hulle gawes uit te leef?

### **Praktiese riglyne**

#### • Bedieninge

Binne 'n bedieningsfokus kan verskeie bedienings spontaan of georganiseerd na vore kom. Die begeleiding van die leiers en die bedieninge en die onderlinge netwerk van bedienings is die bedieningsleier se taak.

#### • Byeenkomste

Die leier sal die bedienings in die netwerk en die bedieningsfokus as geheel begelei dat strategiese prosesse (doelwitte, planne, begrotings) deeglik gedoen kan word.

#### • Notules en Verslae

Baie dinamika in en deur bedienings sal natuurlik spontaan plaasvind sonder dat daarvan verslag gelewer word. Dis egter vir wel terugverwysing, opvolging en doelgerigte implementering nodig dat 'n bediening 'n lêer sal hou waarin notules bewaar word. Die bedieningsleier kan dan minstens kwartaalliks aan die kerkraad verslag doen van vordering en by groter sake aanbevelings doen vir besluitneming.

### 5.2 Kleingroep-ouderlinge

Die funksies en verantwoordelikhede van die kleingroep-ouderling sal afsonderlik meer omvattend beskryf word. Hy/sy sal iemand wees wat naby God leef en wat vanuit daardie verhouding sy groep begelei. Die kleingroepleier deel fasette van die verantwoordelikhede van die wyk-ouderling, naamlik die bou van 'n geloofsgemeenskap, geestelike sorg, kommunikasie en rentmeesterskap. Kennis van groepdinamika, soorte groepe, lewensfasies van groepe en die bestuur van konflik en kennis van die Woord is natuurlik belangrik. Verder is toerusting om sake soos verbintenis, vermenigvuldiging, gawe-benutting en leierskap in die groep te begelei, ook nodig.



### 5.3 Wyk-ouderlinge en dienswerkers

Dit spreek vanself dat die primêre roeping binne die wyke die versorging van lidmate is. In hierdie verband kan Eseg 34; Luk 4:18-19; 10:1-16; 22:24-27; Hand 6:1-7, 20:28-32; 1 Tim 3:1-7; Tit 1:5-9 en veral 1 Pet 5:1-4 as Bybelse uitgangspunte en toerusting bestudeer word. Daarby moet ons uitgangspunt hierbo (punt 1.1) in ag geneem word, naamlik dat alle lidmate begaafd is en verplig is om mekaar te bedien en te versorg (Rom 12:1-8).

Die volgende verantwoordelikhede van **ouderlinge en dienswerkers** kan as riglyne vir hulle werk dien:

➤ **Bou geloofsgemeenskap**

Die bou van liefdesbande deur lidmate te help om mekaar te leer ken, vir mekaar te bid, mekaar te dien en in die geloof op te bou is tog 'n natuurlike manier om as liggaam van Christus en huisgesin van God te leef. Die dienswerker/wyk-ouderling kan probeer om dit in sy/haar area op 'n kreatiewe manier te fasiliteer.

➤ **Geestelike sorg**

Belangstelling in die lief en leed van elke lidmaat en om lidmate in dié verband met God se sorg te verbind is die basiese verantwoordelikheid van die dienswerker/wyk-ouderling.

➤ **Kommunikasie**

Die wyk-ouderling is skakel tussen die gemeente en die lidmaat en ook andersom. Inligting vanaf vergaderings en die eredienste kan sodoende deurgegee word.

➤ **Rentmeesterskap**

Daar is slegs 3% dankoffers wat nog gekollekteer word. Lidmate dra dus by d.m.v. die internet, debietorders of koerverte. Die wyk-ouderling en dienswerker kan met lidmate oor die Bybelse beginsels van rentmeesterskap, wat tyd, gawes, en diens insluit, praat. (Vgl 2 Kron 29:10-19; Mal 3:8-12; Luk 21:1-4 en 2 Kor 8-9 as riglyne.)

#### **Praktiese riglyne**

Wyk-ouderlinge en dienswerkers kan die volgende as riglyne beskou vir die uitvoering van die taak:

• Data

Elke werker moet 'n lêer hou waarin die gegewens van elke lidmaat en besoekpunt aangeteken is. Nuwe intrekkers se besonderhede moet ingevul word en mense wat verhuis en bedank se gegewens moet gesuiwer en aan die kantoor deurgegee word. Elke jaar Januarie behoort 'n sensus van die area gedoen te word – dit beteken 'n suiwering van bestaande gegewens en deur-tot-deur besoeke in die wyk (laasgenoemde net binne ons gemeentegrense).

• Besoeke

Die dienswerkers moet probeer om minstens 4x per jaar 'n besoek by elke besoekpunt onder sy/haar sorg af te lê. Ouderlinge se taak is dan om die dienswerkers in sy wyk op dieselfde basis te besoek.

• Byeenkomste

As die bou van 'n geloofsgemeenskap ons primêre doel is, dan volg dit dat ouderlinge en dienswerkers veral moet probeer om kleingroepe (selgroepe) te stig. Daarby kan hulle tog probeer om 1-4 x p.j. een of ander byeenkoms vir die wyk as geheel te reël. Die groep kan self kreatief oor die formaat besin.

• Diens by die kerk

Wyk-ouderlinge kan steeds op vrywillige basis behulpsaam wees by die eredienste, soos by nagmaal en deurdienste. Dit kan lekker samewerking bewerk as die wyk by geleenthede soos Pinkster of basaar saam inval en help. By 'n begrafnis van iemand uit die wyk kan die begrafnisbediening of die gesin ondersteun word.

### 5.4 Erediens- en bedienings-diakens

Daar is reeds genoem dat diakens losgemaak word van wykbediening. Diakens was wel 'n diensgroep in die vroeë kerk, maar die verantwoordelikhede van die diensgroep is geensins beskryf nie. Miskien sou mens wel as voorlopers van die diakens kon dink aan die priesters in die Ou Testament (Eks 29e.v., Levitikus 7:28-10:20, Num 3-4,18). Christus het leierskap veral as diakonia / diens verstaan (Mat 20:25-28). Diens was om vir arm weduwees en weeskinders te sorg (Hand 6:1-7). Die vereistes vir die persoon van 'n diaken word in 1 Tim 3:8-13 uiteengesit. Die kerkorde sê: *“Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef.”*

Die diakens kan hier in ons gemeente veral betrokke wees by die erediens. Die diens by die nagmaal en die kollektering van dankoffers word dan veral hulle dienswerk. Bedienings soos *Aksie Samaritaan* en die *Omgeebediening* kan as verdere uitvloeiels van daardie dienswerk gesien word.

## 5.5 Leraars

Waar pas die leraars nou in hierdie prentjie in? Hulle eerste verantwoordelikheid is om tyd voor God te spandeer. Daaruit vloei die prioriteit van voorbereiding vir eredienste. Leraars is betrokke by die omvattende bediening soos hierbo uiteengesit. Die begeleiding van bedieninge en leiers en toerusting vir dienswerk is sodoende 'n verdere prioriteit. Die gemeente moet pastoraal versorg word en lidmate moet hierin allereers vir mekaar verantwoordelikheid neem (1 Kor 12:25b-26), terwyl wykwerkers en selleiers daarvoor afgesonder word. Predikante se pastorale sorg kan gedoen word op 'n basis van vrye assosiasie, vanuit hulle betrokkenheid by bedieninge en op aanvraag vanuit die area waaraan hulle gekoppel is.

Die uitgangspunt is dat die leraars nie bedieningsleiers is nie, maar aan sekere bedieninge gekoppel word om die bediening te begelei, d.w.s. hulle is bedieningsbegeleiers of prosesbegeleiers. Dit beteken dat elke bediening lidmate as leiers van die bediening het wat deur die leraar begelei word.

Die leraars kom ooreen dat hulle gawes, passie, opleiding, ervaring en die bedieningsbehoefte van die gemeente die riglyne moet vorm vir hulle werkindeling. Die leraars se passie lê veral by die volgende:

- |                                  |                                   |                           |
|----------------------------------|-----------------------------------|---------------------------|
| → <u>Siegfried</u>               | → <u>Gerhard</u>                  | → <u>Gerrie</u>           |
| - Kuns, musiek, sang (erediens)  | - Buitekerklike jong volwassenes  | - Strategiese prosesse    |
| - Terapie en berading            | - Multikulturele kontak (uitreik) | - Verhoudingsbou (groepe) |
| (ook ondersteuningsgroepe)       | - Lering (prediking)              | - Lering (toerusting)     |
| - Jeugwerk (kleuter – hoërskool) | - Sisteem-ontwerp                 | - Pastorale sorg          |

Daar moet in ag geneem word dat al die leraars by sekere bedienings 'n unieke bydrae kan lewer en dat daar by sekere bedienings oorvleueling en samewerking kan plaasvind. By eredienste kan Siegfried byvoorbeeld veral m.b.t. sang, musiek en kunste, Gerhard m.b.t. navorsing vir preektemas en Gerrie m.b.t. kommunikasie oor prosesse 'n bydrae lewer. By toerusting kan elke leraar op sy eie terrein en belangstelling 'n bydrae lewer; by jeug en gesinne kan Siegfried die bediening lei, maar Gerhard 'n bydrae lewer m.b.t. jong volwassenes en ouerbegeleiding. Die leraars sal toesien dat hulle wel kontak met bedieninge behou en dat hulle veral alle leiers sal begelei. Die leraars is opgewonde dat hulle gawes baie aanvullend tot mekaar aangewend kan word.

→ 'n Soortgelyke proses van verbintenis tot diens in die gemeente sal met ander personeel en bedieningsleiers geloop word.

## 6 AANBEVELINGS

### 6.1 Bedieningsmodel:

Die kerkraad keur die bedieningsmodel, soos hierbo uiteengesit, goed.

### 6.2 Kerkordelike implementering:

Die kerkorde vra dat die oorgang na die kleiner kerkraad soos volg hanteer sal word:

- Die huidige kerkraad bedank

Kerkraadslede teken 'n brief waarin hulle kennis gee van hulle bedanking as kerkraad-ouderlinge of –diakens op 28 Januarie 2007, wanneer die nuwe kerkraad bevestig word.

- Nuwe kerkraad-ampte word verkies

'n Lys van bedieningsleiers word voorgelê en sodoende as kerkraads-ampte genomineer en verkies.

- Nuwe bedienings-ampte word verkies

Verdere lys van bedienings-ampte as nominasie van ouderlinge en diakens word voorgelê, naamlik:

- Kleingroep-ouderlinge
  - Wyk-ouderlinge
  - Erediens-diakens
  - Bedieningsleiers (bv. van strategie en bedryf)
- Die bedieningsampte moet telkens by die bedieningsvergaderings genomineer en aan die kerkraad voorgelê word.

### 6.3 Bevestiging:


Die nuwe kerkraad-ampte en bedienings-ampte word almal op Sondag 28 Januarie 2007 bevestig.

### 6.4 Volgende vergadering:


Die eerste groot gesamentlike byeenkoms/vergadering van al die ampte (kerkraad-ampte en bedienings-ampte) sal DV op Maandag 29 Januarie 2007 plaasvind.

# Bedieningsfokusse – NG Mosselbaai

November 2006



Nuwe lidmate



**Gemeenskap**

## Bylaag 6

### NG ROODEKRANS BEDIENINGSNETWERK

2003...

*'n Proses van byna 2 jaar (Sep '01 - Jul '03) se besinning en strategiese beplanning, ook met die insette van Dr Arnold Smit as konsultant, le agter ons. Dit het gelei tot konteksanalise, gemeenteanalise en daaruit die opstel van 'n nuwe visie en missie, deeglike besinning oor leierskap wat die toekenning van nuwe mandate aan die leraars en die aanwys van 'n leierleraar behels het en dan ook die opstel van 'n nuwe bedieningsmodel. wat ons 'n bedieningsnetwerk noem.*

#### **VISIE**

ROODEKRANS DEEL LEWE

Jh.4:14;7:38

#### **CREDO:**

Ons glo

In een *le wende* God,

Die Vader van wie ons almal die *lewe* ontvang, Die  
Seun wat deur *Sy lewe* die *nuwe lewe* moontlik maak,

Die Heilige Gees wat die *nuwe lewe* in ons sigbaar  
maak.

#### **MISSIE:**

ROODEKRANS DEEL LEWE DEUR:

- >- *aanbiddend voor God te leef*
- >- *groeï in geloof te bevorder*
- >- *in liefdevolle verhoudings met mekaar te leef*
- >- *met woord en daad na ander uit te reik*

#### **W AARDES:**

IN ROODEKRANS REG ONS DIE GROOTSTE W AARDE AAN:

1. Prediking en woordbediening wat suiwer, dinamies en toepaslik is vir vandag
2. Dinarniese eredienste wat verskeie behoeftes en spiritualiteite akkommodeer
3. 'n Biddende lewenswyse met gebed-, lofprysing- en aanbiddingsgeleenthede
4. Geestelike groei en ontwikkeling van spiritualiteit van lidmate
5. Geloofsbegeleiding van die jeug tot Woordkennis, geloofsgroei en geloofsgemeenskap
6. Die prioriteit van gesinne en daarom ook die ontwikkeling van 'n gesinsbediening
7. Ondersteunende verhoudinge en netwerke waar ons vir mense omgee en sorg
8. Ware gemeenskap van geloof deur vir mense 'n tuiste in groeïgroepe te vind
9. Die ontwikkeling van lidmate se gawes tot diens in verskeie bedieninge
10. Uitreik na die gemeenskap en wereld
11. Doeltreffende operasionele bedryf om die bedienings te ondersteun

#### **BOUSTENE VIR ONS BEDIENINGS NETWERK**

1. **BEDIENINGS:** Dit is die werk van gelowiges en groepe gelowiges in diens van die Here. Die karakter van kerklike prosesse en strukture is diens aan God, mekaar en alle mense. Daarom kies ons om van bedienings as die kanalestrukture te praat. Die aflewering skaole

ofbedieningstrukture is vir die missie belangrik, maar met so min as moontlik voorskrytelikheid.

**2. NETWERK:** Dit verwys veral na die verhoudingselement wat op alle vlakke van die sisteem funksioneer sodat spanwerk en koördineringsreëls van die spel is. Dit verwys meer na die manier as die struktuur, meer na die prosesse as die vaste vorme, meer na verhoudings as organisasie vir die bediening. Verdere beginsels van netwerke is dat hulle lidmate en leiers energieer, toerus, bemagtig en verantwoordbaar maak. Daar sal ook 'n groot verskeidenheid netwerke wees wat gedentraliseer funksioneer.

**3. NETWERKSTRUKTURE:** Dis kanale waardeur die netwerk van bediening vloei:

∴ Groepe en groepleiers: Die lewe en bediening van die gemeente berus op groepe gelowiges wat saamleef en saamwerk. Vrywillige assosiasie in groepe van verskillende soorte soos vir gesinne, belange, bybelstudie of dienswerk is die basis waarop groepe saamgestel word, alhoewel roeping en toewysing vir diens ook 'n rol speel vir diensgroepe. Goeie verbodings, samewerking in en tussen groepe en spanwerk is deel van die netwerk. Aanbidding, geloofsgroei, verhoudings en uitreik is elemente van alle groepe, met meerdere of mindere klem

Groepleiers Deem die leiding in die groepe

∴ Bedieningsfokusse en netwerkleiers: Ons hoogste waardes het 9 fokusareas in ons bediening aangetoon. Die energering, bemagtiging, koördinerings en samewerking van groepe wat veral aan hierdie fokusarea werk, word deur 'n netwerkleier gedoen. Dit staan teenoor 'n formele struktuur van vergaderings, verslae en kontrole.

∴ Gespreksforums en werkswinkels: Groepe en netwerkleiers kan gespreksforums en werkswinkels benut as maniere vir beplanning, toerusting en belyning van bedienings.

**4. PLAT STRUKTUUR:** Teenoor 'n diep, hierargiese struktuur, word funksionering op gelyke basis, sonder onnodige kontrole en beheer bevorder. Gesag setel nie in strukture en posisies nie, maar word op verhoudings gebaseer.

**5. STRATEGIES EN OPERASIONEEL:** Onderskei bedienings wat direk die bevordering van die missie, visie en waardes (strategies) dien en die wat ondersteunend daartoe is (operasioneel/bedryf).

## **6. NOG ELEMENTE VAN DIE BEDIENINGSNETWERK:**

Spontaneïteit: Bedienings ontstaan spontaan vanweë die behoefte daarvoor of vanweë die visie van lidmate of leiers.

Buigsaamheid: Baie ruimte word gegee vir die unieke ontstaan, samestelling en funksionering van bedienings, solank dit in lyn met die gemeentevisie is.

Besluitneming: Besluite word in groepe en bedieningsfokusse geneem. Sake wat die gemeente as geheel raak, word na die gemeenteraad vir besluitneming verwys.

Doeltreffende deelnemende besluitneming moet voortdurend bevorder word.

## **7. DIE BASIS VAN DIE BEDIENINGNETWERK:**

∴ Gawegeorieënteerd: Die basis vir bediening lê in die gawes van lidmate wat in diens van die gemeente en gemeenskap beoefen moet word en nie in ampte en amptelike pligte (wykstelsel) nie

∴ Lidmaatskap: Gebaseer op verbintenis, verhoudings, vrye assosiasie en diens en nie slegs op formele lidmaatskap en geografiese begrensing in wyke nie.

## **8. LEIERSKAP;**

∴ Groepleiers en netwerkleiers: Soos hierbo (by 3) genoem moet leiers die beginsels van netwerke nastreef en begelei hulle saam met die groep die bediening, teenoor kommissies en vergaderings as formele strukture soos in die verlede.

∴ Leraars: Hulle word aangewend volgens hulle gawes, passie en persoonlikheid en ook volgens die behoeftes in die gemeente. Hulle is nie bedieningsleiers nie. Hulle skuif van 'n hoofsaaklike bediening van versorging, gekoppel aan wyke, na 'n bediening van bemagtiging.

**9. GEMEENTERAAD:** 'n Skuif van 'n verteenwoordigende na 'n rigtinggewende raad. Die raad se mandate sal hoofsaaklik visionering, strategiese beplanning, personeelsake en begroting wees.

**10. VISIE EN MISSIE:** *Roodekrans deel lewe* en ons missiestellings verskaf die rigting waarin die bedienings beweeg

## **ROLLE EN INTERAKSIES IN ONS BEDIENINGSNETWERK**

Die uitgangspunt was om die rolle en interaksies van die netwerkstrukture duideliker uit te klaar, ook ter wille van die doel om dit uiteindelik te kan bemark.

### **1. Groep en groepleiers**

#### » Groepe

- ∴ Groepe in die gemeente kan as groeigroepe beskou word omdat die basis daarvan gemeenskap van geloof is en minimum vereistes soos dat die groep mekaar ondersteun, saam bid, die Woord deel, saam diens doen en gereeld bymekaarkom, deel van groepe (ook groepe vir dienswerk en selfs die gemeenteraad) kan wees. Kleingroepe bestaan gewoonlik uit sowat 12 lede, maar daar kan ook sekondere groepe wees wat groter is en dan die erediens, 'n tersiere groep, as die grootste groep
- ∴ Groepe bestaan dus uit verskeie soorte soos vir gesinne, wyke, bybelstudie, belange en die Vrywillige assosiasie is die basis van inskakeling van die meeste groepe
- ∴ Diensgroepe word ook saamgestel uit mense wat vrywillig assosieer of saamkom vir diens, maar kan ook op grond van die visie van leiers bymekaar geroep word.
- ∴ Groepe werk saam, koördineer of netwerk met ander groepe en veral met groepe in dieselfde bedieningsfokus

#### » Groepleiers

- ∴ Die groepleier neem leiding in die groep
- ∴ Sy/haar primere taak is visionering en begeleiding van die groep
- ∴ Die groepleier is verantwoordbaar vir spesifieke dienswerk van 'n diensgroep.
- ∴ Die groepleier werk voortdurend aan ontwikkeling van ander leiers in die span.
- ∴ Hy/sy koördineer/netwerk met ander groepleiers en netwerkleiers.
- ∴ Hy/sy sorg dat die groep se diens belyn is met die visie van die gemeente

### **2. Bedieningsfokus en netwerkleiers**

#### Bedieningsfokusse

- ∴ Die bedieningsfokusse verteenwoordig die missies en hoogste waardes in die gemeente.
- ∴ Elke bedieningsfokus moet strategies beplan om daardie fokus uit te bou.
- ∴ Die koördinasie tussen verskiUende diensgroepe wat met 'n bedieningsfokus te doen het, ander groepe en tussen verskillende bedieningsfokusse, kan deur middel van gespreksforums en werkswinkels bewerkstellig word.

#### Netwerkleier

- ∴ Hy/sy moet die visie vir 'n bedieningsfokus uitbou.
- ∴ Hy moet toesien dat die bedieningsfokus belyn is met die gemeentevisie.
- ∴ Hy moet voortdurend werk aan die begeleiding en ontwikkeling van groepleiers
- ∴ Hy werk aan die energering, bemagtiging, koördinasie en same werking van groepe
- ∴ Aanwysing: Hy/sy kan vanuit die bedieningsfokus en samewerkende groepe na vore kom, maar kan ook deur die leierskap geldentifiseer en aangewys word.



### 3. OPERASIONELE BEDRYF EN BEDRYFSLEIER

~ Operasionele bedryf

- ∴ Goeie administrasie
- ∴ Goeie infrastruktuur en fasiliteite
- ∴ Rentmeestersleap as verantwoordelikheid van aile lidmate en bestuur van gawes en fondse ∴ Maksimale aanwending van Personeel
- ∴ Bemarking en kommunikasie

~ Bedryfsleier en netwerkleier

- ∴ Die rolle van die netwerkleier hierbo is ook van toepassing
- ∴ Koördinasie tussen groepe, oetwerkleiers, leraars en gemeenteraad veral met betrekking tot operasionele sake
- ∴ Verantwoordbaar met betrekkiog tot die bedryf van die gemeente
- ∴ Sitting op die gemeenteraad

### 4. LERAARSPAN EN LERAARS

~ Leraarspan

- ∴ Beginsels vir groepe geld ook vir die leraarspan as uitgangspunt
- ∴ Agenda meer teologies as bestuur
- ∴ Wedersydse aanmoediging en evaluering met betrekking tot Bedieningsfokusse
- ∴ Koördiasie as span en gesamentlike bydrae tot totale bediening.
- ∴ Leierleraar is die skakel tussen gebeelbedieniog, gemeenteraad en leraars. Kommunikasie en deelnemende besluitneming is belangrik.
- ∴ Insluiting van gesinne soos relevant

~ Leraars

- ∴ Profiel (gawes, passie en persoonlikheid) en die behoeftes van die gemeente moet gebalanseer word.

∴ Gerig vanuit die visie: (Jh 10: 10 ensovoorts en 1 Kor 3: 1)

Die leraars se unieke bydrae vind veral daarin uitdrukking dat hulle naby God leef as die bron van LEWE vir hulleself, hul bediening en vir die gemeente. Die leraars moet in hulle harte (Bybelse verstaan en lewe voor God) en hande (bedienings) die visie, "Roodekrans deel lewe", voorleef en help uitleef en so die gemeente hou by die gebeim van sy bestaan. Die visie: *Roodekrans deellewe* gee die rigting waarin al die leraars se bedienings beweeg. Dit is ook vanuit die Woord en visie dat bulle teologiese insette moot lewer. Hier lewer hulle as span en individueel dus ook 'n bydrae tot die visie en strategie van die gemeente as geheel.

Aanwending met betrekking tot bedieningsfokusse (Hd 13:1-

3)

- ./ Skuif van hoofsaaklik 'n bediening van versorging gekoppel aan wyke, na 'n bediening van bemagtiging vir bedienings. Dit sluit in dat hulle by lidmate, leiers en bedienings teenwoordig is (presensie), visioneer, engeer en fasiliteer. Dit sluit dus ook begeleiding van strategiese prosesse by die bediening in.
- ./ Hulle is nie bedieningsleiers nie, maar lewer insette tot bedienings wat bemagtiging - dit wil se visionering, toerusting, ontwikkeling en ondersteuning insluit. Navorsing, prosesbegeleiding en betrokkenheid by byeenkomste vorm deel van hulle bydrae.
- ./ Hulle belê dus veral in die ontwikkeling van leiers
- ./ Hulle sorg vir belyning van bedienings met die gemeentevisie en missie
- ./ Hulle kan ook begeleiding verskaf met betrekking tot die oorgange van lidmaatinskakeling

Pastorale sorg:

- ./ Lidmate se onderlinge sorg vir mekaar as gelowiges en versorging in groepe
- vorm die basis vir lidmaatVersorging (*gelyke sorg vir mekaar dra...IKor*)

12:25b-26

- / Pastorale versorging deur leraars berus op vrye assosiasie, lidmate kan kies wie hulle wil nader vir pastorale sorg
- / Leraars sal pastoraal primêr in hulle bedieningsaanwending betrokke wees.
- / Geografiese toewysing van leraars sal net as ondersteuning dien waar lidmate nie deur bogenoemde ondervang word nie.

Prediking in lyn met hulle gawes en hulle bedieningsaanwending

Leraarsmandate: Bogenoemde vorm die uitgangspunte vir die mandate van elke leraar. Slegs die spesialisasie of bedieningsfokus van elke leraar kan hierby gevoeg word. Verdere uitgangspunte is:

- / Mandate in plaas van pligtestate en mandate gebou op bedieningsfokusse
- / Dit vorm eerder 'n vertrekpunt as eindpunt
- / Die mandate vorm die raamwerk vir evaluering en ontwikkeling in plaas van prestasie-meting.

Die volgende spesialisasie as mandate word aan die leraars toegeken:

- o Ds Gerrie van Deventer: Leierleraar - mandate deur kerkraad toegeken op 16 September: Bedieningsfokus :=: lidmaatbegeleiding
- o D.~ Roelof Minnaar: Bedieningsfokus :=: gesinne
- o Ds Manie Botha: Bedieningsfokus:=: jeug

## 5. GEMEENTERAAD

Visionering, strategiese beplanning en rigtinggewing ∴ Personeelsake

- ∴ Begroting
- ∴ Verantwoordbaarheid vir die gemeente as geheel

Samestelling

- ∴ Ampshalwe: Leierleraar + bedryfsleier (netwerkleier vir bedryf) en diaken vir finansies
- ∴ Nege lede met kundigheid van strategiese beplanning en wat die gemeente rigtinggewend lean lei.
- ∴ Die gemeenteraad kan te enige tyd netwerkleiers vra om hulle byeenkomste by te woon en mag ook nuwe lede tot die gemeenteraad koopteer. Daar sal ook wees - soos gereelde gespreksforums - gevind moet word om in kontak met die netwerkleiers te bly. Die opstel van die begroting veronderstel samewerking van die gemeenteraad en die netwerkleiers.

∴ Leraars

Die uitgangspunt is dat die ander leraars nie die vergaderings van die gemeenteraad hoef by te woon nie. Hulle word losgemaak om hulle aandag aan hulle bedieningsfokusse te wy. Hulle lewer wel hulle bydrae tot die strategiese proses deur middel van die leraarspan (A-team) en op allerlei ander punte soos by die bedieningsfokusse en by werkwinkels en gespreksforums.

Kerkordelik is dit net op twee maniere moontlik:

/ Kerkorde 1998 (Die kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diaken.~ )

Die leraars se betrokkenheid en bydrae tot die gemeenteraad kan soos volg wees:

- o Die leraarspan vorm 'n groep wat deur die leierleraar hulle gesamentlike insette tot die gemeenteraad lewer.
- o Leraars woon op uitnodiging vergaderings by wanneer hulle bedieningsfokus intensief bespreek word.
- o Leraars woon vergaderings by waar groot besluite oor personeel en begroting geneem word

Kerkorde 2002 (Die kerkraad bestaan uit bedienaars van die Woord asook ouderlinge en diaken.~ wat as kerkraadslede verkies is. Daar kan ook bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens wees wat nie in die kerkraad dien nie)

∴ Voorsitter

Die uitgangspunt is dat die nuwe gemeenteraad hulle eie voorsitter aanwys. Die werkgroep beveel eger aan dat die leierleraar vir die eerste 6 maande as voorsitter sal dien. Die redes daarvoor is dat daar eers 'n kultuur vir die gemeenteraad gevestig moet word en dit nie non

al duidelik is wie die lede van die gemeenteraad sal wees nie.

Verkiesing

∴ Gemeente en kerkraad: Die gemeente kan lede nomineer en die kerkraad verkies.

## Bylaag 7

### Lys van leierleraars - 2005

Die lys van leierleraars hieronder is saamgestel na byeenkomste van leierleraars in September 2004 te Lama Lama wildsplaas naby Pretoria en in April 2005 te Zikomo in die Strand. Die lys is Die volledig nie, maar gee wel 'n aanduiding van gemeentes in die NG Kerk wat reeds leierleraars aangewys het. Daar is hierbo in hoofstuk twee aandag gegee aan inhoude van gesprekke in hierdie groep.

Naam	Gemeente	Werk nr.	Huis tel	Sel m.	E-pos
Gerrie van Deventer	Roodekrans	011 768 1398	011 764 3586	083 453 6896	l aerrievd (c webmail.co.za
Herman Brevtenbach	Kruaersdorp Oos	011 955 4667	011 9553226	0828833612	hbrevtenl i 1>lantic.net
Pieter vd Walt	Paarl	021 8724112	021 872 2167	082 839 1076	winnerd m new.co.za
Hennie du Pisanie	Kuilsrivier-Suid		021 903 4361	082 968 2062	hennie@suidkerk.ora.za
Anton Fick	Pierre v Rvneveld	012662 1708	0126621490	083 967 2275	lntor1@lwr .co.za
Theo Marais	Constantiakruin	011 4751440	011 679 3655	082 570 0769	theomnak@iafrica.com
Jannie Swart	Fontainebleau	011 7966800	011 791 6897	083 301 8730	I ianniesla>iafrica.com
Andre van Niekerk	Skuilkrans		012 803 8945	082 807 4528	anvanla>absamail.co.za
Hannes Theron	Helderberg	021 851 5582		083 375 8443	hannesla>nahelder .co .za
Danie van Tonder	Pellissier (Bfn)		051 4424917	083411 6966	'avula>mweb.co.za
Willie Coetzee	Pioniers Park (WHK)	09264 64 243434	09264 812 565389		whir..la>iwav.na
Marius Nel	Doornpoot		0125471041	083 973 1428	m arius-nella> lantic. net
Quintus Smit	Lvnnwood			1082821 8094	acmlla>mweb.co.za
Lourens Bosman	Garsfonteinpark		0129989433	082 839 8841	lbosmanla>aarscark.ora .za
Ferdie Clasen	Tvgerpoort		012 807 0535	082 379 2458	fclasen@natvaerPOort.ora.za
Leon Westhof	Elarduspark	012 3451144			leonwesthof@naelarduscark.ora.z a

## BRONNELYS:

- Adair, John 2003. *The inspirational leader*. London 120 Penstonville Road: N1Kogan Page Limited.
- Adam, AKM 1995. *What is postmodern Biblical Criticism?* Minneapolis: Fortress.
- Arbuckle, GA 1991. *Grieving for change*. London: Geoffrey Chapman.
- 1993. *Refounding the church*. London: Geoffrey Chapman.
- Argyris, C 1990. *Integrating the Individual and the Organization*. New Brunswick: Transaction Publishers.
- Ashton, J 2000. *The religion of Paul the apostle*. London: Yale University Press.
- Baigent, M 2006. *The Jesus papers*. London: Harper Element.
- Barker, JA 1992. *Future Edge: Discovering the New Paradigms of Success*. New York: William Morrow and Co.
- Barna, G 1997. *Leaders on Leadership*. Ventura California: Regal Books.
- 2005. *Revolution*. Wheaton: Tyndale.
- Barnard, M & Oskamp & Schurman 1998. *De weg van de liturgie. Tradisies, Achtergronden praktijk*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.
- Barnard, M & Heitink, G & Leene, H 2004. *Letter en Feest*. In gesprek met Niek Schurman over bijbel en liturgie. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.
- Barnard, M 2006. *Liturgie voorbij de Liturgische Beweging. Over Praise and Worship, Thomasvieringen, kerkdiensten in migrantenkerken en ritualiteit op het internet*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.
- Barth, K 1933. *The epistle to the Romans*. Oxford University Press.
- Bass, BM 1990. *Bass & Stogdill's handbook of leadership*. Theory, research and managerial applications, third edition. New York: The Free Press, London: Collier Macmillan Publishers.
- Bauernfeind, O 1964. sv 'Machomai,' in Kittel & Friedrich (eds), *Theological Dictionary of the New Testament, Vol 1*. Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans Publishing Company.
- Bauknight, Brian K 1996. *Body Building*. Creating a Ministry Team Through Spiritual Gifts. Nashville: Abingdon Press.

- Bax, Douglas 1976. *Human Relations and the South African Scene in the light of Scripture*.
- Bennis, W & Nanus B 1985. *The Strategies for Taking Charge*. New York: Harper & Row.
- Bennis, Warren G & Townsend, Robert 2005. *Reinventing Leadership*. 10 East street New York: Harper Collins Publishers.
- Berkelbach van der Sprenkel, FHJ 1964. *Het evangelie van Lukas*. 'Sgraverhage: Boekencentrum N.V.
- Berkhouwer, GC & Toornvliet G 1949. *Het dogma der Kerk*. Groningen: Jan Haan N.V.
- Berkley, James D 1992. *Leadership handbooks of Practical Theology Vol 1*. Grand Rapids: Michigan Baker Book House.
- Birch, BC 1999. *A Theological introduction to the Old Testament* Nashville: Abingdon.
- Blackaby, H 2001. *Geestelike leierskap- 'n deur wat ander beweeg om te volg*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
- Boesak, Allen 1987. *Black and Reformed: If This is Treason, I am Guilty*. Michigan: Eerdmans Grand Rapids.
- Bolkestein, MH 1963. *De brieven van Petrus en Judas*. G.F. Callenbach: N.V. Uitgever, Nijkerk.
- Bondi, Richard 1989. *Leading God's People. Ethics for the Practice of Ministry*. Nashville: Abingdon Press.
- Boon, R 1970. *Op zoek naar de identiteit van de Kerk*. G.F. Callenbach: N.V. Uitgeverij Nijkerk.
- Bosch, DJ 1988. *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*. Maryknoll New York: Orbis Books.
- Botha, GP 2001. *Kreatiwiteitsfasilitering as deel van 'n praktykgerigte kurrikulum vir die opleiding van predikante*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Bourke, MM 1968. Reflectiuons on church order in the New Testament. *The Catholic Biblical Quarterly*, v 30, 493-511.
- Brink, AP 2005. *Bidsprinkaan*. Kaapstad: Human en Rosseau Uitgewers, Heerengracht 40.



- Brown, RE 1981. New Testament background for the concept of the local church. *Catholic Theological Society of America Proceedings* 36, 1-14.
- Burger, C 1995. *Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleentheid in 'n oorgangstyd*. Kaapstad: Lux Verbi.
- 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees*. Kaapstad: Buvton in samewerking met Lux Verbi.
- 2004a en b. *Die Predikantsamp*. Deel 5: Kan die drie-ampteleer ons help om 'n Bybelse fokus aan die predikantsamp te gee? *NGTT* 45 (3&4, Sept en Des), 529-537, 538-548.
- 2005. *Ontmoetings met die lewende God – Hoe God ons roep, nuut maak en stuur*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Burtchaell, JT 1992. *From synagogue to church*. Public services and offices in the earliest Christian communities. Cambridge: Cambridge University Press.
- Callahan, Kennon L, 1990. *Effective Church Leadership. Building on the twelve Keys*. San Fransisco: Harper & Row Publishers.
- Campbell, GB & Reiersen S 1981. *The gift of administration*. Theological bases for ministry. Philadelphia: The Westminster Press.
- Carretto, Carlo 1974. *The God who comes*. Maryknoll, NY: Orbis Books.
- Carroll, JW & Wilson, RL 1980. *Too many Pastors? The clergy job market*. New York: Pilgrims Press.
- Carrol, JW & McKinney, W 1986. *Handbook for congregational studies*. Nashville: Abingdon Press.
- Chan, KK 1984. The organization of the caritative ministry in the early church. *East Asia Journal of Theology* 2, 103-115.
- Cilliers, J 1998. *Die uitwysing van God op die kansel*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Cilliers, JH 2007. Preaching as language of hope in a context of HIV and AIDS, in *Preaching as language of hope* (C.J.A. Vos, Lucy L. Hogan and Johan H. Cilliers eds.) Pretoria: Proteaboekhuis.
- Clinton, JR 1988. *The making of a leader. Recognizing the lessons and stages of leadership development*. Naspress.
- Coertzen, P 1995. *Ampte in die Kerk*. Gedagtes oor die aard van die Ampte in die kerk. *NGTT*,3, 343-352.
- Collins, JN 1990. *Diakonia: re-interpreting the ancient sources*. Oxford: Oxford University Press.

- Collins, J 2001. *Good to Great. Why some companies make the leap and others don't*. New York: Harper Collins Publishers.
- Conniry, CJ 1994. *Identifying apostolic Christianity: A synthesis of viewpoints*. Journal of the evangelical theological society. 37/2. 257-261.
- Conger, Marian 1985. *Women in Parish Ministry: Stress and Support*. Washington D.C: Alban Institute.
- Covey, SR 1989. *The 7 Habits of Highly Effective People*. New York: Simon & Schuster.
- Culpepper, RA 1981. *The Biblical basis for ordination*. Review and Expositor 78, 4, 471-484.
- Cussons, S 1988. *Omtoorvuur*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Klerk, W 1998. *Die vreemde God en sy mense*. Kaapstad: Human en Rossouw.
- 2000. *Afrikaners: Kroes kras kordaat*. Kaapstad: Human en Rossouw.
- De Roest, H 2006. (2de druk) *En de wind steekt op! Kleine ecclesiologie van de hoop*. Zoetermeer: Meinema.
- Dewayne Davenport, D1978. *The Bible says grow: Church growth*. Williamstown, WV Church Growth. Evangelism Seminar.
- Dikeni, Sandile 2003, 12 Desember, *Thisday*, Page 6.
- Donfried, KP 1992. *Ministry-reality or myth? Rethinking the term Diakonia*. Dialog v31, 121-128.
- Doohan, H 1983. *Paul and leadership: An analysis of the person, the situation, the interaction in the early church*. Dissertation in partial fulfillment of the requirements for the degree of Doctor of education. Gonzaga University.
- D'Souza, Antony A 2001. *Leaders for today, hope for Tomorrow: Empowering and USA empowered leadership*. Nairobi Kenya: Paulines Publications Africa.
- Dudley, CS 1978. *Making the small church effective*. Nashville: Abingdon Press.
- Dunn, JDG 1998. *The theology of Paul the apostle*. Grand Rapids/Cambridge: William B Eerdmans Publishing Company.
- Du Rand, JA 1988. Charisma en amp – 'n Pauliniese eksegetiese verkenning, in Rossouw, PJ (red), *Gereformeerde ampsbediening*, 75-94. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Durand, J 2002. *Ontluisterde wêreld. Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende*

*Suid-Afrika*. Kaapstad: Lux Verbi.

- Du Toit, Ben 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF-Uitgewers.
- Du Toit, ZB 1999. *Die Nuwe Toekoms. 'n Perspektief op die Afrikaner by die eeuwisseling*. Goodwood, Wes-Kaap: NBD Drukkerystraat.
- Easum, B 2000. *Leadership on the other side*. Nashville: Abingdon Press.
- Elliot, RH 1982. *Church growth that counts*. Valley Forge: Judson Press.
- Fitzmeyer, JA 1993. *Romans. A new translation with introduction and commentary*. New York: Doubleday.
- Fraser, R 1985. Office of deacon. *Presbyterian* 11, 1, 13-19.
- Friedrich, G 1985. sv 'Euangelistes,' in Kittel & Friedrich (eds), *Theological dictionary of the New Testament*. Grand Rapids: William B Eerdmans Publishing Company.
- Fung, RYK 1980. *Charismatic versus organized ministry? An examination of an alleged antithesis*. The Evangelical Quarterly 52, 4, 195-214.
- Gaddy, C. Weldon 1991. *A soul Under Siege*. Louisville: Westminster/John Knox Press.
- Gager, JG 2000. *Reinventing Paul*. Oxford: Oxford University Press.
- Garnsey, P & Saller R 1997. Patronal power relations, in Horsley, RA (ed) *Paul and empire. Religion and power in Roman imperial society*. Harrisburg: PA Trinity Press.
- Geldenhuis, FE O'B 1951. *Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode onder die Gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die Gefedereerde Ned. Ger. Kerke in Suid-Afrika*. Pretoria: Van Schaik.
- George, CF 1992. *Prepare your church for the future*. Flemming H Revell.
- Gibbs, E 1981. *I believe in church growth*. Hodder & Stoughton.
- Giddens, A 1994. *Living in a Post-Traditional Society*. Stanford University Press.
- Giliomee, H 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Heerengracht 40.
- Gispens, WH (Red) 1975. *Bybelse Ensiklopedie*. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.

- Goldsmith, M ea.2003. *Global Leadership*. Prentice Hall.
- Goleman, D & Boyatis, R & McKee, A 2002. *Primal Leadership: Realizing the Power of Emotional Intelligence*. Boston: Harvard Business School Press.
- Gordon, TD 1994. 'Equipping' ministry in Ephesians 4? *Journal of the evangelical Theological Society*, 37/1, 69-78.
- Green, H 1996. 'n *Prakties-teologiese ondersoek na die rol van die leraar as leier in die gemeente*. Ongepubliseerde DD proefskrif. Universiteit van Pretoria.
- Greenleaf, Robert K 1977. *Servant Leadership: a Journey into the Nature of Legitimate Power and Greatness*. New York: Paulist Press.
- Greenleaf, Robert K & Spears, Larry C & Covey, Steven R 2002. *Servant Leadership: A Journey into the Nature of Legimate Power end Greatness*. New York: Paulist Press.
- Greeven, H 1977. *Das kirchliche amt in Neuen Testament*. Kertelge (red) WdF 439, 305-361.
- Grey, J 1990. *Predikant-wees vandag*. Maitland, Kaapstad: Mills Litho.
- Grosheide, FW 1954. *Het Heilig Evangelie volgens Mattheus*. Kampen: N.V. Uitgeversmaatschappij J. H. Kok
- 1955. *De brief aan de Hebreëen en de brief van Jakobus*. Kampen: N.V. Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.
- Grundmann, W 1985. sv "Dokimos". Kittel & Friedrich (eds), *Theological dictionary of the New Testament*. Grand Rapids: William B Eerdmans Publishing Company.
- Hackman, JR 2002. *Leading Teams: Setting the Stage for Great Performances*. Boston: Harvard Business School Press.
- Hahn, F 1979. *Charisma und Amt*. Die Diskussion uber das kirchliche Amt im lichte der neutestamentlichen Charismenlehre. *Zeitschrift Theologie und Kirche* 76, 4, 419-449.
- Hahn, CA 1994. *Growing in authority. Relinquishing control. A new approach to faithful leadership*. Bethesda, MD: The Alban Institute, Inc.
- Haldane, R 1966. *The epistle to the Romans*. 78b Chiltern Street, London: The Banner of Truth Trust
- Halpern, Belle Linda & Lubor, Kathy 2003. *Leadership Prescence*. 375 Hadson Street: Penguin Group (USA), Inc.

- Harper, M 1977. *Let my people grow: Ministry on leadership in the church*. Plainfield, NJ: Logos Internacional.
- Harper, Steve 1983. *Devotional Life in the Wesleyan Tradition*. Nashville: Abingdon Press.
- HAT 1979. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Doornfontein, Johannesburg: Perskor Uitgewery.
- Hayford, J 1983. *Servant Leadership*. The Pentecostal Minister. NY: Spring Publishers.
- Hazlett, I (ed) 1991. *Early Christianity. Origen and evolution to AD 600*. London: SPCK.
- Heifetz, RA 1994. *Leadership without easy answers*. Cambridge: Harvard University Press.
- Heitink, G 1982. *Het protestantse huisbezoek vroeger en nu*. Pratische Theologie 9: 303-312. Hatfield, Pretoria.
- 2001. *Biografie van de dominee*. Baarn: Uitgeverij Ten Have.
- Hendriks, JH 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente*. Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing. Pretoria: Nasionale Boekdrukkery.
- 1993. *Konflik en diversiviteit in die gemeente*: Praktiese teologie in Suid Afrika 8(2): 95-115. Hatfield, Pretoria.
- 2004. *Studying congregations in Africa*. Wellington: Lux Verbi. BM.
- Hendriks, J 1990. *Een vitale en aantrekkelijke gemeente. Model en metode van gemeente opbouw*. Kampen: Uitgeverij JH Kok en Kampen.
- 1995. *Terug naar de Kern*. Vernieuwing van de gemeente en de rol van de Kerkeraad: Pleidooi voor een gezamenlijke trektocht. Kampen: Uitgeverij Kok en Kampen.
- 2002. *Op weg naar de Herberg*. Bouwen aan een open Kerk. Kampen: Uitgeverij JH Kok en Kampen.
- Hendriksen, W 1940. *More than Conquerors*. London, 39 Bedford Square: The Tyndale Press.
- 1959. *A Commentary on the Gospel of John*. 78b Chiltern Street, London : The Banner of Truth Trust.
- 1967. *Exposition of Ephesians*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

- Hendriksen, H 1968. *A commentary on Galatians*. 78b Chiltern Street, London: The Banner of Truth Trust.
- Heyns, JA 1977. *Die Kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Heyns, LM & Pieterse, HJC 1990. *Eerste treë in die praktiese teologie*. Pretoria: Gnosis.
- Heyns, L 1993. *Die amp in krisis: 'n Terreinverkenning*. NGTT 34, 354-362.
- Hofmeyr, George 2002. *NG Kerk 350*. Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1652-2002. Kaapstad: Lux Verbi.
- Holmes, Urban T 1982. *Spirituality for Ministry*. San Francisco: Harper & Row.
- Hunsberger, G 2004. Leaders in the missional church. *Kruisgewys* 4/1. 32-33.
- Huff, Ann S 1990. *Wives of the Organization*. Texas: Arlington Press.
- Hutcheson, RG 1979. *The wheel within the wheel*. Confronting the management crisis of the pluralistic church. Atlanta: John Knox Press.
- Hybels, B 2002. *Courageous Leadership*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.
- Jacobovici, S & Pellegrino C 2007. *The Jesus family Tomb*. The discovery that will change history forever. London: Harper Collins Publishers.
- Jamieson, A 2002. *A Churchless Faith*. Faith journeys beyond the churches. Holy Trinity Church, Marylebone Road, London NW1 4DU.
- Jeremias, J 1975. *Die briewe an Timotheus und Titus; Der brief an die Hebraer*. Das Neue Testament Deutsch. Gottingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Johnson, LT 1996. *Letters to Paul's Delegates: 1 Timothy, 2 Timothy, Titus*. Valley Forge, Pennsylvania: Trinity Press International.
- Jones, T 2001. *Postmodern Youth Ministry*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.
- Kelleher, S 1982. Spirit and institution in the church. *Biblehashyam* 8, 4, 227-233.
- Kets de Vries, Manfred FR & Danny Miller, 1989. *Prisoners of Leadership*. New York: John Wiley & sons.
- Kerkorde 2004. *Kerkorde en Bepalings van die NG Kerk*.
- Kittel, GF 1972. *Theological Dictionary of the New Testament vol. VIII*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans Publishing Company.



- Kloppers, MHO 1988. Die ontwikkeling van die amp in die Ou Testament. In Rossouw, PJ (red) *Gereformeerde ampsbediening*, 79-123. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Kok, GJ 1999. *Charismata: 'n Eksegetiese ondersoek na die briewe van Paulus en Petrus*. Ongepubliseerde Ph.D proefskrif. Universiteit van Pretoria.
- König, A 2002. *Ek glo die Bybel – ondanks al die vrae*. Kaapstad: Lux Verbi.
- 2002. *God, waarom lyk die wêreld só?* Kaapstad: Lux Verbi.
- Kouzes, JM & Posner, BZ 1987. *The Leadership Challenge*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers. (Herdruk in 1995).
- Kruisgewys 2005. Jaargang 5. Volume 2
- Kuitert, HM *Verstaat gij wat gij leest?* Nijkerk: GF Callenbach N.V. Uitgever.
- Kuhn, Thomas S. 1970. *The structures of Scientific Revolutions*. Chicago: University of Chicago Press.
- Küng, H 1970. *Wat is Kerk?* Roermond.
- Kuper, Laurance 2006. *Ethics in leadership*. Cape Town: Zebra Press, PO Box 1144, 8000.
- L'Ange, Gerald 2005. *The White Africans – From Colonisation to Liberation*. Jonathan Ball Uitgewers.
- Lee, Harris, W 1989. *Effective Church leadership. A Practical sourcebook*. Minneapolis, Minnesota: Augsburg/ Fortress.
- Lekkerkerker, AFN 1962. *Apostolaat en Ambt*. Kerk en Teologie No 13.
- Lenski, RCH 1946. *The Interpretation of St. Luke's Gospel*. Minneapolis, Minnesota: Augsburg Publishing House.
- 1943. *The Interpretation of St. John's Gospel*. Minneapolis, Minnesota: Augsburg Publishing House.
- Lemaire, A 1972. Pastoral Epistles: redaction and theology. *Biblical Theology Bulletin* 11.
- 1973. The ministries in the New Testament. Recent research. *Biblical Theology Bulletin* 3, 133-166.
- Lemmer, R 1996. *Why should the possibility of Rabbinic rhetorical elements in Pauline writings (e.g. Galatians) be reconsidered?* In Porter 7 Olbricht (eds), *Rhetoric, Scripture and theology. Essays from the 1994 Pretoria conference*, 161-194. Sheffield: Sheffield Academic Press.

- Le Roux, M. Smuts du Pré 2001. *Ouderdoms homogeniteit in 'n post Apartheid, Nederduitse Gereformeerde Konteks*. Stellenbosch. M Div Tesis.
- Liddell & Scott 1989. *An intermediate Greek–English lexicon*. Founded upon the seventh edition of Liddell and Scott's Greek English lexicon. Oxford: Clarendon Press.
- Lissack, M & Roos, J 2000. *The Next Common Sense. The E-manager's Guide to Mastering Complexity*. London: Nicolas Brealey Publishing.
- Louw, DJ 1980, *Die stad in die mens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Louw, JP & Nida EA(eds)1989. *Greek – English lexicon of the New Testament*. Based on semantic domains 2 vols. Cape Town: Bible society of South Africa.
- Louw, Louis K 1984. *'n Eietydse Bedieningsmodel vir die opbou van die gemeente*. UNISA. DTh Proefskrif.
- Louw, S 2004. Wie is jy dominee? *Die Kerkbode*, 12 November 2004, 13.
- Macchia, SA 1999. *Becoming a healthy Church: 10 Characteristics*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.
- Mains, D 1980. *My greatest ministry mistakes*. Leadership. Spring.
- Malphurs, A 2003. *Being Leaders. The nature of authentic Christian Leadership*. Grand Rapids, Michigan: Baker Books.
- Mappes, DA 1997. *The new Testament elder, overseer, and pastor*. Bibliotheca Sacra 14, 162-174.
- Marshall, T 1991. *Understanding leadership. Fresh perspectives on the essentials of New testament leadership*. Chichester: Sovereign World.
- Martin, DB 1995. *The Corinthian body*. New Haven: Yale University Press.
- Maxwell, JC 1991. *The 21 irrefutable laws of leadership. Follow them and people will follow you*. Nashville: Thomas Nelson Publishers.
- 1993. *Developing the leader within you*. Nashville: Thomas Nelson Publishers.
- 2001. 17 Onbetwisbare wette van spanwerk. Struik Christelike Boeke.
- Mays, JT 1969. *Hosea. A Commentary*. Bloombury Street London: SCM Press LTD.
- McNeill, JT & Battles FL 1960. *Calvin: Institutes of the Christian Religion*. Philadelphia: The Westminster Press.
- Miller, CJ 1986. *Outgrowing the ingrown church*. Ministry Resources Library.

- Miller, DW 1985. *The uniqueness of the New Testament church eldership*. Grace Theological Journal 6, 2, 315-327.
- Miller, Paul M 1981. *Leading the family of God*. Scottdale, Pennsylvania, Kitchener, Ontario: Herald Press.
- Miner, PS 1960. *Images of the church in the New Testament*. Philadelphia: Westminster Press.
- Mitchell, KR 1988. *Multiple Staff Ministries*. Philadelphia: Westminster.
- Mittelberg, M 2000. *Building a contagious church*. Zondervan.
- Moore, GF 1927. *Judaism in the first centuries of the Christian era*. Cambridge: Harvard University Press.
- Morris, L 1959. *The first and second epistles to the Thessalonians*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans Publishing CO.
- Morse, SW 1998. *The Community of the Future*. Jossey-Bass Publishers.
- Mullins, A & Myburgh K 2004 *Gekies! Paulus se briewe aan Timoteus en Titus*. Wierdapark: Content solutions.
- Murray, JM 1939, *The price of leadership*. Gateshead on Tyre London: Northumberland Press Limited.
- Nardoni, E 1977. Ministries in the New Testament, *Studia Canonica*, 11, 5-36.
- 1992. Charism in the early church since Rudolph Sohm: An ecumenical challenge, *Theological Studies* 53, 646-662.
- Nauta, D 1963. *Geschiedenis van de Kerk deel 1*. Kampen: Uitgeverij J.H. Kok N.V. Kampen.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk. Agenda Algemene Sinode 1998. *Ondersoek na 'n Nuwe Testamentiese basis vir die heraanpassing van die bedieningstruktuur in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Bylae A15. 217-221.
- Niemandt, CPJ 2005. *Pneumanauts*. Len Sweet oor leierskap. *Kruisgewys* S/1. 41-42.
- Nel, A 2003. *Op soek na God...buite die Kerk?* Kaapstad: Lux Verbi.
- Nel, M 1994. *Gemeentebou*. Pretoria: Orion.
- 2001. *Ek is die verskil. Die invloed van persoonlikheid op die prediking*. Bloemfontein: CLF.
- Neuser, J 1988. *The social world of formative Christianity and Judaism*. Philadelphia:

Fortress Press.

- Niebuhr HR, Williams DD & SE Ahlstrom 1983. *The Ministry in Historical Perspectives*. New York: Harper & Row.
- Nicol, W 1996. *Rykdom in eenvoud. Op pad na 'n alternatiewe leefstyl*. Kaapstad: Lux Verbi.
- O'Brien, PT 1999. *The letter to the Ephesians*. Michigan, Grand Rapids: William B Eerdmans Publishing Company.
- O'Kennedy, D 2003. Wat sê die Bybel oor vernuwings en transformasie in die gemeente? (Deel 1 en 2: Ou en Nuwe Testament). *NGTT 44*, 132-146, 433-451.
- Opperman, DJ 1983. *Groot verseboek*. Waalstraat 28 Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.
- Oswald Roy M & Kroeger, Otto 1988. *Personality Type and Religious Leadership*. Alban Institute.
- Pieterse, HJC 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN.
- Pink, AW 1945. *Exposition of the Gospel of John*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.
- 1954. *An Exposition of Hebrews*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.
- Pop, FJ 1965. *De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs*. G.F. Callenbach N.V. Uitgever Nijkerk.
- 1962. *De tweede brief van Paulus aan de Corinthiërs*. G.F. Callenbach N.V. Uitgever, Nijkerk.
- Praamsma, L 1949. *Het Dogma der Kerk*, bladsy 491-505. Groningen: Jan Haan N.V.
- Prior, Kenneth 1990. *Perils of leadership: Overcoming Personal Battles*, Downers Grove, Ill: Intervarsity Press.
- Richards, LO & Hoeldtke, C 1980. *A Theology of church leadership*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- Ridderbos, H 1959. *Aan de Romeinen*. Kampen: N.V. Uitgeversmaatschappij J.H.Kok.
- 1970. *Mattheus*. Korte verklaring van de Heilig Schrift. JH Kok N.V. Kampen.
- Rolof, J 1984. Das Amt und die Amter im Neuen Testament. *Theologische Beiträge* 15,5, 201-218.

- Rogers, P 1981. *Pastoral authority then and now*. Irish theological Quarterly, 48, 1-2, 47-59.
- Rossouw, J 2005. Opstand in die NG Kerk. *Die Vrije Afrikaan* 19 Augustus 2005.
- Rossouw, PJ (red) *Gereformeerde ampsbediening*, 79-123. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Roxburgh, AJ 2000. *Crossing the bridge. Church leadership in a time of change*. Percept Group.
- Rush, M 2002. *Management: A biblical approach*. Victor Publishers.
- Sanders, JT 2000. *Charisma, converts, competitors. Social and sociological factors in the success of early Christianity*. London: SCM Press.
- Schaller, LE 1979. *Effective Church planting*. Nashville: Abingdon Press.
- Schnackenburg, R 1971. *Lukas als zeuge versiedener gemeindestrukturen*, Bileb 12, 232-247.
- Schoeman, K & Bisschoff, J 2005. *Opsommende verslag. Kerkhereniging en Homoseksualiteit: ondersoek onder gemeentelieers binne die NG Sinodes van Noord-, Suid- en Oos Transvaal*.
- Scholtz, GD 1956. *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 1842-1885. Deel een*. Kaapstad, Pretoria: NG Kerk Uitgewers.
- 1956. *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid Afrika. 1885-1910. Deel twee*. Kaapstad, Pretoria: NG Kerk Uitgewers.
- Schweitzer, A 1912. *Paul and his interpreters*. London: Black.
- Schweizer, E 1987. *The nature of the ministry in reformed understanding*. New Testament horizons in Biblical
- Schuler, RH 1986. *Your church has a fantastic future*. Ventura, California: Regal Books
- Segal, AF 1990. *Paul the convert*. New Haven: Yale University Press.
- Shawchuck, N & Heuser R 1993. *Leading the Congregation, Caring for yourself while serving others*. Nashville: Abingdon Press.

- Stählin, G 1968. sv 'Diakonos' in Kittel & Friedrich (eds), *Theological dictionary of the New Testament*, vol 9. Grand Rapids: William B Eerdmans Publishing Company.
- Stogdill, RM 1981. *Handbook of leadership: A survey of the literature*. Revised and expanded edition by Bernard M Bass. New York: Free Press.
- Stoffels, H 1999. *Soms kom ik als een hartelijk mens over*. De samen op Weg-kerken.
- Smit, AT (red) 1995. *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes: Die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap*, 16-34. Kaapstad: Lux Verbi.
- Snyman, SD 2001. *Waar is die Moses figure wat na God wys?* Acta Theologia.
- Swanepoel, AC 1993. *Eietydse ampsbediening en bedieningstrukture vir ouderlinge en diakens in die Nederduitse- Gereformeerde Kerk*. 'n Kerkregtelike studie. Ongepubliseerde DD proefskrif. Universiteit van Pretoria.
- Sweet, LI 2004. *Summoned to lead*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.
- Tabor, JD 2006. *The Jesus dynasty*. London: Harper Element.
- Tannen, Deborah 1991. *You just don't understand*. New York: New Ballantine.
- Tasker, RVG 1961. *The Gospel according to St Matthew*. London: The Tyndale Press.
- Theron. JPJ 1983. *Huisbesoek in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n prakties-teologiese ondersoek*. DTh-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.
- Thuruthumaly, J 1993. The New Testament understanding of church authority. *Biblehashyam 19*, 134-150.
- Tomson, PJ 1990. *Paul and the Jewish law. Halakha in the letters of the apostle to the Gentiles*. (Compendia Rerum Iudaeae ad Novum Testamentum, setion 11) Minneapolis: Fortress Press.
- Turner, VW 1967. *The forest of symbols: aspects of Ndembu ritual*. Ithaca, N.Y. Cornell University Press.
- 1974. *Dramas, fields and metaphors: Symbolic action in human society*. Ithaca, N.Y.: Cornell University Press.
- Van der Merwe, M 1995. *Nuwe treë saam met God*. Kaapstad: Lux Verbi
- Van der Wart, ADF 1971. *'n Eksegetiese studie van Romeine 5:12-21 (en aanverwante gedeeltes) met besondere aandag aan die gegrippe 'eerste Adam' en 'tweede Adam' met verwysing na moderne denkrigtings*. Ongepubliseerde Skripsie vir Lisensiaat in die Teologie. Stellenbosch.



- Van der Watt & Tolmie 2005. *Apokriewe Ou en Nuwe Testament*. Vereniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Van Deventer, GJ 2006. *Leierskap in Makrogemeentes. Perspektiewe op kontemporêre ontwikkelings*. Ongepubliseerde Proefskrif. Stellenbosch.
- Van Dijk, L 2006. *Geskiedenis van Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Niekerk, AA 2005. *Geloof sonder sekerhede. Besinning vir eietydse gelowiges*. Epping, Wes Kaap: Lux Verbi, Wellington. ABC Boekdrukkers.
- Venter, CJH 1988. *Amp en ampsdraer – gesigspunte uit die Nuwe Testament*, in Rossouw, PJ (red), *Gereformeerde ampsbediening*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Vermeulen, JJ 2002. *Leiers wat dien en bedien. 'n Eksegetiese ondersoek na leierskap in die Pauliniese briewe*. Ongepubliseerde proefskrif. Fakulteit teologie. Universiteit van Pretoria.
- Volz, CA 1989. *The pastoral office in the early church*. Word & Word 9, 359-366.
- Vos, CJA & Pieterse, HJC 1997. *Hoe lieflik is U woning*. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria.
- Vos, CJA 2001. *Praktiese Teologie in S.A.* 16(2).
- 2001. *God's household and the poor in contextual ecclesiology*. HFS 57 91(1&2), 49-69.
- 2003. *Enkeldiep*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- 2006. *'n Hand vol wind. Die stem van die Prediker vir ons tyd*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Wagner, CP 1994. *Leading your church to growth*. Regal Books.
- Walsh, JJ 1990. *Integral justice: Changing people changing structures*. New York: Orbis.
- Warren, R 1995. *The purpose driven church*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.
- Weber, HR 1998. *Power: Focus for biblical theology*. Geneva: WCC.
- Wehrli, ES 1992. *Gifted by their Spirit. Leadership roles in the New Testament*. Cleveland, Ohio: Te Pilgrim Press.
- Wepener, CJ 2004. Die predikantsamp. Deel 3: Die take van die predikant in die Gereformeerde tradisie-historiese en ekumenies beskou. *NGTT 45 (1&2)*, 152-165).

- Westley, Frances & Mintzberg, Hendry 1989. *Visionary Leadership and Strategic Management*. Strategic Management Journal No 10.
- Wels, Lucia 1997. *Spiraal*. Posbus 11112 Queenswood 0121, Suid-Afrika: Die Bent Uitgewers.
- White, LM 1987. Social authority in the house church setting and Ephesians 4:1-16. *Restoration Quarterly* 29, 4, 209-228.
- Wilkes, CG 1998. *Jesus on leadership Discovering the secrets of servant leadership from the life of Christ*. INC Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers.
- Wilson Schaef, Ann 1985. *An emerging female system in a white male society*. San Francisco: Harper & Row.
- Winstanley, MT 1986. *The shepherd image in the Scriptures. A paradigm for Christian ministry*. Clergy Review 71, 197-206.
- Wolterstorff, N 1995. *Divine Discourse*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Womack, DA *The Pyramid principle of church growth*. Minneapolis: Bethany Fellowship 1977.
- Wuthnow, R 1994. *I came away stronger: How small groups are shaping American religion*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Zemek, GJ 1993. *The modeling of ministries*. Master's Seminary Journal 4, 165-185.
-